

TOWERY BY DIE TSWANA MET
BESONDERE VERWYSING NA DIE
KGATLA-BAGAKGAFELA

deur

JACOBUS LOUW REYNEKE

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die
graad
D. PHIL.
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria
PRETORIA

14 MEI 1971

VOORWOORD

Met die voltooiing van hierdie proefskrif betuig ek my hartlike dank teenoor my hooggeagte promotor, professor dr. P.J. Coertze wat my gelei het op die weg van volkekundige navorsing en noukeurige formulering.

Die administrasie van Botswana (destyds: Betsjoeana-land Protektoraat) het goedgeunstiglik toestemming en toegang verleen tot die Kgatla-, Kwena- en Tlokwa-gebiede, waar die navorsingswerk gedoen kon word, waarvoor ek my opregte dank uitspreek. Die Bantoesakekommissaris te Pilanesberg in die Rustenburg distrik was altyd simpatiek teenoor hierdie studie onder die Bakgatla-bagaKgafêla, waarvoor ek my waardering wil betuig.

Teenoor dr. L.E.W. Codd en sy personeel van die Nasionale Herbarium in Pretoria wil ek 'n besondere woord van dank spreek vir die honderde plante wat hulle vir my geïdentifiseer het. Professor J.M. Watt van die Departement Farmakologie van die Universiteit van die Witwatersrand het besonder belang gestel in hierdie studie en ek wil hom graag bedank vir sy prikkelende voorbeeld en aanmoediging. Dr. N.J. van Warmelo, dr. P.L. Breutz, prof. D.G. Steyn, prof. A.A. van Schalkwyk, dr. J.B. van Schalkwyk en dr. G.H. Teichler het almal in persoonlike gesprekke belang gestel en raad gegee, waarvoor ek hulle van harte bedank.

Vir die vergunning deur die Algemene Sendingkommissie van die N.G. Kerk in S.A. (Kaap), en later ook die Sinodale Sendingkommissie van die N.G. Kerk van Noord-Transvaal, om tydens my bediening as sendeling aan hierdie studie te werk, spreek ek my opregte waardering uit. Die Verenigde Bybelgenootskap en die Bybelgenootskap van S.A. maak die finale afronding moontlik, deur die toekenning van verdere studieverlof. Deur bemiddeling van Ds. G.J. Davidtsh het die Grootkerk Utiliteitsmaatskappy goedgeunstiglik 'n bydrae gemaak tot die publikasiekoste van hierdie proefskrif, en so ook Mej. E. Fouche en Mev. J.M. Auden. Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het ook 'n groot deel van die koste van hierdie ondersoek gefinansier en my telkens aangemoedig om die ondersoek te voltooi. My hartlike dank aan hulle almal. Hierdie ondersoek sou egter nie gemaak kon word sonder die persoonlike hulp van die dingaka (toordokters) self nie. Sestien van hulle het oor 'n tydperk van 17 jaar die meegaande inligting verstrek. My hoë waardering en opregte dank betuig ek teenoor hulle van wie die Tswana-tekste (met vertaling) as bylaag tot hierdie studie verskyn. Gaandeweg betuig ek ook my erkentlikheid teenoor aangehaalde skrywers.

Teenoor my eggenote en my kinders asook teenoor my ouers is ek meer as dank verskuldig vir die bemoediging en hulp wat hulle te alle tye verleen het. Mag hierdie studie wat vir my 'n voortdurende bron van vreugde en ook 'n openbaring gewees het, andere ook lei op die weg van verdere

navorsing en sodoende help om die Bantoe se volkserfenis vir hul nageslagte te bewaar. Ook wil ek die hoop en vertroue uitspreek dat dit vir staatkundige- en kerkleiers tot hulp sal wees om die voorwerp van hul bearbeiding beter te ken en simpatiek te begryp.

J.L. REYNEKE

PRETORIA
14 Mei 1971

SAMEVATTING

TOWERY BY DIE TSWANA MET
BESONDERE VERWYSING NA DIE
KGATLA-BAGAKGAFELA

deur

JACOBUS LOUW REYNEKE

soos voorgelê onder leiding van
Prof. dr. P. J. COERTZE, M.A., D. Phil.,

Hoof van die Departement Volkekunde
Universiteit van Pretoria

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van
die vereistes vir die graad

D. PHIL.

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

PRETORIA

14 Mei 1971

Die proefskrif handel oor die bongaka of towerypraktyke van die Batswana in Transvaal en Botswana. Die studie is hoofsaaklik gebaseer op oorspronklike navorsingswerk wat vanaf 1952 tot 1968 gedoen is, toe meer as 300 tekste in die Tswana-taal woordeliks afgeskryf is soos gedikteer deur 16 Tswana-dingaka of towerybeoefenaars. Meeste van die tekste is deur dingaka van die Kgatla-bagaKgafela gedikteer, maar ook is daar tekste van die Ngwato, Kwena, Tlokwa, Tlhako en ander stamme se dingaka. Hierdie tekste met vertaling langsaan en verklarende aantekeninge vorm die grondslag van hierdie proefskrif en word derhalwe as byvoegsel in 'n tweede band hierby aangebied. In die verhandeling word voortdurend na hierdie tekste verwys, veral omdat inligting wat voorheen nie beskikbaar was nie vir sover dit die Tswana betref, daardeur bekombaar geword het en in 'n sekere sin is dit 'n uitbouing van die bestaande literatuur oor die denke en wesensopvatting van die suidelike Bantoe.

Die proefskrif gee 'n inleidende oorsig oor bestaande opvattinge oor towery waarin die belangrikste beskouinge in die Volkekunde behandel word. Hierna word die geskiedenis van die Kgatla asook die stamstruktuur van die Tswana behandel, met 'n oorsig oor die sosiale organisasie, die gesagsstruktuur, ekonomiese aspek en die godsdienstige lewe. In Hoofstuk IV word meer spesifiek gelet op die toordokters en hul klassifisering waarna in Hoofstuk V in meer detail gelet word op die opleiding van die dingaka, hul toerusting, en skakeling met die badimo of voorouergeeste. Hul invloedseer in die stamlewe word vervolgens behandel soos o. a. in die kgotla of volksvergaderplek, in die gesinslewe, en hoe hul optree as 'beskermers' van die gemeenskap, en as bemiddelaars in die stamreligie.

Die veelvuldige dienste wat hulle as geëerde en gesogte helpers verrig in hul samelewing word meer uitvoerig bespreek in Hoofstuk VII, soos o. a. hul optrede teen baloi of toornaars.

Dolosgooiery met die ditaola word analities bespreek om die onderliggende sisteem by die interpretasie van die valwyses te verklaar. Vervolgens word die ngaka as geneesheer behandel, met 'n noukeurige ondersoek na die metodes van behandeling by verskillende soorte siektes, asook die vroegtydige afwering daarvan. 'n Faset van die bongaka waaraan besondere aandag gegee is, is die plante wat gebruik word. Monsters van meer as 500 verskillende plante is onder leiding van die dingaka in die veld versamel en hul gebruike in die tekste aangeteken, waarna hul vir identifikasie na die Nasionale Herbarium in Pretoria gestuur is. Heelwat nuwe lig kon gewerp word op die Tswana-name en -gebruike van die inheemse plante wat in Hoofstuk IX behandel word. 'n Lys van die name uit Tswana na die wetenskaplike benaming, en ook andersom word as byvoegsel aangeheg.

Hoofstuk X handel oor die gebruik van insekte, reptiele, voëls en ander diere, asook die mens, in die preparate van die dingaka.

In 'n slothoofstuk word die denke by die Bantoe met betrekking tot die magiese en die empiriese nagegaan in die lig van die voorgaande uiteensetting met verwysing na die bestaande literatuur. In die hoofstuk word die towerygeleef ook eties beoordeel en daar word ook gelet op die invloed wat dit nog het op die hedendaagse Kgatla en Tswana se godsdienstige lewe.

SUMMARY

TSWANA MAGIC WITH SPECIAL
REFERENCE TO THE
KGATLA-BAGAKGAFELA

by

JACOBUS LOUW REYNEKE

as presented under the guidance of
Prof. dr. P.J. COERTZE, M. A. , D. Phil.

Head of the Department of Anthropology
of the University of Pretoria

Presented in partial fulfilment of the
requirements for the degree

D. PHIL.

in the Faculty of Arts and Sciences
University of Pretoria

PRETORIA

14 May 1971

This thesis deals with bongaka or the magical practices of the Batswana in the Transvaal and Botswana. It is mainly based on original research-work which was done between 1952 and 1968. More than 300 texts were written down verbally as dictated by 16 Tswana dingaka ('magicians', 'witch-doctors' or 'medicine-men'). Most of the texts were dictated by Kgatla-bagaKgafela dingaka, but there are also texts of magicians from the Ngwato, Kwena, Tlokwa, Tlhako and other tribes. The original texts with translation and clarifying notes, form the basis of this thesis and are presented in an accompanying volume. Continuously reference is being made in the treatise to the original material, because of considerable new information which has come to light, which was not previously known with regard to the Tswana; to a certain extent it is also an addition to present literature on the principles of Bantu thought and their concept of reality.

The thesis commences with an initial resumé of past and present-day views on magic sorcery and witchcraft in Anthropology. Subsequently the history of the Kgatla and the tribal structure of Tswana society is surveyed, with special reference to social organization, the tribal authority, the economic aspect and religious life. In Chapter IV the various types of dingaka or 'magicians' are discussed. In Chapter V their training, equipment, and contact with the badimo or ancestor-spirits is described. This is followed by a review of the activities and influence of the dingaka in the kgotla (tribal assembly) and in the everyday life of the family and the individual, and how they act as 'protectors' of society and as mediators in tribal religion. Their manifold services as honoured helpers of society are discussed in detail in Chapter VII, as for instance in the prevention and treatment of boloi (sorcery) by baloi (sorcerers).

Divination by means of ditaola or divining-bones is analysed so as to reveal the underlying system of interpretation. The ngaka is then discussed as 'doctor' with a detailed study of his treatment of illness, as well as its prevention. Special attention is given to the plants which are used by the dingaka. More than 500 different plants were collected under guidance of the 'doctors', and the medicinal uses recorded as dictated by them. Botanical specimens were forwarded to the National Herbarium in Pretoria for identification. Quite a considerable amount of new information on names and uses of the indigenous plants of Botswana and the Western Transvaal were obtained, and this is discussed in Chapter IX. A list of Tswana names with their scientific equivalents and vice versa is attached in the addendum. Chapter X is a description of the use made of insects, reptile, bird and animal, as well as human body parts in the compounded 'medicines'.

In a final chapter Bantu thought is discussed as pertaining to the magical and the empirical world in the light of the foregoing information, with reference to existing literature. The magical beliefs and practices of the Tswana are evaluated ethically and its influence on their present-day religious life is finally reviewed.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

VOORWOORD
<u>HOOFSTUK I - INLEIDEND</u>	...	1
A. PROBLEEMSTELLING	...	1
B. BESKOUINGE OOR TOWERY	...	4
1. Algemene kenmerke van towery	...	5
2. Teorieë en beskouinge in die Volkekunde oor towery naas religie	...	8
(a) Die Ewolusionistiese voorstanders	...	8
(b) Die Historiese rigting	...	14
(c) Die Sosiologiese eksponente	...	17
3. Latere Denkrigtings	...	21
(a) Die Funkzionele skool	...	21
(b) Die hedendaagse opvattinge in verband met die Kultuur-sosiologiese funksie van religie en magie in die samelewing	...	26
4. Die wese van towery	...	35
5. Tswana-beskouinge oor die bonatuurlike	...	37
(a) Persoonlike supernaturalisme	...	37
(b) Onpersoonlike supernaturalisme	...	37
(i) Goedgesinde towery (<u>bongaka</u>)	...	38
(ii) Kwaadgesinde towery (<u>boloi</u>)	...	41
C. METODE VAN ONDERSOEK	...	43
1. Metodes van andere	...	43
2. Eie metode	...	46
(a) Etnografiese bronnestudie	...	46
(b) Persoonlike veldwerk	...	46
(c) Tegniese verwerking	...	51
D. SAMEVATTING	...	52
<u>HOOFSTUK II - HERKOMS EN GESKIEDENIS VAN DIE KGATLA</u>	...	58
A. INLEIDING	...	58
B. HERKOMS	...	58
C. VROEË GESKIEDENIS VAN DIE KGATLA	...	59
I Kgafela	...	62
II Tebele	...	62
III Masellane	...	62
IV Modimakwane	...	62
V Kgwefane	...	62
VI Molefe	...	62

VII	Makgotso	63
VIII	Pheto	63
IX	Senwelo	63
X	Letsebe	63
XI	Motlotle	63
XII	Pilane	63
D. UMZILIKAZI SE VERSKYNING		63
E. KGATLA STAMHOOFDE NA UMZILIKAZI		64
XIII	Kgotlamaswe	64
XIV	Molefi	64
XV	Kgamanyane	65
XVI	Lentswe	65
XVII	Ramono	66
XVIII	Dialwa	66
XIX	Ofentse	66
XX	Thari	66
XXI	Tidimane	66
F. KONTAK MET DIE BLANKES		66
1.	Sendinginvloede	68
2.	Werks- en kultuurkontakte	75
G. DIE HUIDIGE TSWANA- EN KGATLA-WOONGEBIED		76
H. BEVOLKINGSSTATISTIEK		77
I. SAMEVATTING		77
 <u>HOOFSTUK III - DIE STAMSTRUKTUUR VAN DIE TSWANA</u>		
<u>GEMEENSKAP</u>		80
A. DIE SOSIALE ORGANISASIE		80
1.	Die huisgesin	80
2.	Die stamwyke (<u>dikgôrô</u>)	81
3.	Die vaderreg	83
4.	Ouderdomsgroepering	84
5.	Geslagsgroepering	84
B. DIE GESAGSSTRUKTUUR		85
1.	Die stamhoof of opperhoof	86
(a)	Opleiding, opvolging en pligte van die stamhoof	87
(b)	Stamrade en amptenare	88
(c)	Regspleging	90
(i)	Die hofstelsel en hofprosedure	91
(ii)	Die familiereg	92
2.	Die wykshoof en <u>kgôrô</u> -verdeling	94
3.	Die <u>lesika</u> -hoof of <u>linie</u> -hoof	96
4.	Stam- en Staatsgesag	97

C.	EKONOMIESE LEWE	98
D.	DIE GODSDIENSTIGE LEWE VAN DIE KGATLA	100
	1. Die tradisionele opvatting	101
	2. Die Bakgatla en die Christendom	104
E.	DIE POSISIE EN STATUS VAN DIE <u>NGAKA</u> IN DIE STAMLEWE	108
F.	OPSOMMING	113
 <u>HOOFSTUK IV - DIE <u>DINGAKA</u> OF TOORDOKTERS EN HUL</u>		
	<u>KLASSIFISERING</u>	117
A.	BY ANDER STAMME EN DIE TSWANA	117
B.	KLASSIFISERING	122
	1. Die <u>dingaka</u> wat dolosse het	122
	2. Die <u>dingaka</u> wat nie dolosse het nie	123
	3. Alle Tswana <u>dingaka</u> gebruik "kragmiddele" en plante	124
	4. Die "uitsuier" (<u>sedupe</u>)	125
	5. 'n Toornaar (<u>moloi</u>)	127
C.	DIE VERGOEDING VAN DIE <u>DINGAKA</u>	129
D.	SAMEVATTING	131
 <u>HOOFSTUK V - DIE OPLEIDING VAN DIE <u>NGAKA</u></u>		133
A.	DIE KANDIDAAT KRY 'N 'ROEPING'	133
B.	GESKIKTE KANDIDATE	134
C.	DIE OPLEIDING	135
D.	DIE TOERUSTING VAN DIE <u>NGAKA</u>	139
	1. Sy mus	139
	2. Die wildebees-stertkwas	139
	3. Die halssnoer	140
	4. Die dolosse	140
	5. <u>Mankgwenyane</u> : die aanwyser	140
	6. Die medisynesak	141
	7. Die suighoring (<u>motlhogo</u>)	141
	8. Die graafyster (<u>kepu</u>)	142
	9. Die handdisseltjie (<u>phalo</u>)	142
	10. Die assegaai (<u>lerumo</u>)	142
	11. Die fluit (<u>phala</u>)	142
	12. Kragmiddelhorings	142
E.	DIE <u>NGAKA</u> SE PERSOONLIKE BEVEILIGING	143

F.	DIE <u>NGAKA</u> SE VOORTDURENDE KONTAK MET DIE VOOROUERGEESTE	146
G.	SPECIALISERING	149
H.	SAMEVATTING	150
 <u>HOOFSTUK VI - DIE INVLOEDSFEER VAN DIE DINGAKA IN DIE SAMELEWING</u>		152
A.	SY EERVOLLE POSISIE IN DIE <u>KGOTLA</u> (VERGADERPLEK)	152
B.	DIE <u>NGAKA</u> AS RAADGEWER EN BEVEILIGER VAN DIE GESINSLEWE	153
C.	TOEVLUGSOORD VIR PERSOONLIKE MOEILIKHEDE	154
D.	DIE <u>NGAKA</u> AS BESKERMHEER VAN DIE GEMEENSKAP ...	156
E.	DIE BRON VAN WRAAKMIDDELE	157
F.	BEMIDDELAAR IN DIE STAMRELIGIE	157
G.	DIE <u>BONGAKA</u> SE NUWE VORME IN DIE SEPERATISTIESE KERKE	159
H.	HOUDING VAN DIE OWERHEID TEENoor DIE <u>DINGAKA</u> ...	161
I.	SAMEVATTING	162
 <u>HOOFSTUK VII - DIE VEELVULDIGE DIENSTE VAN DIE NGAKA AAN DIE STAMLEDE</u>		163
A.	BY DIE AANLê VAN 'N STAT	163
B.	DIE INSEëNING VAN 'N STAMHOOF	163
C.	KRISISTYE IN DIE STAMLEWE	165
	1. Reënmaak	165
	2. Oorlog	169
	3. Die leeu jag	171
D.	DIE <u>NGAKA</u> IN DIE STAMSKOOL	172

E.	BEVEILIGING VAN DIE STAMGEBIED EN EIENDOM	...	175
	1. Beveiliging van die landsgrense	...	176
	2. Beveiliging van die stat	...	176
	3. Beveiliging van die tuiste	...	177
	4. Beveiligingsritus vir die beeskraal	...	180
	5. Watervoorsiening	...	182
	6. Beveiliging van die landerye en oeste	...	183
	7. Afwering van sprinkane en vinke	...	184
	8. Beveiliging van voedsel by 'n huwelik	...	185
F.	DIE <u>NGAKA</u> EN DIEFSTAL	...	186
G.	OPTREDE VAN DIE <u>NGAKA</u> TEEN <u>BALOI</u> OF TOORNAARS		187
H.	DIE AFWERING VAN WEERLIG	...	190
I.	DIE <u>NGAKA</u> AS GENEESHEER	...	192
J.	OPSOMMING	...	193
<u>HOOFSTUK VIII - DIAGNOSERING VAN SIEKTE EN</u>			
<u>TEENSPOED</u>			
		...	196
A.	DOLOSGOOIERY	...	196
	1. Die maak, kraggee en 'opwek' van dolosse	..	197
	2. Die name, eienskappe en relatiewe belangrikheid van die dolosse	...	200
	3. Die verskillende valwyses van die dolosse		202
	(a) Die valwyses	...	203
	(b) Die prysliedere van die valwyses en hul interpretasie	...	210
	(c) Uitsprake	...	211
	4. Kgatla dolosgooiery vergelyk met ander stamme	...	213
B.	WAARSÊERY DEUR <u>MANKGWENYANE</u>	...	215
C.	WAARSÊERY DEUR <u>SEGWANA</u>	...	215
D.	WAARSÊERY DEUR 'N ORAKEL	...	215
E.	SIMPTOMATIESE KENNIS VAN SIEKTE	..	216
F.	DIE VOOROUERGEESTE SE AANDEEL IN SIEKTE EN DIAGNOSE	..	217
G.	OPSOMMING	...	219

<u>HOOFSTUK IX - DIE AFWERING EN BEHANDELING VAN</u>		
<u>SIEKTE EN TEENSPOED DEUR DIE NGAKA</u>		222
A. SIEKTE	...	222
1. Afweringsmiddele	...	223
2. Die behandeling van siekte	...	223
(a) Die hart en bloedstelsel	...	224
(b) Besetenheid of malheid	...	225
(c) Vallendesiekte	...	227
(d) 'Die groot hoofpyn'	...	228
(e) Bloeding	...	230
(f) Bloed	...	231
(g) Die versameling van bloed tot mensvorming	...	232
(h) Geslagsverandering	...	234
(i) Baarmoederongesteldheid	...	234
(j) Vrugbaarheid	...	235
(k) Kraam en toordery	...	235
(l) Tydens 'n bevalling	...	235
(m) Na die geboorte	...	236
(n) Die reëling van maandstondes	...	238
(o) Die versterking van die man	...	239
(p) Urino-genitale ongesteldheid	...	241
(q) Die dood bring ongesteldheid	...	243
(r) Behandeling van ernstige krankheid	...	245
(s) Maagbloeding	...	247
(t) Teengif vir: <i>Adenia digitata</i> (bobbejaangif)	...	247
(u) Aambeie	...	248
(v) Gal	...	248
(w) Behandeling van die scrotum en prostaat	...	249
(x) Die verwydering van 'n geswel	...	250
(y) Die bors	...	250
(z) Been- en voetkwale	...	251
(aa) Gewrigsontsteking	...	253
(ab) Velaandoeninge	...	254
(i) Brandwonde	...	254
(ii) Sere	...	254
(iii) 'n Pitsweer of bloedvint (<u>tlhagala</u>)	...	255
(iv) Inwendige sere	...	255
(v) 'n Oop seer	...	256
(ac) Oor, neus en keel	...	256
(ad) Tandpyn	...	257
(ae) Seer oë	...	258
3. Magiese ritusse en siekte	...	258
4. Bloedlating en inkerwing	...	259
5. Uitsuiging van <u>sejeso</u> (vreter) met 'n <u>motlhogo</u> (suighoring)	...	260
6. Vernietiging van 'n <u>sejeso</u> (vreter)	...	261
7. Om 'n getoorde kranke te behandel	...	263
8. Slangbyt	...	265

B.	DIE VOORKOMING VAN TEENSPOED	266
1.	Gevaarpunte	266
2.	Afweringsmiddele	266
	(a) Beveiligingsritus met kragmiddelhorning en 'lig'	266
	(b) Behandeling om teenspoed te voorkom	267
	(c) Dra van amulette	269
3.	Tokkelossie	270
C.	VERSEKERING VAN VOORSPOED	272
1.	Die <u>leswalo</u> of voorspoedsalf	272
2.	Die kragmiddelhorning (<u>lenaka la pheko</u>)	274
3.	Die fluit (<u>phala</u>)	279
4.	Om 'n 'swaar skaduwee neer te sit'	279
D.	VERGOEDING VAN DIE <u>NGAKA</u>	281
E.	SAMEVATTING	282
<u>HOOFSTUK X - BESTANDELE VAN KRAGMIDDELE EN</u>					
	<u>'MEDISYNE'</u>	288
A.	PLANTE DEUR <u>DINGAKA</u> GEBRUIK	290
B.	INSEKTE EN ANDER ARTHROPODA AS KRAGMIDDELE	301
C.	<u>DIPHEKO</u> OF KRAGMIDDELE VAN REPTIELE, VOËLS EN ANDER DIERE	306
1.	Slange (<u>dinoga</u>)	307
2.	Die krokodil (<u>kwena</u>)	312
3.	Die waterlikkewaan	313
4.	Die paling	314
5.	Die verkleurmannetjie (<u>leobu</u>)	314
6.	Die akkedis	315
7.	Die sandkoggelmander	315
8.	Die opblaaspadda	315
9.	Die waterskilpad en gewone skilpad	316
10.	Die seeskulp	316
11.	Die weerligvoël (<u>tladi</u>)	316
12.	Die visarend (<u>kgwadira</u>)	317
13.	Die volstruis (<u>mpšhe</u>)	318
14.	Die aasvoël (<u>lenong</u>)	319
15.	Die hamerkop (<u>mamasiloanoka</u>)	319
16.	Die heuningvoëltjie (<u>tshetlho</u>)	320
17.	<u>Kuamese</u> die swart voëltjie	320
18.	Ander voëls	321
19.	Die hoender (<u>kgogo</u>)	322
20.	Die leeu (<u>tau</u>)	322
21.	Die luiperd (<u>nkwe</u>)	322
22.	Die olifant (<u>tlou</u>)	322
23.	Wolf (<u>phiri</u>)	323
24.	Eland (<u>phofu</u>)	323

25.	Koedoe (<u>tholo</u>)	323
26.	Rooibok (<u>phala</u>)	323
27.	Ribbok (<u>mfele</u>)	324
28.	Duiker (<u>phuti</u>)	324
29.	Steenbok (<u>phuduhuda</u>)	324
30.	Klipspringer (<u>kololo</u>)	324
31.	Die ' <u>sandawane</u> '	324
32.	Vlakvark (<u>kolobe ya naga</u>)	324
33.	Die erdvark (<u>thakadu</u>)	325
34.	Ietermago (<u>kgaga</u>)	325
35.	Ratel (<u>magogwe</u>)	326
36.	Ystervark (<u>noko</u>)	326
37.	Krimpvarkie (<u>setlhong</u>)	326
38.	' <u>Senonnori</u> '	326
39.	Die rooi berghaas (<u>tlholwe</u>)	326
40.	Die bobbejaan (<u>tshwene</u>)	327
41.	Die mol (<u>serunya</u>)	328
42.	Die bees (<u>kgomo</u>)	328
43.	Die perd (<u>pitse</u>)	329
44.	Die bok (<u>podu</u>)	329
45.	Die skaap (<u>nku</u>)	330
46.	Vark (<u>kolobe</u>)	330
47.	Hond (<u>mpya</u>)	331
D. SAMEVATTING OOR LIGGAAMSDELE VAN DIERE							331
E. ANDER KRAGMIDDELE (<u>DIPHEKO</u>)							333
1.	Vuurklip	333
2.	Witklip (<u>taka-phepa</u>)	333
3.	Geel-grond (<u>loōpo</u>)	333
4.	Gesmelte sandkluit (<u>tšhadibe</u>)	333
5.	Graf-grond	334
6.	Water	334
7.	Vuur	334
8.	Sout	335
F. MENSLIKE LIGGAAMSDELE							335
G. DIE MENSOFFER							337
H. OPSOMMING							343
<u>HOOFSTUK XI - 'N BETRAGTING VAN TOWERY (BONGAKA)</u>							
<u>BY DIE TSWANA</u>							
A.	INLEIDEND	347
B.	DIE AANWENDING VAN KRAGVOLLE MIDDELE (<u>DIPHEKO</u>)	349
C.	ENKELE OPVATTINGE OOR DENKE BY DIE BANTOE	354

Bladsy

D.	DIE KOMBINERING VAN DIE MAGIESE MET DIE EMPIRIESE EN DIE RELIGIEUSE	359
1.	Empiriese denke	359
2.	Die magiese	360
3.	Religie	365
4.	Kgatla opvattinge	366
	(a) <u>Seriti</u> of 'persoonlikheid'	366
	(b) <u>Eienskappe</u> kan oorgeplant word	367
	(c) <u>Toordery (boloi)</u> as negatiewe mag	368
	(d) <u>Simboliese handeling</u> e	370
	(e) Die kruisteken	370
	(f) <u>Persoonlikheidsaanvulling</u> of -vermindering	371
	(g) Die 'verwydering' van siekte	371
	(h) <u>Dolosgooiery</u> as kennisbron	372
E.	PSIGIESE ELEMENTE IN DIE TOWERPRAKTYKE VAN DIE TSWANA	372
1.	Sekere psigiese eienskappe by die <u>ngaka</u>	373
2.	Die geestesgesteldheid van behandelde persone	375
F.	DIE TSWANA TOWERYGELOOF ETIES BEOORDEEL	377
1.	Volgens Tswana etiese standaarde	377
2.	Die Tswana towerygeloof beoordeel volgens die Christelike etiek	380
G.	TOWERY SE INVLOED OP DIE GODSDIENSTIGE LEWE ...	385
1.	<u>Bongaka</u> en die Tswana volksreligie	385
2.	Towery se invloed op die Tswana Christen- gemeenskap	386
3.	<u>Bongaka</u> in die sektebewegings	389
H.	SLOT	391
	<u>BYLAES</u>	398
	'n Samevatting van die proefskrif in Afrikaans .	398
	A short summary of this thesis in English ...	400
	Plantelys: Tswana na wetenskaplike benaming ...	402
	Plantelys: Wetenskaplike na Tswana-benaming ...	421
	Tswana-woordelys	431
	Bibliografie	443

TSWANA TEKSTE met vertaling Band II.

HOOFSTUK I

INLEIDEND

A. PROBLEEMSTELLING

Die wyse waarop towery as onderafdeling van die Magies-Religieuse lewe van die Batswana beskrywe word in bestaande Etnografiese werke, laat veel te wense oor, omdat die meeste skrywers oor die Tswana-kultuur voel dat hulle nie by "witchcraft and magic" sonder meer kan verbygaan nie, en etlike van hierdie skrywers, soos o.a. Schapera, sê dan dat hulle later 'n uitgewerkte studie oor die onderwerp sal publiseer. In al die werke wat oor die Tswana-stamme, of Kgatla in die besonder, gepubliseer is, word dan maar net 'n oppervlakkige oorsig gegee van towery gebruike, gewoonlik van hoorsê of aangehaal uit vroeëre onnoukeurige skrywers. Die ernstige student kan nie presies uitvind in hoe 'n mate die ngaka (toordokter) sy volksgenote beïnvloed nie, sy dit in hul daaglikse lewe of dan ook nog belangriker, in hul algemene lewenshouding. Die wetenskaplike navorser blaai met teleurstelling deur talle volkekundige werke op soek na deeglik nagevorsde feitlike gegewens wat logies en analities aangebied word as 'n geïntegreerde maatskaplike noodwendigheid vir die Bantoesamelewing, in die volksmilieu waarin hulle tot nou toe verkeer het, en wat dien as die vormende faktor in hulle lewenspatroon.

Grondliggend vir hierdie tekortkoming in die etnografie is die geheimnisvolle aard van hierdie onderwerp en die skreiende onvermoë van navorsers om eers ná 'n grondige kennis van die inheemse taal van die betrokke stam, die studie met toeweiing te onderneem. Hierdie probleem lê hierin geleë: In die eerste plek is geen enkele ngaka van plan om die kennis wat hy geërf het van sy vader, of wat hy verwerf het teen baie hoë koste, om dit aan 'n medestamgenoot mee te deel wat as tolk optree vir 'n Blanke "nuuskierige" nie. In die tweede plek gaan hy veral nie sy praktyk openbaar waar hy weet dat sowel die polisie as die sendeling skerp veroordelend staan teenoor sy "beroep" nie. Dit gaan vir hom om die redding van menselewe maar nie sô dat hy met sy eie lewe daarvoor wil boet of veroordeel wil word nie. Dertens beteken die bekendmaking van sy kennis dat andere daarvan te hore kan kom en wat hy by uitstek kon beoefen tot sy eie roem en voordeel, dié word nou algemene kennis wat elk na eie goeddunke kan benut. Om hierdie rede dan is geheimhouding 'n noodsaaklikheid. 'n Vierde rede vir die onvermoë van 'n buitestaande ondersoeker om tot die geheimnisse van die bongaka te kom is die aard daarvan, nl. dat die ngaka glo dat dit die openbaring aan hom persoonlik is deur sy afgestorwe vader of oupa, en dat hulle hom belet en kwalik sal neem as hy ligtelik sy oorgeërfde kundigheid uitdeel aan weetgieriges. Vyfdens is die totale afwesigheid van grondige, omvattende gedetailleerde gegewens oor towery by die Tswana die gevolg van die praktiese onvermoë van 'n navorser om eers die taal van die ngaka grondig te leer ken en dan daarna sy volle vertroue en vriendskap te wen waarna daar met maande en jarelange periodes van geduld, en talle ure

van rustige ontrafeling, die wesenseienskappe van die hele bongaka-praktyk kan uitkristaliseer as die rigtinggewende in die persoonlike en maatskaplike grondhoudinge van die Motswana. Die meeste navorsers sien ook nie kans om die tyd af te staan asook die koste te maak om die menigte voorskrifte van die dingaka geduldig aan te hoor en noukeurig op te teken nie.

Op sigself is die probleem dan juis geleë in die onvermoë van alle buitestaanders om deur te dring tot die geheimnisse wat vir vele as onbelangrik voorkom, maar vir die ngaka die allergrootste lewenserns is, juis op daardie terreine van die volkslewe waar hy homself geroepe voel as die beskermer van die stam en sy lede, deur die meerdere kennis wat aan hom oorgedra is.

Gaandeweg het hierdie groot leemte in die Etnologie met betrekking tot die Tswana vir ons 'n uitdaging geword, om dan juis hierdie bogenoemde hindernisse aan te durf en dan tenminste by een stam, naamlik die Kgatla 'n noukeurige optekening te maak van die verskillende fasette van die towery-praktyke om sodoende nuwe lig te probeer werp op die vraag: Waarom handel die Motswana volgens 'n skynbaar innerlike noodwendigheid wat heendui op 'n logiese samehang in sy lewensbeskouing?

Ons het tot die oortuiging gekom dat die noukeurige en sistematiese optekening van die bongaka-(towery)praktyke in 'n bepaalde etniese groep 'n groot behoefte is, omdat in die eerste instansie dit dan ons spesifieke kennis oor die onderwerp sal verruim, waar daar tans soveel veralgemenings is. In die tweede plek sal akkurate aantekeninge vir sowel die huidige as toekomstige ondersoekers, sy dit etnoloë, teoloë of administrateurs, of die Batswana self, help om die Motswana beter te ken en te kan bedien. 'n Derde belangrike motief vir noukeurige aantekening oor hierdie volksgebruik is dat gaandeweg sommige aspekte van die ngaka-praktyk al minder beoefen word en verdwyn na mate die Christendom, die onderwys, moderne gesondheidsdienste, die wetenskap en hedendaagse sekularisasie al meer die ngaka op die agtergrond skuif. Vierdens is die dingaka vanweë hul konserwatiewe houding en die gespesialiseerde aard van hul nering in die besonder die draers van die kultuurskat van hul mense, wat oorgelewerde taalkennis betref, veral met betrekking tot die name van plante en ook hulle gebruike. Daar is nie 'n enkele Bantoestam van wie daar 'n noukeurige aantekening gemaak is van die dingaka se plantekennis nie, en daarom is dit van soveel belang geag om dan tenminste by die Kgatla 'n voorbeeld te gee van watter kennis en gebruik onopgeteken besig is om verlore te gaan, en daarmee dan ook 'n bydrae te maak tot die opgetekende Tswana-literatuur by wyse van tekste met vertaling en aantekeninge. 'n Vyfde belangrike rede vir die dringendheid van hierdie ondersoek is dat die Motswana van die twintigste eeu vasgevang sit tussen die eise van die moderne lewe maar tog nog onlosmaaklik verbonde is aan sy verlede en herkoms en vir homself sowel as die Westerling met wie hy moet saamlewe, is dit van wesentlike belang om te weet presies wat sy denkpatrioon voorbepaal of

'geprogrammeer' het, want dan alleen kan die rigtinggewende en houdingbepalende na waarde geskat word. Met ander woorde sowel die Motswana as die Blanke moet presies weet hoe hy dink en waarom hy so dink. Die rede hiervoor is duidelik: naamlik dat geen volk of mens sonder groot innerlike botsing normaal kan ontwikkel en sy regmatige plek in die samelewing kan inneem as hy voortdurend wil vorentoe streef maar dan ook kort-kort skrikbevange agtertoe moet kyk nie. Aan die anderkant kan geen mens of volk net eenvoudig sy volkserfenis oorboord gooi en nog 'n menswaardige bestaan voer nie. Derhalwe lê die grootste probleem daarin dat die skone in die kultuurbesit behou moet word soos aangepas by die eise en kennis en geleentheid van die moderne lewe.

Met 'n lewenslange kennis van die Bakgatla kon ons met betrekking tot hierdie bogenoemde probleme en behoeftes, 'n begin maak met die studie van die bongaka onder hulle in Botswana en later ook hul stamverwante nl. die Bakgatla te Pilanesberg in die Rustenburgdistrik. Hierdie studieveld, naamlik hul towerygebruik, het ons gekies vir noukeurige ondersoek omdat ons as sendeling ter plaatse dit as van die allergrootste en wesenlike belang geag het om soveel as moontlik te wete te kom van die Mokgatla se wesenswaard, as voorwerp vir kerstening. Die ondersoek is toegespits op die Bakgatla bagaKgafela om sodoende 'n suiwer beeld te kon gee van wat binne die grensgebied van een stam plaasvind, maar dan ook met korrelasie na buite om die onderlinge verband met ander omringende stamme te bepaal.

Die Bakgatla is spesifiek vir hierdie ondersoek gekies omdat ek reeds as kind hulle leer ken het te Mochudi en later na 'n grondige volkekundige en taalkundige studie daarheen kon gaan en as sendeling vir twintig jaar tussen hulle gewoon en gewerk het. Die Bakgatla was verder van besondere belang vir hierdie onderwerp omdat hulle 'n homogene volksgroep is wat sedert 1864 voortdurend onder Christelike bearbeiding was en dit na 'n eeu van sendingwerk van besonder belang is om vas te stel in welke mate die volksgelowe plek gemaak het vir die Christelike en Westerse lewensopvatting en in hoe verre die tradisionele beskouing behoue gebly het. So ver moontlik is die studie van suiwer etnografiese aard, omdat 'n interpretasie geneig is om subjektief die persoonlike opvatting van die waarnemer te weerspieël. 'n Objektiewe waarneming was die hoofdoel van hierdie ondersoek, sodat ons eie en ook latere afleidinge daarvan gemaak kon word.

Reeds van die begin af het dit duidelik geblyk dat die ngaka baie dikwels genoem en bespreek word maar selde self aan die woord was, en daarom is feitlik al die tekste wat ons persoonlik woordeliks afgeskryf het, die verbatim weergawe van wat die dingaka self gesê het, om sodoende hul eie opvattinge weer te gee en nie die van leke of waarnemers nie. Sodoende kon 'n duideliker beeld na vore kom van wat hulle self as gesiene adviseurs van hul eie mense glo en verkondig. Die uiteindelijke resultaat behoort dan nuwe lig te werp op ons bestaande kennis vanweë hierdie nuwe en meer direkte

benaderingsrigting van persoonlike kontak met hulle self as voorwerp van ondersoek.

Gaandeweg het hierdie ondersoek uitgebrei tot meer as net 'n weergawe van besonderhede oor die Kgatla bongaka en word dit 'n bydrae tot ons kennis van die mens op wysgerige grondslag, waarin ons kan waarneem hoedat sekere vooropstellings wat aan hom oorgelewer word, deel vorm van sy persoonlikheidsstruktuur, en wel in so 'n mate dat selfs geweldige uiterlike gedaantewisseling sy dieperliggende lewensopvatting nie maklik kan versteur of verander nie. Daarenteen vind ons tog enkele voorbeelde van die Lig van die Evangelie wat magtiger is as die duisternis van onkunde en vrees en wat tóg ook die heiden kan wederbaar.

B. BESKOUINGE OOR TOWERY

Wanneer 'n navorser die taak onderneem om 'n kultuuraspek soos towery analities te bestudeer en uit die stamlewe uit te lig, dan kan tenminste van hom verwag word om allereers oorsigtelik aan te toon wat sy voorgangers reeds op hierdie gebied bereik het. Daarmee sal hy dan ook 'n heldere beeld moet gee van wat andere en wat hyself verstaan met die gebesigde terminologie, om sodoende te toon wat die volle konnotasie en drawydte is van die terme en begrippe wat gebruik word. Maar dan moet hy veral in 'n geval soos hierdie sorgdra dat hy nie by implikasie Westerse idees en begrippe net so klakkeloos toepas op die Tswana asof identiese begrippe by hulle bestaan nie. Dat towery aaneen gestrengel is met die religie of godsdiens is veral in die geval van die Tswana waar, en dit vorm deel van hierdie studie om aan te toon hoedat die Motswana maar al te dikwels nie kan onderskei tussen die begrippe wat die Westering "towery", "bygeloof" en "godsdiens" noem nie, want vir hóm vorm alles deel van een groot geheel naamlik die onsienlike, of dan liever: die mag en magte rondom die mens wat met tye onsigbaar is of onsigbaar werk. Die uiteenlopende opvattinge wat reeds deur navorsers gegee is oor hierdie belangrike kultuuraspek sal eers oorsigtelik beskou word, waarna 'n gedetailleerde feitlike oorsig gegee word van die Kgatla opvatting. Dit sal ons dan lei tot 'n eindkonklusie waaraan die gangbare volkekundige opvatting weer getoets word of dan aangepas word by hierdie bydrae tot ons kennis.

Dit sal dan beteken dat ná 'n uitvoerige bespreking van die invloedssfeer en aard van die bongaka in die Kgatla samelewing ons ten slotte hierdie towerygeloof eers vanuit 'n wysgerige oogpunt sal moet analiseer om die wesensaard daarvan vas te stel, soos geldig vir die Mokgatla. Hierna sal ook bepaal moet word wat die psigologiese uitwerking daarvan op die ngaka self is sowel as op sy kliënte. Net so ook sal 'n etiese beoordeling daarvan gemaak moet word om te bepaal wat towery se positiewe of negatiewe invloed is op die godsdienstige en maatskaplike lewe van die tradisievolle sowel as die gekerstende Mokgatla. Waar hierdie nie 'n etiese beoordeling is van wat goed en sleg is nie, is dit ten minste 'n poging om

in die "siel" van die Bantoe-mens te probeer sien wat vir hom rigtinggewend is in sy lewe; en die vraag te stel: "Hoekom maak jy so?" Waar hy as enkeling nie die antwoord kan gee nie, want selfs vir die ngaka is dit vanselfsprekend en sosiaal noodwendig, daar kan die "objektiewe" waarnemer, wat self ook maar weer altyd subjektief beoordeel, tenminste omdat hy los daarvan staan, sê: "So sien ek dit in sy totale verband."

Sonder om goed te keur, volg hier deurgaans 'n "simpatieke" beskrywing van die ngaka se optrede, vanuit sy gesigspunt beskou, sodat die beskikbare gegewens so noukeurig en "objektief" moontlik tot openbaring kan kom. Eers in die slothoofstuk kom dan 'n waardebeplanning, wat dan weer deur andere gewysig kan word na gelang van elk se uitgangspunt.

Indien hierdie studie dan 'n bydrae is om 'n beter begrip te kry van hoe die Motswana as denkende wese homself sien en homself aanvoel in hierdie wêreld en die magte daarbuite, dan kan dit diegene help wat meen dat hulle iets het om vir die Motswana aan te bied. Dan kan hulle beter die Motswana se vooroordele, sy vrese, en ook sy "valse sekuriteite" ken, en vandaar as uitgangspunt, afbreek of opbou.

1. Algemene kenmerke van towery

Towery kan gesien word as 'n sisteem van gebruike waardeur die mens meen dat hy die heelal kan beïnvloed op grond van die veronderstelling dat daar 'n vaste wetmatigheid bestaan tussen oorsaak en gevolg, waardeur optrede volgens 'n vaste patroon noodwendig lei tot 'n sekere verlangde resultaat. Beals en Hoijer stel dit duidelik as hulle sê (1953:496): "Magic is a body of techniques and methods for controlling the universe, on the assumption that if certain procedures are followed minutely, certain results are inevitable." So 'n definieëring lei egter dadelik tot die vraag: wat dan die onderskeid is tussen godsdienste of religie en towery, en dit bring ons spoedig tot die slotsom dat dit in eintlike sin nie twee losstaande begrippe is nie maar twee fasette van dieselfde verhouding van die mens tot magte buitekant hom wat hy meen om te kan beïnvloed volgens sy wil. Keesing (1958:334) sê dan ook: "of the relation of magic to religion... most anthropologists feel, that no clearcut distinction can be made without developing too narrow a concept of religion. They consider that magic is part of the total body of beliefs and practices, hence, represents operationally one phase or segment of religion." Soos Keesing dan ook tereg daarop wys (1958:331): is magie in tegniese sin 'n term wat 'n hele verskeidenheid metodes saamvat, wat voorgee om outomaties die gang van sake te kan beïnvloed deur meganismes wat op die bonatuurlike inwerk. 'n Magiese handeling is dan 'n ritus wat uitgevoer word om die natuur dermate te beïnvloed dat dit sal voldoen aan die wense van die mens. Dit funksioneer op die terrein waar empiriese kennis tekortsiet.

Graag wil ek reeds hier aan die begin beklemtoon dat daar in die eerste plek gelet word op teorieë in verband met

die religie en magie van wat Engelse skrywers byna sonder uitsondering "primitiewe" volkere noem maar wat hier vanweë die stigma verbonde aan daardie woord, liever in navolging van die Duitse volkekundiges, "natuurvolkere" genoem sal word. 'n Meer algemene bespreking van religie of godsdiens in breëre sin, moet hier gesien word as buite die terrein van hierdie ondersoek en daarom word die inleiding tot hierdie studie beperk tot volkekundige geskrifte oor die onderwerp, en dan alleen bepaaldelik in soverre dit betrekking het op towery of magie.

Hoebel neem die verhouding van die mens tot die bonatuurlike as sy uitgangspunt in sy siening oor godsdiens en towery as hy sê (1949:408): "supernaturalism is the complex of man's interrelations with imagined powers that he believes transcend the mechanical laws of nature." Hy beweer dan verder dat supernaturalisme fundamenteel is vir sowel die religie as die magie, "for these are merely two special categories subsumed under the more general one of supernaturalism." (p. 408). Ruth Benedict (1935(c) 1952:102) wys ook daarop dat Volkekundig gesproke sowel magie as religie twee aanvullende wyses is om die bonatuurlike te benader, met dié verskil dat religie daarop toegespits is om 'n persoonlike verhouding op te bou met die bonatuurlike wêreld, "and magic using techniques which automatically control it." In aansluiting hierby gee de Villiers 'n getroue definisie van magie as hy beweer (1968:61): "towery of onpersoonlike supernaturalisme (is) die geloof in die bestaan van onpersoonlike bonatuurlike krag - of te wel towerkrag - wat geen eie wil of handelingsbevoegdheid het nie, maar deur persone wat oor die nodige vermoëns beskik - d.w.s. towerkunstenaars - tot voordeel of tot nadeel van hul medemense aangewend kan word." Soos Hoebel dit dan ook stel (1949:409) "The Magician believes that he controls supernatural power under certain conditions. He has power over power." Die beoefenaar voel oortuig dat as hy dan daardie formule noukeurig uitvoer, dan sal hy die resultaat bereik wat daardie formule veronderstel is om te gee mits daar nie 'n eksterne hindernis inbreuk maak nie.

Waar dit wil voorkom of magie en religie in noue voeling met mekaar is, is dit wenslik om aan die hand van die beskouinge van enkele hedendaagse volkekundiges hieroor duidelikheid te kry. Hoebel het redelik uitvoerig hierop ingegaan en meen dan dat (1949:410): "it is possible analytically to distinguish magic from religion Religious emphasis in supernaturalism leads to subordination of men to gods and to the power of cult functionaries - the priesthoods." Hy voeg daaraan toe dat godsdiens veel makliker gesentraliseer en georganiseer kan word as magie, wat uiteraard baie meer individualisties is. Die mens erken in sy godsdienstige gemoedstemming die meerderwaardigheid van die bonatuurlike magte, van wie se gesindheid sy eie welvaart afhanklik is. (vgl. Hoebel 1949:408). Maar Beals en Hoijer (1953:494) wys daarop dat: "Magic must not be confused with religion, even though religious practices not infrequently involve many magical procedures." Dit is omdat religie die geloof in bonatuurlike wesens veronderstel, wie se dae met betrekking

tot die mens beïnvloed en selfs beheer kan word. Hierteenoor veronderstel magie die vaste verband tussen die oorsaak en die gevolg, wat nie deur bonatuurlike wesens beïnvloed word nie. (vgl. a.w. p. 494 en 567). Dit sal in hierdie studie wel navore gebring word dat bonatuurlike wesens wel beïnvloedbaar is, maar onderhewig aan hulle geneigdheid om gunstig te reageer. Magiese handeling by die Tswana is dus eintlik tog nog onderhewig aan bonatuurlike sanksionering, maar sonder dat dit 'n ordelose toestand hoef te beteken: "It presupposes an orderly universe, not one in which events may occur unpredictably at the whims and fancies of supernatural beings." (a.w. p. 496).

Titiev wat nog onlangs hieroor geskryf het (1965:521) sê dan ook: "it soon became clear that no hard and fast distinction could be drawn between religion and magic, and at present a number of students of culture have become convinced that no dividing line can be established." Beals en Hoijer (1953:496) sê dan ook dat magie meermale met religie geassosieer word as 'n tegniek om sekere gewensde religieuse doelstellings te bereik. Dit is 'n metode om die hulp van die bonatuurlikes af te dwing deur magie se eie logika. Evans-Pritchard (1965:3) wys daarop dat sommige volkekundiges totemisme en taboe ook nog wil byvoeg saam met magie as onderafdelings van religie en dan daarmee saam ook alles wat die Westerling "bygeloof" noem.

In eintlike sin is magie dus vir die natuurmens die aanwending van kragte wat hy beskikbaar meen te vind, om sekere gewensde resultate te presipiteer sonder dat dit noodwendig eties goed of sleg moet wees. Marwick (1967:233) stel dit ook as volg: "Magic is a general and morally neutral concept. It consists of (1) the use of substances and objects believed to be imbued with supernatural power to the accompaniment of (2) verbal addresses (or "spells" where there is an emphasis on their being word-perfect) by (3) an operator who believes that, provided his procedures have been perfectly performed, the desired result will inevitably follow. The final proviso usually implies that he should be in a state of ritual purity." Hierdie beskouing van Marwick wat hy ontleen aan Evans-Pritchard stel die gebruik van "supernatural power" as 'n vereiste vir die handeling om te kwalifiseer vir "magie".

Dit is egter van belang om daarop te let dat vir die natuurmens daar nie dieselfde onderskeiding is tussen die natuurlike en bonatuurlike soos by die wetenskaplike nie, want vir hom vloei hulle in mekaar en word die geestelike deel van die materiële en andersom.

Towery word ook onderverdeel in verskillende kategorieë. Soms word dit genoem: "Wit" en "Swart" magie (vgl. Coertze 1959: 189). Firth (1956:156) meen egter dat daar "productive, protective or destructive magic" is. Soms oorvleuel laasgenoemde twee mekaar, en dan kan die "destructive magic" soms ook aangewend word met die goedkeuring van die samelewing. Marwick (1967:233) wys dan daarop dat: "Among

Africanists who usually follow Evans-Pritchard's definitions, this illegitimate use of destructive magic is known as sorcery". Hy wys op 'n verskil tussen die "sorcerer" en die "witch". "Witches have aberrant personalities permanently addicted to harming others by mystical means." Hierteenoor is die "sorcerers" dan "ordinary folk driven by possible passing fits of anger or envy and employing destructive magic to attain their antisocial ends."

Soos Titiev (1965:516) ook daarop wys het hierdie negatiewe towery 'n noodsaaklike funksie, want volgens hom voorsien dit haat vir toornaars (witches), in 'n sosiaal gesanksioneerde veiligheidsklep vir aggressiewe neigings. Met ander tye weer wanneer rampe die gemeenskap tref, dan beskuldig die mense nie hulle hoofmanne of gode of mekaar nie, maar hulle plaas al die skuld op die toornaars. "Thanks to such beliefs, even witchcraft notions may help to hold a society firmly together." (Titiev 1965:516).

2. Teorieë en beskouinge in die volkekunde oor towery naas religie

Dit is nou reeds byna 'n eeu lank wat volkekundige navorsers pogings aanwend om hierdie universele verskynsel by die mens, naamlik sy verhouding tot die bonatuurlike, te analiseer. Dit het daartoe gelei dat daar verskillende "skole" of denkrigtings ontstaan het om elk weer 'n nuwe interpretasie te gee aan die betekenis van "godsdienste" en van towerpraktyke by natuurvolkere. Waar daar reeds soveel kere in Volkekundige werke 'n oorsig gegee is oor die historiese ontwikkeling van opvattinge oor "religie en magie" soos o.a. deur Marett (1925); Lowie (1937); Radin (1937); Goldenweiser (1937); Malinowski (1948); Radcliffe-Brown (1952); Hoebel (1949); Bidney (1953); Keessing (1958); Murdock (1965); Evans-Pritchard (1965) en Hanekom (1965), - word hier net volstaan met 'n vlugtige oorsig, om te kan kom by die eintlike onderwerp van hierdie ondersoek, t.w.: towery by die Tswana.

(a) Die Ewolutionistiese voorstanders

Ons mag vandag verskil van die standpunte van Morgan, Tylor, Frazer, Durkheim, Levy-Bruhl en andere, maar in hulle tyd het hulle 'n belangrike bydrae gelewer om die denke oor die religie uit te bou. Ons sou hulle teorieë in verband met primitiewe godsdienste kon klassifiseer as psigologies of sosiologies. Eersgenoemde sou ook onderverdeel kon word in wat Wilhelm Schmidt sou noem: die intellektuele en die emosionele klassifikasie. (1931:135).

Baie van die geskryfte van die verlede wat met 'n groot mate van "sekerheid" geskryf is word vandag nie meer aanvaar nie en dan sê manne soos Evans-Pritchard (1965:4) daarvan: "..... most of what has been written in the past, and with some assurance about animism, totemism, magic, etc., has been shown to be erroneous or at least dubious." Hy gee egter toe dat selfs vandag daar nog baie aspekte van die godsdienste is

waaroor daar nog groot onsekerheid is.

'n Klassieke voorbeeld van 'n gesiene skrywer oor godsdiens uit die eerste tydperk wat vandag gladnie meer aanvaar word nie, was Jevons (1896). Hy het godsdiens gesien as 'n ewolusionistiese ontwikkeling uit totemisme. Animisme het hy gesien as "rather a primitive philosophical theory than a form of religious belief" (p.206). Na totemisme meen hy het politeïsme gevolg en toe monoteïsme. Van hierdie werk sê Evans-Pritchard (1965:5): "It is a collection of absurd reconstructions, unsupportable hypotheses and conjectures, wild speculations, suppositions and assumptions.... and just plain nonsense."

Dit wil voorkom of talle van hierdie vroeë skrywers oor primitiewe godsdienste, nie oor grondige kennis van die betrokke volkere beskik het nie, en hul berigging was meermale onnoukeurig. Baie van die mededeling was terloops, oppervlakkig, buite perspektief, buite verband en selfs onwaar. So skryf Sir Samuel Baker bv. (1867:231) oor die stamme van die Nyl vallei: "they are without a belief in a Supreme Being, neither have they any form of worship or idolatry; nor is the darkness of their minds enlightened by even a ray of superstition."

Die opvatting dat daar ontwikkeling was uit barbarisme tot beskawing, het sterk posgevat in die middel van die 19de eeu toe Darwin en Lamarck na vore gekom het met die ewolusie teorie. Lowie (1936:xiii) meen dat toe Edward B. Tylor in 1871 sy "Primitive Culture" gepubliseer het, was hy "above all interested in the problem of evolution." Dit was, omdat Darwin se "Origin of Species", 'n baie wye invloedssfeer gehad het. Daarom het ook "the investigator of culture naturally sought to parallel the paleontologist's and embryologist's record by corresponding sequence in social organization and belief." (Lowie 1936:xiv).

Tylor het reeds so vroeg as 1871 gewys op die veralgemenings van vroeëre etnografiese skrywers soos Lang, Ridley, Azara en Moffat van wie hy sê (1871; 1920 ed.: 419): "..... (they) are authors to whom ethnography owes much for valuable knowledge of the tribes they visited, but they seem hardly to have recognized anything short of the organized and established theology of the higher races as being religion at all. They attribute irreligion to tribes whose doctrines are unlike theirs."

Ons verbaas ons vir die helder insig van Tylor wat probeer het om as objektiewe waarnemer ook die religie van natuurvolkere te ontleed. Daarom spreek hy hom ook baie skerp uit (1920:420) as hy sê: "for the most part the "religious world" (van die Westerling) is so occupied in hating and despising the beliefs of the heathen whose vast regions of the globe are painted black on the missionary maps, that they have little time or capacity left to understand them." Hy het geglo dat godsdienste aan mekaar verwant is, want hy sê bv.

(1920:421): "No religion of mankind is in utter isolation from the rest." Tylor het dan ook self 'n definisie van religie gegee, om sodoende meer te behels as voorheen, en dan sê hy (1920:I.424): "a minimum definition of Religion (is) the belief in Spiritual Beings." Hy beweer dan ook nog dat (p.425): "as far as I can judge,..... the belief in spiritual beings appears among all low races....."

Hoewel hy graag die ewolusiegedagte met betrekking tot religie wil uitbou voel Tylor dat die beskikbare gegewens ontoereikend is en daarom sê hy dan ook: (a.w. 425): "The argument for the natural evolution of religious ideas among mankind is not invalidated by the rejection of an ally too weak at present to give effectual help." Hy gee voorkeur aan die woord Animisme om die dieperliggende gedagte van geestelike wesens te ondersoek. Reeds in 1737 het Stahl gebruik gemaak van die woord "animisme" in sy "Theoria Medica Vera" en Tylor beweer dan dat: "Animism is the groundwork of the Philosophy of Religion, from that of savages up to that of civilized men." (a.w. 426). Volgens hom is daar die twee groot leerstellinge: (1) die geeste van afsonderlike skepsele (creatures) is in staat om voort te bestaan na die dood of die vernietiging van die liggaam en (2) daar is ook ander geeste wat gradueel voorkom tot by kragtige godhede. "Spiritual beings are held to affect or control the events of the material world, and man's life here and hereafter; and it being considered that they hold intercourse with men and receive pleasure or displeasure from human actions..... these doctrines practically resulting in some kind of worship." (a.w. 427). Vergelyk ook sy "Anthropology" (1881 - herdr. 1924:358) vir 'n verdere uiteensetting.

Lowie (1937:83) het baie hoë waardering vir Tylor se werk maar wys daarop dat laasgenoemde tog 'n fout gemaak het: "Tylor's mistake sprang from the difficulty of applying the evolutionary scale to elements of nonmaterial culture associated with values..... like other evolutionists, he sometimes felt he had a key to the law of progress." Maar dit moet vir hom ter ere nagegee word dat hoewel hy met sy animisme veel wou bewys hy tog nie die geloof in geeste verwar het met die universele lewe in die natuur nie. (vgl. Lowie 1937:84). Lowie swaai hom dan nog die lof toe deur te sê: "The student of Tylor in 1890 could thus profit from a vast mass of thoroughly sifted and authenticated material, interpreted from a unifying, evolutionary point of view, tempered with sanity. a clear intelligence was seeking order in a vast and largely virgin field."

Towery was vir Tylor iets verskrikliks, en daarom sê hy: "one of the most pernicious delusions that ever vexed mankind (is) the belief in Magic." (1920 I:112). Hy noem magie 'n "Occult science" en sê: "it is based on the Association of Ideas. Man as yet in a low intellectual condition, having come to associate in thought those things which he found by experience to be connected in fact, proceeded erroneously to invest this action, and to conclude

that association in thought must involve similar connection in reality." Hy meen dan ook dat daar 'n verwantskap bestaan tussen die magiese gebruike van verskillende kulture en sê dat dit "may be clearly traced from the lower culture which they are of, to the higher culture which they are in."

Ook die verskillende vorme van waarsêery het hy as 'n doelgerigte sosiale verskynsel gesien en sê (a.w.:133): "Divination serves to the sorcerer as a mask for real inquest, as when the ordeal gives him invaluable opportunity of examining the guilty whose trembling hands and equivocating speech betray at once their secret and their utter belief in his power of discerning it." Hy het daarop gewys dat die towerkunstenaar (magician) in staat is om deur vrees sy prooi se dood te bewerkstellig slegs deur te suggereer dat dodelike kunste teen hom beoefen is. Tereg merk hy dan ook op dat: "Magic has not its source in fraud..... The sorcerer generally learns his time-honoured profession in good faith, and retains his belief in it more or less from first to last." (a.w.: 134). Vir hom is dit eg: "It is a sincere but fallacious system of philosophy, it is an elaborate pseudo-science."

Wilhelm Schmidt (1939:10) het die aandag daarop gevestig dat die etnoloë as Ewolutioniste te logies en rasideel wou wees, en hy som hul opvatting as volg op: "Development proceeds on the whole always from the bottom upward, from the lower to the higher, from the more simple to the more complex..... the first of these is always the older..... Therewith a most simple time measure seemed to have been found also for the oldest times of mankind." Malinowski (1948:2) meen dat Tylor te veel rasidele denke aan die natuurmens toeskryf, wat nie strook met sy praktiese geaardheid nie.

Sir James Frazer het die diepere en meer uitgebreide uitkyk van die moderne antropologie sy ruimere vertolking gegee, en Malinowski spreek sy waardering daarvoor as volg uit (1948:2): "Frazer's 'Golden Bough', the great codex of primitive magic, shows clearly that animism is not the only, nor even the dominating belief in primitive culture. Early man seeks above all to control the course of nature for practical ends, and he does it directly, by rite and spell, compelling wind and weather, animals and crops to obey his will. Only much later, finding the limitations of his magical might, does he in fear or hope, in supplication or defiance, appeal to higher beings; that is, to demons, ancestor-spirits or gods."

In hierdie onderskeiding tussen direkte beheer aan die een kant en die toenadering tot hoëre magte aan die ander kant sien Frazer die verskil tussen magie en religie. Magie, is dan gefundeer op die mens se vertroue in sy vermoë om die natuur te beheer, as hy net die wette ken wat dit magies kan reël, en dit is dan verwant aan die wetenskap. Religie daarenteen is die mens se erkenning van sy eie onvermoë wat

sekere sake betref en dit verhef die mens bokant die magiese uit, en kom later onafhanklik langs die Wetenskap te staan voor wie magie gaandeweg moet swig.

In sy "The Golden Bough" (1924) in die hoofstukke oor "Sympathetic Magic" en "Magic and Religion" het Frazer sekere beginsels neergelê, soos wanneer hy sê: "If we analyse the principles of thought on which magic is based, they will probably be found to resolve themselves into two: first, that like produces like, or that an effect resembles its cause; and, second, that things which have once been in contact with each other continue to act on each other at a distance after the physical contact has been severed. The former principle may be called the Law of Similarity, the latter the Law of Contact or Contagion." (1924:11). Hierdie is twee belangrike stellinge oor towery, in 'n poging om hierdie wydverbreide verskynsel te verklaar. Soos verderaan sal blyk is hierdie stellinge later gewysig, veral ook wanneer towerygebruike onder die Bantoe bestudeer word.

Frazer verduidelik dan verder (1924:11): "From the first of these principles, namely the Law of Similarity, the magician infers that he can produce any effect he desires merely by imitating it: from the second he infers that whatever he does to a material object, will affect equally the person with whom the object was once in contact, whether it formed part of his body or not. Charms based on the Law of Similarity may be called Homoeopathic or Imitative Magic. Charms based on the Law of Contact or Contagion may be called Contagious Magic." Hy verduidelik vervolgens hoedat die beoefenaar van die towerkuns glo en aanvaar dat bg. twee wette van "ooreenkoms" en van "kontak" van universele toepassing is en nie deur menslike handeling beperk word nie. Hy kom dan tot die krasse veroordeling in sy slotsom: "In short, magic is a spurious system of natural law as well as a fallacious guide of conduct; it is a false science as well as an abortive art." (1924:11). Die towenaar analiseer nie die denkproues waarop sy praktyk berus nie, en die abstrakte beginsels wat hy toepas dink hy nie aan nie. Hy tree in die praktyk op en die logika van alles is net eenvoudig geïmpliseer. Daarom is towery vir hom meer 'n kuns as 'n wetenskap.

Frazer kombineer sy Homoeopathic Magic en Contagious Magic onder een hoof wat hy noem: "Sympathetic Magic, since both assume that things act on each other at a distance through a secret sympathy, the impulse being transmitted from one to the other by means of what we may conceive as a kind of invisible ether....." Hy wys dan ook verder daarop dat die sisteem van Simpatieke Magie nie uit net positiewe dade bestaan nie, maar ook uit 'n hele aantal negatiewe veronderstellings, d.w.s. voorskrifte om "nie te doen" nie. Die positiewe voorskrifte noem hy "charms" en die negatiewe "taboos". Taboe is dan die weerhouding van iets te doen wat die natuurmens vrees die uitwerking kan hê van hom nadelig te tref (1924: 19): "Positive magic or sorcery says, "Do this in order that so and so may happen." Negative magic or taboo says: "Do

not do this, lest so and so happen." Dan weer, is 'n eienskap van beide positiewe en negatiewe magie dat die magiese beïnvloeding oor enige afstand kan plaasvind.

Frazer se omvangryke versamelwerk gaan egter mank aan 'n baie groot tekortkoming: soos Lowie (1937:102) dit ook stel: "Frazer disappoints by his failure to grapple with problems in a thoroughgoing fashion. To put it briefly, he is a scholar, not a thinker - and a scholar, moreover, who in his eagerness to assimilate descriptive data has somewhat perversely ignored the strides of theory." Hierdeur het hy nie genoeg rekening gehou met die onderlinge kontak tussen stamme nie. Hy maak hom meermale skuldig aan valse rasionalisme. Derhalwe kon hy nie veel nuwe lig laat val op bv. maatskaplike organisasie nie. Frazer het egter daarin geslaag om aan te toon dat magie nie 'n "pseudo-wetenskap" is soos Tylor gemeen het nie, maar soos Marett en Goldenweiser later getoon het 'n vorm van "supra-naturalisme" is. Frazer maak ook die fout, soos Lowie (1947:103) tereg daarop wys om te dink dat magie religie voorafgegaan het omdat dit sielkundig makliker is om te aanvaar as die hulp van persoonlike geestelike bemiddelaars. (Vgl. hieroor Frazer (1922:11-60) en W. Schmidt (1912: I:510-514)). Die opvolger van Tylor in Oxford, nl. R.R. Marett, het hom veral toegelê op die psigologie van die godsdienste. Hy wou aantoon dat die inboorling nie altyd net vir geeste bang was nie, maar dat die doel van die godsdienste in die samelewing was om vertroue te herstel in die maatskappy. Hy het ook probeer om die alledaagse lewe van die natuurmense te onderskei van sy geestelike wese waar die mistieke op die voorgrond tree. Om hierdie rede het hy Frazer se "magie" en "religie" aan mekaar gekoppel onder die hoof "supernaturalisme". Hier moet egter nie gedink word aan "natuur" soos dit deur die moderne wetenskap gesien word nie, want die primitiewe "does not abstractly distinguish between an order of uniform happenings and a high order of miraculous happenings." (Marett 1909 herdr. 1914:109). Sodoende kom hy weg van die rasonale opvatting van magie wat Tylor en Frazer gehuldig het. Hy probeer verder om tussen "animatisme" en "animisme" te onderskei (1914:14,18). Animatisme is bv. wanneer 'n persoon na 'n dwarrelwind skree. Dan dink hy dat daar lewe in is wat reageer, maar dit impliseer nie noodwendig dat dit 'n gees is wat soos 'n mens lyk en reageer nie. In so 'n geval sou dit animisme wees.

Marett het die noodsaaklikheid beklemtoon van die inboorling reg te sien as 'n normale mens: Hy is nie onnosel nie, veral nie wat sake betref waarvan sy voortbestaan afhanklik is nie. Daar is altyd 'n gesonde kern van noukeurige inligting, waaroor slegs die "primitiefste" beskik; (vgl. Marett 1910:123-127). Hy het die aandag daarop gevestig dat bv. die Winnebago toordokter (magician) sy handelinge uitvoer "solemnly, earnestly, in short, in a spirit of reverent humility which is surely akin to homage. . . ." (a.w.: 29, 38). Hy het ook daarop gewys hoedat die magiese formules baie maklik effens gewysig word en in 'n religieuse gebed verander; sodoende toon hy die noue verwantskap tussen magie en religie.

Herskovits (1947 herdruk 1964:349) wys daarop hoedat Marett veral die "mana"-begrip wat Codrington by die Melanesiërs gevind het, wou koppel aan "taboe", en dit beskou as "the basic force of religious belief". Toe Marett die aard van godsdiens probeer bepaal het, het hy beweer dat supernaturalisme die essensie is van alle religieuse verskynsels. Hy sê dan ook (1912:209): "Magic and religion..... belong to the same departments of human experience. Together they belong to the supernormal world, the X-region of experience, the region of mental twilight." Hy het die gedagtes van Frazer verder uitgebou (1909) deur te wys op die radikale verskil wat daar is tussen wetenskap en magie: Wetenskap ontstaan uit ondervinding terwyl magie deur tradisie ontstaan. Wetenskap word deur die rede voortgelei en reggestel deur waarneming terwyl magie voortlewe in 'n mistieke atmosfeer. Wetenskap is tot almal se beskikking, terwyl magie okkult of geheim-sinnig is, en geleer word deur geheimsinnige inisiasie en in erfopvolging of in 'n geslote kring oorgelewer word. Waar die wetenskap berus op opvattinge oor natuurlike kragte, berus magie of towery op die opvatting van 'n mistieke onpersoonlike krag waarin meeste van die primitiewe volkere glo.

Coertze en de Villiers (1959: 2^e druk 1961:185) gee 'n insiggewende samevatting van die ewolusioniste se siening van die godsdiens, as hul sê: "Volgens die ewolusionistiese opvatting van Tylor het politeïsme uit manisme of naturalisme en monoteïsme op sy beurt weer uit politeïsme ontwikkel deurdat in die eerste geval sekere voorouergeeste of natuurgeeste hoër status en groter seggenskap verkry het en in die tweede geval een bepaalde god in die panteon bo al die ander en selfs tot alleenheerser verhef is. Monoteïsme was dus die laaste en hoogste stadium in 'n eenlynige ontwikkelingsproses en as sodanig is dit volgens Tylor slegs by hoogs-ontwikkelde volke aangetref."

(b) Die Historiese rigting

As 'n teenwig teen die Ewolusioniste in die Volkekunde wat na bewering deur subjektiewe veralgemenings tot hul slotsomme gekom het, tree manne soos Elliot Smith, Rivers, Graebner en Pater Wilhelm Schmidt na vore. Hulle staan ook bekend as die Diffusioniste wat kultuuraspekte noodwendig wil aflei van 'n oer-herkoms. So het Elliot Smith beweer dat Egipte die bakermat van die kultuur was en dat dit van daar af in verskillende rigtings vertak het. Lowie som e.g. se opvattinge op (1937:161) onder drie leerstellinge, nl.:

- (i) dat die mens nie maklik skeppend optree nie (man is uninventive) en dat kultuur gevolglik heel uitsonderlik "nuut" tot stand kom.
- (ii) Slegs Egipte was so 'n vrugbare teelaarde vir kultuur; en
- (iii) beskawings het van hier af uit verflou en gedegenerer. Ook Perry en Rivers het hierdie denkrigting van Elliot Smith voortgesit; maar dit was eers die Duitse skool met Graebner en Wilhelm Schmidt, wat werklik 'n positiewe bydrae gelewer het. Hulle het die soeklig laat val op "kontak morfose". Hul wys ook daarop dat kulture nie gebalanseerd ontwikkel nie, maar 'n

onontwikkelde materiële kultuur kan bv. gepaard gaan met 'n ingewikkelde sosiale struktuur, of godsdiensoorm.

Die Duitse historiese rigting wou graag die ontwikkeling van die beskawing sien in kultuur strata of die "Kulturkreise". So het Graebner bv. in Oseanië waar hy sy navorsingswerk gedoen het ses kultuurlae aangetoon naamlik die Tasmaniese, die Ou Australiese, die Totemistiese, die Moieteit, die Melanesiese Boog en die Polinesiese kultuurlae. (1923:449). Graebner het getoon dat die Tyd- of Evolusionistiese-teorie in die etnografie nie gehandhaaf kan word nie, en wel om vier redes: (i) Die ontwikkeling is nie op alle terreine van die laere na die hoëre nie. (ii) Daar is ook vereenvoudiging deur verarming van kultuur deur degenerasie. (iii) Die ontwikkeling gaan nie noodwendig met verbetering nie, omdat kultuur vertak en afsonderlik ontwikkel. (iv) Die beoordeling van "hoog" of "laag" in kultuur is tot 'n groot mate 'n subjektiewe beskouing. Daarom konkludeer Schmidt dan ook (1939:12) dat: "evolusionism is unable to give us a clear and trustworthy criterion for the determination of the succession of chronological culture events of those earliest periods of mankind."

Die kritiek teen die "Kulturkreise" voorstanders is dat hulle ook geneig is om te veralgemeen en te vereenvoudig om die kulture by hul vooropgestelde patrone in te pas, sonder inagneming van talle "tribal crosscurrents" soos Lowie dit noem (1937:184): "The essential thing, however, is to compare only strictly comparable phenomena. Here lies the error common to all the extreme diffusionists: they mistake analogies for homologous features."

Pater Wilhelm Schmidt was baie simpatiek teenoor die inboorlingkulture en hy het ook die individuele verskeidenheid van kultuurtreke benadruk. (1929: Bnd. II, 173). Hy het ook geglo in die onderlinge verwantskap van kultuurverskynsels, soos bv. tussen die maskers wat saamhang met 'n geestekultus. In sy: "Der Ursprung der Gottesidee" (1926:35) toon Schmidt hoedat selfs die mees primitiewe volke die geloof in 'n Opperwese het. Hy het dan ook in (1939:12) benadruk dat die Kulturhistoriese skool die betroubaarste benaderingsmetode in die volkekunde is, as hy bv. sê: "The specific task as well as the real value of ethnology consists in the methodological application of these means (culture history), not only to understand the conditions existing among the primitive peoples today, but also to recognise in them witnesses and survivals of the oldest development of mankind, and thus to reach far back into those distant millenia of mankind's past history ... and to construct the objective succession of events and thereby the actual genesis of culture among the different peoples; in a word, to change juxtaposition of culture circles into succession of culture layers."

Hy gaan selfs voort om te sê: "the other sciences expect this from ethnology, because they cannot do it themselves." As hy dan uitwei oor die taak van die Etnologie

uit die kultuurhistoriese oogpunt, dan sê hy die eerste taak is om die middele te soek waardeur 'n betroubare "exact spatial juxtaposition of the culture elements" vasgestel kan word asook hul "mutual interactions in ever wider scope on up to culture circles." Vervolgens moet die korrekte tydsopvolging van kultuurverskynsels vasgestel word om sodoende "their sequence in time in waves and layers of culture" vas te stel. Dan volg "its last and highest goal", nl. "the deeper penetration into the meaning of the objects and events of culture." Die kousale verband moet ook vasgestel word van al die verskyningsvorme ("phenomena") van kultuur. (Schmidt 1939:14). In sy groot werk "Der Ursprung der Gottesidee" (1912) maak Schmidt die bewering dat by alle godsdienste daar 'n element van monoteïsme aanwesig is. Ook vestig hy die aandag op "morele verantwoording" in die godsdienste.

Coertze (1959: 2^e druk 1961:186) wys daarop dat Lang en Schmidt ernstige bedenkinge gehad het teen Tylor se teorie oor die ontstaan van monoteïsme deur 'n ontwikkelingsproses. Volgens Lang is dit nie nodig dat die begrip van 'n opperwese of "high god" eenlynig uit 'n sielsgeloof hoef te ontwikkel nie. Lang meen dat elke mens die ingebore vermoë het en ook die begeerte, om oorspronge te verantwoord. Om hierdie rede kon selfs die primitiefste mens vir homself 'n voorstelling maak van so 'n opperwese wat hy op 'n antropomorfe wyse sien as 'n soort van bo-natuurlike mens. Hy het ook daarop gewys dat selfs die primitiewe Australiërs geglo het in 'n skepper-god. (1901:224). Hierdie opvatting het W. Schmidt toe verder uitgebou (1926-1935). Die tekortkoming van sy standpunt in verband met die godsbegrip is dat die natuurvolkere nie die monoteïstiese gedagte so wysgerig uitgebou het as wat Schmidt wil te kenne gee nie, maar hulle dikwels meer op die hulpmiddele en ander geeste-opvattinge verlaat het as op die opperwese.

Hanekom (1965:14) vestig die aandag op die twee belangrike gesigspunte waaruit godsdienste gesien moet word soos wat Schmidt dit uiteengesit het: "Subjektief is dit die bewussyn van afhanklikheid by die mens van een of meer transkendentale (of bowenatuurlike) persoonlike mag of magte tot wie die mens in 'n wederkerige verhouding staan. Objektief is dit die somtotaal van handeling wat hierdie afhanklikheidsgevoel uiting vind, bv. gebed, offerhande e.d.m." Hanekom wys dan daarop dat hierdie definisie van Schmidt nie elasties genoeg is nie en dat sy "transkendentale, persoonlike mag" nie omvattend genoeg is om al die wesens of magte te omskryf wat in die godsdienste van sommige volkere voorkom nie.

Pater Schmidt kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n oer-kultuur moes gewees het waarin daar reeds 'n godsdienstige element aanwesig was. Dit het o.a. 'n positiewe aard gehad, naamlik die geloof in 'n opperwese en hiermee gepaardgaande was daar 'n etiese konsep asook gebed en rituele handeling. Uit hierdie oergodsdienste sou die animisme en voorouerverering dan ontwikkel het asook die gebruik van

magiese handeling. Die ekonomiese struktuur van die betrokke stam speel dan hierby 'n bepalende rol. (Vgl. ook Lowie 1937:190 vir 'n voorbeeld van Schmidt se redenasie oor "Stufen der ganzen Entwicklung"). Vgl. ook Herskovits (1947 herdruk 1964:349) waar hy praat van: "Father Schmidt's extension of this concept (of belief in High Gods) by adding the corollary that present belief of nonliterate peoples represent a degeneration from this purer form." (Schmidt 1931:283).

(c) Die Sosiologiese eksponente

Emile Durkheim (1915:10) het na aanleiding van sy navorsing, grotendeels oor die inboorlingstamme van Australië die teorie uitgebou dat religie gegroei het uit die sosiale ondervindinge van mense. Seremoniële handeling is hier van primêre belang, volgens sy siening en na aanleiding daarvan sê Herskovits dan ook (1947 herdruk 1964:372): "Ceremonialism, more than any other aspect of religious experience, calls on the pageantry of ritual to reinforce belief by dramatizing the deeds of the gods and their place in the universe." Durkheim begaan egter die fout om by die natuurvolkere 'n duidelike onderskeiding te wil maak tussen godsdienstige en nie-religieuse rites, want eintlik vloei hulle in mekaar.

Die definisie wat hy vir religie gegee het impliseer 'n antitese tussen die heilige en die profane, asook die samevloering van gesamentlike aanbidders van die Heilige in 'n soort "kerk". (Sien Lowie 1936:153). Hy baseer sy teorie op die totemistiese rites van die Australiese inboorlinge. Durkheim meen dat baie van die "heilige" totems self van ondergeskikte belang is maar dat dit die "totemic symbols" is wat deurslaggewend is. Hierdie totemistiese simbool sou dan volgens hom die embleem wees van die "totemic principle or "god" of the clan". Hiervolgens word die sosiale groep of sibbe self gesimboliseer in die godheid.

Ruth Benedict (in Boas 1938:627) som Durkheim se leerstelling as volg op: "(He) believed that religion was the outcome of crowd excitement. ... (Durkheim) saw in group ritual, especially that connected with totemism, the original basis on which all religion has been elaborated." Volgens hom is godsdienstige dan eintlik net 'n openbaringsvorm van die samelewing. Durkheim sê bv.: (1912:206) dat die religieuse identies is met die sosiale, want: "in a general way..... a society has all that is necessary to arouse the sensation of the Divine in minds, merely by the power that it has over them; for to its members it is what a God is to its worshippers."

Hy kom tot hierdie slotsom omdat hy meen dat totemisme die vroegste vorm van godsdienstige is. Vir die vraag: hoe die samelewing dit reg kan kry om uit eie krag 'n gevoel vir die goddelike op te wek, meen Durkheim 'n antwoord te hê. Volgens hom is dit die gevolg van die verwantskap van die samelewing tot die individu, wat 'n parallel

is van die tipiese godheid-mensverhouding, en wel as volg:

Aan die een kant oorheers die samelewing elke individu deur meerdere gesag en wel in so 'n mate dat die persoonlike wil ondergeskik word aan die stamgesag; maar aan die ander kant bring dit dan juis 'n gevoel van sekuriteit en krag, want om in harmonie met jou volksgenote te wees bring vertroue en moed, net soos die toegeweide gelowige ondervind as hy bewus word van sy goedgesinde Opperwese. So is die kulturele besit van elke mens dan die geskenk wat hy van sy samelewing ontvang het. Die individuele bewussyn bevind hom in 'n samelewing waarin magte aanwesig is: bonatuurlik, kragtig en hulpvaardig. Hulle is vreeswekkend maar goedgesind. Dit is in die geval van die natuurvolkere volgens Durkheim veral waar met betrekking tot die totemistiese sibbe. (Vgl. Lowie 1936:154). Beals and Hoijer (1953 herdruk 1965: 599) wys hoedat Durkheim die klem laat val het op die verskynsel dat: "things of importance to a people, such as their sources of food, often find a place symbolically in their religious beliefs." Dit kan dan volgens Durkheim die aanleidende oorsaak wees tot totemisme en godsdiens.

Kroeber (1948:347) gee Durkheim tot 'n mate gelyk en sê: "There is no doubt that most religious cults stress strongly the continuity with all the past, an accord or oneness of the individual or his group with the whole world, and the basic changelessness of these relations."

Goldenweiser (1933:373), dink nie veel van Durkheim se bevindinge in verband met die oorsprong van religie en die verhouding daarvan tot die samelewing nie en sê o.a. "Sharp as is the author's wit and brilliant as is his argumentation, one closes the book with the mellancholy assurance that Durkheim has left these two perennial problems where he found them." Nietemin het hy daarin geslaag om meer objektief as talle van sy voorgangers te wees. Hy was ook heeltemal gekant teen 'n enkelvoudige ewolusieproses. Benedict vestig ons aandag paslik daarop dat juis die uiteenlopendheid van al hierdie teorieë, soos ook dié van Durkheim toon hoe ingewikkeld hierdie veelsydige verskynsel is: "The mere fact of their diversity and contradiction (d.w.s. al die teorieë) is proof of our bewilderment about the essential bases of religion." (Benedict: in Boas 1938:628).

Herskovits in sy beoordeling van Durkheim (1947 herdruk 1964:373) wys daarop dat die navorser behoort te onthou dat "rituals are but the implementation of belief", en daarom mag die ritus nie self as basis geneem word om "geloof" te verklaar nie.

Durkheim wil vervolgens magie en religie skei van mekaar deur te bepaal dat vir lg. daar altyd 'n groeps-optrede moet wees. By towery sou dit net die toordokter wees (soos 'n geneesheer) teenoor sy pasiënt(e). (Vgl. Lowie 1936:150). Die onhoudbaarheid van hierdie standpunt, veral ook soos gesien in die lig van die Tswana-gemeenskap,

sal duidelik blyk namate hierdie studie verder ontvou. Vanweë sy sosiale siening in die etnologie word hy in 'n mate die voorloper van manne soos Radcliffe-Brown veral waar hy in sy navorsing gesoek het om vas te stel of geassosieerde gelowe 'n sosiale funksie het om te vervul. So baan hy dan ook die weg vir die funksionele skool.

Sterk onder Durkheim se invloed het Lucien Lévy-Bruhl in 1910 en 1922 sy twee werke die lig laat sien oor die geestelike ingesteldheid en denke van die primitiewe mens. Merkwaardig is dat sy studie nie so seer 'n psigologiese ondersoek was nie, maar dat hy die individu gesien het as deel van sy gemeenskap. Soos Lowie dit stel (1937:217), ignoreer hy alle verduidelikings van die primitiewe houding en handeling wat wil aantoon dat die individu 'n rasionele wese is, en wil hy alles net volgens die "groepsidee" verklaar. Vir hom word die individu se denke bepaal deur die norme wat hy in die samelewing vind. Lévy-Bruhl sien graag sy opvattinge as "wette" en praat dan ook van die "wet van deelname" waaraan alle primitiewe denke gekoppel is. Hul denke is dus volgens hom "pre-logies". "Deelname" sê hy is wanneer logies-verskillende aspekte van die werklikheid in 'n mistiese eenheid saamgevoeg word. (Lévy-Bruhl 1922, sien Lowie 1937:218).

Malinowski som Lévy-Bruhl se beskouing as volg op (1948:9): "... primitive man has no sober moods at all, ... he is hopelessly and completely immersed in a mystical frame of mind. Incapable of dispassionate and consistent observation, devoid of the power of abstraction, hampered by a decided aversion towards reasoning. ... Their outlook is that of confused superstition, pre-logical...." Dit wil voorkom of hierdie soort redenasie soos dié van Lévy-Bruhl uitgewerk is deur iemand wat nie sy studie onderwerp werklik geken het nie.

Hierdie vroeëre volkekundiges sê Evans-Pritchard (1965:10) was geneë om die sensasionele op te teken, soos bv. towery, barbaarse godsdiens rites en bygelowe, en sodoende is die meer algemene alledaagse lewe heeltemal oorskadu deur die indrukwekkende. Dit bring mense soos Lévy-Bruhl dan daartoe om die mistiese heeltemal te oorbeklemtoon. "Primitive man was thus made to appear, especially in Lévy-Bruhl's earlier books as quite irrational, living in a mysterious world of doubts and fears, in terror of the supernatural."

Goldenweiser weer (1922:231) het probeer om die mens se geloof in twee te deel en te sê dat die mens 'n geloof het in die bonatuurlike, wat hy dan noem "animistiese geloof" en dan ook "magiese geloof". Verbonde aan albei is "die geloof in krag". Hulle almal word 'n werklikheid deur wat hy noem die "religious thrill" wat hy beskou as "the concrete living participation of the individual in this world of supernaturalism". Hy glo dat godsdiens volgens 'n ewolusionistiese proses ontwikkel het, bv. as hy sê: "In tracing the history of the human mind in its emergence from the animal, I took occasion to point out that the faculty of imagination ...

(is) specifically human. Perhaps the most outstanding and certainly the most historically significant achievement of this faculty is supernaturalism." - hy noem dit sonder meer verder nog "a man-made realm." (1937:208).

Radcliffe-Brown het hom aangesluit by die beskouinge van Durkheim. Hy het oorspronklike veldwerk onder die Andaman eilanders gedoen (1922), maar baie van sy beriggewing is van 'n algemene aard en openbaar nie werklike vertroudheid met sy proefpersone nie. Lowie (1937:222) sê dan ook van Radcliffe-Brown se werkmetode: "this widely travelled scholar is at heart an armchair anthropologist who formulates problems in the study to be solved in the field by his followers." Hy wil ook graag 'n studie maak van die groep-gedrag en skuif die individu op die agtergrond, aangesien hy ook graag vaste "wette" wil bepaal. So sê hy bv. dat die sosiale antropoloog volksgebruike verklaar deur te toon "How each one of them is an example of some general law of human society." As hy van totemisme praat dan sê hy bv. (1931:29) dat dit 'n stel gebruike en gelowe is "by which there is set up a special system of relations between the society and the animals and plants... that are important in the social life." (Sien ook Beals en Hoijer 1953 herdruk 1965:496).

Radcliffe-Brown sluit ook aan by die funksionaliste as hy sê dat elke kultuur is "normally a systematic or integrated unity in which every element has a distinct function." Hy is geneig om te veralgemeen soos wanneer hy beweer (1923-135) dat 'n ritus ontstaan wanneer belangrike voorwerpe in die samelewing spesiaal vereer word. Hanekom (1965:20) wys op Radcliffe-Brown se opvatting dat godsdiens, onderwys en regering onderdele is van 'n komplekse meganisme waarvan die werking die voortbestaan van die sosiale struktuur ten doel het. Die funksie van elk van hierdie onderdele moet gesien word in die lig van die bydrae wat dit lewer om die totale struktuur in stand te hou.

Hy is so bv. geïnteresseerd in die sosiale waarde van die godsdiens. Hy beskou alle kulturele verskyningsvorme en daarmee ook die godsdiens as die gevolg van 'n sosiale behoefte eerder as die voortvloeiende van 'n persoonlike drang by die individu. Wanneer hy oor die godsdiens praat dan meen hy dat daarvan 'n studie gemaak kan word mits dit gesien word in die totale verband waardeur die individue ordelik saamleef. (Sien Radcliffe-Brown 1956:154). Hy meen dat religie altyd 'n uitdrukking is van die afhanklikheidsgevoel teenoor 'n mag buite die mens wat geestelik of moreel genoem kan word.

Net soos Lévy-Bruhl soek Radcliffe-Brown ook "wette", en verval dan in ongefundeerde veralgemenings soos wanneer hy praat van (1931:109): "a universal logical law though it is not yet possible to formulate precisely its scope, namely that in certain specific conditions a society has need to provide itself with a segmentary (clan) organization." Wanneer hy hom egter bepaal tot die analise van feitemateriaal, lewer Radcliffe-Brown 'n verdienstelike bydrae, soos wanneer

hy vasstel dat die voorouer-verering van die Bantoe patrilineaal is, afgesien van die matrilineale afstamming. So kon hy (1924:552) 'n belangrike bydrae lewer tot ons begrip van die taak en funksie van die malome (moeder se broer) in die Bantoe samelewing. Hy het ook 'n stap verder gevorder as Durkheim, deur weg te kom van die opvatting om die sibbe en die familie self as die basiese sosiale eenheid te sien. As skakel met die latere funksionaliste sê Radcliffe-Brown (1935: 394) "function (is) the contribution which a partial activity makes to the total activity of which it is a part."

Samevattend kan Radcliffe-Brown se benadering as volg gesien word (vgl. ook Beals en Hoijer 1953 herdruk 1965: 725): Hy soek na (i) noukeurige beskrywings van funksionerende sosiale strukture; (ii) 'n sistematiese klassifisering van sosiale verskynsels (phenomena) met 'n gepaste terminologie; (iii) die formulering van die algemene wette wat grondliggend is vir die sosiale verskynsels deur wetenskaplike metodes soos beoefen deur die natuurwetenskappe.

3. Latere Denkrigtings

(a) Die Funksionele Skool

Daar is min volkekundiges wat in die eerste helfte van hierdie eeu soveel gedoen het om die werklikheid van die lewe en die abstrakte wetenskap bymekaar te bring, soos Bronislaw Malinowski (aldus Redfield in Malinowski (1948: vii)). Hy het naamlik die vermoë gehad om sy lesers bekend te stel met die manne en vroue uit sy ondersoeksveld, sonder om te verval in veralgemenings. En tog kon hy ook die universele verskynsels raaksien en aandui. Die gevolg was dat die leser van Malinowski se werke gaandeweg 'n reeks begrippe gekry het oor religie, magie, wetenskap, ritus en mite soos hulle tot openbaring kom by die Trobrianders wat hy so aange-naam en begrypend leer ken het. Malinowski sê bv.: "I shall invite my readers to step outside the closed study of the theorist into the open air of the Anthropological field" en dan vergesel die leser Malinowski wat as besielde waarnemer en gids sy leser meeneem "paddling on the lagoon, watching the natives under the blazing sun at their garden work we shall learn about their life." En so het hy op treffende wyse die menslike natuur beskrywe, asook die universele kultuurpatroon.

In sy insiggewende studie oor "Magic, science and religion" gee hy na 'n oorsig oor Tylor, Frazer, Marett en Durkheim se beskouinge sy eie standpunt wat toon dat godsdiens veelsydiger is as wat enige van hierdie skrywers gemeen het. Hy demonstreer uit die Trobriand-lewe vir ons die betekenis en funksie van geloof en ritus in die samelewing, en wel op so 'n oortuigende wyse dat ons die algemeen-menslike geldigheid en waarheid daarvan kan aanvoel. Hy leer ons om in die Volkekundige wetenskap die menslike en sosiale situasie as 'n werklikheid te beskou. Dit is die kuns van 'n warme belangstelling in die besonderheid te behou terwyl die universele daarin gesoek word. (Vgl. Redfield a.w. x).

Lowie sê (1937:231) "He succeeded in creating a flesh and blood picture of his Melanesians. Ook Herskovits (1947 herdruk 1964:221) wys met waardering op die baanbrekerswerk van Malinowski wat ons aandag daarop gevestig het en dat elke daad 'n spesifieke funksie het en slegs elke kultuur voorwerp 'n doel. Hy sê dan ook van Malinowski se studie van kultuurvoorwerpe in hul gebruiksmilieu: "His study did much to explode the theory that primitive man was no more than an economically burdened creature whose sole preoccupation was subsistence." Dit kan hy regkry deur bv. die gebruik van die Kula-ring te volg dwarsdeur al die gebruike daarvan, insluitende dié van prestige simbool in die betrokke Trobriand-samelewing.

Beals en Hoijer toon hoedat hierdie funksionele metode (1953 herdruk 1965:722) waarvan Malinowski die uitstaande vertolker was, as volg saamgevat kan word:

(i) Elke lewende kultuur is 'n funksionerende en geïntegreerde eenheid, net soos 'n organisme, en dat geen onderdeel van 'n kultuur reg begryp kan word anders as in die geheel-verband nie. Dit is die funksionering van 'n kultuurverskynsel (culture trait) binne die totale kulturele sisteem wat hierdie verskynsel verduidelik en die ware identiteit daarvan openbaar. Dit wil dan sê dat daar nie in die eerste plek gesoek moet word na die geskiedkundige herkoms van hierdie kultuurverskynsel nie en die verspreiding daarvan nie, maar daar moet liever gesoek word na die wyse waarop dit die ander elemente in die kultuursisteem beïnvloed en daardeur beïnvloed word. Met ander woorde 'n kultuur moet bestudeer word soos wat dit op 'n gegewe oomblik voorkom en nie volgens die historiese of ewolusionistiese agtergrond nie.

(ii) In die tweede plek probeer Malinowski in sy teorie, om kultuur self te verantwoord en te bepaal wat die hoogste funksie is van die menslike kulture, om daardeur vas te stel waarvoor die mens daarmee volhou. Hy sien dit weer nie vanuit 'n historiese of ewolusionistiese oogpunt nie, maar hy probeer om die kultuur in al sy belangrikste aspekte in verband te bring met die menslike behoeftes (needs), d.w.s. die mens as biologiese organisme en die wyse waarop hy in 'n sosiale struktuur in daardie behoeftes voorsien. Hy meen dan dat daar sewe basiese behoeftes by die mens is, naamlik wat die metabolisme betref, die voortplanting, gerief, veiligheid, beweging, groei en gesondheid. Malinowski herbenadruk sy standpunt dat kultuur nie vanuit 'n historiese oogpunt benader moet word nie maar vanuit die funksionele. Radcliffe-Brown wou nog die historiese verband behou, en die samelewing sien eerder as die kultuur. (Vgl. hier Beals en Hoijer (1953 herdruk 1965:724).

Vervolgens het Malinowski behep geraak met die idee dat dit nog belangriker is om veranderende kulture te bestudeer terwyl hulle verander. In sy "Dynamics of Culture Change" (1945:vi) sê hy dan ook: "The functional method ... was born in the field. There I realised that the (real)

subject-matter of fieldwork is the changing Melanesian or African." Hy gaan dan voort om hierdie gedagte uit te bou en sê bv. "The principle of studying the changing native as he really is, enables us, . . . by studying how these things work, how they clash with his original culture, or else how they have been incorporated into it." Hy meen selfs dat "the diffusion of culture . . . is one of the most important historical events in the development of mankind."

Wat die godsdiens betref, het Malinowski 'n dieper insig gehad as meeste van sy voorgangers, want hy beweer bv. (1945:151) dat in die studie van religie, magie en toordery (witchcraft), die hedendaagse volkekundige besef dat dit nie slegs 'n argaïstiese oorblyfsel is van primitiewe denke nie, maar dat ons hier te doen het met "universally human, moral, dogmatic and social attitudes" wat ook voorkom in bv. die voorouerverering en geloof in 'n opperwese. Dit geld ook vir hulle vrese, hoop, en twyfel in verband met magiese gebruike (a.w. p. 152). Hy het uitgegaan van die standpunt dat "every primitive community is in possession of a considerable store of knowledge, based on experience and fashioned by reason." (1948:9). Hy gaan dan voort om te toon hoedat die natuurmens 'n duidelike onderskeiding maak tussen aan die een kant wat hy noem "the well-known set of conditions, the natural course . . ." en dan aan die ander kant is daar vir die primitiewe ook die onverklaarbare en nadelige invloede asook die onverdiende gelukkige toeval. In eersgenoemde geval handel die natuurmens dan deur kennis en arbeid maar in die tweede geval met magie.

Maar dan maak Malinowski 'n interessante bewering wat geloënstraf word deur die hele strekking van hierdie studie, naamlik as hy sê (1948:12,13) "these two functions are kept strictly apart . . . work and magic run side by side without ever mixing." Hierdie bewering, naamlik dat "werk" wat berus op kennis, en "magie" nooit vermeng nie, geld eensins vir die Tswana nie, want soos verder aan sal blyk, is daar in feitlik elke aktiwiteit 'n element van magiese handeling teenwoordig. D.w.s. die wetenskaplike Westerling klassifiseer 'n sekere optrede as magies, terwyl vir die Motswana dit deurgaans as die aanwending van "kennis" om 'n sekere resultaat te bereik. Trouens, die Motswana maak nie die duidelike onderskeiding tussen wetenskaplike kennis, magie en religie wat Malinowski en talle volkekundiges voorstaan nie. Hierdie punt sal verderaan in hierdie studie uitvoerig geïllustreer en bespreek word.

Dan weer wys Malinowski treffend op die dualiteit by die natuurmens tussen gesondheid en die dood: tussen "natuurlike" dood en dood deur toordery. Hiervoor wend hy hom tot natuurlike en die bo-natuurlike magte om hulle tot sy voordeel te gebruik. "He never relies on magic alone, . . . but he clings to it whenever he has to recognize the importance of his knowledge and of his rational technique." (a.w. 1948:15).

Dit is merkwaardig om te sien hoedat 'n ervare volkekundige sekere veralgemenings kan maak wat in besondere omstandighede net nie waar is nie, soos wanneer Malinowski sê (1948:21): "While in the magical act the underlying idea and aim is always clear, straightforward, and definite, in the religious ceremony there is no purpose directed toward a subsequent event." Hierdie soort bewering wat impliseer dat 'n godsdienstige daad geen einddoel het wat heenlei tot 'n volgende gebeurtenis nie, wys net dat Malinowski, soos trouens die meeste van sy voorgangers 'n baie oppervlakkige en sinlose siening het van die religie. Dit is dan ook die rede waarom hy inisiasie 'n "typically religious act" noem (a.w. p. 23). Vir 'n gelowige wat glo in 'n bonatuurlike openbaring en van 'n persoonlike verhouding tot die Opperwese kom dit pateties voor om te sien hoe studente van die mens probeer om sy godsdienssin te bespreek asof dit alles berus op persoonlike inbeelding terwille van gemoedsrus. Sy hele argument vir die ontstaan van religie basseer Malinowski op die mens se vrees vir die dood en totale vernietiging. Dan gryp hy na "the idea of spirit and of spiritual existence and immortality." Hy besluit dan ook dat "the substance of which the spirits are made is the full-blooded passion and desire for life." (1948:33).

Wanneer hy dan by Magie kom sê Malinowsky (a.w. 51): "magic in order to distinguish it from religion, (is) a body of purely practical acts, performed as a means to an end, the dramatic expression of emotion is the essence of this act." (1948:52). Hy gaan dan voort om te verduidelik dat die krag van die towery daarin geleë is dat die deug daarvan oorgedra moet word aan die voorwerp wat betower word, en dit word altyd bereik deur die towerspreuk (the spell). "The spell is that part of magic which is occult known only to the practitioner." (a.w. p. 54). Hy veralgemeen dan weer deur te sê dat 'n magiese handeling altyd vergesel gaan van 'n "spell" en dat die magiese ritus om die "spell" beoefen word. In die Tswana-samelewing word daar dikwels van towerspreuke gebruik gemaak, maar ook net so dikwels word magiese gebruike toegepas in stille handeling sonder dat enige woord uitgespreek word (sien verderaan).

Malinowski meen dat die uitgesproke formules by magiese handeling geplaas word met: (1) fonetiese nabcotsing soos fluit, grom, brul; (2) woorde wat beveel of 'n wens uitspreek; (3) die verwysing na die voorouers. In sy formulering van magie maak Malinowski 'n bewering wat ook nie geldig is by die Tswana nie, naamlik as hy sê (1948:56): "Magic is not derived from an observation of nature or knowledge of its laws, it is a primeval possession of man to be known only through tradition and affirming man's autonomous power of creating desired ends." Dit sal in die hieropvolgende uiteensetting herhaalde male blyk hoedat die Kgatla ngaka al die natuurkennis waaroor hy beskik aanwend en sonder dat hy daarvan bewus is dat dit nie ook empiriese kennis is nie, maak hy dan daarby 'n toevoeging of wend dit op 'n besondere wyse aan, wat ons as magies klassifiseer, maar wat

vir hom 'n noodsaaklike voorskrif is vir die korrekte aanwending van die middel.

Selfs die volgende stelling van Malinowski in sy welbekende: "Magic, Science and Religion" (p. 56,57) kan nie aanvaar word nie, as hy sê: "Magic is the one and only specific power, a force unique of its kind, residing exclusively in man, let loose only by his magical art, gushing out with his voice, conveyed by the casting forth of the rite." Magie, soos verderaan telkemale getoon word is by die Motswana die kundige aanwending van 'n kombinasie van kragmiddele, soms vergesel van 'n "towerspreuk", maar net so dikwels in doodse stilte. Vir die Motswana is dit nie magie nie maar 'n gespesialiseerde "wetenskap". Malinowski se bevinding as hy sê (a.w. 28) "Magic tends in all its manifestations to become specialized, exclusive and departmental and hereditary within a family or clan," geld ook vir die Tswana. Maar ons kan gladnie met hom saamstem as hy sê (a.w. 57) "(Magic) is thus never conceived as a force of nature, residing in things, acting independently of man, to be found out and learned by him....." want hoewel dit waar is dat 'n mens die magiese handeling moet uitvoer, gaan dit altyd gepaard by die Tswana met die gebruik of aanwending van dié besondere kragmiddele wat dan 'n spesifieke uitwerking sou hê, sonder dat die ngaka 'n 'towerspreuk' daarvoor uitspreek. Vgl. so bv. Malinowski (a.w. 166,167) waar hy meen dat die plante wat gebruik word slegs hulle magiese krag kry as die "magician" op hulle sy spreuke uitspreek. Origens moet ons van sy gebruik van die woord "magic" aflei dat Malinowski nie voorwerpe hieronder verstaan wat magiese krag het nie, behalwe as die "magician" se "magic" of "spell" hulle met "mana" of krag versterk het. Hierteenoor sê Coertze (1968:81) bv. van die Bafokeng (Tswana): "Vir die voorkoming van siekte word deur baie Christene vandag nog beskermingsmedisyne (dipheku) wat met towerkrag gelaai is, gebruik."

Dit is opmerklik om te sien hoeveel van die ander Volkekundiges die woord "magic" bespreek sonder om te bepaal of die voorwerpe self towerkrag het en of dit net die "spell" of towerspreuk van die "toordokter" is wat die krag het, en indien wel, waar hý dit dan vandaan kry. (Sien hierna: 4. "Die wese van towery"). Coertze (1959, herdruk 1961:188) wys duidelik hoedat "iedereen met die nodige kennis en vaardigheid die onpersoonlike bonatuurlike krag vir bepaalde doeleindes kan aanwend: "Die towerkunstenaars... bedien hulle van bepaalde middels wat, na geglo word, die setels of draers van genoemde krag kan wees." Ook wys Coertze daarop dat "sodanige krag "towerkrag" met die Polinesiese benaming mana aangedui word.

Van die funksionele metode van ondersoek sê Evans-Pritchard (1965:114): "The so-called functional method was too vague and too slick to persist, and also too much coloured by pragmatism, and teleology. It rested too much on a rather flimsy biological analogy."

(b) Die hedendaagse opvattinge in verband met die kultuur-sosiologiese funksie van religie en magie in die samelewing

Gedurende die afgelope drie dekades het etlike volkekundiges na vore getree om die heersende opvattinge opnuut onder die soeklig te plaas en toe te pas op nuwe ondersoekprojekte. Veral het juis die funksionele benadering 'n hele aantal aanhangers en beoefenaars gekry, wat veral ook hier in Afrika hulle toegespits het op uitgesoekte kultuuraspekte van etlike stamme. Uit die aard van die ondersoek was die meeste van die navorsingswerk dan onder die verskillende wêreldvolkere meer gespesialiseerd en funksionalisties gesien en het daar min oorsigtelike werke verskyn wat van universele toepassing is, vanweë die uiteenlopende kultuurverskille. Kortliks word hier net nog verwys na enkele van die etnoloë wat oor die Suidelike Bantoe geskryf het in so verre as wat dit verdere lig werp op die Tswana religie en magie. Verdere verwysings na hulle en andere word dan gaandeweg in die hieropvolgende hoofstukke gemaak, en veral ook weer in die slothoofstuk.

Een van die ywerigste navolgers van Malinowski was Isaac Schapera wat in die bestek van 15 jaar meer as 17 boeke en artikels geskryf het wat op die Tswana betrekking het.

Uit die omvangryke aard van sy ondersoek het Schapera dan ook o.a. sy bevindinge geboekstaaf met betrekking tot die Tswana religie en magie, maar hierdie aspek van hul maatskaplike lewe, en die werklike funksie van die ngaka (toordokter) in die Tswana samelewing is nie noukeurig deur hom nagevors nie. Daarom dan ook word hierdie studie onderneem. Schapera het ook soos etlike van sy tydgenote probeer om toordery analities te onderskei as hy bv. sê (1938:275): "Sorcery or witchcraft (boloi), the malicious use of poison or magic to inflict harm upon people or their property, is one of the things most dreaded by the Tswana, and the belief in sorcery, although somewhat modified of recent years owing to education and other civilizing influences, is still a vigorous factor in tribal life."

Hoernlé wat saam met Schapera gewerk het (1937) probeer om die magiese opvattinge meer in die besonder te behandel as 'n deel van die Bantoe se lewensuitkyk en volkslewe en sê dan (a.w. 222): "Bantu thought utterly refuses in most cases to admit mere chance, or accident or luck. It conceives nearly everything that befalls the individual, or the tribe, as the working out of forces in Nature, often regarded as personal or semi-personal, or of powers in the possession of certain private individuals enabling their differential advantages." Hoernlé wys dan daarop (a.w. 223) dat as die een persoon dit gelukkig en voorspoedig tref, en die ander teenspoed ondervind, dan vermoed die Bantoe dat daar 'n "mag" werkzaam moet wees wat verantwoordelik is. Waar sommige van die vroeëre volkekundiges probeer aantoon het dat magie 'n pseudo-wetenskap is, sê Hoernlé (1937:221): "our science and their magic: both are

attempts to control the environment, natural and human, in the interests of the practitioner and the community."

Evans-Pritchard het 'n omvangryke studie oor towery by die Zande in 1937 die lig laat sien en daardeur in 'n groot mate ná Tylor en Frazer vir die hedendaagse volkekundiges die grondgedagtes gelê oor "Witchcraft, oracles and magic." Hierdie omvangryke studie gaan in op talle besonderhede oor die towery gebruike in die Nilotiese Sudan, wat in meer as een opsig vreemd voorkom in vergelyking met die Suidelike Bantoe. Dit is net jammer dat Evans-Pritchard nie probeer het om die inhoud van sy studie meer te sistematiseer nie. So bestaan bv. die hele Hoofstuk van 50 bladsye oor "Magic and Magicians" uit ongesistematiseerde mededelings in XIX afdelings, sonder om die towergeloof behoorlik te ontleed.

Dit blyk (a.w. p. 150) dat Evans-Pritchard meeste van sy inligting van 'n jong seun Kamanga (foto p. 150) gekry het wat as tolk moes dien en nie die vertrouwe van "witch doctors" gehad het nie. "I could have observed directly only by becoming myself a witch-doctor, and while this would have been possible among the Azande, I doubt whether it would have proved advantageous." Hierdie bewering is natuurlik nie juis nie aangesien dit nie nodig is om een te word alvorens hul vertrouwe gewen kan word nie. Vervolgens sê hy: "The course of inquiry which immediately suggested itself was to try to win the goodwill of one or two practitioners and to persuade them to divulge their secrets in strict confidence. This I attempted and made some headway in my inquiries before it became evident that I was not likely to proceed very far . . . my informants were reticent about their principal secrets . . . so I dropped inquiry into this part of Zande life altogether for several months." (p. 151).

Die oplossing wat Evans-Pritchard toe gekry het was met betrekking tot sy jong bediende: "my personal servant, Kamanga, was initiated into the corporation and became a practising witch-doctor. He gave me full accounts . . . of his career . . ." Maar hy twyfel dan self (a.w. p. 151) oor die doeltreffendheid van hierdie metode omdat: "Kamanga could be trusted to tell me everything he had learnt in the course of his tuition, but I felt sure that while he would be told much more than I would obtain from my own inquiries, part of his training would be cut out by his teacher since we acted straightforwardly in telling him that his pupil would pass on all information to me." Vir plant-farmakologiese navorsing sou die ondersoek onder die Zande van veel waarde kon gewees het indien Evans-Pritchard die moeite gedoen het om sistematies die plante aan te teken wat daar gebruik word as "medicine". Maar hy sê (1937:433): "When I walked through the bush with Azande, they would often point out to me trees and plants with magical uses. . . . A full description of even the few medicines of which I have records is out of the question. If it were possible to collect every medicine known to each individual Zande they would probably number several thousands." Hy gaan in hierdie trant voort sonder om enige noemenswaardige

wetenskaplike bydrae te maak tot hierdie belangrike afdeling van die towerpraktyk, en dan maak hy (p. 481) 'n betreuenswaardige uitlating wat nie van wetenskaplike navorsing getuig nie: "Even if the therapeutic value of Zande drugs were established empirically by repeated observations of this kind, a doctor would need the assistance of a chemist, and experimental physiologist, even if he could dispense with a botanist to discover how and why the drugs obtained their results. Knowing nothing at all of pathology, physiology, botany, and chemistry, I soon tired of the fruitless labour of collecting the names of innumerable diseases and medicinal plants, few of which I could render either into the English language or into scientific terminology and which remained therefore useless and unintelligible." Bogenoemde aanhalings bring ons by die kern van volkekundige navorsing, nl. dat die ondersoeker met toewyding en geduld moet waarneem en aanteken. Die gegewens wat oënskynlik soms kinderagtig of sinneloos mag voorkom, openbaar juis so dikwels die sleutel tot die gedagtegang van die onderhawige kultuurgroep of onderwerp wat bestudeer word.

'n Studie wat min rekening hou met die ander volkekundige beskouinge en wat tog daarin slaag om op 'n besondere wyse lig te werp op hierdie studieveld is die werk van Pater Pl. Tempels (1946) waarin hy die lewenshouding van die Bantoe probeer analiseer. Dan sê hy bv. (a.w. p. 21) "Wat wij "magie" noemen, is voor hen niets anders dan het aanwenden van de natuurkrachten, die door God ten dienste van die menschen werden gesteld tot versterking van hun levenskracht." Die "Bantoe-filosofie" van Tempels word uitvoeriger in Hoofstuk XI behandel.

Wat hier van belang is, is Tempels se siening in teenstelling met Malinowski waar hy bv. sê (1946:52): "De Zwarten kennen experimenteel kruiden en bladeren die stoppend, purgeerend, of ontsmettend werken. Zij zullen er uit besluiten: dit blad, deze wortel is die of die kracht die kracht zal werken door wezensinvloed. . . ." Die Bantoe se wesensleer word duidelik deur Tempels (a.w. 43) uiteengesit waar hy duidelik wys hoedat hulle bewus is van natuurkragte wat hulle omring. "Hij wordt dagelijks de verborgen krachten van planten en kruiden gewaar." Die Bantoe ondervind ook dat plante en middele nie altyd dieselfde uitwerking het nie, en daarom redeneer hulle dat 'n krag kan "weggaan" of "afkoel" of "vertrap" word. Redfield (1953:61) sluit by hierdie gedagte aan as hy sê dat feitlik elke aspek van die natuur "was thought to have its indwelling, awe-compelling force." Tempels wys dan ook wat die nganga betref (a.w. 49) dat "de man een dieper inzicht heeft in de konkrete natuurkrachten en in hun onderlinge inwerkingen, en die kracht heeft voor bepaalde gevallen de krachten te kiezen en ze te doen inwerken." Maar hy moet onder die "levensinvloed" kom van 'n afgestorwe voorouer. Dan kom Tempels ook tot die belangrike gevolgtrekking (a.w. 50) dat: "Volgens de Bantu zijn de betrekkingen, de levensinvloeden van afgestorvenen op levenden dagelijksche gebeurtenissen" en moet dit nie as "buitennatuurlijk" bestempel word nie, maar volgens die Bantoeffilosofie gesien word as "natuurlijk, als de gewone gang in hun krachtenwêreld."

Ackerknecht (1942) benadruk die feit dat primitiewe medisyne nie maar net 'n snaakse versameling van bygelowe is nie, maar hy sê: "What counts are not the forms but the place medicine occupies in the life of a tribe or people, the spirit which pervades its practice, the way in which it merges with other traits..." Hy sê dit is van baie groot belang vanweë die "medical pattern which they build up and which is conditioned fundamentally by their cultural pattern." Hy gaan dan ook verder om te wys op die graad van integrasie van die verskillende elemente van medisyne as deel van 'n groter geheel en van die medisyne as deel van 'n kulturele patroon. Ackerknecht (1942) beweer dat primitiewe medisyne dikwels suksesse behaal vanweë die objektiewe faktore soos wassing, bloedlating, snykunde, inenting bv. teen slangbyt, asook 'n uitgebreide farmakopee waarby verdoingsmiddele, digitalis en talle ander nuttige middele ingesluit is.

Caudill sê hieromtrent (1953:773): "A further reason for the success of primitive medicine lies in its psychotherapeutic qualities. These may be used to heal ... and to destroy."

Bidney (1953 herdruk 1964:156) het 'n stap verder gegaan as sy voorgangers deur in sy hoofstuk oor wat hy "Meta-anthropology" noem, te probeer vasstel in hoeverre die natuurmense se denke metafisies is. Hy sê "Metaphysical thought is held to be a stage intermediate between primitive, animistic, theological thought on the one hand, and positive, empirical, scientific thought, on the other." Vervolgens wys hy hoedat hierdie metafisiese denke net soos die animistiese denke onsigbare entiteite aanvaar, maar eg. is meer krities en dat dit logiese kategorieë formuleer. Kulturele vordering word dan gemeet volgens die mate waarin metafisiese denke 'n afname toon teenoor wetenskaplike empiriese denke. Nadat hy na manne soos Durkheim, Lévy-Bruhl en Malinowski verwys het, sê hy dan a.w. p. 161 dat die belangrike punt nie is om vas te stel of die inboorling kultuur elemente van empiriese en rasonale kennis het nie, "but whether the native clearly differentiates between this type of evidence and non-empirical irrational thought." Hy wys daarop dat die natuurmense sowel as die landelike gemeenskap (peasant folk) in hul onkritiese pragmatiese denke, onverskillig staan teenoor wetenskaplike metodeleer (a.w. 165). Om hierdie rede maak die natuurmense dan ook nie 'n duidelike onderskeiding tussen die natuurlike en die bo-natuurlike nie. (Vgl. a.w. 166).

Bidney wys op 'n belangrike gedagterigting as hy sê (1953 herdruk 1964:167) dat daar 'n sterk neiging is onder volkekundiges asook sielkundiges en sosioloë om te aanvaar dat "native ideology ... are to be understood primarily from a socio-functional perspective." Met ander woorde, die denkrigting vorm deel van die sosiale patroon om te voorsien in maatskaplike behoeftes. 'n Verdere bespreking van hierdie belangrike gesigspunt in verband met die denke van natuurvolkere sal gaandeweg in hierdie studie toegelig en bespreek word in die slothoofstuk.

Kroeber (1948:309) verwys na magie deur o.a. te sê: "it is plain that the explanation of magic as a function of a constant and imperative need, universally intrinsic to the human psyche, pretty much falls to pieces." Wat hy graag wou probeer vasstel was waar die "feeling for religion" vandaan kom (1948:66). Hy sê dan dat met toetse wat uitgevoer is, sjimpansees geskrik het vir 'n miniatuur donkie-agtige pop wat Koehler gemaak het. Daardeur sou hulle dan getoon het dat: "The relation to religion of this reaction of the chimpanzees lies in their manifesting something like the awe that is regarded as an important or essential ingredient of what we call the religious feeling: the religious thrill. Also, the kind of object that arouses the awelike feeling in chimpanzees has a certain quality of resemblances to the basic concepts of religion." Nadat Kroeber sulke onsin verkondig het, kom hy eindelijk tot die slotsom dat die mens in die samelewing nie té swaar moet kry of te gemaklik lewe nie en, sê hy dan (1948: 604): "The optimum condition for religion and magic would be a middle one, in which the total environmental and social situation gave people some uneasiness but not too much."

Hoebel (1949:405) het beter besef hoe diep die religieuse gevoel in die mens gewortel is en hoe onbevredigend baie van die beskouinge van Frazer, Malinowski en anders was en dan sê hy (1949:405): "Of all the manifestations of man's social life none is so elusive of definition as religion." Hy meen dat animisme en mana die "raw materials" is van supra-naturalisme maar dat daar 'n wisselwerking moet wees tussen hulle en die mens. "They act on man and man acts on them." (a.w. 405). Hoebel beskou gebed en magie as die twee basiese tegnieke waarmee die mens optree teenoor die bonatuurlike (a.w. 412). Deur eg. probeer die mens 'n geestelike verbinding (spiritual rapport) te kry deur homself ondergeskik te stel teenoor die "animistiese wesens". Magie noem Hoebel dan 'n tegniek van uiterlike dwang (external compulsion) oor die bo-natuurlike magte, animisme en mana (a.w. 412). Hoewel hy magie in sommige opsigte as 'n pseudo-wetenskap beskou (a.w. 410) meen hy tog dat 'n noukeuriger definieering sal wees om magie "a social technique" te noem, wat gebaseer word op "autistic thinking - imaginative fantasy as a means of wish fulfilment." Ook maak hy die belangrike bewering dat die natuurmens nie die moeite doen om te onderskei tussen die ideologiese verskil tussen magie en religie nie. Hy vermeng hulle na goeie doele om sy doel te bereik (a.w. 410), maar weet al die tyd dat daar sekere taboes is waaraan hy moet voldoen (a.w. 411). Die funksie van taboe is hoofsaaklik sielkundig en spruit voort volgens Hoebel uit die mens se vrees om met magte te werk wat hy nie heeltemal verstaan nie. Dit is ook gekoppel aan agting vir die bonatuurlike: "In as much as supernatural power always involves tabu, no man can ever take his possession of power wholly for granted." (a.w. 411). Hierdie is 'n insiggewende opmerking, want dit verklaar ook ten dele vir ons waarom alle Tswana-dingaka so nou skakel met die bonatuurlike in hulle behandeling, wat voortdurend saamhang met meila (taboes). Daarom is Hoebel ook reg wat die Tswana betref as hy sê (a.w. 412): "Violation of tabu not only nullifies the positive power of medicine, it brings

certain disaster as a consequence."

Die voortbestaan van magiese gebruike selfs onder die meer ontwikkelde volkere, meen Radin, (1953:149) is behalwe sielkundige redes ook as gevolg van "its usefulness in certain types of economic exploitations." Met ander woorde hy wil ook 'n ekonomiese oorsaak sien vir die voortbestaan van magiese gebruike. Waarskynlik is Beals and Hoijer nader aan die waarheid (1953 herdruk 1966:567) wanneer hul beweer dat towery ontstaan het en bly voortbestaan as gevolg van die mens se betreklike magteloosheid in die lewensstryd. Volgens a.w. p. 495 is towery nie 'n voorstadium van die wetenskap nie, omdat wetenskap gebou word op die metafisiese kennis. Des nie te min: "magic, in many ways fulfills both the psychological functions of religion and the practical functions of science." (a.w. 496). Aan mense wat min weet en verstaan van die heelal is die geloof in towery gerusstellend want: "despite failures, magic affords the hope that if the proper manipulations are made and the appropriate formulae recited, the universe may become more predictable and knowable and eventually both understood and controlled." (a.w. 496).

Hoewel Beals and Hoijer daarop wys dat "no sharp division can be drawn between magic and religion" (a.w. 590) doen hul tog die moeite om die funksie van die twee in die kultuur-sosiologiese verband duidelik uiteen te sit. So wys hul bv. wat die terrein is waar die religie 'n rol speel deur te sê dat ten spyte van die mens se kennis en tegnieke, daar daagliks mislukkings plaasvind wat onverklaarbaar en onvoorspelbaar is en daarom ook misterieus. Gevolglik ontwikkel elke gemeenskap sekere gedragspatrone wat moet dien as bolwerk teen die onverwagte; en wat meer is: "better to control man's relationships to the universe in which he lives. It is this area of culture that we shall call religion." (a.w. 567). Hulle waarsku egter daarteen dat die godsdien, net soos die ander kultuurpatrone nie geskei mag word van "the total cultural matrix" nie, want die religieuse gedragspatrone is onafskeidbaar ingewef in die tegnologie en maatskaplike organisasie (a.w. 568).

Voortvloeiende uit bogenoemde word die argument dan uitgebou dat die mens deur die religie die heelal probeer beheer deur middel van magie, gebed, offerande en talle rituele handeling (a.w. 569). Dit geskied omdat die mens 'n voorveronderstelling het (presupposes) dat daar 'n hele wêreld van bonatuurlike wesens is, wat aan die mens verwant is en in hom belangstel. Hierdie wesens word geeste, duiwels, en godhede genoem, en dan is daar die "magicians or sorcerors" wat dien as media tussen die menslike samelewing en die bonatuurlike wêreld.

Die studie van towery in die Volkekunde het slegs in uitsonderlike gevalle gelei tot 'n deeglike ondersoek in verband met die "toordokters" self. Nida is een van die min waarnemers wat bv. sou sê (1954:161): "It is too often assumed that witch doctors are all fakes and that they know

it..... for the most part these men give every evidence of being sincere, even though their activities may be highly "irrational". Hy meen dan ook dat die "toordokter" wat in psigo-somatiese krankhede spesialiseer nogal 'n hoë persentasie van welslae bereik met sy behandeling (1954:161). Hy sê ook elders (a.w. p. 293): "It is unquestionably true that from a medical standpoint much of primitive medicine has high psychotherapeutic value." Keesing het ook in sy ontleding van towery (1958:334) tot meegaande slotsom gekom: "Recent discussions of magic have emphasized its strongly therapeutic function, as being a cathartic or tension-relieving in relation to group and individual. In a world beset with imponderables, not only in knowledge, but in human relationships, it tends to give very direct and automatic release to the emotions." In onderskeiding van die wetenskap wat berus op die kenbare, beweeg towery volgens Keesing (a.w. 322): "within what is defined in the cultural as the supernatural." Daarom sê hy word die magie deur baie moderne volkekundiges nie meer as 'n "primitive science" erken nie. Keesing kom egter nie uit by die aller belangrikste punt nie, naamlik om aan te dui dat vir die natuurmens 'n sekere opvatting as "waar" en "natuurlik" geld, wat Keesing en andere as "supernatural" sal beskou.

Gelfand (1962:106) het meer nog as meeste van sy voorgangers in Afrika probeer vasstel wat die funksie van die nganga in die Bantoesamelewing is soos gesien vanuit die Shona oogpunt, en dan kom hy tot die volgende slotsom: "The diviner is the intermediary or medium between the patient and his family and the spirit world. Through the nganga the different spirits causing disease can be discovered because he himself is endowed with a supernatural spirit with healing propensities passed on to him by a dead relative who was a nganga." Hierdie belangrike funksie van die ngaka geld ook vir die Tswana-situasie, soos duidelik aan die lig kom uit meegaande tekste, naamlik dat hy die skakel is tussen die nog lewendes op aarde en hulle afgestorwe voorgeslagte.

Onwillekeurig konsentreer feitlik elke volkekundige skrywer op die "witchcraft" element in die magie vanweë die geweldige uitwerking wat die geloof in toordery op die samelewing het. So het Keesing dit ook samevattend gestel (1958:333): "Magic can be either beneficent ("good" or "white") or malevolent ("evil" or "black"). The latter as Evans-Pritchard points out (1937) may emphasize personalized spirit entities as with the familiars of witchcraft, or action influences, as in sorcery.

Ottenberg (1960:407) vestig die aandag daarop dat gevalle van toordery (witchcraft) betrekking het op persone wat in botsende sosiale rolle of in 'n staat van spanning teenoor mekaar te staan gekom het, soos bv. die vroue van een man, of ouer en jonger broers. "Witchcraft accusations thus act as a releasing mechanism for tensions inherent in the system of social relations." Hierteenoor het Nadel reeds vroeër gewys (1952) dat die geloof in toordery 'n samelewing

wel in staat stel om te funksioneer maar met voortdurende botsings wat daaruit voortvloei. Die beskuldigings lei wel die spannings af maar laat wanverhoudings voortwoeker.

Bohanan probeer dan (1963:347) om die twee afdelings van "swart" of negatiewe magie as volg te definieer: "In the case of witchcraft, any act that takes place is only a psychic act. It is obvious, then, that witchcraft is a system of thought for interpreting misfortune by assigning (by tradition) psychic acts of human beings as the cause of misfortune. Sorcery, on the other hand is performed. It is a system of magic for bringing about the destruction of another person." Gluckman, M. (1955 in Jennings en Hoebel 1966) skryf in verband met die logika van die Afrika-volkere en hul towery-praktyke, en wys daarop hoedat hulle in verskillende rigtings soek na bonatuurlike hulp. So het hulle dan dikwels vir hulle verlaat op hul geloof in magie, en toordery. Teenspoed het hulle dan ook toegeskryf aan die bese natuur van hulle medemens, aan toornaars en besweerders; en hulle het hul probeer beveg deur magie (a.w. p. 142). Gluckman maak vervolgens die nuttige onderskeiding dat elke terugslag verantwoord moet word deur 'n "hoe" en deur 'n "waarom". Die wetenskap kan bv. nie die antwoord verstrek waarom die olifant op 'n sekere persoon getrap het en nie op iemand anders nie. Die Westerling sê dit is "toeval" of "voorbeskik" of "goddelike wil": "The African says it is due to witchcraft. The belief in witchcraft which explains the particularity of phenomena thus does not contradict science: indeed it embraces science" (a.w. 142). Om hierdie opvatting van die inboorling van Afrika vollediger te ontleed wys Gluckman dan daarop (a.w. 248) dat die denke van die inboorling vanaf sy kinderdae deurweef word met magiese en mistiese idees. Aangesien towery en toordery belewe word, word daar nie deur die Bantoe oor geredeneer nie, maar word sy daaglikse lewe bepaal deur hierdie gelowe "till at every turn he is confronted by the threat of witchcraft and meets it with divination and magic" (a.w. 248). Hy wys daarop dat die oomblik wat 'n terugslag die Bantoe tref, dan dink hy dat hy getoor is (a.w. 249).

As hy "witchcraft" van "sorcery" onderskei dan sê Gluckman van laasgenoemde: "Sorcery (is) the deliberate use of evil magic"; Of hy sê ook dit is die gebruik van magiese bestanddele vir "anti-sosiale" doeleindes (a.w. 248). "Witchcraft" weer sê hy is: "causing ill by inherited evil power plus malice" (a.w. 252).

Hoe heg die geloof in toordery is by die inboorling, word benadruk deur Nida en Smalley (1959:41) wat daarop wys dat as hulle eers glo "that they are doomed by witchcraft or sorcery" dan word hulle werklik doodbang en kwyn selfs totdat hulle doodgaan: "Since they cannot rid themselves of the sickening fear of death, they die."

In opvolging van sy groot werk oor die Azande, in 1937, het Evans-Pritchard weer onlangs (1965) 'n oorsig gegee

van die huidige volkekundige opvattinge oor towery en religie in die samelewing van die natuurvolkere. Hy voel dat die baie teorieë wat al aangebied is, onbevredigend is en dat hulle maar net "common-sense guesses" is waarvan hy sê "which for the most part miss the mark" (a.w. 120). Hy wys daarop dat religieuse werklikhede gesien moet word teen die agtergrond van die hele kultuur en die samelewing waar dit voorkom. Elke onderdeel het alleen sin in die breëre samehang (a.w. 112). Hy konkludeer dan ook dat religie nie 'n produk van vrees is nie maar 'n gerusstelling daarteen. In laaste instansie is dit die produk van 'n instinktiewe drang, "a vital impulse" wat, saam met die intelligensie die mens se voortbestaan versker asook sy uitstygting tot groter hoogtes. Hy haal dan ook vir Bergson aan wat gesê het dit is "a defensive reaction of nature against the dissolvent power of intelligence" (1953:122). Hiervan maak Evans-Pritchard dan ook sy afleiding en sê: daarom was daar ook nog nie 'n volk wat sonder 'n godsdienst kan bestaan nie (1965:116).

Evans-Pritchard is een van die min volkekundiges tot wie die besef deurgedring het dat daar meer in die religie is as wat uiterlik waargeneem kan word (a.w. 121) en om dit te bewys haal hy self dan vir Schmidt aan (1931:6) waar hy sê: "If religion is essentially of the inner life, it follows that it can be truly grasped only from within. But beyond a doubt this can be better done by one in whose inward consciousness an experience of religion plays a part. There is but too much danger that the other (the non believer) will talk of religion as a blind man might of colours, or one totally devoid of ear, of a beautiful musical composition."

Murdock verklaar (1965:52): "Magical therapy really works." Hy sê dit word bewys deur talle gevalle en deur die universiële bevestigde voorkoms daarvan. Oor die vraag: Hoë towery werk, sê hy is dit nie meer 'n geheim of misterie nie, want dit is dieselfde beginsel wat werk by geloofsgenesing en ook by sekere hoogsaaangeskrewe vorme van psigoterapie.

Nida (1968:8) gaan weer 'n stap verder as hy verklaar: "Man must have ultimates which go beyond self and it is in these highest "supernatural" sanctions for life that man finds validity in religious expression." En so sê hy is die religie dan nie slegs een van die basiese drange (drives) nie maar 'n noodsaaklike deel van al die basiese drange, "for in religion man seeks the highest and longest lasting good for the totality of existence."

In die geval van die Bantoe, is die voorvaderverering 'n baie belangrike deel van hul religieuse lewe. Daarom ook kan de Villiers (1968:60) met reg sê dat die Bantoe glo dat die geeste van die gestorwe voorvaders terdeë belangstel in hul nog lewende nakomelinge se doen en late; en dat hulle in staat is om die lotgevalle van hul nakomelinge ten goede of ten kwade te beïnvloed. Hulle geaardheid, leefwyse en behoeftes, verskil dan ook nie wesenlik van dié in hierdie lewe nie.

Coertze (1968:81) gaan selfs sover as om te verklaar, en met 'n groot mate van reg ook, dat: "... die geloof in die invloed wat voorvadergeeste op hulle nasate het, en die geloof in die werking van towerkrag, net so 'n wesentlike kenmerk van die geloofslewe as die aanhang van die Christelike godsdiens, is."

4. Die wese van towery

In die lig van die voorafgaande historiese oorsig kan ons dus konkludeer: Towery of onpersoonlike supernaturalisme is die geloof in die bestaan van onpersoonlike bonatuurlike krag of kragte, wat ook towerkrag genoem word. Hierdie krag het geen eie wil nie en tree ook nie vanself in werking nie; maar dit is beheerbaar deur towerybeoefenaars wat daartoe toegerus is om dit tot voordeel of tot nadeel van hul medemense aan te wend. (Vgl. ook de Villiers in Cronje 1968:61). Die towerkrag setel volgens die Bantoe opvatting, in 'n groot verskeidenheid van vorme in vaste stowwe, plante, insekte, voëls, diere en mense; en deur die kundige aanwending van daardie krag deur bevoegde en opgeleide individue kan die samelewing bevoordeel of ook benadeel word. Sekere persone is ook in die besonder "geroep deur voorouergeeste en vervolgens geestelik daarop ingestel en toegerus om die onpersoonlike bonatuurlike kragte te gebruik, o.a. ook deur die gebruik van sekere woorde, spreuke, gebare (vgl. ook Coertze 1959 herdruk 1961: 188).

Hierdie siening van die natuurmense en ook die Suid-Afrikaanse Bantoe in die besonder berus op die algemeen-menslike religieuse opvatting soos saamgevat deur Hanekom (1965: 31) waar hy sê dat die godsdiens te doen het met die verskynsels wat in verband staan met die supernaturalistiese denke van die mens. Elke mens is naamlik daarvan bewus dat daar 'n hele wêreld van onsienlike dinge of die bonatuurlike is, behalwe die sigbaar-waarneembare. Die mens gevoel hom afhanklik en probeer om in harmonie met die onsienlike werklikheid te lewe.

By feitlik alle definisies van die godsdiens en towery word die woorde "bonatuurlik" en "supernaturalisme" gebruik. Wat interessant is, is dat daar nie dergelike woorde in die Bantoe-tale in gebruik is nie, maar dat dit 'n kenmerkende betiteling is wat deur die volkekundiges daaraan gegee word. In die meegaande waarneming oor die Tswana, veral ook met die woordelike weergawe van hul beskouinge sal dit dan blyk hoedat die sogenaamde supernaturalistiese vir die ngaka deel uitmaak van die alledaagse werklikhede. Trouens vir hom is dit net so werklik as bv. die onsigbare elektrisiteit vir die volkekundige. Met ander woorde vir hom is alles "natuurlik" in die sin dat alles bestaan en 'n werklikheid is en dat die sigbare dinge soos kwartsiet en sekere bome en plante en diere "gelaai" is met hul kenmerkende maar onsigbare "krag". Vir hom is 'n gees net so "natuurlik" of deel van die werklikheid as 'n boom, want ook die voorvadergees kan "sigbaar" word en in 'n verskyning praat en werkzaam homself laat geld.

Serfontein (1959:1) verwys na 'n belangrike bewering van Radcliffe-Brown (1952:129): "For primitive man the universe as a whole is a moral or social order governed by ritual law. There are innumerable ways in which natives have built up a system of relations" om die wêreld te beheer. Dan sê Serfontein: "In die lig van hierdie verklaring moet ook die sogenaamde "medisynepraktyke" van die Bantoesien word. Dan sal ook begryp word waarom "medisyne" nie net gebruik word om siektes en kwale te genees nie maar ook om sukses op landboukundige, sosiale en staatkundige gebied te bewerkstellig" (a.w. 1). Bidney (1953 herdruk 1964:283) waar hy supernaturalisme bespreek in verband met "natuurlike en kulturele geskiedenis" verwys na die teëstelling wat Kroeber maak tussen die "natuurlike" en "supernaturalistiese". Dan sê Bidney:"theological supernaturalism must be avoided at all costs." Nietemin is hy ook daarvan bewus dat die natuurlike vir die inboorling nie van die bonatuurlike geskei kan word nie, as hy bv. sê (a.w. 165): "This does not mean that they (the natives) distinguish clearly between the sphere of the natural and that of the supernatural, since gods and spirits are just as much a part of the order of "nature" as are men and animals." Die moderne etnografie het genoeg bewyse dat "the sacred as well as the secular traditions are equally credible to the native mind...." Daarom praat Bidney graag ook hier, van "pre-scientific" denke. Nida maak dieselfde toepassing (1968:31) in verband met religie in omvattende sin as hy sê: "Religion is far more than adjustment to the world; it is also power over the world." de Villiers en Coertze (1959 herdruk 1961:180) wys tereg daarop dat aangesien die mens 'n geesteswese is en in sy gees verbintenis het met die nie-tyd-ruimtelike en met die ongesiene wêreld, daarom het die mens op die geestesvlak ook ervarings. "As geesteswese is en was die mens bewus van die bestaan van die Algeestelike. Hy het nie alleen die bestaan daarvan aan gevoel nie maar ook die werking sowel as sy afhanklikheid daarvan ervaar." Maar die ervarings op die nie-fisiese vlak bly vir die mens 'n onbekende wêreld, maar desnietemin bly die ongesiene wêreld 'n werklikheid. Gevolglik wil die mens graag in die regte verhouding wees tot die onsigbare kragte. Soos de Villiers en Coertze dit stel (a.w. 181) lê die grondslag vir die religie dus nie in nuttigheidsoorweginge nie maar omdat die mens leef in 'n geestesomgewing. Om hom daarby aan te pas maak die mens dan vir homself 'n voorstelling van die onsigbare wêreld en die kragte wat daarin werksaam is.

Die Christen glo in 'n besondere openbaring van die Opperwese, in die persoon van Christus en aanname tot kinders van God. In dié opsig is die Christelike godsdiens te onderskei van alle ander godsdienste. Die verskillende vorme van godsdiens kan in twee hoof kategorieë verdeel word, naamlik (1) die geloof in persoonlike kragte; en (2) in onpersoonlike kragte wat manupuleerbaar is. Laasgenoemde het meer betrekking op die towergelowe. (Vgl. Coertze 1959 herdruk 1961:182).

5. Tswana-beskouinge oor die bonatuurlike

Om dan nou oor te gaan tot 'n noukeurige ondersoek van towery by die Tswana, dien daarop gelet te word, dat in die magiese gebruik wat in die volkekunde as onpersoonlike supernaturalisme bestempel sou word, die ngaka of towery-beoefenaar baie selde daarvan gebruik maak sonder dat hy terselfdertyd voortdurend erkentlik staan, en dit ook van tyd tot tyd betuig teenoor die persoonlike supernaturalisme en wel in dié sin dat hy tot sy afgestorwe voorouers bid of 'n offerande bring, of dat hy, Modimo, die opperwese se naam noem. Die besonderhede van dié beskouing ontvou gaandeweg in die verloop van hierdie studie en word dus nie hier uitvoerig bespreek nie. Dit is dan in die lig van bg. noue verwantskap tussen religie en magie dat die twee begrippe gesien moet word:

(a) Persoonlike supernaturalisme

Die volkere van Afrika, en in die besonder: die Bantoe, waaronder ook die Tswana, glo feitlik sonder uitsondering in 'n Skepper God (Modimo) wat nog die finale beheer en seggingskap het oor sy skeppingswerk. So sê Gluckman bv. (1963:140): "African tribes . . . had, mostly, some idea of a High-God to answer ultimate questions of creation and fate. After creating the world, say many tribes, He withdrew himself from direct interest in the affairs of men. He is immanent in the world, but no man knows Him now." Dit is nooit nodig om 'n Motswana te oortuig van 'n Godheid nie, want hy weet dit. (Vgl. Reyneke 1945:25-40 vir besonderhede). God is egter dikwels in hiërargiese lyn vir die Motswana op die agtergrond volgens Tswana gesagsstruktuur omdat volgens volksgebruik 'n beroep of appél gewoonlik in opeenvolging van senioriteit moet geskied, en 'n behoefte aan jou afgestorwe vader genoem word wat dit hoërop sal oordra. (Vgl. Coertze 1968:330) vir 'n duidelike uiteensetting van die gesagsstruktuur by die Bafokeng). Juis om hierdie rede tree voorouerverering so sterk navore selfs in gevalle waar die Christendom reeds aanvaar is (vgl. Pauw 1960, Shropshire 1938, Sundkler 1948 e.a.). Dit sal in die onderhawige studie telkemale blyk waar die ngaka self aan die woord is oor sy metodes van optrede dat geen gewigtige beskouing losstaan van die Persoonlike Supernaturalisme nie.

(b) Onpersoonlike supernaturalisme

Dit word feitlik algemeen aanvaar dat daar kragte is wat kan inwerk op mekaar en wat beheerbaar is deur kundige aanwending. Hierdie onpersoonlike supernaturalisme berus op die geloof dat daar "bonatuurlike" kragte is wat self willoos is maar wat aangewend kan word deur persone wat beskik oor die nodige vaardigheid en kennis om dit te gebruik (vgl. Coertze 1959 herdruk 1961:188). "Sodanige krag wat in die gewone omgang as "towerkrag" . . . bekend staan word deur die meeste volkekundiges as 'mana' aangedui. . . . Hoewel iedereen met die nodige kennis en vaardigheid die onpersoonlike bonatuurlike

krag vir bepaalde doeleindes kan aanwend, word daar onder alle volke sekere persone aangetref wat daardie kennis en vaardigheid en selfs ook die krag self in besondere mate besit en gevolglik as towerkunstenaars beskou word. Hulle bedien hulle by die beoefening van die kuns van bepaalde middels wat soms gesamentlik aangewend word soos bv. waar 'n waar-sêer by die Suidelike Bantoe sy "dolosse" gooi nadat hy hulle met sekere "medisynes" behandel het en sekere formules oor hulle uitgespreek het."

Soos Hanekom (1965:33) tereg daarop wys met betrekking tot die Mamabolostam geld dit ook vir die Tswana dat die betrokke kragte nie met dienshandelinge en offerandes gunstig gestem word nie, maar deur kundige hantering soos 'n instrument. So kan dit ook vergelyk word met die meng en benutting van preparate in 'n skeikunde-laboratorium. "Die aanwending van die krag se vermoëns hang nie af van 'n eie wil nie, maar van 'n beproefde tegniek wat toegepas word deur die persoon wat die krag hanteer." - sê Hanekom (a.w. 33). Maar die Tswana ngaka sê dikwels: fa Modimo o rata (as God wil), wat impliseer dat daar die Persoonlike supernaturalistiese Krag is wat oor alles die finale seggenskap behou. Met ander woorde die Motswana ngaka kan hom nooit op die magie alleen verlaat nie, maar moet dit altyd in die religieuse verband sien. Daarom sê de Villiers en Coertze ook tereg (in Coertze 1959 herdruk 1961:183): "Dit sal die veiligste wees om die twee voorstelingswyses van die bonatuurlike eerder as twee pole van dieselfde verskynsel dan as twee radikaal verskillende soorte bonatuurlikhede te sien. In hul uiterste gedaante verskil hul wel deeglik van mekaar maar daar is 'n tussenveld waar hulle mekaar soms oorvleuel en waar 'n mens nie altyd seker is tot welke van die twee 'n bepaalde handeling met betrekking tot 'n bonatuurlike krag behoort nie." Die ineenstrengeling van die twee komponente van Supernaturalisme kan telkens baie duidelik gesien word by die Tswana waar die ngaka dolosgooi en die valwyse sien as die boodskap van sy voorouergeeste wat vir hom voorskryf wat die oorsaak van die betrokke siekte is wat hy ondersoek en ook watter plant hy moet voeg in sy preparaat vir die behandeling. Terselfdertyd is nie een van die twee elemente vir die ngaka "supranaturalisties" nie, maar "dood-natuurlik"! Sien die hieropvolgende uiteensetting van die Tswana bongaka.

(i) Goedgesinde towery (bongaka)

Meeste van die hedendaagse volkekundiges onderskei tussen die sogenaamde "wit" of goedgesinde magie en "swart" of kwaadwillige towerkuns. Wat tot voordeel vir die een kan wees, is dikwels tot nadeel vir die ander, en derhalwe meen persone soos Herskovits (1949) dat die natuurvolkere nie so 'n duidelike onderskeiding maak nie.

Die kwaadwillige towerkuns (of boloi onder die Tswana) sal hierna nog uitvoerig behandel word maar hier let ons net op 'n definisie wat Malinowski daarvan gee as hy sê (1945:96): "(Witchcraft) is a translation of destiny and of

personal mishap into terms of manageable human malice. It is thus a theory constructed 'post hoc' to account for ill luck, disease, and death. It is an agency in which the initiative, the ill will, and the active procedure are imputed to definite human beings. The diagnosis is given sometimes by direct revelation, dreams, visions, but usually by diviners. The witch is accused, tried, made to undo the harm, or counter-magic may be employed."

Gelfand (1964, p. 11) gee 'n baie simpatieke beskrywing van die "toordokter" in Rhodesië as hy sê: "The Shona name for their 'doctors' is nganga. Unfortunately, the European has never found an adequate translation for this word and has loosely described (them) as 'witch doctors' . . . this term implies that the nganga is a witch, when one of his functions is to eradicate witchcraft. But this is only one of his duties. The Shona word nganga is broad enough to include his other functions. . . .: herbalist, diviner, specialist. . . ."

Gelfand het met persoonlike vriendskap as geneesheer die nganga's gaan opsoek om uit te vind hoe hulle optree as "dokters" en wat hulle dink, en dan kom hy tot die slotsom (1964:24): "It is strange that the nganga who figures so prominently in every description of the indigenous people of Africa, who, furthermore, is one of the few Africans to have achieved professional status in his natural environment, should be misrepresented so often . . . outside (Africa) his name is synonymous with a strange frightening, unscrupulous and dangerous person whose magic is feared by all. The real figure is neither as strange nor as romantic as the mythical one." Hy wys dan daarop hoedat in sy eie gemeenskap die nganga 'n geëerde persoon is wat net soos enige ander lid van die samelewing leef.

Gelfand wys daarop hoedat die nganga se mediese praktyk gedeeltelik van 'n geestelike en dan ook van 'n homeopatiëse aard is. Sy pasiënte se besondere geloof in hom en in sy "medisynes" is so sterk, dat hulle selfs glo in die uitwerking daarvan oor 'n aansienlike distansie. Maar die nganga self skryf sy vermoë toe aan 'n afgestorwe familiebetrekking met wie hy in voeling is: "He claims that his ability and skill are due to a special spiritual endowment. In many cases this endowment comes to him from the spirit of a dead relative who was a nganga during life. . . . On his own evidence, therefore, the nganga appears to be more of a spiritualist than a magician" (p. 28). Dat die ngaka of "toordokter" 'n hoogs gespesialiseerde professie het, soos hierbo vermeld, en soos wat die hieropvolgende hoofstukke probeer aantoon word saaklik saamgevat deur Coetzee (in Coetzee 1962 p. 138) waar hy sê: 'n Baie belangrike professie onder primitiewe volke oor die wêreld is die toordokter en waarsêer. [Byna sonder uitsondering is daar 'n opleiding aan die beroep verbonde. Dit kom voor asof twee aspekte met mekaar gepaard gaan. Die eerste vereiste skyn 'n roeping uit die geesteswêreld te wees wat op een of ander wyse bekend word en moontlik berus op 'n bepaalde psigologiese seleksie,

meesal van neurotiese of/en epileptiese aard. Sodra die roeping bevestig is, volg die onderrig deur 'n bekende persoon op die gebied (vgl. ook Beals en Hoijer 1954:589). Die onderrig sluit in sowel die seremonieel-rituele as die meer prakties professionele soos kennis van medisinale bestanddele, hantering van die divinasie voorwerpe, oëverblindery, ens." Sonder om die studie vooruit te loop, kan net hier vermeld word dat by die Tswana, daar min indien enige "neurotiese of/en epileptiese seleksie" bemerk is, 'n verskynsel wat wel by die Isangoma van die Nguni voorkom.

Waar die ngaka (toordokter) in die Kgatla- en net so in die Tswana-samelewing op feitlik elke terrein van die stam lewe sy invloed laat geld en laat deurwerk, is 'n volkekundige studie onvolledig as dit nie deurdring tot die wese van hierdie hoogsgespesialiseerde en wydvertakte "professie" nie. Feitlik elke etnologiese monografie oor die Tswana behandel as deel van die magies-religieuse lewe vlugtig die verskillende terreine van die dingaka (toordokters) se bedrywighede, maar dan berus die grootste deel van die berigging op die gegewens soos verstrekk deur die stamlede en dan gewoonlik soos oorgedra deur middel van 'n tolk. Wat heel selde indien ooit gebeur, is dat die vakman, d.w.s. die ngaka self aan die woord gestel word om in sy eie woorde 'n analitiese, gemotiveerde en gedetailleerde uiteensetting te gee van sy optrede en sy "professie". Hierdie omvattende terrein, wat dan ook 'n uitgebreide "plantfarmakologie" insluit waarby honderde plante betrokke is, asook die meer mistiese skakeling met die geesteswêreld en die daarmee gepaardgaande gemoedshouding van die ngaka self, moes dus as gespesialiseerde studieveld ondersoek word. Dit moes met geduld en kundige ondervraging ontrafel word en by wyse van oorspronklike tekste in die Tswana-dialekte soos deur die dingaka gedikteer, as 'n geordende geheel aangebied word, vergesel van 'n noukeurige vertaling met verklarende aantekeninge. Die reeds gepubliseerde gegewens waarna deurgaans verwys word, kon as leidraad dien om die hooftrekke aan te dui van 'n groot legkaart waarvan die on-eindige detail tot hiertoe onbekend was. Selfs nou nog kan weer op elke onderafdeling van so 'n studie verder nagevors word na nog meer besonderhede.

Daar moes opnuut bepaal word wat die eintlike funksie is van die ngaka in die Tswana samelewing en in die besonder by die Kgatla om vas te stel watter waarde hulle self heg aan sy dienste en in hoe verre hul lewensuitkyk daardeur beïnvloed en gevorm word. Dit was ook nodig om vas te stel in watter mate die ngaka opreg is in sy benadering en optrede en in hoe verre hy sy eie samelewing daardeur bevoordeel of benadeel deur sy dienste. Indien daar moedswillige bedrog is moet dit sover moontlik aan die lig gebring word. Daar is ook die voortdurende vraag of daar die moontlikheid bestaan van bo-natuurlike magte wat hy moontlik kan beïnvloed en ook aanwend, en of hy dan tog miskien beskik oor meerdere kennis en mag as die gewone mens.

Waar die ngaka die rol vervul van skakel tussen die badimo (afgestorwe voorouers) en hul nog lewende nageslag en hy glo dat hy as mondstuk optree van die badimo deur middel van sy ditaola (dolosse), maak hy ook daarop aanspraak dat hy met bonatuurlike gesag as raadgewer moet optree teenoor die nog lewendes. Die omvang van hierdie diens as skakel met die afgestorwenes sal dus ook bepaal moet word, en dit sal nodig wees om die plek wat die ditaola inneem en die vaste wetmatigheid waarvolgens hulle aangewend word na te gaan en te probeer vasstel watter grondliggende beginsels daarin geleë mag wees, veral ook waar hul valwyse beskou word as die spreke van die ngaka se eie voorouers en hy self aanspraak maak op die voortdurende leiding en opdragte van sy badimo.

Uit die aard van sy optrede sal ook bepaal kan word hoedat hy as "toordokter" nie 'n "torende dokter" (ngaka ya moloi) is nie, maar juis voortdurend daarop uit is om boloi (negatiewe toordery) te bekamp. Wat treffend na vore kom by so 'n ondersoek is die besondere eienskap van "krag" wat in elke pheko (kragmiddel) aanwesig is en wat die ngaka afsonderlik of in kombinasie met ander kragte aanwend om sekere gewenste resultate te bereik.

Vervolgens sal dit nodig wees om uit al die beskikbare en nuutverkreë gegewens ook 'n antwoord te soek op die vraag: Wat is die wesensaard van die Motswana, en waarom handel hy dikwels anders as wat bv. die Westerling sou handel? Daar moet grondliggende faktore of lewenshoudinge wees wat hom in sy hele wese, denke en grondhouding of wêreldbeskouing vorm en beïnvloed. Juis daarom is dit van soveel belang vir sowel die volkekundige as die sosioloog, die sendeling, die opvoedkundige of geneesheer en ook die staatsamptenaar om te weet wat die voorwerp van hul studie of bearbeiding maak tot wat hy is.

Die Bantoemens, soos trouens ook elke ander mens is deurtrek van sy volkserfenis, naamlik dit wat aan hom oorgelewer is en waarin hy opgegroeï het en wat sodoende deel geword het van sy hele lewenssamestelling. Gaandeweg het dit al duideliker geword dat die bongaka, of ngaka-praktyk die mees diepliggende en onomstootbare vormende invloed is in die lewe en denke van die Motswana en daarmee ook die Bantoemens in breëre sin, want dit raak en beïnvloed feitlik elke Motswana van voor sy geboorte tot na sy dood, soos voorgeskryf deur die dingaka van geslag tot geslag. Daarom moes die sosio-religieuse betekenis daarvan van naderby bepaal word.

(ii) Kwaadgesinde towery (boloi)

Die towerkuns kan doelbewus aangewend word vir kwaadwillige doeleindes (boloi) met betrekking tot individue, groepe of stamme en hul materiële besittings. Veral ook word die natuurmagte "gereël" en ingespan om so skade te berokken. Dit kan op tweërlei wyse geskied (vgl. Coertze 1959 herdruk 1961:120): Eerstens is daar die towenaars of hekse (baloi) wat bewustelik van towermiddels gebruik maak met die

doel om mense kwaad aan te doen. Soms word 'n ngaka (toordokter) gebrandmerk as 'n moloi, maar net so ook enige lid van die samelewing. Tweedens is daar baloi, so word geglo, wat hulle self in die gestaltes van diere kan verander, of van gediensdiges of "familiaars" gebruik maak (a.w.:120) om veral snags rond te gaan en hul bose werke te verrig. Dit sou dan selfs gebeur dat skynbaar normale lede van die samelewing onbewustelik snags as towenaars of towerhekse optree, d.w.s. hul geeste verlaat die liggaam wat slaap en gaan dan uit op hierdie togte om kwaad te berokken.

Nida (1954:160) vestig die aandag daarop dat:
"In many parts of Africa there is usually a sharp distinction between the medicine man, who is called on to cure the deadly effects of black magic, and the sorcerer, who is guilty of employing it. A medicine man is a highly respected member of society."

Keesing (1958) sê dat in die reël "beneficient magic" in die openbaar geskied, groeps-georiënteerd is, deur die samelewing goedgekeur word en wettig is. Hierteenoor is "malevolent magic" geneë om in die geheim beoefen te word, deur die samelewing afgekeur word, ondermynend en onwettig is. Dit is veral so as dit gerig is teen die eie groep, maar word goedgekeur as dit na buite toegepas word. Vgl. Marwick se omvangryke studie (1965:91) oor toordery (sorcery). Dit was veral in hierdie werk waar Marwick getoon het hoe dikwels hofsake bv. gevoer word oor vermeende toordery deur lede van die familie-groep. So meen Evans-Pritchard dan ook (1965:111) dat: "To try to understand magic as an idea in itself ... is a hopeless task. It becomes more intelligible when it is viewed not only in relation to empirical activities but also in relation to other beliefs, as part of a system of thought; for it is certainly often the case that it is primarily not so much a means of controlling nature, as of preventing witchcraft and other mystical forces operating against human endeavour by interfering with the empirical measures taken to attain an end."

Bohannan (1963:347) het probeer bepaal watter elemente opgesluit lê in toordery (witchcraft) en hy meen dat daar in die eerste plek 'n leerstelling (doctrine) moet wees van 'n bose krag wat in die mens kan kom maar dan nog verbonde is aan 'n sterkere krag. Tweedens moet daar 'n toestand van teenspoed wees. Derdens moet daar na gemeen word 'n metode wees om hierdie krag te aktiveer, d.w.s. deur 'n ritus, of psigiese wilsdaad of deur eksterne middele. In Gluckman se woorde vind ons 'n bevestiging van wat dikwels uit Afrika meegedeel word (1963:142): "witches attack those they envy and hate. So the existence of misfortune is ascribed to the social vices of men - the lack of charity and love. Hence when a man suffers misfortune, he seeks for the witch among his enemies. He uses magic to combat the witch, and to ensure personal success in advance." Gluckman vestig die aandag daarop dat toordery en magiese gebruike hul sonder meer kan aanpas by veranderende omstandighede. Daarom dan

 - (7) Die twee manlikes: 'trap' (loop); die twee vroulikes: is omgekeerd; *Modimo* is omgekeerd, 'slaap'. As *Modimo* in hierdie posisie is, is hy neutraal en beïnvloed nie die omstandighede nie.
 - (8) *bogara bo garatsa:* hierdie ineengestregelde probleem kan die *dingaka* nie oplos
 - (9) *Modimo* het 'die komberse gebind' en 'loop'. Die twee manlike dolosse 'het 'n mond vol'. Die twee vroulike dolosse 'loop', hulle is in opstand.

B.62

LEGWAME (1)

*"Se se ileng
Ke moswela teledi."*

Ke gore: se se ileng, se ile. Ge e le kgomo, kgotsa motho, ga a kitla a bonala gope. O timetse ka bosena bokhutlo.

WILDEDRUIF (2)

"Wat weg is, is weg."

Dit beteken: Wat weg is het vir goed weggegaan. As dit 'n bees is, of 'n mens, sal dié nie weer gesien word nie. Hy is vir goed weg.

B.63

'MORERO O MOGOLO'

(Kgatla-ngaka Rustenburg distrik, 1962)

*"Tlhabana 'a kgomo
Ya re Morero o mogolo,
Wa Sedikwedikwe sa motse,
Thetelego ke lebalelo."*

Ke gore: Ke tumellano ya morafe mo kgang ya tshiamo 'kgotsa' bosula.

'DIE GROOT SAAK' (3)

*"Die rooibruin koei met die
geelbek
sê die saak is groot
binne die ommuring van die
stat,
omring soos die dwarslatte
(van die hut)."*

Dit beteken: daar is ooreenstemming onder die stamlede met betrekking tot 'n saak, goed of kwaad.

B.64

'MORERWANA'

*"Sa morerwana ga se kgole,
Sa Morerwana se mabulelong
a ntlo,
Go bua Kgatsane e mabala."*

Ke gore: Se re se batlang, kampo puo, ke e e tla beng e diregile kabosigo.

'KLEIN SAAK' (4)

*"Betreffende die klein saak is dit
nie ver weg nie,
Die klein saak s'n is by die opening
van die deur van die huis.
So sê die kleurryke Kgatsane
(die 'junior vrou')."*

Dit beteken: Dit wat ons soek, of 'n saak wat bespreek word, sal môre vervul word.

B.65

'SELOMI SA MFYEFYANE'

Di re:
*"Selomi sa Mfyefyane,
Nku e tswa borwa
E moitlho (6)
Le letsôgô la yona le lengwe
le mogapi wa yona o mogapa (7)
le lebogo la gagwe le lengwe."*

'BYTER VAN MFYEFYANE'(5)

Hulle sê:
*"Selomi van Mfyefyane:
Die skaap kom van die suide met
net een oog.
Hy het ook net een voorpoot.
Ook sy aanjaer het net een oog,
en hy het net een arm."*

-
- (1) *Legwame*: (Pl. 480) *Cyphostemma puberulum* (C.A.Sm.) Wild & Drummond.
(2) Die senior manlike dolos het omgekeer. Die junior manlike dolos 'loop'. Die senior vroulike dolos 'het gewas' (loop). Die junior vroulike dolos is omgekeer. *Modimo* het 'die komberse gebind'. hy kyk na die weste.
(3) Die senior manlike dolos het omgekeer. Al die ander, ook *Modimo* 'loop'.
(4) Die twee manlike dolosse en die senior vrou en *Modimo* 'loop'. Die junior vrou is omgekeer.
(5) Die junior man'hou die asem in'; die senior man is omgekeer. Die senior vrou is omgekeer; die junior vrou is in opstand (loop). *Modimo* het 'die komberse gebind' en kyk (loop) weswaarts.
(6) *moitlho*: met net een oog.
(7) *mogapa*: die tweede oog is uit.

B.65

Re tshwara bolwetse ka ditlhako.
Re tshwara madi a a tlhofotseng
go tlhopa ga ona.

Selomi (8) ke pheko ya bolwetsi
bo bo thuntsang marapô a motho go
ya dinameng le letlalo. Bogolo jang
'dithoe' tsa mmele wa motho.

Ons 'vang' (diagnoseer) die siekte
met die dolosse. Ons vang die bloed
wat swak geword het deur dit uit te
soek.

Die *Rhynchosia* plant is 'n krag-
middel teen die siekte wat die bene
laat pyn, en selfs die vlees en vel. Veral
die ledemate van 'n mens.

(8) *Selomi*: (Pl. 558) pr. *Rhynchosia burkei* Benth.

C.1

LESWALO LA BORENA

(Kgatla-ngaka, Pilanesberg, Tvl. 26.6.62)

Ge ke tihamela leswalo (1) la borena e leng la go phutha merafe, ke gore le tihangwa ka:

Dintsi tsa nōga e kgolo ebong *Madipela*, mo e nang teng le ge ele mo legageng kampo mo motlhakeng wa noka e kgolo.

Ge o e bonye, bosigo e ne e tsama'a, o ka re ge o batla *masepa* a teng, o o a fitlhela ale 'plêkê' e lengwe E a a disa. Kegore masepa a ke leswalo le le golo le le tsenang mo dintsing tse, tsona tse di tsamayang le nōga, kwa pele ga nōga le kwa morago ga yone.

Motswako wa tsona, kegore dipheko tse di tihokofalang jaaka *seboka*, se bokella ditšhaba, o tsena mo leswalong. *Seboka* (2) ke pheko e e tsewang kwa Thabazimbi kampo kwa Waterberg. Ke setlhare se se tihogang se se nang le monko o monate thatathata.

Gape go tsena *magogodi a noka* ge e tlhatsa;

go tsena *makeke*.

Seboka se, monko wa sone o dumallana le monko o o monate wa dintshi tse tsa nōga e kgolo.

Ke tsenya pagamela (3) mo teng. Pagamela tsaaka di dintsi. Tse dingwe di nna mo ditlhareng. Pagamela ke byang, bo a tihoga mme bo tihogela mo setlhareng.

Ke gore ge nka fitlhela setlhare jaaka sa morula, mme se na le letshwago, ke tla tsaya byang bo bo tihogang ba pagamela, ke bo byala mo teng, le ge e le ka mmunyana. Mme se tla itshwarella ka letshwago le, se tihoga mo teng.

Mme ke tla ra'a ngwanake o ke mo nayang bongaka baaka ke mo ra'a ke re: "Lefa o ka 'go ruta bongaka kae le kae, pheko yaka ke é, ke go fa pagamela e e tsenang mo ditlhareng tsa gago tsothle." Ke gore ga go na setlhare se a ka dirang ka sona, pagamela e, e sa tsene mo teng. Ke byang bo bo makete thata. Byang bo ke bo bonye kwa Portong.

KRAGSALF VIR KAPTEINSKAP

As ek 'n kragself (1) vir kapteinskap moet berei, nl. om die volkere te versamel, dan word dit berei deur:

Die vliegies van die groot slang nl. 'moeder van die dasse', (bergluislang), waar hy bly, selfs in die grotte of in die riete van 'n groot rivier.

As jy hom gekry het nadat hy deur die nag getrek het, sal jy as jy sy mis soek, dit vind op een plek. Hy 'pas dit op'. Dit is omdat hierdie mis 'n groot kragmiddel is wat by die vliegies gevoeg word, hulle wat saam met die slang beweeg, voor die slang en agter hom aan.'

Die versterker van hulle, d.w.s. die middels wat nodig is, soos 'versamelaar', wat die volkere versamel, moet in die kragself kom. Die 'versamelaar',

Clerodendrum (2): is 'n middel wat van Thabazimbi af kom, of Waterberg. Dit is 'n groeiende plant met 'n baie lekker reuk.

Ook kom 'opdrifsels van 'n rivier' wat oorstroom, daarin:

daar kom (ook) gestrepte snymiere in.

Die reuk van hierdie 'versamelaar' gaan saam met die aangename reuk van die vliegies van die groot slang.

Ek sit 'opklim' (3) daarin. Ek het baie soorte 'opklim'. Party is in bome. 'Opklim' is gras wat in bome groei.

D.w.s. as ek op 'n boom afkom soos 'n morula, en daar is 'n skeur of 'n gat in, dan neem ek gras wat groei van die 'opklim' soort en plant dit daarin, selfs met 'n bietjie grond. En die gras sal vassit in hierdie gat of skeur en daarin groei.

En ek sal aan my kind sê, die een aan wie ek die *ngaka*-skap oordra; ek sal aan hom sê: "Al sou jy ook *ngaka*-skap wáar ookal gaan bestudeer, hier is my kragmiddel, ek gee 'opklim' aan jou wat in jou medisynes kom, in almal." Dit beteken daar is geen middel wat hy kan gebruik sonder dat 'opklim' ook daarin is nie. Dit is 'n baie 'gewigtige' (kragtige) gras. Hierdie soort gras het ek by "Vliegepoort" gekry.

-
- (1) *leswalo*: 'n kragself van ongeskroeiende middels wat vir voorspoed gebruik word.
 (2) *Seboka*: (Pl. 519) *Clerodendrum triphyllum* (Harv.) Pearson.
 (3) *Pagamela*: (of phagamela) gras of orgidee wat so in 'n boomskeur of mik groei, is 'n baie waardevolle kragmiddel.

C.2

PHEKO YA MMITSA (1)

(Kgatla-ngaka, Pilanesberg, Tvl. 2 4.1963).

Pheko e kgolo e re e batlang ke serufele (2) gammogo le *seboko sa mothwa*, le *dintsi tsa semaana*. (3) Re di tsenya le *boletswa*.

Go rialo ke go re: serufele se tsama'a se ntse se mona 'malômô'. Ke gore ge se tsengwa mo *leswalong* (4) le dira gore leswalo le le bitse kwa le kwa.

Gape *seboko* se tsena gore wena mong 'a leswalo, batho botlhe ba nwe mo wena.

Boletswa ke gore bo tshwara mongwe le mongwe.

Dintse tse tsa semaane, ke gore batho ba go latelle. Ba seke ba fela pelo go go latella.

Kana Modimo o bopile motho kafa re mo fitlhelang ka teng; fela, ka dipheko re ka thusa kemo ya gagwe mo bathong.

Ge o bona motho a se ema pila mo gare ga batho, o ka na wa mo thusa jalo, go mo tlatsa mo kemong ya gagwe.

Tse ke *ditomela* (6) tsa lenaka, tse di gakatsang gore go 'berekelwa' kae.

Go pheko e re e tsenyang moo: Ke *Mokokona* (7) 'mo-jewa-ke-tso-tsothle'. Ke gore: noga e a o rata, motho o a o rata. Ke go re ge ke fetola ka re: 'Se o se buang ke boammaaruri mo go batho bale ba ba leng fa pele ga gago': Ba kokona puo yotlhe e o e buang: ba tlilo natefelwa ke puo ya gago e o e buang.

Mo leswalong le go tsena: *Seboka* (8), le *Motokwana wa naga* (9), le *Makejane* (10), le *Mokibisela*.

DIE ROEPER MEDISYNE

Die belangrikste kragmiddel wat ons seek is die lemoen-mot (2) asook die wurm van die rysmiere (die koningin), en die fyn bergvliegies. (3) Ons voeg hulle by saam met voëlent.

Dit word gedoen omdat die mot of skoenlapper rondvlieg en proe aan al die blomme. Dit meen dat as ons hom in die voorspoedsalf (4) sit, dit meebring dat die mengsel oral sal roep.

Ook word die wurm (rysmierkoningin) in gesit dat by jou, die gebruiker van die salfmengsel, al die mense by jou kan kom drink.

Voëlent (word geneem) omdat dit elkeen vang (en toevoeg).

Hierdie bergvliegies (kom in) sodat die mense agter jou aan sal kom. (5) Hulle moenie moeg word om al agter jou aan te kom nie.

God het wel die mens gemaak soos ons hom aantref; maar met die kragmiddele kan ons hom (die mens) help in sy stand onder mense.

As jy sien dat iemand nie sy plek kan inneem tussen ander nie, kan jy hom so help deur sy posisie te versterk.

Hierdie is die 'versterkers' van die horing (6) wat hom kwaaiier maak en die aard van inwerking bepaal.

Daar is 'n middel wat ons daar byvoeg nl. die *Mokokona*-plant (7) 'dit-wat-deur-alles-geëet-word'. D.w.s. 'n slang is lief daarvoor, en 'n mens is lief daarvoor. Dit meen dat as ek dit toepas en sê: 'Dit wat jy spreek is die waarheid vir daardie mense wat na jou luister': Dan smul hulle aan alles wat jy sê, en hulle gaan hul verlustig aan jou hele gesprek.

In hierdie salf-mengsel kom: Clerodendrum triphyllum (8), 'wilde dagga' (9), die *Makejane*-plant (10) en die *Mokibisela*-plant. (11)

-
- (1) *mmitisa, bitsa*: om te roep, dus hier: die 'roeper' of middel om mense te versamel.
 - (2) *serufele*: 'n mot of skoenlapper. Hier spesifiek die swart en gele.
 - (3) *semaana*: klein vliegies by grotte wat glo altyd naby 'n luislang bly.
 - (4) *leswalo*: die salfmengsel wat geluk, voorspoed verseker.
 - (5) Net soos wat die bergvliegies in 'n groep al agter die groot slang beweeg.
 - (6) *ditomela*: 'die dinge wat vasbyt', die versterkers wat almal in die medisynehoring moet kom om hom kragtig te maak.
 - (7) *Mokokona*: groei noord van Thabazimbi in die berge;
 - (8) *Seboka*: (Pl. 519) Clerodendrum triphyllum (Harv.) Pearson.
 - (9) *Motokwana wa-naga*: (Pl. 545) Teucrium capense Thunb. 'wilde dagga'.
 - (10) *Makejane*:
 - (11) *Mokibisela*:

C.3

MMITSA, NONYANE YA DINOTSHE
 (Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 7.7.1962)

Ke pheko e e tlhokofalang thata.
 Ditiro tsa yona ke gore:
 E dira lethogonolo la *mmitsa*, ke gore go
 kgobokanya batho. O seke wa nna o nosi.

Kapa ge re tlhoka motho, re sa itse kwa
 a ileng teng, re mmitse ka yona.

Gape ke kalafiso mo *botsenweng*. Ge
 motho a tsenwa, o tshwanetse wa e
 ngatha, wa e sila, ya tsena le motlhatsiso,
 ya ba ya tsena le moithimodiso. Ke gore
 ge o fitlha wa mo sunedisa.

Le tlhōgō ya gagwe, ge a ithimolla e
 tlhatlhamolla bolwetse ba *botsenwa*,
 gore tlhaloganyo ya gagwe e be e tle.

Re be re mo nosa *tshetlho* (1)
 e tlhakane le motlhatsiso, a tle a kgone
 go tlhatsa se se ka beng se le mo
 mafatlheng a gagwe. Ge a loilwe o tla
 se tlhatsa.

Motlhamong go ka tswa ntsi, kapa
 seruufele. Ke go re: ge di fofa ka mo
 teng ga gagwe o a tshaba. Yanong o tla
 di kgwa, a di fetsa fa pele ga *ngaka*.

'ROEPER', DIE HEUNINGVOËLTJIE

Dit is 'n kragmiddel wat baie gesog
 is. Hy word gebruik vir:
 sukses in die middel: 'Sameroeper'
 d.w.s. om mense bymekaar te bring
 sodat jy nie alleen bly nie.

Of as ons iemand soek en nie weet
 waarheen hy is nie, dan roep ons hom
 hiermee.

Ook is dit 'n middel vir 'besetenheid'
 (malheid). As iemand mal is, dan moet
 jy 'n stukkie (van 'n heuningvoëltjie)
 afbreek, dit maal, en dit moet dan ver-
 meng word met 'n braakmiddel, en 'n
 niesmiddel. As jy daar aankom moet jy
 hom laat snuif.

Ook sy kop, as hy nies breek dit die
 siekte van malheid af, sodat sy verstand
 kan terugkom.

Ons laat hom dan drink van die
 heuningvoëltjie gemeng met die braak-
 middel, sodat hy kan opbring wat daar
 moontlik in sy longe kan wees. As hy
 getoor is sal hy dit opgooi.

Moontlik kan daar 'n vlieg of 'n
 mot uitkom. Die ding is: as hulle
 binne in hom rondvlieg dan vlug hy.
 Nou sal hy hulle uitspuug en hulle
 klaar maak (uit hom uit) voor die *ngaka*.

C.4

SEBOKA

(Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 2 April 1963)

Seboka (2) ke ditshoswane tse di rwalang
 di tsama'a ka tsela ya tsona. Re dira
serwalo (3) ka tsona.

Kegore, o kgone go ja, mme o seke wa
 fetsa go ja. Re se kopanya le *matlho-*
maganyang. (4). Ke gore ge o mongwe
 a tswa, o mongwe o etla mme ba tlhaga
 ba rwele!

Go tlhokofala *masepa a tholo*.
 Tholo ge e nyela e nyela dikgaragana tsa
 mantle. Jalo ge di omile re di tlhakanya
 le pheko tse.

VERSAMELAAR

'Versamelaar' (2) is die miere wat dra
 en langs hulle eie paadjie loop. Ons maak
 'n drag (3) van hulle. Sodat jy kan eet,
 en jy nie sal ophou om te eet nie. Ons
 meng dit met die 'opeenvolging'-plant. (4)
 D.w.s. as een (persoon) uitgaan kom 'n
 ander een aan en hulle dra net (kos) aan,
 (soos die miere)!

Ook is koedoemis nodig. As 'n koedoe
 mis dan is dit ronde bolletjies ontlasting.
 En so, as hulle droog is meng ons hulle
 met hierdie kragmiddele.

(1) *tshetlho*: heuningvoëltjie, wat ook *mmitsa* genoem word.

(2) *seboka*: go bokela, om bymekaar te bring. Hier: die miere wat versamel, dus
 'versamelaarkragmiddel'.

(3) *serwalo*: iets wat jy op jou kop dra; o.a. ook 'n kroon.

(4) *Matlhomaganyang*: plant met knolletjies wat aanmekaar vasgroeï.

C.4

Ke gore: masepa a tholo ga a nke a tswa a pataganye a le mabedi. A tswa a tlhomaganye. Le bone batho ba, ba tla ba le 'one', ge o mongwe a tswa, go tsena o mongwe, Ba tliilo tlhomaganya fela jalol

Ke pheko ya dingaka ka gore a ka seke a kgona go ba alafa ge ba tliile mmogo. Ba tshwanetse go tlhomoganya.

Ge morena a ka nth'a a re: "Dira seboka! " ke tliilo tsa'a lerapo la phuka ya lenong.

Ke tla e thiba e lengwe ka *boka*, ke gore lelota la moôka. Ke be ke tshela mafura a seothamollo' mo teng, ke gore motho. (5)

Ke be ke tsaa pheko ele ya seboka sa ditshoswane, go sitswe mme ke tshela bupi ba tsona mo teng, ka nko ya thipa fela.

Sethibo sa teng, ke sentlhaga sa *tshetlho*. Se dirwa ka maodi a *letseta* kampo pheko e e bidiwang *letlhogotshweu*. (6)

Ge o no o laola ditlhako, di wele di re: "*Tlhogotshweu ke rwele diala Bantsi ba sule ba sa o bona,*"

ke gore di ntsha sona setlhare se. E aga sentlhaga mo letshwagong ka letseta le le sweu le. Ga e nke e fuduga yona. Fa e tsalang teng, e tlo ne e fetse foo.

Mo phetollong ke gore le ene o o bôkelwang o tla nna a tsofale foo.

Phala (7) e, ene kgosi o tshwanetse gore a ne a e tshole, e nne fela mo ene. Ge a mema phutego, ke gone a ka e letsang.

Die bedoeling is: die mis van 'n koedoe kom nie uit twee langs mekaar nie. Hulle kom ná mekaar uit. Só ook hierdie mense, hulle kom een op 'n tyd; as die een uitgaan kom die volgende. Hulle sal net so mekaar opvolg!

Dit is die *ngaka* se kragmiddel want hy sou hulle nie kon genees as hulle geklyktydig kom nie. Hulle moet na mekaar kom.

As die stamhoof vir my sou sê: "Maak 'n versamelaar!" dan sal ek 'n aasvoël se vlerkbeen neem.

Ek sal dit aan die een kant toe maak met was, d.w.s. die was van die *môka* - bye.

Ek gooi dan vet van 'die vuursitter' daarin, d.w.s. van 'n mens. (5)

Ek neem dan daardie kragmiddel: die versameling van miere, fyngemaal, en ek gooi hulle poeier daarin, net 'n mespuntvol.

Die proppie (van die been-houer) is die nessesie van die heuningvoël. Dit word gemaak van die vesels van wildekatoen of van die plant wat 'witkop' (6) genoem word.

As jy die hoewe (dolosse) gegooi het, en hulle geval het en sê:

"*Witkop ek dra bedekking.*

Baie is dood sonder dat hulle dit gesien het,"

dan beteken dit dat hulle verwys na daardie middel.

Hy (die heuningvoëltjie) bou sy nes in 'n boomskeur met hierdie wit katoen. Hy self sal nie daarvandaan vertrek nie. Waar hy kleintjies kry daar sal hy klaar kry (sy lewe lank bly.)

Die betekenis is dat hy wat so geprys word ook net so, daar oud sal word.

Hierdie fluit (7) moet die kaptein altyd by hom hê; dit moet net aan sy persoon wees. As hy 'n vergadering byeenroep dan kan hy daarop fluit.

(5) *seothamollo*, 'go otha ke go nela mollo, ke go ora mollo.'

otha, ora: om by die vuur te sit. Dus die vuursitter: 'n mens.'

(6) *Letlhogotshweu:* (Pl.44) *Heliotropium lineare* C.H. Wright.

(7) *phala:* 'n rooibok. *Go letsa phala*, om die trompet of horing te blaas. Die been fluite wat *dingaka* gebruik word ook '*phala*' genoem.

C.5

MORENA WA DINOTSHE

Dinotshe di phela ka morøna wa tsona, mme ke phoso fa pele ga Modimo go bolaya kgosi ya tsona, ka e tla re ge a sule di swe tso tsotlhe.

Fela mo lenakeng la borena, ene kgosi ya dinotshe o tshwanetse go tsena mo lone. Go rialo ke gore morafe o tle o kgobokanele kgosi o re: 'tsitsitsitsi', jaaka dinotshe fela mo kgosing ya tsona.

Ke sephiri se se tona, gobane yona kgosi ya dinotshe ga e kake ya yo bereka e sena *sethwe* (1) se motho.

Motswako (3) wa teng ke 'Motse-o-modumo'. Ke dintsi tse di nyenyane tse di nang mo dikgageng tsa dinoga. Tsone ke: *Phuthaditšhaba*.

DIE BYEKONINGIN

Die bye leef met hul koning(-in) en dit is 'n fout voor God om hulling koning dood te maak, want as hy sou doodgaan dan gaan hulle almal dood.

Maar in die horing vir die kapteinskap behoort hy, die koning(-in) van die bye te kom. D.w.s. die volk moet versamel by die kaptein en sê: "tsitsitsitsi" net soos die bye hulle koning(-in).

Dit is 'n groot geheim want daardie byekoning(-in) sal nie gaan om te gaan werk sonder dat hy 'n liggaamsdeel (1) het van 'n mens (2) nie.

Die versterker (3) (van die middel) is 'stat-vol-lawaaï'. Dit is die klein bytjies wat in die (groot) slange se grotte bly. Hulle word genoem: 'versamel-die-volkere'.

C.6

MOÛPAKÔMA (4)

(Kgatla-*ngaka*, Saulspoort, Tvl., 14 September 1966)

Moûpakôma ke pheko e kgolo ya mmita e e malebaneng le ditiro tsa go *kokoanya* (5) kgotsa go phutha merafe ka mefuta ya batho.

Metswako ya yona ke ditshoswane tse di bidiwang *seboka* (6) le ditshoswane tse di bidiwang *penane*. (7)

Go sebetsa ga tsona: ge di utlwa selepe se re: "kgô! " di tswa tsotlhe mo tshwagong di go batla go go bona le go go namela tsotsotlhe.

Le motho jalo, o tla kgatlhega go go bona le go go utlwela dipolelong tsa gago.

DIE VOLKSVERSAMELAAR(4)

Hierdie plant is 'n baie belangrike versamelaar om mense op te roep na jou werk, of om volkere van alle soorte bymekaar te bring.

Die middel wat toegevoeg word is die miertjies wat *seboka* (6) genoem word, en ook die miere wat *penane* (7) genoem word.

Hulle funksie is: As hulle 'n byl hoor "Kgo! " kap, dan kom almal uit tussen die barste van die stomp en soek hulle jou om jou te sien en om almal op jou te klim.

'n Mens net so, hy sal bly wees om jou te sien en te luister na wat jy te sê het.

(1) *sethwe*: liggaamsdeel.

(2) Hier gaan dit om die noodsaaklikheid van baie sterk, of kragtige middele, en daarom moet die sterkste, nl. die mens self hier inkom.

(3) *Motswako*: toevoegsel by kragmiddel om dit te versterk.

(4) *Moopoakoma*: plant by Saulspoort (agter pastorie).

(5) *kokoanya*: om te versamel, mense bymekaar te bring.

(6) *seboka*: 'n volksversameling; 'n soort mier.

(7) *penane*: ook 'n soort miertjie wat "baie nuuskierig is".

C.7

GO BEELA MORITI O O MAKETE

(Kgatla-*ngaka*, Modipane, Botswana, 1955)

Go beela moriti o o makete, ke go re ge o tseba mo bathong ba imege. Ke go re ba go rate, mme ba se ke ba go ratela go go bolaya.

Setlhare sa teng ke *Lesisimogo* (1). Gape se bidiwa *Maima*, kampo '*Fela-ba-hleke*' ka Setebele. Jaaka ge se bidiwa Maima, ke go re ke setlhare sa dikgosi.

Jalo ke setlhare sa mathogonolo ge o se tshotse, ke go re tiro engwe le engwe e go busetse.

Ge e le basimane, ba bolla ba ya Makgoweng, ba a se fiwa, ba tle ba ithuse jaaka tsela e tletse matshwenyego, jaaka mapodisi kampo balalle ba ditsela.

Ge o se tshotse o bona mapodisi kwa pele, o supa fela ka sone. Ke go re mapodisi a bule tsela, wa feta. Wa se ngatha wa kgwela kwa pele wa re: "Ke feta ka Lesisimogô le!" Jalo o tla bona tsela e tla bulega.

Setlhare se ke selthare se se kobang legadima thata, le sefako. Bogolo thata legadima le le tla beng le dirilwe ke batho gore ba go senyetse ka lona.

Mme ka setlhare se, legadima ga le kake la fitlha fa o emeng teng, le ge e le selo se se ka romelwang jaaka noga, kampo tshere, kampo jaaka ge ba romile dinonyane gore di go itee di go lokele bolwetse. Jaaka motorkara gore e go thule kampo koloi e go gate. Kampo motho a go *kgweloge* a go itaya. Ga go na go kgonega go dira jalo.

Teng mo lenyalong re se kopanya le *Serokolo* (2) le *Tlhonya*. (3) Re tla tshgetsatsa modiro o wa lenyalo gore o seka wa nna le diphapang.

OM 'N 'SWAAR' SKADUWEE NEER TE SIT

Om 'n 'swaar' skaduwee neer te sit, beteken om tussen mense in te kom en op hulle te 'druk'. Dit wil sê hulle moet van jou hou maar nie van jou hou om jou dood te maak nie.

Die plant wat hiervoor gebruik word is: Die wilde-winde (1) wat ook 'die swaar-drukker' genoem word. Dit is 'n plant vir kapteins.

Dit is net so ook 'n plant vir seëninge, as jy dit het, want dan sal elke onderneming van jou suksesvol wees.

As dit jong manne is wat uittrek om by die witmense te gaan werk, dan word dit aan hulle gegee, sodat hulle hulself kan help, aangesien hul weg vol ontberinge is, soos die polisie of rondlopers. ('voorlêers op die pad')

As jy hiervan het en die polisie daarvoor gewaar, dan wys jy net daarmee. Dan maak die polisie die pad oop en jy gaan verby. Jy byt 'n stukkie daarvan af en spuug dit voor jou uit en sê: "Ek gaan verby met hierdie 'wilde-winde'! Jy vind dan dat die pad vir jou oopgaan.

Hierdie plant kan die weerlig maklik wegjaag, en ook die hael. Veral die weerlig wat deur mense gemaak word om daardeur jou (te toor) en te beskuldig.

Maar met hierdie middel, kan die weerlig nie kom waar jy staan nie; selfs iets wat gestuur kan word soos 'n slang of 'n bobbejaanspinnekop, of soos wanneer hulle voëls stuur om jou te tref en siekte op jou oor te dra. Of soos 'n motor dat hy jou moet stamp of 'n wa dat hy oor jou moet trap. Of so ook 'n mens om op jou te spring en jou aan te rand. Dit alles sal nie gebeur nie.

In die geval van 'n huwelik voeg ons *Carissa bispinosa* (2) by en *Dicoma gerardii*. (3) Ons onderskraag dan hierdie onderneming van die huwelik sodat daar nie onenigheid moet kom nie.

(1) *Lesisimogo*: *Maima* (Pl. 117) en (Pl. 251) pr. *Ipomoea crassipes* wilde-winde, 'terug-laai-deinser'.

(2) *Serokolo*: pr. *Carissa bispinosa* — noem-noem.

(3) *Tlhonya*: (Pl. 538) *Dicoma gerrardii* Harv.

C.7

Le ge e le 'dinaphati' (4) e re e dirileng kwa tropong, re e thaya ka 'tlhare se. Ke go re: batho ba tle, mme e le batho ba ba ratanang. Ge o ka utlwa bangwe ekete baa fapaana, o tla se tsaa o se tshuba gore musi o ye kwa teng kwa ba tshanokelang teng. Ke go re batho bao ba tle ba utlwane.

C.8

MOETAPELE

(Kgatla-*ngaka*, Modipane, Botswana, 1955).

Go go baballa mo dikotsing tse di ka go tlhagelang, o dirisa sepheko sa bongaka, e le gore se go thuse.

Ke *Moetapele* (5). Batho ge ba bolla, ba ya kwa Makgoweng, ba tsamae ba ntse ba tshotse setlhare se, gore jaaka ba tla batla mosebetsi mo Makgoweng, ba se ke ba etelwa ke bangwe pele.

Gape ke setlhare se e leng ge motho a se tshotse, se bidiwa *mogafadibe* (6) Ke go re: Ga e le botsotsi ba tshwanetsi gore ba moife.

Gape ge e le matshwenyego a go bereka ge a tshwengwa ke ope mo mmerekong.

Gape ge pula e ka gadima kwa pele kwa a yang teng, o a phura modinyana wa teng a re:

"Se nketelepele! Monna ga a etelwe pele e se mosimane! Se nketepele, Mpulele tsela!"

Le ge sefako se tla se suma, o tla se phura o se kgwela kwa teng o re: "Golela godimo"! Ke yona thuso kampo tlamelwa ya setlhare se. Ga se e nosiwang.

DIE VOORLOPER

Om jou te bewaar teen onheile wat jou mag oorval, gebruik jy die kragmiddel van die *dingaka* sodat dit jou kan help.

Dit is 'Die voorloper' (5) (plant). As mense uittrek, en gaan na die Witmense toe, gaan hulle in besit van hierdie plant, sodat: soos wanneer hulle werk soek by die Witmense, daar nie andere sal wees wat voor hulle daar sal wees nie.

Dit is ook 'n plant wat, as jy dit het dit genoem word: 'die afskrikker van onheile'. D.w.s. as dit bv. skurke is, hulle vir hom bang moet wees.

Dan weer (word dit gebruik) vir teen-spoed i.v.m. werk, as iemand hom pla om sy werk te doen.

Ook as die reën gepaard gaan met weerlig vorentoe waarheen hy gaan, dan kou hy 'n stukkie van die wortel en sê: *"Moenie voor my loop nie! Mens loop nie voor 'n man nie, hy is mos nie 'n seun nie! Moenie voor my loop nie, Maak vir my die pad oop!"*

Selfs as die hael met 'n gedreun aankom dan kou jy van die wortel en spuug dit daarheen en sê: *"Groei boontoe!"* Dit is alles die hulp of beskutting van hierdie plant. Dit word nie gedrink nie.

C.9

GO LOMA THOTSE

(Kgatla-ouderling, Mathubudukwane, Botswana, 19.8.1952).

Ge go jewa thotse, kegore go tla tsewa thotse ya *Mogakangwaga*. (7) E tla latlhelwa mo metsing. Mme babotlhe ba ba fetang ba tla tlhapa ka metsi ao, ba be ba feta.

*'OM DIE PIT TE BYT':
'EERSTE VRUGTE'*

As die 'pit geëet' word, word die pit van die wilde karkoer (7) geneem. Dit word in die water gegooi. En almal wat daar verbygaan sal met daardie water was, en verder gaan.

(4) 'dinaphati': 'dinner party'.

(5) *Moetapele*: pr. Thesium utile A.W. Hill (vgl. Watt & Br. br. p. 928)

(6) *mogafadibe*: die afskrikker van onheile.

(7) *Mogakangwaga*: wilde-karkoer. Hierdie is die 'eet van die eerste vrugte'.

C.9

Banna ba lekgotla bone ba meditse dithotse tsa teng.

Mogakangwaga o butswa ka kgwedi ya Phatwe. Ge re o bona, re tsa'a leungwo re o isa kwa kgotleng. Ke lerotse la molomô wa ntlha wa ngwaga. Ke gona ge gotwe 'go loma thotse'.

Mme lerotse le ga le nke le jewa ke ope. Le jewa ke kgosi pele. Kgosi e a rapelwa.

Die manne van die stamvergadering het die pitte self ingesluk.

Die wilde-karkoer word in Augustus ryp. As ons dit raakloop dan neem ons 'n vrug na die *kgotla*. Dit is die karkoer vir die 'eerste byt van die (nuwe) jaar. Daarom word gesê 'om die karkoerpit te byt'.

Maar hierdie karkoer word deur niemand geëet nie, alvorens die stamhoof nie daarvan geëet het nie. En die stamhoof word gesmeek (om te eet).

D.1

THAPELO YA PULA (1)

(Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 1961)

Ke ne ke le kwa motse wa X, mme kgosi ya Bakwena Morena Z, a epa pitso ya go latlha *Mogaga*. (2)

Labobedi a epa pitso ya thapelo ya pula. Ke ne ke le teng. Maru a nna a tsoga a ba a robala mantsiboa.

Kgosi ya batlisisa gore ke go reng ge maru a ba a tsoga a ba a robala.

Jaanong, ditlhako tsa rona tsa ba tsa tshwara (3) : '*Moraro o mogolo wa sedikadikwe sa motse, thetelo ke matlhaku*'.

Lewa le ke motlhakola o mogofo wa kgomo. (4)

Jalo ge, ge re fitlha mo leweng le, kegore: Maru a tshwerwe, a tlhoka sengwe se se ka a bofollang.

Mme nna ka tshwara *Morara* (5) go rarolla maru.

Ra tswa ka one ka kwantle go ya go rapela Modimo. Mme bannabagolo ba motse ba ne ba o itse. Ba makala ka gore ke bogologolo go sa tlhola go dirisiwa. Mme wa baa teng. Ka moo wa thugwa ke bone boorre.

DIE 'GEBED' OM REËN (1)

Ek was in die stat X, en die kaptein van die Bakwena, hoofman Z het 'n volksvergadering byeengeroep om maerman (Urginea altissima) te gaan uitstrooi. (2)

Hy het toe weer later 'n volksvergadering byeengeroep om te bid vir reën. Ek was daar teenwoordig. Die wolke het opgekom en dan saans weer gaan lê.

Die hoofman het toe laat ondersoek instel (deur dolosgooiers) waarom is dit dat die wolke opkom en weer gaan lê.

Ons dolosse het toe verwys na (3). "Groot ranker wat om en om die stat vleg en 'n takheining vorm".

Hierdie valwyse is die groot 'omkering op sy rug' van die bees. (4)

As ons dan by so 'n valwyse uitkom, dan beteken dit: Die wolke word vasgehou, en hulle kom iets kort wat hulle los kan maak.

My (dolosse) dui toe op *Morara* (5) die ranker, wat die wolke moet losrank.

Ons is toe met die plant uit om die Here aan te roep. En die ou manne van die stat het dié plant geken. Hulle was verwonderd, want dit was iets van vervloë dae wat in onbruik geraak het. Dit is toe stukkend gestamp deur die ou manne.

- (1) Hier word 'n deel van die reën-seremonie beskryf, d.w.s. van 'n werklike geval; daarom word die name ook verswyg.
- (2) *Mogaga*: Urginea altissima, maerman (pl. 103) word gebruik vir rituele reiniging.
- (3) *dithako tsa tshwara*: 'die skoene het aangeraak' beteken: 'die dolosse het so geval'.
- (4) *Moremogolo*: die hoof beeskloutjie dolos lê op sy rug.
- (5) *Morara*: 'die ranker' een van die rankplante, nl. *Tinospora caffra* (Miers) Troupin.

D:1

Pollo ya bollela thabeng ka *kgomo*
ya poo e ntsho, ka phakela go ose go je
ope, le eseng sepe

Kgomo e bolaetswe nageng, mme e
sa tshwarwa ka dikgole. E ne e tshwerwe
ka diatla fela.

Bo rre, ba ne ba setse ba e rarile (6)
maoto le kgopolo ya yone.

Kgomo ya apolwa letlalo. (7)

Gwa tsena dithôkô (maboko) tsa baroka
ba pula.

Jalo ga tswelwapele: kgomo yotlhe
ya beswa mo mollong. Mosi wa tshumo
ya kgomo o no o bonala o le kgakala thata.

Kgosi e ne e ora mollo, mme a le mo
thapelong go rapela borraagwemogolo le
borraagwe.

Mme a ora mollo go se na ope o a
rweleng setlhako. Le ene kgosi a ntse fela
a sa apara sepe. Mollo ge o santse o le bogale,
ke ene a tshwanetseng go o ora.

Go no go sena motho yo o ngathelwang
nama; go se na letswai.

Jalo kgomo ya retelela ba makgolo ba
ba neng ba le teng.

Ke lemoga e ka ba makgolo a mane ka
bontsi ba bona, e le banna fela.

Ge go fetswa, go jewa nama e ya kgomo.

Dinama tso tsoitlhe tse di paletseng batho,
go le marapo, le letlalo, ke tse di besitsweng
mo mollong ka pheko ee bidiwang:
Morara. (9) Re bone leru le tswa bophirima.
Jalo ra lemoga gore Modimo o utlwile
thapelo, ka gore e kile ya re kgwela mathe (10)
ge re phatlalla re boela kwa gae.

Jalo go ne go se na yo a ka boelang kwa
'gae la gagwe. Ke gore re boile re eteleditse
kgosi gape go ya kwa kgotleng.

Die optog het toe uitgetrek na die
berg met 'n swart bul, vroeg in die
more, voordat enigeen nog iets geëet
het.

Hierdie bees is in die veld doodgemaak,
en sonder dat hy met rieme vasgehou
word. Hy was net met die hande vas-
gehou.

Die ou manne het toe reeds sy pote
en sy gedagte 'vasgerank'. (6)

Die bees 'se vel is van hom afgehaal'. (7)

Toe het die prysliedere gekom van
die reën-'makers'.

Hulle het toe voortgegaan deur die
hele bees op die vuur te braai. Die rook
van die verbranding van die bees was
baie ver sigbaar.

Die hoofman het voor die vuur gesit
terwyl hy in gebed was, om te bid tot
sy grootvaders en sy vaders.

Hy het daar voor die vuur gesit,
waar niemand sy skoene aangehad het
nie. Ook die hoofman het daar gesit
sonder enige klere aan. (8)

Terwyl die vuur nog goed brand,
moet net hy daar voor die vuur sit.

Aan niemand is 'n stukkie vleis uitge-
deel nie; daar was ook nie sout nie.

So kon die honderde wat daar was
nie die bees opkry nie.

Ek meen dit kon 400 persone gewees
het wat daar was, en almal net mans.

Toe hulle klaar is, eet hulle hierdie
bees se vleis.

Al die vleis wat die mense nie kon
opkry nie, en ook die bene en die vel,
dit is die wat in die vuur gebraai is saam
met die kragmiddel wat genoem word:
'ranker'. (9) Ons het gesien 'n wolk kom
in die weste op. Toe het ons geweet
dat God die gebed verhoor het, aangesien
die wolk toe op ons 'gespoeg' het (10)
net toe ons begin terugkeer huistoe.

Maar daar was niemand wat na sy
huis kon gaan nie. Want ons het terug-
gegaan stat toe voor die hoofman uit
terug na die *kgotla* (of stam vergaderplek).

(6) Hulle het die bees met 'medisynes' magteloos gemaak.

(7) 'Sy vel is van hom afgehaal', waarskynlik nadat hy net agter die horings met 'n mes die murg afgesteek is.

(8) Sy kindskap en afhanklikheid word openbaar daardeur dat hy nakend voor sy voorouers verskyn.

(9) *Morara*: *Cyphostemma sulcatus* C. A. Sm.

(10) '*ya re kgwela mathe*': dit het op ons gespoeg 'n uitdrukking wat meermale gebruik word vir die eerste reëndruppels.

D.1

Jalo ge, banna ba ne ba tshotse mogaga⁽¹¹⁾,
bomme ba agile lesaka. Banna ba tseba ka fa
teng ga bomme, jaaka dikgomo.

Kgosi a nna mo setilong, mme batho
babotlhe, banna le basadi ba latlha megaga
mo godimo ga gagwe. Ba bua puo e lengwe
ba re: "Pula"!

Ga go a re tsaya metswetswe e se mekae,
pula e be e na. E tsholotse metsi gore
'pata' di tlale metsi. Ya na naga yotlhe eo.
Pula e ne e le engwe fela ka go ela ga one.

Mme pula e nele Vrytaga, Satertaga,
otlhe le bosigo Sontaga otlhe, Mantaga
otlhe go fitlhela ka nako ya motshegare,
pula ya emisa.

Morara ke pheko e kgolo ya pula. E
sebediswa ga golo nakong tsa letsatsi.
E dirisiwa thata le *ditšhobelo* ⁽¹²⁾ tsa pula.
E tshwanelwa go *bya* ⁽¹³⁾ le kgomo e
thugegile boleta gore e kgonege go *bya*,
pheko e. E tsewa digwete fela.

Die manne het dan van die maerman-
plante ⁽¹¹⁾ gehad, en die vrouens
het 'n kraal om hulle gevorm. Die man-
ne gaan dan almal binne in net soos
beeste in 'n kraal.

Die hoofman sit op 'n stoel, en dan
gooi al die mense, mans en vrouens
van hierdie maermanplant op hom.
Hulle sê net een ding nl. "Reën!"

Dit het net 'n paar minute geduur,
en toe reën dit. Dit het so gereën dat
die paaie vol water geword het. Dit
het oral in die omgewing gereën. En
soos dit gestroom het, was dit net een
reën.

Dit het Vrydag gereën en Saterdag
die hele dag en nag, en Sondag en die
hele Maandag tot in die middel van die
dag. Toe het die reën opgehou.

Die *Cyphostemma sulcatus* (rankplant)
is van groot belang vir reën. Dit word
veral gebruik as die son kwaai is. Dit
word dikwels gebruik met die reën-
middels. Dit moet saam met die bees
braai nadat dit fyn gestamp is sodat
dit kan braai.

Slegs die bolle daarvan word gebruik.

D.2

GO FEELA DIBE GORE PULA E NNE

(Kgatla-*ngaka*, Modipane, Botswana, 1 Des. 1955)

Ge *dibe* tsothle *di feetswe*, ⁽¹⁴⁾ maru a tla
rata felo foo go oketsa marothodi.

Ledutla la seloko ⁽¹⁵⁾ ke setlhare sa
pula. Ke go re o se kopanye le *Ledutla la
thaba* ⁽¹⁶⁾, le *Motlapatlapa* ⁽¹⁷⁾ le
Tlhobokwe. ⁽¹⁸⁾

OM AL DIE ONGEREGTIGHEID WEG TE VEE, SODAT DIT KAN REËN

As al die ongeregtigheid weggee is ⁽¹⁴⁾
sal die wolke van daardie plek hou, om
die druppels bietjie meer te maak.

Die 'Turflelie' ⁽¹⁵⁾ is 'n plant vir die
reën. Dit moet jy saam gebruik met
die poeierkwas, ⁽¹⁶⁾ *Ammocharis
coranica* ⁽¹⁷⁾ en *Tephrosia
polystachioides*. ⁽¹⁸⁾

(11) *Mogaga*: *Urginea altissima* Pl. 103, maerman.

(12) *ditšhobelo tsa pula*: reën offerandes.

(13) *go bya*: saam gebraai te word (?)

(14) *dibe di feetswe*: 'die ongeregtigheid is weggee' beteken dat taboe's wat nie nage-
kom was nie en dinge wat die veld 'warm' gemaak het, soos lyke, nou gereinig is.
Dibe word in die Christelike kerk gebruik vir 'sonde'.

(15) *Ledutla la seloko*: (Pl. 445) *Crinum macowanii* Bak. turflelie.

(16) *Ledutla la thaba*: (Pl. 184) *Mathubadifala*, Haemanthus, poeierkwas.

(17) *Motlapatlapa*: (Pl. 65) *Ammocharis coranica* Herb.

(18) *Tlhobokwe*: *Tephrosia polystachioides* Bak. f.

D.2

Ditlhare tse ka bone ba tsona, di a tlhagetlwa di batlelwe nkgwana ya mokgabo, ke go re e mpsa. Yaanong di batlelwe metsi a eseng a nowe ke ope. O bo o di tsenya mo pitseng eo, o di fetlhe ka lefetlho la *Moologa*. (19) Mme o lokele setlhare se se bidiwang *Lefetlhwane* (20)mme o tla fuduwa ka *Moologa*, o naya banyana ba ba eseng ba senyege, gore ba gase mo ditseleng, o loketse *Mabofe* (21) le *Mogaga* (22) mo teng.

Mme o tla ya mo thabeng, o batla dimpa di le nne tsa *Mongololo*, (23) ke go re: *Moreba*.

Makgarebe a le a le mane a tla tshella setlhare sele mo marakanelo a ditsela, mme mongwe a betsa fa teng foo ka mpa eo ya *Moreba*. Mme ge ba betsa, ba buela gongwe ba re: "Pula! "

Ba be ba ya jalo fela mo ditseleng tsotlhe. Ba be ba boela gae ba yo gorogela fa mogobeng. Ba be ba tlhapa, ba tlhatswa le nkgo eo. Ke gona ba yang gae.

Al vier hierdie plante word fyn gestamp en 'n mooi nuwe kleipot daarvoor gesoek. Ook word hiervoor water gesoek waar niemand nog van gedrink het nie. Jy sit dit dan in daardie pot en kliits dit met 'n kliitsstok van bergboegoe. (19) Dan moet jy ook die plant wat 'roerplant' genoem word daar byvoeg, en jy roer dan met die bergboegoe(kliitsstok) (20) en gee dit aan dogters wat nog ongeskonde is, sodat hulle dit op die paaie kan sprinkel nadat jy *Cissus quadrangularis* (21) en maerman (22) daarin gesit het.

Jy gaan dan op die berg en soek vier wildebraam (23)-latte, ook *Moreba* genoem.

Daardie vier dogters sal dan daardie preparaat uitsprinkel waar paaie bymekaar kom, en een van hulle sal daar op die kruispad slaan met daardie wildebraam-lat. Terwyl hulle slaan sê almal dan gelyk: "Reën! "

So gaan hulle dan na al die paaie. Daarna keer hulle terug huiستoe en bereik hul eindpunt by die waterkuil. Dan was hulle hulself en was ook daardie kleipot en daarna keer hulle terug huiستoe.

D.3

**RE BITSA PULA KA
 THALABODIBA (24)**

(Kgatla-ngaka, Pilanesberg, Tvl. 14 Feb. 1967)

Thalabodiba ke setshedi sa metsi, e phela mo bodibeng ba metsi.

Jalo re bitsa pula ka yona, gammogo le lerapo la *noga* e kgolo ya *metsi*, (25) le nonyane ya pula e e bidiwang *tthatlhamedupe* (26) le magogodi a noka e kgolo.

**ONS ROEP DIE REËN MET DIE
 'DIEPTEBEWONER' (24)**

Die dieptebewoner (groot paling of waterslang) woon in die dieptes van water.

Ons ontbied die reën met hom, saam met die ruggraat van die groot waterslang, (25) en die reënvoël wat trou pant (26) genoem word, en ook die opdrifsel van 'n groot rivier.

(19) *Moologa*: (Pl. 422) *Croton gratissimus* Burch. bergboegoe.

(20) *Lefetlhwane*:

(21) *Mabofe*: (Pl. 1) *Cissus quadrangularis*. L.

(22) *Mogaga*: (Pl. 103) *Urginea altissima* Bak. jeukbol, maerman.

(23) *Mongololo, Moreba*: (Pl. 330) *Pouzolzia hypoleuca* Wedd. wildebraam.

(24) *Thalabodiba*: die groot paling of waterslang.

(25) Die groot waterslang is *Kgogela*.

(26) *tthatlhamedupe*: trou pant.

D.3

A tswakantswe ka go a silela mmogo le tsoitlhe tseo, gagolo jang magogodi a lewatle le *motlapatlapa wa metsi*. (27)

Motswako wa tsona ke pheko: *mmitsa*. (28)

Ge Modima o rata e tshwanelwa ke go kgona go nnisa pula.

Mmitsa o, o bonwa mo nokeng tse kgolo fela.

Motswako wa yona ke *motho*. (29)

Dilo tse ke di rutilwe ke marena a pele ka *tumedi* (30) ya bona sentle.

Modiri wa tsona o tshwanetse go *ila*, (31) a sa je.

O tlhakanya dilo tse, a sa ja sepe, a letse ka tlala, a ba a tsoga fela a be a dira tiro ka go di tshuba mo dithabeng, a le fa motswedi wa metsi. 'Tsholofelo ga e tshabise ditlhong'.

Seo ke *ngwao* (32) ya Setswana sa pele.

Re bolaya noga ka dipheko le nama ya kgomo, re e tlotitse ka *Ngogo* (33); mafsi a yona fela.

Re a baa fa nokeng e e nang yona noga ya metsi e re e bitsang *Kgogedi*. (34)

Hulle word vermeng deur hulle saam fyn te maal, veral die opdrifsels van die see en die waterlelie (27)

Die versterker van hulle almal is die kragmiddel: '*Mmitsa*' (roeper).

As God wil dan behoort hulle in staat te wees om dit te laat reën.

Hierdie 'roeper' word net by groot riviere gevind

Die versterkmiddel daarvoor is 'n *mens*. (29)

Hierdie dinge is deur vroeëre kapteins aan my geleer volgens hulle oortuiging.

Die reënmaker moet vas, en niks eet nie

Hy vermeng hierdie dinge, sonder dat hy iets geëet het, honger gaan slaap het, opstaan en dan dadelik begin met sy werk deur hulle op die berge te brand, terwyl hy by 'n waterfontein is. 'Die hoop laat nie beskaamd word nie'.

Dit is die ou oorgelewerde Tswana-volksgebruik.

Ons maak die (water) slang dood met kragmiddels en beesvleis, wat ons gesmeer het met naboom (33), d.w.s. slegs die 'melk' van die boom.

Ons sit dit by die rivier waarin hierdie waterslang is wat ons '*Kgogedi*' (34) noem.

(27) *Motlapatlapa wa metsi*: waterlelie (?)

(28) *Mmitsa*: 'roeper', hier is dit 'n rivierplant; ook die heuningvoëltjie.

(29) menslike liggaamsdele.

(30) *tumedi*: beroemdheid, of die geloof wat hulle daarin gehad het, oortuiging.

(31) *go ila*: om jouself te onthou van, soos om te vas: *moila*, *taboo*.

(32) *ngwao*: 'n oorgelewerde volksgebruik.

(33) *Ngogo*: *Euphorbia ingens*, naboom. Die melk is dodelik giftig en maak die groot paling dood.

(34) *Kgogedi*: die groot 'waterslang', waarskynlik of moontlik 'n groot paling

D.4

**'MAROTHODI-A-PULA-MOETAPELE-
MPHE-LESEDI'**

**REENDRUPPELTJIES-LEIER-
GEE-VIR-MY-LIG'**

(Matabele-*ngaka* woonagtig tussen Kgatla van Botswana, Oktober, 1952)

Se ke *segwana* (1) se se bidiwang
'Moetapele mphe lesedi' kampo:
'Marothodi a pula kampo: 'Monna,
moetapele nketele.'

E na le letlalo la mpa ya kwena, le
mmôpa wa tlou, le mafura a phofu.
Ebile e na le phepha ya noko ka mo
teng.

Ge e ka robala ka lotlhakore o le
beile mo metsing, e tla supa gore go
tlaatla phefo, ke go re: sefako.

Ge e ka ema ka dinao, go supa go
re e tla ba ngwaga wa letlhogonolo.

Ge e ka tlhaba ka lenaka e supa matlapa
a sefako.

Ge o ka e beya mo metsing, ya nwela,
e supa gore pula e ntsi thata. (2)

Ge o batla go e 'berekisa' gore go tle
pula e e namagadi e e se nang modumo,
o e 'bureka' ka 'tsôgô la mogotlho. Ge o
'bureka' ka la ntja o batla e e dumang.

Mme ge o 'bureka' ka yona, o se ke
wa robala le mosadi. O se ke wa lwantsha
motho. O se ke wa 'kwatella' motho,
go fitlhela batho ba ja letlhafula.

Go tsogeng foo o ka e ba'a wa simolla
tsa gago o di gopotseng.

Ge e ka supa sefako mme o batla
go e thibella, o tla tsaya lefetlho la e
e namagadi o tshase mutla wa noko ka
yona, e nte e we ka name. O phatlaladitse
sefako. Ka Sekgatla go bidiwa:
'Mfalatsamaru'.

Hierdie is 'n kalbassie (1) wat genoem
word 'Leier-gee-vir-my-lig' of: 'Reën-
druppeltjies' of 'Man, leier, besoek vir
my'.

Hierin is die vel van 'n krokodil se
pens, en die slurp van 'n olifant en die
vet van 'n eland. Ook het hy die (wit)
haarpennetjie van 'n ysrervark in.

As hy op sy sy sou gaan lê as jy hom
in die water gesit het, dan wys hy dat
daar 'n 'wind' sal kom, d w.s. hael.

Indien hy regop sou staan, dan wys dit
dat dit 'n geseënde jaar sal wees.

Indien hy met die 'horing' sou steek
dan wys hy na haelstene.

Indien jy hom in die water sou plaas,
en hy sink dan wys hy dat daar baie
reën is. (2)

As jy hom wil gebruik om 'n 'vroulike'
reën te laat kom, wat nie 'n gedreun
(van donder) het nie, dan hanteer jy
hom met jou linkerhand. As jy jou
regterhand gebruik dan wil jy 'n reën
met gedreun hê.

Terwyl jy hom gebruik moet jy nie
by jou vrou slaap nie. Jy moet ook nie
iemand beveg nie. Jy moet ook nie vir
iemand kwaad word nie, totdat die mense
somervrugte eet.
Daarvandaan kan jy hom wegsit en begin
met jou eie sake waaraan jy dink.

Indien hy hael sou wys en jy dit wil
keer, dan neem jy die haarpen van 'n
wyfie en smeer die pennetjie van die
ystervark daarmee en laat hom vanself
val. Dan het jy die hael uitmekaar laat
spat. In *Sekgatla* word dit genoem:
'Wat die (hael) wolke uitmekaar laat
gaan'

- (1) 'n Kalbassie van omtrent 3" hoog met 'n vernouing 1" van bo. In die boonste deel is 'n gaatjie gesny en hierdeur is die boonste deel van die kalbassie volgestop met 'n swart vetterige preparaat. Ook steek hier 'n wit ystervarkpennetjie of haar, omtrent 1/2" vêr uit. Hierdie wit pennetjie stel die hael voor.

Die kalbassie 'Leier-gee-vir-my-lig' is 'n belangrike kragmiddel teen hael en om dit te laat reën

Hierdie Matabele-*ngaka* woon al 20 jaar onder die Kgatla.

- (2) Soos hier beskryf, word die kalbassie se gedrag as dit op water geplaas word geïnterpreteer as 'weervoorspelling'. Maar dan kan dit ook hanteer word om reën of hael of stilte te bewerkstellig.

D.5

GO FETLHA PULA

(Matabele-*ngaka* woonagtig tussen Kgatla van Botswana 1952)

Go fetlha (1) pula, o lokela
Ntšhengwe (2) mo nkgwaneng ya
Setswana, o tshelle metsi mo teng,
o sa e tlatse: e le metsi a o a
gellang kwa nokeng a sa nowa ke batho.

O tsei *Thetsane* (3) o di kyabetlele
mo pitseng.

O tsei lefetlho la *Morala* (4), o tsei
kgophane (5) le yona o e kgabetlele.

Yaanong o lebella letsatsi, nte le
tswe, o bo o ye mo lebatleng o epele
nkgwana, o e epele fatshe o loketse
lefetlho.

O bo o batla *motho o montsho*, a e
fetlhe. Le tla tswa lefulo le le tona. Mme
ge a ka bona lefulo le wela ntlha engwe
ya pitsana, a se ke a fetlha A tlogele,
a se ke a ntsha lefetlho. Ke gore go ka
tsoga phefo, sefako le le seng pila.

Ge a ka fitlha lefulo le tshologa dintlheng
tsotlhe, le siame; o tla fetlha a ba a tsa'a
lefulo la teng a e tshella mo gare ga tlhogo.
Go tsweng fano a siame mo gae, le be le
wele fatshe.

Mme pula e tla nna ka letsatsi leo e be
e tlatse pitsa eo!

Ge re tsa'a *Ntšhengwe* re latela mafsi
a yona, gore pula e rothe, e se ke ya nna
maru fela.

Ge re tsa'a *Thetsane* re lata lefulo la yona,
ke go re e tle ka pele.

Ge re tsa'a *Kgophane*, re lata borethe
gore pula, e se ke ya tla ka modumo, kampo
phefo, kampo sefako.

OM REËN TE 'MAAK'

Om reën te maak,⁽¹⁾ plaas jy melkbol⁽²⁾
in 'n Tswana-kleipot en gooi daar water
in sonder om dit vol te maak: - d.w.s.
water wat jy by die rivier skep (of put
of fontein) waarvan mense nog nie ge-
drink het nie.

Jy neem dan *Schizocarphus* (3) en
kerf hulle fyn in die kleipot.

Jy neem dan 'n klitsstok van Trans-
vaalse katjeepering (4) en neem ook
'n grasaalwyn (5) en kap die ook fyn.

Jy wag dan vir die son om op te kom
en dan gaan jy na 'n kaal stuk grond
en grawe 'n gat vir die kleipot en sit
die daarin met die klitsstok binne in.

Dan soek jy 'n swart mens om dit te
klits (deur die hande vinnig te draai).
Dan sal daar baie skuim kom. As hy sou
sien dat die skuim aan die een kant van
die pot wil afloop dan moet hy nie klits
nie. Hy moet ophou, sonder om die
roerstok uit te haal. Die rede is: dat daar
dan wind kan ontstaan, hael wat nie mooi
is nie.

As hy vind dat die skuim aan al die
kante oorloop, dan is dit reg; hy 'klits'
en neem dan van daardie skuim en gooi
dit bo-op sy kop. Hiervandaan moet hy
in die stat in hardloop sodat dit afval
op die grond.

En dit sal dan daardie dag reën en
daardie kleipot vol maak!

As ons die melkbol neem dan is ons
agter die melk aan sodat die reën kan
drup en dit nie net wolke bly nie.

As ons die *Schizocarphus* neem dan
wil ons die skuim daarvan hê, omdat dit
baie gou te voorskyn kom.

As ons die grasaalwyn neem dan is ons
agter die glibberigheid aan sodat die reën
nie met donderweer moet kom nie, of
wind of met hael nie.

(1) *fetlha*: om met die twee hande 'n stok vinnig te draai, soos vir vuurmaak, of om 'n vloeistof te klits. '*Go fetlha pula*' 'n vaste uitdrukking vir 'om reën te maak'.

(2) *Ntšhengwe*: (433) *Raphionacme burkei* N.E. Br. melkbol; 'n bolplant met 'melk' wat kan skuim.

(3) *Thetsane*: (16) *Schizocarphus* (of) *Scilla* sp.

(4) *Morala*: (344) *Gardenia spatulifolia* Stapf & Hutch. Transvaalse katjeepering

(5) *Kgophane*: (75) *Aloe transvaalensis*, grasaalwyn.

D.6

RAMAITSANE

(Kgatla-segman, Sikwane, Botswana, 1953)

Ramaitane, ke gore motho o a neng a tsoma basimanyana mo nageng. O na a romilwe ke kgosi go tsoma mosimanyana wa go *fetlhela* pula. (1)

E tla re ge lefatshe le omile, pula e sa bonale, morafe o tla ya kwa kgosing ba re: "Morena, re batla pula, re bolawa ke tlala. A ko o re rapelle pula."

Jaanong o tla ba busetsa kwa gae, a re:

"Ke a utlwa, ke tla ne ke bona."

Jaanong o tla roma motho o o ikanyegang o o bidiwang Ramaitane, a mo raya a re:

"Tsamaya o ye o batle konyana e ntshunyana mo nageng! "

Go tloga teng foo, ene monna o o tlhopilweng ke kgosi, o tla ya kwa nageng kwa legageng, kwa diaparo tsa gagwe di nang teng. Mme diaparo tse ke tse a di dirileng ka matlalo a phiri. Kuane ke 'tlalo la tshweni, gammogo le molomo wa teng. Go na le kgetsi yagwe e tona ya matlalo, le molamu.

Ge a fitlha ka kwantle a sena go apara, o tlo tsama'a mo sekgweng.

Basimane yaanong ba tla ne ba tsamaya ba disitse. Ene Ramaitane o tla ba latela ka sephiri a kukuna. Ge a ba atamela o ema ka dinao, a re: "Tlhogomoime! Tlhogomoime! " (2)

Ge ba tshaba: "Yêê! , Yêê! " êne o koba o a mo setseng morago, a mo itaya ke molamu: 'ratha'! , a mmolaa a swa.

O mo lokela mo kgetsing e a e tshotseng. Jaanong o boela kwa legageng a ba a apola diaparo tsa gagwe. Le setopo o tla se tlogela foo. O tla boela kwa gae a yo bolella kgosi gore:

"Konyana ke e bonye."

RAMAITSANE

(Vanger van mensoffers)

Ramaitane, d.w.s. die mens wat seuntjies gevang het in die veld. Hy was gestuur deur die hoofman om 'n seuntjie te soek waarmee reën 'gemaak' (1) kon word.

Wanneer die land droog is, en daar geen reën is nie, dan sal die volk na die stamhoof gaan en sê: "Kaptein, ons het reën nodig, die honger maak ons dood. Bid tog vir ons vir reën."

Hy sal hulle dan huistoe laat gaan en sê:

"Ek hoor, ek sal sien."

Hy stuur dan iemand wat betroubaar is wat *Ramaitane* genoem word en sê aan hom:

"Gaan en soek 'n swart skapie in die veld! "

O tla mo nosa mo gotlhe mo ka byalwa; phafana. G'o sen'oma mo nosa, o tsa'a Thepe, wa mo apela gape, o e mo nose. Go ya go timolla bogale bo ba setlhare se.

Yaanong monna ge a sena go se nwa, o tla tswa madi mmogo le moroto mme go fisa thata. Go tla dira gore a kue.

Ka letsatsi leo o tla bo a ntse a le mo botlhokong. E tla re kamosa a ikutlwa botoka. O tla thusega.

Die bas van die Mosetlha word geneem, jy stamp dit fyn nadat dit droog geword het, en jy meng daardie meel, 'n halwe teelepelsvol, (in die medisyne).

Jy neem die wortels van die Thepeplant, stamp dit fyn, selfs al is dit nog sappig, en meng dit met die huilbos.

Vervolgens neem jy die kewe wat genoem word "Mans-laat-huiler", maak dit droog met vuur, en maal dit dan. Jy sal die man dan net 'n mespunt daarvan laat drink, slegs een maal, aangesien dit 'n persoon kan doodmaak

Jy sal hom dit alles laat drink met bier — 'n kalbas vol. Nadat jy hom laat drink het, neem jy Thepe en maak vir hom 'n aftreksel en laat hom dit drink. Dit help om die skerpheid van hierdie medisyne te verminder.

Nou sal 'n man nadat hy dit gedrink het, bloed saam met sy urine laat uitkom en dit sal verskriklik brand. Dit sal hom hardop laat gil.

Daardie hele dag sal hy in pyn verkeer. Die dag daarna sal hy beter voel. Hy sal baat vind (by hierdie behandeling)

E.8.

SENANATSWII(1)

(Kgatla-ngaka, Pilansberg, Tvl 30.7.1962)

Senanatswii ke pheko e kgolo ya boloi. Ke gore motho ge a loilwe ka yona o a budologa mme o nwa metsi thata. Mme la bofelo ke gore a swe Mme mo lenakeng la tshitlho le tshwanetse go tsena, le tle le thibelle meleko.

DIE OPBLAASPADDATJIE(1)

Die opblaaspaddatjies, is 'n belangrike kragmiddel vir toordery. Dit beteken dat as iemand daarmee getoor is, swel hy op en hy drink baie water. En op die ou end dan sterf hy. Maar in die 'medisynehoring' moet hy (die paddatjie) kom sodat dit pogings tot toordery kan afweer.

E.9.

TSHWENE LE BOTSOFE

(Kgatla-ngaka, Pilansberg, Tvl. 11.10.1962)

Ke bontshitswe ke ntatemogolo mo pontshisong gore ge batho ba kajeno ba sa tsofala jaaka ba bogologolo, molato ke gore ba tlogetse tlhago ya bogologolo ya dipheko tsa bo ntataabonamogolo.

BOBBEJAAN EN OUDERDOM

My afgestorwe oupa het aan my getoon in 'n openbaring dat die rede waarom vandag se mense nie soos dié van lank gelede oud word nie, is omdat hulle die sedes van lank gelede verlaat het, wat die kragmiddele van hulle voorvaders betref.

(1) *senanatswii*: opblaaspaddatjie

E.9.

Pheko ya go tsofala e e tsenang mo lenakeng, ke lerapo la tshwene e e kgologolo; e e sa tsholeng e na le bowa.

Ge e ka tsena mo lenakeng la mmele wa motho, ene o tliilo tsofala, moriri wa gagwe o bo o nna boleta jaaka wa tlhago ya motho; jaaka wa lesea ge le tsalwa.

Kegore a tsofala mo a kabeng a kopa Modimo wa gagwe gore bogolo a newe boikhutso ka a bonye bana ba bana bana.

E.10.

MOROTO WA TSHWENI(1)

(Hurutshe-ngaka, Pilansberg, Tvl. 23.2.1963)

Ke setlhare se se golo sa ditlhabi, le go *tshukgega* ga leoto.
Se siame thata.

Motho ge a bolawa ke *ditlhabi*, ke mo silela moroto wa tshweni. Ke tsaya ngatanyana e e kana ka leswana la tee. Ke tshela bupi mo metsing, ke fuduwa — aa nwa gangwe fela ka letsatsi. Mme o tla ikutlwa botoka ka letsatsi la boraro. 'Beke' e tlang a ka nwa gape. O tliilo fola.

Ge e le *matlho*, ke tshela lerole la moroto wa tshweni mo 'botlojaneng', ke be ke tshela metsi, ke se kgotlokgotsa se be se šibila. Ke be ke rothetsa mo matlhong. A tla nna botoka thata.(2)

Motho, ge go *tsibogile* leoto mo malakollong, gongwe mo lebogong, — mmele, fa gongwe le fa gongwe: re a se sila, re mo *tlhabele* ka sona.(3)

Le go jewa — se siame thata. Bo tlhatswa madi. — O tla fola. Fela se tliilo baba.

Die kragmiddel om oud te word wat in die medisynehoring kom, is 'n(stuk) been van 'n baie ou bobbejaan, wat nou nie meer hare het nie.

Indien dit gesit sou word in die horing (vir die beskerming) van 'n mens se liggaam, dan sal hy baie oud word, en sy hare weer sag word soos dié van 'n mens by sy aankoms; soos dié van 'n baba as hy gebore word.

Dit wil sê hy word so oud dat hy . . . liewers vir sy God wil vra dat aan hom rus gegee moet word, aangesien hy die kinders se kindskinders gesien het.

BOBBEJAAN-URINE(1)

Dit is 'n baie belangrike 'medisyne' vir pyne, en oë, en vir die swik van 'n voet Dit is baie goed.

As iemand ly aan pyne (in sy liggaam) dan maal ek vir hom van die (gekoekte) urine van die bobbejaan. Ek neem 'n stukkjie so groot soos 'n teelepel. Ek gooi die poeier in water en roer dit. Hy moet dit een maal per dag drink. En hy sal beter voel op die derde dag. Die volgende week kan hy dan weer drink. Hy sal gesond word.

As dit (seer) oë is, dan gooi ek Bobbejaan-urine-poeier in 'n botteltjie en voeg water by, en skud dit tot dit rooierig word. Ek drup dit dan in die oë. Hulle sal beter word.(2)

As iemand se voet by sy enkel verswik het, of in sy arm, — die liggaam, of enige plek: ons maal dit fyn en kerf hom daarmee in(3)

En wat eet betref — dit is uitstekend. Dit reinig die bloed. — Hy sal gesond word. Maar dit is net baie bitter.

- (1) Die 'Bobbejaanurine' is stukke hardgekoekte bobbejaan- en dassie-mis en urine, wat pikswart en glansend is van die urinedeurdrenking. Dit het 'n skerp ammoniak reuk, en dit sou 'n baie skerp smaak hê volgens Sesuane, wat 'n stukkjie afgebyet en geëet het om te demonstreer!
- (2) Hy noem die naam van 'n Bantoe leraar wat hy ook gehelp het.
- (3) '*tlhabele*': 'inkerf'; d.w.s. snytjies maak en die poeier invryf.

E.11.

SEOLO SA MOTLHWA

RYSMIERNES

(Kgatla-ngaka, Mathubudukwane, Botswana. 1953)

Seolo⁽¹⁾ se na le ditiro tse di dintse thata, yaaka ge se diriwa ke motlhwa, kagore ó se bopela ka mathe. Maswe a otlhe a lefatshe, mme motlhwa o 'ira selo se segolo thata.⁽²⁾

Ke molemo wa 'mmaaruri! Ke gore ke melekô yotlhe ya lefatshe.⁽³⁾

Re tsa'a bana ba ôna, ba ba kwa tlase ga seolo, mo di tsaletseng teng, ge motho a lwala, jaaka ditlhabi, a sena borôkô.

Re o apei *matlhôgotlhôgô*,⁽⁴⁾ kegore kobo ya kgosi. Mme go *moila*⁽⁵⁾ thata gore ge a fetsa 'o o nwa, o o apei gabedi molwetsi ô, *matlhôgotlhôgô* ana. Ge a fetsa, re a tshella mo matlhakung, Ga re. se boelle. Re simolla se sengwe gape.

Go seke ga rothélla sepê fa fatshe. Ke moila ge motho a ka se gata. Ke *mogatô*⁽⁶⁾ ge motho a se gatile. Molwetsi a ka se fole.

Ge ke epa *matlhôgotlhôgô* a seolo, ke a anega mo lapeng gore a ome. Ka gore ge ke sa a anega a tla tswa seolo, kagore a tlaa ba a bopagane, bana ba teng ba sa swa. Ke mo ke se rutilweng ka teng.

Seolo sa motlhwa, ge se na le tirokgolo yaana, ke gore se ka'a badimo, jaaka badimo e le ôna seolo.⁽⁷⁾

'n Rysmiernes se 'koeke'⁽¹⁾ het baie gebruike soos wat dit deur die rysmiere gemaak word, want hulle maak dit met speeksel. Al die onreinheid van die wêreld, maar die rysmiere maak (daarvan) iets groots.⁽²⁾

Dit is nou waarlik 'n middel! Want dit behels al die pogings tot toordery van die wêreld.⁽³⁾

Ons neem die rysmierlarwes wat onder in die nes is, waar hulle eiers gelê het, as 'n mens siek is en byvoorbeeld pyne het en nie kan slaap nie.

Ons kook daarvan die sponserige koeke⁽⁴⁾, d.w.s. die (rysmier) koning (-in) se kombers. Maar hier is 'n belangrike rituele vermyding (taboe)⁽⁵⁾ naamlik om nie weer nadat (die kranke) klaar gedrink het, dan vir die tweede keer dieselfde 'koeke' te kook vir hierdie kranke nie. As hy klaar (gedrink) het dan gooi ons (die koeke) in 'n takheining. Ons herhaal nie daarmee nie. Ons begin weer met 'n ander (koek).

Daar mag niks op die grond val nie. Dit is 'taboe' as iemand daarop sou trap. As iemand daarop trap dan is dit 'n 'vertrapping'⁽⁶⁾ Die kranke sal nie gesond word nie.

As ek rysmierneskoeke uitgrawe, sit ek dit oop in die son by my huis om te droog, Want as ek dit nie droog nie, dan sal hulle begin nes maak want hulle is dan saam, en die kleintjies is nie dood nie. So het ek dit geleer.

As 'n rysmiernes so belangrik is, is dit omdat dit die voorouergeeste bedoel, soos wat die voorouergeeste juis die rysmiernes is.⁽⁷⁾

-
- (1) *seolo*: rysmiernes, hier is dit die sponsagtige binneste van die nes.
 - (2) Skynbaar word bedoel dat die rysmiere van alles gebruik maak, goed en sleg; as hulle dit opvreet en daarmee nes maak.
 - (3) Al die vorms van towery en die middele wat daarvoor gebruik word is volgens bewering aan die rysmiere bekend, en kan deur hulle verwerk word. Hulle is ook in verbinding met die *badimo* (voorouergeeste).
 - (4) *matlhôgotlhôgo* die sponserige koeke van 'n rysmiernes; tuiste van die voorvadergeeste.
 - (5) *moila*: rituele vermyding. (taboe)
 - (6) *mogato*: 'vertrapping', jy 'trap op' 'n kranke as jy sekere dinge doen, en verminder daardeur sy kanse op herstel.
 - (7) Hiervolgens woon die voorouergeeste in en onder 'n rysmiernes, en deur rysmiere te gebruik kry jy die voorouers self om jou te help.

E.11.

Le mosadi, ge a sena ngwana, re mo isa kwa teng kwa seolong. O apelwa dithare kwa teng. Re ya re tshotse pitsa ya Setswana, le bupi ba mabêlê, le metsi le 'tlhare di le pedi: Mod' 'a *Moretwa* le wa *Mupudu*; mme re ya kwa seolong.

Re 'ira *kgotontswane*, ke gore legaganyane mo go ka godiwang mollo teng. Re tsa'a matlapana a le mararo, matshêgô, re a ba'a ka kwa teng a apa'a pitsana. Ge metsi a bela, re a faga, bo a kgakgatha (10)

Ook 'n vrou, as sy nie 'n kind het nie, neem ons haar na die mierhoop. Medisynes word daar vir haar gekook. Ons gaan met 'n Tswana-kleipot en koringmeel en water, asook twee plante: die wortels van rosyntjebos⁽⁸⁾ en van 'n moepelboom;⁽⁹⁾ ons gaan daarmee na die miershoop.

Ons maak 'n bakoond; dit wil sê 'n grotjie waarin 'n vuur gemaak kan word. Ons neem drie klippe as stutte, en sit hulle binne in (die grotjie) sodat hulle die potjie kan laat kook. As die water kook, dan maak ons pap, en dit staan en borrel(10)

E.12.

MOLALATLHAGENG. (11)

(Kgatla-ngaka, Botswana 20.10.1952).

Molalatlhageng ke lerapo la motho o mosweu kampo montsho o a bolailweng ka matlapa, kampo ke batho. Mme e seng o a suleng ka bolwetse. O o na a phela sentle.

Ga re batle go alafa ka moswi. Ge a n'antse a phela sentle a ba a welwa ke kotsi, ke gore madi a gagwe a ne a ntse a siame fela, a sa lwale.

Fa gongwe lerapo la motho mosweu le ka feta la motho montsho, ka gobane motho mosweu o kgopolo thata e e tsamaelang kwa pele thata. Yona e bofefo kapele-pele go feta ya motho o montsho. — Ke gore e tla nkokeletsa matlhogonolo.

Kampo e ka re, ge le lwa le morafe o mongwe, mme le tsa'a molalatlhageng wa kgosana ya bona kampo dipheko mo go ene, le ba tsere thata yotlhe. Ntwa ele le e tsere thata yotlhe. Ba tla nyema môkô. Ke moka le ba gapetseng kgosi.

'LÊER IN-DIE-GRAS'(11)

'Lêer-in-die-gras' is die been van 'n witmens, of 'n swarte, wat doodgemaak is met klippe, of deur mense; maar nie een wat dood is weens siekte nie. Hy wat voorspoedig (goed) geleef het.

Ons wil nie met iemand wat 'n natuurlike dood gesterf het 'dokter' nie, (maar) met iemand wat nog gesond geleef het en toe deur 'n ramp oorval is, dit wil sê sy bloed was nog gesond, hy was nie siek nie.

In sommige gevalle is die been van 'n wit mens sterker as 'n swart mens s'n, omdat 'n wit mens 'n vreeslike gedagte (heldere verstand) het wat baie ver vooruit loop. (Sy been) werk baie vinniger as 'n swart mens s'n. Dit wil sê hy sal vir my seëninge vermenigvuldig.

Of as dit sou gebeur dat julle teen 'n ander stam veg, en julle neem die been van 'n onderkaptein van hulle, of (julle neem) 'kragmiddele' van sy (liggaam), dan het julle al hul krag afgeneem. Julle het al (hulle) krag in daardie geveg afgeneem. Hulle sal moed verloor. Dit is net of julle hulle stamhoof ontvoer het.

(8) *Moretwa*: *Grewia flava*, rosyntjebos.

(9) *Mupudu*: *Mimusops zeyheri* Sond. moepel.

(10) Die *ngaka* het hierdie vertelling nie voltooi nie, maar skynbaar word na aanleiding van 'n ander teks, hier vir die voorouergeeste pap gekook deur 'n vrou wat 'n kind vra.

(11) *molalatlhageng*: 'hy wat in die ruigte lê', dus enige deel van 'n mens se geraamte. 'n Baie belangrike bestanddeel en van die sterkste kragmiddele wat daar is.

E.12.

Le ge e le o mongwe jaaka ngwana, a ka tsengwa mo ditlhareng. Mme seo ke sephiri Mo polaong ga re go batle. Ba ka tsa'a motho ba bona a sule. Kampo ngwana ge a tswa a sule mo botsalong. Foo a ka nna a dirisiwa, ka go iphitlha.

Mo dinakong tsa bogologolo ke gona re utlwang gore go ka tsewa motho o montsho. Gatwe o na a bolawa a tlhakangwa le ditlhare tsa pula.

Molalathageng ke lerapo la motho, fa kae le fa kae. Aotlhe a siame, mme e le motho o o bolailweng, eseng o o suleng ka bolwetse.

Tiro ye teng bogolo ke go tsena mo diphekgong: e ntsho e, le e e tshubuyang, kegore leswalo. Ke tsona tse di bitsang matlhogonolo. Eseng leino, leine ke selo fêla!

Go tshwana jaaka 'netlane' ya basadi: '*mogolowa-ngwana*'⁽¹²⁾ Kwa kgomong r'a re ke motlhana. Mme o a tlhokega thata mo diphekgong. Ke sephoko se se tona. Tiro ya teng ke go silwa le go tlhakangwa le dipheko tse.

'Mogolowangwana' o batliwa mo diphekgong, gore e re ge mosadi a tshola ngwana, mme go pala, Modimo o mo thuse a belege, a tshole ngwana ka pele. Mme go tsewa go le gonye fela. O a jesiwa, kampo go a tshubiwa a ba a aramediwa. Ge Modimo o rata, ke kapele fela!

En selfs ook as dit iemand anders is, soos 'n kind, kan hy in die medisynes gesit word. Maar dit is 'n geheim. Ons hou nie van 'n moord nie. Hulle kan iemand neem wat hulle sien dood (verongeluk) is. Of 'n kind wat dood gebore is. In so 'n geval kan hy gebruik word, maar in die geheim.

In die ou tye hoor ons het hulle 'n mens geneem wat swart is (donker van kleur). Hulle se hy is doodgemaak en gemeng met die reënmedisynes.

'Lêer-in-die-gras' is enige been van 'n mens. Al (die bene) is goed, maar dit moet 'n mens wees wat doodgemaak is, en nie een wat doodgegaan het aan 'n siekte nie.

Dit word veral gebruik in die krag-middele: hierdie swart een (van die medisynehoring) en die een wat aan die brand gestee word, naamlik die krag-salf. Dit is hulle wat seëninge afvra. Maar nie 'n tand nie. 'n Tand is sommer 'n ding!

Dit is soos vrouens se 'wat-se-naam': 'die-ouer-van-die-kind', die *placenta*.⁽¹⁾ By 'n bees noem ons dit die nageboorte. En dit is baie noodsaaklik in die krag-middele. Dis 'n baie belangrike kragmiddel. Dit moet gemaal word en met die ander kragmiddele vermeng word.

Die nageboorte is nodig in die krag-middele, sodat as 'n vrou besig is om geboorte te gee, en dit nie regkry nie, dat die Here haar kan help en sy spoedig kan baar. Daar word net 'n bietjie van geneem. Sy moet dit eet, of dit word aan die brand gestee en sy moet dit inasem. As die Here wil dan gaan dit baie gou.

(12) '*mogolo-wa-ngwana*': 'die-ouer-van-die-kind', *placenta*.

Omdat die *ngaka* in sy *dipheko* (kragmiddele) menslike liggaamsdele nodig het van 'n persoon wat nog lewe of wat 'n geweldadige dood gesterwe het, is die *placenta* hiervoor geskik. Hier ook om by bevallings te help.

E.13.

RABOLO

(Kgatla-ngaka, Modipane, Botswana 25.10.1956)

Rabolo, ke gore polometsi kampo gopane ya metsi, ke *motsididi*(1)

Ke gore motho o o 'berekisang' ditlhare tsa gagwe o di kopanya le rabolo, mme diatla tsa gagwe di tla nna tsididi. Ke gore balwetse ba tla fola.

Le ge e le dikgomo, e tla ba dikgomo tse di *fodileng*(2) tse di tlhabilweng ke phefo nako engwe le engwe.(3)

Gopane wa metsi o emetse *dikgaba*(4) ebile o emetse *meleko*(5) e e tlang, gore e be maruru.

Kampo ge o fitlhela motho o o lekilweng, ditlhare tsa gago di nne maruru, tse di ka mo phekolang.

Kegore ke lesego. O dira mo maswalong le mo melekong.

O dira ga tona mo bathong ba ba lwalang *makgôba*(6) Ene o a tsena, a kopanye le gopane wa naga.

Setlhare sese kopanwang le dilo tse ke: *Tshipidibogale*(7) kampo *Morarwana*.(8) Ditlhare tse di kopanwang mo mothong ge a kgopilwe,(9) o tsaya *motlho* medi ya teng, wa mo arametsa. Mme o tsaya diphologolo tse pedi tse, mafura a tsona, o di kopanye le motlho. Yaanong o tlotse molwetse ditokollo tsotsotlhe.

WATERLIKKEWAAN

Die waterlikkewaam is 'n 'koud-maker'(1)

Dit beteken dat die persoon wat sy medisyn laat 'werk', hy moet dit meng met die waterlikkewaam, en dan sal sy hande 'koud' wees. Dit wil sê die krankes (wat hy behandel) sal gesond word.

Selfs by beeste, sal dit beeste wees wat gesond is(2), vir wie 'daar 'n windjie waai' te alle tye.(3)

Die waterlikkewaam waak teen familieverwensing(4), en waak ook teen (toor)-aanvalle(5) wat kom, dat hulle 'koud' (nie kwaai) moet wees.

Of as jy by iemand kom wat reeds 'geprobeer' is (om hom te toor), dat jou medisynes 'koud' moet wees, wat hom sal beveilig.

Dit is dus 'n seënbrenger. Jy gebruik dit in beskermingsalf en vir aanvalle van toordery.

Jy gebruik dit veral onder mense wat ly aan *'makgoba*-siekte.(6)

Hy (die waterlikkewaam) moet hier by kom asook die veldlikkewaam.

Die plant wat by hierdie goed kom is *Sphedamnocarpus pruriens*(7) of *Morarwana*.(8) Die plante wat bykom in die geval van 'n mens as hy 'ge-laat-struikel' is(9) : Jy neem kweekgras, die wortels daarvan, en laat hom die dampe inasem. En jy neem genoemde twee diere, hulle vet, en meng dit met die gras. Dan vryf jy al die ledemate van die kranke daarmee in.

-
- (1) *motsididi*: 'koud-maker'; dit is van die uiterste belang dat 'n strawwe behandeling die pasiënt nie moet 'warm maak' nie. Die kranke en die dokter moet koel bly.
- (2) *fodile*: gesond; maar die stam *go fola* beteken ook 'om af te koel'. Om 'afgekoel' te wees is om gesond te wees.
- (3) hulle bly altyd koel.
- (4) *dikgaba*: rusies van familie wat mens siek maak.
- (5) *meleko*: 'probeerslae' van hulle wat jou wil toor.
- (6) *makgôba*:
- (7) *Tshipidibogale*: (Pl. 340) *Sphedamnocarpus pruriens* (Juss.) Szysz.
- (8) *Morarwana*:
- (9) *kgopilwe*: iemand het hom 'laat struikel' m.a.w. hy het siek geword nadat hy 'n vreemde vrou besoek het

E.13.

Ge a ne a *nnanye*⁽¹⁰⁾, o tshwanetse go tsoga ka letsatsi la boraro. Mme o kopanye le setlhare se se bidiwang *Madi-a-phalane*, kampo *Motlhatswameno*⁽¹²⁾ kampo "Rooistroom"⁽¹³⁾.

Al was hy inmekaar getrek en verlam⁽¹⁰⁾ dan behoort hy op die derde dag op te staan. Jy het dit dan vermeng met 'n plant wat genoem word *Bergia decumbens*⁽¹¹⁾, of rooihoutjie⁽¹²⁾, of rooistroom⁽¹³⁾.

E.14.

LETLALO LA 'GOPANE WA NOKA'
(KWENA)

Kgatla-ngaka van Mathubudukwane, Botswana

DIE VEL VAN DIE 'WATERLIKKEWAAN'
(KROKODIL)

1952)

Pheko e, e dirisiwa, mosadi 'ge a ya bathong'. Ke gore ge a le merwalo, mme a ikutlwa go belega, mme go palega.

Hierdie kragmiddel word gebruik 'as 'n vrou na die mense gaan'. Dit wil sê as sy swanger is en wil geboorte gee, maar dit nie regkry nie.

Kegore o tsaya seripa sa letlalo la kwena, se se kanang ka 'tiki', o le tshube ka mollo, o bo o le sila. O bo o tsaya se se ka tshwanang le 'kopi', o le tshelle metsi le bopi bo ba letlalo, wa mo nosa.

Jy neem naamlik 'n deel van die krokodil se vel, so groot soos 'n tiekie, en braai dit met vuur, en maal dit fyn. Jy neem dan iets soos 'n koppie, gooi daar water in, en die gepoeierde vel, en laat haar drink.

Ge a sen' o kadumetsa, o tla tsa'a kopi eo o e kolopele ka kwa morago gagwe. Ge go latlhiwa kopi kwa morago ga mosadi, ke thapelo gore Modimo o thuse, ngwana a tswe.

Nadat sy gesluk het neem jy daardie koppie en gooi dit agter haar. As die koppie so agter die vrou gegooi word, dan is dit 'n gebed dat *Modimo* moet help dat die kind gebore word.

Yaanong wa mo tlogela. Mme re tla mo lebêlla gore a Modimo o mo *role*⁽¹⁴⁾ jaanong. Ge Modimo o rata, o tla tshola ngwana sentle fela. Le ka molomo re ntse re rapela ra re: "A Modimo o thuse ka tiro e re e dirang. A Modimo o thuse!" Mme ge Modimo o rata, o thusé. Ge Modimo o sa rate, go palege. Ke gore tsotlhe di tswa maatleng a Modimo.

Jy verlaat haar dan, Ons sal haar dophou dat *Modimo* die las van haar nou moet afhaal⁽¹⁾. As *Modimo* wil sal sy nou normaalweg geboorte gee. Ons bid ook deurentyd met die mond en sê: "Mag *Modimo* help met hierdie werk wat ons doen. As *Modimo* wil, help Hy. As *Modimo* nie wil nie, dan slaag dit nie. Dit is omdat alles kom uit *Modimo* se krag.

Ge go palega go ka lekwa gape ka merinyana e e ka epywang, jaaka *Lefetlhwane*, kegore *Fulwane*.⁽¹⁵⁾

As dit nie slaag nie, kan weer probeer word met plante wat gegrawe word soos basterolien, dit wil sê wildevlier⁽¹⁵⁾.

Letlalo le la kwena le a tlhokega thata mo diphekong. Tiro ya teng, ke go tiisa pheko eo gammogo le ditlhare tse dingwe. Kana bo rraetsho ba re: "Tlou ga nke e bolawa ke lerumo le le lengwe". Kegore ge o tlhaba ka marumo a le mantsi, e tla wela fatshe.

Hierdie krokodilvel is noodsaaklik in die kragmiddele. Die funksie daarvan is om daardie kragmiddel te versterk saam met ander plante. Ons vaders sê: "'n Olifant word nie met een assegaai doodgemaak nie." Dit beteken dat as jy met baie assegaai steek, dan sal hy op die grond val.

(10) *nnanye*: van *go nnanya*: om inmekaar getrek en verlam te wees.

(11) *Madi-a-phalane*: Pl. 628) *Bergia decumbens* Planch. ex Harv.

(12) *Motlhatswameno*: (Pl. 568) *Rubia petiolaris* D.C. kleefgras, rooihoutjie.

(13) 'Rooistroom' vir '*Monnamontsho*' *Cadaba aphylla* (C. juncea Harv.).

(14) *rola*: die las wat sy dra van haar afhaal.

(15) *Lefetlhwane*: *Fulwane*: (Pl. 551) *Buddleia Saligna* Willd. basterolien, wildevlier.

E.14.

Pheko le yona e ntse jalo. Bagologolo ba re: "Sedikwa ke mpyapedi, ga se thata". Ge mpya e le engwe, se thata. Ke lona lentswe le le reng: "Moesi ke mmedi". Ke gore: ge o le nosi, ga o kakke wa kgona selo se. Se ka go palla. Ge le le babedi le kakgona se se pallang motho a le mongwe.

Fela jalo, mo bolwetseng. Ge ngaka a bona gore go a mo palla, o tla re: "A go tsene o mongwe, a tle a leke. Gongwe Modimo o tla mo thusa; o tla bona." Le ene ge a pallwa, go batlwa engwe ngaka.

Die kragmiddel is ook net so: Die ou mense sê: "Hy (die roofdier) wat omring is deur twee honde is nie moeilik (om dood te maak) nie". As daar net een hond is, is dit moeilik. Dit is dieselfde as die woord wat sê: "Om alleen te wees is twee". Dit wil sê as jy alleen is sal jy hierdie saak nie regkry nie. Dit sal jou baasraak. As julle twee is, kan julle regkry wat een alleen sal baasraak.

Net so is dit in krankheid: As die *ngaka* sien dat dit hom baasraak, sal hy sê: "Laat 'n ander een kom om te probeer. Miskien help *Modimo* hom; hy sal sien." En as ook hý nie kan nie, dan word weer 'n ander *ngaka* gesoek.

E.15.

**KWENA LE RABOLO DI
TSIDIFATSA MOTHO**

(Tlokwa-ngaka, Botswana 8.5.1955)

Kwena, kampo rabolo wa metsi, ke letsididi⁽¹⁾. Le *Tlhapadima*⁽²⁾ ke letsididi. Re ba tsenya mo metlhapisong⁽³⁾. Rabolo a re: "Wena motho o o fsang, nna ke nna mo go tsididi. Ke go re ke tsidifatsa bolwetse mo meleng."

Mme motho o re mo arametsang⁽⁴⁾, re tsaya masepa a kwena re a tshela mo pitseng e e sa khurumediwang; ra re ke yona sekhurumelo. Bollo bo tla tswa ge molwetsi a aramediwa.

**DIE KROKODIL EN WATER-
LIKKEWAAN 'KOEL' DIE MENS AF**

Die krokodil, of die waterlikkewaan is 'n 'afkoeler'⁽¹⁾. Ook die vygie⁽²⁾ is 'n 'afkoeler'. Ons sit hulle in 'was'-middele⁽³⁾. Die waterlikkewaan sê: "Jy mens wat brand (van die koors), ek bly in die koel plekke. Dit wil sê ek maak siekte in die liggaam koel."

Die persoon wat ons laat sweet⁽⁴⁾, (vir hom) neem ons krokodilmis en gooi dit in die pot wat nie met 'n deksel toegemaak word nie; ons sê hy (die krokodil) is die deksel. Die hitte (koors) sal uitgaan as die kranke (hiermee) gesweet word.

-
- (1) *letsididi*: is 'n 'koel' plant, of 'koel' dier wat in koel plekke bly (soos die krokodil) en wat gebruik word om die mens ook 'af te koel'.
 - (2) *Tlhapadima*: (Pl. 194) 'n vygie ongeïdentifiseer by Gaberones in Botswana.
 - (3) *motlhapiso*: 'n middel waarmee mense, diere en landerye besprinkel word om teenspoed af te weer.
 - (4) *arametsa*: om 'n stomende pot met 'medisyne' voor die sittende kranke te plaas en hom met komberse toe te pak om vir 'n paar minute lank uit te sweet.

E.16(a)

TSHERE

(Kgatla-ngaka van Pilanesberg, Tvl., 4.4.1963)

Ngwana wa lesea ge a lwala *bolwetse* bo bo bidiwang *segokgwana*, (ke gore matlho a gagwe a bulletse mme diatla di ntse di mo tshwara mo matlhong), ke tla ya go epa tshere, ke sa e bolae. Ke e tshwara ka diatla mo maragwaneng a yona.

E tla re ge ke tla ka yona e tlhaga e kudupanye, ke tla itse gore ngwana ga a lwale bolwetse bo ba segokgwana. Ge yone e ka phutolla diatla ke tla itse gore ngwana o lwala bolwetse, boo.

E tla re ge ke tsena ka kwa lapeng ka e pitikisa mo setlhareng se se bidiwang *Legetla*⁽¹⁾, ele bopi bo bo sitsweng ba teng.

Jalo ge, ke tla e atametsa mo matlhong a ngwana gore e mo ngape matlho a, eseng go mo loma. O tla tswa madi mo mangapong a yona. Mme yone tshere ke gone e tla bong e goga bolwetse boo ba ngwana. E bo tsere, jalo re tli' o e latlha kwa kgakala e tsamaya ka bona. Mantsiboa ao, ngwana o tla bo a lebella.

Kana tshere ke moloji. A ka go rurugisa leoto, le nna kana, mme e sa go loma; ke gore e go loile ka mowa.

Jaanong ge ke e pitikolla mo *Legetla*, ke gore ke a e dira gore e se go lome, fela e go ngape. Mme yona, ge ke e baa fatshe e tliilo latswa madi a ngwana mo matshoaneng a yona. E itsuntsunyetsa maboa a a yona mo mabogong a a neng a šibila ka madi a ngwana. Go rialo ke gore e ja bolwetse ba ngwana.

DIE BOBBEJAANSPINNEKOP

As 'n babatjie siek is aan wat genoem word 'vel skurfte' dit wil sê sy oë knip toe en dan vat hy gedurig aan sy oë), sal ek gaan om 'n bobbejaanspinnekop te gaan grawe sonder om hom dood te maak. Ek vang hom met my hand aan sy agterlyfie.

As dit gebeur dat ek met hom kom en hy hom inmekaar gekrimp hou, sal ek weet dat die kind nie siek is aan 'vel skurfte' nie. As hy sy 'hande' (pote) uitstrek, sal ek weet dat die kind daardie siekte het.

As ek in die *'lapa* (huisommuring) aankom, rol ek hòm (die spinnekop) in *Bulbine stenophyla*⁽¹⁾, nl. die gemaalde poeier daarvan.

Ek bring hom dan nader aan die oë van die kind sodat hy, (die spinnekop) hom aan hierdie oë kan krap, maar nie om hom te byt nie. Daar sal bloed by die krapplekke uitkom. En so sal die bobbejaanspinnekop die siekte uit die kind trek. Hy het dit nou geneem, en daarom sal ons hom daar ver weggooi sodat hy daarmee kan weggaan. Daardie aand sal die kind behoortlik kyk.

Die bobbejaanspinnekop is natuurlik 'n toornaar. Hy kan jou voet laat opswel dat dit só dik word, sonder dat hy jou byt; dit wil sê hy het jou met sy asem getoor.

As ek hom so rondrol in die *Bulbine Stenophyla*, dan maak ek hom so dat hy jou nie byt nie, maar jou net krap. En hy, as ek hom neersit dan gaan hy die bloed van die kind aflek van sy pootjies. Hy suig aan sy eie hare aan die pote wat rooi geword het van die kind se bloed. Deur dit te doen eet hy die kind se siekte.

(1) *Legetla* : (Pl. 483) *Bulbine stenophyla*.

E.16(b)

**SEGOKGO SE SE BIDIWANG
TSHERE**

Ke bolela tiro ya segokgo se se bidiwang tshere. Tiro ya tshere e kgolo mo kalafing ya bana ba ba lwalang bolwetse ba maswabi, kgotsa bolwetse bo bo bidiwang tlou.

Bolwetse bo, bo swabisa letlalo la ngwana, mme ngwana wa teng wa bulala kgotsa a tsoala matlho a gagwe, a nna a ngwaa dinko le matlho le molomo.

Go supa gore di a baba, mme ngwana wa teng ga a fetse go ingwaa.

Jalo tshere e kgona kalafi ya maswabi ka go e lomisa ngwana, e tshwerwe ka maoto a morago gore e mo ngape, ebong matlho le mmele wa ngwana, gore a lele ge e mo ngapa matlho.

E utlwa bolwetse mo ngwaneng. Go rialo re a be re tlotitse tshere ka pheko, gammogo le ngwana o a lwalang maswabi.

Dipheko tsa teng ke tse:

Ke *Legetla*, *sebatibogôgô*. *Sebatibogôgô* ke khukhwane e sematlana. E nna mo meokeng e suleng. Di kopangwa ka karametso. Morago o mo tlotsa mmele ka sona. O simolla go se mo lomisa mmele otlhe.

Jaanong ithuteng tshere; mosola wa yona pila gammogo le dipheko tseo.

**GO TSHWARA DINOGA TSE
DI KGOLO**

Mmutla ke tlholwe. Tlholwe e dira dimakatso. Ge ke re: *nôga* e tla swa, ke e neela tlholwe ka dipheko gore *nôga* e je tlholwe.

Ga ke re noga e tllilo loma tlholwe, tlholwe a swa?

Mme *nôga* e latswa tlholwe; ge e latswa boa ba tlholwe bo nna kana (4" lank). Yaanong noga e tsa'a tlholwe ya re e a e metsa. Boa ba tlholwe bo sala bo 'akile' mo menong a noga.

**DIE SPINNEKOP WAT
BOBBEJAANSPINNEKOP GENOEM
WORD**

Ek praat van die funksie van die bobbejaanspinnekop. Die bobbejaanspinnekop het 'n groot taak in die genesing van kinders wat 'verlep'-siekte het, of te wel wat olifantsiekte genoem word.

Hierdie siekte laat die vel van die kind verrimpel, en die kind met daardie siekte maak die oë toe, en hou aan om die neus te krap en die oë en die mond.

Dit wys dat dit jeuk, en daardie kind hou nie op om homself te krap nie.

So kry die bobbejaanspinnekop dit reg om die verrimpeldheid te genees deur hom die kind te laat byt, terwyl hy aan sy agterpote vasgehou word, dat hy hom krap nl. die oë en liggaam van die kind, sodat hy huil as hy so oë krap.

Hy bemerk die siekte van die kind. Dit wil sê ons het die bobbejaanspinnekop gesmeer, sowel as die kind wat die verrimpeling het.

Hier is die kragmiddele daarvoor:

Dit is *Legetla* en boombasgogga. Boombasgogga is 'n plat gogga. Hy woon in dooie doringboomstamme. Hulle word vermeng deur hulle te braai en die dampe in te adem. Daarna smeer jy sy lyf vir hom daarmee. Jy begin deur hom sy hele liggaam te laat byt.

So moet julle dan die gebruike van die bobbejaanspinnekop aanleer; die nut van hom sowel as die ander kragmiddele.

E.17

OM GROOT SLANGE TE VANG

'Haas', meen die (rooi) berghaas. Hy doen wonderwerke. As ek sê: 'n slang sal dood gemaak word, dan gee ek aan hom 'n berghaas met kragmiddele sodat die slang die berghaas eet.

Is dit nie so dat die slang die berghaas sal byt en die berghaas sal doodgaan nie?

Die slang sal dan die berghaas lek; terwyl hy lek word die hare van die berghaas net so lank (4"). Nou probeer die slang die berghaas insluk. Maar die hare van die berghaas bly vashaak aan die slang se tande.

E.17.

Yaamong ge e re e a tlhatsa tlholwe,
e be e 'haka' e e beta, e be e swa.

Noga ga e nke e tlhatsa. Ge e tlhatsa
ke ge e swa.

O tla e bona ka dintsi gore e sule, Byang
bobotlhe bo tllil' o tla la dintsi. Le byang
ga bo nke bo tshikinyega ge o kolopa
ka letlapa.

Ke gona ge o ka atamelang dinoga
jaaka botlhware, phika le mokopa.

Phika:

E tshwanakana le kgaka ka mala.

E sebilo se se ntsho mme e na le
marothodi a masweunyana.

Tlhware:

Ge noga e na le dimaro tse ditshweu
o itse ge e le tlhware.

Mokopa:

o montsho fela o o senang mala.

As hy nou probeer om weer die
berghaas op te gooi, dan haak die berghaas
vas, verwurg hom en die slang gaan dan
dood.

'n Slang kan nie opgooi nie. Hy gooi
net op as hy doodgaan.

Jy sal weet dat hy dood is, aan die
vlieë. Die gras rondom sal vol vlieë word.
En ook sal die gras nie roer as jy 'n klip
daarin gooi nie.

Dan kan jy naderkom aan slange
soos die luislang, phika of die mamba.

Phika:

Sy kleur lyk net soos 'n tarrentaal
syne.

Hy is 'n blink donkergrys en dan het hy
daarop wit spatseltjies.

Luislang:

As 'n slang halfmaan kringe op het
wat wit is dan weet jy dis 'n luislang.

Mamba:

Hy is swart sonder enige ander kleur
by.

E.18.

**MAFURA A MOKOPA,
GONGWE A PHIKA**

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl., 11.10.1962).

Ge motho a swafetse, ke tllilo mo naya
mafura a mokopa, ke mo ra'a ke re a
itshase mmele otlhe mantsiboa a ese a
robale, malatsi a mararo. Morago ga goo
a je mafura a.

Mme o tllilo itlobolla letlalo lo lotlhe la
mmele wa gagwe fela jaaka noga; oa
kotobolotsega. Mme e tla re ge a tlhapa
o tla bona letlalo la gagwe le le borethe
le kgatlhisa, ebong seo se se supang bophelo
ba gagwe le mo moweng wa gagwe. O tla be
a fetogile, le ene a ikutlwa jalo.

**DIE VET VAN 'N MAMBA OF VAN
'N 'PHIKA'-SLANG**

As iemand se vel skurwerig is, sal ek
vir hom mambavet gee en vir hom sê
om homself in te vryf, die hele liggaam
saans voor hy gaan slaap, vir drie dae
lank. Hierna moet hy hierdie vet eet.

Die hele vel sal van sy liggaam afdop
net soos 'n slang; hy vervel. En dit sal
gebeur dat wanneer hy was, sal hy vind
dat sy vel glad is en mooi aantreklik;
nl. dit wat sy lewe openbaar en ook sy
gees. Hy sal dan verander het, en hy
self sal ook so voel. (die verandering)

E.19.

MMITSA

Mmitsa⁽¹⁾ ke pheko ya maswalo a
otlhe: a dibenkele, a dikhefi, a dikhemisi,
tsotlhe ka mefuta.

Leina la sona ke *Lesêno*⁽²⁾ Leseno ke
setlhare. Se gola se rara ditlhare tse
dingwe. Mme se enya digwere tse di tswang
mafisi. Di nna mo thabeng.

DIE ROEPER

Die 'roeper'⁽¹⁾ is 'n kragmiddel wat
in al die 'gelukbringsalf' moet kom:
vir winkels, kafees, apteke, alle soorte.

Die naam van die plant is Leseno. Dit
is 'n plant wat in ander bome rank. Die
plant het knolle waaruit daar melk kom.
Dit is 'n bergplant.

(1) *Mmitsa*: (Pl. 642). *Rhynchosia crassifolia* Benth; kom ook in die kragmiddel wat
gebrand word, sodat die rook daarvan kliënte kan 'roep'.

(2) *Lesêno*: 'n rankplant met melkerige knolle.

E.19

Metswako ya teng e ya ka madi a batho. Bangwe ke Tshetlo, bangwe ke Kgwadira, bangwe Mamasiloanoka.

Mmitsa o dirisiwa ka go tshubiwa ga bopi ba teng. Mme mosi wa teng o tla bitsa nageng yotlhe, mme o go biletsa molwetsi. Omongwe le omongwe yo a lwalang, o tla mmilediwa.

Die toevoegsel hiervoor moet wees volgens elke mens se bloed. Vir sommige is dit die heuningvoël, vir ander is dit die visarend, vir ander is dit die hamerkop.

Die 'roeper' word gebruik deur die poeier daarvan te brand. En die rook daarvan sal dwarsdeur die land roep; en vir jou pasiënte roep. Na enigeen wat siek is sal jy geroep word.

E.20(a)

KHUPAMARAMA⁽¹⁾

(Kgatla-*ngaka*, Botswana. 1953)

Ge nka tsena mo leetong mme ke bona gore ke tla tshwengwa ke motho, kaja 'lephodisa', nka natha lekwati la khupamarama ke kgwela kwa pele ke bolletse, ka kgwela kwa morago ke budologile. Ke gore: le ge nka feta lephodisa, ke tla feta fela, ke gore ga a mpono!

DIE GROOT BITTERAPPEL

As ek op reis gaan en ek sien dat ek deur iemand gehinder sal word, soos by. 'n polisieman, dan kan ek 'n stukkie afbyt van die bas van die groot bitterappel en dit vorentoe spuug met toe oë, en agtertoe spuug met oop oë. Dit beteken dat al sou ek langs die polisieman verbystap, gaan ek sommer verby, want hy sien my nie!

E.20(b)

TLHOKWALATSELA⁽²⁾

Ke o tlhakanya le Khupamarama, ke se silasila ke be ke tsa'a mafura a diphilo tsa nku ke be ke dubaduba ka sona. Ke be ke itshasa⁽³⁾ kamoso fela ge ke tlhapile.

Ge ke tsamaya, ke tshotse Tlhokwalatsela ka re:

"Tlhokwalatsela moenyana,
Tlhokwalatsela ntshebele,
Motho o sebelwa ke wa'abô".

Ke gore: yaanong ke tli' o utlwa dikgang tse ba di sebang ka ga me.

DIE WILDEANGELIER

Ek meng dit met die groot bitterappel; ek maal dit fyn en neem dan die niervet van 'n skaap en meng dit. In die oggend smeer ek my⁽³⁾ daarmee net na ek gewas het.

As ek loop en ek het wildeangelier (aangesmeer) dan sê ek:

"Wildeangelier, vreemdelingetjie,
"Wildeangelier, fluister vir my,
'n Mens se familie fluister vir hom".

Dit beteken dat ek nou alles sal hoor wat mense van my skinder.

-
- (1) *Khupamarama*: (Pl. 35) *Solanum incanum* L. groot bitterappel.
 (2) *Tlhokwalatsela*: (Pl. 465) *Dianthus namaënsis* Schinz. wilde angelier.
 (3) 'n Bietjie van die 'salf' word tussen die hande geneem en daarmee die hare, gesig en nek gevryf.

E. 21

PAGAMELA⁽¹⁾

Ke pheko ya dikgomo, gore di tsale.

Motswako wa sona ke ditlhaka tsa Moologa⁽²⁾. Di silwa mmogo. Re tsaye mafura a diphilo tsa kgomo; re tsaa sethwe sengwe sa tshwene. Di dubiwa mmogo. Kegore ka kgwedi ge e *thwasa* re se ba'a mo lengetaneng ka magale a mollo. Se tla fsa, mme dikgomo tsotsotlhe di tla re ge di utlwa monko wa pheko e, di sokologela mo go wena di go dupa.

Jaanong o se tlogela se tuka mo gare ga tsona.

Gantsi, tse dingwe di a bokolla ge di utlwa monko wa pheko. Go rialo ke gore ga di a fapaanya, gore di tsale tse dinamagadi gongwe tse tonanyana. Ke gore di tlhakane.

Eo ke yona phemelo ya dikgomo.

Mo mothong e a bereka. E remela monna ka go e apa'a, re e tlhakantse le pheko e e bidiwang *Matlhomaganyang*⁽³⁾.

Kegore o tshwanetse gore a tsoge a tshole bana a ba tlhomaganye.

DIE BOOMORGIDEE

Dit is 'n kragmiddel vir beeste sodat hulle moet aantel.

Dit word gemeng met die vruggies van die *Croton gratissimus*-plant. Hulle word saam fyn gemaal. Ons neem van 'n bees se niervet; en ook een liggaamsdeel van 'n bobbejaan. Dit word saam gemeng. As die maan verander plaas ons dit in 'n potskerf met warm kole. Dit sal brand, en al die beeste sal as hulle die reuk van hierdie middel kry, na jou toe draai en aan jou kom ruik.

Jy los dit dan brandende tussen hulle.

Gewoonlik sal sommige bulk as hulle die reuk van hierdie kragmiddel kry. Dit beteken dan dat hulle nie onderskei is om net versies of bulletjies te kry nie, hulle is vermeng.

Daarin is dan die beskutting van die beeste.

By die mens word dit ook gebruik. Dit word as kragmiddel gebruik vir die man, deur dit te kook nadat dit gemeng is met die plant: *Matlhomaganyang* ('opeenvolging').

Dit beteken dan dat hy moet opstaan en kinders verwek in kort opeenvolging op mekaar.

E.22

SEPHEKO SA NTWA:

('Pipina-marumo-dira-ga-di-bonwe.')(4)

(Matebele-*ngaka* woonagtig by Kgatla, Botswana. 1952)

Morena o tla phutha mophato o o yang kwa ntweng.

Mme mosadimogolo o o sa tlholong a robala le monna, o tsaya sepheko se se golo sa ntwana, ebong: Pipina-marumo-dira-ga-di-bonwe. O tsaya pheko e phakela, o tlhapa ka yona.⁽⁵⁾ A ba a tsaya seditse sa ngaka, mme o a se ina mo masweng a gagwe.

DIE OORLOGSMIDDEL:

Decabelone (*Tavaresia grandiflora*).

Die hoofman sal die regiment byeeroep wat moet uittrek na die oorlog.

'n Ou vrou wat nie meer 'n man het nie, sal dan die belangrike kragmiddel vir die oorlog neem nl.: Decabelone (*Tavaresia grandiflora*). Sy neem hierdie kragmiddel vroeg in die môre en was daarmee. Sy neem 'n *ngaka* se wildebeesstertkwas en doop dit in haar 'eie vuil' waswater.

- (1) Die wilde *orgidee* word 'geërf' van 'n vader of oupa, wat dit nog geplant het voor sy dood, in die mik van 'n maroela- of ander boom by die huis.
- (2) *Moologa*: (Pl. 422) *Croton gratissimus*.
- (3) *Matlhomaganyang*: 'n klein orgidee-agtige plantjie wat op Derdepoort aan die Marico-rivier groei tussen, d.w.s. in die rosyntjiesbosse.
- (4) *Pipina-marumo-dira-ga-di-bonwe*: (Pl. 74) Decabelone (*Tavaresia grandiflora*). Die aasblom met 'n paar honderd skerp wit dorinkies.
- (5) Sy gooi die stukkend-gesnyde plant in water waarmee sy haarself was.

E.22

O tlaatla kwa kgotleng a apola diaparo tsotlhe. Banna ba tla inama ba lebella fatshe, gore ba se ke ba mmona. Mosadi a ba a tsama'a mo gare ga bōna, a ba kgašha ka seditse. Go tsweng foo, ga a bue le ope, — mosadi o, mme bone ga ba boele kwa malapeng a bone.

Ba bolotse. Ba yo tlabana. Ba yo gapa lefatshe ka more o.

Sy sal in die *kgotla* (vergaderplek) kom en al haar klere uittrek. Die manne sal gebukkend wees en na die grond kyk sodat hulle haar nie sien nie. Die vrou beweeg dan tussen hulle en besprinkel hulle met die wildebees-stertkwas. Daarvandaan praat hierdie vrou nie met iemand nie, en hulle keer nie weer na hul huise terug nie. Hulle trek uit. Hulle gaan nou veg. Hulle gaan 'n land in besit neem met hierdie middel.

E.23

PHEKO YA NTWA

(Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl., 11.10.1962)

Motshwarakgano⁽¹⁾ ke pheko ya ntwā. Ke gore ntwā ele, ge le yo e tlasela, ga go ope yo o tla tsamayang a sa tlabiwa.

E tlabiwa ke *Tlhaba-di-lebanye*, kegore *Mokgotšhe*, Le *Setlhoo* se tsena mo phekong ya ntwā; mme re yo tsaya tlhogo ya yona fela, gore sera sa gago le sone se tle se gonyele jaaka setlhoo, se tshabe.

Le noko e tsena mo teng gore jaaka dimpša ge di ka re di a e tshwara, ga go na mpsa e e ka tsamayang e sena lerumo.

Re tlatša ka *khunyedi*, sebokwanyana sa seloko. Le sone se a gonyella. Re tlii'ō tsaya madi a batho ba ba bolailweng ke marumo⁽²⁾ mme re tlhakanya ka ona, ebong madi a dira tsa lona jaaka ge ba ntse ba bolawa ba tshaba.

Le tlii'ō tsamaya le ntse le tabola madi le a tsenya mo lenakeng le a futswela mmogo le a tlhakatlhakana le tshitlho.

Notshe le yona o tshwanetse go le tsenya mo teng, ka gore ge o ka seke wa le tsenya, ba bangwe ba teng ba ba lwang ka dinotshe fela.

KRAGMIDDEL VIR OORLOG

Die aasblom, Decabelone (*Tavaresia grandiflora*) is die kragmiddel vir oorlog. Dit wil sê as julle daardie geveg aandurf, dan is daar nie een wat sal gaan (in die stryd) wat nie gesteeek sal word nie.

Die aasblom word aangevul met *Tlhaba-di-lebanye*-plant. Ook 'n krimpvarkie kom in die oorlogskragmiddel; maar ons gaan net sy kop neem sodat jou vyand ook net so moet 'kop intrek' soos die krimpvarkie, en vlug.

Ook kom die ystervark in (die mengsel) omdat net soos die honde, as hulle meen hulle kan hom vang, dan is daar nie 'n hond wat sal gaan wat nie 'n assegaai ('n ystervarkpen) in hom sal hê nie!

Ons vul aan met 'n wurmpie in turfgrond. Ook dié trek sy kop terug. Ons gaan die bloed neem van mense wat gedood is deur assegaai, (2) en ons roer dit in, naamlik die bloed van julle vyande soos wat hulle gedood word en vlug.

Julle sal loop en bloed opskep en in die horing sit terwyl julle dit saamroer, en meng met die kragself.

'n By moet jy ook insit (in die horing), want as jy dit nie insit nie dan is daar andere wat net met bye (vir jou) beveg.

-
- (1) *Motshwarakgano*: (dies. as.: *Pipina-marumo-dira-ga-di-bonwe* vgl. E. 22) die aasblom wat 'n menigte klein dorinkies het. *Decabelone* (*Tavaresia grandiflora*).
(2) Sterwende krygers is 'n goeie middel om nog ander te laat omkom.

E.24

**GO TLHAPISA MARUMO KA
MOSITSANE**

**OM DIE ASSEGAAIE TE 'WAS' MET
ELANDSBOONTJIE**

(Matabele-*ngaka* wat tussen Kgatla van Botswana woon. 1955)

Setlhare sa go tihapisa marumo ge go iwa kwa ntweng ke *Mosetlhane*, ke go re *Mositsane*.⁽¹⁾ Ge gotwe Moselekatsi o o na a lwa le ditšhaba, ba ne ba lwa ka yona.

Die middel waarmee die assegaai 'gewas' (behandel) moet word as daar uitgetrek word in die geveg is die elandsboontjie⁽¹⁾. As daar gesê word dat uMzilikazi met die stamme geveg het, dan is dit omdat hy hiermee geveg het.

O batle ngwananyana o o nang le nyaga di le tlhano kampo lesome. A apole a nne maponopono. A tsee setlhare se, a kōkōtele lerumo mo segwereng sa teng. O mo raye: a tomolle lerumo lele. A be a tsee lerumo a le tlhabe fatshe.

Jy moet 'n kindjie soek van vyf of tien jaar. Hy moet kaal uittrek. Hy moet dan 'n assegaai in hierdie wortel in kap. Dan moet jy vir hom sê om daardie assegaai uit te trek. Hy moet die assegaai dan in die grond in steek.

Lona le be le tloge ka ditlhōpō tse di tihapisitsweng, mme ga gonke go swa ope mo lona. Mme le tlogele lerumo le le tlhabilweng fa fatshe

Julle trek dan uit met die gewere wat 'gewas' (behandel) is, en nie een van julle sal sneuwel nie. Maar julle moet die assegaai so agterlaat: in die grond vas gesteek.

Le ba fetotse bana, jaaka ngwanyana oo; lona le banna, le lwa le banyana.

Julle het hulle (die vyand) nou in kinders verander, net soos daardie kind. Julle is mans en julle veg teen 'kindertjies'.

Gape, mo se leng teng, se aga motse. Ge o aga mokgoro wa go, o phekola ka sona. O a tlang a re o a go lowa, o tswa a lwala. Go tswa mo go ene. Ga nke ke kolopa motho. Nka tswa mowa o maswe.

Die plant 'bou ook die stat op': As jy jou stat wil bou, dan beveilig jy dit hiermee. Hy wat kom en meen hy gaan jou toor, vertrek siek uit jou stat. Dit hang van hom af. Ek gooi nooit 'n mens (met toordery) nie. Daar kan 'n slegte gesindheid in my kom.

Se nna se tlhoga fela.
Ga se tlhogiswe ke pula. Go tlhoga sona pele.

Dië plant groei sommer.
Dit is nie reën wat dit laat groei nie, want dit groei voor die reën.

Ge o epa tshimo, o a e thaya jaaka motse. O a se tsa'a o se sega o se baya kwa le kwa le mo gare ga tshimo. Ga go na o a ka go okamang ka mabele.⁽²⁾

As jy land maak, dan beveilig jy dit net soos 'n stat. Jy neem van die plant, sny stukke daarvan en sit dit op verskillende plekke en in die middel van die land. Daar is niemand wat oor jou sal 'buk' wat die koring betref nie.⁽²⁾

-
- (1) *Mosetlhane, Mositsane, Mosibi*: Elephantorrhiza elephantina (Pl. 28, 187, 226) elandsboontjie, looiersbossie.
Die mooi groen plantjie staan in 'kolonies' of kolle vanweë die lang dik wortels onder die grond, wat ook nie uitdroog nie.
- (2) *go okamang*: om te buig oor, oor te hang of te buk oor; hier verwant aan jou oes te verwens.

E.25

**MOLEKO WA NTSHI MO
NTWENG**

Ke bolela tiro ya ntsi ya motho e e phelang le setshedi se e leng motho kgotsa kgomo

Ntsi eo e na le *moleko*⁽¹⁾ wa dintwa tsa mo tlhabanong kgotsa ntwae e e bidiwang: 'motlhabanagae'.

Ntsi ke pheko ya dintwa. E sebedeswa maloka le phemelo gareng ga marumo, dikolo, gore marumo a seka a bolaya batho mo ntweng. Go rialo, batho ba foswa ke marumo. Yo a tlhabiwang ke marumo, ke go tlhoka lethogonono.

E sebetsa masole ge a bolla go ya ntweng. Ntsi e tswakangwa le pheko e e bidiwang *Tlhapadima*⁽²⁾. E diriswa ka mokgwa wa go tsengwa le go lokwa mo dinameng tsa kgomo ge ba tsamaya go lebana le ntwae.

Mme e tla re ge ba simolla go thuntshanya ba ba tlhabanang le bona, mongwe wa bone a *balelwa*⁽³⁾ ke go tsengwa ke ntsi mo ganong.

Jalo, bona marumo a ba fose, ka gore ba tla balelwa ke ntsi. Ba ne ba gotlholo ba botlhe jalo fela, go fitlha ntwae e fela. *Komane*⁽⁴⁾ ya ntwae e tla boya.

Lewa la ntwae se le, la re:
"A fudugile mantsi a *kôma*⁽⁵⁾,
A bona ge motu o wela."
Ke gore: ntwae e fentse.

Jalo ke tlhalosa metswako ya ntsi, sio:
ke *mana a mooka*⁽⁶⁾ le ntsi le pheko e e bidiwang *Tlhapadima*.

Ke tsona tse di lokang nama ya kgomo e e jewang ke *komane*.

**DIE Vlieg AS 'TOORMIDDEL IN
DIE OORLOG**

Ek praat van die funksie van 'n mensvlieg wat nog lewendig is en 'n lewendige ding soos 'n mens of 'n bees.

Daardie vlieg het 'n 'toorkrag'⁽¹⁾ vir oorlog in die gevegte of in die stryd wat genoem word: 'hy wat tuis veg'.

Die vlieg is 'n kragmiddel vir oorloë. Hy word gebruik in verband met beskutting te midde van die assegaai, en die koeëls, sodat die assegaai nie van die manne moet doodmaak in die stryd nie. Dit beteken die manne word nie getref deur die assegaai nie. Hy wat gesteek word deur 'n assegaai, kom 'geluk' kort.

Die kragmiddel word aangewend vir die soldate as hulle uittrek na die oorlog. Die vlieg word gemeng met die kragmiddel wat *Lycium oxycladium*⁽²⁾ genoem word. Dit word gebruik deur dit in die vleis te sit van die bees (wat geëet word voor) hulle uittrek na die gevegsfront.

Dit sal dan gebeur dat as hulle begin om mekaar te skiet, hulle en dié teen wie hulle veg, sal een van die vyand stik⁽³⁾ deurdat die vlieg in sy mond invlieg.

Dan sal die assegaai hulle (wat beskerm is) mis, want (die vyand) hulle sal stik van die vlieë. Hulle sal almal so aanhou hoes, totdat die geveg beëindig is. Die leerafdeling⁽⁴⁾ sal dan terugkeer.

Hier is die valwyse vir oorlog, wat sê:
"Hulle het weggetrek, die menigte met krygsgeskreeu⁽⁵⁾, Hulle sien as die Mōka-heuning val. Dit beteken: die oorlog is gewen.

Nou verduidelik ek die toevoegings tot die vlieg, hier is dit:—
dit is 'mōka'-bye se heuningkoek met jongby⁽⁶⁾, en die vlieg en die kragmiddel dié *Lycium oxycladium*-plant.

Dit is hulle wat toegevoeg word tot die beesvleis wat geëet word deur die leerafdeling.

-
- (1) *Moleko*: toormiddel, toorkrag, poging tot toordery.
(2) *Tlhapadima*: *Lycium oxycladium* Miers. 'n Plant soos deur die valwyse: *Tlhapadima* aangewys
(3) *balelwa*: stik, kort hoesie.
(4) *komane ya ntwae*: die leerafdeling wat tot die stryd opgetrek het.
(5) *kôma*: 'n oorwinningslied (Brown)
(6) *mana a mooka*: mōka-bye se heuningkoek met jongby.

E.26

PHEKO MO BOGODUNG

(Kgatla-*ngaka*, Pilanesberg, Tvl. 6.2.1963)

Ge ke batla go *phekola*⁽¹⁾ ntlu kampo lesaka kampo tshimo, gore go seke ga tsena motho o sele a tl' o utswa, ke tla go *thaisa ka noga*.⁽²⁾

Ke tliilo tsaya thobane ya *Morokolopodi*⁽³⁾ le le ka nang 'four feet', ke le tshasa ka pheko e e thlakantsweng ka mafura a noga, engwe le engwe fela.

Pheko eo ke tlhōgō ya lebolobolo e ke tlhometseng peo ya lephutse kampo ya legapu, ka e byala mo tshimong ke e khurumeditse ka letlhaku gore maungwa a teng a seke a jewa ke sepe, ka ele noga eo e tlhogang!

E tla re fa mongwe a ka tsena fa ke thaileng teng a re: "ke tliilo utswa mmopo" kampo sengwe fela se se kafa teng, e tla re ge a re: "Ke a tswa", o tliilo kopana le noga; kampo e le *phika* e e boitshegang.

Ge a re: "Ke yo tswa ntlheng engwe ya tshimo", o fitlhela noga engwe e mo thibeletse. G'a bowa a re: "Ke tshabela kwa", o fitlhela tshimo yotlhe e le noga fela. Morwalo o a be a o latlhe a tshabe. Noga eo a ka seka a re: "Ke ipetisapelo ke yo e feta! " A ka seka!

Ke gore bogolo a goe a re: "Mmalonaweel Ke thuswa ke mang, noga ke e!

Mong 'a tshimo o tla bitsa ngaka mme ene, noga o tla e bona ka matlho, mme a e lemoga gore ke yone thobane e a thaileng ka yona tshimo. O a neng a utswa, o tla mo golola ka go mo itaa ka mpa, mme e tla bo ele la bofelo a utswa!

A re: Ge nka be ke sa tla e tl' o ne e go loma. Le ge a ka fetsa malatsi a mararo mo a tshwaregileng teng, a ka seka a tloga kwantle ga go *thaologa*.

Indien hulle (die dolosse) 'Mogolore van verwensing' geval het, neem ek die rivierkasterolieboom se wortel, ek, stamp dit fyn en gooi dit in 'n houtbak. Ek neem die *Senecio longiflorus*⁽²⁾ en *Morarwana* en stamp hulle fyn, en gooi hulle ook so in die houtbak. Ek skeep dan van die eerste water as 'n vrou van die rivier kom, voordat iemand daarvan geskep het⁽³⁾ en ek gooi dit op daardie medisynes in die bak.

Teen die aand sal ek hom was, en as God wil sal hy van hierdie verwensing gesond word. Aangesien hy 'n mens is, was ek hom met my hande. Beeste, 'n huis, 'n werf was ek met die stertkwas.

F.17

NAWA YA MOKHURA

Lekakaba la nawa la Mokhura⁽⁴⁾ le lentsho, le kotsi ge le ka tsena mo mabeleng. Ya re ge o ka a silela le mabele tsa ba tsa jewa ke motho mo dijong, motho wa teng o tshwanetse go tsenwa go fitlhela gala ya motho e di bodise mo maleng sentle. Ke gona di tla tswang.

Mme motho wa teng, morago ke molwetse wa *lekoka*⁽⁵⁾, gobane e tshumile teng ya motho.

O mo fe 'kasteroli', dikgaba tse tharo, a di nwe, a tlhatswege teng ya gagwe.

Ge e le mo dinong, batho be teng ba fetoga ditsenwa ka go di nwela le byalwa. Ba tla fola morago ga letsatsi.

DIE KASTEROLIESAAD

Die swart dop van die kasteroliesaad⁽⁴⁾, is gevaarlik as dit tussen die koring kom. Indien jy dit saam met die koring sou fynmaal, en dit deur 'n mens geëet sou word, dan sal daardie mens besete word, totdat sy gal dit in sy maag mooi laat ontbind.

Dan sal dit uitkom.

Maar daarna sal daardie kranke 'n invalide⁽⁵⁾ wees, want dit het sy ingewande gebrand.

Jy moet hom kasterolie gee, drie lepels vol, wat hy moet drink, sodat sy ingewande uitgewas kan word.

As dit in die bier kom, verander daardie mense in besetenes, deur die (saaddoppe) met die bier te drink. Hulle sal eers na 'n dag weer gesond word.

(1) *Mokhura, Mogolore*: *Ricinus communis*, kasterolieboom.

(2) *Mosimama*: *Senecio longiflorus* (D.C.) Sch. Bip. sambokbossie.

(3) *giwe*: sametrëkking van *gaiwa, gaiwe*, dus 'geskep is'.

(4) *Mokhura*: *Ricinus communis*, kasterolieboom.

(5) *wa lekoka*: *wa kgale*, 'n invalide.

F.17

Mala a bona a tla 'ipereka' thata motshegare le bosigo.

Kana lekakaba le kgomarela mo maleng, kante kasteroli e borethe. E tla e tlhatswa e e tlosa mo maleng.

Hulle mae sal verskriklik werk, dag en nag.

Hierdie dop sit natuurlik vas aan die maagwand, terwyl die kasterolie glad is. Die (olie) sal die maag uitwas en die (doppies) verwyder.

F.18

MOSÊTSÊ(1)

(Kgatla-*ngaka* van Rustenburg distrik. 7.7.1962).

Ke thibela phefo ka yona. Ke thibela bolwetse ka yona. Ge phefo e batla go tshuba kapele, mabele a ese a butswa, re tswala ka ona Mosetse, o tlhakantswe le lelota la moôka le Mosetlha⁽²⁾. Ke tswala phefo, ga e tshuba ka pele.

Ge e le bolwetse, ke epa medi. E lokelwa mo ditsaganeng tso tsotlhe ge ba bidisa bogobe. Ge ba apa'a, ba tlogela kgaragana ya modi mo tsaganeng; ga se tswe.

Ke tsa'a modi wa teng, koo thibela bolwetse mo dikhutleng tsa naga; koo *pakarega*⁽³⁾ (tswala). Bo sala kwa teng koo, ele ka kitso ya bontatemogolo, ba ba neng, ba ja bogobe bo bo bedisitsweng ka dilo tse. Ba ne ba sa tshwengwe ke phefo le malwetse.

Le molwetse ge a palletswe, e le sebaka a sa fole, re ka nna ra tsaya modi o wa Mosêtsê mo dijong tsa gagwe. O tla tsoga.

KIEPERSOL(1)

Ek keer die wind (ryp) af daarmee. Ek keer siekte daarmee af. As die ryp vroeg wil kom voordat die koring ryp is, dan maak ons 'toe' met die kiepersol gemeng met môka-bywas en huilbos⁽²⁾. Ek maak die wind toe, as hy te gou 'brand' (ryp).

In geval van siekte, grawe ek die wortels (van die kiepersol). Dit word in al die kleipotte gesit waarin hulle pap laat suur word. As hulle pap kook, dan los hulle die stuk wortel in die pot; dit kom nie uit nie.

Ek neem (ook) van die wortel en gaan keer die siekte in die uithoeke van die veld; ek gaan dit 'toemaak'⁽³⁾. Dit bly daar, met die wete van my voorouers, wat pap geëet het wat met hierdie goed suur gemaak is. Hulle was nie deur ryp en siektes gepla nie.

So ook as 'n kranke reeds lank nie kan gesond word nie, dan kan ons hierdie kiepersol wortel neem (en plaas) in sy kos. Hy sal dan opstaan (gesond word).

(1) *Mosêtsê*: *Cussonia paniculata* Eckl. & Zeyh. kiepersol.

(2) *Mosetlha*: (151) *Peltophorum africanum* Sond. huilbos, huilboerboon.

(3) *pakarega*: *go tswala*, om iets af te weer, om wind (koue, siekte) te verhoed om te kom.

F.19

TSEBEDINTLHA(1)*DIE BOESMANGIFBOOM*

(Mofokeng-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 12 Nov. 1962)

Tsebedintlha ke 'namane e tona' ya pheko! Bogolo re e dirisa mo dijiesong. Se ntsha dijeso mo mothong. Le mala, e a a 'bêrêka': matlhare a teng. A a silwa, e be bopi, motho o kgone go a nwa ka metsinyana.

Ge motho a opywa ke tlhogo o ka na wa mo silela lekwati gongwe thupa ya teng, a sunetsa, mme o tla ithimola thata.

Mo phekong ya lenaka e tsena mo tshithlong e kopantswe le lebolobolo le tse dingwe. Tiro ya yona mo lenakeng: re bapola ka *Moragabalo*(2). Ke lemepe le le tshasiwang setlhare se.

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 1962).

Tsebedintlha ke mothubiso. O tlhaodisa 'gala' gore e seke ya go bolaya. O a nowa. Ge o bolawa ke mala, o ja lethlare la teng fela. A tla didimala ka metsotsonyana. Ke setlhare se se tona.

Gape ke moithimodiso, ge motho a pallwa ke go tsoga. Go falwa modi wa teng, o bo o mo sunedisa. O tla ithimola, morago a ba a tsoga.

Ge o 'ira mothubiso, o sela makwati a teng, o a o 'meta' ka gore o tliilo 'bereka' mala a gago. 'khota teaspoon' e lekanye. Le ene o tliilo go bolella gore: selo se se mpolaila, mme a thubile thata.

Die Boesmangifboom(1) is 'n yslike kalf' van 'n kragmiddel! Ons gebruik dit veral vir toorgoed wat jou opvreet. Die (plant) haal 'vreters' uit 'n mens uit. En ook laat dit die maag werk: d.w.s. die blare daarvan. Hulle word fyngemaal tot 'n poeier, sodat 'n mens dit met 'n bietjie water kan drink.

As 'n mens se kop seer is, dan kan hy vir hom die bas fynmaal of 'n takkie daarvan, sodat hy dit kan opsnuif, en hy sal baie nies.

In die kragmiddel vir die (medisyne-) horing, kom die plant in die salf, vermeng met pofadder en ander (middele). Die funksie hiervan in die horing is dat ons met *Moragabalo*(2) vaspen. Dit is die pen wat met hierdie middel gesmeer word.

Die Acokanthera is 'n purgeermiddel. Dit laat die gal afskeid sodat dit jou nie laat siek word nie. Dit word gedrink. As jy maagpyn het kan jy net 'n blaar daarvan eet. Dit sal binne 'n paar minute bedaar. Dit is 'n belangrike middel.

Ook is dit 'n niesmiddel, as iemand te siek is om op te staan. Die wortel van die plant word gekrap en jy laat die kranke dan snuif. Hy sal nies en daarna opstaan.

Om dit as purgeermiddel te gebruik tel jy van die bas op en meet 'n deel daarvan af, want dit gaan jou maag laat werk. 'n Kwart teelepelvol is genoeg. Hy sal ook vir jou sê: hierdie ding het my 'gemoor' omdat sy maag baie gewerk het.

(1) *Tsebedintlha*: (494) *Acokanthera oppositifolia* (Lam) L.E. Codd.
Boesmangifboom.

(2) *Moragabalo*:

F.20

MABOFE MO THABELA YA ME

*MY BESKERMMIDDEL, MET
CISSUS QUADRANGULARIS DAARIN*

(Kgatla-*ngaka* van Malolwane, Botswana. 1953)

Thabela(1) ke molemo o k' o dirileng, e leng phemo ya me; sefetho se ke busetsang marumo a otlhe ao kwago mong a ona a nne a tlile go mpola'a.

Ke tsa'a *Mabofe*(2), ke tsa'a *Matjane*(3), ke tsa'a *Phate-ya-ngaka*(4) ke tsa'a *Moragangaka*(5) ke tsa'a *Matlwadiolo*(6).

Tiro ya *Mabofe* ke go re e 'bêrêka' meleko e e ka ntlelang kampo mang le mang o ke mo alafang a loilwe.

Le go tshapisa, ke tshapisa ka yone ke e tshakantse le *Mogaga*(7) le *Morarwana*(8) o o tswang mafsi.

Tshimo le dikgomo ke di tshapisa ka *Mabofe* le *Morarwana* le *Mogaga* le *Mosimama*(9).

Ke gore *Mabofe* e bofa melemo ya boloi. E ya thugwa e tsewe *ditlhotlhwankga*(10) tse tsa yona go tshapisa.

Ge ke dira lenaka, ke a e tshuba ke e tshakantse le *Matjane* le *Moraga-ngaka* le *Mphêra*.(11)

Bo tshubywa mo lengetaneng mme ke tsee mosidi wa teng, ke o sile, ke o dube ka mafura a kolobe, ke loke mo lenakeng la kgomo.

'n'Beskermmiddel'(1) is 'n kragmiddel wat ek berei het wat dien tot my beskutting; die afweermiddel waarmee ek al die pyle wat op pad was om my te kom doodmaak laat terugkeer na die persoon wat hulle afgestuur het.

Ek neem *Cissus quadrangularis*(2) en *Matjane*(3) en ek neem *Brunsvigia radulosa*(4) en bosboekenhout(5) en *Maerua juncea*(6).

Die funksie van die *Cissus quadrangularis* is om op te tree teen pogings tot toordery wat teen my gerig mag wees, of vir enige persoon wat ek mag behandel wat getoor is.

Ook om te reinig, besprinkel ek daarmee nadat ek dit vermeng het met jeukbol(7) en met melktou.(8)

Ek 'reinig' 'n land en beeste met *Cissus quadrangularis* en melktou en jeukbol en sambokbossie(9).

Dit beteken dat die *Cissus*-plant die toormiddele vasbind. Dit word fyngestamp en die stampsels(10) word geneem om mee te besprinkel.

As ek 'n medisynehoring maak, dan skroei ek dit, vermeng met *Matjane*, bosboekenhout en die *Mphêra*-plant.(11)

Dit word in 'n stuk kleipot gebraai en ek neem die houtskool daarvan, maal dit fyn en meng dit met varkvet en sit dit in 'n beeshoring.

-
- (1) *Thabela*: Die middel wat berei word om pogings tot toordery af te weer, en terug te stuur om die afsender te tref.
- (2) *Mabofe*: (Pl. 1) *Cissus quadrangularis* L.
- (3) *Matjane*:
- (4) *Phate-ya-ngaka*: (Pl. 391) *Brunsvigia radulosa* Herb.
- (5) *Moragangaka*: (Pl. 457) *Pittosporum viridiflorum* Sims. bosboekenhout, stinkbas.
- (6) *Matlwadiolo*: (Pl. 404) *Maerua juncea* Pax. subsp. *crustata* wild.
- (7) *Mogaga*: (Pl. 103) *Urginea altissima* Bak. jeukbol, maerman.
- (8) *Morarwana*: melktou.
- (9) *Mosimama*: (pl 4) *Senecio longiflorus* (D.C.) Sch. Bip. sambokbossie.
- (10) *ditlhotlhwankga*: fyn gestampde dele van 'n plant.
- (11) *Mphêra*:

F.20

Yaanong ke tla tsaa lephatsa la tladi ke le lokelle mo lenakeng, Ke lona lebona la teng la ge ke bonega motho ke mo alafa mo boloing. Mme ge Modimo a rata, a fole. Ge a fola mo boloing, o tshwanetse go mpha kgomo.

Ga re nke re tlhapisa motho ka Mabofe, ka o tla mmaba, o tla mo kgobola.

Mabofe ke lenaka le le golo mo dikgomong. Ge motho a di tsene go di lowa, ba go tlhorontsitse mo go loweng, di sa tsale pila, re bofa ka ene Mabofe dikgomo.

Ge motho a koafetse mo mabogong go tla tsewa Mabofe. Ge o kgetla kala ya teng, o batla e e lebaganyeng le go tswa ga letsatsi. Ke tlholego ya borre ba bogologolo. O tla ya gae o o thuga. Yaanong o ka tlhaba molwetse mo ditikologong tsa mabogo, o tshase more o. Ge Modimo o rata, a ka fola ka bonako. Le mosadi wame ke mo alafile jalo.

Ek neem dan 'n boom splinter wat die weerlig getref het en sit dit in die horing. Dit is dan die (medisyne) se lig, sodat as ek iemand 'belig' ek hom van die toordery sal genees. As Modimo wil, sal hy gesond word. As hy van die toordery genees, dan behoort hy vir my 'n bees te gee.

Ons was 'n mens nie met Cissus quadrangularis nie, aangesien dit hom sal laat jeuk en dit sy vel sal afdop.

Die horing met Cissus in, is van groot belang vir die beeste. As iemand tussen hulle ingekom het om hulle te toor en hulle jou regtig met toordery aangeval het, en die beeste nie behoorlik wil aantel nie, dan 'bind' ons die beeste met Cissus quadrangularis.

As iemand se arms swak geword het dan neem ons van die Cissus-plant. As jy 'n rank afpluk dan soek hy een aan die oostekant. — Dit is die oorgelewerde gebruik van ons vaders van die oertyd. — Jy neem dit huistoe en stamp dit stukkend. Dan kan jy die kranke rondom die arms daarmee inkerf, en van hierdie middel daar aansmeer.

As Modimo wil sal die persoon spoedig gesond word. Ook my vrou het ek so behandel.

G.1

PHEKO YA LENA KA (1)

(’n Motlhako-*ngaka* sonder dolosse in Botswana, 1953)

Jaaka ke le *ngaka*, ke tshwanetse gore ke tshole lenaka la pheko. E ntse e le yona tshitlho e ke e tshotseng mo teng.

Mme pheko e, ke yona e ke e dirisang go phékola sengwe le sengwe se ke batlang go se dirisa gore se seke sa ba sa tshwarwa ke ope, a ba a ntshenyetsa.

Pheko e ke namane e tona ya tiro. Ke yona bophelo ba motho o mongwe le o mongwe; pheko!

Ge ke dira pheko, ke tshwanetse go itse gore ke tiro e kgolo. Le ge ke ruta motho pheko, ke mo ruta tiro e kgolo eseng matshanokwane.

Pele ke tla batla mafura a *kolobe ya naga*, le *kolobe e ntshu ya mo gae*. Ke go re di thata, di na le matla. Di a tlhakangwa.

Jaanong ke tsa’a dilo tse di ntse, mme ke di lokele mo teng.

Ke tsa’a *kwená*, yona gopane ya noka letlalo la teng. Le tsena mo teng. Le mafura a yona. Ke tsa’a *tlhware*, mafura a yona.

Go tlhokega *phika*.⁽²⁾ Ke namane e tona ya pheko, ba ya tle e re dikgosi di utlwe o e tshotse, ba go atamela ba re: ‘Nna o e bonye jang!’

Molalatlhageng ⁽³⁾ ke go re: lerapo la motho; la monna, monna ke tau; mosadi o bonya. La motho o mosweu kampo o montsho. Eseng o o suleng ka bolwetse, nyaa. A lerapo le kgaogile, a o bolailwe ka sengwe, o siame. A o nwetse mo metsing, o siame. Ke pheko e tona. E e sa tlogelweng mo diphekong, nyaya.

Le *Mabofe*.

Le *leobu*, le mo teng.

DIE KRAGMIDDEL IN DIE HORING⁽¹⁾

Waar ek ’n *ngaka* is, moet ek ’n ‘kragmiddel-horing’ hê. Dit is nog steeds die kragself wat ek daarin het.

Hierdie kragmiddel wend ek aan om enige ding te versterk, wat ek so wil maak dat niemand dit sal aanraak en hy my dan skade berokken nie.

Hierdie kragmiddel is ’n geweldige ding. Hierdeur leef elke mens; so ’n kragmiddel!

As ek ’n kragmiddel maak, moet ek weet dat dit ’n groot werk is. En ook as ek vir iemand leer hoe om die kragmiddel te maak, leer ek hom ’n groot ding en nie speletjies nie.

Eers sal ek ’n vlakvark se vet soek, en ook (die vet van) ’n swart mak vark. Hulle is nl. sterk, hulle het krag. Hulle (vet) word vermeng.

Ek neem vervolgens ’n hele aantal goed en sit die daarin:

Ek neem die krokodil, nl. die waterlikkewaan, sy vel. Dié kom daarin. En ook sy vet. Ek neem die luislang, sy vet.

Wat nodig is, is die ‘*phika*’- slang.⁽²⁾ Dit is ’n geweldige kragmiddel, wat indien hoofmanne hoor dat jy dit het, hulle nader na jou toe kom en vra: ‘Hoe het jy dit in die hande gekry!’

‘Lêer in die ruie gras’ ⁽³⁾ d.w.s. die bene van ’n mens; van ’n man, ’n man is ’n leeu; die vrou is stadig. Van ’n Blanke persoon of ’n swarte. Maar nie van een wat dood is deur siekte nie, nee. Is die been afgebreek of is hy deur iets gedood, hy is goed. Of het hy in water verdrink, hy is goed. Dit is ’n belangrike kragmiddel, wat nie weggelaat word in die bereiding van kragmiddele nie, nee.

Ook ‘Vasmaker’ (*Cissus quadrangularis*).

Ook die verkleurmannetjie kom in (die mengsel).

-
- (1) *pheko*: ’n kragmiddel wat gebruik kan word om te versterk of te beskerm, en wat in ’n beeshoring bewaar word.
- (2) *phika*: ’n slang wat na bewering groter en vinniger is as ’n mamba. Alle *dingaka* ken die slang, wat volgens hulle, staalgrys is met wit spikkels. Die slang seil glo met die voorste deel van die lyf regop in die lug.
- (3) *Molalatlhageng*: die geheime benaming vir enige been van die mens se skelet, wat nie deur siekte dood is nie.

G.1

Le segokgo se se tona se se bidiwang
Tshere (4)

Wa e epa, wa e bolaya, wa e gadika,
wa e sila. O e tsenye mo teng moo.

Lefatsha la tladi (5) le lona le tsena mo
teng mo. Ebile ke lebônê, le le bônêgelang,
motho go ithatafatsa ka lona.

Mogolo-a-ngwana (6) le yona e tsena
mo pheko ya motse.

Ge go le dilo tse, di dubywa ka mafura
a kolobe ya naga, kampô ya motse. E
dirwa mo lengeteng. Go tla dirwa matshego,
yo bewa mo mollong.

Di tla gadikwa ka lerumo fela. (7) Ge
go dirwa yaana, ke lerumo le le botlhoko.
Go supa gore pheko e, ke lerumo le le
bolayang. Ge o lwa le motho o mo tlhaba
ka lona. Le ene o lwa le wena ka pheko
ya gagwe.

Pheko ya motse, le ge e le leswalo, (8)
le ka na la dirwa ka sebaka se sengwe le se
sengwe fela ge se tlhokega.

Ge o tlhokile mo gongwe, o ka na wa
tswela pele, o tla lokela gape ge o bonye.

Ook die groot spinnekop, die
bobbejaanspinnekop (4) genoem

Jy grawe hom uit, maak hom dood,
braai hom en maal hom fyn. Jy sit hom
dan in (die medisyne).

'n Splinter van die weerlig (5) kom
ook daarin. Dit is ook 'n lig wat 'n mens
verlig, waardeur hy homself versterk.

Die plasenta, (6) moet ook in die
stat se kragmiddel kom.

Sodra die dinge bymekaar is, word
hulle gemeng met die wildevarke se vet,
of 'n mak vark. Dit word in 'n potskerf
gedoen. (Drie) stutte moet gemaak word
(van klippe) en dit word op die vuur ge-
sit.

Dit word net met 'n assegaai gebraai.(7)
Die rede hiervoor is dat 'n assegaai seer-
maak. Dit wys dat hierdie kragmiddel 'n
assegaai is wat doodmaak. As jy met
iemand veg steek jy hom daarmee. Ook
hy veg teen jou met sy kragmiddel.

Die stat se kragmiddel en ook die
voorspoedpreparaat (8) kan te enige
tyd gemaak word wanneer dit nodig is.

Indien jy 'n bestanddeel kortkom, kan
jy aangaan (met die bereiding), jy kan
weer byvoeg as jy gekry het.

G.2

LENAKA LA BOLWETSE

(Kgatlá-*ngaka* te Modipane, Botswana, 1956)

Ge ke dira lenaka, ke o *kgabe* segwere
sa Mojaja,(9) mme ke se tseele kwa gae.
Ke tla o gadika ke o kopantsa le
Mophete(10), medi ya teng. Mme ke tla
batla lerapo la kwena la mokokotlo mme
ebile ke batle la tlhogo ya kwena ke be ke
kopanye. Gape ke batle *Mogafadibe* (11)
kampo *mogau*. (12)

DIE MEDISYNEHORING VIR SIEKTE

As ek 'n horing maak, dan sny ek 'n
stuk af van die bobbejaangifbol (9) en
neem dit huistoe. Ek sal dit braai en
meng met die wortels van die *Mophete*-
plant.(10) Ek sal dan die rugwerwel van
'n krokodil soek en van sy kopbeen en
byvoeg. Ek soek ook die *Mogafadibe*-
plant (11), of gifblaar. (12)

-
- (4) *Tshere*: Groot harige spinnekop wat in die grond woon. Na bewering swel mens se voet vreeslik op en bly baie lank seer, indien hy jou 'gebyt' (sy 'asem' op jou geblaas) het. Die bobbejaan-spinnekop is 'n baie gesogte kragmiddel.
- (5) *Lefatsha la tladi*: is die splinter van 'n boom of stomp wat deur die weerlig getref is. Die algemene opvatting is dat die weerlik 'n voël is wat uit die hemel afduik. Hy urineer ook glo waar hy tref. (Baie waardevol). So 'n splinter hout het dan ook van die weerligvoël se krag.
- (6) *Mogolo-a-ngwana*: Die plasenta (nageboorte) van 'n mens.
- (7) die kragmiddele in die potskerf word net met 'n assegaai geroer wat al in gevegte was.
- (8) *Leswalo*: Dis 'n vetterige mengsel van ongeskroeiende plante wat mens met jou rondra, aan jou gesig smeer, en ook brand, om jou suksesvol te maak in jou onderneming.
- (9) *Mojaja*: (58) *Adenia digitata*, bobbejaangif.
- (10) *Mophete*:
- (11) *Mogafadibe*:
- (12) *Mogau*: *Dichapetalum cymosum* Engl., gifblaar.

G.2

Gape ke tsenya tlhogo ya setlhong, ge ke dira lenaka. Mme ke tla batla legong la *Ngogo* (13), la modi o o kwa botlhabatsatsi. Ke gore ke dira lenaka le le tonanyana (14) le le sa jeweng.

Ke a le duba ka mafura a kolobe, a a fa molaleng, a a tala (15)

Ke gore ke lenaka la ge motho a lwala.

Ke tshwanwa ke go batla phatsa ya *Morekhuri* (16) o o rathilweng ke tladi, mme ke tla bonesetsa (17) molwetsi o ka lona. Ke lebone la teng. Ele gore ke motho o o lwalang bolwetse ba go romellwa (18) kampo ba makgôba. Ke gore ke meleko. (19)

Mme ke bowa ke mo tlotsa mo meleng ka go robala fa teng foo. Ke kopantse le *Serômô* (20) se se bidiwang *Tsêbê-ya-kgomo*.

Ek voeg ook die kop van 'n krimp-varkie by as ek die horing berei Ek sal ook 'n droë stuk van 'n naboom (13) soek van 'n wortel aan die oostekant. Dit beteken, ek berei 'n 'manlike' horing (14) wat nie geëet word nie.

Ek meng alles met die rou nekviet van 'n vark. (15)

Dit is dan 'n horing vir iemand wat (baie) siek is.

Ek behoort 'n tambootiesplinter (16) te soek wat deur die weerlig raakgeslaan is, en ek sal hierdie kranke daarmee belig. (17) Dit is die lig van die horing. Dit is as dit iemand is wat 'n siekte het wat aan hom 'gestuur' is. (18) Dit wil sê dit is 'probeerslae' (om te toor) (19).

Ek slaap dan daar en vryf sy hele lyf (met die salf) in. Ek het daar *Barleria randii* (20) bygevoeg wat ook 'beesoor' genoem word.

G.3

LENAKA LA MELEKO

(Kgatla-*ngaka* te Saulspoort, Tvl. 20.2.1967)

Mosalaosi (21) o dirisiwa mo lenakeng la meleko, go sireletsa bophelo ba motho thata.

DIE MEDISYNEHORING TEEN TOORDERY

Die sering(*bessie*) (21) word gebruik in die medisynehoring teen 'toordery', om 'n mens se lewe besonderlik te beskerm.

-
- (13) *Ngogo*: (95) *Euphorbia ingens*, naboom.
- (14) Kwaaier, of sterker plante en horings, word 'manlik' genoem, ook plante met dorings aan is manlik.
- (15) 'n Vark is baie 'kragtig', want geen slang kan hom doodbyt nie. Sy vet hou skynbaar die gif weg van sy bloed.
- (16) *Morekhuri*: *Spirostachys africanus*, tambootie.
- (17) *bonesetsa*: om iemand te 'belig', deur 'n brandende splinter in vet gedoop om hom te swaai.
- (18) *romellwa*: *roma*, om te stuur; hier is die siekte aan hom 'gestuur' deur sy vyand dus *boloi* of toordery.
- (19) *meleko*; *leka*, om te probeer; hier wat iemand aan jou 'probeer doen' om jou te beskadig, dus toordery.
- (20) *Serômô*, '*Tsebe-ya-kgomo*': *Barleria randii*.
- (21) *Mosalaosi* : *Melia azedarach*, sering; die naam beteken letterlik: die een wat alleen agterbly!

G.3

Motho ge a go leka, kgotsa a roma batho go fetsa batho ba bangwe ka ditlhare tsa go bolaya, o kgona ka lenaka la ona go bolaya. E sadisa motho a le nosi fela, ene yo o romang ba bangwe, a sa ikise go bolaya batho ba Modimo.

Motho yo, ga a tshwarwe ke lenaka le, ka a sa ikise ka bogagagwe.

Lenaka le le tlangwa ka *tsie* e e bidiwang *sekwakwallamatlotleng*. (22) E tswakantswe le mosalaosi, le *podile* (23) e e nkgang sebedu, gammogo le meleko ya dinaka gobane e mefutamentsi thata.

As iemand jou probeer (doodmaak), of hy stuur mense om ander mense uit te roei met kragmiddele wat bedoel is om dood te maak, dan kry hy dit reg met die horing waarin hierdie (sering-) middel is. Dit laat 'n mens alleen oorbly naamlik hy wat andere stuur, maar self nie gaan om *Modimo* se skepsele dood te maak nie.

Hierdie persoon, word nie geraak deur hierdie medisynehoring nie, aangesien hy nie self gaan nie.

Hierdie horing word gemaak met 'n sprinkaan in wat genoem word *Sekwakwallamatlotleng*. (22) Hy word vermeng met die sering (bessie), en die *podile*-kewer (23) wat sleg ruik, saam met toormiddele van die medisynehoring omdat dit veelsoortig is.

G.4

LENAKA LE MFELE

(*Ngaka* van noord-Botswana 1955)

Lenaka la mfele (24), ke lenaka la ditlhabi, la meleko. Se se go lehang, wa le kgotlha o tshasa mo thobaneng e e tshesanyane, o latlhela fa ntle. Ke marumo.

Ampo o ka kgotlha wa riane mo moriri wa gago. (25)

Letsatsi le bonwa ke lona mfele, pele. Ke go re o tla tsoga sentle.

Tshitlho ya teng ke: Mafura a *phofu* le mafura a *phika*. Le mafura a *Selalabyang* le *mosela wa tshepe*. Ditlhare ke: *Monna-ga-apare*, *Lephutsi*, le *Monna-ga-a-bone* le *Makuelele*. (26)

Mo dibataneng go tsena *tshere* le noga. Ke go re mafura a *mokwepa* le lerapo la teng le marapo a *phika* le nama ya teng, le 'tshefi' ya teng, le *phepeng*, le *lebolobolo*, le mafura a *tau* le mafura a *lekanyana* le *nkwe* le *phiri*.

DIE RIBBOK MEDISYNEHORING

Die ribbok medisynehoring (24) is vir pyne en pogings tot toordery. As iets jou probeer (toor), dan krap jy (van die kragmiddel) uit, smeer dit aan 'n stokkie en gooi dit buitekant toe. Dit is dan assegaai.

Of jy kan daarvan uitkrap en so op jou hare smeer. (25)

Die son word eerste deur die ribbok gesien. Dit beteken jy sal goed opstaan.

Die 'kragself' wat daar inkom is: Elandsvet en *Phika*-slangvet, En die vet van 'n 'graslêer' ('n mens) en die stert van 'n springbok.

Die plante is: *Monna-ga-apare*, *Lephutsi*, en *Monna-ga-a-bone* en *Makuelele*. (26)

Wat die ongediertes betref kom die bobbejaanspinnekop in en en die slang. D.w.s. die vet van 'n mamba en van sy 'bene', en 'bene' van 'n *phika*-slang, en van sy vleis en van sy gif, en skerpioen, en pofadder, en leeuvel, en die vet van 'n wildehond en tier en wolf.

- (22) *Sekwakwallamatlotleng*: 'n sprinkaansoort.
 (23) *podile*: 'n soort kewer wat sleg ruik (ook Brown).
 (24) *lenaka le mfele*: 'n ribbokhoring met kragself wat hierdie *ngaka* altyd by hom dra as beskutting teen enige moontlike vorm van onheil.
 (25) deur die kragmiddel op die hare te smeer word voorspoed verseker.
 (26) Hierdie vier plante is van noord-Botswana en nog ongeïdentifiseer.

G.4

Ge motho a tihapisa lebitla, (26) o tihapisa ka lona; ampo o tihapisa mo tshimong, o tihapisa ka lona. Le mo ntlung ya gago ge o robetse, kampo o e tshwara mo ditlhomesong.

Kampo o tsamaya, o tsama'a ka lona, kampo o tsama'a bosigo.

As 'n mens 'n graf was (26), dan was jy met hierdie (kragmiddel); of jy was 'n land, dan was jy hiermee. Ook in jou huis, as jy slaap, of jy raak daarmee aan die dakkappe.

Of as jy op reis is, dan neem jy dit saam, of as jy bv. in die nag loop.

G.5

LENAKA LA DIRA

(Kgatla-*ngaka* te Pilanesberg, Tvl. 24-1-1967)

Lenaka la dira le tlangwa (27) ka boa ba tiholwe (28) le rankgatakane (29); di tswakwa ka mokaikai (30) o o bidiwang khutsane, le Morobadieta (31) le pheko e e bidiwang Phonyoka (32). Ba tshware ka madi le mafura a molalathageng. (33)

Tiholwe ke mmutla o o nang mo dikgageng. Ke go re tiholwe ge o re o a mo tshwara ka diatla, o a bo o makale o fitlhela o setse o tshwere boboa ba gagwe fela. Ona mowa o dule.

Fela jalo ge o ralla dira tsa gago, mowa wa gago o tliilo feta pila fela. Ke go re ga ba kake ba go tshwara.

Ene rankgatakane a ba robatse jaaka e le tlawelo ya yona ge e bona motho, e be e patlama, go fitlha le tsamae.

E ka patlama jalo, lefa e le 'iri' tse tharo.

Kana go ka dirwa motlholo ka ene rankgatakane, e le gore batho ba tle ba nne mo godimo ga wena, ba re o letlapa gongwe kota Ba sa lemoge fa o le motho.

DIE MEDISYNEHORING TEEN VYANDE

Die medisynehoring teen vyande word gemaak (27) met die hare van 'n kliphaas (28) en die sandkoggelmander; (29) hulle word saam vermeng en gebind deur die *Mokaikai*-plant (30), wat genoem word weeskind, en *Morobadieta* (31) en die kragmiddel wat genoem word *Phonyoka*. (32) Hou hulle vas met die bloed en vet van die 'ruigtelêr' (d.w.s. 'n mens). (33)

Tiholwe is die haas wat in die grotte woon. Dit wil sê as jy hierdie haas probeer vang met jou hande, dan staan hy verbaas om te vind dat jy net sy hare het. Sy gees het ontvlug.

Net so, as jy tussen jou vyande deur beweeg, dan sal jou gees mooi deurkom. Dit wil sê hulle sal jou nie vang nie.

Die sandkoggelmander moet hulle laat slaap, net soos wat dit sy gewoonte is as hy 'n mens sien, dan lê hy plat totdat julle weggaan.

So kan hy platlê selfs vir drie ure.

Daar kan natuurlik 'n wonder gedoen word met hom, die sandkoggelmander, sodat die mense bo-op jou kan wees en dink jy is 'n klip of stomp. Hulle kom nie agter dat jy 'n mens is nie.

-
- (26) *go tihapisa lebitla*: 'om 'n graf te was', is wanneer die dolosse sê die oorledene was getoor, en die agterblewenes neem nou wraak deur die toornaar ook te toor.
- (27) *go tlhama*: 'om te berei' soos 'n medisynehoring, met al sy bestanddele.
- (28) *tlholwe*: die haas wat tussen die klipkoppies woon.
- (29) *rankgatakane*: sandkoggelmander.
- (30) *Mokaikai*: plant in Northam distrik.
- (31) *Morobadieta*:
- (32) *Phonyoka*:
- (33) *molalathageng*: 'ruigte-lêr', dus die lyk van 'n persoon wat in die veld lê, 'menslike liggaamsdele'.

G.5

Ke bona boloi ba Maserwa ge re a bona a fetoga diolwana (miershope) mo nageng.

Ke pheto: O di sile boleta sentle. Di tla dira tshoanelo ka mokgwa wa lenaka. Fela motho ke phitlela e kgolo thata. Se nka go bolelela ka sona ke rankgatakane. O mo tshware a utlwa a robetse, ka letsogo. Jalo o mmolae ka mokgwa o: o mmetise boboa ba tlholwe, o ntse o mo tshwere, go fitlha a sule.

Boboa bo o bo tlhakantse le Dira-ga-di-bonwe, o di loketse mo ganong la rankgatakane, o mo tshotse ka letsogo la gago.

Ke gona e leng tshwanelo ya lenaka la la dira.

Dit is die towery van die Masarwa-boesmans as ons vind dat hulle in miershope verander in die veld.

Dit is 'n verandering: Jy moet hulle almal fyn maal. Hulle sal hul funksies vervul in die medisynehoring. Maar die (gebruik van 'n) mens is 'n baie groot geheim. Wat ek van melding kan maak is die sandkoggelmander.

Jy moet hom lewendig vang terwyl hy slaap, met jou hand. Dan moet jy hom só doodmaak:

Jy moet hom verwurg deur die hare van die kliphaas, terwyl jy hom nog steeds vashou, totdat hy dood is.

Hierdie hare moet jy meng met *Dira-ga-di-bonwe* wat jy in die sandkoggelmander se bek gestee het, terwyl jy hom met jou hand vashou.

So behoort dit te wees vir die medisynehoring teen vyande.

G.6

NTSHAFATSO YA MANAKA (1)

(Kgatla-*ngaka* te Saulspoort, Rustenburg distrik, 30.7.1962)

Ge ke bilidiwa motho o motona o go bonalang gore o lekwa ke babangwe, ke tla mo phekola (2) gore ke bodise meleko (3) ya bone gammogo le manaka a bone, ebong bao ba ba mo lehang.

Ke tlil'o tsaya manaka a gagwe ge ke bona ba mo nyaditse thata. (4)

Ke a foka. (5) Ke a a ntshafatsa gore a tiye, a kgone go sebetsa phenyo. Kegore a bona a bole. Senatla e bee ene.

Ge e le moieko wa lenaka ke sen' o le foka, ke tlil'o le tshela meleko. Lona lenaka le ntshupetsa.ka ge ke bona seboko se phela mo' o lona. Ke tlil'o le tshela meleko gore ke se buse kwa tshwannong, gore le galefe.

VERNUWING VAN DIE MEDISYNEHORINGS (1)

As ek ontbied word vir 'n belangrike persoon van wie dit duidelik is dat andere hom probeer (beskadig), sal ek hom 'versterk' (2) sodat ek hulle 'toorgoed' (3) kan laat verrot sowel as hulle medisynehorings, d.w.s. daardie mense wat hom 'probeer' (beskadig).

Ek sal sy medisynehorings neem as ek vind dat hulle hom baie verneder het. (4)

Ek 'onttoor' dan. (5) Ek vernuwe hulle sodat hulle sterk kan wees, en die oorwinning kan behaal. D.w.s. dat hulle, (die toornaars) s'n sleg kan word. Die sterkere een moet hý wees (wat ek help).

Wat pogings (tot toordery) van die horing betref: gaan ek daar 'toorgoed' in gooi. Die horing wys naamlik vir my (wat die toedrag van sake is), aangesien ek vind dat die wurm(s) daarin lewe. Ek gaan 'toorgoed' daarin gooi, sodat ek dit weer kan bring op volle sterkte, en die horing kwaai kan wees.

(1) *manaka*: die medisynehorings wat 'n persoon besit om hom te beveilig.

(2) *phekola*: is om met middele (*dipheko*) te versterk.

(3) *meleko*: pogings tot toordery: (*go leka*, om te probeer); hier: 'toorgoed'.

(4) as hy baie swaar beproef is as 'gevolg', van toornaars.

(5) *foka*: om te besprenkel en met 'medisyne' te 'onttoor' of teen toordery te beskerm.

G.6

Ke be ke le tihomela mo morokong wa byalwa bo bo tlhotlhlweng. Yaanong le tla *fufula* yaaka 'borôthô' ge bo 'reisa'

Mme morago le tla boela ka mo teng. Go tla *fufula* tshitho e e mo lenakeng. Seboko sona ke a be ke se dubetse mo teng.

(Manaka) ale a bone a tla be a sule; a bodile ditlhare tsotlhe tsa bona. Bogolo ba tlhame a mafsa!

Golo fa ke sephiri se se golo sa bongaka. Ke gore ge ke ka alafa lenaka la motho, kana le nna nka bolawa ka swa. Ke gore a ntefe ka pholo tse nne, e tle e re ge ke swa, bogolo banake ba bone boswa. Ba itse gore di mo *tshéletse* (6) – dikgomo tse.

NTSHAFATSO YA LENAKA LE DITSHIKA KA KGALAGETLWA YA DINOKO (7)

O *rêma* (8) lenaka ka selthare se. Se tiisa lenaka leo se le ntshafatsa. Ke gore more o, o jewa ke dinoko. Mme noko kana ke ngaka, ka e a epa. Ke ene o a tla nthutang gore more o, o na le tiro.

Ge motho a loilwe, ke tla mo epela digwere tsa Kgalagetiwa, mme ke tla di apaa ke di thugile, ke be ke mo tlhapisa ka tsona, go leka go phutolla ditshika tsa gagwe, madi a tle a tsamae. Ke jaaka ge o bona motho a *gônagana* (9) maoto kampo matsôgo.

Ek plant die horing regop in die uitsifsel van Bantoebier ('moer' van koring bier). Dit sal dan opkom soos brood wat rys.

Later sal dit dan weer dieper insak. D w.s die kragself binne in die horing rys op (en sak af) Die wurm (wat ek in die horing gekry het) dié het ek dan saam daarin vermeng.

Daardie (horings) van hulle is dan dood; hulle het vrot geword, al hulle medisynes. Hulle kan maar hewers nuwe (medisynehorings) berei!

Hierdie is 'n groot geheim van die *ngaka*-kunde. Dit meen as ek iemand se medisynehoring dokter, kan ek natuurlik ook 'doodgemaak' word en sterf. Daarom moet hy my met vier beeste beloon, sodat indien ek sou sterf, tenminste my kinders dan 'n erfenis kry. Hulle moet dan weet dat hierdie beeste leef vir hom.(6)

G.7

VERNUWING VAN MEDISYNEHORING EN ARE MET TALINUM CAFFRUM (7)

Jy 'verskerp' (8) 'n (medisyne-)horing met hierdie middel. Dit maak daardie horing sterk en vernuwe dit. Dit wil sê hierdie plant word deur die ystervarke geëet. En die ystervark is natuurlik 'n *ngaka* deurdat hy (plante) grawe. Dit is hy wat vir my sal leer dat hierdie plant 'n gebruik het.

As iemand getoor is, sal ek vir hom bolle van *Talinum caffrum* grawe, en ek sal hulle kook nadat ek hulle fyngestamp het, en hom dan daarmee was, om te probeer om sy are oop te kry, sodat die bloed weer kan vloei. Dit bv. in 'n geval waar jy iemand sien wie se voete of arms inmekaar getrek is.(9)

(6) *tshéletse*: hy is dood, maar die beeste bly leef as vergoeding en vertroosting

(7) *Kgalagetiwa-ya-dinoko*: (Pl.5) *Talinum caffrum* (Thunb.) Eckl. & Zeyh.

(8) *go rêma lenaka*: om 'n kragmiddel by te voeg ter verskerping, vernuwing van 'n mengsel in die kragmiddel-horing.

(9) *gônagana*: as arms of voete nie reguit uitgestrek kan word nie; dus 'inmekaar trek' soos met rumatiek.

G.8

MAKWALO A A KOPANG THUSO

Setlhare sa Ditsheko:

"Ntate, ke amogetse la gago ka boitumelo bo bo goio thata. Ka utlua ka moo o bolelang ka teng, fela ntate ke kopa tihaloso gape mo go wena gore setlhare se sa *Letlhaka* (2) ge ke se bolula ke se lebisa kae a ke se lebisa koa molatong o sekeloang teng, kampo ke se lebise go sele. O ntihalosetse pila ka gore letlhaka ke setse ke na le lona"

Setlhare sa Moremelo:

"rona re teng re sa phela feela ka boloetsi. Yanong ke kopa gore a o ka seka oa tla koano gouteng oatla oare thusa ka litlhare tsa morêmelo. (3)

". . . . ke go batla koano gouteng o tlo o re alafa re batla ngoana Ntata."

Moremelo ke setlhare se se alafang motho ge a bona a sa tshola ngwana.

BRIEWE WAARIN HULP GEVRA WORD (1)

Medisyne vir Regsgedinge:

"My vader, ek het u brief ontvang met baie groot blydskap. Ek het verneem wat u sê, maar ek vra net 'n verdere verduideliking my vader, aangaande hierdie rietjiemedisyne (2), as ek dit blaas, waarheen moet ek dit wys; moet ek dit wys na waar die saak voor die gereg dien, of moet ek dit in 'n ander rigting wys. U moet dit vir my mooi verduidelik, want ek het reeds die rietjie"

'Medisyne' om Kinders te kry:

". . . . met ons gaan dit nog goed, maar met krankheid. Nou vra ek of u nie hier na 'die goudplek' (Johannesburg) kan kom nie, om ons te help met medisyne om kinders te kry. (3)

". . . . ek wil u hier hê by Johannesburg dat u ons kan behandel; ons wil 'n kind hê, my vader".

'Moremelo' is 'n middel om 'n mens te genees as hy vind dat hy (of sy) nie kinders kry nie.

G.9

GO DUPA KA MOTLHOGO

(Kgatla-*ngaka* te Malolwane, Botswana, 1955)

Ge go dupiwa, go tsewa *motlhogo*, (4) ke gore lenaka la kgomo le le phuntsweng. Yaanong go ditlhare tse ba 'irang ka tsona. Setlhare sena o lokela motlhogo mo go sona. O bo o tsa'a thipa o sega fa motho o go ngongoregelang teng, a re o utlwa botlhoko. O bo o ise motlhogo fa o segileng teng, nme o tla *tsuntsunyetsa* ka mowa mo motlhogong.

OM UIT TE SUIG MET DIE SUIGHORING

As daar uitgesuig word, word 'n suighoring (4) geneem, dit wil sê 'n beeshoring met 'n gaatjie in. Nou is daar medisyne waarmee hulle werk. In hierdie medisyne word die suighoring gesit. Jy neem dan 'n mes en sny waar die mens oor kla en sê dat hy seer kry. Dan sit jy die suighoring waar jy gesny het, en suig lug uit die suighoring.

- (1) Hierdie is uittreksels vanuit 'n klompie werklike briewe wat hierdie *ngaka* van kliënte in Johannesburg ontvang het. Hy het toe ook op hul versoek na hulle gegaan.
- (2) Vgl. teks E.3 vir besonderhede.
- (3) *moremeio*: middele wat deur 'n *ngaka* berei of voorgeskryf word om bevrugting te bewerkstellig.
- (4) *motlhogo*: die suighoring is die punt van 'n beeshoring, omtrent 4 duim lank. Die puntjie is afgesny en 'n gaatjie daar deur gesteek. Bywas word gebruik om die gaatjie met die tong te sluit na 'n suiging.

G.9

Ge o *tsuntsunyetsa* yana dilo tse di mo tshwenyang, di tliilo tswa. Mo gongwe e ne e le mo letsogong. Ge a ikutlwa gore ga di a tswa sentle, o tla mo sega gape fa a utlwanng setlhabi teng. Ngaka o tsa motlhogo gape a o ba'a fa teng. O a tsuntsunyetsa gape. Di be di tswa gape fa teng. Fa gongwe go tliilo tswa sebokolodi, le ge e le moriri; fa gongwe go tswe nama e e *swailweng*. Fa gongwe go tliilo tswa noga mo mophatseng wa bobedi, kante segogwana kante legetla.

Fa gongwe ge a ka go lomega, go ka tswa lerapo, kampo diphuka tsa dikoko. Go ka tswa methalethale ya dilo tse di ntsi, kante kwena.

Dilo tse di tsuntsunyediwang, di tswa di sule.

Pele, ge a. simolla o tla mo naya ditlhare tse a di nwanng. Morago ke gona ge a mo dupa.

Ditlhare tse ke go re dilo tse di mo tshwenyang di yo bolaelwa dintlhaga. Ke go re dintlu tsa teng mo di nang teng, gore ge a dupa a di fithele di sena mo di iphitlang teng.

Sedupe ge se dupa, ga se tle letsatsi le le lengwe. O go dupa fela mo a ka reng: Nya, yanong ga ke tlo' ke utlwa sepe. Lege e ka ba beke. Mme babangwe ba tsa'a kgwedi. Tuelo ke kgomo ge a go dupile jalo.

Babangwe didupe ba goga ka mowa mo motlhogong o.

Babangwe go na le selo se se gotweng lelota la mooka. Le beilwe gaufi le phatlha e ya lenaka e. E tla re ge a utlwa gore mowa o gogile sentle, letlalo le gagametse, a ba a thiba ka lelota le, a le kgarametse mo phatlaneng ya motlhogo ka leleme la'gwe.

A tlogele motlhogo o ntse o le mo mothong. A tsee o mongwe le yona yalo fela. Le ge di ka nna tharo.

Yaanong wa pele, a ye mo ona, a o tsee, a tsholle dilo tse di mo teng. A di tsholle mo lengetaneng. Yaanong o ya mo wa bobedi le wa boraro. O ntse a tshollela gole gongwe fela. O tsa dilo tseo, a di pharola. Molwetse a sekê a di bona. Di bonwe fela ke batho ba ba sa lwaleng.

As jy so suig sal die goed wat hom pla uitkom. Moontlik was dit in die arm. As hy meen dat hulle nie mooi uitgekome het nie, dan sal jy hom weer sny waar hy nog pyn het. Die *ngaka* neem weer die suighoring en sit dit daarop. Hy suig weer. Dan kom hulle weer daar uit. Moontlik sal daar 'n duisendpoot uitkom of miskien hare; of miskien kom daar vleis uit wat fyngestamp is. Miskien sal daar 'n slang uitkom uit die tweede kerfplek, of 'n padda of 'n voorpoot.

Moontlik as hy jou besuig kan daar 'n (stuk) been uitkom, of hoendervere. Daar kan 'n hele verskeidenheid van goed uitkom of selfs 'n krokodil.

Die goed wat uitgesuig word kom dood tevoorskyn.

In die begin sal hy aan hom medisyne gee wat hy drink. Daarna sal hy hom uitsuig.

Die gebruik van hierdie medisynes is sodat: die goeters wat hom pla se neste vernietig kan word. Dit wil sê hulle woonplekke waarin hulle hul verskuil, sodat as hy hulle uitsuig, hulle nie 'n wegkruipplek kan hê nie.

'Die suig dokter', as hy uitsuig, kom nie net een dag nie. Hy besuig jou totdat hy sê: Nee, nou voel ek niks meer nie. Selfs al sou dit 'n week wees. En andere weer neem 'n maand. Die vergoeding is 'n bees as hy jou so uitgesuig het.

Sommige uitsuiers suig net lug deur die suighoring.

Sommige gebruik môka-bywas. Dit word naby die opening in die suighoring geplaas. As hy voel dat die lug mooi vasgesuig het, en die vel is styf gespan, druk hy die opening toe met hierdie bywas, en druk dit oor die opening van die suighoring met sy tong.

Dan los hy die horing so op die mens. Dan neem hy nog een op dieselfde wyse. Selfs drie kan dit wees.

Hy wend hom dan tot die eerste een, neem dit, en gooi die goed uit wat daarin is. Hy gooi dit uit in 'n stuk kleipot. Nou gaan hy na die tweede een en na die derde. Hy gooi alles op een plek uit. Hy neem daardie goed en sorteer hulle. Die sieke moet hulle nie sien nie. Dit word net deur hulle gesien wat nie siek is nie.

H.1

GO BAPOLA MEOLWANE

OM DIE LANDSGRENSSE TE
BEVEILIG

(Ou Kgatla-segman te Mathubudukwane, Botswana, 19.8.1952)

Ge go *bapolwa* (1) mo meolwaneng, ke go re kgosi e tla roma makolwane, ba tshotse *dimêpê* (2) tse di baakantsweng ke ngaka ya kgosi.

Wanneer daar op die langsgrense penne ingeslaan word (1), is dit as die stamhoof jong manne uitstuur met penne (2) wat voorberei is (met kragmiddele) deur die stamhoof se *ngaka*.

Ge go bapolwa lefatshe, ke go re go bapole o motona fela. Ge go ka se ke ga nna jalo go tlaatla sefako, kampo leru le le maswe, le matshwenyego.

Om die landsgebied te 'pen' is die uitsluitlike funksie van die grote, (d.w.s. die hoofman). As dit nie gedoen word nie sal die hael kom of 'n vreeslike wolk met rampe.

Dimepe, fa gongwe ke setlhare kampo moreyana o o tla tshellwang mo mosimana o o epiwang.

Hierdie penne is miskien van 'n boom gekap, of anders is dit 'n middel wat in 'n gaatjie gegooi word wat (daar) gegrawe word.

Ge ba fitlha kwa meolwaneng, ba tla retologa ba gadimela kwa morago. Ba kotama fatshe mme ba kokotela *dimêpê* ka nôtô ya Setswana. Batho ba pele ba ne ba dira noto ka legong la mmilo.

As hulle by die grens aankom, draai hulle om en kyk agtertoe. Hulle gaan sit gehurk en hulle kap die penne met 'n Setswana hamer in. Die ou mense het die hamer van 'n stuk mispel-hout gemaak.

Dimêpê di bewa gangwe fela go ya kwa bofellong ba lesu. Ge go alafilwe gangwe fela ke: *seserwa*. (3)

Hierdie penne word net eenmaal geplaas vir alle tye, tot die dood toe. As daar so 'n eenmalige beveiliging plaasvind word dit *seserwa* (3) genoem.

H.2

GO THA'A MOTSE KA KHUPAMARAMA.(4)

OM DIE STAT TE BEVEILIG MET
DIE GROOT BITTERAPPEL.(4)

(Kgatla-*ngaka* van Malolwane, Botswana, 1953)

Kôma: 'Ke bolaa kgorwane, *Khupamarama* ke swa nae'. (5)

Oorwinningslied: "Ek maak dood, Ek sterf met die bitterappel" (5)

Ke epa medi ya teng. Ke be ke ala letlalo la podi kampo la kgomo fatshe. Ke be ke tsa phalo ke ira mankgeta.

Ek grawe die wortels daarvan uit en gooi 'n bokvel of beesvel oop op die grond. Dan neem ek 'n handdisseltjie en kap (dit in) kerfsels.

Yaanong ke tsa lengetana, ke le baa mo isong. Mme pele ke ise ke le bee mo 'isong, ke tsa'a matlapa a le mararo, ke bee lengetana mo 'dimo ga matshego a.

Nou neem ek 'n stuk kleipot en sit dit op die vuur. Maar voor ek dit op die vuur sit neem ek drie klippe en sit die stuk pot bo-op hierdie stutte.

-
- (1) *bapolwa*: met penne vaspen bv. 'n vel om te droog. Die kerklike gebruik van *bapola*, vir 'kruisig' het dus die grondbetekenis van 'met penne vasgepen'.
 - (2) *dimêpê*: houtpenne met 'kragmiddele' bestryk wat in die grond gekap word soos hier, vir die stat of land se beveiliging. Dit kan ook kragmiddele wees sonder die penne.
 - (3) *seserwa*: eenmalige beveiliging, soos bv. by die aanlê van 'n stat.
 - (4) *Khupamarama*: *Solanum incanum*, groot bitterappel.
 - (5) *kôma*: prysliedere van die inisiasieskool, of oorwinningslied van die *ngaka*-opleiding, '*Khupamarama ke swa nae*' word dikwels gesê om 'n geheim te hou.

H.2

Ke tsa bogobe, ke jesa letlapa(6)
 la ntlha, le ya bobedi, le ya boraro ka
 go tshasa bogobe mo matshegong a
 mararo a.

Jaanong, a a kuella (7) kana, mankgeta
 a; go tswa musi.

Ke be ke tsaya tshilwane ke a sila.
 Ke be ke batla letlakele, ke tsa lefofa la
 yona, ke e loka mo teng ga selthare se. Ke
 tsa mafura a podi le masepa a magogwe
 le mhiritshwana, le sebilo, ke di tlhaka-
 tlhakanya le sona gape.

E tla be e le lenaka le le feleletseng, mme
 ke tha'a motse ka lenaka le.

Ke tsa'a motlhaba o o mošawa wa
 noka. Ke be ke nna fatshe mme ke
 kgwatha mo lenaka le, ke lokela mo
 mošaweng. Yaanong ke a o fogotlha ka
 matsogo.

Bosigo, ge bontsi ba batho ba robetse,
 ke tla tsoga, ke o byala ke o gasa jaaka
 peo, go dikologa motse o ke o thayang.
 Ge ke sen'o o dikologa, ke tla fetsa fa
 kgorwaneng.

Motho fela o o ka tlhagang bosigo, e
 le moloi ge a fitlha fela mo lebatleng fa
 ke gasitseng teng, ona mošawa o o
 alafilweng, o tla ema fela fa a leng teng
 a bona bodiba bo bo makatsang bo bo
 mo dikologileng, a sa itse gore a ka
 tshabela kae. Mme o tla ema gore 'tsatsi le
 be le tswe. Ge le tswa, o a tsama'a.

Ge o ka phakela, o tla mo fitlhela a ntse
 a eme. Mme fela, ge o ka mmuisa, metsi
 ale a ile. Ke gore o mmofolotse.

Matshego a lengetana, ge ke a jesa bogobe,
 ke gore ke badimo Ke borremogolo, le
 bontatemogolo ba ba suleng, le bonkoko,
 ba ba suleng. Ke gore yaanong ke a ba jesa.
 Ke rapela Medimo (8) gore 'tlhare se se
 ntshiamela.

Ek neem pap, en laat die eerste klip
 eet (6) en die tweede en die derde,
 deur pap op hierdie drie stutte te
 smeer.

Hierdie kerfsels is nou natuurlik
 besig om in 'n seëbede op te trek(7)
 want daar kom rook uit.

Ek neem 'n maalklip en maal hulle
 (die gebrande kerfsels) fyn. Ek soek
 hierna 'n sekere groen voëltjie en neem
 'n veer van hom, en sit dit in hierdie
 medisyne. Ek neem ook bokvet en die
 mis van 'n ratel en *mhiritswana* en
 grafiet, en meng dit ook weer daarmee.

Dit sal dan 'n volledige (medisyne-)
 horing wees, en ek beveilig 'n stat met
 hierdie horing.

Ek neem (daarvoor) skoon dryfsand
 van 'n rivier. Ek sit plat op die grond
 en krap ('medisyne') uit hierdie horing,
 en sit dit in die dryfsand. Ek vryf dit
 dan met my hande.

In die nag as die meeste mense slaap,
 sal ek opstaan en dit saai soos mens
 saad uitstrooi, rondom die stat wat ek
 beveilig. Nadat ek rondom (die stat)
 gegaan het eindig ek by die hek.

Enige mens wat in die nag sou kom,
 wat 'n toornaar is, net sodra hy kom
 op die gelykte waar ek die sand gestrooi
 het wat 'gedokter' is, sal hy net daar
 bly staan en 'n verbasende waterkuil
 sien wat hom omring, en hy sal nie
 weet waarheen om te vlug nie. En hy
 sal (daar) bly staan totdat die son uit-
 kom. As die son uitkom, dan loop hy.

As jy vroeg opstaan sal jy hom vind
 terwyl hy nog (daar) staan. Maar net,
 as jy hom laat praat, is daardie water
 weg. Dit wil sê jy het hom 'los gemaak'.

Die (klip)-stutte vir die potskerf, as
 ek hulle (so) pap laat 'eet', is dit omdat
 dit die voorouergeeste is. Dit is my
 grootvaders en oorgrootvaders wat
 dood is, en my oumas wat dood is. Dit
 meen nou dat ek hulle laat eet. Ek bid
 tot die afgestorwenes (8) dat hierdie
 'medisyne' vir my geseend mag wees.

(6) eintlik is dit om die voorouergeeste te laat eet. vgl. verderaan.

(7) *kuella*: 'n rokie wat opstyg uit 'n preparaat, is 'n gebed om seëninge.

(8) *Medimo*: afgestorwenes. 'n Wyer begrip as '*badimo*' wat net die onmiddellike voor-
 ouers is.

H.2

Letshego la ntlha le ke le jesang, ke ntatemogolo o o tsetseng rre. Wa bobedi ke nkoko, motsalamme. Wa boraro ke nna. Ntate ke setlhare se se mo lengeteng. (9)

Ke tla dira ke didimetse fela, mme ka kwa pelong ke a itse.

Mo matshegong nka tsa'a letlapa le lengwe le lengwe fela.

Jaaka ge ke le ngaka, ga nke ke ikalafa. Ke tla bitsa o mongwe gore a nkalafe. Kana seane sa re: "Moreko ga o iphekolle".

Letlakêle ke nonyane e e tsamayang le tladi. Tiro ya yona ke go 'bêrêka' meleko. Yaaka ge motse o lekwa ke moloi. Phuka e ya teng wa e *suputsa* mo mollong o bo o e thuba mo lengetaneng o e pshetla. Le ge o ka tsa'a lefofa la teng.

Go tsewa *mafura a podi*, ka gore e a lla. Podi kana ga enke e didimala fela; ge e ka kgopywa ke sengwe, e a lla. Mme le mo lenakeng re batla jalo gore le nne bogale le lle. O dirafaditse molao o wena o o tlhokang, mo ona!

Masepa a magogwe: ke namane e tona ya ngaka! O tsena mo diphekgong. Ke gore le jaanong, ge nka mmona ka nako e ya motshegare, re ka mo thuga yaanong, letsatsi la ba la phirima, a ba a itsamaela; re mmola'a, mme a sa swe. Mme re mo phutela batho mme ga ba kake ba mo kgona.

Ke seo re mo lokellang mo lenakeng le mo ditlhareng gore le ge batho ba ka go kgobokanna o 'iperekile' ka ene, o tlhabetse mo mmeleng, ba seke ba go kgôna.

Re a mo tshepa tôta, gore ke pheko ya 'mmaruri.

Die eerste stutklip wat ek laat eet is my grootvader wat my vader verwek het. Die tweede is my grootmoeder wat geboorte gegee het aan my moeder. Die derde is ek. My vader is die 'medisyne' in die potskerf. (9)

Ek sal in stilte so maak, terwyl ek in my hart weet.

Vir die stutte kan ek enige klippe neem.

Soos wat ek 'n *ngaka* is, sal ek nie myself dokter nie. Ek sal 'n ander een ontbied om my te behandel. Die spreekwoord sê: "Die *moreko* beveilig nie homself nie."

Die *letlakêle* is 'n voël wat saam met die weerlig vlieg. Sy taak is om te werk in gevalle van pogings tot toordery. Soos wanneer 'n toornaar 'n stat probeer toor. Hierdie vlerk van hom steek jy gou heen en weer in die kole, en breek dit dan in die potskerf en druk dit fyn. Selfs al neem jy net 'n veer daarvan.

Die vet van 'n bok word geneem (vir die horing) omdat hy blêr. 'n Bok sal natuurlik nie sommer stilbly nie; as iets hom hinder, blêr hy. En in die horing wil ons dit ook so hê dat hy kwaai sal wees en sal blêr.

Jy het die 'wetmatigheid aan die werk gestel' wat jy verlang in die horing!

Mis van 'n ratel: hy is 'n yslike kalf' van 'n *ngaka* (baie belangrike medisyne)! Dit kom in die kragmiddele. Dit meen dat as ek hom nou in die middel van die dag sou kry, dan kan ons hom pap slaan totdat die son sak, en dat hy dan net wegstap; dat ons hom dood maak, maar hy nie dood gaan nie. En ons maak mense bymekaar om hom aan te val, maar hulle kan hom (net) nie baasraak nie.

Daarom sit ons hom in die horing en in die medisynes, sodat selfs as mense teen jou versamel nadat jy jouself met hom 'bework' het, jouself ingekerf het (met hom) in jou liggaam, hulle jou nie moet oorwin nie.

Ons het werklik respek vir hom, dat hy 'n uitstaande kragmiddel is.

(9) Waarskynlik is die derde klip sy vader, of 'n ander voorouer, behalwe as dit 'n simboliese gemeenskapsmaal voorstel waarby hy self teenwoordig is.

H.2

Ge e le gore go tsewa masepa a yona mo lenakeng, ke gore masepa a , e ntse e le magogwe fela.

Ge ke loka *sebilo* mo lenakeng, ke gore: ka se a phatsima ke sona se se tli'long fetoga metsi, ge ke tha'a motse. Ge ke thaile motse jaana, ke gore ge go ka tla motho o eseng moloï ga se re sepe. Se tla 'ira mosebetsi wa sona fela ge e le moloï.

As van sy mis gebruik word in die horing, dan is dit omdat hierdie mis nog steeds die ratel self is.

As ek grafiet in die horing sit, is dit: omdat aangesien dit blink dit die deel is wat in water gaan verander as ek die stat 'beskerm' As ek die stat só versterk het, dan sal daar indien iemand sou kom wat nie 'n toonaar is nie, niks gebeur nie. Dit sal sy werk alleen doen as dit 'n toonaar is.

H.3

NAKO YA GE NTLO YAME E FISIWA KE TLADI

(Motlhako-*ngaka* van Mathubudukwane, Botswana, 1952)

Erile ka ngwaga wa 1946, ntlo yame ya fisiwa ke mollo. Mme ga fsa dilo tso tsotlhe. Le 'potlomente' e ke e rekileng ka 'dri ponto', mme e tletse diparo le tse dingwenyana tse di mo teng, le 'para' tsa ditlhako tse di le pedi. Diyo tso tsotlhe tseo tsa fsa.

'Para' engwe ya ditlhako ya tswa mo teng e ntse e utlwa fela. Ke tse, o a di bona tsê! Mo monwaneng mo sa ba sa fiswa ke mollo. Le seditse se, se dule. Se ne se kgwageditswe mo leboteng, sa wela mo mollong. Se fsele fsele mme ga se a ka sa fsela ruri.

Ke gore ntlo e ne e le thata kafa e 'berekilweng' ka teng ka ditlhare, Ke gore go no go tshwanetse go fsa nna, go bo go fsa thoto e ke tswang ka yona kwa 'Johannesbôrôgô.'

Ga ke a ba ka bitsa ngaka go tlo laola gore o a ntshenyeditseng ke mang. Ka bona gore, ka ke le Modumedi, ge nka musulusetša ntwā nka itshenyetsa tumelo yame, ka Modimo wa re: 'O seke wa ba wa ipusolusetša'.

Mosadi wa me, a ba a le mo teng. Ya mo itela mo teng mo. A ntshiwa mo teng, ekete motho o o suleng, a sa ikutlwa. A ntshetswa kwa ntle, ntlo e ntse e fsa.

Ga fitlhelwa gore mo diropeng tse pedi tsa gagwe go marumo a mabedi, diphatlha tsa teng. Mme e ntse e le tsona ditiro tsa batho.

TOE MY HUIS DEUR DIE WEERLIG VERBRAND IS

In 1946 is my huis afgebrand deur vuur. En alles is verbrand. Ook die tas wat ek vir drie pond gekoop het, wat vol klere was en ander kleinighede daarin, en twee paar skoene. Al daardie dinge is verbrand.

Die een paar skoene het nog onge-skonde uitgekom. Hier is hulle, jy sien hulle hier! Op die toon is dit deur die vuur gebrand. Ook hierdie sterkwas het uitgekom. Dit het teen die muur gehang en in die vuur geval. Dit het so effens gebrand maar het nie totaal verbrand nie.

Die rede is dat die huis 'sterk' was, volgens wat dit 'beskut' was met medisyn. Die ding is: ek moes verbrand het, en toe verbrand die goed wat ek toe mee van Johannesburg af gekom het.

Ek het nie 'n *ngaka* geroep om dolos te kom gooi om te sien wie dit is wat my skade berokken het nie. Ek het gedink dat aangesien ek 'n gelowige is, dat as ek die stryd teen hom sou terugstuur, dat ek dan my geloof sou beskuldig, aangesien God sê: 'Jy moenie wraak neem nie'.

Maar my vrou was binne in. En hy (die weerlig) het haar daar binne in geslaan. Sy is daar uitgehaal soos iemand wat dood is, en sy was nie meer by haar bewussyn nie. Sy is uitgedra terwyl die huis brand

Dit blyk toe dat in haar twee heupe daar twee wondplekke is, die gate daarvan. En ook dit is mense se werk.

H.3

Gona nkile ka batla ngaka. Yona ya bolela gore: "Ga se fela, ke batho". Mme ka mmotsa gore: "A ga o kake wa mo mphodisetsa?"

A leka leka, mme ga pala. Ka mo lefa ka 'ponto' di le tharo, ka go no go padile. O ne a batlile 6 ponto

Go tloga foo ka ipatelela sephoko gore se ntse, ke ntse ke rapela Modimo ke le modumedi.

Mme *sephoko* (1) seo ke tshitlho, yona e e tsenang mo lenakeng. Sengwe le sengwe se ke se tshabang, nka ngatha fela mo tshitlhong e, mme ga gona se se ka ntirelang kotsi. Ke bona bophelo ba motho o montsho, mang le mang. Ge o ka phela kwa ntle ga sona, o ka fitlha ba go bolaile ka pele fela.

Pheko e ke yone boitshegetso.

Toe het ek 'n *ngaka* laat kom. Hy het gesê: "Dit is nie sommer so nie; dit is mense (wat dit gedoen het)". Ek vra hom toe: "Sal jy haar nie vir my gesond maak nie?"

Hy het toe bietjie probeer maar kon nie. Ek beloon hom toe met 3 pond, aangesien dit nie wou reg kom nie. Hy wou 6 pond gehad het.

Van toe af het ek vir my 'n beskerm-middel begin soek om my op te pas, terwyl ek vir God bid as gelowige.

En daardie beskermmiddel (1) is swart salf, die soort wat in die horing kom. Vir enigiets waarvoor ek bang is kan ek net ('n stukkie) neem van hierdie salf, en daar is niks wat vir my enige onheil kan berokken nie. Dit is die leefwyse van 'n swart mens, elke een. As jy daarsonder sou lewe dan sal jy spoedig bemerk dat hulle jou geskaad het. Hierdie kragmiddel is: 'selfondersteuning'.

H.4

KOPANO LE DINGAKA.

(Motlhako - 'kruiedokter' wat tussen Kgatla van Botswana woon)

Ekile yare ge ke tla kopana le dingaka, ke ne ke sena sepe le tsona; ke le motho fela, ke sa itse gope tiro ya dingaka.

Le fa lapeng lame, ke ne ke sa dumele gore go tsene sephokonyana fa teng.

Ke ne ke na le bana ba ba ka bang lesome, ba ntse ba swa fela ba le ba tona. Ga tsamaya ba le lesome-le-le-ferang-menwana-e-mebedi. Ke ntse ke re: "Nya, ke Modimo o o ba tsayang."

Kwa morago go tla motho, a nthaya a re: "Monna, o *setômô* (2) fela, o ntse o felwa ke bana. Kana Modimo o tla thusa o ntse o leka."

Ka re: "Ao! O bolela dilo mang?"

A re: "Mme o tla swa e se e be nako ya gago. Go rapelwa Modimo go ntse go kopiwa matlhogonolo. (3) Bona, o feletswe! A ko o ntebele ke go batlele ngaka."

ONTMOETING MET DIE DINGAKA

Dit het gebeur toe ek die *dingaka* sou ontmoet, dat ek niks met hulle te doen gehad het nie; ek was 'n gewone mens, wat niks geweet het van die bedrywig-hede van die *dingaka* nie.

Ook by my *lapa* (tuiste), het ek nie toegelaat dat daar selfs 'n ou kragmiddel-tjie inkom nie.

Ek het kinders gehad wat tien kon wees, wat aanhou doodgaan het, hoewel hulle reeds groot was. So is toe agt (kinders) weg (deur die dood). Ek sê toe al die tyd: "Nee, dit is God wat hulle neem."

Later kom toe iemand en hy sê vir my: "Man, jy is onnosel (2) terwyl al jou kinders klaarraak. God sal mos help terwyl jyself probeer."

Ek sê toe: "Ai! Waarvan praat jy?"

Hy sê: "En jy sal doodgaan voordat dit jou tyd is. Tot God word gebid, terwyl daar vir seëninge gevra word. (3) Kyk jy is uitgeroei! Kyk tog nou uit vir my dat ek vir jou 'n *ngaka* gaan soek."

(1) *sephoko*: beskermmiddel, kragmiddel.

(2) *setômô*: dom, onnosel. Waarskynlik oorgeneem van Afrikaans: jy's dom. Net soos: 'o selege' van: 'jy's sleg.'

(3) *go kopa matlhogonolo*: om seëninge te vra, oordragtelike betekenis: om sekere rituele handeling uit te voer wat bedoel is as 'tasbare' gebede. Soos bv. wanneer 'n bietjie snuif of bier geoffer word.

H.4

Ka re: "Nyaa, go siame, ke tshwentswe thata."

Le mosadi a reyalo.

Ba be ba tla. Ke gona ka itse ngaka, ya tsena fa lapeng. Ke ngaka ya Mokwena. E ne e bidiwa M. A tsena fa lapeng.

Yaanong e ntse e re ya *nkalafa*, (4) ga tla motho a re: "A o ke ngaka yaago?"

Ka re: "E"

A re: "Ke moloi. O a lowa."

Ka re: "Ao! Wa senya motho o waka o."

"Mo tlogele rra, ke tla go bolella ngaka e e sa loweng. E ke ngaka e tona tota, mme e a lowa. Mo tlogele. Le ge o mo neile kgomo, ga se sepe."

Ka mo tlogela, ka leba kwa a mpoletse teng, mme ka bona ngaka. Ke kwa ke ntse ke leng teng. Ke ene S. rrago D.

Ga go na yo o itseng gore ke tsere kae. Ga ba itse mono'a etsho.

Ngaka o, wa Mokwena, ka mo tlogela ka e le ene o o bolaileng mosadi waka ka tladi, jaaka ge o mmona a golofetse yana.

Ne ke mo neile kgomo tse tharo, ka mo ra'a ka re: "Tsamaya". Ne ke tlo irang ka ene. Ka yo batla o o siameng. Ka mo tlogela ka e le *ngaka ya moloi*. (5) Ka yo batla o o alafang.

Erile ke ile phutegong kwa Mochudi, ge ke fitlha mo gae ka fitlhela tladi e tshubile ntlo, e rathile mosadi: ya tsena mo dinameng tsa serope, ya mo phunya diphatlha.

Ek sê toe: "Nee, dit is goed, ek is baie gepla."

Ook die vrou het so gesê.

Hulle het toe gekom. Dit was toe dat ek 'n *ngaka* geken het; hy het toe in (my) *lapa* gekom. Dit was 'n Mokwena *ngaka*. Hy is M. genoem. Hy het toe in (my) *lapa* gekom.

En nou terwyl hy nog gemeen het hy gaan my 'dokter' (4) kom iemand en sê: "Is hierdie een jou *ngaka*?"

Ek sê toe "Ja".

Hy sê toe: "Dis 'n toornaar. Hy toor."

Ek sê toe: "Ai! Jy sê darem hierdie mens van my sleg."

"Laat staan hom, vader, ek sal jou vertel van 'n *ngaka* wat nie toor nie. Hierdie is regtig 'n groot *ngaka*, maar hy toor. Laat staan hom. Selfs al het jy hom 'n bees gegee is dit niks".

Ek het hom toe laat staan, en gekyk in die rigting waarna hy verwys het, en ek het 'n *ngaka* gekry. Daar is ek nog al die tyd. Dit is 'S., die vader van D.

Daar is niemand wat weet waar ek (my medisyne) vandaan gekry het nie. Hulle weet nie, hier by ons nie.

Daardie Mokwena *ngaka*, het ek laat staan daar dit hy was wat my vrou seer-gemaak het met die weerligstraal, soos jy haar sien waar sy so vermink is.

Ek het aan hom drie beeste gegee, en ek het aan hom gesê: "Gaan." Wat sou ek (anders) met hom maak. Ek het toe gegaan om 'n goeie een te gaan soek. Ek het daardie een laat staan, daar dit 'n torende *ngaka* was. (5) Ek het toe een gaan soek wat genees.

Toe ek na die volksvergadering op Mochudi gegaan het, toe ek weer tuis kom vind ek dat die weerligstraal (my) huis aan die brand gesteek het en my vrou getref het: hy het in die vlees van haar heup ingegaan en gate in haar gesteek.

(4) *alafa*: met medisyne behandel om te genees, maar ook om mense, beeste, landerye ens. te beveilig en te verseker dat 'n mens voorspoedig sal wees.

(5) *ngaka ya moloi*: in hierdie gedeelte kom dit duidelik uit hoedat daar *dingaka* is wat toor of 'lowa' om leed te berokken, teenoor ander *dingaka* wat 'alafa', d.w.s. medisyne gebruik om te beskerm en bevoordeel. TOORDOKTER is dus nie 'n juiste benaming vir 'ngaka' nie, as 'toor' 'n negatiewe betekenis het, en impliseer dat hy toor.

H.4

Ge maru a duma, ga a rate sepe! Mme o santse a phela. Modimo o mo thusitse. Mme go ntse go swa ba ba thata. A kabo a tsamaile bogologolo.

Erile go tloga fa, re tsaa sepheko sa monna o wa bobedi. Ga ke tlholo ke batla sepe. Tse dintsi, wa bo o batla go *romolana ka boloi* fela.⁽⁶⁾

As dit onweer is, wil sy niks (weet) nie! Maar sy lewe nog. God het haar gehelp. En daar gaan nog steeds (baie) dood wat sterk is. Sy sou al lankal gegaan het.

Van toe af neem ons die kragmiddel van hierdie tweede man. Ek wil nou niks meer hê nie. Om baie (kragmiddele) te wil hê is net om mekaar aanstoot te gee, met towery. (6)

H.5

MANKETLWANE-KETLWANE

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Pilanesberg, Tvl. 11.10.1962)

Kana bophelo ba motho bo laolwa ke lelapa. A o moruti gongwe kgosi gongwe ngaka; ge o sena bophelo kafa lapeng o tla bo o pallwa ke ditiro tsa gago.

Ge bagologolo ba re: Motse ke lapeng', ba tseela ka kwa mosading. Go rialo ke gore bophelo botlhe ba monna le bana bo tswa kafa mosadi o itsholang ka teng.

Mo tlhagong yame ge ke tsalwa, ke fitlhetsa bomme ba nna ka mo malapeng a bona, ba na le tlotlo gammogo le lerato mo banneng ba bona.

Mme kejeno ke fitlhela go senyegile foo. Ke bolwetse bo bogolo bo bo batlang kalafi; kalafi ya tlhago⁽⁷⁾ ya motho.

Jalo pheko ya ntlha ke *manketlwane-ketlwane* (8) ebong seithlaga sa gagwe.

Motswako (9) ke *Phonyoka* (10) *Tlhokwa-la-tsela-ntshebele*⁽¹¹⁾ *phetola* (12) ya dipheko tse: ke madi a motho, ebong wena mong 'a lapa.

DIE 'STOKKIESHUISIE'

Die lewe van 'n mens word natuurlik beheer deur sy tuiste. Of jy nou 'n leraar is, of 'n kaptein of 'n dokter; as jy nie 'n (aangename) lewe tuis het nie dan sal jy jou werk nie kan doen nie.

As die ou mense sê: 'Die stad is in die tuiste', dan bedoel hulle dit op die vrou. Dit beteken dat die man se hele lewe en die van die kinders afhang van hoe die vrou haar gedra.

Volgens my gewoonte toe ek gebore is, het ek gevind dat my moeders in hulle tuistes gebly het, en dat hulle eerbied en liefde gehad het vir hulle mans.

Vandag, egter, vind ek dat dit tot niet gegaan het. Dit is 'n groot krankheid wat genees behoort te word. die genesing van 'n mens se gedragshouding. (7)

So is dan die eerste middel die stokkieshuisie (8) d.w.s. die nessie. (dus net die huisie).

Die versterkers (9) is *Phonyoka* (10) en wilde-angelier (11); die 'omskepper' (12) van hierdie middele: is nl. mensbloed; d.w.s. jou eie, as heer van daardie tuiste.

- (6) *go romolana ka boloi*: om mekaar aanstoot te gee met benadelende towery. Die betekenis hier is dat wanneer jy verskillende manne se middele gelyktydig gebruik, jy hulle kragte teen mekaar te staan bring, en jy in daardie botsing beskadig kan word.
- (7) *tlhago* is houding; gewoonte. *kafa tlhagong ya rona*: volgens ons gebruik of gewoonte.
- (8) *Manketlwane-ketlwane*: die stokkieshuisie wat van bome afhang. Liefs word gemeen wat hang aan die *Mosunyana*, of *Mosetlha* of *Mosêlesêle*.
- (9) *Motswako*: die toevoegsels om die kragmiddel te versterk.
- (10) *Phonyoka*:
- (11) *Tlhokwa-la-tsela-ntshebele*: (Pl. 465). *Dianthus namaënsis* Schinz. wilde-angelier.
- (12) *phetola*: die 'omskepper' wat die middele laat verander.

H.5

Tlhokwa-la-tsela, re tsaya lefulo la gagwe. Phonyoka re tsaya lerole la gagwe. Re tlhakana le lerole la manketlwane-ketlwane.

Mme ke gore, kelello si: O tsaya ntlwana ya manketlwane-ketlwane fela.

Yone ga e mo teng, ka o e ntshitse o sa e utlwiswa botlhoko. Yone ka bo ga yone mogongwe e ka ba 'tšhefi', mme ga e a tshwannwa go jewa. E ke taelo ya bagologolo.

Kago ya botho e fela ge Modimo o ba kgaoganya.

Ke gore ntlwana e, ke sen' o ntsha sebokwana sa teng, ke tlil' o sega mong 'a lapa le ge ele monwana wa gagwe ka thipa, gore go rothe madi a gagwe mo ntlwaneng e. Ke be ke tsaya lefulo la *Tlhokwa-la-tsela*, e ke e kgabetletseng mo nkgwaneng ke be ke tswa go le fetlhela ka lefetlho la *Moologa* (13) Lefulo le ke ya le tabola ke tshela mo'odimo ga ntlwana e.

Yaanong ke tlil' o e sila gammogo le Phonyoka, mme lerole le ke lone ke tlilong go a tshela mo nkgwaneng ya metsi a a nowang fa lapeng.

E tla re mosadi ó, ge a ka nwa metsi ao, gangwe fela! o tlil' o fetoga a kgatlhwa ke go nna kafa lapeng la gagwe. Ga anke a le tlogela a sa bolella monna wa gagwe.

O tla nna kafa lapeng la gagwe ka lerato le boikokobetso mo monneng wa gagwe, mme gape ga anke a eletsa le fa ele go bona kampo go ratwa ke banna ba bangwe.

O tla latola tsotsotlhe di ka tlhatlhamolang bophelo ba ntlu ya gagwe. O ne a sena mogopolo wa ntlo, jaanong o agetse mogopolo wa gagwe.

Ge nka fitlhela o a lwalang, ele monna o a tsamayang a senya jaaka *makêkê* (14), ke tlil' o utlwela mosadi botlhoko, mme ke mo thusa go aga motse.

Ons neem van die wilde-angelier slegs die skuim Van die *Phonyoka*-plant neem ons sy poeier. Ons meng dit met die poeier van die (fyngemaalde) stokkies-huisie.

Maar dit wil sê, let hier op: Jy neem slegs die huisie van die stokkies-huisie (en nie die wurm nie).

Hy (die wurm) is nie binne in nie, aangesien jy hom uitgehaal het sonder om hom te laat seer kry. Hyself is miskien giftig en behoort nie geëet te word nie. Hierdie is die voorskrif van die oumense.

Die menslike saamlewe word beëindig wanneer God hulle skei.

Betreffende hierdie huisie, nadat ek die wurmpie uitgehaal het, gaan ek die heer van die huis sny, bv. sy vinger, met 'n mes, sodat sy bloed kan drup in hierdie huisietjie. Ek neem vervolgens die skuim van die wilde-angelier, wat ek opgekerf het in 'n kleipot, en wat ek dan geroer het met 'n roerstok van bergboegoe.(13) Ek skep hierdie skuim en gooi dit bo-oor hierdie huisietjie.

Nou gaan ek hom fyn maal saam met die *Phonyoka*-plant en hierdie poeier gaan ek gooi in die waterpot van die *lapa* (huis), se drinkwater.

En hierdie vrou, as sy daardie water sou drink, net een maal! sal sy verander en graag by haar huis wil bly. Sy sal die huis nie verlaat sonder om aan haar man te sê nie.

Sy sal by haar huis bly met liefde en onderdanigheid aan haar man, en ook sal sy nie die begeerte hê om ander mans te sien of deur hulle begeer te word nie.

Sy sal alles vermy wat die huislike lewe kan opbreek van haar tuiste. Sy het nie die sin (gedagte) vir 'n huis gehad nie, en nou het jy vir haar gedagtes 'n tuiste gebou.

Indien ek op iemand afkom wat siek is, en dit 'n man wat rondloop en verniel soos 'n grasdraer (14), dan sal ek die vrou jammer kry en haar help om haar huis op te bou.

(13) *Moologa*: (Pl. 422) *Croton gratissimus* Burch bergboegoe.

(14) *makêkê*: groot gestreepte grasdraer-miere.

H.5

Ke tlil'o alafa monna jalo fela, mme ele ka madi a mosadi. Le ge nka naya mosadi lerole lele la setlhare ke ka mo laela gore a tshela mo byalweng bo bo tla nowang ke monna, le ge e le 'tee'.

Mme ene o tlil'o fetoga. Mosadi o tlaatla a ntekodisa bophelo ba gagwe le monna wa gagwe.

Monna ene o tlil'o rata go gakollwa ke mosadi gore a age ntlo ya gagwe.

Ek gaan die man net so genees, maar met die vrou se bloed. Al sou ek ook aan die vrou daardie gepoeierde medisyne gee, dan kan ek aan haar opdra om dit in die bier te gooi wat die man sal drink, of selfs in tee.

En hy sal verander. Die vrou sal kom en aan my verslag doen van haar lewe met haar man.

Die man sal graag deur sy vrou herinner wil word sodat hy sy huislike lewe kan opbou.

H.6

PABALLO YA NTLO

(Kgatlá-*ngaka* van Saulspoort, Pilanesberg, Tvl. 10.3.1967)

Ke bolela ka ga paballo ya ntlo mo digadimeng tsa tumo ya maru ge magadima a le magolo thata ka go itaya dithare le matlo.

Ka mkgwa wa sengaka, ke *thaya* (1) mothao wa ntlo ka lonaka la go thibela maru, go se rathe gaufe le motse.

Lenaka le tlamilwe (2) ka *masepa a korwe* o o tsetseng, a le mo tshwagong, a itlhobile a sena diphofa mo go ene.

Ke tsoaka (3) ka pheko e e bidiwang moupatladi; (4) gammogo le *moleko* (5) o o bidiwang *lôôpo* (6); o mosetlha; le *masepa a kgoadira*, le *kgwara*.

Ke duba ka mafura a noga ya metsi: *Kgogela*. (7)

Ke tshumele pheko e e bidiwang molelo wa lefatshe. (8)

Fa e le teng ga go tlhoge seriti sa byae.

Go e batla, o epa fa go sa tlhogang bya e kgotsa setlhare, go le lebatla fela mo mmung wa thotana wa motlhaba o mosetlha.

DIE BEVEILIGING VAN DIE HUIS

Ek praat van die beveiliging van 'n huis teen weerligslae in donderweer as die weerligstrale baie groot is en bome en huise tref.

Op *ngaka*-wyse beveilig (1) ek die fondament van die huis met 'n medisynehoring om die donderwolke af te weer sodat hulle nie naby die stat tref nie.

Die medisynehoring is saamgebind (2) met die mis van 'n boskraai met kleintjies wat in 'n gat in 'n boom is, en wat al haar vere uitgetrek het.

Ek versterk (3) dit met die kragmiddel wat genoem word "die weerligvoël se beksluiter"; (4) saam met die toormiddel (5) wat *lôôpo* (6) genoem word. Dit is geelkleurige (grond); en ook die mis van die visarend, en die *kgwara*-plant.

Ek meng die medisyne met die vet van die groot waterslang, *Kgogela*. (7)

Ek brand ook die middel wat genoem word: "vuur van die aarde". (8)

Waar dit groei, groei daar nie eers 'n skaduweetjie van gras nie.

Om dit te vind, grawe jy waar daar nie gras groei nie of plante, waar dit net kaal is op 'n gelerige sandbult.

-
- (1) *thaya*: beveilig met medisyne, soos 'n huis of stat.
 - (2) *tlamilwe, go tlama*: om te omgord, bind, dus hier "saamgebind".
 - (3) *tsoaka*: om iets by 'n medisyne mengsel te gooi ter versterking daarvan.
 - (4) *go upa*: om vinke of sprinkane of die weerligvoël se bek toe te 'bind'.
 - (5) *moleko*: 'n 'toormiddel', in die sin dat so 'n middel 'n skrikwekkende wonder sal verrig.
 - (6) *Lôôpo*: 'n geel grond wat noord van Thabazimbi in 'n grot uitgegrawe word deur *dingaka* by *Kwalaka*. Dit word dan ook vertel dat die *Badimo* of voorouergeeste in hierdie grot woon en ook daar gehoor kan word en om besondere seëninge genader kan word.
 - (7) *Kgogela*: Die legendariese groot waterslang wat mense in die dieptes intrek en met sy tong die bloed uit hulle neusgate suig en hulle laat verdrink.
 - (8) *Molelo wa lefatshe*: 'n knolplant by Thotaneng, Saulspoort in Septembermaand.

H.6

Pheko eo ke digwete fela. Ga e tlhoge metlang ka kwantle ga lefatshe. E rtsiwe ka go bonwa digwete.

Pheko e ke yona e thibelang bogolo maru a dikgadima mo ntlo engwe ge o tswakile lenaka la motse ka yona.

Ke lona lonaka la 'di-tswa-boroka di tlhage di le bollo'.

Ke yona phemelo ya ntlo.

Daardie kragmiddel is net die knolle. Daar groei nie spruite uit bokant die grond nie. Mens herken dit slegs as jy afkom op die knolle.

Dit is veral hierdie kragmiddel wat die donderstorms afweer van elke huis af, as jy die stat se medisynehoring daarmee versterk het.

Dit is die medisynehoring vir 'hulle-kom-van-die-suide, hulle kom warm' (donderstorms).

Dit is die beskutting van die huis.

H.7

GO THAYA BONNO

(Kgatla-*ngaka* te Modipane, Botswana. 25.5.1955)

Leupa-la-thaba (1) le itse go thaya bonno ba motho. Ge o thaile ka lona, o le epetse ka 'dikhona' tsa nne, o kopantse le *Serokolo* (2), ga go tsene noga mo bonnong bo.

Ga go kake: legadima la tshosa mo bonnong bo. Le sefelo ga se ralle fa teng.

OM DIE TUISTE TE BEVEILIG

Die poeierkwas (1) is baie goed om die tuiste mee te beveilig. As jy daarmee beveilig het en dit op die vier hoeke geplant het en daar *Carissa bispinosa* (2) bygevoeg het, dan kom daar nie 'n slang in daardie tuiste nie.

Ook die weerlig sal nie laat skrik in hierdie tuiste nie. Ook die dwarrelwind trek nie daar deur nie.

H.8

GO THAYA MOTHO

(Kgatla-*ngaka* te Modipane, Botswana, 1955)

Ge ke thaya motho gore a seke a jesiwa (3) ke ope dijo tse di maswe, kampo go nosiwa tse di seng pila, ke tshwanetse go thaya ka setlhare se, ebong: Mojaja (4), Mosimama (5) le Mosimane-a-ralentswana. (6)

Motho o, ke tla mo tlhaba ditlhabo di le nne go ya fa molaleng le go ya kwa ditlhayeng, mme ke tshase ka setlhare se; Le go dikologa mohubu wa motho o.

OM IEMAND TE BEVEILIG

As ek iemand vooruit beveilig, sodat hy nie deur iemand 'gemaak sal word om iets te eet' wat skadelik is nie (3) of hom iets te laat drink wat nie goed is nie, dan moet ek hom met hierdie medisyne beveilig nl. met: bobbejaangif (4), sambokbossie (5) en plakkie (6).

Ek sal hierdie mens vier inkerfplekke gee tot by sy keel en by sy keel-kliere, en ek sal hierdie medisyne daar insmeer; ook rondom sy naeltjie.

-
- (1) *Leupa-la-thaba, Mathubadifala*: *Haemanthus pr. coccineus*, poeierkwas.
 (2) *Serokolo*: *Carissa bispinosa*. L. Desf. ex Brenan. noem-noem.
 (3) Die vrees is altyd by 'n bruilof of fees, dat jou vyand vir jou 'gif' sal ingee.
 (4) *Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata*, bobbejaangif.
 (5) *Mosimama*: (Pl. 4) *Senecio longiflorus*, sambokbossie
 (6) *Setlhako, Mosimane a-ralentswana*: *Cotyledon* sp. plakkie.

H.9

GO THAYA SEDIBA

(Kgatla-ngaka te Modipane, Botswana, 25.5.1955)

Ditlhare tsa metsi a sediba ke:
Ledutla la seloko (1) le *Ledutla la thaba* (2) le *Motlapatlapa* (3) le *Tlhobokwe*. (4)

Ke go re sediba se tle se seke sa kgala kapele. E bee motswedi o motona fa teng foo.

Ge o *tha'a* (5) fa o tla epang sediba, o dirisa mere e mene eo. O bo o lokele tsona ka bone ba tsona mo tikologong tse nne tsa sedibe. Ke go re wa le thaa. Go kaya go re o loge kgare ka motlho, o se bee fa tlase ga digwere tse, sengwe le sengwe, gore ge motlho o tlhoga o tle o tshware metsi.

H.10

GO ALAFA DIKGOMO

(Kgatla-ngaka te Malolwane, Botswana, 1955)

Ge o biditswe ke motho go mo alafela dikgomo, o tla ya o tshotse ditlhare tsa teng.

Yaanong o tsa'a leswalo la dikgomo, tsona di lokelwa mo sakeng. Le wena o bo o tsena mo sakeng o nna fatshe mo gare ga lesaka mme o tla dira lesakana ka diatla fa fatshe.

O bo o tsaya magala a a tukang o a baa fa gare ga lesakana. Leswalo lone o bo o le tshuba fa teng fa. Go sen' o le tshuba o tla le tlogela le ntse le kuela musi. Dikgomo ge di utlwa musi di tla atamela di o aramela.

Yaanong o tla kopa mong 'a lesaka gore: 'Kgomo ya eno e e tona e e tsetseng dikgomo tse, ke efe?' A ba a re: 'Ke e.'

O bo o tsaya setlhare mme o se bofella mo boditsing ba kgomo mo gare.

Gape, go poo, ge ba re: 'Poo ga e ne mo sakeng'. O tla batla setlhare se se e tshwarang. E tla re ge o fitlha mo poong, o e betsa gangwe ka mpa ya moretlwa, e o e tshasitseng setlhare. O bo o e latlhela kwa pele ga yona. Yone e tlii o tla mo dikgomong e palama.

OM 'N PUT SE WELSLAE TE VERSEKER

Die plante vir water in 'n put is: Die turflelie (1) en die poeierkwas (2) en die bolplant *Boophane disticha* (3) en *Tephrosia polystachyoides*. (4)

Dit word gedoen sodat die put nie gou moet opdroog nie, maar dat dit 'n groot fontein, daar moet wees.

As jy 'met kragmiddele beveilig' (5) waar jy 'n put gaan grawe, dan gebruik jy daardie vier middele. Dan moet jy hulle vier aan die vier kante van die put sit. Dan 'versterk' jy dit. Dit beteken dat jy 'n ring moet vleg met kweekgras en dit onder hierdie bolle sit, een vir een, sodat as die gras begin groei, dit die water kan bereik.

OM BEESTE TE BEHANDEL

As iemand jou laat roep om sy beeste vir hom te kom 'dokter', sal jy met die nodige medisyne gaan.

Jy neem van die voorspoedpreparaat vir beeste, terwyl hulle in die kraal gejaag word. Jy gaan dan ook in die kraal en gaan sit plat in die middel van die kraal, en daar maak jy 'n kraaltjie op die grond met jou hande.

Jy neem vervolgens gloeiende kole en sit hulle in die middel van die kraaltjie. Jy steek dan die voorspoedpreparaat net hier aan die brand. Jy laat dit so staan en rook. Sodra die beeste die rook ruik sal hulle naderstaan en dit opsnuif.

Jy vra hierna die eenaar van hierdie kraal: 'Watter van jul beeste is die oudste, wat die ma is van hierdie beeste?' Hy antwoord: 'hierdie een'.

Jy neem nou die medisyne en bind dit in die middel van die bees se stertkwas vas.

Ook is daar die bul (om te dokter) as hulle sê: "Die bul bly nie in die kraal nie." Jy sal 'n middel soek om hom te beperk. As jy by die bul kom, slaan jy hom een maal met 'n rosyntjeboslat waaraan jy 'medisyne' gesmeer het. Daarna gooi jy die lat voor die bul. Hy sal dan aktief wees tussen die beeste.

(1) *Ledutla la seloko*: (Pl. 445) *Crinum macowanii* Bak. turflelie.

(2) *Ledutla la thaba*: (Pl. 184) *Mathubadifala*, *Haemanthus*, poeierkwas.

(3) *Motlapatlapa*: (Pl. 65) pr. *Boophane disticha* Herb., gifbol.

(4) *Tlhobokwe*: (Pl. 334) *Tephrosia polystachyoides* Bak. f.

(5) *thaya*: met kragmiddele beveilig, versterk, aanlê (stat).

H.10

Ke go re go tsewa *Mathaalole* (1)
O o tlhakanya le *Bosuko-ba-poo* (2) Ge
o tshotse ditlhare tse pedi tse, o a di
tlhakanya, o sen' o di thuga.

Ba gama mafsi ka kgamelonyana; o a a
pega. Mantsiboa ge legodimo la ona ele
mafura, o tsa'a ona, o duba ditlhare tse
pedi tse.

Ke gona o *tsamolang* mpa ya moretlwa,
o e tshase setlhare se. Yaanong ge o betsa
poo, o tla bo o e kaile Ga e nke e tlho'
e ya gope, mme e tliil' o kalama dikgomo
tse e leng tsa yona.

Daar word naamlik *Mathaalole*(1)
geneem Dié meng jy met *Hypoxis*
rooperi (2) As jy hierdie twee middels
het, meng jy hulle nadat jy hulle fyn
gestamp het.

Hulle melk in 'n emmertjie en jy hang
dit op In die namiddag as die boonste
deel room is, neem jy die room en meng
die twee middele daarmee

Nou pluk jy die rosyntjeboslat en
smeer dit met hierdie medisyne. As jy dan
die bul slaan, het jy hom 'gespan'. Hy
sal hierna nerens meer heengaan nie,
maar net bly by sy eie koeie.

H.11

LESWALO LE LENAKA LA DIKGOMO

(Kgatla-*ngaka* te Malolwane, Botswana, 1955)

O tsaya modi wa *Moretlwa* (3) le
Ntige (4)

Ge o se epa, o bone gore moriti wa gago
o seke wa wela mo setlhareng se Di thugwa
ka boraro ba tsona, di be di tlhakangwa ka
mafura a mafsi.

Lesaka ge la alafiwa yaana ke gore o
thibela boloi, o thibela moferefere wotlhe
gore o seka wa tsenda mo sakeng

G'o sen' o rialo go lenaka la dikgomo,
lona le le tliil' o gapang kgomo Ge motho
a ka go ra'a a re: "Ke batla gore o
ntshwarele poo e fela e O ka tsa'a namane
fela e e tla tsalwang ka tiro ya poo e o e
alafileng."

Ge o alafa lesaka yaana ke gore o tshapisa
dikgomo gore di nne phepa mo matlhong a
poo.

Ke gona o ka dikologang lesaka ka
dimêpo. (5) Wa e *bapola*. (6)

DIE KRAGMIDDEL EN MEDISYNE- HORING VIR BEESTE

Jy neem die wortels van rosyntjebos(3)
en *Ntige* (4)

As jy dit uitgrawe moet jy sorg dat jou
skaduwee nie val op hierdie plant nie.
Hulle drie word fyngestamp en word dan
gemeng saam met room.

As die kraal (of kudde) so behandel
word, is dit omdat jy toordery afweer;
jy weer alle skelmstreke af sodat dit nie
in die kraal kom nie.

Nadat jy dit gedoen het is daar die
medisynehoring vir beeste, wat vir jou
(die *ngaka*) 'n bees gaan besorg. (Want)
as iemand vir jou sê: "Ek wil hê jy moet
net hierdie bul vir my 'vasmaak'. Jy kan
'n kalf kry uit die bul wat jy behandel
het."

As jy die kraal so behandel beteken dit
dat jy die beeste (ritueel) 'was', sodat
hulle skoon (rein) kan wees in die oë van
die bul.

Nou kan jy rondom die beeskraal
penne (5) inslaan; jy 'pen hom vas'. (6)

(1) *Mathaalole*:

(2) *Bosuko-ba-pôô*: (Pl. 91) *Hypoxis rooperi* S Moore

(3) *Moretlwa*: *Grewia flava*, rosyntjebos

(4) *Ntige*:

(5) *dimêpo*, *dimapo*, *dimepe*: is penne met medisyne wat vir beskerming in die grond
geslaan word.

(6) *bapola*: vaspen op sy plek soos 'n vel.

H.11

Mo lenakeng le, go batlega:
Magogwe, nko ya lenong, nko ya phiri.
Ke gore ditshidi tse tharo tse di phelang,
tse o di bolaileng.

Yaanong o ya kwa ditlhareng. O
tša'a *Mmabatsane* (7), o ya moretlweng,
o tša'a modi wa teng. O tša'a *mmilo* (8),
modi wa teng. O bo o sila o tlhakatlhakanya.

Gape o tsaya *Leswama* (9)
o remela mankgêtha ka phalo. O tla a baya
a otlhe mo lengetaneng la pitsa, o o
ba'a mo godimo ga mollo o mofsa, gore
ditlhare tsotlhe tse di tle di fse, gore o
kgone go di sila.

O bo o batla mafura a podi, gongwe
a kgomo gongwe a nku a a ka fa teng. O bo
o o thuge le one mosidi o. Go sen' o sila
yaana o o loke mo lenakeng la kgomo.

In hierdie horing moet kom: mier-
vreter, die snawel van 'n aasvoël, die neus
van 'n wolf. D.w.s. drie lewendige goed
wat lewe, wat jy doodgemaak het.

Nou gaan jy na die plante: Jy neem
brandnetel(7), jy gaan na die rosyntjie-
bos en neem sy wortel. Jy neem mispel,(8)
sy wortel, en maal en meng (hulle).

Jy neem ook *Leswama*(9) en kap die
kerfsels daarvan met 'n handdisseltjie.
Jy sit dit alles in 'n potskerf en sit dit
oor 'n nuwe vuur sodat al hierdie medi-
synes kan verkool, sodat jy dit kan fyn
maal.

Jy soek vervolgens bokvet, of van 'n
bees of van 'n skaap, binnevet. En dit
vermeng jy met hierdie houtskoolpoeier.
Nadat jy dit so gemaal het sit jy dit in
'n bees se horing.

H.12

KALAFI YA DIKGOMO (10)

(Motlhako -'kruiedokter' te Mathubudukwane, Botswana, 26.4.1957)

Ge di tlhapisiwa,(11) ke gona ge di
alafywa.

Pòò le yona ke e alafa mmogo
le tsona mo sakeng.

Lesaka lōna, fa mojako le a bapolwa(12)
ka dimapo.

Ge re tsena mo ditlhareng:
re tsenya ene Nthagaraga (13) re tsenya
segwerenyana se re tlhapisang ka sona
ebong *Motlhapiso*(14), re tsaya *Mogaga*(15)
re o lokela mo teng, le *kgophane* (16) le
Bogokgwe (17) le dikgong tsa *sentlhaga*
sa mamasiloanoka, le *masepa a kgwaadira*.

Yaanong ke tsaya seditse, ke tsee pheko,
ke e tshase mo seditsing. Ke tla ina seditse
mo setlhareng, ke yo kगतšha.

OM DIE BEESTE TE 'DOKTER' (10)

Wanneer hulle 'gewas' (11) word, is
dit wat hulle 'gedokter' word.

Die bul dokter ek saam met hulle
(die beeste) in die beeskraal.

Aangaande die kraal, by die ingang
word 'gedokterde' penne ingeslaan.(12)

Wanneer ons by die medisyne kom:
sit ons *Stomatostemma monteiroae* (13)
daarin, en ons sit verder die bolplantjie
waarmee ons 'was' daarin, nl. die 'wasser'(14)
en ons neem van die maermanplant (15)
en sit dit daarin, en grasaalwyn (16) en
Scilla marginata (17) en die stokke van
die hamerkopnes, en die mis van 'die
groot visarend'.

Vervolgens neem ek die (wildebees)-
stert, en neem van die kragmiddel en smeer
dit aan die stert. Ek doop die stert in
die 'medisyne' en gaan besprenkel (die
beeste).

(7) *Mmabatsane*: *Urtica*, brandnetel.

(8) *Mmilo*: (Pl. 311) *Vangueria cyanescens*, Robyns, mispel.

(9) *Leswama*:

(10) *alafa*: dokter, d w.s. met middele behandel as voorbehoeding teen teenspoed.

(11) 'was' hier in die sin van rituele reiniging of versterking deur middel van besprenkeling.

(12) gewoonlik sekelbos of ander harde hout-penne met 'middele' besmeer wat by hoeke
of ingange ingeslaan word as beskermmiddel.

(13) *Nthagaraga*: (Pl. 302) *Stomatostemma monteiroae* (Oliv.) N.E. Br. die bolle van die
plant word vir vrugbaarheid gebruik.

(14) *Motlhapiso*:

(15) *Mogaga*: (Pl. 103) *Urginea altissima* Bak. maerman.

(16) *Kgophane*: (Pl. 75) *Aloe transvaalensis*, grasaalwyn.

(17) *Bogokgwe*: (Pl. 581) *Scilla marginata* Bak.

H.12

Morago ga foo ke gona ke yo tshubang *lebone* (18) Ke be ke di bonegela, ke di ralla bogare, ke 'ira sefapaano. (19) Ke a re: "A re kopane monna!". (20) Ke tla be ke feditse.

Dimepe tse ke di kokotelang ka maabanyane, ke di tshase tshitlho eo, ke di kokotele fa goro ya lesaka.

 Ge ke tsenya *Mamasilo*, ke gore ge motho a ka re o a di tsa'a, a di utswa, a mo lwantshe, motho o o utswang oo, dikgomo di tshabe, di bowê.

Kgwaadira, ke ene wa lehumo leo. O batla lehumo. O koo dimo; o a kua kwa legodimong gore a khumo e tle. Ke o a bitsang kae le kae, a goelang: 'Fa! A go tle khumo!'

Le ene o 'ira gore dikgomo tsa'go di seke tsa timela, di goroge kwa sakeng. Le ene o ntse jalo jaaka *Mamasilo*.

Ke yona thapelo e re rapelang ka yona gore a re bone thuso.

 Ge ke *alafa pôô*, ke gore ke batla gore e seke ya tswa mo sakeng, ya ya mo tse dingwe.

O batla gore e go direle leruo, eseng babangwe.

Daarna gaan ek die 'lig' (18) aansteek. Ek 'belig' hulle so: ek loop tussen hulle deur, en maak 'n kruis. (19) Ek sê: "Laat ons mekaar ontmoet man!" (20) Ek is dan klaar.

Die penne wat ek teen die aand-skemering inslaan, het ek eers met daardie mengsel gesmeer, en toe by die kraalhek ingeslaan.

 As ek die hamerkop byvoeg, is dit sodat indien iemand sê hy neem hulle, d.w.s. dat hy hulle steel, dan moet hy (die hamerkop) met hom baklei, daardie dief, dat die beeste kan vlug, en terugkom.

Die groot visarend, hy is vir die groot rykdom. Hy soek die rykdom. Hy is daar bo (in die lug) en hy roep daarbo dat die welvaart moet kom. Hy roep na alle rigtings en skreeu: 'Hier! Laat daar rykdom kom!'

Ook hy maak dat jou beeste nie moet wegraak nie, maar kraal toe sal kom. Ook hy is so soos die hamerkop.

Hierdie is die gebed waarmee ons bid, sodat ons hulp kan kry.

 As ek die bul behandel, is dit omdat ek wil hê dat hy nie uit die kraal moet gaan, na ander (beeste) nie.

Jy wil hê hy moet vir jou 'n kudde opbou, nie vir ander nie.

H.12(b)

KHUKHWANE YA MAMARIBOLA MO PHEKONG YA DIKGOMO

(Kgatla-*ngaka* van Modipane, Botswana, 7.12.1955)

Se ke setlhare sa dikgomo. Ke go re dikgomo tse, jaaka ge di alafiwa ke setlhare me go tlhakantswe le *Mamaribola* (21) ga di nke di lebala lerope leo la tsona.

DIE MISKRUIER IN DIE BEES-KRAGMIDDEL

Hierdie is 'n middel vir beeste. D.w.s. hierdie beeste, as hulle met medisyne gedokter word wat met die 'miskruier' (21) vermeng is, sal hulle nie hul tuiste vergeet nie.

(18) *lebone*: 'n lamp, 'n lig. Hier word 'n droë naboomsplinter geneem, in die horing met kragself gedruk, en aan die brand gesteek om die kudde te 'verlig'.

(19) Medisyne word dikwels in kruisvorm gestrooi, en ook hier.

(20) Die toornaar word genooi om kragte te kom meet!

(21) *Mamaribola*: die miskruier is 'n baie belangrike kragmiddel en wel as 'beeswater' Hy vergeet nie sy misbolletjies nie, en sal die beeste ook nie as hulle met hom behandel is – hul mishoop (die kraal) vergeet nie.

H.12(b)

E tlhakangwa le *Moologa* (22) le *Mabofe* (23) le *lebolobolo*; mme go dubilwe ka *mafura a tlhware*, a tlhakantswe le *mafura a dikgomo*, (kegore: a mafsi). Gape go tsena *Mokaikai* (24), go bo go tsena setlhare se se bidiwang *Mojakubu* (25) Go bo go tsena *Mokokoane*. (26)

Jaanong go dirwa *leswalo* la dikgomo le le tshubelwang kwa sakeng, ka kgwedi engwe le engwe, e palama, go le mantsiboa. Mme ge go tshubiwa, go tshubiwa kwa motsheo le kwa kgorong.

Jaanong go batliwe *Tshuku-ya-pôô* (27) e gwaiwe ka fa gare, e sen' o thibollwa.

Go bo go tsewa setlhare seo le morot o wa dikgomo tso tsotlhe, go tswa mo sakeng la dinamane le wa dikgomo. Go bo go epelwa fa gare ga lesaka. Jaanong dikgomo di tla be di alafilwe, mme ga di nke di tlogela mosutele oo. Ga dinke di o lebala.

Khukhwane e, ge e tsena mo leswalong, ke go re e ratana le dikgomo thata. E ja maloko a tsona, mme e tlhola fela mo sakeng, e ntse e re: "Bôô! Bôô!" E batla go re dikgomo a di nyle e tle e bone botshelo.

Mamaribola o monamagadi le ene o tsena mo leswalong lê. Mamaribola o motonayana ge o se fa sakeng, o nna kwa dinokeng kwa dikgomo di sa tlhokofaleng teng.

Dit word vermeng met bergboegoe (22) en *Cissus quadrangularis* (23) en 'n pofadder en vermeng met 'luislangvet' en gemeng met beesroom. Ook kom nog *Ipomoea magnusiana* (24) daarby, en ook die plant *Mojakubu*. (25) Dan word nog vermeerbossie (26) bygevoeg.

Nou word vir die beeste 'n 'voorspoed-preparaat' berei, wat in die kraal aan die brand gesteek word, elke maand as die maan klim, en wel saans. En as dit aan die brand gesteek word, word dit gebrand in die agterkant (van) die kraal) en by die ingang.

Nou word *Hypoxis rooperi* (27) gesoek en in die middel uitgehol nadat die boonste punt afgesny is.

Daardie medisyne moet geneem word asook die urine van al die beeste, sowel in die kalwerhok asook van al die beeste. Dit word in die middel van die kraal begrawe (in die *Hypoxis*-bol). Die beeste is hiermee klaar 'gedokter', en hulle sal daardie mis nie verlaat nie. Hulle sal dit nie vergeet nie.

Hierdie kewer, as hy in die voorspoed-preparaat gesit word, is omdat hy so lief is vir die beeste. Hy eet hulle mis, en bly net in die kraal en sê net: "Bôô! Bôô!" Hy wil hê die beeste moet mis sodat hy kan lewe.

Die vroulike miskruier kom ook in hierdie voorspoedpreparaat. Die manlike miskruier, indien hy nie by die kraal is nie, bly langs die riviere waar beeste nooit ontbreek nie.

H.13

DIPHEKO TSA LESWALO LA DIKGOMO

Mo leswalong le le tshubelwang mo sakeng go tsena dipheko; me engwe le engwe ya tsona e na le tiro ya sona:-

DIE KRAGMIDDELE IN DIE BEESTE SE BESKERMMIDDEL

In die voorspoedpreparaat wat in die beeskraal aan die brand gesteek word, kom kragmiddele; en elkeen van hulle het sy eie funksie om te vervul:-

-
- (22) *Moologa*: (Pl. 422) *Croton gratissimus* Burch. bergboegoe.
 (23) *Mabofe*: (Pl. 1) *Cissus quadrangularis*.
 (24) *Mokaekae*: (Pl. 206) *Ipomoea Magnusiana* Schinz var. *eenii* (Rendle) A. Meeuse.
 (25) *Mojakubu*:
 (26) *Mokokoane*: (Pl. 107) *Geigeria africana* Gries. subsp. *ornativa* (O. Hoffm.) Merx. vermeerbossie.
 (27) *Tshuku-ya-poo*: (Pl. 91) *Hypoxis rooperi* S. Moore.

H.13

(1) **Lebolobolo:**

Mafura, tlhogo le mogatla.

Tiro ya teng ke go re: Lesego. O e bona ga e le mo tshimong. E lesego ge e neellwa, e bolae. E be e ka loma dikgomo. Ke go re: re thibella go loma ga dikgomo ka mesana. Le go di kaya gore di seke tsa tsamaya thata. Lebolobolo kana e nna go le gongwe.

Tlhôgô ke go re go tshwerwe botlhoko kwa bo leng teng, kwa bo bolayang.

Mafura: ke go re re tsere mmele otlhe ge re riana

Mogatla: Re tsere kemiso ya botlhoko, fa bo fellang teng. Ke moka re e tsereng yotlhe.

(2) **Tlhware:**

E kaela mafulelo a dikgomo aa fa gaufi.

Mme ebile ke dikgomo tse di thata tse di sa tshabellweng bokoduwe. Mafura a tlhware: a dikgomo di nne mafura, tse di ntle!

Tlhware ga e nke e bopama, le ge go ka nna jang!

Ebile ga e ke e swa ka bonakô. O ka e bolaya 'tsatsi le tswa, mme e ntse e menogela teng fa! Jalo re e ratela jalo mo dikgomong, e seke ya nna dikgomo tse di swang kampo tse di mokoduwe.

(3) **Mafura a dikgomo:**

A kaya dikgomo tse di ratanang, tse di nkgang monko o le mongwe fela.

(4) **Mokaekae:**

Ke gona go thibella go tsamaya.

(5) **Mojakubu:**

Ke setlhare sa noka. Tiro ya sona ke leswalô. Ke lona le le tlhabegang mafura ale a dikgomo Kana se nkga monate, gore ge o o tshubile, batho ba tle ba rate go utlwa monko. Ke gore dikgomo di tla ratega, di ratana. Ge o rekisa o fitlhela e le dikgomo tse di ratwang ke bareki.

"It's a very deep secret! "

(1) **Die Pofadder:**

Vet, kop en stert. Sy funksie is nl.: Seëninge. Jy kry hom as hy in die koringland is. Hy is gelukkig as iets aan hom toegesê word, want hy maak dit dood. Hy kan bv. beeste byt. D.w.s. ons voorkom die voortdurende byt van beeste. En ook om hulle te span, sodat hulle nie so ver loop nie. Die pofadder bly natuurlik op een plek.

Die 'kop': d.w.s. ons het die gif beet by sy oorsprong, waar dit doodmaak.

Die 'vet': d.w.s. ons het die hele liggaam geneem as ons so maak.

Die 'stert': Ons het die einde van die gif geneem, waar dit ophou. As het ware het ons so die hele (slang) geneem.

(2) **Die Luislang:**

Hy dui heen op weiding vir die beeste in die nabyheid.

En ook is dit taai (sterk) beeste waarvoor mens nie hoof bang te wees dat hulle maer sal word nie.

Luislangvet: laat die beeste vettes wees, pragtiges!

'n Luislang sal nie maer word nie, al word dit nou ook hoe!

Ook gaan hy nie gou dood nie. Jy kan hom doodmaak as die son uitkom, maar hy kronkel nog steeds hier rond! Om daardie rede wil ons hom hê vir die beeste, sodat dit nie beeste sal wees wat sommer doodgaan of wat maer sal word nie.

(3) **Room ba die beeste:**

Beteken beeste wat van mekaar hou, wat net eenders ruik.

(4) **Ipomoea magnusiana (kniehalterplant):**

Dit is juis die doel (van die plant) om hulle te verhinder om (vêr) te loop.

(5) **Mojakubu: ('Seekoeikos'):**

Is 'n rivierboom. Hy kom in die voorspoedmiddel. Dit is hy wat daardie room van die beeste kruie. Dit ruik natuurlik lekker, en as jy dit aan die brand gestee het, dan wil die mense graag die reuk kry D.w.s. die beeste sal gesog wees, en van mekaar hou. As jy verkoop vind jy dat hulle baie gesogte beeste is onder die kopers. "It's a very deep secret! "

H.13

(6) **Moologa:** Ke go bitsa. A di tlae di nne dintsi! A dilo di kgobokanel

(7) **Mabofe:**

A di nne selo se le sengwe. Ge Mabofe a bofagantse setlhare kampo legora, ga di kake tsa tlhatlhamologa. E na le ditshika tse di thata.

(8) **Makokoane:**

Ke go re dikgomo tse di seke tsa kgaogana le ge o ka di tlogela kgwedi kwa morakeng. Se na le monko o monate jaaka khudu ya meetsi.

(9) **Tshuku-ya-pôô**

Ge pheko e fitlhetswe mo segwereng se, ke go re a bolwetse bo seke ba tsena ka bogale. Bogolo ge bolwetse bo le bogale, go swe namane tse pedi, kampo engwe. Tshuku-ya-pôô kana e na le borekhu bo bo gagamatsang. Yaanong, le ge nka fitlhela dikgomo kampo dinamane kampo dinku kampo dipodi di swa, ke tsaya Tshku-ya-pôô, ke e bula, ke e gwaya mosima ka fa teng.

Yaanong ke potologa kgomo e e suleng, ke e ngatha-ngatha tsêbe, nkô, loleme, ntshotwane, mogodu, mala go ya kwa setlheng, diphilô, sebetse, pelo, makgwafu, le bêtê, ditlhako tsa yona tsotsotlhe, mogatla.

Yaanong ke e tlatsa mo Tshuku-ya-pôô ke e thiba. Ke batla mebitlwa ya *Mosunyana* o o omeletseng, kampô *Motlhono*, (1) mebitlwa ya teng, ke rokella, ke be ke epa fa kgorong ya dikgomo; ke epa ke lebile kafa teng: ke go re ke *mhikô*. Ke a tswala ge ke re yana.

Ke be ke bue ka molomo ke reng: "A di fôlê! A di fôlê! Bolwetse bo emel!" Go re yana ke borapedi go re Modimo a go thuse.

Kana ke meleko. Jaanong, re tswala ka *Mojakabomo*. Re duba ka *mafura a tau*, le *letswalo la tau*. Gore e dumê!

(6) **Bergboegoe:** Hiermee word geroep. Laat hulle (die kraal) volmaak! en vermenigvuldig. Laat die besittings versamel!

(7) **Cissus quadrangularis: ('Vasmaker')**

Laat hulle 'n eenheid vorm. As hierdie plant 'n boom vasgewoel het, of 'n takheining, sal hulle nie uitmekaar getrek kan word nie. Hy het baie sterk vesels.

(8) **Vermeerbos:**

Sodat hierdie beeste nie van mekaar moet weggaan nie, al laat jy hulle ook vir 'n maand alleen loop by die veepos. Dit het 'n aangename reuk, net soos 'n waterskilpad.

(9) **Hypoxis rooperi:**

As die kragmiddel in hierdie knol weggesteek word, dan is dit om te voorkom dat die siekte straf moet kom. Indien dit 'n kwaai siekte is, dan kan liewers twee of een kalf doodgaan. Hierdie plant het nl. baie taai gom. Indien ek dan nou die beeste of die kalwers of die skape of die bokke vind dat hulle vrek, neem ek hierdie knol, sny hom bo oop en grawe 'n gat in hom.

Nou gaan ek om die gevrekte bees en neem stukkie van die oor, die neus, tong, blaarpens, maag, blaas, niere, lewer, hart, longe, milt al sy kloutjies en die stert.

Ek stop dan die Hypoxis-knol vol met hulle en maak hom weer toe. Ek soek verdroogde dorings van die haak-en-steek of dorings van die klapperbos⁽¹⁾ en ek steek (die deksel) daarmee toe. Ek grawe by die beeste se (kraal) hek; ek grawe terwyl ek binnekant-toe kyk: d.w.s. dit is verberging. Ek maak toe as ek so maak.

Ek praat dan met my mond en sê: "Laat hulle gesond word! Laat hulle gesond word! Laat die siekte ophou!" Om so te maak is 'n gebed dat God jou moet help.

Dit is nl. pogings tot toordery. Daarom verseël ons met *Mojakabomo*. Ons meng alles met leeuvel, en ook die borsbeen van die leeu. Sodat hy kan brul!

(1) *Motlhono*: (Pl. 413) *Maytenus tenuispina* (Sond) Marais, klapperbos.

H.13

Masepa a diphologolo, ke pheko tsa tse di phelang mo meetsing, ka a tswa mo mogodung wa yona, kwa go leng meetsi; ke go re: modi wa metsi.

Tshitlho e, re e latlhela mo teng ga lee. Gape re tshase sethobo sa teng. Re e dira ka *Morôka* (2) kampô *Motlhware* (3) le ge e ka ba *Lesisimogô* (4).

Tiro ya lee ke go re: Ge ke batla pula ke e thibollele kwa phefo e tswang teng. E tla foka pila go bitsa maru ka bonako.

Ke go re: o ya kwa gare ga tshimo, bosigo batho ba robotse, o apole, o bo o nne fatshe o bo o baya lee mo diropeng tsa gago, o leba kwa phefo e tswang teng.

O bo o bitsa, o rema ka diatla o re:

“A e tle!
A re rakane!
A re kopanel
Ga ke monna, ke mosimane
Mosimane o siamelwa ke dilo,
Tsuku-tsuku-thi!
Tlhogo e mela moriri
Ga e thata.”

Die mis van die diere, is die kragmiddele van hulle wat in die water lewe, aangesien dit uit die blaarpens kom, waar water is; dus die wortel van die water.

Hierdie salf, gooi ons in die eier. Ook smeer ons die prop daarmee. Die prop maak ons van *Commiphora* (2) of oliewenhout (3) of selfs *Lesisimogô*. (4)

Die funksie van die eier is dat wanneer ek reën wil hê dan maak ek dit oop in die rigting vanwaar die wind kom. (Die wind) sal dan mooi waai om die wolke spoedig te ontbied.

Jy gaan naamlik na die middel van die tuin in die nag as die mense slaap, trek jou (klere) uit, sit plat op die grond en sit die eier op jou skoot en kyk in die rigting vanwaar die wind kom.

Jy roep dan uit en wink met jou hande en sê:

“Laat hy kom!
Laat ons mekaar raakloop!
Laat ons bymekaar kom!
Ek is nie 'n man nie, ek is 'n seun;
'n seun se sake kom reg,
Tsuku-tsuku-thi!
Hare spruit uit op die kop,
Hy is nie hard nie.”

H.14

GO PHEKOLA DIKGOMO GORE DI SEKE TSA BOLAWA KE LENYORA

(Kgatla-*ngaka* te Modipane, Botswana, 1956)

Ge dikgomo di phekolwa ka ntlha ya lenyora, re batla *Morama* (5) le *Ledutla* (6) la motlhaba, le le tswang meetsi, le la selôkô, le le tswang mafsi. Re be re batla *Moralla*. (7)

(15) 'een van gees', dus eensgesindheid is altyd 'n voorwaarde vir seën.

J.1

GO BOLAYA KWENA KA MONKGÔPHÔ

**OM 'N KROKODIL MET DIE
NABOOM DOOD TE MAAK**

(Kgatla-ngaka van Saulspoort, Tvl., 26.2.1962)

Monkgôphô (1) ke *phoko e e bolayang kwena*. Motho ge a tla koo nna a re: "Ke jewa ke selo mo maleng." E tla re ge ke mo laola ke bolellwa ke ditaola gore ke 'metsi'. Ke tla lemoga gore ke kwena. (2)

Ge e sa le nye, e tla ja dijo tsa gago. Fela ge e gola e batla metsi. Ke gore o nwe metsi thata. Mme motho wa teng o tshologa sethitho.

Ebile makakaba a yona, e simolla go mo kokona ka ona. Yaanong e supa gore e tona, mme ge e tlhoka dijo, e tlo mo senya, e ngatha mala a.

Mo kalafing ya yona ke gore ga se e tlhwe e tswa ka molomo. E ka tswa kwa morago. Ke gore e bolaiwe e be e bole gore e tswe ka diripa-ripa.

Ke tliilo tsa'a Monkgopho, modi wa one, le *Tshoo-la-tau* (3) otlhe o, ke di gadika ka bobedi, ke di sila bopi. Jaanong ke a ja pele, go mo supegetsa gore selo se ga se bolae. Ke tla be ke mo tabolela gore a je.

Morago ke gore se a se jang: metsi, nama, bogobe, se a se jang, a tabole lerole le ka leswana la 'tee', le le tletseng. A tshela mo dijong tseo, malatsi a mararo. Morago ga foo, e tla bo e sa tlholo e phela.

Go bôla, go tliilo e tsa'a beke, ka gore ke phologolo e e sa kgoneng go bôla kapele-kapele.

Ge a ka ntsha leotwana, re tla le ba'a. Kamosô o ntsha se, ke gore e tswa ka *dimukana-mukana*(4), ke gore dika-rolônyana. Ge e fedile, ke tliilo mo fa mothubiso gore ke 'kolomake' manno a teng.

Die naboom (1) is 'n kragmiddel 'wat 'n krokodil doodmaak'. As iemand na my toe kom en sê: "Iets vreet my op in my maag." Wanneer ek vir hom dolosgooi en die dolosse vir my sê: 'dit is water', sal ek besef dat dit 'n krokodil is. (2)

As hy nog klein is eet hy jou kos. Maar net sodra hy groot word wil hy water hê. Dit veroorsaak dat jy baie water drink. En 'n persoon onder daardie omstandighede sweet geweldig.

Ook begin hy om met sy skubbe vir hom te krap. Hy wys nou dat hy groot is, en as hy nie kos kry nie, gaan hy hom verniel deur aan sy ingewande te begin vreet.

Wat sy behandeling betref, beteken dit dat hy (die krokodil) nie meer by sy mond kan uitkom nie. Hy kan agter uitgaan. Dit meen dat hy doodgemaak moet word sodat hy kan ontbind en stuk-stuk kan uitkom.

Ek gaan van die naboom neem, die wortel daarvan, en vingerpol (3), die hele plant en braai hulle saam en maal hulle tot 'n poeier. Ek eet eers om vir hom te wys dat hierdie middel nie doodmaak nie. Ek skep dan vir hom daarvan om te eet.

Hierna moet hy vir alles wat hy gebruik: water, vleis, pap, wat hy ook eet, moet hy van die poeier neem, 'n teelepel vol. Hy moet dit in daardie kos gooi vir drie dae lank. Daarna sal (die krokodil) nie meer lewe nie.

Dit sal nou 'n week neem om hom (die krokodil) te laat ontbind, want dit is 'n dier wat nie gou sleg word nie.

As hy 'n pootjie laat uitkom, sal ons dit bêre. Møre laat hy weer di't uitkom, d.w.s. die krokodil kom in stukkies-stukkies(4) uit, naamlik deeltjies (van hom). As hy klaar (uitgekomp) het, gee ek hom 'n purgeermiddel sodat ek die (krokodil) se boerplek kan skoonmaak.

-
- (1) *Monkgôphô*: Euphorbia ingens en candelabrum, naboom; die sap is baie giftig.
 (2) Hier is dit 'n 'krokodil' binne in die persoon se maag, wat al groter word. Dit is 'n vorm van toordery, want iemand kan vir jou fyngemaalde krokodillewer ingee. Dit sal dan in jou ontwikkel tot 'n krokodil wat al groter word.
 (3) *Tshoo-la-tau*: Euphorbia, vingerpol.
 (4) *dimukana-mukana*: klein stukkies.

J.1

Tumedi (5) ya gore e dule yotlhe ke gore go tswe *bolele* (6), ebong lefulo le le tala, fela jaaka ge digogwana di tsala mae mo boleleng ba metsi. Go tllilo tswa bolele fela.

Kegore, molwetse o, ge a ya kwa nageng ge a utlwa sengwe se mo ngapa, a tshelle metsi ka 'ketlele' mo mantleng a gagwe go a tlhatswa a tle a tsee se a ka se bonang mo teng, mme a ba a se ntleie. Ke tla bona gore ke eng sa kwena eo.

Ke gore more o o gotweng Monkgotho o maswe thata. O bodisa nama ka bonako. Le yona nama ya kwena, e bola jalo fela, go bo go tswe jaaka maotonyana, le ge e le tlhogonyana ya teng. Di ka tswa, di le kana ka tsa leobu.

Ge a nwa setlhare se, ga a nke a tlhola a tswa sethito. Le kwena, ga a nke a e utlwa morago ga malatsi ao. Ga e nke e tlhwe e tshikinya mo go ene. Ke gore: e sule.

Ke yone kalafi ka modi wa monkgotho. Ga a nke a utlwa botlhoko le fa e le go thuba. Ge e le mafsi a Monkgotho: nyaal! Le ge e le lerothodi le le lengwe, ke leso fela!

Modi o wa Monkgotho ge o bolaa kwena, motho ene e sa mmolae, ke gore motho o bopilwe go sele le ditshedi tsotlhe. Mme Modimo o dirile jalo gore motho a iphedise ka ditlhare, mme a bolae se se ka mo tshwenyang, jaaka mo maleng a gagwe.

Ge e le tshweni, yona e tlhologile le setlhare se sa Monkgotho. O ka e fitlhela e kgaotse dikala tsa teng, e ja dikungwa tse di ka tshwanang le mfaa.

Ge e le nna ngaka, koo tsa'a 'kraga' yotlhe ya setlhare se ka modi wa teng. (7)

Die wete (5) dat hy heeltemal uitgekome het is wanneer daar slyk (6) uitkom, nl. groen skuim, net soos wanneer paddas in die slyk van water hulle eiers lê. Daar sal net slyk uit (die pasiënt)kom.

Dit meen dat as hierdie kranke 'veld-toe-gaan' (stoelgang het) as hy voel dat iets hom krap, moet hy water met 'n 'ketel'gooi op sy ontlasting om dit te was sodat hy kan neem wat hy daarin vind, en hy moet dit vir my bring. Ek sal vasstel wat dit van daardie krokodil is.

Dit beteken dat die middel wat 'naboom' genoem word baie gevaarlik is. Dit laat vleis baie gou ontbind. Ook die vleis van die krokodil, ontbind net so en daar kom voetjies of selfs die kop daarvan te voorskyn. Hulle (die liggaamsdele) kan verskyn, so groot soos 'n verkleurmannetjie s'n.

As hy hierdie medisyne drink, sal hy nie meer sweet nie. Ook sal hy die krokodil nie meer na daardie dae voel nie. Hy sal nie meer in hom wikkel nie. Dit beteken: hy is dood.

Dit is dan die genesing met die naboom se wortel. Hy sal nie pyn voel nie en die maag ook nie aan die werk gaan nie (los maag). Wat die melk van die naboom betref: nee! Selfs net een druppel, beteken net die dood!

As hierdie wortel van die naboom die krokodil doodmaak maar nie die mens nie, is dit omdat 'n mens anders gevorm is as al die ander lewende wesens. Maar God het dit so bepaal sodat die mens homself moet laat lewe deur die plante, en dat hy dit moet doodmaak wat hom hinder, soos in sy maag.

Wat die bobbejaan betref, hy is so geskep saam met die naboom. Jy sal hom aantref dat hy van die naboom takke afgebreek het, en dat hy die vrugte eet wat lyk soos wildevee.

Wat my betref, waar ek *ngaka* is, gaan ek hierdie plant se hele 'krag' neem in sy wortels. (7)

(5) *Tumedi*: 'n seldsamer vorm vir 'tumelo', dus geloof, wete.

(6) *bolele*: slyk, slym.

(7) Hier gebruik die *ngaka* die Afrikaanse woord 'krag' om aan te dui wat hy van die Euphorbia (naboom) wil hê!

J.2

GE MOTHO A LOMILWE KE NOGA

AS IEMAND DEUR 'N SLANG GEBYT IS

(Kgatla-*ngaka* van Modipane in Botswana, 1956)

Mojaja (1) ke setlhare se se golo ge motho a lomilwe ke noga.

Ke tsaya *Mojaja* ke o ngathe 'ditôki' di ka ba'a pedi kampo tharo, mme ge ke sen'o o gadika ke batla setlhare se se bidiwang *Mosimama* (2) le *Setlhako* kampo se se bidiwang *Mosimane-a-ralentswana* (3); di le tala, tsona. Ke kopanya medi ya tsona le *Mojaja*, o ke o gadikileng. Ke a sila e be e ne bupi.

Ke be ke batla botlhoko ba kolobe le wa kwena, ke be ke di kopanya tso tsothle. Ke be ke sila gore go nne bupi fela. E tla be e be selthare mo e tla reng, ge motho a lomilwe ke noga, ke be ke tsaya setlhare ka nko ya thipa gabedi gongwe gararo, mme ke tshela mo mafsing a dipodi ke be ke nosa motho o o lomilweng ke noga.

Ge molwetse a le kgakala, nka nosa o a tlieng go kuella o a lomilweng; mme ba tli' o tlhatsa ka bobedi ba bone.

Bobbejaangif (1) is 'n belangrike middel vir iemand wat deur 'n slang gebyt is.

Ek neem bobbejaangif en breek dit in stukkies, twee of drie, en nadat ek dit gebraai het, soek ek sambokbossie (2) en plakkie (3) Hulle moet almal rou wees.

Ek meng hulle wortels met die bobbejaangif wat ek gebraai het. Ek maal dit tot poeier.

Ek soek nou 'n vark se gal en ook 'n krokodil s'n, en meng dit alles saam. Ek maal dit fyn tot 'n poeier. Dit sal medisyne wees wat as iemand deur 'n slang gebyt is ek twee of drie mespunte-vol van die medisyne sal neem en dit in bokmelk gooi, ek gee dit in vir die persoon wat deur 'n slang gebyt is.

As die kranke ver daarvandaan is, kan ek die persoon laat drink wat gekom het om hulp te kom soek vir die een wat gebyt is; hulle sal altwee opgooi.

J.3

GO FETOLA MOTHO NOGA (4)

OM 'N MENS IN 'N SLANG TE VERANDER (4)

(Tlokwa-*ngaka* van Botswana, 7.5.55)

Nkolopatse (5), kegore *Mojaja* ke mogau, le *Mabyana-wa-mala-a-thupa* (6) le *Monotwana* (7), ke go re *Mogau*, le *Mojakubu*. (8)

Ke mogau, ka bone ba tsona, mme nka di jesa motho ke mo fetola noga gore mongwe le mongwe o o mo tshwenyang ka mafoko, a utlwe botlhoko, kampo le ge a ka swa.

Go jesa ga tsona ke go re a se nwe ka mafsi a kgomo. Eseng a podi. Kgomo e a se fela, e se fetole. E se tima bogale.

Bobbejaangif (5) is giftig en so ook blinkblaar-wag-'n-bietjie (6) en gifblaar (7) asook *Mojakubu*. (8)

Al vier van hulle is giftig, maar ek kan iemand hulle laat eet en hom sodoende in 'n slang verander sodat enigiemand wat hom lastig val met woorde, seer sal kry, of selfs dood kan gaan.

Om hom hulle te laat eet, meen hy moet hulle met beesmelk drink. Nie 'n bok se(melk) nie. Bees (-melk) 'vee' dit, d.w.s. verander dit, en neem die skerpheid daarvan weg.

-
- (1) *Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata*, bobbejaangif.
 (2) *Mosimama*: (Pl. 4) *Senecio longiflorus*, sambokbossie.
 (3) *Setlhako, Mosimane-a-ralentswana*: *Cotyledon* sp., plakkie.
 (4) Deur al hierdie giftige plante in te kry, word die persoon net so 'giftig' en 'dodelik' soos 'n slang.
 (5) *Nkolopatse, Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata* Burt. Davy, bobbejaangif.
 (6) *Mabyana-wa-mala-a-thupa*: (Pl. 196) *Ziziphus mucronata* Willd. blink-blaar-wag-'n-bietjie. Volgens Watt. & Breyer-Brandwijk (1962 p. 66) is blinkblaar ook deur Boesmans gebruik by bereiding van gif vir hulle pyle.
 (7) *Monotwana, Mogau*: *Dichaepetalum cymosum* Engl., gifblaar.
 (8) *Mojakubu*:

J.4

FA MOTHO A LOMILWE KE MOKWEPA

**AS IEMAND DEUR 'N MAMBA
GEPK IS**

(Tlokwa-*ngaka* van Botswana, 7.5.1955)

Ge motho a lomilwe ke mokwepa, ke mo tlhatsisa ka thabela yame, e ke tsamayang ka yona.

Tshidi e ntsho e ke:
Motlepetlepe (1) le *Mosimama* (2) le gala ya *Mokwepa*.

As 'n persoon gepik is deur 'n mamba, laat ek hom braak met my bereide afweermiddel (in die horing), waarmee ek rondgaan.

Hierdie swart salf is (gemaak van): *Amocharis coranica* (1) en sambokbossie (2) en die gal van 'n mamba-slang.

J.5

THABELA (3) YA DIJESO

**DIE AFWEERMIDDEL (3) TEEN
'GOED' WAT JOU 'INGEGEE' IS**

(Kgatla-*ngaka* van Modipane, Botswana, 25.5.1955)

Motho ge a re: "Ke jesitswe", kampo a itewa ke *kgodisa*, ke go re a thatsa.

O kopanya *Lenyaonyao* (4) le setlhare sengwe se se bidiwang *Sebete* (5), le Thuntshwane ya *Mogotlho*. (6)

Re a e gadika re latihela *Moraga-ngaka* (7) mo teng le *Mo-ja-ka-bomo* (8), le *Letlalo la mpa ya kwena*. (9) Re a e gadika gore e seke ya fsa thata. Yaanong re a sila, e be e nna thabela ya dijeso.

As iemand sê: "Ek is iets ingege", of hy begin hik, dan moet hy braak.

Jy meng *Craterostigma plantagineum* (4) met 'n ander plant 'lewer' (5) en 'slangkos' (6) wat by kameeldorings groei.

Ons braai dit en gooi stinkbas (7) daarin en die *Mo-ja-ka-bomo* (8)-plant en die vel van 'n krokodil se pens. (9) Ons braai dit so 'n bietjie maar laat dit nie verkool nie. Dit maal ons, en dit word die afweermiddel teen 'goed wat jou ingege word'.

J.6

NOGA MO MOTHONG

'N SLANG IN DIE MENS

Ke bileditswe ngwana, a idibadiwa ke noga e le mo teng ga gagwe. O ne a leka go e tlhatsa mme e mo kgamme mometso, a idibala.

Ek is na 'n kind ontbied wat flou gemaak word deur 'n slang binne in haar. Sy het probeer om hom op te gooi, maar hy het haar laat stik en laat flou word.

Ba re o dirwa ke bolwetse ba kidibalo.

Hulle sê dit is vallende siekte.

(1) *Motlepetlepe*: (Pl. 65) pr. *Ammocharis Coranica* Herb.

(2) *Mosimama*: (Pl. 4) *Senecio longiflorus*, sambokbossie.

(3) *thabela*: afweermiddel.

(4) *Lenyaonyao*: (Pl. 451) *Craterostigma plantagineum*. Hochst.

(5) *Sebete*: 'Lewer'-plant.

(6) *Thuntshwane*: Slangkos.

(7) *Moraga-ngaka*: (Pl. 457) *Pittosporum viridiflorum* Sims stinkbas, bosboekenhout.

(8) *Moja-ka-bomo*:

(9) Die krokodil is 'n 'koel'-dier, maar ook gevaarlik en word meermale vir 'toor' gebruik.

J.6

Jalo, ge ke baya dikelero (10) tsa re: "Maséleséle, ke a séllêga. (11) Ke sa le ke ja dintlhwa (12) maloba".

Jalo ka ba supetsa gore ga se bolwetse ba kidibalo Ke ile ka mo tlhatsisa fela le go mo naya dipheko tsa go mo tlhatswa teng.

Ke bile ka mo nosa motlhatsiso, ebong: thotse ya *Mmilo* (13) e e sitsweng gammogo le motlhatsiso o o ka reng ke sukiri wa dithaba o o tlhomaganyeng. Ke gakwa ke leina la teng.

Ngwana yo o ne a idibala gabedi kgotsa gararo ka beke. Mme ke ntse le bona malatsi a mararo go bona ge a ka idabala.

Mme ga a ka a dira jaaka metlha.

Ba ile ba dumela gore ga se bolwetse ba kidibalo. Molato o tswa mo dijong. O ne a ja dijo tse di sa butswang. Ke tsona di tlhamang diboko kgotsa dinoga mo teng ga motho.

Toe ek die dolosse (10) gooi, sê hulle: 'Maselesele'... (11) Ek het nou die dag laas vlieënde miere geëet." (12)

Toe wys ek hulle dat dit nie vallende siekte is nie. Ek het haar toe net laat opgooi en vir haar middele gegee om haar inwendig te reinig.

Ek het haar 'n braakmiddel laat drink, nl.: Die pit van 'n mispel (13) wat fyn gemaal is, gemeng met 'n braakmiddel wat in die berg voorkom soos ingerygde soet-korreltjies. Die naam het my ontgaan.

Hierdie kind het 2 of 3 maal per week flou geword. Ek het by hulle drie dae gebly om te sien of die kind sal flou word.

Maar sy het nie weer soos voorheen gemaak nie.

Hulle het toe geglo dat dit nie vallende siekte is nie. Die moeilikheid het deur die voedsel gekom. Sy het kos geëet wat nie gaar was nie. Dit is dié kos wat die wurms laat ontstaan, of slange binne in 'n mens.

J.7

DIJESO MO MALENG

(Tlokwa-*ngaka* van Botswana, 7.5.1955)

Ge motho, le ge e le monna a bolawa ke mala, mme ga bonala go re o na le sejeso, re mo alafa ka *Theteli*. (14)

O a e ja gammogo le ditloo. E le go re re tlhophile tse di melongwana-mentsho.

Theteli e bola'a se se mo maleng. Dinogana, e a di ntsha, tse di leng mo maleng.

PARASIETE IN DIE MAAG

As iemand, bv. 'n man se maag seer is, en dit sou blyk dat hy iets het wat hom inwendig vreet, behandel ons hom met slangkop. (14)

Hy'ee't dit saam met 'Bantoe'-grondboontjies d.w.s. dié wat ons uitgesoek het wat swart 'mondjies' het.

Die slangkop maak dood wat in die maag is. Slangtjies wat in die maag is laat hy uitkom.

(10) *dikelero*: dolosse; 'n wisselwoord vir *ditaola*, *marapo* en *dithako*.

(11) *séllêga*:

(12) *dintlhwa*: eetbare vlieënde miere.

(13) *Mmilo*: (Pl. 311) *Vangueria cyanescens* Robyns. mispel.

(14) *Theteli*: (Pl. 64) *Urginea sanguinea* Schinz (U. burkei Bak.), slangkop.

Die plant is giftig, en dodelik vir diere en Watt en Breyer-Brandwijk (1962 p. 721) sê:

"The bulb leaf and flowering top all have a typical digitalis action."

J.8

DIBOKO MO MOTHONG

Noga le seboko di a farologana. Diboko kgotsa *dimphe* (1), ke diboko tsa mele tse di tswang mo meleng wa motho.

Di tlangwa ke madi a dijo tse di sa siamang, ka go sa butswa ga dijo.

O tia bona diboko di phunya-phunya meleng otlhe wa motho, jaaka disô mo meleng. Mme tsona di tswa diboko.

Ke gore di tlhamilwe ke madi a maswe, meleng wa motho.

Bona setlhare, ge se tswa borekhu, ga se phele pila. Ke go supa bolwetse ba sona. Fa borekhu bo tswang teng, go seboko se se enyisang borekhu.

Gape nku e tsalwa e na le seboko mo tlhogong; eseng motho.

J.9

DIBOKWANA

(Kgatla-*ngaka* van Pilaanesberg, Tvl. 1965)

Kalafo ya dibokwana tse di melang mo mothong, ka go ja dijo tse di sa butswang mme di ntsifala mo teng ga motho, e bang tsona di jang dijo mo mothong. Kalafi ke e:

Re tsaya medi ya *Motlhono* (2) le medi ya *Mmilo* (3) le dikgaragana tsa ona. Re e tswaka ka môkô wa kgeru ya morula gore di tle di je. Jalo di tla swa tsotsotlhe.

Morago ga moo re mo nosa mothubiso gore mala a gagwe a sebetse thata, a ntshe dibokwana tsotlhe mo go ene.

Re ka mo thubisa ka: Modi wa *Tsebe-di-ntlha*. (4) Re o thuga re o tshella mo metsing, re mo lekanyetsa ka 'komiki', kampo 'half'.

WURMS IN DIE MENS

Daar is 'n verskil tussen slange en wurms. Wurms, of eintlik larwes, is liggaamswurms wat uit die mens se liggaam kom. (1)

Hulle ontstaan uit die bloederigheid van kos wat nie reg is nie, deurdad dit nog rou is.

Jy sal sien dat wurms oral op die mens se liggaam gaatjies maak, net soos seertjies. Maar dit word wurms.

Die ding is, hulle ontstaan uit vuil bloed, in 'n mens se liggaam.

Kyk na 'n boom, as daar gom uitkom leef die boom nie reg nie. Dit toon dat die boom siek is. Daar waar die gom uitkom, is daar 'n wurm wat die gom laat uitkom.

'n Skaap weer word gebore met 'n wurm in sy kop, maar nie 'n mens nie.

WURMPIES

Die behandeling van wurmpies wat in 'n mens groei, deur kos te eet wat nie goed gaar is nie, en wat in die mens vermeerder, en die kos in die mens opeet, is die volgende:

Ons neem die wortels van die pendoring en die wortels van die mispel en die vrugte daarvan. Ons meng dit met die kern van die maroelapit, sodat hulle kan eet. Hulle sal dan almal doodgaan.

Hierna laat ons hom 'n purgeermiddel drink sodat sy maag baie sal werk en hy al die wurms in hom kan laat uitkom.

As purgeermiddel kan ons gebruik: die wortel van die Boesmangifboom. (4)

Ons stamp dit fyn en gooi dit in die water en meet vir hom 'n koppievol, of net 'n half-koppie af.

-
- (1) *dimphe*: larwes in 'n mens se ingewande, wat na bewering deur die vel kan uitkom.
 (2) *Motlhono*: *Gymnosporia tenuispina* (Sond.) Szysz., pendoring.
 (3) *Mmilo*: *Vangueria cyanescens* Robyns, mispel.
 (4) *Tsebe-di-ntlha*: *Acokanthera oppositifolia*, Boesmangifboom.

J.9

O tliilo thuba 'ir-lank', mme o tliilo di tswa tsotsotlhe; bontsi ba tsona di sule mme tse dingwe di sa swa. Kana dibokwana di na le sentlhaga mo mothong. Se tshwanetse go tswa le diboko. Jalo ge, re itse ge re kgonne.

Sentlhaga seo, ekete ke madi a a suleng; a mantsho fela. O tla fitlhela di ntshitse ditlhago mo teng.

Nna ke tla tsaya ketiele ke yo tshella mo teng, ke tle ke lemoge gore popego ya teng e ntse jang. O fitlhela e le kgopa ya madi e tshwanakana le '*marakana-a-mantsi*'. (5)

Sy maag sal 'n 'uur lank' werk, en hy sal hulle almal uitwerk, die meeste van hulle dood, en andere nog lewendig. Hierdie wurmpies het natuurlik 'n 'nes' binne in die mens. Dit moet saam met die wurmpies uitkom. Ons weet dan dat ons geslaag het.

Daardie 'nes', lyk net soos dooie bloed, en is net swart. Jy sal hulle koppe daarin sien uitsteek.

Ek sal 'n ketel neem en daaroor (water) uitgooi, sodat ek kan vasstel hoedanig hul gevorm is. Jy vind dat dit 'n klont bloed is wat lyk soos 'waar-vele-bymeekaarkom'. (5)

K.1

BOLOI

(Motlhako-*ngaka* aan die Maricorivier in Botswana, 1.3.1954)

Boloi ke selo se se maswe. Ga bo ratege, ka bo bola'a batho. Mme bona bo teng. Moloi ke motho mongwe le mongwe, o o jang o nwa nae o re ke tsala yago.

Bogolo ba tsama'a bosigo. Gatwe ba *pagama diphiri* bosigo; e e lebelo. Ya yo tsena Saulespôrô, yare kamosô a ba a itunetse le lona!

Mo metlheng ya malôba dingaka tse di lowang di ne di bopa (6) tau kampo tshukudu ka bogobe ba mosôkô. Mme ba fetoge tau tôta-tôta, e bolae motho. E re ge le e batla, ga le nke le e bona. E feleetse. Mosokwana o o fetogile matlakala (7) fela. Mme ngaka e ya *moloi* (8) e bolae motho jalo.

Kampo noga, e e rome kwa mothong go mmolaya, mme e seke ya bonwa k'ope.

Le kgomo a ka e go *nella* (9) gore e tle e go bolae ge o e pana, kampo o e gama, a e go *neeletse*. (10)
Kampo le ge e le dikgomo tsa gago, o di pana, di go tshaba kampo di go thula.

TOORDERY

Toordery is iets vreesliks. Dis weersinwekkend, daar dit mense doodmaak. Dit bestaan werklik. 'n Toornaar is enigiemand, met wie jy eet en drink en jy meen hy is jou vriend.

Hulle loop veral in die nag. Dit word gesê dat hulle 'op wolwe ry in die nag'; op 'n vinnige een. Hy gaan (bv.) na Saulspoort, en môreoggend sit hy weer tussen julle!

In die verlede het die *dingaka* wat toor 'n leeu of 'n renoster opgetoor (6), deur middel van koringpap. Hulle verander werklik in 'n leeu, en hy maak 'n mens dood. Indien julle hom (die leeu) soek, sal julle hom nie kry nie. Hy het verdwyn. Daardie koringpap het sommer in vuilgoed (7) verander. En so maak hierdie torende *ngaka* (8) 'n mens dood.

Of 'n 'slang', kan hy na 'n mens stuur om hom dood te maak sonder dat hy, (die slang) deur iemand gesien word.

Ook 'n 'bees' kan hy na jou 'stuur' (9) sodat hy jou kan kom doodmaak as jy hom inspan, of as jy die koei melk, deurdat hy die bees na jou gestuur (10) het. Of selfs jou beeste as jy hulle inspan, dat hulle vir jou moet weghardloop of dat hulle jou moet stoot.

(5) '*marakana-a-mantsi*': die blaarpens van 'n bok of skaap word genoem 'waar-vele-bymeekaarkom'.

(6) *bopa*: om te vorm, maak, tot stand te bring, optoor.

(7) *matlakala*: blare, stokkies, vuilgoed.

(8) *moloi*: iemand wat 'n ander toor om hom skade te berokken of hom dood te maak.

(9) & (10): *nella* en *neeletse*: iets aan iemand gee of stuur met 'n doel. In hierdie geval word die bees 'gestuur' deur towery om sy eie baas skade te berokken. Van die werkwoord *go naya*' om te gee.

K.1

Kampo leru, o le bona le re: 'Kgoool' le rathe le go bolae. Ke yona *tladimothwana* (10) e e ka go bolayang. Mme e romilwe ke ngaka.

Kampo a e romele ngaka engwe, e mmolae ge a se thata. E be e boele kwa go mong 'a yona, ge ene a se thata, ole ge e mo paletse! E bolae o a e romileng.

Tladimothwana ke motho, mothonyana fela, o o bolayang o a sa mo rateng. Go twe: "O bolailwe ke tladi."

Babangwe ba bitsa motho: *Moloi!* *Moloi!*, ese moloi. Baloi ba teng. Ngaka e e lowang, Modimo ga a dumele gore a fodise motho. Ngaka e e sa loweng e fodisa batho.

Of 'n wolk, wat jy sien sê: 'Kgoool!' dat dit slaan en jou doodmaak. Dít is 'Weerligmense' (10) wat jou kan doodmaak. En hy is gestuur deur 'n *ngaka*.

Of hy stuur hom na 'n ander *ngaka*, en hy maak hom dood as hy (die ander *ngaka*) nie sterk is nie. Ook keer hy (die weerligmense) na sy baas (afsender *ngaka*), as hy self nie sterk is nie en die ander (*ngaka*) vir hom te sterk was! Dan maak hy (die weerlig) hom dood wat hom gestuur het.

Die weerligmense is 'n mens, sommer 'n mense, wat hom doodmaak van wie hy nie hou nie. Dan word gesê: "Hy is deur die weer doodgeslaan".

Sommige noem 'n mens: 'Toornaar! Toornaar!', terwyl hy geen toornaar is nie. Daar is toornaars. God laat nie 'n *ngaka* toe om mense te genees as hy mense toor nie. 'n *Ngaka* wat nie toor nie maak mense gesond.

K.2

BOLOI

(Kgatla-klerk van Botswana (11) wat reeds sy junior Sertifikaat behaal het, 1952).

Kgaityadike R. o kile a lwala a tshwarwa ke ditlhabi mo sehubeng, a isiwa kwa go M. (12) mme ene a feta a bolela gore go bonala gore o nolê mafsi a a neng a tshetswe more wa Setswana.

Jaanong ge a simolla go alafa molwetse, go senya more o o mo mothong o, ka melemo ya sekgowa.

Ge a ntse a mo alafa, mosetsana o, o na a tswa tlhagala mo mmeleng, di ne di tswa di tlhomaganye jalo. Mme e re ge a ntse a nwa melemo e, ditlhagala tse di fôla. Morago molwetse a fôla.

Morago ga moo ene R. a lwala gape, a bolawa ke letsogo la molema. Ra mo isa go M. gape. Letsogo la pala go fola. Ra tsaya molwetse, ra bitsa ngaka e ya ko' Modipane gore e mo alafe.

TOORDERY

My suster R. het een keer siek geword aan pyne in haar bors, en sy is toe geneem na M. (12) maar sy het toe gesê dat dit blyk dat sy melk gedrink het waarin *Tswana*- 'giftige medisyne' gegooi was.

Toe het sy begin om die kranke te behandel, om die 'giftige medisyne' in hierdie mens te vernietig met witmens-medisyne.

Toe sy haar nog behandel het, het hierdie meisie pitswere op haar lyf gekry wat een na die ander uitgekom het. En terwyl sy hierdie medisynes gedrink het, het die pitswere gesond geword. Later het die kranke self ook gesond geword.

Daarna het R. weer siek geword aan 'n pyn in haar linkerarm. Ons het haar weer na M. geneem. Die arm wou nie gesond word nie. Ons neem toe die sieke en ontbied 'n *ngaka* by Modipane, om haar gesond te maak.

-
- (10) *Tladimothwana*: die weerligmense is die verpersoonliking van die blitsstraal deur 'n klein mannetjie wat mense doodslaan of vermink. Ook word die blits verpersoonlik as 'n sekere voël, *Tladi*.
- (11) Die vader van die klerk was vir jare 'n invloedryke Bantoeleraar van die N.G. Sendingkerk. Hierdie hele gesin het in 'n Christelike huis opgegroeï, en tog het hulle nog só in die toordery geglo.
- (12) M.: is 'n Blankevrou wat dikwels die *Bakgatla* gehelp het met medisynes.

K.2

A pallwa, a ba a tlogela molwetse a sa re laela. O na a kile a nna lebaka le molwetse kwa masimong, ele gona kwa a mo alafelang teng.

Ge bolwetse bo ntse bo gola, ra fudusa molwetse kwa masimong ra mo tliša kwa gae.

Nna ka tsamaya le A. ra latela ka kwa lefatsheng la Bakwena. Ngaka e rile ya gasa bola, ya bolela ge ngwana a loilwe, mme a na a ka kgonwa ke badupe. (13)

Ka badupe ba ne ba se teng koo, ngaka ya re bolella gore yona ga e kake ya kgona, ebile molwetsi o setse a le gaufi le go swa.

Ya bolela gore molwetsi o ne a tshwere lesela le loilweng, ge le tla kwa go ene go le roka. Mme la tsenya molwetsi setlhaba ka letsogo. Ra boela gae.

Morago ga malatsinyana a se kae, molwetsi a swa. Ka bitsa ngaka gore e tle e itaye phupu (14) ya moswi.

Ka tlhaba pholwana e e khunou, ka ngaka e ne e e batla go dirisa moswang wa yona ge e ita'a phupu. E le gore moloi wa moswi le ene a tle a swe.

Ra lebella gore go tla dirafallang. Nako kgolo e sa le eno.

Rona beng (15) ba moswi, a re tlhapisa (16) le go re phekola . (17)

Kwa phupung, e ne e le go re go tla ya ngaka e nosi, ka ke ne ke setse ke mmontshitse phupu ya moswi.

Rona ge a re tlhapisa o na a kgabetletse melemo e e babang mo metsing, mme a simolla a re gasa melemo eo ka seditse sa gagwe, mo tlung, bosigo re apotse diaparotse di k'o dimo re le mmôgô ba botlhe, a ntse a re:

Hy kon haar nie genees nie en het ons verlaat sonder om te groet. Hy het 'n ruk lank met die sieke by die lande gebly; daar het hy haar behandel.

Toe die siekte al 'groter' word, het ons die kranke weggeneem van die lande en haar huistoe gebring.

Eksel self het saam met A. gegaan na die land van die Bakwena. Toe die *ngaka* sy dōlose gooi sê hy dat die kind getoor is, maar nog gehelp kan word deur uitsuiers. (13)

Aangesien daár nie uitsuiers was nie, het die *ngaka* vir ons gesê dat hyself niks kan doen nie, en ook is die pasiënt naby haar dood.

Hy vertel toe dat die sieke gevat het aan 'n lap wat getoor was, toe dit na haar gekom het dat sy daaraan kan werk. En dit het die kranke 'n pyn in die arm gegee. Ons het toe teruggegaan huistoe.

Na 'n paar dae is die kranke toe dood. Ek ontbied toe 'n *ngaka* sodat hy die graf van die oorledene kan 'slaan'. (14)

Ek slag toe 'n rooibont ossie aangesien die *ngaka* gesê het dat hy sy pensmis wil hê as hy 'die graf slaan'. Dit is sodat die een wat die oorledene getoor het self ook moet doodgaan.

Ons het toe uitgekyk om te sien wat sal gebeur. 'n Lang tyd tot vandag (niks het gebeur nie).

Ons, die naasbestaandes (15) van die afgestorwene, het hy 'gewas' (16) en ons 'met middele versterk'. (17)

Na die graf sou die *ngaka* alleen gaan, aangesien ek toe reeds aan hom gewys het watter die graf van die oorledene is.

Toe hy ons 'was' het hy medisynes wat jeuk gekerf in water, en hy het toe begin om ons te besprinkel met sy (wildebees-) stertkwas in die huis, in die nag, nadat ons ons boklere (aan bolyf) uitgetrek het, terwyl ons almal saam is en hy sê:

(13) *badupe*: 'n *ngaka* wat met 'n *motlhogo* (beeshoring), die toordery uitsuig.

(14) *go itaya phupu (lebitla)*: 'om die graf te slaan' is om die toornaar van 'n oorledene terug te betaal deur hom ook te toor met die stof van die graf, sodat hy ook moet doodgaan.

(15) *beng*: meervoud van *mong*, heer, baas, eienaar, naasbestaandes.

(16) *tlhapisa*: 'n rituele wassing om towery weg te neem.

(17) *phekola*: met middele versterk en beskut teen towery.

K.2

“Ke batla motho o o mpatlang,
 O o sa mpatleng, ga ke mmatle.
 Ga ke monna; ke mosimanyana.
 Mosimane o siamelwa ke diilo.”

Ke ge a re kgaṣa ka seditse.

Jaanong a simolla a re betla ka thipa,
 a re tshasa tshitlho (18) go re re nne
 thata; gore ge moloi a tla a re o a re
 leka, a ba a swe.

A simolla, a thaya (19) lapa ka go
 epela dimapo tsa Moretlwa tse di
 tshasitsweng tshitlho : elengwe mo
 kgorwaneng engwe le engwe. A ntsha
 dinaka. Le lengwe ele la lapa lo lotlhe,
 le lengwe ele le le tsenang kwa dikgomong.

La lapa e ne e le le le phekolang
 ngwana o a ka lwalang mo lapeng. Ke
 gore, ge ngwana a ka lwala, ke kgotlha
 tshitlho e ya teng, ke be ke e baya mo
 legaleng ke arametsa o o lwalang.

Ditaolo tse dingwe tsa ngaka e ne e
 le gore, ge ke bona madi mo lapeng, ke a
 tsenye mo tshitlhong mo lenakeng le; ke
 be ke tlhabele (20) bana ba botlhe.

Kana yaanong ge ke ba tlhabele jalo,
 madi a a boloi ga a kake a tlhola a lwatsa
 ope.

Ge ke bolaya noga kampo nonyane
 e e mpelaetsang mo lapeng, ke a e bêsa
 mo mollong, ke be ke e sila, ke tsenya
 mo lenakeng la tshitlho ke tlhabela bana
 gape ka lona.

Ge ke bona ekete dilo ga di tsamae sentle,
 ke tsaya motlhapiso (21) o ke o filweng ke
 ngaka, ke o tshella mo metsing. Ke gasa
 mo lapeng ka lethare la *Mosetlha* (22)
 kampo seditse, ge ke na le sona.

O mongwe, motlhapiso ke o tshella mo
 metsing ke tlhapisa bana ba botlhe ka ona.
 O mongwe le o mongwe mo lapeng o ina
 matsogo le maoto mo motlhapisong oo.

“Ek seek die mens wat my seek.
 Hy wat my nie seek nie, seek ek nie.
 Ek is nie 'n man nie; ek is 'n seuntjie.
 Vir 'n seun kom alle dinge reg.”

Toe sprinkel hy ons met die stert-
 kwas.

Hy het toe begin om ons te kerf met
 'n mes, en swart salf (18) aan ons ge-
 smeer sodat ons sterk kan wees; sodat
 as die toornaar kom en dink hy gaan
 ons 'probeer' (doodmaak) dat hy moet
 sterf.

Hy begin toe om die huis te beveilig' (19)
 deur penne in te grawe van rosyntjebos
 wat met kragself gesmeer was: een by
 elke ingang van die *lapa* Hy haal toe
 horings uit. Een was vir die hele tuiste;
 die ander een was weer vir die beeste.

Die *lapa*-horing was die een wat 'n
 kind beskerm wat in die *lapa* siek kan
 word. D.w.s. as 'n kind sou siek word, dan
 krap ek 'n bietjie van daardie salf uit en
 sit dit op 'n gloeiende kool en ek laat die
 sieke daarvan inadem.

Ander opdragte van die *ngaka* was, dat
 as ek bloed sien in die *lapa* ek dit in die
 kragself in hierdie horing moet sit; en
 terselfdertyd al die kinders 'inent'. (20)

As ek nou so almal ingeënt het, sal
 hierdie toorbloed nie een laat siek word nie.

As ek in die *lapa* 'n slang doodmaak,
 of 'n voël wat my laat twyfel (of hy nie
 dalk toor nie) dan braai ek hom oor die
 vuur en maal hom fyn, en meng dit in die
 horing van kragmiddele, en 'ent' weer
 die kinders daarmee.

As dit vir my lyk asof sake nie so mooi
 verloop nie, dan neem ek 'n wasmiddel (21)
 wat die *ngaka* aan my gegee het, en gooi dit
 in water. Ek sprinkel (dit) in die *lapa*
 met 'n huilbostak, (22) of 'n stertkwas as
 ek een het.

'n Deel van die wasmiddel gooi ek in die
 water en was al die kinders daarmee. Elke
 een in die *lapa* doop sy hande en voete in
 daardie mengsel.

(18) *tshitlho*: fyngemaalde verkoolde middele in 'n salf vermeng.

(19) *thaya*: vooruit beveilig en bevestig met medisynes, soos 'n huis of stat, sodat dit nie ge-
 toor sal word nie. Aangesien hierdie diktaat deur die Moruti se seun gegee is, en hy nie
 'n *ngaka* is nie weet hy nie wat die bestanddele van die verskillende middele is nie.

(20) *tlhabela*: is om met 'n *legare* (lemmetjie) klein snytjies op die vel te maak totdat die
 bloed uitkom en dan van die *tshitlho* (swartsalf) daar in te vryf.

(21) *motlhapiso*: 'n plant waarmee 'gewas' word vir 'rituele' reiniging.

(22) *Mosetlha*: (Pl. 151) *Peltophorum africanum* Sond., huilbos.

K.2

Ge re ya kwa masimong, ke batla dimapo di le tlhano tsa Moretiwa, ke di epela mo ditlhofing tsa tshimo, ka kwa teng ga legora, le fa gare ga tshimo.

Yaanong ge re lema ke tsaya peonyana ke e fogotlha ka tshitlho ya lapa. Ke ne ke kopola ditlhakanyana tsa peo e e gotlhweng e, e tlhakangwa le e e sa gotlhwang, re be re byala.

Lenaka la lapa ga le tshwarwe ke basadi. Le tshwarwa ke monna o o motona mo lapeng. Ge a se teng le tshwarwa ke basimane ba ba leng teng.

As ons na die landerye gaan soek ek vyf rosyntjie- bos penne, en plant hulle op die hoeke van die tuin, aan die binnekant van die takheining en ook in die middel van die tuin.

As ons saai, neem ek 'n bietjie saad en vryf dit met kragself van die *lapa* (tussen die handpalms). Ek neem 'n paar van hierdie korrels saad wat gevryf is, meng dit met ander saad, en saai dan.

Die *lapa*-medisynehoring mag nie deur vrouens hanteer word nie. Slegs die senior man in die *lapa* mag daarmee werk. As hy nie tuis is nie kan die seuns wat tuis is dit gebruik.

K.3

BOLOI MO DJONG

(Motlhako-*ngaka* in Botswana, 1.3.1954) (23)

Ge go tlhabilwe kgomo jaaka mo manyalong, moloi a ka leka go senya tiro ya lenyalo, ka go tsena mo sakeng, a lowa moswang o, gore 'nama tsa teng di seke tsa butswa.

Gape o leka ngaka e e thaileng lenyalo le, gore a ke ngaka.

E tla re dinama tseo di ntse di apeilwe, go tla no go tshologa metsi fela a a belang, mme nama e sa butswa, e ntse e le tala fela.

Ge e le ngaka, tota, o tla tsa'a tshitlho yaagwe, ya mong 'a lenyalo wena o o thaileng lenyalo le, mme o tla ngatha tshitlho, o latlhella mo mollong.

Mme metsi a huhula a tshologa, nama e tla butswa sentle fela, mme òle o tla ipona, a re: "Yoo! ke bolawa ke setlhabi! " Le ge a sa swe, o tla tlhagelwa ke bothata.

Ke go re kgomo ge e tlhabiwa, go tsewe tshitlho e, e tshwarwe ka yona mo ganong kafa menong a kwa godimo, le kafa maragong a yona, fela ge e wela fa fatshe, e sampe e le bollo.

TOWERY BY VOEDSEL

As 'n bees geslag is, soos by huwelike, kan 'n toornaar probeer om die saak te verongeluk van die huwelik, deur na die kraal te gaan en die pensmis te toor, dat die vleis van die (bees) nie moet gaar word nie.

Ook toets hy die *ngaka* wat hierdie bruilof beveilig het, om te sien of hy werklik 'n *ngaka* is.

Terwyl daardie vleis nog gekook word, sal net aanhoudend kokende water uitspat, maar die vleis sal nie gaar word nie, maar net rou bly.

As hy werklik 'n *ngaka* is, sal hy van sy swart self neem, van die een wat trou, d.w.s. jy wat hierdie bruilof beveilig en jy sal 'n stukkie van die self neem, en dit in die vuur gooi.

Die water sal opbruis en oorkook en die vleis sal mooi gaar word, en daardie een sal homself sien, en sal uitroep: 'Eina! Ek het 'n vreeslike pyn!' Selfs al gaan hy nie dood nie, sal hy baie swaar kry.

Dit meen dat sodra die bees geslag word, moet hierdie swart self geneem word, moet hy daarmee betas word in sy bek, by die boonste tande (verhemelte) en by sy agterend, net sodra hy op die grond val, terwyl hy nog warm is.

(23) Hierdie mededeling deur 'n *ngaka* wat ook 'n ouderling is in die Kerk illustreer die geloof in die voortdurende kragmeting van toornaars wat die gemeenskap wil benadeel, en dat dit noodsaaklik is om 'n goeie *ngaka* te hê om die gemeenskap te beveilig. As hy self sterk is (vanweë sy kragtige medisyne) dan tref hy die toornaar (*moloi*) en maak sy aanslae skadeloos. Die *ngaka* is dan eintlik die enigste beskutting teen die *moloi* of toornaar.

K.3

Ga go na o o ka lowang nama e. Ee, ge o se thata, a ka go fenya. Mme ge o le thata o tla diga ene, a senyegelwa a re: "Ke ne ke dira'ng? Ke ne ke ipolaelang? "

Daar is niemand wat (daarna) hierdie vleis kan toor nie. Ja as jy nie sterk is nie, kan hy jou wen. Maar as jy sterk is kan jy hom laat val tot sy nadeel en hy uitroep: "Wat het ek gedoen? Waarom het ek myself verongeluk? "

K.4

BOLOI BA KWENA

KROKODIL-TOORDERY

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, dist. Rustenburg, 4.4.1963)

Motho ge a loilwe ka kwena (1) ke mo alafa ka tshidi ya *senanatswii*. Ke e tlhakanya le *moroto wa segwagwa*.

As 'n mens met krokodil getoor is (1) behandel ek hom met die poeier van 'n opblaaspaddatjie. Ek meng dit met die urine van 'n gewone padda.

Ditlhare ke: modi wa *Monkgopho* (2) le modi wa Tshoo-la-tau, (3) lekwati la *Moragangaka*, (4) le modi wa *Thobegi*. (5)

Die plante (in die medisyne) is: die wortel van Aloe Marlothii (2) en die wortel van 'n vingerpol (3), die bas van bosboekenhout (4) en die wortel van kerriëblom. (5)

Ke a di sila bupi tso tsotlhe, ke di tlhakanya. Mokgopho one ke a o tshuba.

Ek maal hulle almal tot poeier en meng hulle. Die aalwyn verkool ek.

Ke tliilo mo nosa setlhare se ka go ja. Ge a ja bogobe, kgotsa a nwa metsi, o tshella bupi bo mo teng ka leswana la tee.

Ek sal hom hierdie middel ingee deur hom dit te laat eet. As hy pap eet, of water drink, gooi hy hierdie poeier daarin, 'n teelepel vol.

Go rialo ke a mo iletsa (6) go nwa metsi kgabetsa-kgabetsa (7) kwena e e mpeng ya gagwe ke tle ke e time metsi, ke e bolae. O tla na a nwa metsi ka selekanyo, eseng go fetisa, mme ke tla itse gore ke e bolaile.

Deur dit te doen 'laat ek hom vermy'(6) om water 'slukke-slukke' vol te drink (7) sodat ek die krokodil in sy maag die water kan ontnem en hom doodmaak. Hy sal dan water matiglik drink, en nie te veel nie, en ek sal weet dat ek hom (die krokodil) doodgemaak het.

Ke tla rata gore ge ke mo nosa mo mesong, mogatsa wa molwetsi o a mo dise, kagobane kwena e e tliilo mo ngapa e ipitikolla mo ene e mo utlwiwa botlhoko. (8)

Ek sal hom in die oggende wil 'medisyne' ingee, en die eggenoot van hierdie kranke moet hom oppas; want hierdie krokodil gaan hom krap en hom binne in hom om en om en om rol en hom laat seerkry. (8) Hulle moet hom oppas sodat hy nie buitentoe gaan nie, want hy gaan skreeu van die pyn!

Ba mo dise gore a seke a tswela kwa ntle, ke gore o tliilo lla!

-
- (1) Iemand van wie die maag en bene weens 'n swak hart baie opgeswel is word dikwels gediagnoseer as: deur 'n krokodil getoor. Die krokodil swem in sy maag rond en word altyd groter.
 - (2) *Monkgopho*: Aloe Marlothii.
 - (3) *Tshoo-la-tau* pr. Euphorbia Clavaroides Bois var. truncata NE. Br. vingerpol.
 - (4) *Moragangaka*: (Pl. 457) Pittosporum viridiflorum Sims., bosboekenhout, stinkbas.
 - (5) *Thobegi*: (Pl. 498) Lasiosiphon capitatus (LF) Burt Davy., kerriëblom.
 - (6) *iletsa*: om iemand daartoe te bring om iets te vermy; dat dit vir hom 'taboe' sal wees.
 - (7) *kgabetsa-kgabetsa*: ideefoon vir slukke-slukke vinnig en dorstig te drink.
 - (8) Die bogenoemde middel is baie skerp en veroorsaak geweldige maagkrampe.

K.4

Mantsiboa ge e didimala ke gore e tla be e sule. (9)

E tshwanetse go bôla. E tla re ge a ithoma, (10) o tshwanetse go tshela metse ka 'ketlele' mo mantle a gagwe, mme a tle le mangathwana (11) a yone (12) gore re tle re bone gore a e dule yotlhe. Ga a kake a tsa'a beke, e tla be e dule yotlhe.

Re tliilo mo fa mothubiso, a tsholla bolele (13) ba yona.

Lege ele noga e setse ele tona, re yo e bola'a ka tsona pheko tse.

LEBONE LA MOTHO

(Motlhako-*ngaka* van Botswana, 1953)

Tiro ya Ngwago e e omeletseng ke gore legong la yona, re e dira lebone la lenaka, le le bonegelang motho ge o mo phekola.

Ge motho a mpitsa gore ke ye go mo phekola, ke tsaa lenaka le pheko. Jaanong ge, lebone le mo phekong ye.

Ke gore kana re mo tlung: Jaanong ke tla mo ra'a ke re: "Nna fa fatshe fa! Rola ditlhako, apola gempe." Ge e le mosadi: "Fokotsa mosese koodimo". Gore go bonale magetla le sehuba le mala.

Ke gore yaanong ke tla tlhaba ditokollo tsotsotlhe ka legare. Ge ke seno go tlhaba ditokollo, ke tsaa tshitlho ke e tshase mo ditokollong tsotsotlhe tse ke di segileng.

In die namiddag as hy (die krokodil) stil word sal hy dood wees. (9)

Hy moet ontbind. En as hy gaan om te ontlas, moet hy water met 'n ketel op sy ontlasting gooi en hy moet kom met die stukkie van hom (die krokodil) (10) sodat ons kan sien of hy in sy geheel uitgekome het. Hy sal nie 'n week neem nie dan is hy heeltemal uit.

Ons sal vir hom 'n purgeermiddel ingee sodat hy die krokodil se slyk (11) kan uitstort.

Selfs al is dit 'n slang wat al groot geword het, gaan ons hom met hierdie medisyne doodmaak.

K.5

'N MENS SE 'LIG'

Die nut van die naboom (14) wat droog is, is nl. sy hout, wat ons gebruik as die lig van die horing (15) wat die mens verlig as jy hom met beveiligingsmiddele behandel.

As 'n mens my roep dat ek moet gaan om hom met beveiligingsmiddele te behandel, neem ek die horing van beveiligingsmiddele. Die 'lig' is in hierdie beveiligingsmiddel.

Ons is natuurlik in die huis. Dan sal ek aan hom sê, "Sit hier op die grond, hierso! Trek jou skoene uit, trek die hemp uit." As dit 'n vrou is: "Verminder die rok bolangs", sodat die skouers sigbaar word en die borskas en die maag.

Dan sal ek al die gewigte (16) met 'n lemmetjie inkerf. As ek klaar die gewigte gestee het, neem ek salf (17) (en) ek smeer dit op al die gewigte wat ek gesny het.

-
- (9) As die maagkrampe in die namiddag bedaar, is die 'krokodil' dood.
 (10) *ithoma*: jouself stuur (veld toe), dus: ontlas.
 (11) *mangathwana, go ngatha*: om 'n stukkie af te breek, dus: stukkie.
 (12) waarskynlik deeltjies van die maagwand 'afgevrete' deur die skerp 'medisyne'.
 (13) groen slymerige ontlasting.
 (14) *Ngwago*: (Pl 95) *Euphorbia ingens* E. Mey, naboom.
 (15) Die medisynehoring wat elke medisyne-man het vir sy beveiligingsmiddele.
 (16) Pinkie, hand, pols, elmboog en skouer, asook: toon, voet, enkel, knie en heup.
 (17) Die salf is 'n samestelling van verskeie verkoolde *diphoko* (kragmiddele) wat fyngemaal is en met varkvet gemeng en in die medisynehoring geplaas is.

K.5

Jaanong ke tla tsaya 'lebone':
 legonyana le le omeletseng la Ngwago,
 ke le tshuba ka mollo, mme ke dikolosa
 motho o ka lona lebone le, gore ere go le
 motho o mongwe, o o sa rateng motho o a
 ipone! Ke go re: a senyegelwe, kampo a
 tlhabywe ke sengwe se se ka mmonang
 kampo a lomiwe ke selo.

Ke gore motho o ke mo phekolang,
 ke mo agela lesaka, ka go mo dikologa
 ka lebone mmele otlhe le tlhogo, le
 maoto gogotlhe fela.

Mme ge ke ntse ke mo dikologa, ke
 bua mafoko a go re: "Ge go le sengwe, a
 re kopane! A re kopane! O o mpatlang,
 ke a mmatla! O o sa mpatlang, ga ke
 mmatle!

Ge ke seno mo dikologa ka lebone, ke
 tla mo naya lebone le, mo seatleng, gore
 a o time ka mowa wa legano, mme a
 ba a hupele musi wa teng ka pele. Mme
 o tla gotlhola. Ke gore yaanong o tla ba
 a hupulogile. (18)

Yanong, a ese a apare, ke tla mo ra'
 ke re: "Tlog'o eme! " Ge a ema, le nna
 ke tla ema. Janong ke tla mmita ka re:
 "O tlo o tsene ka lepara la me." Ke ema
 maoto a paraletse.

Ke tla re: "O dule ka lesoba la mogodu. (19)
 Gontse yanong. Ga o tlo o tshwengwa ke
 sepe, ge e se Modimo fela."

Hierna neem ek die 'lig', die droë
 splinter van die naboom, ek steek dit aan
 die brand met vuur, en ek swaai om hier-
 die persoon met hierdie lig, sodat indien
 daar 'n ander mens is, wat nie van hierdie
 persoon hou nie, hy 'homself kan sien'!
 Dit wil sê hy skade kan ly, of dat hy ge-
 steek kan word deur iets wat hom kry,
 of dat hy deur iets gebyt moet word.

Dit wil sê hierdie mens wat ek
 'beveilig', ek maak vir hom 'n kraal deur
 hom te omring met die 'lig', sy hele lig-
 gaam en hoof en voete, sommer alles.

En terwyl ek besig is om hom te om-
 ring, spreek ek woorde wat sê: "As daar
 iets is, laat ons ontmoet! Laat ons ont-
 moet! Hy wat my soek, ek soek hom!
 Hy wat my nie soek nie, ek soek hom
 nie! "

As ek klaar hom omring het met die
 'lig' sal ek hom hierdie 'lig' gee in die
 hand, sodat hy dit kan doodmaak met die
 asem van die mond, en daarna moet hy
 die rook daarvan, vinnig opsuig. En hy
 sal hoes. Dit wil sê hy sal nou weer uit-
 geasem het. (18)

Nou, terwyl hy nog nie aangetrek het
 nie, sal ek aan hom sê: "Staan op! "
 As hy opstaan sal ek ook opstaan. Ek sal
 hom roep en sê: Jy moet kom en ingaan
 deur my 'wydsbeen'. Ek staan (met)
 my bene uit mekaar.

Hierna sê ek: "Jy het by die opening
 van die blaarpens uitgekom. (19) Dit is
 nou genoeg. Jy sal nie meer gepla word
 deur iets nie, behalwe God alleen."

K.6

'GO ITAYA LEBITLA' (20)

Ngaka e lemoga boloi ka go bona ditlhako
 di wele: 'Motlhakola wa Selomi'. Ke go re
 go tlosa pelaelo ya beng ba setopo.

'OM DIE GRAF TE SLAAN' (20)

Die *ngaka* weet dat daar getoor is as
 hy sien die dolosse val: 'Onderstebo van
 die Byter'. Dit neem die twyfel weg van
 die besitters van die lyk.

-
- (18) Hy het m.a.w. die 'voorspoed' ingeadem en die 'toordery' uitgehoes.
 (19) 'n Spreekwoordelike uitdrukking wat beteken dat jy 'n noue ontkoming gehad het.
 (20) *go itaya lebitla*: 'om die graf te slaan'. Hierdie uitdrukking beteken om 'n toonaar (*moloi*) wat iemand doodgemaak het, te 'tref' en wraak te neem.

K.6

Se ke bophiri ba ngaka ka go busetsa (21)
modiri tirelo ya gagwe.

Dipheko ke tse: *Phetolo* (22) kgotsa
Pusetsa (23) e bonwa kwa Bela-bela
le kwa lefatshe la Mazu'u, kwa Tolwane.

(Gape go tsewa)
noga ya *Mokopa*,
le *Molala-tlhageng*, (24)
le *Lee la tladi*, (25)
le *Matlholadinama*. (26)

Dit is die geheim van die *ngaka*, as hy
na die werker (van onheil) sy (toor-) werk
laat terugkeer. (21)

Hier is die kragmiddele (daarvoor):-
Phetolo (22) of *Pusetsa* (23) wat gevind
word by Warmbad en ook in Zululand
by Tolwane.

(Ook word geneem):
'n 'mambaslang',
en 'n mensbeen, (24)
en die 'eier' van die weerlig, (25)
en die 'jagspinnekop'. (26)

K.7

'DIKELEDI TSA MODIDI'

'DIE ARME SE TRANE'

(Matabele-*ngaka* wat tussen Kgatla woon aan Maricorivier in Botswana, 1953)

Motho ge a sule ka boloi, go tsewa
'mpa' ya *Mokgopha* o o bidiwang
'*Dikeledi-tsa-modidi*'. (27)
O tsaya e e metsi o bo o tlhaba
mebitlwa ya *Mosu* (28) e le mebedi mo
go yona, gore o seke wa rothela fatshe.

Yaanong o ya le yona mo lebitleng la
motho o o suleng ka boloi. O fitlha o
rothisetsa metsi gararo. Ge a bolailwe ke
motho, le ene (oo), o tla swa, mme le tla
mo epela kamosô.

As iemand dood is weens toordery,
word die blaar geneem van *Aloe littoralis*
(*rubrolutea*), wat 'die arme se trane' (27)
genoem word. 'n Vogtige blad word ge-
neem en jy steek daar twee haak-en-steek- (28)
doringe in, sodat dit nie op die grond
moet drup nie.

Jy gaan daarmee na die graf van die
persoon wat dood is aan toordery. As
jy daar aankom laat jy drie maal van die
sap drup. As die oorledene deur 'n mens
doodgemaak is, sal ook hý sterwe en
julle sal môre vir hom 'n graf grawe.

K.8

DITLHARE MO BOLOING

MIDDELE TEEN TOORDERY

(Ou Kgatla-segsman van Mochudi Botswana, 1951)

Ditlhare tse di dirisiwang mo boloing
di mefuta mebedi:

Ditlhare di teng tsa ge o setse o loilwe,
tse o ka fodiswang ka tsona.

Die middele wat gebruik word teen
toordery is twee soorte:

Daar is middele vir wanneer jy reeds
getoor is, en waarmee jy genees kan word.

-
- (21) '*busetsa*': 'laat terugkeer': As iemand jou toor met weerlig of 'n slang of enige
ramp, dan wend jy dit af en stuur die 'ramp' terug om sy eie baas te tref.
- (22) *Phetolo*:
- (23) *Pusetsa*:
- (24) *Molalatlhageng*: 'die ruigtelêer', 'n been van 'n mens.
- (25) *Lee la tladi*: 'n weerlig eier': die weerlig is 'n voël, wat soms eiers lê waar hy
'getref' het.
- (26) *Matlholadinama*: jagspinnekop.
- (27) *Mokgopha*: (Pl. 76) *Aloe littoralis* (*rubrolutea*), by Dikgatlong, naby die Krokodil-
en Maricoriviere se samevloeiing.
- (28) *Mosu*: *Acacia tortilis* (Forsk.) Hayne subsp. *heteracantha* Burch. Brenan.,
haak-en-steek.

K 8

Gape ditlhare di teng tse o ka di dirisang go thibela bolo gore bo seke ba go senya, le bana ba ntlu ya gago Gatwe ke go ipheko la ka lenaka la ntlu.

Lege e le lesaka kampo tshimo, le mabele ge a phothwa, a na le setlhare jao fela gore a seke a fetoga mmoko fela.

Gogotlhe go ntse go dira ngaka elengwe. O dira mothuso o o thusang mabele. Le segotlong mo o tlo a phuthela teng, o bo os se baakantse.

Mokokotlo wa motho ge o le botlhoko, o ka tsa'a mokokotlo wa tau le sereledi, o tshasa mo mokokotlong wa gago mo o phatsitseng teng.

Ook is daar middele wat jy kan gebruik om towery af te weer sodat dit jou nie beskadig nie, asook die kinders van jou huis. Hulle sê dit is om jouself te beskerm met die huis se medisynehoring.

Selfs ook die beeskraal of die tuin, en ook die koring as dit gedors word, het net so middele, om te verhinder dat dit net in kaf sal verander.

In al (bogenoemde) tree dieselfde *ngaka* op. Hy maak 'n hulpmiddel wat die koring help. So ook die agterplaas waar jy die koring gaan dors, moet jy 'voorberei' (met kragmiddele).

As 'n mens se rug seer is, neem jy die rug (-werwel) van 'n leeu saam met botter, en jy smeer dit aan jou rug waar jy inkerwinge gemaak het.

K.9

THOGO YA NGAKA

Ngaka ya Motswana e filwe go roga sengwe jaaka setlhare.

Nna ka nosi, ke ile ka *tshwara* setlha e *dikgaba* (1), ka kutlobotlhoko go sa utlwe ga bana ba setlhare se. Ba ne ba sa utlwane mo mererong ya bone.

E ne e le tshwane lo go ka rerwa ka fa tlaseng ga moriti wa setlhare se.

Ka moo, ka ba phutha ka bolella le bona mme ba gana go obamela tsamaiso ya bontatamogolo a bo ntataabona.

Ka moo ge, ka rapela Modimo gore: ge ke le phoso, setlhare se, se nne se phele, mme ge phoso e le mo baneng ba setlha e se, se ne se swe.

Jalo setlhare sa ba sa a swa. Se sule ka go swafala — ke jara di ka ba pedi, tharo morago ga poledisanyo le bona.

Ka tshwanno setlhare seo se ka be se sa orwa molio, e le gore se fisiwe fela, ka Modimo o utlwele thapelo yaaka.

'N NGAKA SE VERVLOEKING

Aan 'n Tswana *ngaka* is die vermoë gegee om iets te vervloek soos bv. 'n boom.

Ek persoonlik het al 'n boom 'verwens'(1) uit droefheid deurdat die 'kinders' van die voorouers van daardie boom nie wil hoor nie. Hulle wou nie met mekaar ooreenkom in hulle samesprekings nie.

Hulle móés mekaar gevind het onder hierdie boom se skadu.

Daarom het ek hulle bymekaar geroep en met hulle gepraat, maar hulle het geweier om die reëlings van hulle oorgrootouers te gehoorsaam.

Om daardie rede het ek aan God gebid dat: as ek verkeerd is, moet hierdie boom nog bly lewe, maar dat indien die skuld lê by die kinders (erfgename) van hierdie boom, die boom moet doodgaan.

Die boom het toe doodgegaan. Die boom is dood deurdat dit gekwyn het, dit kon twee of drie jare wees na die samespreking met hulle.

Eintlik moes daar nie vuur gemaak word van daardie boom nie, maar dit moes net verbrand word, aangesien die Here my gebed verhoor het.

(1) *Go tshwara dikgaba:* om te verwens, te vervloek.

K.10

'MOGATO' MO BOLOING

OM TOORDERY TE 'VERTRAP'

(Kgatla-*ngaka* van Modipane, Botswana, 8.12.1955)

Mogato o tshwanetse go gatolla malwetse a magolo mo maleng a motho.

Tshipi-e-bogale (1) ke mogato. Se a tthatlhegwa. mme se nowe, se kopantse le ditlha-e.

Ge motho a *botelwa*; (2) ke go re: ge a alafywa gore a tshole ngwana; ke setlhare sa nt!ha se se tsenang. Mme a se nwe le monna. Se tthatlhegwa ka metsi, ga nne

Setlhare se, ke mogato. Se tsene mo metlhapisong mme ke go re o gatolla maloi a ot!he a a tla beng a le mo go ene.

Mme eb!le o thibela gore a bolwetse bo seke bwa tswella pele mo mothong ka bonako-nako

Ge o tlhapisitse motho jalo, ke go re ge go le motho yo o *phegeletseng* (3) molwetse, a utlwe botlhoko ka ditshipi tse di bogale. Yo o phegeletseng: go tewa motho yo o tkaeletseng gore a bolwetse bo boele kwa mothong ole gore bo mo senye.

'Tshipi-e-bogale' re se kopantse le *Naka-la-tlou* (4) le *Mogau* (5), ke go re *Monotwana*, ka sengaka.

Jalo, motho o. botlhoko bo bo tla mo tlhagelang: o tla senyegelwa ke tiro e a e berekang; kampo a ithema ka selepe, kampo a gatwa ke koloi. Ke go re dilo tsotlhe di tla mo tlhagela ka go *romollana* ga gagwe.

Die 'vertrapper' -plant moet die groot siektes vertrap uit die maag van die mens.

Spshedamnocarpus pruriens (1) is 'n 'vertrapper'. Dit word gekook en gedrink nadat dit gemeng is met ander plante.

As iemand se 'swangerskap' gebind (2) word, d.w.s. as sy 'gedokter' word sodat sy 'n kind moet kry, is hierdie die belangrikste medisyne daarvoor. En sy moet dit saam met haar man drink. Dit word 4 keer met water gekook.

Hierdie plant, is 'n 'vertrapper'. Dit kom in die besprenkelingsmedisyne om daardeur al die toorgoed se 'vertrapping' wat in haar mag wees, ongedaan te maak.

Ook keer jy dat die siekte nie gou in 'n mens moet versprei nie.

As jy iemand so 'gewas' (besprinkel) het beteken dit dat as daar iemand is wat hierdie sieke 'verwens' (3), dat hy dan self seer moet kry, met 'ysters wat skerp is'. 'Hy wat verwens': beteken iemand wat homself voorneem om hierdie siekte te laat terugkeer na 'n persoon om hom te verreneuwe.

Ons verbind *Spshedamnocarpus pruriens* met *Momordica repens* (4) en met gifblaar. (5)

Hierdie mens dan (wat toor) die onheil wat oor hom sal kom: hy sal sy werk verloor; of hy sal homself raakkap met 'n byl, of 'n motor sal hom trap. Dit meen, al die dinge sal oor hom kom vanweë sy verwensing.

-
- (1) *Tshipi-e-bogale*: Pl. 340. *Spshedamnocarpus pruriens*. (Juss.) Szysz. 'Die-ysteris-skerp'.
 (2) *bofe'wa*: die *ngaka* se behandeling van 'n vrou sodat sy swanger moet word en bly
 (3) *phegeletsa*: om iemand 'n onheil soos siekte toe te wens.
 (4) *Naka-la-tlou, Mongamu*: (Pl. 443) *Momordica repens* Bremck.
 (5) *Mogau, Monotwana*: pr *Dichapetalum cymosum*, gifblaar. *romollana*: om mekaar te beledig, te vervloek.

K.10

Ge e le kwa makgoweng mo 'didêring' o tla pallwa ke go 'supply' mafsi a gagwe a a 'laisitseng'. Ke go re. ge a re: Ke tshwara 'mainki', o bo o thuba 'mabotlolo' a otlhe; a kgopywa, a wela fa fatshe. Jalo di-'custom' di tla tlhoka mafsi, mme ene a senyegelwa ke tiro. Ge a ese a bone ope o o ka mo thusang ka setlhare seo sa Tshipi-e-bogale, o tla palelwa ruri go ka tshwara tiro

Babangwe ba pelompe. ba senyetsa batho tiro ka sona.

As hy by die Witmense is (bv.) by 'n melkery sal hy nie instaat wees om die melk af te lewer wat hy opgelaai het nie. As hy bv. sou sê: Ek neem die mandjie, dan breek hy al die bottels; hy struikel en val op die grond. En so sal sy kliënte nie hulle melk kry nie, en hy verloor sy werk. Totdat hy iemand gekry het wat hom kan help met daardie plant, nl. *Sphedamnocarpus pruriens*, sal hy gladnie in staat wees om sy werk te behou nie.

Daar is ander met slegte gesindhede wat mense se werk vir hulle op hierdie wyse verniel.

K.11

PHEMELO MO BOLOING

(Kgatla-ngaka van Saulspoort, Tvl. 7.7.1962)

Pheko e motho a ka iphemelang ka yona go thibela boloi ke *Moragangaka*. (1)

Sengwe le sengwe se se bolayang: ge o tsere lekwati la teng wa le tšhotlha, o tla tlhatsa se o nong o se ja o se nwa. Ge o tsaya leswana la bobedi, la boraro, o a tlhatsa Di a bowa. Mme o tla itse ge dijo tse di sa siama.

Ge o tsoga, o tšhotlha lekwati le, o metsa mathe a gago. Mme ga o tthatse. Mme dijo tse di maswe o tla di tlhatsa.

O ka nna wa e tšhotlha ge o ya kwa mererong, jaaka mo mahyalong.

Ke gakologelwa rre mongwe wa ngaka, o bidiwa M. ... O kile a tlo bona molwetse waaka o o bidiwang Abraham wa kwa Boons. A tlhaga a lwala thata-thata-thata. Mme ene M. a re: "Motho ô, o tlaa swa." Ka mo nosa motlhatsiso.

A kgwa madi, thata! Mme morago ga lebaka la 'iri' a ntsha selo se se ka tshwanang le noga mo meleng. Kwa tlhogo e le rankgatakane (2) kampo *rankgata-sebilo* (3) kampo *phata-kalle* (4) Ka gore di a tshwana kwa tihogong.

Mme o fodile. Le kajeno ke monna fela. A nteboga ka kgomo.

BESKUTTING TEEN TOORDERY

Die middel waarmee 'n mens jouself kan beskut om towery af te weer, is 'bosboekenhout'. (1)

Enigiets wat doodmaak: as jy die bas van hierdie (plant) neem en jy dit kou, sal jy opgooi wat jy geëet of gedrink het. Sodra jy die tweede of derde lepel (vergiftigde kos) neem, gooi jy op. Dit kom terug. En jy sal weet dat daardie kos nie reg (eetbaar) is nie.

As jy opstaan kou jy aan hierdie bas en sluk jou speeksel in. Maar jy gooi nie op nie. Maar slegte voedsel sal jy opgooi.

Jy kan dit kou wanneer jy na same-sprekings gaan, soos bv. na huwelike.

Ek onthou 'n sekere *ngaka*, sy naam is M. Hy het na my pasiënt Abraham kom kyk wat van Boons af kom. Hy het baie-baie siek gekom. En hy, M. het gesê: "Hierdie man sal doodgaan." Ek het hom (die kranke) toe 'n braak-middel ingegee.

Hy het toe bloed opgebring, baie! En na 'n uur het hy iets uitgebring wat na sy lyf lyk soos 'n slang. By sy kop is dit 'n akkedis (2) of geitjie (3) of sandkoggelmander, want hulle koppe lyk eners.

Hy het gesond geword. Ook vandag nog is hy 'n man! Hy het my met 'n bees vergoed.

(1) *Moragangaka*: (Pl. 457) *Pittosporum viridiflorum* (Sims), bosboekenhout, stinkbas.

(2) *rankgatakane*: akkedis.

(3) *rankgata-sebilo*: soort geitjie.

(4) *phata kalle*: soort sandkoggelmander.

K.12

DIATOLA MO BOLOING

DOLOSSE BY TOORDERY

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl. 7.7.1962)

Ge motho a ka ntlela seaparo gongwe kuane gongwe setlhako sa motho o a lwalang, nka laola motho ó.

As iemand vir my die klere of hoed of skoen bring van 'n persoon wat siek is, kan ek met betrekking tot daardie persoon dolosgooi.

Ge ke laola motho, ditlhako di tla mpoella gore motho o o loilwe ke motho wa mofuta ofe. Ele ka ge ditlhako di supa *dirêko*. (1) Ke gore o mongwe o bina kwena, kgabo, jalo, jalo, fêla.

As ek oor iemand dolosgooi, sal die hoewe (dolosse) vir my sê deur watter soort mens hierdie persoon getoor is. Dit is omdat die dolosse die totems (1) aanwys. D.w.s. die een vereer 'n krokodil, aap, ensovoorts.

Ge ditlhako tse di mpoella ge a loilwe, ke gore ge di wa, tsa seka tsa wa '*Motlhakola*', (2) di we '*Makgolela a tlhako tsa Khunwana*', (3) di tshware sereko sa kgabo; e bofile kgabo.

As hierdie dolosse vir my sê dat hy getoor is, d.w.s. as hulle val en nie op die '*Motlhakola*'-(2)-valwyse val nie maar hulle val volgens die '*Makgolela a tlhako tsa Khunwana*'-(3) valwyse, wys hulle na die aap se totem; hulle het die aap (-vereerders) daarmee gebind.

K.13

THOKOLOŠI (4)

TOKKELOSSIE (4)

(Kgatla-*ngaka* van Modipane, Botswana, 1955)

Ge motho a tshwengwa ke Thokološi, re tsaya *letswai*, re le tlhakanye le *Khupamarama*, (5) mme re tha'a bonno boo. Thokološi o lala a lla ka kwantle.

As Tokkelossie iemand pla, dan neem ons sout en meng dit met die groot bitterappel (5), en 'behandel' daardie tuiste. Tokkelossie sal dan die nag buite bly en tjank.

Gape, ge re rata go e tshwara, re tsaya *letswai* le *Khupamarama*, re sôka moroko, re o dira dikgaragana re loke more o mo gare ga dikgaragana.

As ons hom wil vang, neem ons sout en die bitterappel en kafferkoringsemels, wat ons in koeke vorm met dié middele binne in die koeke.

Yaanong ge e tlhoboga motho, e tla bona dikgaragana tseo e be e ja! Ge e ja, ke go swa ga yona. Re be ro e tsa, re e bakaanya mo diphekong. Go berekwa jalo: ke go re mong a yone o sule.

As hy (Tokkelossie) dan moed opgee om by 'n mens te kom, dan sien hy die koeke en eet! As hy dit eet, gaan hy dood. Ons gaan hom dan haal en bewerk hom in die kragmiddele. Ons doen dit omdat die een (wat toor) wat hom gestuur het, nou ook dood is.

Mo metlheng ya pele, Thokološi o na a seyo. Yaanong re na nae, ka a tlišitswe ke Mathosa le Basotho le Mazulu. Le dipheko tsa teng, re di tshotse.

In vroeëere tye, het ons nie vir Tokkelossie gehad nie. Ons het hom nou, aangesien hy deur die Xosas en Basotho en Zulus gebring is. Maar ook die kragmiddele teen hom, het ons.

(1) *dirêko*: totems, ook *go bina*: om 'n totemdier te vereer.

(2) en (3) twee van die vele valwyses vir die dolosse, elk met sy eie naam, pryslied en interpretasie.

(4) Tokkelossie word by die Tswana-*ngaka* gesien as 'n vorm van toordery, veral teenoor vroue.

(5) *Khupamarama*: (Pl. 35) *Solanum incanum* L., groot-bitterappel.

K.13

Thokološi jaaka ge re mmona yaana, ke 'mosimane' yo o maswe! O kgoreletsa basadi, go kopana le bona. Mosadi kwa bofelong a dumallana le ene fela, a bonye go re ke tsenwe ke ene.

Yaanong ke go re mo bongakeng re mo kobe gore a se ke a tsema mo bonnong ba gago.

Thokološi ke mokgoreletsa wa motho ofe le ofe. A ka go somolela leotwana la koloi, kampo a go panolla dipholo jalo. Mme o romilwe ke mong 'a gagwe o sa mmone.

Le mosadi, ge a le mo dikobong, ene Thokološi o kopanye nae. Ga o mmone, mme o bona ditiro tsa gagwe. Mme o tla go *tlhōra* ge o bona mosadi a nna jaaka ekete o kopanye le monna.

Ge mosadi a go raya a re: "Ke letse ke lora ke kopanye le motho", o bo o itse gore Thokološi o teng.

Gape banna ba o ba utlwanng ba tsama'a ba pinella basadi, ke go re ba dirilwe jalo ka Thokološi. Ke 'mosimane' o maswe thata. Ké bona boloi tōtatōta.

Hierdie Tokkelossie, is 'n slegte 'kêrel'! Hy hinder die vrouens deur met hulle te wil verkeer. Op die ou end willig die vrou in en swig vir sy opdringerigheid.

As ons by die *ngaka*-behandeling kom, dan jaag ons hom weg sodat hy nie in jou tuiste moet kom nie.

Tokkelossie kan enigiemand lastig val. Hy kan die wiel van jou wa laat uitval, of hy kan jou beeste uitspan. Maar hy is deur iemand gestuur wat jy nie kan sien nie.

Ook wanneer 'n vrou in die bed is, kom Tokkelossie by haar. Jy sien hom nie, maar jy kan sy werke sien. Jy sal jou vir hom vererg as jy sien jou vrou is asof iemand met haar verkeer.

As jou vrou vir jou sê: "Ek het laas-nag gedroom 'n man was by my", moet jy weet dat Tokkelossie hier is.

Ook as jy hoor van mans wat rondgaan en vrouens aanval, is hulle so gemaak deur middel van Tokkelossie. Hy is regtig 'n slegte 'kêrel'. Dit is nou regtig toordery.

K.14

THOKOLOŠI

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl., 4.4.1966)

Thokološi e tshwana le tshwene ka boboya bo bosetlha, mme molomo ke wa motho fela. Matsogo ke a motho. Maoto a yona a tshwana le a tshwene ka dinala sentle.

Thokološi e tsamaya ka maoto a mabedi jaaka motho.

Boema ba Thokološi bo kana ka mosimanyara wa ngwaga tse tlhano. Mme e nonofile mo ditsoeng tsa yona.

Sefatlhego sa yona ke sa tshwene pila. Ke e bone ka matlho e bolela jaaka motho. Ke bone Thokološi mabaka a mane.

Ka ngoaga wa 1926 ke e bone, e sule e bolailwe ke monna wa Letebele ka go e tshwara ka dipheko tsa gagwe kwa Makokskraal

TOKKELOSSIE (1)

Tokkelossie lyk soos 'n bobbejaan met sy geelbruin donshare, maar die mond lyk net soos 'n mens syne. Die hande is dié van 'n mens. Sy voete lyk soos 'n bobbejaan syne met naels en al.

Tokkelossie loop op twee voete soos 'n mens. Die hoogte van Tokkelossie is so hoog soos die van 'n seuntjie van 5 jaar. Maar hy is fris gebou in al sy ledemate.

Sy gesig lyk net soos 'n bobbejaan syne. Ek het hom met my oë gesien en hy praat soos 'n mens. Ek het Tokkelossie vier keer gesien.

In 1926 het ek hom gesien, nadat hy dood-gemaak is deur 'n Ndebele man deurdat hy hom gevang het met sy kragmiddele by Makokskraal.

(1) Tokkelossie behoort aan die 'volksgehoof' van die Nguni, maar vanweë onderlinge kontak met hulle, moet die Tswana-*dingaka* nou ook met Tokkelossie rekening hou.

K.14

Ene a tshwarega, mme a e bolaya
ka lerumo bosigo.

Thokološi e na le mogatla. Ga o a
bopega jaaka wa tshweni. Bonna ba yona
bo tshwana le ba tonki.

Thokološi ke selo sa bolotsana.(2) Ke
utlwa go twe e tsala bana ba le babedi
fela, o mosegadi le yo motonanyana.
Tsebe tsa yona ke tsa motho.

Mosimane mongwe wa Letebele a
'fereana' le mosetsana wa kwa Mochudi
ngwaga tse pedi fela. Ba be ba kgaogana.
Mosetsana a tsewa ke mosimane wa kwa
Witfontein. Morago ga kgwedi tse
tshelelang ba tshengwa ke phologolo e
bidiwang Thokološi, ba e rometswe ke
mosimane wa Letebele, gore e tshale
le mosetsana yoo.

Ke bile ka bitswa ke mosimane wa kwa
Witfontein. O nna kwa Kanana, mme ka
ya, ka lwa le yona ka meleko bosigo bo
le bongwe.

Ka e palela go dira matshwenyego a
malatsi a otlhe.

Fela ya leka go kgaola 'diterata' tsa
'jarata' e bolela polelo ya Setebele e re:

"Se ya o dibana, futhe"!

Go rialo ke go re:

'Re tla kopana gape! "

Thokološi ga e a bopega jaako motho.
Bonna ba yona bo bogolo thata. Jalo
mo meleng ke phologolo pila. Fela e bua
jaaka motho.

Meleko ya yona ke e:

Tšhadube (3)

Loôpô (4) *Mokôlo* (5)

Mokunya (6) *Semmêê* (7)

le *Moila-nong*. (8)

Dipheko tse di a tihakangwa. Di foka
bonno le go tlhapa ka tsona mmele, le go
tlhabelwa mmele mo di'thoeng tsothle
fela.

Hy, (tokkelossie) is gevang en hy het
hom in die nag met 'n assegaai doodge-
maak.

Tokkelossie het 'n stert, maar dit is
nie gevorm soos 'n bobbejaan syne nie.
Geslagtelik lyk hy soos 'n donkie.

Tokkelossie is 'n ding vir toordery.(2)
Ek hoor dit word gesê dat hy (sy) net
twee kleintjies kry, een vroulike een en
'n manlike een. Hy het mensore.

'n Sekere Ndebele jongeling het 'gevry'
met 'n jong meisie van Mochudi, vir twee
jaar lank. Toe is hulle uitmekaar uit. Die
meisie is toe (in die huwelik) geneem
deur 'n jongman van Witfontein.
Na 6 maande is hulle toe gepla deur 'n
ondier wat Tokkelossie genoem word,
wat die Ndebele jongman na hulle gestuur
het, sodat hy met daardie jongvrou
moet saamleef.

Die jong man van Witfontein het my
toe laat roep. Hy woon te Kanana. Ek het
toe gegaan en met die (ondier) baklei met
kragmiddele vir een nag lank.

Ek het hom toe verhinder om elke dag
se steurnisse te herhaal.

Maar hy het probeer om die werf se drade
af te breek en in Sendebele gesê:

"Se ya o dibana, futhe"!

Dit beteken:

'Ons sal mekaar weer ontmoet! "

Tokkelossie is nie soos 'n gewone mens
gebou nie. Hy is geslagtelik oorontwikkel.
Sy lyf lyk net soos 'n dier. Maar hy praat
duidelik net soos 'n mens.

Hier is die toormiddele teen hom:

'n Rooi minerale klip (3)

Loôpô(4), *Mokôlo* (5) Clerodendrum
spinescens (6), *Semmêê*(7),
en gifboom.(8)

Hierdie middele word gemeng en in
die huis gesprinkel en ook word daarmee
die liggaam gewas. Die ledemate van die
liggaam word ook daarmee ingekerf.

(2) *bolotsana*: toordery.

(3) *Tšhadube*: 'n Rooierige minerale klip van Boteti, Noord Botswana.

(4) *Loôpô*:

(5) *Mokôlo*:

(6) *Mokunya*: Clerodendrum *spinescens* Gürke.

(7) *Semmêê*:

(8) *Moilanong*: Pl. *Synadenium cupulare* L.C. Wheeler, gifboom.

K.15

BOLOI BA SESADI

Ge monna a rata (motho wa) sesadi mme a sa itse gore a ka bua le ene ka mokgwa mang gobane ene mosetsana ga a itse Se- 'Thata-lapha', ene a itse Setswana fela, (monna) oie o tliilo rata go itse gore ge a bua le ene, mme a mo palela, o tla mo kgona ka pheko e e bidiwang *Motilatilane*. (1)

O tliilo mo letela fa a ka tlhapologang teng, o tsa'a motlhapo wa gagwe a o tlhakanya le *Motilatilane* le 'stuipi', letlapana le le mo mabenkeleng, le mapaila. (2) Jaanong ke *bogafea* (3) ka kwa sesading.

Mme o tliilo tsaya tshidi e ya *Motilatilane*, e a e tlhakantseng jalo, a e tsenya mo lefofeng la lephoi la sekgowa, a ba a o thotetsa mo motlhaping wa monyana oo.

Go rialo ke go re o tabola motlhapo wa monyana ka pheko e, mme kwa a yang teng, o tlhamela lefukana le la lephoi.

Jalo monyana o, o tliilo mo latela kwa teng koo, a sena ditlhong, e le go re pelo ya gagwe e a mmatla mme a mo ineela.

Ke moo o bonang merafe e e ka kwa ntle e tsayang barwetswana ba segarona, mme ba ba senya jalo.

Jaanong phemelo ya golo fa, ke go re re tsee *Motilatilane* e mebedi; o mongwe ke o o tlhatswang digô; le go jewa o a jewa, o thibelang gore o seke wa sia meno.

Ke pehemelo mo mosetsana. Re tshwanetse re mo tlhapisa ka ona, ka motlhapo wa gagwe, le go o ja.

Jaanong ge a le mo gare ga merafe e sele, ga ba kake ba mo dira sepe. Dilo tsa bona di yo sia, jaaka meno a sia a pala 'o loma!

Le seboko mo tshimong; re rethefatsa meno a seboko ka *Motilatilane*.

DIE TOOR VAN 'N VROUMENS

As 'n man hou van 'n vroumens, en nie weet hoe hy met haar kan praat nie, want hierdie meisie ken nie die 'thata-lapha'-taal nie maar ken net Setswana, dan sal daardie (man) wil weet dat as hy met haar praat en sy hom nie verstaan nie, kan hy haar oorreed met die ranksuring (1) kragmiddel.

Hy sal vir haar wag waar sy mag urineer en neem van die urine (d.w.s. die klam grond), en meng dit met ranksuring en 'stuip', 'n 'klippie' wat in die winkels verkry word en 'n kwikstertjie. Dit vorm nou geslagtelike toordery (3) oor die vrou.

Hy sal verpoeyerde ranksuring neem wat hy so vermeng het en plaas dit op die vlerk van 'n 'witmens-duif, en strooi dan ook daarvan op daardie meisie se urine.

Hy neem naamlik van die urine saam met hierdie middel, en waar hy heen gaan daar plant hy een veer van die duif.

En nou sal die meisie hom daarheen volg, sonder enige skaamte, omdat haar hart na hom verlang en sy gee haarself aan hom.

Dit is daarom dat mens vind dat die (mense van) ander stamme sommer ons dogters neem en hulle so beskadig.

Nou dan, die afweermiddel hierteen, is dat ons ranksuring moet neem, twee (bolletjies). Die een is om die eetgerei mee te was, en ook word dit geëet, om te keer dat die tande nie 'stomp' word nie.

Dit is 'n beskutting vir die dogter. Ons moet haar daarmee 'was', met haar urine, en sy moet dit eet.

As sy so tussen vreemde stamme is, sal hulle niks aan haar kan doen nie. Hulle eie toorgoed gaan 'stomp' word, net soos wat tande stomp word en nie kan byt nie.

Ook die wurm (plaag) in die landerye: Ons maak die wurm se tande 'stomp' met die ranksuring.

(1) *Motila-tilane*: *Oxalis corniculata* L. (Pl. 549) ranksuring, steenboksuring.

(2) *mapaila*: kwikstertjie.

(3) *bogafea*: om 'getoor' te word tot onbeheersde geslagsdrange.

K.16

GO LOIWA KA MOROTO

(Matebele-*ngaka* wat op Sikwane in Botswana tussen Kgatla woon, 1953)

Motho fa a palelwa ke go rota, go tihapologa, bakeng la boloi, re tsaya *Mokala* (1) le *Mositwane* (2). Ke go re go tsewa medi ya teng, e a thugwa.

Yaanong o batla rankgatitswane (o o tshwanang le kwena). Le a mo tsaya, le batla letlhaka le le tona la noka. O e kgaola kwa tlase ga makopano a le mabedi go etsa lebotlolo.

Yaanong o batla gape letlhaka la noka mo e kileng ya rapama fatshe ya tswa mo mmung, ya ba ya nwela gape. O tla kgaola seripanyana o kopanya le medi ya *Mositwane* le *Mokala*, o o sila. O bo o lokela mo 'lebotlolo' la letlhaka. Yaanong o tsa'a mokgatitshwane o mo lokela mo teng e ntse e phela. O bo o tswala, le ge e le ka pampiri, o bo o lesa.

Fa o tsoga kamoso, o a thibolla, mokgatitswane o a tswa. O bo o tsa'a molemo ole, o tsa'a metsi a bothitho, o tshela molemo mo metsing ao, kampo tee, wa fa o o pallwang ke go tihapologa. Wa mo nosa ka letsogo la gago. Fa go sala thotinyana, o mo tshela fa gare ga tlhogo.

O tla rota jaaka metsi a a tswang mo pompong! Kana o mo thibolotse yaanong. Moloi o mo potile kwa morago.

Ke go re: o a neng a re o a mo lowa, o na a tsere moroto wa motho o, fa o na a mmona a tihapologa teng. A tabola mmu o o metsi oo, a o lokela mo letlhakeng, gammogo le rankgatitswane, mme a thibelega ruri! Ene molwetsi o, a paliwa go rota go tsweng foo.

Yaanong tiro ya gago jaaka o le ngaka ke go thibolola rankgatitswane gape. Yaaka o thibolla rankgatitswane waago, le yona rankgatitswane ya moloi e thibologile. O a e batla, e ile. Molwetse o fodile yaanong.

OM MET URINE GETOOR TE WEES

As 'n man gladnie kan urineer nie, vanweë toordery, neem ons van die knoppiesdoring (1) en fyn katbos. (2) D.w.s. ons neem hulle wortels en stamp dit fyn.

Nou neem jy 'n akkedis (wat lyk soos 'n krokodil). Julle neem hom en soek 'n dik rivierriet. Jy sny die riet onderkant 'n lit af, om sodoende 'n 'bottel' te maak.

Nou soek jy weer 'n rivierriet, wat vroër plat gelê het waar hy uit die grond kom en toe weer afgeduik en verdwyn het. Jy sny 'n stukkie daarvan af en voeg dit by die fyn katbos en die knoppiesdoring en maal dit. Dit plaas jy dan in die riet 'bottel'. Vervolgens neem jy die akkedis en sit hom ook daarin, terwyl hy nog lewe. Jy maak die (riethouer) dan toe, selfs met 'n stuk papier en laat dit so.

As jy die volgende dag opstaan, maak jy (die houër) oop en die akkedis kom uit. Dan neem jy daardie medisyne (in die riet) en neem warm water, en gooi die medisyne in daardie water, of tee, en gee dit aan die een wat nie kan urineer nie. Jy laat hom met jôu hand drink. As daar nog so 'n bietjie oorbly, gooi jy dit bo-op sy kop.

Hy sal urineer soos water wat uit 'n kraan kom! Jy het hom natuurlik nou 'oop' gemaak. Jy het agter die toonaar gekom.

Die verklaring is: daardie een wat besig was om hom te toor, het van die urine van hierdie man geneem, toe hy gesien het waar hy ge'urineer het. Hy het toe van daardie nat grond opgeskep, en dit in 'n riet gesit saam met 'n akkedis, en so het hy (die man) heeltemal toegemaak! En hierdie kranke kan van toe af nie meer water nie.

Jou werk nou as *ngaka* is om die akkedis weer oop te maak. Soos wat jy jou akkedis oopgemaak het, net so is die akkedis van die toonaar ook ontsluit. Jy soek hom, maar hy is weg. Die kranke is nou genees.

(1) *Mokala*: (Pl. 118 & 405) *Acacia nigrescens* Oliv., knoppiesdoring.
 (2) *Mositwane*: (Pl. 54) *Asparagus pr. larinicus*., bergkatbos, fynkatbos.

K.16

Ge molwetse a sena go fôla, le tsa'a
Mokhura (3) wa noka, modi wa teng.
Wa o sila mmogo le *Maime*. (4) Le a a
kopanya o le bupe, le o baya, le robala.
Kamoso phakela, letsatsi le ese le tswe
le tsa'a lerothodi la moroto wa molwetsi,
a rotela mo letsogong la'agwe le le nang
le bupe bo, a ba a o kadumetsa

Ke go re yaanong le bofile gore ga go
na o o ka lowang ka moroto wa gagwe.

Motho mongwe le mongwe o o tshabang
go ka loiwa ka moroto wa gagwe, a ka
phekolwa ka tsela e. Le bolwetse ba go
khutlega (5) ga bo nke bo mo tshwenya.

Nadat die sieke gesond is neem julle
van die rivier-kasterolieboom (3) se
wortel. Jy maal dit fyn saam met
Ipomoea crassipes (4) Julle voeg hulle
as poeier bymekaar. Die volgende
oggend vroeg nog voordat die son
uitkom neem julle 'n druppel van die
pasiënt se urine wat hy in sy hand urineer
waarin daardie poeier is, en dan sluk hy
dit weg.

Dit beteken dat julle nou 'gebind'
het, dat daar niemand is wat (hom)
kan toor met sy urine nie.

Enige mens wat bang is dat hy met
sy eie urine getoor kan word, hy kan
op hierdie wyse met kragmiddele
versterk word Ook die siekte van
'vrouebloed op te neem' (5) sal hom
nie pla nie.

K.17

GO BOFA MASEPA A LEGODU (6)

Go bofa masepa a legodu ge le utswa,
ke gore a sa tlho a nyela, o tshwara
motlhala wa legodu ka Mogamapodi. (7)

Ke pheko e e thata mo dinakeng. Ka
tiriso ya yona e kgona dinatla. Wa se
sila medi go nna bupí, o se tlhakanya le
mamoribola. (8)

O tshwara motlhala wa legodu ka sona
gore le tle le ipolele, ka o tla bo o le
thibile moroto, a sa rote. Ó tla bolela
kwa a tswang go utswa teng.

Kana seane sa re: "Podi e kgonwa ke
e e dinaka." Podi e a senya, mme e fengwa
ke podi gape e e nang le dinaka.

Go kaya go re legodu, le ge e le ngaka,
a ka kgonwa ke ngaka engwe e e dinaka.

**OM DIE ONTLASTING VAN 'N DIEF
TE 'BIND' (6)**

Om die ontlasting van 'n dief wat
steel te bind sodat sy maag nie meer
kan werk nie, 'vang' jy die spoor van
die dief met weerluisgras. (7)

Dit is 'n baie kragtige middel in die
medisynehorings Deur sy werking
bemeester dit die sterkes. Jy stamp die
wortels daarvan fyn tot 'n poeier, en
meng dit met verpoeierde miskruier.

Jy 'vang die spoor van die dief
daarmee vas', sodat die dief homself
moet kom aanmeld, aangesien jy hom
nou verhinder om te urineer. Hy sal
kom sê waar hy gaan steel het.

Want die spreekwoord sê: " 'n
Bok kan bemeester word deur een wat
horings het." 'n Bok rig skade aan,
maar hy kan oorwin word deur 'n
ander bok wat horings het.

Dit meen dat 'n dief, al is hy 'n
ngaka, kan oorwin word deur 'n ander
ngaka wat "horings" (dolosse) het.

-
- (3) *Mokhura*: (Pl. 142) *Ricinus communis* L., kasterolieboom.
(4) *Maime*: (Pl. 117) pr. *Ipomoea crassipes* Hook., vgl. P.251) var. *longipendunculata* Hallier. f.
(5) *khutlega*: lendepeyne wat mans kromtrek word na bewering veroorsaak deur gemeenskap met 'n menstruerende, waardeur van haar bloed indring tot by die man se lende. Hierdie toestand word *go khutlega* of '*o khutlegile*' genoem.
(6) 'n Vorm van towery waarop 'n *ngaka* baie trots is, as hy dit kan doen.
(7) *Mogamapodi*: *Eragrostis superba* Peyri (Pl. 552), weerluisgras, platsaad.
(8) *Mamoribola*: miskruier.

K.17

Tiriso ya teng, ke go re o tshêla
bupi ba sone mo motlhaleng wa gagwe;
maoto a mabedi, mme o tla bo o
tshwere moroto wa gagwe.

Ge a sena go ipolela, mme ke mmofolla
gore a tlhapologe, ke mo komisa bupe
ba pheko e, mme o tla bo a bofologile
ka yona nako eo.

Die gebruik hier, is dat jy van die
poeier op sy spoor moet gooi; van albei
voete, en daarmee sal jy sy urine vasgevang
het.

Nadat hy homself aangegee het, en ek
hom losmaak sodat hy kan urineer, laat
ek hom van die poeier insluk van hierdie
kragmiddel, en word hy van daardie
oomblik 'losgemaak' (van die toordery).

K.18

*MONNA MONGWE MO LAPENG
LA'AGO*

'N ANDER MAN IN JOU HUIS

(Tswana-*ngaka* in Botswana, 11.2.1953)

Ge monna a bona mosadi wa gagwe a
sa mo tshola pila, go ka dirisiwa *Mhetola* (1)
mo lapeng.
Re o lokela mo ditlhareng gore o fetole
tse dingwe, gore di kgone go bua. (2)

As 'n man sien dat sy vrou se gesind-
heid, teenoor hom nie reg is nie,
kan 'Verandering' (1) in die tuiste ge-
bruik word. Ons voeg hierdie plant by
die ander middele sodat dit die ander
kan verander, sodat hulle kan 'praat'. (2)

Ge o setse o lemogile gore go na le
monna mongwe o o ntsentseng mo lapeng,
o tla ya go kgetla *Mhetola*, o o loga kgari
o bo o ya mo tselaneng fa mosadi a
tsamayang teng, o o epela o re:

"Moketekete, Ke go batla gore,
O nne fafatshe! "

As jy reeds agtergekom het dat daar
'n ander man is wat jou huislike lewe
bedreig, gaan jy om van die Indigofera-
plant te pluk, vleg dit in 'n ring, en
gaan op 'n voetpad waarmee jou vrou
loop, en begrawe dit daar en sê:
"So-en-so, Ek wil van jou hê, Dat jy
moet gaan sit! "

Go kalo.

Dit is al.

O tla mo fitlhela a le fa lapeng, a itumetse.
Go rialo ke go re: Monna o o gopotseng go
ka tsa'a mosadi wa gago, wa ba a mo tsere
motlhala, kgato ya lekoto la gagwe, a le
'bêrêka' ka ona *Mhetola*. A o lokela mo
lenakeng, a mmitsa ka leina a re:

"Tlaa kwano! "

Jy sal hom aantref in die *lapa*,
ewe opgeruimd. Dit beteken: Die man
wat gedink het hy kan jou vrou neem, hy
het haar spoor 'geneem', d.w.s. die plek
waar sy met haar voet getrap het, en hy
het dit 'gedokter' met hierdie
Indigofera-plant. Hy het dit in die me-
disynehoring gesit en haar toe by haar
naam geroep en gesê: "Kom hier! "

Yaanong le wena ge o 'mmêrêka' ka
Mhetola, o tla bo o thibile marumo. Ke go
re le wena o tla bo o kopantse *Mphetola*
le pheko e o e itseng gore e boima e ka
thibela boloi boo.

En nou sal jy ook, as jy met
Indigofera werk, sy assegaai afkeer. Want
jy sal nou ook die Indigofera-plant
verbind met 'n kragmiddel wat jy weet
dat dit 'gewigtig' is, dit is in staat om
daardie toordery te keer.

(1) *Mhetola*: (Pl. 134 en 601) *Indigofera* sp. cf. *I. hilaris* Eckl. & Zeyh.

(2) Sodat hulle kan funksioneer.

L.1

PELO E E LWALANG

DIE SIEK HART

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl. 1.9.1965)

Pelo e e lwalang ka go opa ga botlhoko thata, e sa fe motho thoba'lo bosigo le motshegare, e opa, kalafo ya pelo gore motho a bone borôkô mo nakong ya boikhutso, ke alafa pelo ka *kgogo*.

Ke tsaya maoto a yona fela. Ke apaya leoto la kgogo le lengwe le setlhare se se bidiwang: *Tshuku-ya-pôô*⁽¹⁾. Segwete se le sengwe fela.

Maotwana a apega bobedi ka bongwe le bongwe beke e lengwe fela; pelo a tla robala borôkô ba tshwano jaaka pele.

Kgogo, ke tliilo kgaola maoto a mabedi a yone fa lengoleng, e ntse e phela, ke be ke e bolaya, ka e tla be e le 'sônô' fa pele ga Modimo go e lesa e ntse e utlwa botlhoko e sena maoto!

Kgogo e a fata mme gape ge e robetse e kuka leoto, gantsi la molema. Molwetsi le ene ke rata gore le ene a robale jalo ka kwa mmeleng!

Leoto le legolo ke tliilo le apaya malatsi a mararo gammogo le *Tshuku-ya-pôô*. Yone ke e tlhaba ka phatsa, bogolo ya *Moretlwa*⁽²⁾ mme ke e obola mo mosimeng wa yone; medi yone e sale e ntse e tlhoga. Ke tliilo mo nosa moro wa tsone jalo.

Morago ga malatsi a mararo ke tliilo apaya leoto la molema jalo fela, le *Tshuku-ya-pôô* mme ke ntse ke mo nosa morô oo.

Maoto a mabedi a ke tliilo a batlela mosima wa 'nkô-ya-tlou', wa motlhoboloko, gore o seke wa jewa ke motho kampo katse kampo mpya, tsa tla tsa lwala.

Go rialo ke gore molwetse go tsweng fano o tliilo bona boroko bonolo fela, a sa tlhola a tshwengwa ke pelo⁽³⁾

Kalafi e ke e rutilwe ke ntate, le ka kwa German West.

Die hart wat so siek is dat dit groot pyn veroorsaak, wat 'n mens snags geen slaap laat kry nie en bedags pyn, die behandeling van die hart sodat 'n mens rustyd kan slaap, ek genees die hart met 'n hoender

Ek neem net (die hoender) se pote. Ek kook die hoender se een poot saam met medisyne wat genoem word: Hypoxis rooperi⁽¹⁾, Net een knol

Die pote word albei afsonderlik gekook vir 'n week lank, waarna die hart sal slaap met behoorlike rus sops voorheen.

Ek sal die twee pote van die hoender by sy knieë afsny, terwyl hy nog leef, en daarna maak ek hom dood aangesien dit 'n "sonde" voor Modimo sal wees om hom te los terwyl hy ly sonder pote!

'n Hoender skrop en as hy slaap tel hy sy poot op. dikwels die linker een. Ek wil hê dat ook die pasiënt so moet slaap wat sy liggaam betref!

Ek sal die regterpoot drie dae kook saam met die Hypoxis-knol. Dié steek ek met 'n skerp stok, liefs van 'n *rosyntjebos*⁽²⁾ en ek skil die knol af in die gat waaruit hy kom; die wortels bly groei. So sal ek hom hulle sop laat drink.

Na drie dae gaan ek die linkerpoot ook net so kook, saam met die Hypoxis-knol en laat hom nog verder die sop daarvan drink.

Ek sal dan vir hierdie twee pote die gat soek van 'n tuitmiershoop, sodat dit nie deur 'n mens geëet sal word nie, of 'n kat of 'n hond, en dat hulle dan siek word nie.

Om dit te doen beteken dat die kranke van nou af maklik aan die slaap sal raak, en dat sy hart hom voortaan nie meer sal pla nie.⁽³⁾

Hierdie behandeling het ek by my vader geleer en ook in Duits-Wes.

(1) *Tshuku-ya-Pôô*: (91) Hypoxis rooperi Moore

(2) *Moretlwa*: Grewia flava, rosyntjebos.

(3) Volgens die *ngaka* het hierdie hoenderpootsop met die Hypoxis-knol, altyd so 'n kalmerende effek.

L.2

KALAFI YA PELO

DIE BEHANDELING VAN DIE HART

(Kgatla-*ngaka* te Malolwane in Botswana 1953)

Tiro ya ga *Mosôkêlatsebeng*:⁽¹⁾ Ge motho a bolawa ke pelo. Ke ke go re ge a tshoga, a lla ka pele.

Re a o epa re tsee medi ya one re e apele ka mafsi a podi e tshweu e e senang mmala. Re be re mo nosa, lebaka le le kanang ka 'beke'.

Ke gore, ke tla mo naya medi gore a ikapele. O tla fôla.

Die funksie van die haas-oor⁽¹⁾ is: As iemand ly aan sy hart. Dit wil sê as hy of sy gou skrik en huil.

Ons grawe (die plant) en neem die wortels daarvan en kook dit met die melk van 'n wit bok wat geen (ander) kleur het nie. Ons laat hom dit drink vir ongeveer 'n week lank.

Dit meen dat ek vir hom of haar die wortels sal gee om self te kook. Die persoon sal gesond word.

L.3

GE PELO E TLETSE LEHULO

AS DIE HART VOL SKUIM IS

Motho ge a tsenwa, a tshaba-tshaba le naga, ke gore pelo e tletse lehulo.

Pheko ya pelo e e nang le lehulo ke: *Bogokgwe*,⁽²⁾ *Gookgwane*⁽³⁾ le motlhatsiso go ntsha lehulo, gore pelo e boele mo mannong a yona sentle.

Bontsi ba batho, go fitlhelwa gore ga se boloi. Ke pelo, e tletse lehulo.

Gape botsenwa bo bongwe ke ba popelo, le *tshentshi*,⁽⁴⁾ e sianela kwa tlhogong. E fetola mosadi setsenwa.

Tshentshi e roba ditshika tsa pelo ya mosadi. O lebala ka bonako sengwe le sengwe se a se akantseng ka pelo, le go mo tshwarisa *sedidi*⁽⁵⁾ se se ka mo digang.

Ditlhako⁽⁶⁾ tsa re:

"Pelo, boela bonnong; mmatla sa gagwe o se bone."

Sa boraro pelo e dira bolwetse ba kidibalo mo monna kgotsa mosadi.

As 'n mens besete word en hy sommer in die veld rondloop, is dit omdat sy hart vol skuim is.

Die kragmiddel vir 'n hart met skuim is: *krinkhout*⁽²⁾, *Gookgwane*⁽³⁾ en 'n braakmiddel om die skuim te laat uitkom, sodat die hart weer na sy normale posisie kan terugkeer.

By die meeste mense word gevind dat dit nie toordery is nie. Dit is die hart wat vol skuim is.

'n Ander soort besetenheid is van die baarmoeder, as die maandstonde kop-toe hardloop. Dit maak die vrou 'n besetene.

Die maandstonde breek die are van die vrou se hart. Sy vergeet oombliklik alles waaraan sy met haar hart gedink het, en dit laat haar duiselig word wat haar kan laat val.

Die dolosse sê:

"Hart, keer terug na jou plek; hy het weer sy krag gekry."

Derdens veroorsaak die hart vallende siekte by 'n man of 'n vrou.

(1) *Mosokelatsebeng*: Sansevieria (waarskynlik) Thyrsiflora, haasoor, Bantoewortel.

(2) *Bogokgwe*: Mositakgomo (Ng.) (Pl. 427) *Securidaca longipedunculata*, krinkhout.

(3) *Gookgwane*:

(4) *tshentshi*, *mosese* maandstonde (menses)

(5) *sedidi*: duiseligheid

(6) *ditlhako*: hoewe, dus dolosse.

L.4

**KALAFI YA PELO MO
BOHUTSANENG**

(Gedikteer deur Kgatla-evangelis van N.G. Sendingkerk in Botswana 2.10.1955)

Go didimatsa pelo gore a lebale mahutsana, o a e alafa ka *Bogokgwe*.⁽¹⁾ Segwere sa teng se apeiwa ka kgogo, o bo o ja kgogo le morô wa Bogokgwe.

Ge o e apa'a, o kgaola metlang ya teng, o bo o ribega⁽²⁾ kgaragana mo pitseng. O bo o lokela le kgogo ele. O tla e ja mantsiboana.

E tlo re bosigo ge o tsoga, o tsa'a kgaragana e ntse e ribegetswe mme o tsama'a ka yona, o fitlha fa kutung ya setlhare. O a epa, o bo o e lokela jaana mo mosimeng, e ntse e ribegeditswe. Wa tshela. Ge o seno'o e tshella, wa boela gae, mme ga o gadime. Ga o buisi motho gape mo tseleng ge o mmona, go fitlhela o bo o tsena kwa gae o bo o tlhapa matlho le matsogo. Ke gona o ka buisang batho. O tla bo o fidetse.

**BEHANDELING VAN DIE
BEDROEFDE HART**

Om die hart te laat bedaar, sodat dit droefheid sal vergeet, behandel jy dit met *Scilla lancifolia*⁽¹⁾. Die knol word met 'n hoender gekook, en jy eet die hoender met die sous van die *Scilla*-plant.

Wanneer jy dit kook, sny jy die blare af en keer die bol onderstebo⁽²⁾ in 'n pot. Jy sit ook daardie hoender in. In die aand sal jy dit eet.

As jy in die nag opstaan, neem jy die bol terwyl dit nog so onderstebo is en loop daarmee tot by 'n boom se stam.

Jy grawe 'n gat en plaas dit net so onderstebo in die gat. Dit gooi jy toe. Nadat jy dit toegegooi het gaan jy weer huistoe, maar sonder om terug te kyk. Jy praat ook nie met iemand wat jy langs die pad mag raakloop nie, totdat jy by die huis gekom het en was jou gesig en hande. Daarna mag jy weer met mense praat. Jy het alles afgehandel.

L.5

GE PELO E TLOLA-TLOLA

(Ngwato-ngaka van Noord-Botswana 28.4.1955)

Ge pelo e sa loka, e thiba-thiba, e tlola-tlola, ge e ka ya pele, motho a ka tsenwa.

O apaya modi wa *Mokatelo*⁽³⁾. O a nowa: o alafa pelo. Wa o apa'a, wa o lesa o fola. O bo o fa molwetse go nwa. Yaanong pelo yagwe, le ge e ne e tlola-tlola, e tla nna botoka. E nna mo mannong a yona.

Ge a ka nwa more o, o thibela pelo go tlola-tlola. E tla kôkôbela, a ba a fole.

AS DIE HART VINNIG KLOP

As die hart nie reg is nie, en spring-spring, en dit so sou aanhou, kan dié mens mal word.

Jy kook die wortel van wildewinde⁽³⁾. Dit word gedrink; dit genees die hart. Jy kook dit eers en laat dit koud word. Daarna gee jy dit aan die kranke om te drink. Sy hart sal beter word al het hy gespring-spring. Hy 'keer terug na sy plek.'

As hy hierdie middel drink, keer dit die hart om nie vinnig te klop nie. Hy sal bedaar en die kranke sal gesond word.

(1) *Bogokgwe* = *Mositakgomo* = *Sejabaleki*: (Pl. 46, 535) *Scilla lancifolia* Bak. & *S. marginata*.

(2) Die verskillende magiese handeling wat voorgeskryf word, soos ook hier het vir die Westerling geen empiriese betekenis nie, maar is van die allergrootste belang vir die Motswana, om welslae te verseker. Op die vraag: "Waarom?" is die antwoord: "Nee, dit is so aan ons oorgelewer".

(3) *Mokatelo*: (Pl. 251) *Ipomoea crassipes* Hook, wildewinde.

L.6

GO KOKOBATSA PELO

OM DIE HART TE LAAT BEDAAR

(Tswana-*ngaka* van Botswana 1955)

Ge pelo yaago e garoga go ya mo go bolaeng, o tsee modi wa *Mosokelatsêbê*.⁽¹⁾ O a o tshotlha; o metse matute a teng. O tla ikutlwa pelo e idibala e kokobala, e seka ya garoga.

Motho ge a tshwenyega mo pelong, a ka nna a phela ka sona

As jou hart benoud is, waar dit oorgaan na pyn, moet jy die wortel neem van die Aambeiwortel⁽¹⁾. Jy moet dit kou, en die sap daarvan insluk. Jy sal voel dat jou hart flou word en hy bedaar en nie meer vinnig klop nie.

As iemand se hart hom pla, kan hy nog lewe met hierdie plant.

L.7

KALAFI YA PELO.

DIE BEHANDELING VAN DIE HART

(Kgatla-*ngaka* van Modipane in Botswana 25.5.1955)

Ge motho a bolawa ke pelo, re epa segwere sa *Ledutla la-thaba*⁽²⁾ Kegore ke *Phephane*, kampo *Mathubadifala* kampo *Leswama la-thaba* kampo *Leupa*.

Re tlhatlhega segwere se ka metsi, re be re nosa motho o. Kalafo ya teng ge re mo nosa ke gore a tlhatse Mme o tla tlhatsa lefulo. Lefulo le le tswe le metsi mo go se nang dijo tse di tswang mo maleng. Selthare seo se tla didimatsa pelo.

Ga se nowe ke monna motshegare. A ka tsenya mosadi bolwetse mantsiboya, ge a kopane le ene.

Se kopana le *Tshika-dithata*⁽³⁾. More o o a mo ithimodisa. O tla ithimola go bo go tswa dikeledi, mamina, le mathe mo ganong! Mme ke alafa motho jalo ge a tsenwa botsenwa. Mme o tla mpholla. Yaanong ke tla sala ke batla ditlhare go *silla*⁽⁴⁾ methapo ya pelo, ke go re ditshika tsa pelo.

As iemand se hart hom pla, grawe ons die bol uit van die poeierkwas⁽²⁾ wat ook 'reiner', of 'spensbreker' of ook die 'sluiter' genoem word.

Ons kook hierdie bol met water en laat die persoon dit drink. Die genesing is daarin dat as ons die persoon laat drink hy moet braak. En hy sal skuim opbring. Hierdie skuim moet net met water uitkom waarby geen voedsel is wat uit die maag uitkom nie. Daardie plant sal die hart laat bedaar.

'n Man moet dit nie in die middel van die dag drink nie. Hy sal siekte na sy vrou oordra as hy in die aand by haar is.

Dit moet saam met *Lasiosiphon kraussianus*⁽³⁾ gebruik word. Hierdie middel laat hom nies. Hy sal nies totdat daar trane uitkom, sy neus loop, en spuug by sy mond uitkom! Maar so is dit wat ek iemand behandel as hy besete word. En ek sal hom gesond kry. Ek sal die nodige plante soek om die spiere van die hart mee te masseer, dit wil sê die are.

(1) *Mosokelatsêbê*: (Pl. 78) *Sansevieria pr. guineensis* L. Willd. aambeiwortel.

(2) *Ledutla-la-thaba* = *Phephane* = *Mathubadifala* = *Leswama-la-thaba* = *Leupa*: al bogenoemde plante is na bewering dieselfde, nl. die poeierkwas, 'n *Haemanthus* sp. pr. *coccineus* (Pl. 82, 184).

(3) *Tshika-di-thata*: *Lasiosiphon kraussianus*.

(4) *silla*: afkorting vir *sedila*, om te masseer, in te vryf.

L.8

KALAFO YA PELO(1)

GENESING VAN DIE HART(1)

(Tlokwa-ngaka van Gaborone, Botswana 7.5.1955)

Pelo ya motho re e alafa ka dipheko tse:

Bobi bo bo tona(2) ba seintlhaga, bo bo tshwarang dilo tso tsotlhe;

Mollwana(3), ke go re *Masegomabe*;

Setimamollo(4), ke go re *Mosetlha*;

Madi-a-kgokong(5), ke go re *Mokgalo*;

Modikasopye(6), ke '*moaga-le-batho*';

Seintlhaga sa leeba, ke

'*Marulela*'(7) le

Rankgoronyane(8).

Ke tsone tse re alafang ka tsone pelo.

Ke gona ge re tsaya nku. Nku ra re: ke *leidimatse*.(9)

Nku re e tlhaba e utlwa, re ntsha pelo ya yona e utlwa.(10)

Yaanong, ge pelo e ntse e *thenya*, re e tsenya mo tshitlhong, re e naya motho gore a e latswe e ntse e thenya.

Yaanong ge pelo e tsidifala, o e baya fatshe. Ga o tlhola o e mo latswisa.

Yaanong pelo ele ya motho e tla didimala fela jalo.

E tla re nkgantele ke tla tsaya lengetana le molora le *matshego* ke yo a fitlha, ke a katela mo mosimeng.

Ke gore ke fitlhetse bolwetse bole. Ke tla be ke bowa ke sa gadime.

Die mens se hart behandel ons met die volgende middele:
Die *groot spinnerak* wat allerlei insekte opvang.

Die *swartwaterbossie* of 'vuurtjie';

die 'vuurbusser'(4) of *huilbos*;

'wildebeesbloed'(5) of die blinkblaar-wag-'n-bietjie;

die akkedis of 'inwoner-by-die mense';(6)

die duifnes of

'die gedekte'(7); en

die namakwaduifie.(8)

Dit is met hulle wat ons die hart behandel.

Vervolgens neem ons 'n skaap. Ons sê die skaap is: 'n 'floumaker'.(9)

Ons sny die skaap oop terwyl hy nog lewe en haal sy hart 'lewend' uit.(10)

En nou, terwyl die hart nog ruk-klop, doop ons dit in die verkoolde kragmiddel, en gee dit aan die pasiënt om die (hart) af te lek, terwyl dit nog ruk-klop.

Sodra die hart afkoel sit jy dit neer. Jy laat hom dit nie meer lek nie.

Nou sal die hart van daardie mens net so tot bedaring kom.

Aanstonds sal ek die potskerf neem en die as en die (drie) stutte, en ek gaan hulle verberg deur hulle in 'n gat toe te gooi.

Dit beteken, ek het daardie siekte verberg. Ek keer weer terug sonder om agtertoe te kyk.

- (1) Malheid en doofheid word veroorsaak as die hart te vinnig 'hardloop'. Meegaande middele, en veral die lewendige skaaphart-behandeling is nodig om die mens se hart weer tot bedaring te bring.
- (2) *Bobi bo bo tona*: die heel groot spinnerak.
- (3) *Mollwana* = *Masegomabe*: (Pl. 546) *Plumbago zeylanica* L. swartwaterbossie.
- (4) *Setimamollo* = *Mosetlha*: (Pl. 151) *Peltophorum africanum*, huilbos.
- (5) *Madi-a-kgokong* = *Mokgalo*: *Ziziphus mucronata*. Willd. blinkblaar-wag-'n-bietjie.
- (6) *Modikasopye* = *Moaga-le-batho*: die akkedis, 'die-een-wat-by-die-mense-bly.
- (7) *Marulela*: 'die gedekte' *ngaka* naam vir duifnes.
- (8) *Rankgoronyane* = *Rankuronyane*: die namakwaduifie.
- (9) *leidimatse*: 'floumaker'. Die mens se hart klop te vinnig en moet stadiger en flouer gemaak word.
- (10) Die skaap word neergetrek en sy bors behendig en vinnig oopgesny en die hart losgesny en uitgehaal. Die hart klop nog vir 'n minuut of twee, en word deur die pasiënt gelek nadat dit eers in die *tshitlho*, die verpoelende preparaat, gedoop is.
thenya: ruk-klop.

L.8

Ge ke fitlha kwa gae pelo e tla apeiwa ka pitsana le dit'hare tse di setseng tsele.

Molwetse o tla ja pelo ele a e fetsa, le morô wa teng.

Yaanong ke ya le pitsana ele. Molwetse a seke a tlhola a e bona. Ga'a ka bona pitsa ele, bolwetse bo tla boela mo go ene.

As ek by die huis aankom sal die hart in 'n potjie gekook word saam met daardie middele wat oorgebly het.

Die pasiënt sal daardie hart opeet, en ook die sous daarvan.

Ek neem hierna daardie potjie weg, sodat die pasiënt dit nie meer sien nie. As hy daardie pot sou sien, sal die siekte weer na hom terugkeer.

L.9

KALAFI YA PELO LE BOTSENWA⁽¹⁾

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 1963)

Pheko ya *tshetlo*⁽²⁾ e e bolailweng ke dinotshe tsa semaane mo kalafing ya botsenwa, e lapisa ditsenwa, ka go arametsa ditsenwa kgotsa botsenwa bo bongwe le bo bongwe. Ka go e tswaka le medi ya *Montlêbê*⁽³⁾ le matlhare a teng le medi ya *Mmabi*,⁽⁴⁾ le matlhare, mme o duba ka mafura a nku, moarametso;

le go jesa setsenwa nku, e o mo alafang ka yona.

Pele o bo o e robatsa le ene metswetswe.

Morago wa e bolaya. O mo alafa ka nama tsa nku e.

O mo jesa pelo ya yona e le tala ka go fata pheko ya go jewa, ebong pheko e e bidiwang *Mpitike*,⁽⁵⁾ le *Bogokgwe*⁽⁶⁾ le *Gokgwane*.⁽⁷⁾

Pheko tse, o di sitse boleta sentle.

Sa boraro ke tshunetso ya dipheko. O tsaya *Tsêbê-dintlha*⁽⁸⁾ le *Montlêbê*⁽⁹⁾, o sila *thabela*⁽¹⁰⁾ ya tsona, ka go tsaya medi e mebedi fela.

*DIE GENESING VAN DIE HART
EN MALHEID*⁽¹⁾

Die kragmiddel van die heuningvoël⁽²⁾ wat deur die bye doodgesteek is, as dit in die behandeling van malheid gebruik word, maak dit die mal mense 'moeg' deur hulle, of in enige vorm van malheid, die dampe hiervan te laat inadem. Deur dit te meng met die wortels van die gifboom⁽³⁾ asook die blare, en die wortels van die brandnetelbos⁽⁴⁾ saam met die blare, en jy meng dit met skaapvet, as inademmedisyne; ook moet die malmens van die skaap eet waarmee jy hom behandel.

Jy moet eers die skaap vir 'n paar minute saam met hom laat slaap.

Daarna moet jy die skaap slag. Jy behandel hom met hierdie skaap se vleis.

Jy laat hom die hart rou eet saam met die uitgegraafde eetbare kragmiddel tewete die plante *Mpitike*, en *Scilla lancifolia* en *Gokgwane*.

Hierdie middele maal jy almal mooi fyn.

Ten derde kom die middele wat gesnuif moet word. Jy neem *Acokanthera oppositifolia* en van die gifboom en maal 'n beskermmiddel maar jy neem net twee van die worteltjies.

-
- (1) Malheid word veroorsaak deur te veel bloed wat in die kop gepomp word.
 (2) *Tshetlo*: is die voëltjie wat mense roep om vir hom heuning te kom uithaal. Dit is 'n belangrike 'pheko' of kragmiddel in die *bongaka*.
 (3) *Montlebe* = *Moilanong*: *Synadenium cupulare*. L.C. Wheeler, gifboom.
 (4) *Mmabi*: *Urera tenax*, brandnetelbos.
 (5) *Mpitike*:
 (6) *Bogokgwe*: (Pl. 535) *Scilla lancifolia* Bak.
 (7) *Gokgwane*:
 (8) *Tsebe-dintlha*: (Pl. 494 *Acokanthera oppositifolia*).
 (9) *Montlebe*: *Synadenium cupulare* L.C. Wheeler, gifboom.
 (10) *thabela*: beskermmiddel

L.10 & 11

**GO KGWAFOFATSA SETSENWA LE
GO ROBATSA NKU KA MOILANONG.**

**OM 'N BESETENE TE KALMEER EN 'N
SKAAP AAN DIE SLAAP TE MAAK
MET SYNADENIUM CUPULARE.
(GIFBOOM)**

(Kgatla-ngaka van Pilanesberg, Tvl. 25.5.1965)

Thabela ya go sunedisa setsenwa mo kalafing ke *Moilanong*⁽¹⁾. Ke go re *Montlebe*.

Die hoofbestanddeel om 'n besetene te laat snuif tydens sy behandeling is die *Synadenium cupulare*-plant⁽¹⁾, dit wil sê: gifboom.

Ke one re o tsayang medi, le matlhare a teng re a setla bupi. Re tliilo tsaya go le kanyana ka 'teaspoon' re tsa'a *Tsebe-di-ntlhe*⁽²⁾, medi ya teng re e sila boleta, re di tlhakanya. Se tla mo kgwafofatsa, se mo *tlaeditse*.

Ons neem hiervan die wortels en die blare en stamp dit tot 'n poeier. Ons neem net so 'n bietjie met 'n teelepel en ons neem *Acokanthera oppositifolia*⁽²⁾, die wortels en maal dit fyn en ons meng hulle. Dit sal hom mak maak, nadat dit hom bedwelmd gemaak het.

Re tsaya one *Montlebe*, *Mmabi*⁽³⁾ matlhare a teng. Re a di setla, re mo arametsa ka tsona, re dubile thabela e ka mafura a nku.

Ons neem die *Synadenium* en die blare van die *Brandnetelbos*⁽³⁾. Ons stamp hulle fyn, en ons laat hom die rook-dampe daarvan inadem nadat ons hierdie afweermiddel met skaapvet gemeng het.

Sa'agwe yaanong ke borôkô! Mme go batla boroko ke go batla tlhaloganyo.

Wat hom (die besetene) betref, hy gaan nou slaap! En om slaap te soek is om helderheid van verstand te soek.

Ge a le pòpòta, a pala, re tsaya nku, re a e sunedisa, ra ba re e arametsa setlhare se, ra e robatsa le ene. Ka moo, nku e e tla robala le ene, le ene a ba a robala. Morago ga teng re tliilo bola'a nku e re tliilo mo apeela ditlhare ka dinama tsa yona.

As hy stewig is, en nie ingee nie, neem ons 'n skaap en laat hom die middel snuif, en die dampe inadem en laat hom langs hom, (die besetene)slaap. Hierna sal ons hierdie skaap doodmaak en vir hom medisyne kook saam met die skaap se vleis.

Re tsa'a *Bogokgwe*⁽⁴⁾ le *Gokgwane*⁽⁵⁾. Ke tse a di nwang.

Ons neem *Scilla marginata* (Bak.) en die *Gokgwane*-plant. Dié moet hy drink.

Montlebe, ga se a tshwannwa gore o se tsee fela. Ka tshwannwa o se bolaele sengwe jaaka nku, mme o se byala ka moswang wa se o se bolaileng.

Die *Synadenium*-plant behoort mens nie sommer van te vat nie. Na behore moet jy vir die plant iets doodmaak soos 'n skaap, en daarna kan jy die struik gaan plant met die pensmis van wat jy geslag het.

-
- (1) *Moilanong* = *Montlebe*: *Synadenium cupulare* gifboom. L.C. Wheeler. (vgl. Watt & Breyer-Brandwijk 1962 p. 437). Die plant is baie irriterend en baie giftig.
- (2) *Tsebe-di-ntlhe*: (Pl. 494) *Acokanthera oppositifolia* (Lam.) L.E. Codd. Boesmangifboom.
- (3) *Mmabi*: Pl. 593. *Urera tenax* N. E. Br. bergbrandnetel.
- (4) *Bogokgwe*: (Pl. 581) *Scilla marginata* Bak.
- (5) *Gokgwane*:

L.10 & 11

Go tialo ke go re o a se *rufa* mo badimong, go re se seke sa fetoga *mfefa*⁽⁶⁾, ke go re se se bolayang batho.

Gape Montlebe o tsengwa mo lenakeng la meleko, e le gore o a ka reng o a go leka, bogolo go fse ene, kampo a fselwe ke metse; kwa go ene moloⁱ wa setsenwa se o mo alafang. Ene mmo^{lai} wa gagwe re tlilo mo itse ka a tlilo fselwa ke motse.

Deur dit te doen, 'vra jy dit met danksegging' van die voorouergeeste, sodat dit nie verander in: "'n kragmiddel wat mense uit wraak begin doodmaak'⁽⁶⁾ nie

Ook word die *Synadenium* in die medisynehoring gesit vir pogings tot toordery, sodat wie ook al dink dat hy jou gaan 'aandurf', dat hy self liewers moet brand of dat sy statte moet brand; dit wil sê daar by die een wat jou besetene wat jy behandel, getoor het.

Ons sal die een wat hom getoor het uitken, want sy stat gaan aan die brand raak.

L.12

BOTSENWA

(Kgatla-*ngaka* van Pilaesberg, Tvl. 7.7.1962)

Kalafafi e ya go tlhatsisa molwetse yo o lolilweng ga se dinoolwane! Ke boammaaruri. Ke gakologelwa *letsatsi le ke swang* ka lona. Ge o ka aaka o tsietsa batho, o gakologelwe letsatsi la leso la gago. Mme Modimo o tlilo go koba ka mokgwa o wa gago wa maaka. Modimo o ka seka wa go fa letlhogonolo.

Go kile ga tla mosimane, a tswa kwa Freistata, a bidiwa M. Ba ne ba tsamaile ka ene dingaka di ka ba bosupa. Jaanong ge, a tla mo go nna ka kutlwelo gore ke a tle ke thuse. A tla le 'abuti' waagwe le kgaitsadie, kagore e ne e le setsenwa, se tshaba.

Kamoo ka feta ka mo itibatsa bolwetse ba gagwe, ka go mo tlhapisa pele ka nku,⁽⁷⁾ le dipheko: *Mosimama*⁽⁸⁾ le pheko e e bidiwang *Phetolo*.⁽⁹⁾

KRANKSINNIGHEID.

Hierdie genesing van 'n kranke wat getoor is te laat braak, is nie sommer stories nie! Dit is die waarheid. Ek dink aan die dag *wanneer ek sterwe*. As jy leuens sou vertel en jy mense bedrieg, moet jy dink aan die dag van jou dood. En God sal jou wegjaag vanweë hierdie leuenagtige gewoonte van jou. God sal definitief nie vir jou seën nie.

Daar het een keer 'n seun gekom van die Vrystaat af; sy naam was M. Hulle het met hom sewe *dingaka* besoek. Toe hy na my kom nadat hulle gehoor het dat ek soms help, toe kom hy saam met sy 'ouboet' en sy suster, want hy was kranksinnig en het (probeer) weg-hardloop.

Daarop het ek voortgegaan en hom sy siekte laat vergeet deur hom eers te was saam met 'n skaap⁽⁷⁾ en met medisynes: sambokbossie⁽⁸⁾ en die middel wat genoem word 'omkeerder'⁽⁹⁾

-
- (6) *mfefa*: 'n kragmiddel wat begin om mense 'dood te maak uit wraak.'
- (7) Die sieke kniel langs die skaap, en sy rug en die van die skaap word gelyktydig gewas met die sambokbossie en die *Phetolo*-plant.
- (8) *Mosimama*: (Pl. 4) *Senecio longiflorus*. (DC.) Sch. Bip. sambokbossie.
- (9) *Phetolo*:

L.12

Jalo ge, ka mo sunedisa ka pheko: *tshetlo* le *Tsebedintlhe*.⁽¹⁰⁾ Ge a sen'o sunetsa a ithimola a tswa madi ka dinko, re tla bona phetogo ya gagwe, a kokobetse; a sena go tshaba, mme go ja, a gana go ja.

Ka ge a sale pōpōta ka tsa'a tshetlo le pheko e e gotweng *Motlhatsiso*.⁽¹¹⁾

Ka o mo nosa, ka moo a tlhaatsa ntsi. Ke ka 1943. E mo tsere sebaka sa 'auara'. Ya tswa le mathe a a palang. Ya baa pholo ya gagwe. Oa phela, o kwa Freistata kwa Sannieshof.

Go monna o mosweu o bidiwa Morena C; o ne a sena tumediso, mme go mo dirile gore a be a nee le tumedi gore bolwetse bo bo na le kalafi mo bongakeng ba Setswana.

Ke ne ke tlhatsisa M. fa pele ga batsadi ba gagwe, e tle e re ge a kaa swa go seke ga fitlhelwa phoso mo go nna.⁽¹²⁾

Ntsi e a neng a e tlhatsa ke e tala e o e bonang mo sengwe ge se sule. Ke yone motho o ne a loilweng ka yona.

Kana go *lōwa* go bonolo fela. Ka gore batho ba bangwe ba ithuta boloi; ese kalafi, e le boloi. Ka moo, rona dingaka re tshwereng bothata. Re mo ntshe dilo tse a loilweng ka tsona.⁽¹³⁾

Jaaka ntsi e tala e. E ka nna ya tsewa, ya silwa ya tsengwa ka ditlhare tse a rutilweng gore motho o loya ka tsona.

Ek laat hom daarna snuif aan 'n middel: die (gepoeierde) heningvoëltjie en Boesmangifboom.⁽¹⁰⁾ Nadat hy gesnuif en genies het en daar bloed by sy neus uitgekom het, sal ons 'n verandering by hom bemerk, nl. dat hy bedaar; en hy was een wat weggehardloop het, en hy het geweier om te eet.

Aangesien hy nog fris (opstandig) is neem ek heuningvoël(poeier) en die middel wat genoem word gifwortel⁽¹¹⁾.

Ek het hom dit laan drink en daarna het hy 'n vlieg opgegooi. Dit was in 1943. Dit het hom 'n 'uur' geneem. En hy het uitgekom met spuug wat nie wou uitkom nie. Dit was sy genesing. Hy lewe en is in die Vrystaat by Sannieshof.

Daar is 'n blanke en hulle noem hom meneer C; hy het nie geglo nie en dit het gemaak dat hy geloof het dat hierdie siekte van kranksinnigheid 'n genesing het in die Tswana-geneeskunde.

Ek het M. laat opgooi voor sy mense sodat indien hy sou doodgaan daar nie fout gevind word by my nie.⁽¹²⁾

Die vlieg wat hy opgegooi het is 'n bloue wat hy sien op enigiets wat dood is (brommer). Dit is hy waarmee M getoor was.

Om te toor is natuurlik maklik. Want sommige mense leer om te toor; nie genesing nie, maar toordery. Daarom het ons *dingaka* dit so moeilik. Ons haal uit hom (die getoorde) die dinge waarmee hy getoor is.⁽¹³⁾

Soos hierdie blou vlieg. Hy kan geneem word en gemaal word, en met medisyne gemeng word soos wat hy (die 'toornaar') geleer is dat 'n mens daarmee toor.

(10) *Tsebedintlhe* (Pl 494) *Acokanthera oppositifolia* (Lam). L.E. Codd.

(11) *Motlhatsiso*: (Pl. 458) *Haemanthus magnificus* Herb. gifwortel.

(12) As hy behandel word en sterwe voor getuies, dan is dit òf die Here, òf die toordery wat hom geneem het en nie die behandeling nie.

(13) Hiervolgens is 'n *ngaka* nie 'toordokter' nie, maar 'n dokter wat 'toordery' genees.

L.12

Jaanong a ka nna a e tshela mo 'komiking'⁽¹⁴⁾ ya 'tee'. Mme e tla re ge a e nole e *tthamega*⁽¹⁵⁾ e baa ntsi e e phelang mo go ene, a tswa setsenwa mo re sa itseng re ka mo reng

Hy kan dit gooi soos in 'n teekoppie. En dit sal gebeur sodra hy dit gedrink het, 'dat dit 'n werklikheid word'⁽¹⁵⁾ en dit 'n lewendige (brommer) vlieg in hom word sodat hy 'n kranksinnige word in so 'n mate dat ons nie weet wat om met hom te maak nie.

L.13

BOA-BOA

"KOM TERUG"

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 16.1.67.)

Pheko e kgolo ke e e bidiwang 'boa-boa'.

'n Groot kragmiddel is die een wat genoem word "kom-terug, kom-terug".

Ke pheko ya metswako mo diphekgong tsa malwetse a botsenwa, e e dirang gore motho a se tshabe, mme a ne a boa-boa mo e keng a sa kgone go tshaba.

Dit is 'n kragmiddel in die mengsels van middele teen malheid, wat maak dat 'n mens nie wegvlug nie, maar dat hy oor en weer sal terugkom net asof hy nie kan vlug nie.

Pheko e e bidiwang "boa-boa" e a arametswa⁽¹⁶⁾ motho wa botsenwa, e kopantswe le pheko e e bidiwang 'kgathatso.' Jalo di dira gore setsenwa se lape marapo, se kgone se alafywe.

Die kragmiddel wat "kom-terug, kom-terug" genoem word, word as "sweetmiddel" (16) gebruik vir die mal mens, nadat dit gemeng is met die kragmiddel wat "moegmaak" genoem word. So bewerk hulle dat die mal mens se beendere moeg moet word, sodat hy gedokter kan word.

Pheko e e bonwa kwa Thabazimbi mo mung wa motshekhu o o ratwang ke ditshipa (ke gore bo matsipane) bogolo.

Hierdie kragmiddel word by Thabazimbi gevind in grond wat sanderig is en waarvan veral die springhase hou.

Sa bobedi, pheko e e bidiwang 'boa-boa' e diriswa mo ditirong tsa bongaka thata; bogolo jang, fa *ngaka* e sebedisa pheko e. E dira gore batho ba boe-boele mo ngakeng kgabetsa-kgabetsa.

In die tweede plek word hierdie kragmiddel wat "kom-terug, kom-terug" genoem word, dikwels in die *ngaka*-praktyk gebruik; veral wanneer die *ngaka* hierdie kragmiddel gebruik. Dit veroorsaak dat die mense gou-gou oor en weer sal terug kom na die *ngaka-toe!*

-
- (14) *'komiking'*: teekoppie, van die Afrikaanse 'kommetjie', soos deur die Voortrekkers gebruik
- (15) *tthamega*: 'n werklikheid word soos hier: brommerpoeier drink en dan 'word' dit dadelik 'n lewendige brommer in hom.
- (16) *go arametswa*: Die Passiewe vorm van *arametsa*, nl. om die pasiënt onder komberse te laat sit en sweet terwyl hy warm dampe inadem van die middel(e) wat in kookwater gegooi is.

L.14

BOLWETSE BA KIDIBALO

VALLENDE SIEKTE

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 1963)

Bolwetse ba kidibalo bo alafywa ka pheko ya *Motlhatsiso*(1) pele.

La bobedi o a mo arametsa leba le le nye, le bidiwa: *Rankurunyane*, ka go le tswaka ka pheko tse:—

Tshika-di-thata(2)
Matafatshe(3) le
seboko sa mookana le
seboko sa tlhogo ya nku.

La boraro o tsaya *madi a mpya* le *masepa a kolobe ya naga* le *nta ya yona*, o di mo nosa ka go di tswakanyetsa mo botlolong, a di nwa gane ka letsatsi, karolo ya kopi, lebaka la beke tse pedi fela.

Jalo o tshwanetse go idibala ge o mo arametsa la ntlha.

Vallende siekte moet eerste deur die gifwortel(1) behandel word.

In die tweede plek laat jy hom uit-sweet met die klein duifie wat bekend is as Rankurunyane nadat dit versterk is met die volgende middele:—

Sphenostylis angustifolia(2)
 brandbossie(3) en
 die wurm van 'n soetdoringboom en die wurm wat van 'n skaap se kop af kom.

In die derde plek neem jy die *bloed van 'n hond* en die *mis van 'n vlakvark* sowel as *een van sy luise*, en laat hom dit drink deur dit in 'n bottel te meng. Hy moet dit vier maal op 'n dag drink, 'n half-koppie vol, slegs vir 'n tydperk van twee weke.

Maar dit is noodsaaklik dat hy 'n aanval sal kry as jy hom die eerste keer die dampe laat inadem.

L.15

BOLWETSE BA KIDIBALO BO YA LE KGWEDI

VALLENDE SIEKTE EN DIE MAAN

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 26.2.1962)

Kalafi ya bolwetse bo bo bidiwang Seebana(4) ke ka dipheko tse:

Leotobokga(5)
Matafatshe(6)
Monwane(7)

Monwane o tsewa modi. Leotobokga le Matafatshe o di komola fela.

Di tlhakangwa le leobu, la madi a *kgaga*, le madi a khudu e e bidiwang *rantlapere* (8)

O tshwanetse go arametswa ka tsona. Tshidi ya tsona o tshwanetse gore a na e ja.

Die genesing van herhalende vallende-siekte is deur hierdie middele:

Leotobokga(5)
 brandbossie(6)
Securinega virosa(7).

Van die *Securinega* word die wortels geneem; die ander plante word net so uitgetrek.

Hulle word vermeng met ('n stuk van) die verkleurmanneljie, die bloed van 'n itermagô, en die bloed van 'n skilpad.(8)

Hy moet hul dampe inasem. Ook moet hy die verkoolde poeier daarvan aanhou eet.

(1) *Motlhatsiso*: (Pl 458) *Hemanthus magnificus* Herb. gifwortel.

(2) *Tshika-di-thata*: (Pl 633) *Sphenostylis angustifolia* Benth.

(3) *Matafatshe*: (Pl 585) *Aptosimum depressum* Burch. var. *elongatum* Hiern. brandbossie.

(4) *seebana*: 'n vorm van vallende siekte.

(5) *Leotobokga*:

(6) *Matafatshe*: (Pl. 585) *Aptosimum depressum* Burch. var. *elongatum* Hiern.-brandbossie.

(7) *Monwane*: (Pl. 597) *Securinega virosa* (Roxbg. ex Willd) Baill.

(8) *rantlapere*: 'n soort skilpad.

L.15

Tumed! ya gore o mo tseleng ya kalafi, ke nnete, o tla bo kgona.

O mo sega dithwe tsotsotlhe, o tshase tshitlho e ya teng. O tla idibala. Mo kidibalong ya gagwe o fetse go 'bêrêka'.

Jaanong ge a thanya re tla mo lepa gore a ka letsatsi le lengwe a a ka wa gape. Moo, re mmela lebaka la kgwedi tse pedi, gobane bolwetse bo ya le kgwedi ge e thwasa⁽⁹⁾ ka kwa. Kegore ge e rogwa, ke kidibalo ya motho.

Ge e ka mo tlola, ya bonala, a seka a idibala, re itse ge re e kgonne bolwetse ba kidibalo ge e thwasa.

Re lepa ge kgwedi e ya 'fifing, gore a a ka wa e le'fifing. Yanong e tla bo e le mo 'bakeng la kgwedi ya bobedi. Foo re tla itse ge a se kileng a wa, gore bolwetse bo tla fola.

Bolwetse bo bo golo bo re ratang go bo itse mo kalafing. ke bolwetse ba kidibalo, le bolwetse ba botsenwa.

Bolwetse ba kidibalo, gantse bo latela bolwetse ba ngope, ge motho a tlhokile o o mo alafang.

La bobedi ke tshogô ya pelo e ya gagwe e. Ge a ka tshoga, ditshika di eme, ga go madi a a ka tsamayang. Ge a ema a re tul ke go re o tshwanetse go idibala. O tshwanetse go roroma lebogo kampo leoto. Pelo ya be e tletse lefulo, o a *tetebana*, o a wa.

Ge re tsaya *Leotobokga* le *Matafatshe* re dirisiwa ke jaaka ge di bataletse fa fatshe. Re batla gore madi a molwetsi le one a tsamae ka mokgwa wa tshwanno, eseng gore a mo fenye.

Re na le motswako wa sengwe se se phelang, se se tsamayang ka bonya. Ke leobu; mme le one madi a dire jalo.

Met die geloof dat hy op die regte pad is van genesing, is dit waar, jy sal die siekte baasraak.

Jy kerf al sy ledemate en vryf hierdie poeier daarin. Hy sal flou word. Terwyl hy flou is moet jy aangaan en die werk voltooi.

As hy weer bykom sal ons hom dophou om te sien of hy op 'n ander dag weer sal val. Ons gee hom 'n tydperk van twee maande, want hierdie siekte hang saam met die nuwe maan.⁽⁹⁾ Dit wil sê as hy (die nuwe maan) 'gevloek word', is dit wanneer die mens 'n aanval kry.

As hy hom sou oorslaan dat hy (die nuwe maan) verskyn en hy nie 'n aanval kry nie, weet ons dat ons die vallende siekte oorwin het as dit nuwe maan is.

Ons hou (hom) dop as dit donkermaan word, om te sien of hy sal val as dit donkermaan is. Dit is nou reeds in die tweede maand. Ons sal so weet, indien hy nie 'n aanval gekry het nie dat die siekte sal genees.

Die belangrike siekte wat ons wil verstaan in die geneeskunde is vallende siekte, asook kranksinnigheid.

Vallende siekte volg dikwels op aanhoudende neus- en tandvleisbloeding indien 'n persoon nie iemand gehad het wat hom kon behandel nie.

Tweedens is dit as sy hart skrik. As hy skrik gaan die are staan, en daar is geen bloed wat vloei nie. As die bloed 'stil' staan, moet hy flou word. Sy arm of been moet aan die bewe gaan. (Sy) hart is dan vol skuim; hy bewe en val.

As ons *Leotobokga* en brandbossie neem is dit omdat hulle so plat op die grond rank. Ons wil hê dat die kranke se bloed ook na behore moet loop, en hom nie oorweldig nie.

Ons het 'n versterkmiddel van 'n lewendige ding wat stadig loop. Dit is 'n trapsuutjies; die bloed moet ook net so maak.

(9) *thwasa*: as die nuwe maan in die weste verskyn, sê hulle die maand word "gevloek".

L.16

KIDIBALO BA SEEBANA

HERHALENDE VALLENDE SIEKTE

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. Okt. 1965)

Seebana⁽¹⁾ ke kidibalo ya motho ge a bolawa ke seebana. Ke tswa Slangkop ke ts'o alafa motho wa seebana. O ne a idibala ga nne ka letsatsi. Mme ke mo arameditse pheko tsê:

seefamaeba⁽²⁾
Modilla,⁽³⁾

nelete le mokoko.

Mokoko re o kgaola tlhogo, mme ene molwetse le nna ngaka ke tliilo ja le ene ge ke ntse ke mo alafa malatsi a maratara a, gore a be a fole.

Go tlogeng foo, ene a seke a ja kgogo go fitlhela ngwaga o bo o ele.

Molwetsi a tsoga ka go ja pheko tse, le go di nwa le go di arametsa.

Ge o bona nna ngaka ke arametsa le go ja ditlhare tsotlhe tse le ene molwetse, ke dira gore bolwetse bo seke bwa fofela mo go nna.

Seebana⁽¹⁾ is 'n sekere soort vallende siekte waar 'n mens aanhoudend flou word. Ek was na Slangkop, om daar iemand te genees wat vier maal per dag flou geword het. En ek het hom die volgende middele laat inadem':

die klein duifie⁽²⁾
wildekapok,⁽³⁾

'n naald en 'n hoenderhaan.

Ons sny die haan se kop af; die kranke en ek die *ngaka*, sal saam die hoender eet terwyl ek hom vir ses dae lank dokter totdat hy gesond is.

Van daardie tyd af, moet hy nie weer hoender eet nie, totdat die jaar verby is.

Die pasiënt het toe gesond geword deur hierdie middele te eet en drink en dit in te adem.

As jy sien dat ek die *ngaka* hierdie middele ook inadem en eet saam met die kranke, dan doen ek dit sodat die siekte nie op my moet 'vlieg' nie.

L.17

KIDIBALO LE MANKETLWANE

VALLENDE SIEKTE EN STOKKIESHUIS-GOGGA

Manketlwaketlwane⁽⁴⁾ ke pheko ya kidibalo. E tsamaya ka kgetsana e e logilweng ka bobi ba segokgo sentle. E tsamaya e ntshitse thlogo fela. Kana manketlwaketlwane ke seboko, mme se kopangwa le *seefamaeba*⁽⁵⁾ mo karametsong ya kidibalo. Seitlhaga sa *rankurunyane*⁽⁶⁾ le mae a sona a bidiwa seefamaeba. Tlhokomela pheko tse tharo tse:

- (1) Seefamaeba le mae a sona;
- (2) Manketlwaketlwane wa thlaga;
- (3) Modi wa *Monokane*⁽⁷⁾.

Die stokkieshuis-gogga⁽⁴⁾ is 'n kragmiddel teen vallende siekte. Hy loop met 'n sakkie wat mooi geweef is van spinnerak. Hy loop met net sy kop wat uit die huisie uitsteek. Hierdie gogga is natuurlik 'n wurm, en dit word vermeng saam met die nes en eiers⁽⁵⁾ van die namakwaduif⁽⁶⁾ in die damp van inademing teen vallende siekte. Let op die volgende 3 middele:

- (1) Die nes en eiers van die namakwaduifie;
- (2) Die stokkieshuis-gogga in die grasruigte;
- (3) Die wortel van harpuijsbos.⁽⁷⁾

-
- (1) *seebana*: 'n soort herhalende vallende siekte.
 - (2) *seefamaeba*: 'n klein duifsoort. "*le sone se a idibala ge o ka se tshwara*, hierdie duif word ook 'flou' as jy hom vang."
 - (3) *Modilla*: (Pl. 462) *Asclepias fruticosa*, wilde-kapok, Watt & Breyer-Brandwijk (1962: 119) sê ook: "The Southern Sotho use scrapings from the dried stem as a sternutatory in fainting."
 - (4) *Manketlwaketlwane*: die stokkieshuis-gogga wat aan bome en ook grashalms hang.
 - (5) *seefamaeba*: is soos in die teks verduidelik word, die *ngaka*-benaming vir die nes en eiers van die namakwaduif.
 - (6) *rankurunyane*: is die namakwaduif.
 - (7) *Monokane*: *Heeria insignis*, harpuijsbos.

L 17

Jalo o a di sila-sila o di kopanye.
O bo o mo nosa o mo arametsa ka lengeta fela.

Ge e le seebana sa 'stuij', sa bana, o mo nosa *Legetla*⁽⁸⁾ bo o mo arametsa ka lona.

Le dipotsane ge di swa, di bolawa ke semêê! , o di nosa *Legetla* le go di arametsa, mme di tla fola

Legetla go tsewa modi wa lona.

Jy maal hulle almal fyn en meng hulle Jy laat hom dan daarvan drink en ook die dampe vanuit 'n (warm) potskerf inadem.

As dit kinderstuipe is, moet jy hom van die *Bulbine stenophylla*⁽⁸⁾ laat drink en die dampe daarvan laat inadem.

Ook as die klein bokkies doodgaan van aanhoudende "mêê!" te skreeu, dan laat jy hulle van die *Bulbine stenophylla* drink en laat hulle ook die dampe inadem, en hulle sal gesond word.

Van hierdie *Legetla*-plant word die wortels geneem.

L.18

KALAFI YA TLHOGO E KGOLO

(Kgatla-*ngaka* te Malolwane, in Botswana 1955. Die kommentaar by die film van R.P. se krankheid en behandeling.)

Bolwetse baagwe la pele ke, tlhogo e kgolo. La bobedi o na le pelo; pelo e e tshikinyang tlhogo.

Re ne re e rola, tlhogo eo, bokete bo bo opisang tlhogo, ka lebaka la madi a a tswang kwa pelong.

La boraro ke go khutlwa ke basetsana.⁽⁹⁾
Ke bona bo'wetse ba gagwe ba boararo.

Temogo ya malwetsi a:—

Malwetse ke a lemogile ka go a laola. Ke laotse gangwe fela, tsa wa *Morupi*⁽¹⁰⁾.
Ke go re: Moremogo'lo le Sejaro, ba tlhakotse; Pubagadi le Kgatshane di a tsama'a. Ke go re di eme ka maoto, di a tsamaya.

Lewa le, le a ntshupegetsa gore molwetse o a lwala, o lwala madi.

Ka di laola lewa la bobedi gape, tsa wa *Merêko*⁽¹¹⁾

Ka lemoga motho o gore o lwala yaana; o lwala bolwetse ba mofuta mang.

Yaanong ka laola lewa la boraro. Tsa wa *Motlhakola*⁽¹²⁾ Ka re: O khutlegile!

GENESING VAN DIE GROOT HOOFPYN

Die kommentaar by die film van R.P.

Sy siekte is. eerstens: die groot hoofpyn en tweedens het hy 'n hart; 'n hart wat die kop skud.

Ons het hom verlig, daardie kop, van die gewig wat die kop seer maak, vanweë die bloed wat van die hart af kom.

Derdens is hy deur 'meisies verongeluk'⁽⁹⁾. Dit is sy derde siekte.

Diagnosering van hierdie siektes:—

Die siektes het ek uitgeken deur vir hulle dolos te gooi. Ek het net eenmaal gegooi en hulle val toe *Morupi*⁽¹⁰⁾. dit wil sê Moremogolo en Sejaro lê onderstebo; Pubagadi en Kgatshane, loop. Met ander woorde hulle staan op hulle voete, hulle beweeg.

Hierdie valwyse toon vir my dat die kranke siek is; bloed is sy siekte.

Ek het hulle toe weer gegooi die tweede keer, en toe val hulle *Merêko*⁽¹¹⁾

Ek het toe besef op welke wyse hierdie mens siek is, dit wil sê watter soort siekte hy het.

Ek gooi toe die derde valwyse Hulle val toe: 'Omkering'⁽¹²⁾. Ek sê toe: Hy is verongeluk (deur meisies)!

(8) *Legetla*: (Pl. 483) *Bulbine stenophylla* Verdoorn L.

(9) Om te verkeer met iemand wat haar maandstondes het, en wat daardeur haar bloed na jou toe oordra.

(10) *Morupi*: Die naam van een van al die valwyses. (vgl. B. 16 B. 19).

(11) *Merêko*: 'n ander valwyse (vgl. B. 33).

(12) *Motlhako*: 'omkering', valwyse (vgl. B. 40).

L.18

Ka di laola lewa la bone. Tsa wa
Mosibi Ke go re: Phuti e mosibi.

Ka lemoga ge e le malwetse a sesana,
ke gore bolwetse ba sesadi.

Modimo o na a le: '*Lentswe le Moraro*'.
Ga ntshupa gore o na le pelo. Ke yone
e e !walang E mo opisa t!hogo. Ka be ke
feditse le ene.

Ka mmotsa gore: Ditlhako tse, a di
a aka?

A re: Tôta, o ntaotse tôta! Bolwetse
bo ntse jalo mo go nna.

Bommaagwe ba re ke mo alafe. Yaanong
ke a mo alafa. Modimo ge o tla nthusa, o
tla fola.

La pele ke ya go epa *Mositsane* (13) le
Thotamadi (14), ka e mo apela, ka e mo
nosa. *Mositsane* le *Thotamadi* ge ke di
mo nosa yana, ke gore la pele ke tle ke
ntshe madi a banyana a a leng mo go ene.

Kegore o tlaa t!hapologa, a rota moroto
o o mošibidu, o e leng wa mosetsana, jaaka
ene a tswa go robala le ene a sa nna pila,
a sa bona mosese. (15)

Kegore ene mosetsana, a senya madi
a mosimane, gore pelo yaagwe e be e
opise t!hogo yaagwe.

Dtlhare tse pedi tse, ke a di mo apela
ka metsi gore di bele, gore a di nwe, go
alafa bolwetse bo ba sesadi.

Go t!ogeng foo ka tsa'a *Phenyabanna*, (16)
ka tsaya *Thepelefsane*, (17) ka tsaya
Seretlwana, (18) ka di t!hakanya ka di apaa,
tsa butswa, ka di mo nosa, go thusa tse
pedi tsa mosetsana: ka fetsa le ene
jaanong

Ek gooi hulle die vierde val. Hulle
val toe *Mosibi*: dit wil sê die duiker
(-dolos) lê in die *Mosibi*-posisie.

Ek besef nou dat dit die siekte is
van vroumense.

Modimo (die erdvark dolos) het geval:
'*Die Woorde is deurmekaar*'. Dit toon my
toe dat hy (die pasiënt) 'n hart het (wat
siek is). Dit is hý (die hart) wat siek is.
Dit maak sy kop seer. Toe is ek klaar met
dolos gooi

Ek vra hom hierna: "Hierdie dolosse
vertel hulle leuens?"

Hy sê toe: "Werklik, jy het waarlik
vir my dolos gegooi! Die siekte is net
so in my."

Sy moeder hulle sê toe ek moet hom
dokter. En nou dokter ek hom. As
Modimo my help sal hy gesond word.

Eerstens gaan ek om *elandsboontjie* (13)
te gaan grawe en *rooikambroo* (14), en
ek kook dit vir hom, en laat hom dit
drink. As ek hom die twee middele laat
drink, is dit om eers die bloed van
meisies uit hom te verwyder.

Dit meen dat hy sal urineer, dat hy
rooi urine sal water, wat nl. die meisie
s'n is, soos wat hy by haar gaan slaap
het terwyl sy nie reg was nie, terwyl sy
nog menstrueer. (15)

Dit wil sê sý, die meisie, het die seun
verongeluk en die seun se bloed bederf,
sodat sy hart hom hoofpyn laat kry.

Hierdie twee middele kook ek vir hom
met water, deur dit op te kook, sodat
hy dit kan drink, om hierdie vrouesiekte
te genees.

Hierna neem ek toe *Indigofera*
daleoides (16), *Hermbstaedtia odorata* (17)
en *Seretlwana* (18) en meng hulle en kook
hulle totdat hulle gaar was en laat hom dit
drink om die ander twee van meisies te
help; en ek voltooi toe sy (behandeling)
so.

(13) *Mositsane*: 'omkering' valwyse (vgl. B.40).

(14) *Thotamadi*: (Pl. 23) *Jatropha erythropoda* Pax et Hoffm. rooikambroo.

(15) '*go bona mosese*': om te menstrueer.

(16) *Phenyabanna*: (pl. 260) *Indigofera daleoides* Benth.

(17) *Thepelefsane*: (Pl. 618) *Hermbstaedtia odorata* Burch. T. Cooke.

(18) *Seretlwana*:

L.18

Jaanong ke ya kwa t'ihogong Ke tsa'a *Mmilo*⁽¹⁹⁾: modi wa teng, le *Moologa*⁽²⁰⁾: modi wa teng, le *Seretlwana*, modi wa teng.

Ke a di *kgakgatha*⁽²¹⁾ ka phalo. Ke tsaa lengetana, ke di loka mo teng. Ke tsa'a tlhogo ya *tshweni*, lerapo la teng, e tonanyana, ke a le *kgekgetha*⁽²²⁾ ka phalo, ke di loka mo lengetaneng, ke a di tlhakanya.

Ke kgetla *motlhô*, ke a o loga kgari. Ke tsa'a lengetana lele, ke le isa mo mollong ke kgothetse mollo, di butswa; ke mo rwea kgari e ya motlho, ke tsa'a lengetana lele le le bollo le ditlhare tsa teng, ke mo pege mo tlhogong

Ge ke fetsa, ke a di folosa Kgari e, ke thibela gore a seke a tshubywa ke lengetana le.

Ke mmola tlhogo tselana fa gare ga tlhogo go e simolla fa *kgori kgoring*⁽²³⁾ go ya fa phatleng. Ke boa gape ke simolla fa gare ga tlhogo go lebana le tsebe tse pedi.

Ke tlhaba diphatso tse nne: ke tlhaba go tloga fa *kgori kgoring* le fa gare ga tlhogo, le go lebana le tsebe engwe le tsebe engwe gape

Yaanong ke tlhakanya mafura a nku le setlhare se se fšelang mo lengetaneng, ke sen'o se sila gore se nne boleta

Ke be ke se duba, ke mo tshase mo tlhogong, mo ditsefeng tse pedi tseo, gore molemo o tle o tsene fa ke mo phatlotseng teng.

Ke yona kalafi yot'he e nka mo lehang ka yona.

Ge tlhogo e ka pala ka kalafi é, a ka aramediwa gore a tswe mofufutso.⁽²⁴⁾ Tsotlhe ditshika tsa'agwe re tla be re itse gore di tshwanetse go tsama'a⁽²⁵⁾

Ge nka mo arametsa ke tla tsa'a matlapa a le marataro a a kana ka 'feisi' ya motho, a magakwa (a masweu) ke a besa mo mollong.

Nou gaan ek kop-toe: Ek neem die wortel van 'n mispelboom⁽¹⁹⁾ en van die *bergboegoe*⁽²⁰⁾ en die *Seretlwana*-plant.

Ek kap hulle fyn met 'n disseltjie. Ek neem 'n potskerf en sit dit daarin. Ek neem die kop van 'n *bobbejaan*, die been (skedel) van 'n mannetjie, en kerf dit fyn met die disseltjie en plaas dit in die potskerf en meng alles.

Ek pluk *kweekgras* en vleg dit in 'n stutring. Ek neem daardie potskerf en sit dit op die vuur en roer die vuur aan, sodat alles kan gaar word; ek sit hierdie ring van kweekgras op sy kop en neem daardie warm potskerf met die 'medisynes' daarin en sit dit op sy kop.

As ek klaar is, haal ek hulle af. Die stutring gebruik ek om te keer dat hy nie gebrand moet word deur hierdie potskerf nie.

Ek skeer vir sy kop 'n paadjie in die middel van sy kop, beginnende in die *kuiltjie*⁽²³⁾ tot op die voorkop. Ek begin so weer in die middel van die kop in lyn met die twee ore.

Ek sny dan vier snytjies: ek begin sny by die *kuiltjie*, en weer in die middel van die kop en regoor die een oor en ook die ander oor.

Nou meng ek skaapvet met die verkoalde medisyne in die potskerf, nadat ek dit fyn gemaal het tot 'n fyn poeier.

Vervolgens meng ek dit en smeer dit aan sy kop, op daardie twee paadjies sodat die medisyne kan ingaan waar ek hom gekerf het.

Dit is die hele behandeling waarmee ek hom kan probeer (genees).

As die kop nie met hierdie behandeling wil genees nie, kan (mens) hom wasem laat intrek sodat hy sweet⁽²⁴⁾. Ons sal dan weet dat al sy are sal loop.⁽²⁵⁾

Indien ek hom sou laat wasem intrek, sal ek ses wit kwartsiet klippe neem so groot soos 'n mens se vuis en hulle in die vuur 'braai' (baie warm maak).

(19) *Mmilo*: (Pl. 311) *Vangueria cyanescens* Robyns, mispel.

(20) *Moologa*: (Pl. 422) *Croton gratissimus* (Prain) *bergboegoe*.

(21) *kgakgatha*: in klein stukkies te kap met 'n handdisseltjie (*phalo*).

(22) *kgekgetha*: wisselvorm vir *kgakgatha*, om in stukkies te kap.

(23) *kgori kgori*: die *kuiltjie* agter waar die kop aan die nek kom.

(24) *go arametsa*: 'n algemene gebruik by *dingaka* om 'n pasiënt toe te maak met 'n paar komberse en velle en 'n pot met kookwater met kruie daarin, of soos hier vuur-warmklippe met water daarop, onder die komberse te hou om die pasiënt sy siekte te laat uitsweet.

(25) die are moet skoon en oop wees, sodat die bloed behoorlik kan vloei.

L.18

Ge ke sen'o a besa, ke tsa'a *motlho*, ke tsa'a *Kgopo*(26) ke epa mosima, ke lokela di'o tso tsothhe tseo f'o dimo mmogo le byang boo.

Ke mo tsisa fa, ke tsa'a kobo. Ke mo ra'a ke re a kotame. Ke tshela metsi ka iketlo, gore ke be ke utlwe gore letlapa lengwe le tshwere metsi, le re: tšhrrrr!

Bollo bo ba teng bo tsena mo meleng wa gagwe, ke mo apesitse kobo gore a seke a tsenwa ke mowa.

Ge a re: "Ke a fsa! " ke tla ne ke le apola go le gonyenyane, gore bollo boo bo fedisege bo timolloge Mme o tlaa tswa metsi a le mantsi Tlhogo ya'agwe e tla fola.

Mme le gona, ge e sa nne botoka mo tlhologong, ke tla tsa'a *Monnamontsho*(27) ke mo fisè, a o sunetsa, mosi wa teng.

Ke tla mo tseela *Mosimane-a-ralentswana*(28) mme o tlaa ba a ithimola. Ke tla tsa'a *Mogapu*(29) ke mo apela mmogo le *Mohubu*(30) le *Tshika-di-thata*(31)

O tlaa thuba, ke go re: a ya kwa nageng. O tlaa fola.

Ge tlhogo e ntse e opa e diriswa ke pelo, ke sa bolo go e leka go e alafa Ke tla bona gore bogolo nka mo tlhatsisa. Mme go mo tlhatsisa ke tiro e tona thata, kagobane re a be re mo dira 'operation' ya Setswana, ekete re mmua. Go a re ruta gore re a be re mmua ka gore o ka re o mo tlhatsisa a swa.

Yaanong setlhare ke *Mathubadifala*(32). Re batla phatsa ya *Moretwa* re a e tlhokotsa, re e tlhabe mo gare ga *Mathubadifala* e ese e epollwe. Ke yona e ke mo tshwarang ka yona. Ke itse go se epa ke sa se tshware ka seatla.

Nadat ek hulle goed warm gemaak het, neem ek *kweekgras* en *Commelina*(26), gawe 'n gat en sit al daardie goed bo-op (die klippe), asook die kweekgras.

Ek bring hom hiernatoe en neem 'n kombers. Ek sè aan hom dat hy moet hurk. Ek gooi versigtig water op, totdat ek hoor dat die een klip water kry en 'tšhrrrr! sè.

Hierdie hitte daarvan gaan in sy liggaam in, nadat ek hom met die kombers toegemaak het sodat hy nie 'n trek kry nie.

As hy sè: "Ek brand! " sal ek die kombers so 'n bietjie wegneem, effentjies, sodat daardie hitte kan opraak, bietjie minder word. Baie water (sweet) sal uit hom kom. Sy kop sal gesond word.

En verder, as dit nie beter word nie in sy kop nie, sal ek *rooistorm*(27) neem en brand, sodat hy die rook daarvan kan intrek (deur sy neus).

Ek sal vir hom 'n *plakkie*(28) kry, en hy sal nies. Ek sal van die *Mogapu*-plant(29) neem en vir hom saam met *Cyphostemma*(30) en *Lasiosiphon kraussianus*(31) kook.

Hy sal 'oopbreek', dit wil sè hy sal ope lyf hê. Hy sal gesond word.

As die kop nog seer bly word dit veroorsaak deur die hart, nadat ek nou lank probeer het om dit te genees. Ek sal sien dat ek hom liewers kan laat braak. Maar om hom te laat vomer is 'n ernstige saak, aangesien ons op hom 'n 'operasie' uitvoer op Setswana wyse, net asof ons hom oopsny. Ons kom tot die gevolgtrekking dat ons hom oopsny daar mens hom kan laat opgooi totdat hy doodgaan.

Die plant is *poeierkwas*(32). Ons soek 'n *rosyntjebos*-stok en maak dit skerp en steek dit in die poeierkwas-bol voordat dit uitgegrawe word. Daarmee hou ek (die bol) vas. So sal ek dit kan uitgrawe sonder om met die hand daaraan te vat.

(26) *Kgopo*: (Pl. 157) *Commelina albescens* Hassk.

(27) *Monnamontsho*: (Pl. 412) *Cadaba aphylla* Thumb. wilde rooistorm, swartstorm.

(28) *Mosimane-a-ralentswana*: (Pl. 8) *Cotyledon* sp. Tvl. plakkie.

(29) *Mogapu*:

(30) *Mohubu*: (Pl. 442) *Cyphostemma puberulum* (C.A. Sm.) Wild & Drummond.

(31) *Tshika-di-thata*: (Pl. 148) *Lasiosiphon kraussianus*.

(32) *Mathubadifala*: *Haemanthus* pr. *coccineus*, poeierkwas.

L.18

Ke be ke se epolle ke ntse ke sa se tshware ka seatla. Seatla same ke phatsa. Mme moriti waaka o seke wa wela mogo sone, ka ke tla be ke se sentse.

Ge ke sen' o se epolla ke a se *photla*(33) ka thipa gore go sale kgaragana ya teng fela.

Yaanong ke tla batla mafsi. Ke ba ra'a ba mpha 'põtswana'. Ke se *tlhadia*(34) ka mafsi, mme se ntse se le ka phatsa é. Ke se tlhoma ka fa teng ga 'potwana', go fitlhella se be se butswa. Ke be ke se thatlola ke be ke se inola sentse se le ka phatsa e, ke be ke tshella mafsi ale mo selong, a nwa a ba a tlhatsa.

O tla tlhatsa lefulo, mme ge Modimo o rata, o tla fola.

Ge a sa tlhatse ka pele, ke epa *Motlapatlapa* (35) ke a o sega ke sen' o o tlhaba ka phatsa ya *Moretlwa*. Ke a o kgobola ka thipa, ke be ke se isa fa dinkong tsa gagwe. Mme e tla re fela ge a se bona se tswa mafsi yaana, o tla tlhatsa ka bonako.

Mathubadifala, ge se ka mo tlhatsisa, ke a se tsaya ke yo se ba'a ke se fitlha morago ga ditlhatsana mo mabyang. Ke gore se tli lo lala se tsewa ke dilo tse di tshwanang le dimpsa, ka gore se nkg a mafsi.

Ke gore ke badimo. *Badimo ba tsama'a mo lefatsheng ba tsentse meoya ya bona mo dibataneng tse di sêlang, jaaka bophiri le bophokobye.*

Go thusa *Mathubadifala* jaaka ge a na a tlhatsisa, re tsa'a *Ntige*(36) le *Mogôtlhô*(37) re a di tlhakanya. Re a di mo apela, a nwi a ba a fole.

Ek grawe dit uit terwyl ek steeds nie daaraan raak nie. 'My hand is die stok'. En ook moet my skaduwee nie daarop val nie. daar ek dit so sal bederf.

Nadat ek dit uitgegrawe het maak ek dit met 'n mes *skoon*(33) sodat slegs die bol oorbly.

Nou neem ek melk. Ek sê aan hulle om vir my 'n 'potjie' te gee. Ek *kook* dit *mel*(34) melk maar terwyl hierdie stok nog daarin steek. Ek plaas dit binne in die potjie totdat dit gaar is. Dan haal ek dit van die vuur af en haal (die bol) uit terwyl die stok nog daarin steek, en ek gooi die melk in iets; hy drink dit en gooi dan op.

Hy sal skuim opbring, en as Modimo wil, sal hy gesond word.

As hy nie gou opgooi nie, grawe ek 'n *Ammocharis*-bol(35) en ek sny dit nadat ek dit met 'n *rosyntjebos*-stok gestee het. Ek krap dit skoon met 'n mes, en hou dit voor sy neus. Net sodra hy dit sien terwyl die melk so daaruit kom, sal hy sonder meer opgooi.

As die *poeierkwas*-bol hom laat opgooi, neem ek dit en gaan sit dit weg, en ek gaan sit dit agter die bossies in die gras. Dit wil sê dit sal die nag daar lê en deur goed weggeneem word soos honde, aangesien dit na melk ruik.

Dit wil nl. sê dis die voorvadergeeste. *Die voorvadergeeste wandel op die aarde deurdat hulle hul geeste in roofdiere plaas wat (kos) optel, soos die wolwe en die jakkalse.*

Om die *poeierkwas* te help, soos wat hy daardeur opgegooi het, neem ons *Ntige* en *kameeldoring*(37) en meng hulle. Ons kook dit vir hom, hy drink en word gesond.

(33) *photla*: om met 'n mes af te skraap, skil, skoonmaak.

(34) *tlhadia*: om iets met water, melk, ens. te kook.

(35) *Motlapatlapa*: (Pl. 65) pr. *Ammocharis coranica* Herb.

(36) *Ntige*:

(37) *Mogotlho*: (Pl. 411) *Acacia giraffae* Burch. kameeldoring.

L.19

TLHOGO E KGOLO

(Matebele-*ngaka* wat tussen Kgatla woon te Dikgatlong, Botswana. 1953)

Motho o o bolailweng ke tlhogo e kgolo, o alafywa ka *Tallapoa*⁽¹⁾. O tsa'a modi wa teng o se segelle mo lengeteng la Setswana, o bo o tsa'a metlang ya teng o 'ira kgari ka yona, o bo o mmee kgari mo tlhogong.

O bo o tsa'a magala o a tshella mo lengetaneng, o tshelle modi mo teng. O bo o bea lengeta mo'dimo ga kgari e. Ge a utlwa tlhogo e thutufala, a go bolelle, o bo o tsaya lengetana le sentle ka boiketlo o le baya fatshe. Ke go re: o mo rola tlhogo e tona. A ba a sikamisa tlhogo, a diga kgari.

O bo o tsee setlhare se se tswang mo magaleng, o se sile bopi o bo o mo tlhabe sefapaano mo tlhogong, ntlha tsoo-nne. Kamoso o tla bo a fodile.

DIE 'SWAAR' HOOPFYN

Iemand wat 'n swaar hoofpyn het, word behandel met duiwelsdis⁽¹⁾. Jy neem van die plant se wortel, en kerf dit in 'n kleipotskerf. Nou neem jy van die ranke van die plant en maak daarvan 'n krans, (pot-stut) en sit dit op haar kop.

Vervolgens neem jy (gloeierende) kole en gooi hulle in die potskerf, en gooi die (gekerfde) wortel daarop. Jy plaas die potskerf bo-op die potstut. As sy voel dat haar kop warm word, moet sy vir jou sê, en dan haal jy die potskerf versigtig af en sit dit neer. Dit beteken: jy lig die groot kop (-seer) van haar af. Sy moet haar kop kantel en die kransie afgooi.

Hierna neem jy die verkoolde plant in die potskerf, verpoeier dit, en maak vir haar 'n kruis op haar kop deur hierdie poeier op 4 plekke in te kerf. Die volgende dag sal sy gesond wees.

L.20

TLHOGO E KGOLO

Tlhogo e kgolo ke bolwetse bo bo tsenang mongwe le mongwe. Botsenwa ke ditshika tse di sa phelang sentle: tsa matlho le tsa ditsebe.

Ge motho a thunya tsebe, re fitlhela bokoa ba ditshika. Le matlho jalo.

Kalafi ya teng ke *mafura a tlhapi* kgotsa a noga e e bidiwang *phika*.⁽²⁾

Motswako ke pheko e e bidiwang *Legetla*⁽³⁾, le pheko e e bidiwang *Mollwana*⁽⁴⁾. Di sebedisiwa le *thethele*⁽⁵⁾. *Thethele* ke seboko sa lesaka. Di tlhakangwa ka go di remela.

Tse dingwe tsa tsona o di rwala ka lengeta mo tlhogong gore bollo ba tlhogo bo kopane le ba lengeta.

DIE GROOT HOOPFYN

Die groot hoofpyn is 'n siekte wat elke mens kan oorval. Dit word veroorsaak deur die are wat nie goed funksioneer nie: dié van die oë en dié van die ore.

As iemand oorpyn kry, vind ons dat die are swak is. En die oë net so.

Die behandeling hiervoor is die vet van 'n vis of van 'n slang wat *phika*⁽²⁾ genoem word.

Die toevoegsel is 'n kragmiddel nl. *Bulbine stenophylla*⁽³⁾, en ook die *Mollwana*-plant⁽⁴⁾. Hulle word saam met *thethele*⁽⁵⁾ gebruik. *Thethele* is die miswurm wat in die beeskraal gevind word. Hulle word vermeng deur hulle saam fyn te kap.

'n Deel daarvan plaas jy in 'n potskerf op die kop (van die pasiënt), sodat die hitte (koorsigheid) van die kop kan verbind met die hitte van die (warmgemaakte) potskerf.

(1) *Tallapoa*: (Pl. 553) *Dicerocaryum zanguebarium* (Lour.) Merrill, duiwelsdis.
 (2) *phika*: 'n slang waarvan al die *dingaka* praat: lyk soos 'n mamba, net groter en vinniger met rooi oë en seil blitsvinnig met die voorste helfte regop van die grond af gelig.
 (3) *Legetla*: *Bulbine stenophylla* Verdoorn.
 (4) *Mollwana*: plant-naam, beteken: klein vuurtjie.
 (5) *thethele*: hier 'n miswurm. Die naam word ook algemeen gebruik vir *Urginea burkei*, ook bekend as Sekanami, slangkop.

L.20

O gotsa mollo, o bo o baya lengeta mo teng ga leiso le mollo. Le nna bollo bo bo lekanyeng go le rwala mo tlhogong. Fela, se se leng teng, o seke wa sega motho ka thipa, gobane motho o ka seka a fola pila. Bo ka didimala, ba boa gape, a lwala.

O tshwanetse go *logetsa*⁽⁶⁾ ditsebe le matho ka *theko*⁽⁷⁾ ya noga le tlhapi, o tswakantswe le mafura a seboko sa lesaka se se bidiwang: thethele.

Jy maak 'n vuur, en plaas die potskerf bo op die vuurmaakplek en die vuur. Dit word net warm genoeg sodat die kop dit kan verduur. Wat belangrik is, is dat jy nie die pasiënt moet sny (vir bloeding) met 'n mes nie, want dan sal hy nie mooi gesond word nie. Die hoofpyn kan bedaar, en kom net later weer terug en maak hom siek.

In die ore en oë moet jy drup: die gesmelte vet van die slang of vis, wat vermeng is met die olie (vet) van die wurm uit die kraal wat thethele genoem word.

L.21

TLHOGO E KGOLO

(Kgatla-ngaka van Saulspoort, Tvl. 1965)

Tlhogo e kgolo, ke gore tlhogo e e lwalang, e opetse pele e sa fe nako.

Jalo ke *rola* (8) tlhogo e kgolo ka go e alafa ka pheko tse pedi fela, le seboko sa *motsutelo*⁽⁹⁾ wa dikgomo.

Seboko se bidiwa *thethele*⁽¹⁰⁾ sa *mosutele*.

Dipheko tsa teng ke: *Legetla*⁽¹¹⁾ la setlhare le pheko e e bidiwang *Mollwana*⁽¹²⁾.

Mmolwana o a fisa go feta Mmabatsane⁽¹³⁾, mme o ka kgobola letlalo la motho ge o ka lala mo ene.

Ke gore nka mmofella Mollwane mo tlhogong 'ire' kampo tse pedi mme o tla bo a fsele mmala o montsho.

Mme e na le matla go goga botlhoko.

Thethele e bonolo ka e phela ka moroto wa dikgomo. E nna mo sakeng kwa tlase ga mosuteli. Mo mothong e goga⁽¹⁴⁾ botlhoko bole.

DIE GROOT HOOFPYN

Die groot hoofpyn beteken dat die kop seer is, en aanmekaar seer bly sonder enige onderbreking.

Nou haal ek (die las) van die kop af⁽⁸⁾ deur dit te behandel met net twee middele en die beesmiswurm.⁽⁹⁾

Hierdie wurm word '*Thethele*'⁽¹⁰⁾ van die mis genoem.

Die kragmiddele wat daarby kom is: *Bulbine stenophylla*⁽¹¹⁾ en die middel *Epaltes gariiepina* (klein vuurtjie)⁽¹²⁾ genoem.

Die *Epaltes* brand erger as 'n *brandnetel*,⁽¹³⁾ en dit is in staat om 'n mens se vel te laat afdop as dit 'n naglank op hom sou bly.

Dit beteken dat ek hierdie 'klein vuurtjie' om sy kop kan bind vir 'n uur of twee, en dit sal hom 'n swart streep brand.

Maar dit is kragtig om die pyn uit te trek.

Die *thethele*-miswurm is saggeaard aangesien hy net van die beeste se urine lewe. Hy woon in die beeskraal onder die mis. Op 'n mens trek hy daardie pyn uit.⁽¹⁴⁾

(6) *logetsa*: om iets in oë of ore te drup (ook Brown).

(7) *theko*: ke mafura, die olie verkry van slang of vis vet.

(8) *rola*: om van die kop af te lig.

(9) *motsutelo*, *mosuteli*: beesmis in 'n kraal.

(10) *thethele*: miswurm uit die beeskraal.

(11) *Legetla*: (Pl. 483) *Bulbine stenophylla* Verdoorn.

(12) *Mollwana*: (Pl. 644) *Epaltes gariiepina* (D.C.) Steetz.

(13) *Mmabatsane*: *Urtica* sp. brandnetel.

(14) die *miswurm* word geplaas op 'n kaalgeskeerde kruis op die kop waar kerfplekke is, dan suig hy die bloed uit.

L.21

Se a phela, jaaka molwetsi o, mme re tshwanetse go se tihakanya le setlhare se, gore le ene a kgone go phela.

MADI A NGOPE

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl. 1965)

Madi a magolo a a bidiwang *ngope*⁽¹⁾, a alafiwa ka *kgaga*⁽²⁾ le madi a yona, ka mokgwa wa karametso.

Maekgetha⁽³⁾ a ditlhare ke:

Modubu⁽⁴⁾, *Motlhakola*⁽⁵⁾
Mosunyana.⁽⁶⁾

Mosi wa mosunyana o ka idibatsa motho ge a ka o aramela thata.

Re tsaya medi ya tsona, re a tihakanya le madi a kgaga.

Jalo tshidi ya tsona re e jesa molwetse yo a bolawang ke *ngope*.

Go tswa ga madi a *ngope*, re a emisa ka kgaga le madi a yona.

Motswako o mogolo wa maekgeta a ditlhare ke *mositaphala*⁽⁷⁾. Re o tsenya mo karametsong, gore o site madi go tswa ge re mo arametsa ka kgaga le mositaphala. O tla ne a ithimola a tswa madi, mme a rothela mo phekong e a e aramelang.

Die wurm leef, net soos hierdie kranke, maar ons moet dit meng met hierdie ander middel sodat die kranke ook weer (normaal) kan lewe.

L.22

BLOEDING

Die 'groot bloeding' wat *ngope*⁽¹⁾ genoem word, word behandel met 'n *ietermago*⁽²⁾ en sy bloed, deur damp-inademing.

Die medisynes wat ingeadem moet word,⁽³⁾ is:

die *vaderlandswilg*⁽⁴⁾, 'n soort *gwarriebos*⁽⁵⁾ en die *haak-en-steek*⁽⁶⁾-doring.

Die rook van die haak-en-steek kan iemand laat flou word as hy dit te kwaai intrek.

Ons neem hulle wortels en meng hul met die bloed van die ietermagog.

Die verkoolde poeier daarvan moet die pasiënt wat ly aan bloeding eet.

Hierdie bloeding laat ons ophou met die ietermagog en sy bloed.

Die groot toevoegsel van die medisynes wat ingeadem moet word is die (gestrepte) *honderdpoot*.⁽⁷⁾ Ons plaas hom ook in die ademmiddele, om te help keer dat die bloed nie uitkom nie as ons hom die ietermagog en honderdpoot laat inadem. Hy sal aanhoudend nies, en bloed laat uitkom, en dit sal drup op die kragmiddel wat hy inasem.

(1) *ngope*: die bloeding van die neus, mond of keel.

(2) *kgaga*: ietermagog.

(3) *maekgetha*: ke ditlhare tsa karametso: die medisynes wat ingeadem moet word.

(4) *Modubu*: *Combretum glomeruliflorum*, vaderlandswilg.

(5) *Motlhakola*: *Euclea multiflora* Hiern. soort gwarriebos.

(6) *Mosunyana*: *Acacia* (litakunensis) heteracantha, haak-en-steek.

(7) *mositaphala*: die rooi- en groen-gestrepte honderdpoot wat in die gras is en deur 'n rooibok se neus tot in sy brein deurdring en hom doodmaak.

L.22

Re tliilo a tsa'a aotlhe re a sila boleta
ka e le tshidi mo lengetaneng, re be re mo
sunetsa le go mo jesa tshidi eo mo dijong
tsotlhe tse a tla di jang, le mo metsing, mme
o tla ba a folla ruri.

Mositaphala o bolaya phala, ka go e
tsena ka nko ge e fula, e be e tsenella ka
kwa bokong, e be e ja boko bo, go fitlhela
e be e swe.

Ge o ka e fitlhela o e *arela*⁽⁸⁾, o tla
fitlhela mositaphala o le teng o ntse o
phela.

Le podi kampo nku e a tle e bolawe
jalo ke mositaphala.

Kgaga ge re e tsaya e le pheko ya ngope,
ke go re ga e nke e tswa madi. Ge e tswa
madi, ke go o e thubile tlhogo. Madi a
yona a tliilo tswa mo nkong fela; gape e a
gonyela⁽⁹⁾ ge e go bona. Mme ngope, re
batla gore madi ao le one a gonyele, a
eme.

Ge a ka tswa madi mo dinkong, mme
ditaola tsa supa gore ke mokgwa wa go
loiwa, ke tliilo mo alafa ka madi a
phuduhudu, sebeta sa yona.

Ke gore: *phuduhudu* e ka siana 'dimaele'
di le 10 e somoga ditlhakwana, mme e sa
lape.

Kegore mokgwa wa yona, e kapele!
Kana o ka tsama'a mo nageng o sa e bone,
e be e re: "Bupp! " e tshosa wena!

Phuduhudu ke moleko o o kapele, jalo re
alafa moleko ka yona.

Ons neem dit alles, maal dit fyn,
aangesien dit reeds verkoolde poeier
is in die potskerf, en ons laat hom dit
opsnuif en laat hom die poeier ook eet
in al die kos wat hy sal eet, en ook in
die water, en hy sal dan volkome genees.

Hierdie honderdpoot maak 'n
rooibok dood, deur in sy neus in te
gaan as hy vreet, en daarvandaan gaan
hy dieper in tot by sy brein, en eet
daardie brein totdat hy doodgaan.

As jy hom sou aantref en oopsny⁽⁸⁾,
sal jy die honderdpoot nog lewendig
binne-in vind.

Selfs 'n bok of skaap word soms so
doodgemaak deur die honderdpoot.

As ons die *ieternagog* neem as
kragmiddel teen bloeding, is dit omdat
daar nooit bloed uit hom kom nie.
Bloed sal slegs uitkom as jy sy kop
verbrysel. Sy bloed sal net by sy neus
uitkom; ook het hy die manier om sy
kop in te trek⁽⁹⁾ as hy jou sien. En
hierdie bloeding wil ons hê moet ook
so 'kopintrek' en ophou bloei.

As daar bloed by sy neus uitkom, en
die dolosse sou wys dat dit vanweë
towery is, sal ek hom behandel met
die bloed van 'n *steenbok* dit wil sê
met sy lewer.

Die rede is: 'n steenbok kan 10 myl
ver hardloop en selfs sy kloutjies kan
losskeur, maar hy sal nie moeg word
nie.

Dit wil sê sy geaardheid is, hy is
vinnig! Jy kan bv. in die veld loop en
hom nie sien nie, en dan sê hy net
"Bupp! " en hy maak jou skrik.

Die steenbok is 'n haastig kragmiddel,
daarom gebruik ons hom om toordery
te genees.

(8) *arela*: oopsny en ondersoek.

(9) *gonyela*: die kop terugtrek soos 'n krimpvarkie of skilpad.

L.23

**NGÔPÊ:(1) KE GORE BOLWETSE
BA MADI.****AANHOUDENDE BLOEDING
D. W. S. BLOED SIEKTE(1)**

(Tlokwa-*ngaka* van Gaborone, Botswana. 1955)

Ge ke bileliwa motho a bolawa ke ngope,
ke tsaya *kgaga*, dikgapetla tsa teng le madi
a yone a a bopilweng ka mmu.(2)

Gape ke tsaya *Mogoke* ke gore:
Bogoma(3) gape ke tsaya *Morokoroko*(4)
gammogo le nkgothu wa *Mosu*(5).

Ke tla kwa molwetseng ke di kgethile,
ke gore ke di remeletse.

Ke batla lengetana, ke di tshegetsa mo
mollong gore di kuelle. Re a tthatlhosa
ge di kuella, re ya go mo arametsa ka
dikobo. Di ya tima, re sila tshidi e ya
tsona.

Ka tshidi re mo thaba ditokollo tsotlhe,
re mo tshase ka tshidi e. Mo mantsiboya
molwetsi ge a robala o tlo diwa ka tshidi
ële, e dubilwe ka sereledi. Gape re a e mo
jesa entse e le yona tshitlho eo.

Yaanong ke kgonne go e emisa, madi
ao. Ke gore o a fola.

Ge re tshepile *kgaga* mo bolwetseng bo
ba ngope ke gore *kgaga* e boi thata. Ge
e ka go bona, e a hunyela(6).

Yaanong molwetse o, ge re mo alafa
ka *kgaga*, madi a gagwe a boifa a *kgaga*;
a go e *gotsa*.(7) Kegore madi a gagwe a
eme a *gotsa* a *kgaga*.

As ek geroep word vir iemand wat
ly aan tandvleisbloeding, neem ek 'n
ietermagog, sy skubbe en sy bloed wat
in 'n klont gedruk is met grond.(2)

Ook neem ek *Setaria sphacelata*(3);
verder neem ek *Pollichia campestris*(4)
saam met die *rooi gom* wat afdrup van
'n *haak-en-steek*(5).

Ek sal na die pasiënt gaan nadat ek
dit fyngekap het (met 'n handbeiltjie).

Ek soek 'n potskerf, en hou hulle
(daarmee) oor die vuur gestut sodat
die rook uit hulle kan trek. Ons neem
hul van die vuur af sodra hulle begin
rook en daarna gaan ons hom met
die komberse laat sweet. Hulle koel
af en ons maal hierdie roet van hulle.

Met die poeier kerf ons al sy lede-
mate in, en vryf die poeier vir hom in.
In die aand as die kranke gaan slaap
word hy ingevryf met daardie poeier
wat gemeng is met room. Ook laat
ons hom dit eet, nl. daardie poeier.

So kry ons dit reg om daardie bloed
te laat stilstaan (stol). Dit wil sê hy is
gesond.

As ons so veel op die *ietermagog*
vertrou in hierdie siekte van tandvleis-
bloeding is dit omdat die *ietermagog*
so skugter is. Sodra hy jou sien trek
hy terug.(6)

As ons hierdie kranke dokter met
'n *ietermago*, is sy bloed bang vir die
bloed van die *ietermago*; dit gaan
net so word.(7) Dit wil sê sy bloed
gaan staan omdat dit geword het soos
dié van die *ietermagog*.

-
- (1) *ngope*: die aanhoudende bloei van die tandvleis en neus, wat veral by natuurlike voorkom.
 - (2) *madi le mmu*: bloed wat op die grond geval het, kan met grond en al in 'n klont gedruk word vir gebruik.
 - (3) *Bogoma*: (Pl. 40) pr. *Setaria sphacelata* (Schum) Stapf. & Hubb.
 - (4) *Morokoroko*: (Pl. 349) *Pollichia campestris* Ait.
 - (5) *Mosu*: *Acacia tortilis* Forsk. Hayne subsp. *heteracantha*, haak-en-steek.
 - (6) *hunyela*: soos 'n skilpad sy kop intrek. Met die naboetsingsmagie moet die bloeding van die kranke ook 'n kop intrek'.
 - (7) *gotsa*: om te word soos, na te aap.

L.24

NGOPE(1)

TANDVLEISBLOEDING(1)

(Teks gedikteer deur evangelis van die N.G. Sendingkerk, Saulspoort, Tvl. 9.6.1962)

Bolwetse ba ngope bo alafiwa ka: *matlalo* a mabedi a *kgaga*, le *madi* a yona, le fa a tshologile fa fatshe. Ge go sena madi a *kgaga*, o tsaya madi a khudu ya metsi, ba re *kgapantlheng*.⁽²⁾

Die siekte van tandvleis- en neusbloeding word genees met: twee *skubbe* van 'n *ietermagog* en sy bloed, selfs al het dit op die grond gestort. As daar nie ietermagogbloed is nie, neem jy die bloed van 'n waterskilpad.⁽²⁾

Jaanong o epa modi wa *Mokokwele*⁽³⁾ le modi wa *Mokhukhu*.⁽⁴⁾ Dilo tse o di remela mo phatheng ka phalo. O bo o mo arametsa.

Nou grawe jy die wortels van *Bridelia mollis*⁽³⁾ en die wortels van *Mokhukhu*.⁽⁴⁾ Hierdie goed kap jy fyn op 'n vel met 'n handpikkie. Daarna laat jy hom daarmee sweet.

Ge go le mafura a phepa a nku, tshidi e ya teng ge e sitswe e le boleta, o e tsaya ka monwana, o mo gotlha mo menong.

As daar skoon skaapvet is, neem jy die fyngemaalde poeier van die verkoolde medisyne, met die vinger en vryf sy tande daarmee.

O tsaya modi ole wa *Mokokwele* le modi ole wa *Mokhukhu*, o e bofa setlhôtswanyana, o a e apaya, o mo nosa jaaka kôfi, le ge e le kopi e sa tlala.

Jy neem daardie *Bridelia*-wortel(s) en daardie *Mokhukhu*-wortel(s) en bind hulle in 'n bondeltjie en kook hulle en laat hom (die aftreksel) drink soos koffie, sê maar 'n koppie byna vol.

Yôna tshidinyana e o e tshella mo bogobeng ge a ja. A ka fola ka pela: mo malatsing a mabedi a mararo.

Daardie poeiertjies gooi jy op pap as hy eet, Hy sal spoedig gesond word; in twee dae of in drie.

Nna ka nosi ke kile ka leka ka 1923 kwa Rhenosterkraal. Ka alafa ngwana wa sekolo. A folla ruri go fitlhela kajeno. Ke mosadi, o na le bana.

Ek self het probeer in 1923 te Rhenosterkraal. Ek het 'n skoolkind genees. Sy het heeltemal gesond geword, tot vandag toe. Sy is (nou) 'n vrou, en het kinders.

L.25

GE MOTHO A TSWA MADI

AS IEMAND BLOEI

(*Motlhako*-ouderling en 'poenskop'-ngaka, dus kruiedokter' in Botswana. 1952)

Ge motho a tswa madi ka dinko bakeng la bolwetse, ke epa modi wa *Monokane*⁽⁵⁾ le wa *Moretlwa*⁽⁶⁾. Ke a di sila, ke be ke di tlhakanya. Ke molemo wa madi, kampo madi a ngope.

As iemand se neus bloei as gevolg van siekte dan grawe ek van die wortels van die *rapuisboom*⁽⁵⁾ en van die *rosyntjebos*⁽⁶⁾. Ek maal hulle fyn en meng hulle. Dit is 'n middel vir die bloed, of selfs vir aanhoudende neusbloeding.

(1) Hierdie evangelis weet niks van die vorige teks nie.

(2) *kgapantlheng*: klein waterskilpad met skewe nek.

(3) *Mokokwele*: (Pl. 141) *Bridelia mollis* Hutch.

(4) *Mokhukhu*:

(5) *Monokane*: (303) *Ozoroa insignis* Del. rapuisboom.

(6) *Moretlwa*: *Grewia flava* rosyntjebos.

L.25

Kampo motho a pšhega madi ka marago, o tla apa'a bogobe bo bo metsi o tshelle mo mogopong. O bo o tsee bupe bo ba Monokane le Moretlwa, o bo dire sefapaano mo bogobeng, o bo fuduwe, o jese molwetse. Modimo ge o rata, o tla tsoga.

Ge ke tshella bope sefapaano, ke gore ke dira gore madi a fapane, a sa tlhola a tswa ka tsela e a neng a tswa ka yona, a eme.

Of as iemand bloed ontlas kook jy waterige pap en gooi dit in 'n bord. Jy neem nou van hierdie rapuisboom- en rosytjebospoeier en strooi dit in 'n kruis op die pap, en roer dit om en laat die kranke dit eet. As Modimo wil sal hy gesond word.

As ek die poeier in 'n kruisvorm strooi, doen ek dit sodat die bloed kan kruis en nie meer uitgaan waar dit uitgegaan het nie maar gaan staan.

L.26

GO EMISA MADI

Pheko ya madi a a tswang mo mothong ka bopele kgotsa ka marago, a a tswang ka go fisa kapa ka botlhoko; kalafi ya teng a kgonwa ke pheko e e bidiwang Mokhukhuthau⁽¹⁾, ka go e apaya le go e nwa gararo ka letsatsi ka kopi, pele ga go ja dijo.

O tlhatswa madi a kafateng ga mala.

Gape *Mokhukhuthau*: o *thulega*⁽²⁾ motho ka ona. Motswako wa yona ke *Sekaname*.⁽³⁾

Ge o thulega motho, tekanyo ya teng ke 'quarter of a gallon'.

Itse gore o lekantse go tlhatswa mala. Mme o mo thulege gabedi ka beke fela.

Ge madi a tswa ka matlho kgotsa ka ditsebe, itse gore ke diso, Jalo sila *selaole*⁽⁴⁾, o se sefe pila, o se tshelle mo teng ga matlho gararo ka letsatsi, marothodi a la mararo ka gangwe mo teng ga ditsebe.

O tlhatswa ka *lesiba*⁽⁵⁾ la kgogo gararo ka letsatsi.

OM DIE BLOED TE LAAT STOL.

'n Kragmiddel vir die bloed wat voor of agter uit 'n mens kom en wat brand of pyn veroorsaak, die genesing daarvan kan bewerkstellig word met die middel wat *Triumfetta*⁽¹⁾ genoem word, deur dit te kook en 'n koppievol daarvan drie maal per dag te drink voor ete.

Daardeur reinig jy die bloed binne in die maag.

Ook kan hierdie plant gebruik word as 'n enema.⁽²⁾ Dit word versterk deur die bolplant: slangkop.⁽³⁾

As jy iemand 'n enema gee, dan neem jy 'n kwart gelling van hierdie middel.

Jy weet dat jy genoeg geneem het om die maag uit te spoel. Maar jy moet hom net twee enemas per week gee.

As die bloed by sy oë of ore uitkom, moet jy weet dat dit sere is. Maal nou van die Lantana-plant⁽⁴⁾ en sif dit goed deur en gooi dit drie maal per dag in die oë of drie druppels op 'n keer in die oor.

Jy moet die oor 3 maal per dag uitwas met 'n hoenderveer.⁽⁵⁾

(1) *Mokhukhuthau*: *Triumfetta* sonderi Fic. + Hiern.

(2) *thulega*: om 'n 'enema' te gee, destyds met 'n beeshoring as tregter.

(3) *Sekaname, Thetheli*: *Urginea burkei*, slangkop.

(4) *Selaole*: *Lantana rugosa* (Thurb.)

(5) *lesiba*: 'n veer (soos van 'n tarentaal of hoender).

L.27

*PHEKO E TSAMAYA LE MADI
A MOTHO*

Leswalo la mmita le tsamaya le madi a motho ka go dubiwa ka mafura a phologolo e a sa e *bineng* mo tihagong ya gagwe.

Ge motho a *bina* selo kgotsa go ana phologolo, e a mo *sira ka seriti*⁽¹⁾ sa yona, gonne o a e ana.

Leba *Motlhakola*⁽²⁾ wa ditlhako ge di wele ka *lerethe*⁽³⁾. Itse ge di gana mafura ao fela.

Gape itse gore a ka dumelwa ke amangwe le amangwe jaaka a phala kampo a podi, gongwe nku kampo kgomo kampo a phofu.

*'N KRAGMIDDEL MOET
SAAMSTEM MET MENS SE BLOED*

Die roeperkragsalf moet saamstem met 'n mens se bloed, deur met 'n dier se vet gemeng te word, wat hy nie vereer as *totem* dier nie.

As iemand iets of 'n dier as totem het, dan '*oorskadu*' (die dier) hom met sy 'persoonlikheid'⁽¹⁾ omdat hy (die dier) vereer.

Let op die dolosse se valwyse '*Motlhakola*'⁽²⁾ wanneer hulle op die 'rug' val.⁽³⁾ Weet dat hulle net daardie soort vet weier (vir die paraat).

Weet ook dat enige ander soort vet geskik sal wees, soos die van 'n rooibok of 'n bok, of die van 'n skaap of bees of van 'n eland.

L.28

GO PHEPAFATSA MADI

(Matebele-*ngaka* wat tussen Kgatla van Botswana woon, 1953)

Ge o bona o ingwa'a, mme go tswa lekgaraga, o tsa'a modi le kutu ya *Bogoma*⁽⁴⁾ o e tlantle, o e lokele mo metsing gore e robale mo teng. Kamoso o tihape mmele otlhe. O tla tswa sethito thata mo mmeleng. E tla re morago ga sethito, o tla utlwa mmele o baba. Ge o ingwa'a o ka seke wa tswa dikgaragana, mme o tla fola.

OM DIE BLOED TE REINIG

As jy jouself krap en daar 'n knop te voorskyn kom, neem jy die wortel en stingel van *Setaria sphacelata*⁽⁴⁾ stamp dit fyn en sit dit in water om so te oornag. Die volgende môre moet jy die hele liggaam was. Jy sal baie sweet. Nadat jy gesweet het, sal jou liggaam begin jeuk. As jy jou krap sal daar nie meer knoppe kom nie, en jy sal gesond word.

-
- (1) *Seriti*: Persoonlikheidsuitstraling, die 'iets' wat elke mens en dier het wat hom 'n lewende persoonlikheid maak.
 - (2) *Motlhakola*: beteken 'omkering' as die dolos op sy 'rug' omgekeer is.
 - (3) *lerethe*: die rugkant van 'n beeskloutjie.
 - (4) *Bogoma*: (Pl. 40) pr. *Setaria sphacelata*.

L.29

BOLWETSE BA PHEFO

Ge nka bona mosimane, motlhapo waagwe o tswa o tlhakana le madi, go kaya gore o tsenwe ke phefo, a mo tshwara diphilo.⁽¹⁾ Yaanong diphilo tsa gagwe di bokoa. Ga di tlho' di bereka. Engwe e bokoa.

Le ene ga a sa tlhole a natefelwa ke sepe: dijo kgotsa metshameko.

Ke tliilo mo apeela *Motokwane*⁽²⁾ lerole la teng, le *'wynruit'*⁽³⁾ le *Seswagadi* sa setlhare, se se sugang matlalo.

O tliilo nwa kgaba tse pedi, gararo ka letsatsi morago ga dijo, re tle re leke go ntsha maruru mo go ene.

Kana *'wynruit'* e thuba *'koors'* mme Batswana ba lemogile gore e dumallana le tlhare tse pedi tsa bona.

Motokwana ba tswa *Lôwe*⁽⁴⁾ ka sona.

'KOUÉ VAT' – BILHARZIA OF NEFRITIS

As ek 'n seun sien van wie die urine bloederig is, beteken dit dat die wind in hom ingedring het, en sy niere aangetas het.⁽¹⁾ Nou is sy niere swak en wil nie meer werk nie. Die een is swak.

Ook hy, daar is niks meer wat hy geniet nie: voedsel of speletjies.

Ek gaan vir hom *dagga*⁽²⁾ kook, die poeier daarvan, en *wynruit*⁽³⁾ en (pr.) *Jatropha zeyheri* die boomsoort waarmee velle gebrei word.

Hy moet twee lepels-vol drink, drie maal per dag na ete, sodat ons kan probeer om die *'koue'* uit hom uit te kry.

Wynruit breek natuurlik koors, en die Batswana het geleer dat dit saamwerk met hulle eie twee plante.

Dagga, daarmee kom hulle van *Lôwe*⁽⁴⁾ af.

L.30

SETLHARE SA MADI

(Tlokwa-*ngaka* van Gaborone, Botswana. 1955)

Seswagadi⁽⁵⁾ ke setlhare sa madi, mme molwetse o mongwe le o mongwe o o lwalang madi, a ka nosiwa kopi e tletseng ya metsi a teng, ge a tlhatlhegilwe.

Ke go re, se yo ntsha magorometsa mo ene. Se a mo thubisa gore go tswa leswe mo go ene, mme setlhare se tla sala se baakanya madi a gagwe.

MEDISYNE VIR DIE BLOED

Verfbol⁽⁵⁾ is 'n medisyne vir die bloed, en enige kranke wat bloedmoeilikeid het kan 'n koppievol gegee word van die treksel hiervan nadat dit gekook was.

Dit sal die verstopping in die persoon verwyder. Dit sal hom of haar laat ontlas sodat al die *'vuil'* uit kan kom, en die medisyne bly agter en maak die bloed reg.

- (1) *Nefritis* en *Bilharzia* wat albei bloederigheid in die urine veroorsaak, word hier geïnterpreteer as die wind wat die niere afgekoel het en laat begin bloei.
- (2) *Motokwane*: *Cannabis sativa* L., dagga. Hier is 'n geval van dagga wat gedrink moet word. (Vgl.): Watt & Breyer – Brandwijk (p. 761): "We can find no evidence of the eating of dagga in S.A."
- (3) *wynruit*: *Ruta graveolens* L.
- (4) *Lôwe*: is 'n gat in die plat sandsteen-rots, naby Mochudi en volgens oorlewering is dit daar waar die eerste mense en diere uit die aarde gekom het. Hierdie uitdrukking beteken dus: 'Vanaf die vroegste tye'.
- (5) *Seswagadi* = *Kobo-di-tshetlha*: (Pl. 50, 563) *Jatropha zeyheri* Sond. verfbol.

L. 31

THOTAMADI(1)

DIE BLOEDDRUPPER(1)

(Tlokwa-*ngaka* van Gaborone, Botswana 1955)

Seswagadi(2) se se namagadi ke:
Thotamadi. Ke setlhare sa madi. Mogongwe o fitlhela monna a rotha madi, a ntse a rotha a re: thô-thô-thô! O mo tlihathegela thotamadi. O a mo nwa. Ge e le a sitsweng, re mo tabolela ka leswana la tee, re tshela mo koping, mo metsing a belang, re a huduwe re a mo nose, kamoso le maitsibowa. Mme madi ale agwe a tla ema.

Kampo le ge e le *tlhogo*, ka e le madi, e ka nna ya alafiwa ka yona Thota-madi.

Ge *mosadi* a bona *setswalo*(3) se le sentse mo go ene, se mo tlela ka bokete, kampo go fetisa malatsi, re tsaa Thota-madi, re sege dikapetlana di le tharo.(4) Re a di tlihathega ka pitsa di le tharo yaana, mme re mo nose metsi a teng, re mo laele gore a tle e re mantsibowa a nwe metsi a teng gape. E tla re kamoso ka phakela ge bosa bo sa, a tsee kgapetla engwe a yo e epela mosima ka fa morago ga ntlo. A e tsenye mo mosimaneng oo mme a tlapologe mo go ona, ka a na a itshokile ka motlhapo; a ba a katela.

Kamosô a ba a dire jalo gape le kamosô o mongwe go fitlha mo yona ya boraro. Ke go re ka go dira jalo, o tswalla setswalo go se thibela go nna malatsi a le mantsi. Se tshwanetse go nna malatsi a le mararo fela. Ke yona kalafo ya Thotamadi.

Die vroulike verfbol(2) is rooikambroo. Dit is 'n middel vir bloed. Moontlik vind jy dat 'n man bloed drup: thô-thô-thô! Jy moet vir hom die 'bloeddrupper', rooikambroo, kook. Dit drink hy. As dit reeds verpoeier was skep ons vir hom 'n teelepel-vol uit, gooi dit in 'n koppie in kookwater, roer dit en laat hom dit drink, soggens en saans. Daardie bloed van hom sal gaan staan.

Of selfs as dit 'n kop (seer) is, – aangesien dit bloed (drukking) is (wat dit veroorsaak) kan dit behandel word met 'bloed-drupper'.

As 'n *vrou* vind dat haar maandstonde te erg vir haar is, en oormatig kom, of vir te veel dae, dan neem ons 'Bloeddrupper' en sny 3 skywe af(4). Ons kook al 3 gelyk in 'n potjie en laat haar hierdie water drink, en gee haar die voorskrif om in die aand weer van die water te drink. Die volgende môre vroeg met dagbreek, moet sy dan die een skyfie neem, en daarvoor 'n gaatjie gaan grawe agter die huis. Sy moet dit in daardie gaatjie sit en dan daarop urineer, aangesien dit haar gepla het; en dan moet sy dit toegooi.

Die volgende dag moet sy weer so maak en weer die daaropvolgende dag. Deur dit te doen, sluit sy die menstruasie af om dit te verhinder om nie baie dae lank te duur nie. Dit moet net 3 dae lank duur. Dit is dan die behandeling met 'Bloeddrupper'.

-
- (1) *Thotamadi*: (Pl. 23) *Jatropha erythropoda* Pax & Hoffm. rooikambroo, 'n klein plantjie met 3 bolletjies op mekaar wat 'bloed drup' as hulle seer gemaak word. Die plant het heelwat tannine in.
- (2) *Seswagadi*: (Pl. 50) *Jatropha zeyherii*, verfbol.
- (3) *setswalo*: *mosese*, bloedvloeiing, menstruasie.
- (4) die 3 skywe word van bo na onder afgesny..

M.1

GE MOSADI A SA TSHOLE BANA

Ge mosadi a sa tshole bana, go batliwa *Moremelo*. (1) Pheko, e, ke *Lesitwane*, mme ke *moremelo* mo sesading.

Re yo tswaka ka *Morothothobe*(2) o mosweu. Ka moo, ge mosadi a sa *pepi* re tla bona ka mokgwa wa sesadi, ka go bona 'tshentshi' ya gagwe.

Ge e ne e mo tsa'a malatsi a le mararo, e tla mo tsaya malatsi a tsheletseng, ka go re yona, mo lebakeng lo lotlhe e ne e *imina* e sala ka mo teng ga gagwe. Jalo madi a gagwe a neng a ntse a le mo go ene nako yotlhe, a tshwanetse go thubega a feta malatsi a mararo.

Mosadi o tla go itekodisa ka boroko ba gagwe. Ge a fetsa go ja, ke go robala. Ge o mo naya tiro, o tliilo fitlhela a robetse. Ge o tla itse gore o tlaatla pila, ke go re ge a tlhapa, o a otsela, mokgwa o o neng o ese mo ene.

Jaanong re tliilo dumela gore phodiso e tliilo ba'a teng.

Madi a gagwe a simolla go kokotlela. Kegore ge a kopanye le monna, o tsere.

Gantsi mosadi ge a sa kgone go tsaya mpa, ke go re: ge a bonye 'tshentshi', monna wa gagwe, ga a mo nee lebaka. O thibella *mami* a mangwe a a neng a tshwanetse gore a a ntshe.

Ngwana o *tlhamega* (3) mo metswetsweng e e ka nang "30 minute", ge bobedi madi a bona a tlhatswegileng pila.

AS 'N VROU NIE KINDERS KRY NIE

As 'n vrou nie kinders kry nie soek ons *Asparagus suaveolens*. (1) Hierdie middel is katdoring, en dit is 'n 'baarmoeder-sluiter' vir vroue.

Ons versterk dit met wit *Morothothobe*.(2) Ons kom tot die oortuiging wanneer 'n vrou nie bevrug word, as gevolg van haar maandstonde.

As sy voorheen drie dae geneem het en nou ses dae, is dit omdat dit in haar verberg bly.

En nou moet die bloed wat al die tyd in haar was, uitbreek in meer as drie dae.

Die vrou sal vir jou sê hoe sy geslaap het. As sy geëet het, word sy vaak. As jy vir haar werk gee, kry jy haar aan die slaap. Jy sal weet dat sy regkom, as sy vaak word wanneer sy gewas het, wat nie voorheen met haar gebeur het nie.

Ons sal nou vertrou dat daar genesing sal wees.

Haar bloed sal begin om te versamel. Dit wil sê, as sy en die man bymekaar is, dan 'neem' sy.

Dikwels as 'n vrou nie kan swanger word nie, is die rede dat wanneer sy haar maandstonde gehad het gee haar man nie vir haar kans nie. Hy keer 'n deel van die afskeiding wat nog moes afgekom het.

'n Kind word 'verwek' (3) in 30 minute se tyd as albei se bloed mooi skoon gewas is.

M.2

MOREMELO (1) WA SESADI

Go fetola mosadi gore a tle e tshole bana, re a mo remela ka *Letsididi-lanoka*. (4)

Sona se tshwanetse go *thekga* mohubu wa gagwe gore popelo ya gagwe e se ke ya lesa. Go re yalo ke gore: re alafile pusa ya mosadi gore e seke ya bowa, e tle e tshole peo ya monna.

FETUSVORMING (1) VIR 'N VROU

Om 'n verandering te weeg te bring by 'n vrou, sodat sy kinders sal kry, gee ons vir haar 'n kragmiddel-behandeling met die rivierklimopplant. (4)

Dit moet 'aangewend' word op haar nael, sodat die baarmoeder nie moet 'laat los' nie. Dit beteken: Ons het die baarmoederopening behandel sodat dit nie sal skietgee nie maar die manlike saad sal bewaar.

(1) *Moremelo, Lesitwane*: *Asparagus suaveolens* Burch. (Pl. 571)., katdoring. *Moremelo*, kan ook beteken: ' 'n middel om bevrugting te verseker'.

(2) *Morothothobe*:

(3) *go tlhamega*: die 'verwek' van 'n baba, skep, daarstel.

(4) *Letsididi-lanoka*: 'n rivierklimopplant; ook die waterlikkewaan en die krokodil.

M.2

Jalo re tlilo bona a fetogile a boile a le moimana. Go tloga foo o tla *pepa* go fitlhella a eme, go tshola bana. Phetolo ya go supa gore jaanong o eme, o tshwanetse go timollwa ke mosese wa gagwe.

Re tlil'o mo remela ka Letsididi-lanoka.

Pele re ngatha 'setokinyana', re tshuba, re sila tshidinyana ya yona, re mo tshwara mohubu ka yona, uku'tse nne, go sireletsa popelo.

Gape o a o apa'a, o a o nwa: o se nwa kabosigo, a se nwa mantsiboana. Kegore gabedi mo letsatsing pele ga go ja.

Ge a robetse, maikutlo a otlhe a gagwe ke a a batlang monna.

So sal ons vind dat sy verander het en nou verwagting is. Van daar af sal sy swanger word totdat sy ophou om kinders te kry. Die verandering om te wys dat sy ophou baar sal verminder word deur haar maandstondes.

Ons gaan haar bevrugting verseker met rivierklimopplant.

Ons breek net eers 'n stukkie af en verkool dit en maal dit in 'n poeier. Ons kerf daarvan in om haar nael op die 4 'hoeke' (windrigtings), om die baarmoeder te beskerm.

Ook moet sy van die plant kook en dit drink, in die oggende en aande, twee maal per dag voor ete.

As sy slaap sal haar hele begeerte na (haar) man wees.

M.3

GO RE MOSADI A NNE MOIMA

Moremelo (1) ke setlhare sa go re mosadi a tle a nne moima, le ge a tlhokile ngwana ngwaga tse di lesome le go feta foo.

Jaaka ge monna wa gagwe a dule tlhagala a pallwa ke go kopana le ene; a bogolo mosadi a ithwale ka monna o sele a tle a bone o a ka mo gellang metsi ge a tsofetse.

Ke go re ke tla mo batlela setlhare sa Moremelo. Ke se rufe, ke go re o a se *rufa*. O tsaya sengwe sa gago le ge e le 'sikisipensi' gongwe kgokelo, o se baya mo setlhareng.

Go rialo ke go re o lopa sengwe se o se batlang ka tebogo.

Ge e le *lepetu* (2) ke le rwese setlhare. Se tla ne se ruruga se ira *bohutaboswa*. (3)

DAT 'N VROU MOET SWANGER WORD

Die katdoring (1) (en ook bobbejaantou) is die plant wat gebruik word om te bewerk dat 'n vrou swanger sal word, selfs al het sy vir 10 jaar of langer, nie 'n kind gehad nie.

Soos wanneer haar man 'n verswering het en nie in staat is om met haar te verkeer nie; laat tog liewers hierdie vrou swanger word by 'n ander man, sodat sy iemand kan kry wat vir haar water sal skep as sy oud geword het.

Dit beteken dat ek vir haar die 'uterustoebinder'-middel moet kry (katdoring of wildedruif). Ek moet 'vra met danksegging', d.w.s. jy gee iets uit dankbaarheid. Jy neem iets van jou al is dit 'n sikspens of 'n haakspeld, en plaas dit aan die boom.

As jy dit doen, dan vra jy iets wat jy wil hê, en sê dankie.

As dit 'n nekring (2) is, dan moet ek die plant dit laat dra (om 'n tak sit). Die tak sal daar opswel en 'n vergroeiing (3) maak.

-
- (1) *Moremelo*: Een van die plante wat die uterus 'sluit' na ontvangenis: so bv.: (Pl. 571) *Asparagus suaveolens*. Burch. (katdoring). Die *Asparagus* word ook volgens Watt. & Breyer-Brandwijk p. 688, by verskeie stamme gebruik, o.a. S. Sotho om vrugbaarheid te bevorder. *Rhoicissus tridentata* (Pl. 533), bobbejaantou is ook 'n *moremelo*.
- (2) *lepetu*: nekring.
- (3) *bohutaboswa*: vergroeiing by 'n afbindplek.

M.3

Ge e le kgokelo, ke a e gokela mo kaleng. Ge e le lemao, ke a tlhaba mo teng. Ge e le 'sikisipensi' ke mo tsenya mo mmung fa gare ga medi.

Setlhare se, se na le bana jaaka ditloo, me ke tliilo tsa'a bana ba. A le mongwe o remela motho a le mongwe.

Ke go re: le ge nka tsaya di le lesome, motho a le mongwe ke mo alafa ka elengwe fela.

Ke tliilo e mo apela, mme e ntse e le yona, ke tliilo e tshuba ke mo 'tshwara' mofufu (4) ka tshidi ya yona.

O tla ne a ikapela dingatanyana tsa yona mo pitseng e e sa 'ruseng', mme a ne a nwa metsi a teng.

Go riana ke go re mosadi o tliilo fetoga 'tshentshi' (5) ya gagwe, a e bona ge ngwedi e palama, kafa bophirimatsatsi. Mme o tla ithwala pila fela.

As dit 'n haakspeld is, steek ek dit vas om 'n takkie. As dit 'n naald is, steek ek dit in die stam. As dit 'n siks-pens is steek ek dit in die grond tussen die wortels.

Hierdie plant, het 'kinders' net soos kaffergrondboontjies, en ek gaan hierdie kinders neem. Een (bolletjie) bind een persoon se uterus.

Dit meen dat al sou ek 10 neem, behandel ek een persoon net met een.

Ek sal dit vir haar kook, so heel. Daarna verkool ek dit en behandel haar naeltjie (4) met die poeier daarvan.

Sy sal vervolgens stukkies daarvan vir haarself kook in 'n potjie wat nie roes het nie, en van daardie 'water' drink.

Dit beteken dat die vrou haar maandstondes (5) gaan verander, en dit sal vind as die maan klim in die weste.

Sy sal so normaalweg swanger word.

M.4

MOTHO KE NOGA

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl., 4.4.1963)

Lenaka la moleko (6) re le dira ka mafura a motho le noga, lebolobolo.

Lebolobolo kana ke *tshutsa*. (7) Go tewa go suma ga yone noga e, ge e go utlwa, e feta e re: "Huuu! " Ke gore mowa wa yone o tletse mo go yone, e be e gakalla.

Ke tsa lebolobolo la thaba ka e le bogale. Le a tlofa bolele bo bo ka fetang 8 ft.

Motho ge a sule, a sa bola, monko waagwe ke wa noga. Ke gore re mo bophiring ba Modimo ge e tlhama motho. Ke gore mo kgwedding tse pedi ge di tletse, re fitlhela motho o ke noga. (8)

DIE MENS IS 'N SLANG

Die medisynehoring teen toordery (6) maak ons met (o.a.) mensvet en slangvet, pofadder.

Die pofadder is natuurlik 'n 'blaser'. (7) Wat bedoel word is die blaasgeluid wat hierdie slang maak as hy jou hoor, en "Huuu! sê. Dit wil sê sy asem is vol in hom, omdat hy kwaad is.

Ek neem die bergpofadder aangesien hy kwaai is. Hy spring, 'n distansie langer as 8 vt.

As 'n mens gesterf het, sonder dat hy sleggeword het, is sy reuk die van 'n slang. Dit beteken dat ons hier by die geheimenisse van God is as Hy 'n mens skep. Dit wil sê net sodra die twee maande vol is (na bevrugting), vind ons hierdie mens is 'n slang. (8)

(4) *mofufu*: nael(tjie).

(5) *tshentshi*: om te menstrueer (waarskynlik afgelei van Engels, 'change'; gewoonlik: *go bona mosese*).

(6) Hierdie horing word spesiaal berei teen toordery.

(7) *tshutsa*: (skynbaar) 'n groepsnaam vir diere wat 'blaas' soos verkleurmannetjie en pofadder. Hierdie soort diere word as van die kragtigste medisynese beskou.

M.4

Ge a nna kgwedi tse nne o na le tihogo le maoto le matsogo. Jaanong o na le ditokollo, mme o ka seke wat itse matlho le molomo. Ge a fetsa kgwedi di thatharo, go matlho le molomo le 'tsebe.

Go rialo ke gore: Motho kwa tihagong ke noga. Bagologolo ba re: "Motho ge a tihongwa ke Modimo, ke noga." Jaanong ge ke akaanya mafoko a, ke bona gore kalafi ya motho ke noga. Nna ke tsaya fela jaaka ke ne ke bona bagologolo ba tlhama selo se, eseng jaaka nka ikgopolelang.

As hy vier maande (in die baarmoeder) bly het hy 'n kop en voete en arms. Nou het hy ledemate, maar jy sal nie sy oë en mond uitken nie. As hy ses maande voltooi het is daar oë en 'n mond en ore.

Om dit te beweer beteken dat die mens na sy oorsprong 'n slang is. Die ou mense het gesê: "As God 'n mens skep, is hy 'n slang." As ek nou hierdie woorde oordink, sien ek dat die (regte) behandeling van 'n mens met 'n slang moet wees. Ek neem dit net soos ek die ou mense dit sien doen het, nie soos ek dit vir myself mag uitdink nie.

M.5

GO BOPA MOTHO

OM 'N MENS (BABA) TE VORM

(Kgatla-*ngaka* te Pilanesberg, Tvl., 1962)

Motho ge re mmona mo lefatsheng, ga se gore o tsalwa fela. Nyaa o a bopywa.

Go bopa motho ke tiro e kgolo, gobane mosadi o tshwanetswe ke go alafisiwa ka dipheko, go siamisa teng ya gagwe pele, gore a lemoge lebaka la *go bona lehuto* (1) kgwedi tse pedi kgotsa tse tharo, a boetse mo tshimologong ya bonyana.

Ge a bona lehuto jalo pila, o neelwa *Morothothobe* (2) o apeilwe, gore o kgone go dira ngwana mo mothong wa sesadi.

Le gona, a be a thusiwe ge a le mo sesadi gore se se bobole, go fitlha a tshole ngwana ka tshwanelo le lebaka la go tsalwa mo kgwedi tse 9 fela.

Tsela di pedi tsa themelo (3) ya popô ya motho: go nwa dipheko, le go aramela dipheko.

Ke go aramela sebokana sa pheko go bokêlela madi teng ga motho ntloneng e lengwe fela. (4)

Ka mantswe ka re: Modimo o a thusiwa, le ôna o rapedisegwe o utlwe thapellong tsa gago ngwana a tsalwe.

As ons 'n mens sien op aarde, is dit nie dat hy sommer gebore word nie. Nee hy word 'gevorm', (opgebou).

Om 'n mens te vorm is 'n groot werk, want 'n vrou behoort behandel te word met kragmiddele, om eers haar inwendig reg te kry, sodat sy kan weet watter tyd sy die 'knoping' (1) moet kry, na twee of drie maande wanneer sy gekom het by die begin van 'n kind se bestaan.

As sy die knoop so goed gekry het, word *Morothothobe* (2) aan haar gegee, wat gekook is, om te help om die kind in hierdie 'vroumens' te vorm.

Ook moet die kind gehelp word as hy nog in die vroulikheid (baarmoeder) is om nie siek te word nie, totdat sy 'n kind na behore kry, en op die regte tyd vir die geboorte nl. die 9e maand.

Daar is twee maniere om iemand te behandel met 'n oog op die vorming van die mens, (3) nl. om middele te drink, en ook om kragmiddele in te adem. Dit is, om die middel in te adem om die bloed (fetus) binne in die baarmoeder te versamel tot 'n eenheid. (4)

Met woorde, sê ek: *Modimo* moet gehelp word, sodat ook Hy gehoor sal gee aan jou gebed en dit vervul, sodat die kind gebore sal word.

(1) *go bona lehuto*: 'om 'n knoop' te kry.

(2) *Morothothobe*:

(3) *go remela, ke go bofa mosadi ka kwa popelong, gore a kgone go tshola bana*. *Remela* is om 'n vrou se uterus so te 'bind' dat sy kinders kan kry.

(4) Die bloed (foetus) in die baarmoeder moet versamel word deur die kragmiddel en bymekaar gehou word.

M.6

GO FETOLA SETSHEDI

Go fetola motho kampo setshedi se se namagadi kgotsa se se tonanyana. Ke gore ge mosadi a ka belega basetsana fela, ke tshwanetse go mo alafa ka mfetola wa dipheko tse:

Morokolopodi (1) le
Mfetola (2) le
Moologa (3)

Go rialo, ke go re ge a tshwanetse go tshola ba ba tonanyana, re a mo fetola ka tse tharo tsele, mme e le tse di tonanyana. (4)

Ge re batla go re a belege basetsana re a mo fetola ka tse di namagadi.

Ke go re go na le *Morokolopodi* o motonanyana le o monamagadi, le *Mfetola* le *Moologa* jalo fela.

Re tlilo tshuba kungwa ya *Moologa* re e tlhakanya le tse dingwe, di sa tshubiwa.

Mosadi re tlilo mo tlhabela letheka, le monna jalo ka *Mfetola* o.

Ka mo kitsong ya rona go na le ngwaga o re ka kopang gore a re tsholele mosimane. Foo re tla dirisa tse ditonanyana.

Ge e le *pôô* ke tla a tlhabela dinôka le mokokotlo ke be ke e nosa *Mfetola* o.

Ene ntate ke mmonyane a fetola dikgomo tsa gagwe jalo, mme ga nna jaaka fela ge a rata.

Le nna ka nosi ke na le basimane ba ba supang, le ge go fetile ba ba bedi, mme kajeno re dirisitse *Mfetola* o, gore ge *Modimo* o rata re tle re fiwe ngwana wa mosetsana.

GESLAGSVERANDERING

Om 'n mens of 'n lewende (dier) te verander wat vroulik is of wat manlik is. Dit beteken dat as 'n vrou net dogters kry, dan moet ek haar behandel met die volgende kragmiddele wat kan 'verander':

bokdoring (1) en
Indigofera sp. (2) en ook
bergboegoe. (3)

Dit beteken dat as sy seuns moet kry, 'verander' ons haar met bg. drie plante maar met die manlikes. (4)

As ons wil hê sy moet dogters kry, 'verander' ons haar met vroulike plante.

Dit beteken dat daar 'n bokdoring-plant is wat manlik is en een wat vroulik is. So ook die *Indigofera* en 'n bergboegoeplante.

Ons sal die vrug van die bergboegoe plant verkool en meng met die ander wat nie gebraai is nie.

Ons sal inkerwinge vir die vrou op haar heupe maak, en ook die man, met hierdie *Indigofera*-plant.

Volgens ons kennis is daar 'n jaar waarin ons kan vra dat sy vir ons seuns moet baar. Ons gebruik daarvoor die manlike plante.

As dit 'n bul is sal ek inkerwinge (met die middel) maak op sy kruis en sy rug en laat hom hierdie *Indigofera* drink.

Ek het my vader gesien toe hy sy beeste verander het, en dit was net soos hy dit wou gehad het.

Persoonlik het ek 7 seuns, al is twee van hulle reeds dood, en ons het nou hierdie 'verandering' toegepas, sodat as *Modimo* wil, ons 'n dogter gegee sal word.

(1) *Morokolopodi*: pr. *Lycium tetrandrum*, bokdoring.

(2) *Mfetola*: (Pl. 601), *Indigofera* pr. *hilaris* Eckl. & Zeyh.

(3) *Moologa*: (Pl. 422) *Croton gratissimus* Prain, bergboegoe.

(4) Meeste plante wat dorings het is manlik, en sonder dorings vroulik; maar soms kry twee plante dieselfde Tswana-naam, maar die een is manlik en die ander vroulik.

M.7

PUSA (1) MO SESADING

Kitsiso ya mosadi ge a sa tshole bana, a sa le monye mo bophelong ba gagwe, a na le ngwaga di le 26–30, ke go re o na le bolwetse bo re bo bitsang *pusa*.

Mosadi a ka se ka a *ima* ngwana ge a lwala bolwetse ba *pusa* mo lebakeng la sesadi, gobane popelo ya mosadi e a tlhatsa, e gana bophelo be sesadi, mme mosadi a ntse a ikhunela, (2) kgotsa go bona lehuto, mme a sa ithwale.

Kalafiso ya teng ke: seboko se se bidiwang *khunyedi*, gongwe phepheng le mokatane wa ntlha.

MISLUKTE SWANGERSKAP (1)

Die bekendmaking van 'n vrou se onvermoë om kinders te kry, terwyl sy nog jonk is en sy nog maar 26–30 jaar oud is, is omdat sy die ongesteldheid het wat ons 'teruggee' noem, nl. mislukte swangerskap.

'n Vrou kan nie 'n kind 'dra' (in die baarmoeder vorm) as sy hierdie siekte van 'teruggee' het tydens haar swangerskap nie, want die baarmoeder van die vrou 'braak', en weier die vroulike leefwyse, en dit terwyl die vrou haar maandstondes kry, (2) of verwagting word maar nie volle swangerskap bereik nie.

Die genesing hiervoor is: die wurm wat genoem word *khunyedi* of 'n skerpioen saam met die eerste wilde waatlemon.

M.8

GO SEKAMA GA POPELO

Mosadi ge a tshotse bana ba le bane, fela a ema go tshola bana, mme a ruruga maoto, le mabogo, a tshela ka go opywa ke tlhogo bosigo le motshegare, ebile a *phuile* sefatlhogo, ke go re o a be a lwala bolwetse ba popelo.

Lebaka la gagwe, a sa tlhole a bona lehuto, ke go re popelo e sekame pele ga lebaka; la ema. Lehuto la gagwe le tla ka go imina.

Kalafo ya teng ke ka: *Thabo*, (3) le *Seswagadi* (4) le *Selomi*. (5)

SKEEF HANG VAN DIE BAARMOEDER

As 'n vrou vier kinders het, en ophou om kinders te kry, en haar voete opswel en haar arms, en sy nag en dag voortdurend hoofpyn het, en haar gesig ook nog geswel is, is dit omdat sy 'n ongesteldheid van die baarmoeder het.

Die rede waarom sy nie meer 'n kind 'ontvang' nie, is omdat haar uterus te vroeg skeef hang. Haar ontvangenis word 'n storting.

Die genesing hiervoor is met die volgende middele: kakieonkruid (3), verfbol (4) en *Rhynchosia burkei*. (5)

M.9

BOLWETSE BA PHOTSA (6)

Bolwetse bo, bo thata go alafywa. Photsa ke bolwetse ba go gatisiwa madi a pelego a motho a a tlang le ngwana a sule. Jalo madi ao re a bitsa madi a photsa.

MISKRAAM AS SIEKTE

Hierdie siekte is baie moeilik om te genees. Miskraam is 'n siekte wat veroorsaak word deur 'n mens te laat 'trap' op die bloed wat kom in 'n kraamgeval waar die foetus reeds dood is. Daardie bloed noem ons miskraam bloed.

(1) *pusa*: 'teruggee' d.w.s. die onvermoë om bevrug te word.

(2) '*go ikhunela ga mosadi*': maandstondes kry.

(3) *Thabo*: (Pl. 512) *Gomphrena celosioides* Mast., kakieonkruid.

(4) *Seswagadi*: (Pl. 463) *Jatropha zeyherii* Sond., verfbol.

(5) *Selomi*: (Pl. 558) pr. *Rhynchosia burkei* Benth.

(6) *photsa*: is om 'n miskraam te hê veral gedurende die eerste paar maande van swangerskap.

M.9

A kgona go *loya* (7) motho ka go mo gatisa macto, e fele e be bolwetse bo bo pallang dingaka tsa batho basweu.

Mme se ke boloi:

Bo alafywa ka meleko e:

tšhadube(8), *loôpô* (9),
'boloisele', *mmu wa matlhorwe* (10)
le gala ya *leobu*, le *madi* a motho,
fela.

O a di tlhakanya ka *Moragangaka*.(11)

O dira lenaka la go alafa ka lona.

'n Mens kan daarmee getoor (7) word, deur te maak dat hy met sy voete daarop trap, met die gevolg dat dit 'n siekte word wat blanke geneeshere nie gesond kan kry nie.

Maar dit is toordery.

Dit word deur die volgende kragtige middele behandel:

Boteti se minerale klip (8) geel-grond (9) blousel, grond van die Matlhorwekop (10) en die gal van 'n verkleurmanneltjie, en 'mensbloed', net dit.

Jy meng dit alles met stinkbas. (11)

Jy maak hiervan 'n medisynehoring om mee te genees.

M.10

GE BOIMANA BO IMINA (12)

Ge mosadi a le moimana, mme boima ba mosadi bo imina a bonetse kgwedi ruri, re a be re alafa lebaka la mpa ya mosadi gore a seka a senya kgotsa go tsholla *namane* (13) e e momonegileng.(14)

Kana go rialo ke lebaka le le dirisang gore namane e tsalwe ka dikgwedi tse e leng tsona, ka mokgwa o:-

Namane e tsalwa dikgwedi tsa yona di le some.

Pheko ya sesadi ke Morare. (15) Jalo re mo arametsa dikala tsa Morare. Gape re ngatha segwere sa Morare re se apaya, se bela, re faga *leselesele* (16), re mo naya, a ja malatsi a bêkê mo mesong le mantsiboana.

AS 'N MISKRAAM DREIG (12)

As 'n vrou swanger is, en haar swangerskap dreig met 'n miskraam nadat sy reeds nie meer haar maandstonde gekry het nie, behandel ons die baarmoeder van die vrou sodat sy nie die 'kalf' (13) (die ongebore kind) wat nie gelukkig is nie(14), 'uitstort'.

Deur dit te doen, word verseker dat die kind gebore word in die aangewese maande, en wel op hierdie wyse:-

Die kind word gebore nadat hy '10' maande oud is.

Die kragmiddel vir vrouens is die *Morare*-rankplant. (15) Ons laat die vrou die takkies wat skroei inadem. Ook neem ons 'n stuk van die bol van die plant en kook dit, en maak dan daarvan slappap (16) en gee dit aan haar vir 'n week lank, soggens en saans.

(7) *loya*: 'toor' in die sin dat iemand wat op hierdie miskraam bloed trap, self 'n miskraam sal hê.

(8) *tšhadube*: Rooi minerale klip van Boteti, Noord-Botswana.

(9) *loôpô*: geel-grond.

(10) *mmu wa matlhorwe*: 'toor'-kragtige rooi-geel grond bo op Pilanesberge.

(11) *Moragangaka*: *Pittosporum viridiflorum* Sims.

(12) *go imina*: die refleksief van '*mina*' om 'n neus te snuit dus: self uitsnuit; hier: 'n miskraam dreig.

(13) *namane*: kalf, maar ook soos hier: die fetus, ongeborene.

(14) *momonega*, *ngôngôrega*: ontevrede te wees.

(15) *Morare*: 'die ranker', 'n rankplant, pr. *Cyphostemma sulcatus* C.A.Sm.

(16) *leselesele*: slappap.

M.10

Pheko e, Morare e tlhatswa teng ya mosadi pila le go rara namane mo teng ga popelo, gore mosadi a se senye.

Tiriso engwe, namane e golela kapelepele. E tla e nonofile ka dikgwedi tsa yona.

Namane ge e ka tlhaga ka kgwedi ya bo 6 kampo ya bo 8, ga a nke a phela. A ka phela ge a tlhaga ka kgwedi ya bo 7 gongwe 9 kampo 10.

Hierdie *Morare*-kragmiddel wás 'n vrou se binnekant mooi skoon en rank ook die 'kind' mooi vas binne in die baarmoeder, sodat die vrou nie 'n skade moet aanrig nie.

'n Ander gevolg: die ongebore kind groei baie vinnig. Hykom frisgebou tevoorskyn op een van sy maande.

Indien 'n ongeborene op die 6e of 8e maand sou verskyn, sal hy nie leef nie. Maar hy kan leef as hy op die 7e of 9e of 10e maand sou kom.

M.11

GO PHUTHELA⁽¹⁾ MADI A MONNA

OM DIE MAN SE 'BLOED' TE 'VERSAMEL' (1)

(Tlokwa-*ngaka* van Gaborone, Botswana, 7.5.1955)

Ge mosadi a lwala bolwetsi ba *pusa* (2) re mo alafa ka *Ngámane*. (3) Ke go re, re a sega kwa tlase, re se dira maragonyana. Mme mosadi re mo laela gore a se tlhatlhege mme a se tlhokomele gore se seke sa wa. Ge se wa, a se emise, go fitlhela se butswa, ke gona a tlhatlhollang.

As 'n vrou die siekte het van 'terug te gee', (2) behandel ons haar met *Hypoxis rooperi*. (3) D.w.s. ons sny (die bol) onder af en maak daarvoor 'n 'sitvlakkie'. Ons gee aan die vrou die opdrag om dit te kook en om op te pas dat dit nie omval nie. Indien dit omval moet sy dit weer laat staan totdat dit gaar is, waarna sy dit van die vuur kan afhaal.

Ge a se tlhatlhotse, ga a se tshelle mo koping. Ke go re o a se gatella mo pitseng ka menwana, a ba a nwa metsi a teng a ntse a se gateletsa. Le ge a ka se ntshetsa a se baya mo koping se ntse se eme ka marago ge a nwa metsi ao.

As sy dit afgehaal het, gooi sy dit nie in 'n koppie nie. D.w.s. sy druk dit vas in die potjie met haar vingers en drink daardie water terwyl sy dit so vasdruk. Sy kan dit selfs uithaal en dit in 'n koppie sit, om so op die 'sitvlak' te staan terwyl sy daardie water drink.

Go dira jalo ke go re, re itsa gore se seke sa tshikinyega, mme se dira gore le yona popelo e eme go le gongwe, e se ka ya nna ya tshikinyega.

As ons so maak, is dit om te verhoed dat dit wikkell, en dit verseker dat die baarmoeder op een plek sal staan en nie heen en weer moet skommel nie.

Le ge a ka tlhatlega jalo malatsi a a ka nang le ge e le beke tse tharo. A nwa kamoso le mantsiboya.

Sy kan so aanhou om dit dag vir dag te kook selfs vir 3 weke lank. Sy drink (die water) elke oggend en aand.

Séle se ntse se tlhatlhogwa jalo ngaka o tsaya *Ngámane* o mongwe, mme o a se betla go nna sethibo. O tla nna a bitsa mosadi a se mo naya gore a ye go se lekanya, gore se mo thibe sentle.

Terwyl daardie (bol) so gekook word, neem die *ngaka* 'n ander *Hypoxis rooperi* bol en sny dit in die vorm van 'n prop. Hy gee dit aan die vrou om in haar te pas en haar goed te sluit.

-
- (1) Die opvatting is dat die baarmoeder die vrou se bloed en die semen van die man moet 'versamel' en vorm tot 'n mens. Waar hierdie teks in goedertrou gegee is, en nou ook so weergegee word, lewer dit 'n belangrike toeligting oor die *ngaka* se opvatting van bevrugting.
- (2) *pusa*: van *busa*, om terug te gee, dus die semen terug te gee i.p.v. op te neem en daarmee 'n mens te 'vorm'.
- (3) *Ngámane*, *Tshuku-ya-pôô*: (Pl. 91; 499) *Hypoxis rooperi*. Moore.

M.11

Yaanong ge se mo lekanye ditaelo di laetse gore se nne fa tlhogong ya gagwe, mme ka nako le nako ge a kopana le monna, ge monna a tloga, o thiba ka sona, go fithhela beke tse tharo kampo tse nne. Kana mo mosong o mongwe le o mongwe ge a tsoga, o a se ba'a.

Ngaka o tlaatla a se fithhela, a re: "Ko'o se latlha." A ba a se tsaya a yo se sila se ntse se na le madi a monna le mosadi. A tsee bopi bo, a ba na'a a re ba je.

Bo tla yo tshwara madi a bone, ka monna o jele madi a mosadi, mme mosadi o jele madi a gagwe. Ke go re madi a bone a tla ratana. Mosadi o tla kgona go phuthela madi a monna mme ba tla bona ngwana.

As dit haar pas, kom die voorskrifte dat dit by haar kopenent moet wees en dat elke keer wanneer sy en die man bymekaar is, wanneer hy haar verlaat moet sy daarmee toemaak, vir 3 tot 4 weke lank. Elke oggend as sy opstaan sit sy dit weg.

Die *ngaka* sal kom en dit daar vind en sê: "Ek gaan dit weggooi". Hy neem dit dan en gaan maal dit fyn terwyl die 'bloed' van die man en die vrou nog daaraan is. Hy neem hierdie poeier en gee dit aan hulle en sê hulle moet dit eet.

Dit sal hulle bloed(e) gaan vasvang aangesien die man die vrou se bloed geëet het en die vrou het sy bloed geëet. Dit meen dat hulle bloed nou van mekaar sal hou. Die vrou sal nou in staat wees om die man se bloed 'te versamel' en hulle sal 'n kind kry.

M.12

GO HUBULOGA, (1) GORE GO TSALWE

Dikgomo di alafywa ka setlhare sa *Mohubu* (2) gore di hubuloge, ke go re di bofologe, di tsale.

Se a tihakangwa le *Mabofe* (3) le *Mojakabomo* (4) le *Theteli* (5) le *Sejabaleki* (6) le *Morala* (7), go tihapisa dikgomo gore di tsale.

Mohubu o a nowa ke motho o monamagadi le o motonanyana, gore a mewa ya bone e funologe, ba seke ba nna ka go hupellana.

O se tihakanya le *Khupamarama* (8) re be re se bitsa re re:-
"Fitlholang, se bipilwe bofitlha bo sobologile.

OM VRUGBAARHEID TE BEVORDER (1)

Die beste word behandel met die *Cissus puberulus*-plant (2) sodat hulle 'losgeknoop' kan word en vrugbaar wees.

Dit word gemeng met *Cissus quadrangularis* (3) en 'met-opset-eet' (4) asook slangkop (5) en *Scilla lancifolia* (6) en die Transvaalse katjiepiering (7), om die beste daarmee te besprinkel sodat hulle kan kalf.

Vrouens en mans drink ook die *Cissus puberulus* plant sodat hulle wedersydse gesindheid kan losknoop, en hulle nie 'ingehoue' teenoor mekaar moet wees nie.

Jy meng dit met die groot bitterappel (8) waarna ons dit aanspreek en sê: "Moenie meer vir mekaar wegsteek wat bedek is nie die donker grys is ontbloot". Nou behoort hulle 'bloed' ook te ontvou. (9)

(1) *hubuloga, bofologa*: om los te knoop.

(2) *Mohubu*: (Pl. 442) *Cissus puberulus* C.A.Sm.

(3) *Mabofe*: (Pl. 1) *Cissus quadrangularis*.

(4) *Mojakabomo*:

(5) *Theteli*: (Pl. 64) *Urginea Burkei*, slangkop.

(6) *Sejabaleki*: (Pl. 535) *Scilla lancifolia* Bak.

(7) *Morala*: (Pl. 344) *Gardenia spatulifolia* Stapf & Hutch. Transvaalse katjiepiering.

(8) *Khupamarama*: (Pl. 35) *Solanum incanum* L., groot bitterappel.

(9) Die idee hier is: 'n wedersydse ongenaakbaarheid wat bevrugting verhinder, wat nou geneses moet word.

M.12

Ge Mohubu o sa apeiwa, ke borebotlhole.
Mme ge bo apeilwe se a fodisa. Le
Mojaja (10) fela jalo.

As die *Cissus puberulus* nie gekook
word nie, is 'dit gif. Maar as dit gekook
is genees dit. Ook die bobbejaangif (10)
net so.

M.13

TLHAGALA MO POPELONG

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 1962)

Mosadi ge a dule tlhagala mo teng ga
popelo, (11) o alafywa ka pheko e; ke
Modikaletlhaka, (12) e e tlhogang kwa
Thabazimbi mo nokeng e e bidiwang
Thokwe.

E alafa tlhagala pila; e tsaya malatsi
a beke tse pedi. E tla bonala ka fa ntle
ga molwetse.

Tsamaiso ya pheko e, o e apaya
sebakanyane sa "fifteen minutes", o se
tthatlola (13) mo isong, se fola, o bo o se
tlatsa mo botlolong. Mosadi a nwe ka
kgaba e kgolo gararo ka letsatsi.

'N SWEER IN DIE BAARMOEDER

'n Vrou wat 'n sweer in haar baar-
moeder het (11) word behandel met 'n
middel, *Modikaletlhaka* (12), wat groei
by Thabazimbi by die Thokwerivier.

Die plant genees die sweer baie mooi,
en neem twee weke. Die sweer sal daarna
aan die buitekant van die pasiënt verskyn.

Die gebruik van hierdie middel is
om dit vir omtrent vyftien minute te
kook waarna dit van die vuur af gehaal
word (13), afgekoel word en 'jy maak
dit daarna vol in 'n bottel'.

Die vrou moet 'n groot lepel vol
daarvan 3 maal per dag drink.

M.14

PÔFÔ (14) YA MOSADI KA DITLHARE

Mo pofong ya mosadi ka ditlhare tsa
Setswana, ba tsaya boletswa ba
Morekhuri (15) le bonôta ba *Moôka*. (16)
Ba tswala mosadi peleging ya gagwe ka
go di apela *metlhobolokong* (17) ya mes ima.

Jalo mosadi ga a belege. O swa ka mpa ge
go sena motho yo a itseng pofollo ya teng.

*OM 'N VROU MET MIDDELE TE
'BIND' (TE 'TOOR') (14)*

In die 'vasbind' (toor) van 'n vrou
met Tswana-middele, neem hulle die
voëlent op 'n tambootieboom (15)
en die hars van die soetdoring. (16)
Hulle sluit vir die vrou haar baarvermoë
deur dit in gate waarin tuitmiershope (17)
is te kook.

Nou kan die vrou nie kraam nie. Sy
sterf terwyl sy swanger is, as daar nie
iemand is wat weet om haar te 'ontbind'
nie.

(10) *Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata*, bobbejaangif.

(11) die dolosse sal hier bepaal dat daar 'n sweer is in die baarmoeder.

(12) *Modikaletlhaka*:

(13) *tthatlola*: om 'n pot van die vuur af te haal.

(14) *pôfô*: 'vasbind', hier gebruik in die sin van 'toordery'.

(15) *Morekhuri*: *Spirostachys africanus* Sond. tambootie.

(16) *Moôka*: *Acacia karro*, soetdoring.

(17) *Metlhobolokong*: 'n tuitmiershoop (Rysmiere is die kontak met die voorouers
onder die aarde).

M.14

Nna ke bofolla mosadi a ntse jalo. Ke tsaya moleko o mošibidu wa *Matlhorwe* (18) *Moragangaka* (19), dintsi tsa *moōka*. (20) Ke mo arametsa ke di tlhakantse le go mo nosa *Sekgopamatlakala*. (21)

Ka ngwaga wa 1959 go kile ga tla mosadi a tswa Slangkop a na le ngwaga a ntse a ithoele namane mme ke fitlhetse a bofilwe jalo.

Ke ile ka ipega mo kgotleng la morafe, gore ke tshotse motho yo a lwalang pobolo ya pōfō. Ka ipega gore ge e ka swa ke bane le bopaki bo bo tletseng pila.

Mme ke tsere beke ke alafa mosadi yo. Erile ka tsatsi la bo 8 ka kgona. A belega, a tshola mosetsana o moriri o motona le meno a le mane.

Morago ka begella kgosi gore ke kgonne, o belege.

Ke lebogilwe ke 'base' waagwe, morena X, kwa Slangkop ka kgomo.

Ek maak 'n vrou 'los' as sy in so 'n toestand is. Ek neem van die rooi 'toor'-grond bo op die *Matlhorwe*-berg (18), 'Stinkbas' (19), môka-bye. (20) Ek meng en braai hulle en laat haar die dampe daarvan inadem en laat haar 'vuilgoed-veër' (21) drink.

In 1959 het 'n vrou na my gekom van Slangkop af wat reeds vir 'n jaar swanger is, en ek het (met die dolosse) bevind dat sy so gebind is.

Ek het dit aangemeld by die stam se *kgotla* (hof) nl. dat ek iemand (onder my sorg) het wat ly aan die siekte van 'gebind' te wees. Ek het myself aangemeld, sodat indien sy sou sterf, ek behoorlike getuienis sou hê.

Ek het toe 'n week geneem om dié vrou te behandel. Op die 8e dag het ek geslaag. Sy het toe geboorte gegee aan 'n dogter met lang hare en vier tande.

Ek het later aan die hoofman gesê dat ek geslaag het, sy het 'n kind.

Haar baas, Mnr. X, van Slangkop, het my beloon met 'n bees.

M.14(b)

BOGAFEA

Bogafea (22) bo tla le Matebele. Ke boloi, gore basadi le barwetsana ba dumallane le bone. Bogafea ke motho ge a tshaba a tshabela mo nageng yotlhe, a tlhakane tlhogo, a ipatlela monna kampo mosadi.

Motho ge ba mo gafile re tllilo mo alafa. Trena e siana ka mollo. Kegore ke tsee lelatlha la teng, ke le thube. Mme koo tsaya *Ledutla* (23), segwere sa teng.

RONDLOPERIGHEID

'Rondloperigheid' (22) het met die Matebele gekom. Dit is 'n vorm van toordery sodat die vrouens en jongdogters vir hulle moet inwillig. 'Rondloperigheid' is wanneer 'n mens die hele wêreld vol rondloop en van sy kop af is, en net 'n man of vrou loop en soek.

As hulle iemand so 'aan die loop' gekry het sal ons hom genees. 'n Trein hardloop met vuur. Daarom moet ek 'n stuk van daardie steenkool kry en dit stukkend stamp. Verder neem ek die vleilelie, (23) d.w.s. die bol daarvan.

(18) *Matlhorwe*: een van die hoë koppe in die Pilanesberg.

(19) *Moragangaka*: (Pl. 457) 'die *ngakaskopper*', *Pittosporum viridiflorum*, bosboekenhout of stinkbas.

(20) Die Môka-bye raak ook in die aarde weg soos die rysmiere.

(21) *Sekgopamatlakala*:

(22) *Bogafea*: 'n vorm van toordery wat die persoon van sy kop af laat gaan en laat rondloop, met geslagtelike begeertes.

(23) *Ledutla*: (pl. 445) *Crinum macowanii* Bak., vleilelie.

M.14(b)

Di be'la mmoga. Metsi a teng ke ona a ke tllilo a mo nosang, 'samo' le 'stuiipi'. Ge a tlhatsa o ntsha dilo tsotlhe tse a di jisitsweng.

Hulle moet saam kook. Die water van daardie kooksel moet hierna aan die ge-toorde gegee word, 'saam' met 'stuiip' ('n wit klip wat kan brand) 'karbied'? Wanneer hy (of sy) opgooi kom al die goed uit wat hy (of sy) ingegee is met die toordery.

M.15

MO PELEGISING

BY 'N BEVALLING

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl., 1963)

Magorometso (1) ke 'number one' mo *pelegising*. O'fiwa mosadi ka tekanyo O mo tsaya metsotso e e kana ka 15, *namane* (2) e tla be e le fa!

By die bevalling is die *Magorometso*-plant (1) 'nommer een'. Dit word met oorleg aan 'n vrou gegee. Dit neem haar net vyftien minute, dan is die baba (2) hier!

Ge o ka mo fa go feta tekanyo, a ka koafala ka go *gorula* madi a otlhe a sesadi. Tshwanno ya teng kegore a lekanyetswe ke pheko e. E metwa ka mokgothi wa leswana le le jang, bupi ba teng. O a mo nosa ka metsi a a bothitho.

Indien jy te veel aan haar sou gee, kan sy verswak deur al die vroulike bloed uit te skraap. Daar behoort vir haar net die regte hoeveelheid van hierdie middel afgemeet te word. Die poeier word afgemeet met die steelkant van 'n eetlepel. Jy gee dit vir haar in met lou water.

Se a itshianela kwa pelegising ya gagwe. Se tliilo kgalemela ditlhaba gore namane e tle kapele.

Dit kom vinnig by haar kraming. Dit sal die pyne aanjaag sodat die kind gou kan kom.

Mme ga gonke go sala sepe. Le *mogolo-wa-namane* o tlaatla; e tla e setse namane morago. Le ge mosadi a ka belega mme *mogolo-a-namane* o sala, a ka nosiwa *Magorometso* mme e tlaa tswa ka nako eo.

En daar sal niks agterbly nie. Ook die 'nageboorte' sal kom; hy kom agter die kind aan. Selfs indien 'n vrou geboorte gee en die nageboorte bly agter, kan van die 'Stoter'-plant aan haar gegee word, en dit sal dadelik uitkom.

Ge a ka tsala mawelana kegore mafatlha, ke tle tsaya *mogolo-wa-namane* ke dira pheko ya bana bā, ka yona gore e tle e re ge o mongwe a lwala kgotsa a swa, o mongwe a seke a mo latela. Ole ge a lwala, ò ga a nke a lwala.

Indien sy geboorte sou gee aan 'saam-vallers' dit wil sê 'n tweeling, sal ek die nageboorte neem en daarvan 'n middel maak vir hierdie kinders, sodat indien een van hulle sou siek word of doodgaan, die ander een hom nie moet volg nie. As daardie een siek is, sal hierdie een nie siek word nie.

M.16

MADI A MATONA A MOTSETSI

GROOT BLOEDING BY 'N BEVALLING

(Tlokwa-*ngaka* van Gaborone, Botswana, 1955)

Mosadi wa tle a tsene mo tlung, ke go re o tshotse ngwana, mme a tlelwa ke bolwetse ba madi a matona a a ka se ka a tlho' a boela kwa morago. Yaanong re tsaya *Theteli*. (3) *Theteli* ke setlhare sa madi.

'n Vrou gaan soms in die hut, d.w.s. sy gee geboorte aan 'n kind, en daar kom oor haar die siekte van 'die groot bloeding' wat net nie weer kan agteruitwyk (ophou) nie. Nou neem ons slangkop (3), *Urginea sanguinea*, is 'n bloed medisyne.

- (1) *Magorometso*: 'Die stoter' is 'n baie effektiewe, maar ook gevaarlike plant wat dikwels by kraamgevalle gebruik word.
- (2) 'n Ongebore kind word gewoonlik *namane* (kalf) genoem.
- (3) *Theteli*: (Pl. 64) *Urginea sanguinea* Schinz (U. *burkei* Bak.), slangkop. Watt & Breyer-Brandwijk sê (1962 p. 720): "The Kgatla use the plant ... as a blood purifier. The Southern Sotho as an abortifacient."

M.16

Re be re senke *ditloo* (4) e le gore re tlhophile tse di melongwanamentsho.

Yaanong re tshela Theteli mo teng, bupe ba teng ka leswana le le jang.

Re be re tshela mo ditloo tse. Di a butswa, molwetse a ba a tabolela mo koping a ba a tshela morô wa ditloo mo koping.

O a di ja, o nwa morô ole. O mo nwa gabedi ka letsatsi, mme Theteli e tla kgona go emisa bolwetse bo.

Ons soek verder 'Bantoe'-grondboontjies (4), d.w.s. ons het dies met swart 'bekkies' uitgesoek.

Ons gooi die slangkop daarin, d.w.s. die poeier daarvan, 'n eetlepelvol.

Dit gooi ons op hierdie grondboontjies. Hulle word gaar, en die kranke skep daarvan uit in 'n koppie en sy gooi van die sous van die boontjies (ook) in die koppie. Sy eet hulle en drink daardie sous. Sy drink dit twee keer per dag en die slangkop sal daarin slaag om dié siekte te stop.

M.17

BOTSALO

Ngwana ge a tsholwa, santlha re *eka*(5) ngwana ka go lekanya *lehiri* (6) ka lengole la ngwana, re le hune lehuto. Seo re se bitsa *kalane* (7) ya ngwana.

Go rialo ke go eka bophelo ba ngwana, mme re tsaya *Mogato* (8) le mafura a *lebêbê* la mafsi.

Re a a duba ka go a tlhakanya gore re tshase lesea gore le tle le *aloga*. (9)

Morago ga malatsi a mane re mo tshasa *Mogato* tikologo ya *mokgabana*. (10) Go rialo ngwana a aloga sentle.

Sa bobedi re ilela ngwana gore mosadi yo mongwe le yo mongwe ge a le merwalo, a seka a tsena mo motsetsing; gore ngwana a nonofe.

Fa gongwe ge *Mogato* o seo, re tsaya molora o o phepa, o sena matlakala, re tshela tikologo ya *mokgabana* wa ngwana.

Go supa paballo re baya *mopakwana*. (11)

Ka tlhago ya Setswana re arametsa ngwana pheko e e bidiwang *Legetla* (12) la setlhare, le la noka.

DIE GEBOORTE

As 'n kind gebore word, moet ons heel eerste hom verbind deur die naelstring te meet tot by die kind se knie, en dit te knoop. Die nageboorte noem ons die kind se *kalane*

Deur dit te doen maak ons die kind se lewe onafhanklik, en ons neem dan *Sphedamnocarpus pruriens* (5) en die room van melk.

Ons meng en smeer die kind daarmee sodat die naeltjie kan genees. (6)

Na 4 dae smeer ons van die *Mogato*-plant rondom die naeltjie. (7) Dit word gedoen dat die kind gesond kan wees.

In die tweede plek verhoed ons dat enige vrou wat verwagting is inkom na die moeder van die pasgeborene; sodat die kind kan sterk word.

Soms as daar nie van die *Mogato*-plant is nie, neem ons skoon as, wat nie vuilgoed in het nie, en gooi dit om die naeltjie van die kind.

Om versorging aan te dui sit ons 'n 'paal afskorting' (voor die hut).

Volgens Tswana gebruik laat ons die kind 'n kragmiddel (wat braai) inadem wat genoem word: *Bulbine Stenophylla*, die boom-soort, en die riviersoort.

(4) *ditloo*: Bantoegrondboontjie: *Voandzeia subterranea*.

(5) *go eka, go lomaganya*: om af te bind, onafhanklik maak.

(6) *lehiri*: die naelstring.

(7) *kalane*: die nageboorte, wat daar in die hut begrawe word.

(8) *Mogato*: pr. *Sphedamnocarpus pruriens*. Juss. Szysz. (P. 594), of *Monechma incanum*.

(9) *go aloga*: (vgl. Brown) en hier: die genees van die naeltjie.

(10) *mokgabana*: die naeltjie.

(11) *mopakwana*: die houtpale wat voor 'n hut gesit word om besoekers uit te hou.

(12) *Legetla*: (Pl. 483) *Bulbine stenophylla*. Verdoorn.

M.18

PELEGO

DIE BEVALLING

(Kgatla-*ngaka* te Saulspoort, Tvl., 1964)

Morekapele (1) ke pheko ya bophelo ba sesadi mo lebakeng la pelego, kgotsa go tshola ngwana.

E dirisiwa ka go tswakangwa le *Magorometso* (2) le *motlhana* (3) wa pitse.

Kamoo, o di dira ka pele mo go gololeng ga mosadi ge a belega.

'*Semeto*', kgotsa tekanyo ya sona le leswana le lenyenye la tee, ka metsi a bothitho.

Seno, se a nwang ka sona, o se lesa se wa, o mo potile kafa morago.

Se tsaya lebaka la "thirty minutes", jalo ngwana o tshwanetse go tihagala kgotsa go bonala.

Tse ke tsa tlhago ya batho bantsho. Ke dirile ka tsona dipheko tse mo mafelong a mantsi thata.

Fa go tsewa motlhana wa pitse, ke gore pitse ga e nke e sadisa motlhana.

Gape pitse e tsala ngwana wa yona o e makalla ge ngwana a setse a eme ka dinao!

Die 'dikbas' (1) is 'n kragtige middel in die lewe van vrouens tydens 'n bevaling, as hulle in kraam is.

Dit word gebruik deur vermeng te word met die *Magorometso*-plant(2) en ook die 'nageboorte' (3) van 'n merrie.

Jy moet dit daarom vinnig berei om 'n vrou te "verlos" wat in kraam is.

Die 'maat' of hoeveelheid daarvan is 'n teelepelvol in warm water.

Die voorwerp waarmee sy drink, moet jy laat val, terwyl jy agter haar staan.

Dit duur dertig minute, dan behoort die kind te kom of reeds sigbaar te wees.

Hierdie is die gebruik van die swart mense. Ek het hierdie middele op talle plekke gebruik.

Die nageboorte van die perd word gebruik omdat die merrie nooit 'n stuk nageboorte agterhou nie.

En dan ook gee die merrie geboorte aan haar kind dat jy verbaas is om te sien dat die vulletjie reeds op sy voete staan!

M.19

PELEGISO KA TALLAPOA (4)

GEBOORTE GEE MET DUIWELSDIS(4)

(a) Mo diruiweng:

Talla-poa e belegisa diruiwa jaaka kgomo, podi, nku, ge e sa kgone go ntsha namane mo go yona, ka go e nosa Talla-poa.

Kgomo e ka tsaya botlolo, nku le podi 'half'-botlolo.

(a) By diere:

Duiwelsdis laat kuddediere 'geboorte' gee, soos bv. die bees, die bok, of die skaap, as hulle nie die ongeborene kan voortbring nie, deur hulle dit te laat drink.

'n Bees kan 'n bottel-vol neem (drink), en 'n skaap of bok 'n halfbottel.

-
- (1) *Morekapele*: (pl. 589) *Dombeya rotundifolia* Hochst Planch., dikbas.
 (2) *Magorometso*:
 (3) *Motlhana*: die nageboorte (plasenta).
 (4) *Tallapoa*: (Pl. 553) *Dicerocaryum zanguebaricum* (dubbeltjiedoring, duiweltjies, duiwelsdis, elandsdoring, seepbossie, skaapdoring. Interessant is die soortgelyke bevinding van Watt & Breyer-Brandwijk (p. 830): "The Southern Sotho give an infusion of the leaf to aid in the expulsion of retained placenta in women and animals."

M.19

Talla poa e borethe thata, mme ke yona e e ka kgonang go retolla 'namane' e e *faretseng* (5) mma'ayona, ge o no o ina letsogo la gago mo tallapoa e e *kgobilweng*. (6)

Lebogo la gago le retsella fela o bo o *kgopholla* namane gore go (7) tle go tswe tlhogo pele, e seng maoto a kwa morago.

(b) Mo Mosading:

Tallapoa e na le kotsi, go e nwa pele ga nako ya gagwe ya go ka belega, kagobane ge a e nole, le ge e ka nna '5 minutes' fela, o tshwanetse go re a be a ntshe 'namane'.

Ge nka fitlha mo mosading, a setse a lapile mo pelegisong, ke tla mo nosa Tallapoa gore a tshole kapele.

Fela ge e le gore go tlike mo nakong ya pelegisong mme ke fitlhela ekete go thatanyana, ke sebeta ka *Sekgopamatlakala*.

Duiwelsdis is baie glad, en dit is dié middel wat 'n'kalf' sal kan laat omdraai wat met sy agterpote eerste kom en vashaak in sy ma tydens geboorte, as jy jou arm doop in die duiwelsdis wat fyngestamp en in water geroer is.

Jou arm gly eenvoudig en jy keer die kalf om sodat sy kop eerste kan uitkom, en nie die agterpote nie.

(b) By vrouens:

By vrouens is die duiwelsdis gevaarlik, as dit gedrink word voor haar tyd om geboorte te gee, want as sy dit gedrink het, al is dit net 5 minute, moet sy die 'kind' laat uitkom.

As ek by 'n vrou aankom, nadat sy al vermoei is deur te kraam, sal ek haar duiwelsdis laat drink om gou geboorte te gee.

Maar as die tyd aangebreek het dat sy geboorte moet gee en dit blyk dat dit moeilik gaan, gebruik ek die 'vuilgoedveër'-plant.

M.20

GO GOROSA 'MOGOLO-A-NAMANE'

Mogolo-a-namane (8) o na le kotsi mo mosading. Ge o ka sala ge e belega, ga se bophelo. O kudupane, mme o a bogisega go feta *lerallo*; ke go segwa ga gagwe mo 'tsalong.

Pheko ya mogolo-a-namane ke *Sekgopamatlakala*. (9) Ke tlike mo nosa ka marago a 'teaspoon' ge e sitswe, mme ke a tshella mo metsing a a bothito; mme ke a a mo nosa ka sego, ke be ke se lesa gore se wele fatshe.

Ke tla yo itunna fale nako e e ka nang '20 minutes' mme ba tlaatla ba begela ge mogolo-a-namane e gorogile.

OM DIE NAGEBOORTE AF TE KRY

Die nageboorte (8) is baie gevaarlik vir 'n vrou. Indien dit sou agterbly as sy kraam, is dit dodelik. Sy trek inmekaar, en ly pyn wat erger is as die geboortepyne; d.w.s. as die pyn haar 'sny' terwyl sy baar.

Die kragmiddel vir die nageboorte is 'die vuilgoedveër'-plant. (9) Ek sal haar (dit) laat drink (gemeet met) die agterkant van 'n teelepel nadat dit gemaal is, en na ek dit in loutwarm water gegooi het; en ek laat haar dit drink met 'n skepkalbas, en ek laat dit daarna los om op die grond te val.

Ek sal daar eenkant gaan sit vir omtrent 20 minute, en hulle sal kom aankondig as die nageboorte 'aangekom' het.

(5) *e e faretseng*: om met die agterpote eerste te kom tydens 'geboorte'.

(6) *kgobilweng*: wat fyn gestamp en in water geroer is (van: *kgoba*).

(7) *kgopholla*: omkeer, omdraai.

(8) *Mogolo-a-namane*: nageboorte van 'n mens; 'n dier syne is: '*motlhana*'. 'namane' is die ongebore kind.

(9) *Sekgopamatlakala*: 'vuilgoedveër', 'n plant wat naby Boons groei.

M.21

KALANE (1) YA MOTHO

'N MENS SE GEBOORTEVLIES

(Gedikteer deur 'n ou Kgatla-vrou 1955)

“*Kalane* ya me e kwa Mochudi.”

“My geboortevlies is op Mochudi”.

Kegore ke tshotswe teng. Ke gore ngwana o tsholwa ka 'thari', e e bidiwang *setlou* (2) sa gagwe, ebong letlalo le le mo khurumeditseng.

Dit beteken ek is daar gebore. Dit wil sê, 'n kind word gebore met 'n “abbavel”, wat genoem word sy 'setlou', nl. die vel wat hom toegemaak het.

Le epelwa fatshe mo ntlung ya mmaagwe a patlameng teng, ka maoto a mmaagwe.

Daar word 'n gat voor gegrawe in sy moeder se hut waar sy gelê het, en met haar voete begrawe.

Go kata basadi bagolo, ebong babelegisi baagwe.

Die ou vrouens stamp die grond daarop vas, d.w.s. hulle wat haar met die bevalling gehelp het.

M.22

TLHAPISO YA MOTSETSI LE NGWANA

REINIGING VAN DIE SUIGLING
EN SY MOEDER(Ngwato-*ngaka* van noordelike Botswana, 28.4.1955)

Basadi bagolo ba tsenya *Masite* (3) mo metsing, ba be ba tlhapisa motho e le motsetsi, a le mo tlung, ngwana a le monyane, gore a tiye. A seke a ba a tshoga ntataagwe, a re a tswela kwa ntle a gatiwa ke batho. Mme basadi ba o kopa mo rona dingaka.

Die ou vrouens sit gombossie (3) in water, en was 'n vrou wat pas 'n baba gekry het daarmee, terwyl sy nog in die hut is, terwyl die kind nog klein is, sodat hy sterk kan word. Hy moet nie vir sy pa skrik nie, en ook wanneer hy uit die hut buitentoe gaan sal mense hom nie 'trap' nie. (4) Die vrouens vra die middel by ons, die *dingaka*.

Gape o a thugiwa, o nosiwi ngwana a ese a tswela kwa ntle, gore a tswa, mmele wa gagwe o tlhatswegile.

Dit word ook fyn gestamp en vir die baba gegee om te drink voordat hy uit die huis gaan, sodat hy uitgaan met 'n liggaam wat 'gewas' is.

M.23

GO GODISA NAMANE

OM DIE ONGEBORENE EN SUIGLING
TE LAAT GROEI

Ge mosadi a sena go ithwala, mme a le mo kgwedding ya boraro, re simolla go mo nosa *Meno-a-mpya*. (5) Ke pheko e e tla godisang 'namane', le ditshika tsa yona, gore ge e tlifo tsalwa, e fitlhelwe e se *bokgotsokgotso*, (6) e le ngwana o o tiileng, o o tla phelang sentle.

As 'n vrou 'ontvang' het, en in haar derde maand is, begin ons om vir haar 'Die hond se tande' (5) te laat drink. Dit is 'n kragmiddel wat die 'ongeborene' sal laat groei en sy are, sodat wanneer hy gebore word, ons sal vind dat hy nie tingerig (6) is nie, maar 'n stewige kind, wat mooi sal lewe.

-
- (1) *kalane*: die vlies waarmee 'n baba gebore word, en die uitdrukking: “*Kalane ya me e kwa ..*” “My geboortevlies is op ...” is die idiomatiese wyse van mens se geboorteplek aan te dui.
- (2) *setlou*: geboortevlies.
- (3) *Masite*: (Pl. 254) *Hermannia boraginiflora* Hook., gombossie.
- (4) Daar word 'getrap' op iemand wat nie behandel is en versterk is met die nodige middele nie. So 'n persoon kwyn en gaan agteruit.
- (5) *Meno-a-mpya*: etlike plante, o.a. *Crabbea hirsuta* en *Caraluma lutea*, E. Schinzii.
- (6) *bokgotsokgotso*: tingerig, slap, swak.

M.23

Ge a sen' o tshola ngwana o, re nosa maagwe pheko e gape, gore e fetole le mafsi a gagwe, a tla a le matala. Le ngwana ge a ithoma re tla bona mantle a gagwe a le matala.

Mo kgwedding ya bone ge re bona a tiile, a kgona go itsosa, ga re tlhe re dumela maagwe gore a nwe.

Gape go na le fa ngwana a sa anye maagwe, mabele a maagwe a sule, a bolailwe ke ditlhagala; re apeela ngwana pheko e: *Meno-a-mpya*, a tle a bone go nonofa ka pele. Re a re: ngwana o, *ga a na ditantanyane*. (7) Ditantanyane ke ge a sa tiya.

Tlhokomelo ya monna ke go tlhokomela mosadi o o tsholang ngwana wa gagwe. Ge ngwana a *tila* (8), ke go re ge a nonfile, ga a bolawe ke *tlhogwana*. (9) Ke go re ge phogwana e wela e sa bone go tsamaya.

Jalo ge, re simolla go tsaya pheko e e itsiweng ke basadi botlhe ba ba anyisang, ebong *Tlhogwana* (10) kampo *Phogwana*. (11)

Re tsaya matlhare a lona, re a sila a le boleta, a ntse a le matala, re a baa mo phogwaneng ya ngwana.

Morago ga foo re tliilo arametsa ngwana ka medi ya teng le matlhare a teng, re tlhakantse le seboko se se bidiwang *Theteli* kampo *Sebatibogole*.

Re tsa matlhare a teng, mme e tla re ge a 'trekile' re a a 'sêfa' re a tiatsa 'botlolo' e o tla nang o tshela mo dijong tsa ngwana. Ke go re ene ngwana o tla mo lemoga ge a ya kwa ntle a ntsha mantle a matala, a re tla itseng gore ngwana o ya kwa go nonofeng. Ke mantle a re a bitsang '*mokgabana*'. (12) Re tla itse gore mohubu wa gagwe o ya kwa go re o tiye. Ge *mokgabana* o fedile, re tla re ngwana o fodile.

Nadat sy aan hierdie kind geboorte gegee het, laat ons die moeder weer hierdie middel drink, sodat dit ook haar melk kan verander, en dit groenerig van kleur sal wees. Selfs ook die baba, as hy ontlas sal ons vind dat sy ontlasting groen is.

In die vierde maand as ons vind dat hy sterk is, en homself kan oprig, laat ons die moeder nie meer (die middel) drink nie.

Daar is ook die gevalle waar die kind nie aan sy moeder drink nie, aangesien sy moeder se borste 'dood' gemaak is deur swere, ons kook vir die kind hierdie middel: "die hond se tande" sodat hy gou sterk kan word. Ons sê: hierdie kind het geen pieperigheid (7) nie. Pieperig is wanneer hy nie mooi sterk is nie.

Die taak van die man is om sy vrou op te pas wat sy kind 'dra'. As die kind stewig is, (8) d.w.s. mooi sterk is, kry hy nie die ongesteldheid van ingevalle fontanella (9) wat die hartkloppings nie mooi sterk laat loop nie.

Ons begin om die kragmiddel te gebruik wat al die vroue ken wat soog, nl. die 'wag-'n-bietjie' Asparagus.

Ons neem die blare en stamp hulle fyn terwyl hulle nog groen is, en sit hulle op die baba se fontanella.

Daarna sal ons die baba van die (wag-'n-bietjie) wortels en blare se dampe laat inadem, waarby ons die miswurm of basgogga gevoeg het.

Ons neem ook van die (wag-'n-bietjie) blare, en nadat ons dit laat trek het en deurgesif het, maak ons 'n bottel vol daarvan wat by die kind se voedsel gevoeg word.

Jy sal oplet as die kind ontlas en die ontlasting groen is, waardeur ons sal weet dat die kind sterk sal word.

Ons noem hierdie ontlasting *mokgabana*. (12) Ons sal weet dat sy naeltjie nou begin sterk word. As die groenerige ontlasting ophou sal ons sê die kind is gesond.

(7) *ditantanyana*: pieperigheid, knieserig.

(8) *tila*: stewig, sterk is.

(9) *tlhogwana*: ingevalle fontanella, 'n ernstige toestand wat genees moet word.

(10) *Tlhogwana*: *Asparagus africanus* Lam. (Pl. 572)

(11) *Phogwana*: 'Wag-'n-bietjie', katdoring.

(12) *Mokgabana*: die groen ontlasting van babas, gekleur deur die 'wag-'n-bietjie'-blare.

M.24

GE NGWANA A RATHETSWE

AS 'N SUIGLING 'RAAKGESLAAN' IS

(Kgatla-evangelis in Botswana, 1955)

Ge ngwana a rathetswe, ke go re ge a santse a anya, mme mmaagwe a ba a setse a le moimana gape, mafsi a ba a le kgatsele, re tla mo epela modi wa *Mosokelatsebe*. (1) Re a o apa'a ka mafsi, ra o mo nosa.

Le *Morotologa-wa-kgomo*(2) o go tweng *Motsidi* ka sengaka, o ka apeiwa fela jalo ka mafsi le ona wa a mo nosa. O tllilo fola.

As 'n baba 'raakgeslaan' is, d.w.s. as terwyl hy nog gesoog word, en sy moeder weer swanger en die melk 'bies' word, dan grawe ons vir hom die wortel(s) van die aambeiwortel. (1) Ons kook dit met melk en laat hom dit drink

Net so kan ook die groot 'suurpruim'(2) (die wortels) met melk gekook word en aan die baba gegee word om te drink. Hy sal gesond word.

M.25

GO ALAFA MAFSI A E SENG A NGWANA

OM VREEMDE MELK TE BEHANDEL

(Kgatla-ngaka te Mathubudukwane, Botswana, 1953)

Mosokelatsebeng (3) o dirisiwa ge ngwana a anya mafsi a e seng a gagwe. Ke gore: mmaagwe o setse a le kgomogadi. (4)

Ke tllilo mo epela medi ke e apaya le mafsi a podi (engwe le engwe). Mme o tla se ja mabaka a a kanang ka kgwedi, yaaka ngwana o tla bo a rathetswi. (5)

Ke gore lesea le, le ka anya mmaalô, go fitlhêla a belega o mongwe.

Ge a ka se ka a alafiwa ka mosôkela o, a ka lwala ka go anya mafsi a e seng a gagwe.

Die haasoor (3) word ook gebruik as 'n kind melk suig wat nie aan hom behoort nie. Dit meen: sy moeder is reeds verwagende (4)

Ek sal vir hom wortels grawe (van hierdie plant) en dit kook met bokmelk (enige bok). Hy sal dit 'eet' vir tot 'n maand lank, totdat die kind se jonger boetie (sussie) gebore is. (5)

Dit beteken dat hierdie kind, kan aan sy moeder drink totdat sy aan 'n ander kind geboorte gee.

As die (e.g.) kind nie gedokter word deur hierdie haasoor nie, sal hy siek word van melk drink wat nie aan hom behoort nie.

M.26

BOLWETSE BA PHOGWANA (6)

DIE 'KRANKHEID' VAN DIE FONTANELLA (6)

(Tlokwa-ngaka van Gaborone, Botswana, 1954)

Ke gore ngwana ge a lwala phogwana, go lebilwe ge e sa tsamae. Ke gore o a swa.

Yaanong re tsaya *Lesitasitwane*(7), matlhare a lone le *Masigomabe* (8) (ka sengaka ke *Mollwana*), le kgapetla la lee la mpsê.

Dit wil sê wanneer 'n baba se skedelopening 'siek' is, is dit as bemerk word dat hy nie sigbaar klop nie. M.a.w. hy is besig om dood te gaan.

Nou neem ons die blare van die katdoring (7) en swartwaterbossie (8) en die dop van 'n volstruiseier. (ongeveer 1 dm. vkt.)

-
- (1) *Mosokelatsebe*: (pl. 78) *Sansevieria*, pr. guineensis, aambeiwortel, haasoor.
 (2) *Morotologa-wa-kgomo* (*Nga.*) *Motsidi*: (Pl. 263) *Ximenia caffra* Sand., suurpruim.
 (3) *Mosokelatsebeng*: *Sansevieria* (pr.) *Thyrsiflora*, haasoor, bantoeiwortel.
 (4) *Kgomogadi*: swanger, letterlik, vroulike bees.
 (5) *rathetswi, ge ngwana o tla tsalwa monnawe*: 'raakgeklap' d.w.s. as 'n kind se jonger boetie of sussie 'op pad' is.
 (6) 'n Baba se skedelopening moet altyd sigbaar klop. Indien dit sou stilstaan is die kind baie siek.
 (7) *Lesitasitwane, Lesitwane*: *Asparagus suaveolens* Burch, katdoring.
 (8) *Masigomabe, Mollwana* (*Nga.*): (Pl. 546) *Plumbago zeylanica* L., swartwaterbossie.

M.26

Re a di sila mmogo tsotsotlhe, re be re dira bupe. Mme re tshella mo koping re tabotse ka mokgothu wa leswana. Re nosa ngwana yo o lwalang yo.

Ditlhotlhoru tsa teng, re di bee mo phogwaneng re di phaphatele. Ge re seno di phaphatela, re a di tlosa re be re di bodulle ka moa. Mme re dirwa, ke Masegomabe ka o le bollo, o a fisa, ke gore ge a ka nna 'two minutes', o ntsha phogwana e ntho e.

Bogolo, ge bolwetse bo ka tswella pele, a ka nosiwa gape, e seng go mo phaphatela gape la bobedi.

Ke yona kalafi ya bolwetse ba phogwana.

Ons maal huile almal saam fyn totdat dit soos meel word. Ons gooi dit dan in 'n koppie, dit wat ons geskep het met die steel van 'n lepel. Ons laat hierdie siek kind (die medisyne) drink.

Die afsaksels daarvan, sit ons op die fontanella en tik dit liggies met die vingers. Nadat ons dit getik het, neem ons dit weg en blaas dit met asem. Ons doen dit vanweë die (plant) aangesien dit brand; want indien dit 'twee minute', op sou bly, sou dit 'n sweer op die skedelopening veroorsaak.

Liewers kan, indien die siekte sou voortduur, (die baba) nog 'n keer (van die medisyne) ingegee word, maar nie om weer 'n tweede keer (daarmee) getik te word nie.

Dit is die behandeling van (stil) fontanella.

M.27

PHEMELO YA NGWANA

DIE BESKERMMIDDEL VIR 'N KIND

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl. 8.3.1967)

Diphemelo (1) tsa ngwana di dintsi thata. Phemelo e kgolo mo ngwaneng ka kwa bongakeng ba Setswana, ke *Legetla*. (2)

Legetla ke pheko e kgolo e e dirang gore ge ngwana a lwala re itse bolwetse ba gagwe ka pele.

E arametswa ngwana a sena go tsalwa, a sa le monye, a le malatsi mabedi a tshotswe.

E tswakangwa le khukhwane e e bidiwang *Sebatibogogo*. (3)

E phela mo makwating a dikgong.

Tseo di *arametswa* (4) ngwana a sa le monye, gore a gole a ntse a arameditswe; le go mo '*logets*' (5) tsebe e le ngwe le leitlho le le lengwe le lerobana la nko le le lengwe; le go mo jesa mo ganong malatsi a lesome. Jalo foo go tlaa bo go ntse.

Daar is baie beskermmiddele (1) om 'n kind te beveilig. Een van die belangrike middele in die Tswana-*ngaka*-praktyk is *Bulbine stenophylla*. (2)

Hierdie *Bulbine* plant is 'n belangrike kragmiddel wat maak dat as 'n kind siek word, ons sy siekte gou kan uitken.

Die kind moet die dampe inadem net twee dae na sy geboorte.

Die plant word vermeng met 'n kewer wat *sebatibogogo* (3) genoem word.

Die kewer leef onder die bas van dooie stompe.

Die kind moet die dampe (4) daarvan inadem terwyl hy nog klein is, sodat hy kan groot word nadat hy dampe inge-adem het; en ook om sy een oor met hierdie middele se salf (5) te smeer, asook die een oog en die een neusgaatjie; en hom dit deur die mond te laat eet vir tien dae lank. Dit sal genoeg wees.

(1) *go femela*: om te beskerm, beskut, of kwaad af te weer.

(2) *Legetla*: (Pl. 483) *Bulbine Stenophylla*, Verdoorn.

(3) *Sebatibogogo*: kewer in stompe.

(4) *arametsa*: om iemand onder komberse te laat uitsweet met die dampe van middele wat in kookwater getrek het, of ook deur dit in 'n potskerf te braai.

(5) *logets*: om die medisyne waarmee jy iemand laat uitsweet het te neem, fyn te maal, met vet te meng, en hom daarmee te smeer.

M.27

Ge ngwana a ka lwala re tllilo itse bolwetse ba gagwe ka bonako pila.

As die kind later sou siek word, sal ons sy siekte gou en sekuur kan diagnoseer.

M.28

'MOSESE' GE KGWEDI E ROGWA

MAANDSTONDE MET NUWEMAAN

(Motlhako-*ngaka* wat in Botswana woon, 1952)

Lebaka le le siameng mo mosading go 'bona mosese' ke ge *kgwedi e rogwa*. (1) O tshwanetse gore a nne a o bone ka sebaka seo. Ge o ka tllola foo gape, a o bona ka sebaka se sengwe, foo ga go pila. Ge go sa tle ka nako ya teng, go ka mo direla kotsi. Kampo le ge o ka tla bosigo a na le monna wa gagwe, a ka ba direla kotsi.

Ke go re ka metlha o no o tle ka lebaka le le siameng la ona. Lona lebaka la pele, le mosese o tsileng ka lona, ke lona le le batlegang mo bophelong ba motho monamagadi.

Kgwedi e rogwa ke go re ngwedi e bonala mo bophirimatsatsi ka nako ya phirimana. Ge e tletse, ke ge e tswa kwa botlhabatsatsing.

Mo segarona, tlwaelo ya rona ke gore mosadi o bona mosese ngwedi e rogwa.

Ge mosadi a ka bona mosese me e se nako ya gagwe, o tla bolella monna a re: "Ga ke a siama, mosese ga o tsamae pila. Ga o tle ka baka la ôna. Ebile o a ntwatsa."

Mme monna o tla tsamaya a ya ngakeng, a mo kopela moriana a re: "Mosadi wa me ga a tsamae pila mo phapogong ya gagwe."

Mme ene ngaka e tla ntsha setlhare kafa a di tshotseng ka teng, ka di dintsi, a mo naya.

Nna ke tla mo naya setlhare sa *Fulwane*. (2) Ke setlhare se se thusang basadi.

Ke tla tsaya phafana e tletse metsi, mme ke tla sêta-sêta makape a teng mo metsing.

Die regte tyd vir 'n vrou om haar maandelikse 'veranderinge' te hê is met nuwemaan. (1) Sy behoort dit te hê op daardie tyd. As sy daarvoor sou 'spring' en dit op 'n ander tyd kry, dan is dit nie goed nie.

As dit nie op die regte tyd kom nie, kan dit vir haar teenspoed bring. Of wanneer dit bv. in die nag kom terwyl sy by haar man is, kan sy 'n ramp oor hulle bring.

Dit beteken dat te alle tye moet die menstruasie op die regte tyd daarvoor kom. Daardie eerste tyd waarop die maandstonde gekom het, dit is dié wat ons weer wil hê in die lewe van 'n vroulike mens.

'Nuwe maan' ('die maan word gevloek') is wanneer hy in die weste sigbaar is na sononder. As hy vol is, is dit wanneer hy van die ooste af kom.

Volgens ons gebruik moet 'n vrou haar maandstondes hê 'as die maan gevloek word'. (dus met nuwemaan).

As 'n vrou haar veranderinge sou kry en dit nie 'haar tyd' is nie sal sy aan haar man sê: "Ek is nie reg nie, die veranderinge kom nie op die regte tyd nie. En dit laat my ook siek voel."

Die man sal daarop na die *ngaka* gaan en vir hom 'n middel vra en sê: "Dit gaan nie goed met my vrou se afsondering nie."

Die *ngaka* sal nou volgens sy kennis en verskeidenheid vir hom 'n middel gee.

Ek sal vir hom die basterolien-middel (2) gee. Dit is 'n middel wat vrouens help.

Ek neem 'n kalbas vol water, en kerf krapsels in die water.

(1) *kgwedi e rogwa*: nuwemaan.

(2) *Fulwane*: (Pl. 104 & 551) *Buddleia saligna* Willd., basterolien, wildevlier.

M.28

Ke tla batla lefetlho la setlhare kampo la Moretlwa kampo le Mogwane, ke fetlhela ka lona. Go tla tswa lefulo, ke be ke tsa leswana la tee, ke naya mosadi o, gore a je lefulo la teng. Ge a utlwa gore o kgotshe, o a lesa. Mme o tla le fetlhela gape a ba a le baa mo tlang. Ka sebaka se a ratang, o tla le tsaya a fetlhela a ja gape. Ge a kgora o a a baya.

A ka etsa jalo-jalo le ge e le go fitlhela kamosô, go tsamae metsi a ba a fela, a ntse a nwa lefulo la teng. Ge lefetlho le pallwa go ntsha lefulo, o kadumetsa metsi a a setseng.

Jaanong go ntse; o tla bona gore go tsamaya jang mo ene, mo dikgwedi tse di tlang.

Le monna ge a ikutlwa gore botlhoko bo mo letheheng a ka etsa mosadi jalo.

Ek sal 'n plant-roerstok soek, liefs van die rosyntjebos of van die kruisbessie, en roer daarmee. Daar sal skuim kom. Ek neem 'n teelepel en gee dit aan hierdie vrou sodat sy die skuim moet eet. As sy versadig is hou sy op. Sy roer dit weer en bere dit in die hut. As sy weer daarna voel neem sy dit en roer dit en eet weer. As sy versadig is sit sy dit weer weg.

So kan sy aanhou selfs tot die volgende dag toe, totdat die water op is waarvan sy al die tyd die skuim drink. As die roerstok nie meer skuim maak nie, dan drink sy die laaste water.

Dit is voldoende; sy sal nou oplet hoe dit gaan met haar in die maande wat volg.

En ook die man, as hy voel dat sy lende seer is, kan hy net soos die vrou maak.

M.29

GO ALAFA MOSESE

MAANDSTONDES REËL

(Motlhako-*ngaka* van Mathubudukwane, Botswana, 1952)

Ge mosadi a 'bonye mosese' (1) re batla gore a o bone malatsi a le mabedi kampo a mararo. Ge go ka fetela kwa pele, ga se pila. Ga re rate. Yabe e le bolwetse foo yaanong.

Foo re tliilo dirisa Lefetlhwane (2) go mo alafa ka sôna. Go thuse gore madi yaanong a fele.

Gape, ge madi a ka tla, a tswa thata, go supa bolwetsi. Mme le foo go tshwanetsi go khutlisiwa ka Lefetlhwane.

As 'n vrou ' 'n rok gesien het' (1) (mestruer), wil ons hê dat sy dit twee dae lank moet vind of drie. As dit langer sou duur is dit nie goed nie. Ons wil dit nie hê nie. Dán is dit 'n siekte.

Ons sal in so 'n geval die basterolien⁽²⁾ gebruik om haar daarmee te genees. Dit sal help dat die bloed nou moet ophou.

En ook wanneer die bloed baie kom, is dit 'n teken van siekte. Dit moet ook stop gesit word met die plant.

M.30

'MOSESE' O TLÊ KA KGWEDI E THWASE

MAANDSTONDE MET NUWEMAAN

(Ngwato-*ngaka* van noordelike Botswana, 28.4.1955)

Mosese (3) o tshwanetse go tla ka kgwedi e thwase.

Ga kgwedi e ya kwa botlhabatsatsi, ga go a siama.

Ge o le 'fa gare ga motse', gongwe ge o *selwa*, o tswa bosigo, yaanong mosadi ge a ka bona mosese ngwedi o sena go kôômela, ke bolwetse.

Die maandstonde (3) behoort te kom met nuwemaan.

As die maan na die ooste beweeg, is dit nie goed nie.

As die maan 'in die middel van die stat' (laaste kwartier) of eerste kwartier is en in die nag opkom, of as die vrou menstrueer as die maan ondergegaan het, beteken dit siekte.

(1) 'go bona mosese': 'om rok te sien', d.w.s. maandstonde te hê.

(2) *Lefetlhwane, Fulwane*: (Pl. 104 & 55). pr. *Buddleia saligna* Willd., basterolien.

(3) '*Mosese*', '*setswalo*' en '*o ile nokeng*': die maandstonde.

M.30

Setlhare se se alafang *setswalo* (4) sa mosetsana, a sa se bone, a se bitsa gore se bowe, ke: *Thepelefsane o o mosesanyane*. (5)

Re tsa'a modi wa teng. O mosweu ge re o epa, mme ge o o somotse o fetoga o nna mošibidu. Ke go re ke ona madi. Ge o mo nositse mola, go a fela. Madi a'gwe a tla nna sentle.

A o nwe, a lebile kwa botlhabatsatsi. Ge kgwedi e palama gape, le ene o tla bona mosese sentle.

More o, o a kopangwa le *Thepelefswe*, (6) ke go re: *Tlhogotshweu*.

Die middel wat die maandstonde (4) van 'n meisie weer normaal laat kom as sy wil hê dat dit weer moet verskyn is:

Cyphocarpa angustifolia. (5)

Ons neem die wortel daarvan. Dit is wit as ons dit uitgrawe, maar sodra jy dit uitgehaal het, word dit rooi. Dit is omdat dit die bloed is. As mense haar daarvan laat drink het, hou daardie (onreëlmatigheid) op. Haar bloed sal weer reg wees.

Sy moet dit drink terwyl sy na die ooste kyk. As die maan weer 'opkom' (in die weste), sal ook sy haar menstruasie reg kry.

Hierdie middel word gemeng met *Heliotropium lineare*, ook bekend as hamelstertjie. (6)

M.31

THOTAMADI LE 'MOSESE'

'BLOED-DRUPPER' EN MAAND-STONDES

(Matebele-*ngaka* wat tussen Kgatla van Botswana woon, 1955)

Ge *mosimana* a lwadiswa ke go robala le mosetsana, a bonye mosese, ò apaya *Thotamadi* (7) ka mafsi. A se nwe. O tla tlhola a rota madi a a sa siamang. Ge madi a fela, o ntse, o fodile. Kamoso a se nwe gape. Kamoso ge a bona a rota metsi, madi a tswa morago ga metsi, a se tlogele, a sa tlhola a se nwa.

Ge mosetsana a bona a tswa madi a mosese thata, a ka tsa'a *Thotamadi* a e apa'a ka bogobe, a ja. E tla busa mesese gore e eme.

Ge a sa bone mesese o e apaya ka metsi. E tla phunya mesese ya gagwe gore e bonale.

As 'n jongman siek word omdat hy by 'n meisie geslaap het wat menstrueer, kook jy rooikambroo die 'bloeddrupper' (7) met melk. Dit moet hy drink. Hierna sal hy die slegte bloed (van die meisie) urineer. As die bloed ophou, is hy gesond. Mòre moet hy dit weer drink. As hy die volgende dag vind dat hy 'water' urineer en daar daarna bloed uitkom, moet hy (die plant) laat staan en nie meer daarvan drink nie.

As 'n meisie vind dat sy baie bloed verloor met menstruasie, kan sy van die rooikambroo neem en dit met pap kook en eet. Dit sal haar menstruasie laat ophou.

As sy nie haar maandstondes gereeld het nie, kook sy dit met water. Dit sal die menstruasie laat begin.

(4) *setswalo*: die maandstonde.

(5) *Thepelefsane o o mosesanyane*: (Pl. 253) *Cyphocarpa angustifolia* (Moq.) Lopr.

(6) *Thepelefswe, Tlhogotshweu*: (Pl. 44) *Heliotropium lineare*, hamelstertjie.

(7) *Thotamadi*: (Pl. 23) *Jatropha erythropoda* Pax & Hoffm. rooikambroo, 'die bloeddrupper', 'n plantjie met 3 klein 'beet'-knolle op mekaar wat 'blbed'drup! Die plant is baie gewild vir 'bloed in die urine'-kwale.

M.31

(Ngwato-*ngaka* se gebruik 1955)

Thotamadi ke e 'berekisa' mo bolwetseng ba banna ge ba lwala mo lethekeng, ge a lwatswa ka fa ntlheng ya basadi. Ke go re ke motho o o khutlegileng.

Ke tsa'a Thotamadi ke a e segelela. Ke a e omisa le go e sila ke e lokela mo metsing a a bothitho. Ge ke seno e fuduwa, ke a e mo nosa.

Ek gebruik die rooikambroo vir mans met lendepyne, as dit vrouens is wat hom siek gemaak het. D.w.s. dit is 'n man wat deur menstruasie vermink is.

Ek neem die 'bloeddrupper' en sny dit fyn. Ek laat dit droog, maal dit fyn en gooi daarvan in warm water. Nadat ek dit geroer het, laat ek hom daarvan drink.

M.32

MOSADI O A SA NNANG PILA, GA A RALLE DIKGOMO

(Kgatla-*ngaka* van Modipane, Botswana, 25 Mei 1955)

Go phokola dikgomo go tsewa *Ledutla* (1) le le tonanyana, le *Tlhobokwe* (2) le *Tshukuya-pôô*. (3) Re batla *Morala*. (4) Re a tlhagetla, re loka mo kgamelong kampo mo mokorong, re nose dikgomo tse di anyisang le tse di dusang, gammogo le dipodi.

Ge e le dikgomo go nwa pôô pele. Ge e le kwa dinkung, go nwa phôkô kampo phelehu pele.

Yaanong di tla sisal Di tla baa tse di mafsi a mantsi.

Mme dikgomo tse ga se tse di ka rallwang ke motho, tsa senyega. Ge mosadi a itse gore ga a nna pila, mme a ralla fela mo dikgomong tse, o tla ba a itoile.

Dikgomo tsona ga di nke di senyega. Go tla senyegelwa o o di rallang. Dinku kampo dipodi, fela jalo.

N VROU WAT HAAR VERANDERINGE HET MAG NIE TUSSEN DIE BEESTE DEURLOOP NIE

Om die beeste met 'n kragmiddel te 'beveilig' word die wit turflelie (1) geneem en *Tephrosia polystachyoides* (2) asook *Hypoxis rooperi* (3) en die Transvaalse katjiepiering. (4) Ons stamp hulle fyn en gooi dit in 'n emmer of in die drinkbak en laat sodoende die beeste met suipkalwers of wat dragtig is, daarvan drink, asook die bokke.

Wat die beeste betref moet die bul eerste drink. Wat die skape betref, moet die ram en ook die bokkapatere eerste drink.

En nou sal hulle melk gee! Hulle sal 'n kudde met baie melk wees.

Hierdie beeste kan ook nie 'deurkruis'(5) word deur iemand en so skade berokken word nie. As 'n vrou weet sat sy haar veranderinge het, en sy somer tussen hierdie beeste inkom, het sy haarsel self getoor.

Die beeste sal niks oorkom nie. Die een wat hulle 'deurkruis' sal skade kry. Dit geld ook vir die skape en bokke.

(1) *Ledutla*: (Pl. 445) *Crinum macowanii* Bak.

(2) *Tlhobokwe*: (Pl. 334) *Tephrosia polystachyoides* Bak. f.

(3) *Tshuku-ya-pôô*: (Pl. 499) *Hypoxis rooperi* S. Moore.

(4) *Morala*: (Pl. 344) *Gardenia spatulifolia* Stapf. & Hutch., Transvaalse katjiepiering.

(5) *ralla*: 'n 'onreine' of toornaar wat 'n kudde onvrugbaar maak deur tussen hulle in te kom.

N.1

**GORE O O MPA A SE KE A
GO 'GATA'**

(Kgatla-*ngaka* van Mathubudukwane, Botswana, 27.1.1953)

Ke go re: motho o o tlhagang a le mpa, a se ke a *okama* monna; ke go re a se ke a mo *gata*. (1) Re ra'a gore motho o o lwalang o, a bolwetse baagwe bo se ke baa gola ka ntlha ya mpa ya motho o o merwalo. (2)

Go tsewa *Mogato* (3) wa ditlhare tse di tala. Ke mogato wa ge motho a lwala. O ka na wa o phura wa mo kgwela, kante wa o sila, medi ya teng. Wa kopanya bupe ba teng le mafura a podi, kante a kgomo. A ka nna a tlôla mmele bosigo ge a ya go robala.

**SODAT 'N SWANGER VROU JOU
NIE MOET 'TRAP' NIE**

Dit beteken dat 'n vrou wat swanger is, nie 'oor die man moet buk nie'; d.w.s. sy moet hom nie 'trap' nie. (1) Ons bedoel dat hierdie mens wat siek is, laat sy siekte nie erger word weens die 'lyf' van die vrou wat swanger is nie. (2)

Ons neem bv. die bitterappel (3) as 'trapper' van groen plante. Dit is 'n 'trapper' van iemand wat siek is. Jy kan dit kou en oor hom uitspuug, of jy kan dit fynmaal, die wortels daarvan. Jy meng hierdie poeier met bokvet of beesvet. Hy kan sy liggaam saans daarmee invryf as hy gaan slaap.

N.2

**SETLHARE SA GO TIISA MONNA
LE MOSADI**

(Kgatla van Botswana 6.9.1956)

Ge monna kampo mosadi a koafetse letheka, ke gore a sa je pila, a ikutlwa gore o lapile, kampo a sa ye nageng, ke mo apele ditlhare tse nne kampo tse tlhano tse:

Sekanami (5), *Sebete* (6),
Moselesele (7), *Mosetlha* (8),
Kobô-e-tshetlha (9) - ke gore *Seswagadi*. (9)

Ke tla a tlhatlhega mo pitseng. Mo go nweg go ka nowa maswana a mabedi a matone gararo ka letsatsi, go fitlhela a ikutlwe pila.

Ke gore setlhare se dira gore motho a etetse dijo, mme o tla phela sentle. Esita le mosadi o tla mo thabisa.

Le mosadi ge a ja setlhare se, o tla rata go thabisa monna wa gagwe jalo fela.

As 'n man of vrou se lende (4) swak geword het, d.w.s. dat hy nie goed eet nie, en hy voortdurend moeg voel, of dat hy nie opelyf het nie, kook ek vir hom (of haar) vier plante of hierdie vyf:

'slangkop' (5), 'lewerplant' (6),
'sekelbos' (7), 'huilbos' (8) en 'verfbol' (9)

Ek sal hulle in 'n pot kook. Wat drink betref, kan twee groot eetlepels drie maal per dag gedrink word, todat hy/sy vind dat hy weer lekker voel.

Die rede is dat die middel die uitwerking het van die mens lus te maak vir kos, en hy sal lekker lewe. So ook sal die vrou hom bly maak.

Ook die vrou, as sy hierdie medisyne drink, sal die begeerte hê om haar man net so te plesier.

-
- (1) *okama*: oor iemand buk, en *gata*, op hom trap is gevaarpunte van oorweldiging, wat verhoed moet word.
 (2) So bv. kan dié siek man sy maag ook 'swanger' (groot) word.
 (3) *Mogato*: (Pl. 119 & 143) *Monechma incanum* (vgl. Miller) of Pl. 112 *Solanum Panduraeforme* E. Mey., bitterappel.
 (4) *letheka*: die lende; 'n baie algemene kwaal by mans en vroue wat saam hang met nierkwaal en rumatiek, maar wat gewoonlik aan geslagsmoelikhede toegeskryf word.
 (5) *Sekanami*: (Pl. 64) *Urginea sanguinea* Schinz., slangkop.
 (6) *Sebete*:
 (7) *Moselesele*: *Dichrostachys cinerea* (L.), sekelbos.
 (8) *Mosetlha*: (Pl. 151) *Peltophorum africanum* Sond., huilbos, huilboerboon.
 (9) *Kobô-e-tshetlha*, *Seswagadi*: (Pl. 463) *Jatropha zeyherii* Sond., verfbol.

N.3

*MONNA O O BOTLHOFO GO
KOPANA LE MOSADI*

*'N MAN WAT TE 'LIG' IS VIR SY
VROU*

(Kgatla-*ngaka* van Modipane, Botswana, 1955)

Monna o o botlhofo go kopana le mosadi o jesiwa *Lesisimogo* (1), ke go re *Maimé*. Mme re se kopanya le *Morarwana wa Mo-tla-ka tlase*.“(2)

Se apeiwa ka nama ya kgogo e e simollang go lla, kampo nama ya phoko e e simollang go bilêbilêtsa.

Se jesiwa monna, re be re bitse re re: “A re ye gae re yo go batla maroba!”

Mme se tla tsosa ditshika tsotlhe tsa monna. Ditshika tsotlhe tsa monna di ka dirwa ‘renew’ gore go seke ga ba bolapi mo monna.

Aan 'n man wat te 'lig' is vir sy vrou, word 'die Terug-laai-deinser' of 'Swaar-drukker' gegee om te eet. Maar ons meng dit met 'die Ranker wat van onder kom'. (Ceropegia).

Dit word met 'n hoender(haan) wat net begin kraai se vleis gekook, of die vleis van 'n jong bokram.

Dit word vir die man gegee om te eet terwyl ons uitroep en sê: “Kom ons gaan huistoe om die jong hennie op te soek.”

Hierdie middel sal al die man se are versterk. Hulle sal almal 'vernuwe' word sodat die man ook nie moeg sal word nie.

N.4

GO BULELWA KGORO

*DAT DIE 'DEUR VIR JOU OOPGE-
MAAK WORD'*

(Kgatla-*ngaka* van Botswana)

Ge monna a nyetse mosadi mme ga feta dinyaga, fa gongwe tse di supang, mme ba sa bone ngwana, ke go re madi a bone ga a ratane.

Jaanong ge monna a bona gore: 'Fa go a pala! O ya fa go monkana wa'agwe, a mo ra'a a re:

“Monkanake, nna ke paletswe. A ko o tsene mo ntlung yaaka; a ko o nthuse.”

Jaanong o tla ya mo ntlung ya monkane wa'agwe a yo robala le mosadi wa'agwe. Ge Modimo o rata, ngwana o tlaatla ka pele fela.

Go tloga foo, monna wa mosadi o tllilo simolla go tshola bana le mosadi oo. Gatwe: 'O buletswe kgoro'.

As die man met 'n vrou getrou het, en daar miskien sewe jaar verby gegaan het en hulle nie 'n kind kry nie, is dit omdat hulle bloed nie van mekaar hou nie.

As 'n man sien: 'Hier is dit onmoontlik! ' gaan hy na sy regimentsmaat en sê vir hom:

“My maat, ek kry dit nie reg nie. Gaan jy asseblief in my huis in; help my asseblief.”

Hy sal in die huis van sy maat gaan en met sy vrou gaan slaap. As Modimo wil, sal die kind sommer gou kom.

Van dan af, sal die vrou se man begin om met die vrou kinders te kry. Hulle sê: 'Die deur is vir hom oopgemaak.'

(1) *Lesisimogo, Maimé*: (Pl. 117) pr. *Ipomoea crassipes* Hook.

(2) *Morarwana wa Mo-tla-ka-tlase*: (Pl. 138), *Ceropegia*.

N.5

GO RATANTSHA MADI A MONNA
LE MOSADI

OM 'N MAN EN VROU SE BLOED
VAN MEKAAR TE LAAT HOU

(Tlokwa-ngaka van Botswana, 1955)

Fa mosadi a sa tshole ngwana, re a mmofella. Re mo tlhatlhegela *Kobo-di-tshetlha*. (1) O a se nwa ka leswana le le tona. Mme se dira gore se yo baakanya madi a popelo, a kgone go bona ngwana. Ge a se nwa ka leswana ga se nke se mo thubisa. Se tla sala se mo tlapisa madi.

A ka thusiwa ka go mo nosa mafsi a kgomo, mme o a apeile ka medi ya teng. (O tla tlhatsa).

Ge motho a golofetse a dule ntho kampo a robegile lekoto, o apa'a (*Mojaja*) ka mafsi, o se tshella mo nthong. Ka moso wa bo a fodile.

BEHANDELING TEEN BOBBEJAANGIF

As iemand bobbejaangif (3) eet sterf hy.

Hy kan gehelp word deur hom beesmelk te laat drink, gekook saam met die wortels van die plant. (Hy sal dan opgooi).

As iemand seer gekry het en 'n sweer het, of sy been gebreek het, kook jy (bobbejaangif) met melk en gooi dit oor die wond 'Môre sal hy gesond wees.'

(1) *Mogônônô*: (Pl. 189) *Terminalia sericea* Burch., vaalboom, sandgeelhout.

(2) *Tšhibitswane* = *Morotologa wa namane*: (Pl. 73) *Ximenia americana* L. var. *microphylla*, suurpruim.

(3) *Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata*, bobbejaangif.

O.10

KALAFI KA MOJAJA (1)

GENESING MET BOBBEJAANGIF(1)

(Matebele-*ngaka* van Sikwane, Botswana, 1955)

Mo bolwetsing, go ka tsewa modi o o kwa tlase, wa Mojaja. E le go re bo dirisiwa mo bolwetsing ba setlhabi se se golo, ge molwetsi a utlwa botlhoko, a hupelwa ke mowa.

Yaanong go tla tsewa medi e, e a silwa e be e tlhabelwa fa botlhoko bo leng teng. (2) Mojaja o bo o tshasiwa fa teng. Go fedile, o tla fola.

In 'n geval van siekte kan die onderste wortel van die bobbejaangif geneem word. Dit word gebruik in gevalle van 'n vreeslike pyn, as die kranke nie asem kan kry nie.

Hierdie wortels word geneem en fyn gemaak en ingekerf waar die pyn is. (2)

Die bobbejaangif word daar ingesmeer. Dit is al, hy of sy sal gesond word.

O.11

BOLWETSE BA LETLHAKANA (3)

AAMBEIE (3)

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl. 2-3-1967)

Bolwetse ba letlhakana, ke bo bo ntshang *motete* wa motho kafateng, o lepelela ge a ya nageng, a nyela.

Se ke bolwetse bo bo thata ge o se na kitso ya bona.

Ge o sena kitso, mme motho kgotsa ngwana a ntse jalo, o mo tshwara ka maoto o a isa kwa godimo gore motete wa gagwe o boele kafa teng ga tshoanelo ya ona.

Dipheko tsa bolwetse bo ke tse:

Modikalelhaka (4) le
Letlhaka-la-noka (5)

O di budulela mo boteng ba motho ka marago a gagwe, di le lerole, gore di salele mo mothong di sebetse teng ya gagwe ka tshwanelo.

Ke raya gore di budulelwa ka letlhaka di le lerole. Di tsentswe mo letlhakeng (6) malatsi a beke, gore o be le nnete ge motho a fodile pila.

Die aambeie-siekte, is die wat die anus van 'n mens laat uithang sodat dit onder hom hang as hy 'veld toe gaan' om te ontlaas.

Hierdie is 'n moeilike siekte as jy nie kennis daarvan het nie.

As jy nie kennis het nie, en 'n grootmens of kind is so, tel jy hom aan sy voete en lig hulle op boontoe sodat sy anus weer kan terugkeer binnetoe soos dit behoort.

Die kragmiddele vir hierdie siekte is:

Modikaletlhaka (4)
Die rivierriet. (5)

Jy blaas hulle in die mens se 'diepte' deur sy anus in, in 'n verpoeierde vorm sodat hulle in hom kan bly, en in hom na behore kan werk.

Ek bedoel die middele word deur 'n rietjie ingeblaas in poeievorm. Hulle word ook in 'n rivierriet (6) gesit vir 'n week, sodat jy sekerheid kan kry dat die mens mooi gesond geword het.

(1) *Mojaja*: (Pl. 58) *Adenia digitata*, bobbejaangif.

(2) Hy beduie net onderkant die ribbes.

(3) *letlhakana*: beteken letterlik 'rietjie', een van die *Habenaria* sp.

(4) *Modikaletlhaka*:

(5) *letlhaka-la-noka*: die rivierriet.

(6) 'n Aparte klam rietjie word ook met van die poeier opgehang vir 'n week. As die sappige rietjie wegdroog, is dit 'n herhaling van wat met die uithangende ingewande gebeur, wat nou net so verdroog.

O.12

SEBETE (1)

DIE 'LEWER'-PLANT(1)

(Kgatla-*ngaka* van Saulspoort, Tvl. 11.2 1967)

Ke tihalosa ka ga dipheko tse di alafang gala mo mothong, le go e phatlalatsa mo sebeteng sa motho, gore se seke sa ruruga bakeng sa gala, kgotsa go beta motho ge a sa e tihatse ka molomo.

Dipheko tsa gala ke tseo:

Ke *Sebete*. Engwe ke sebate sa *Mogotlho*. (2)

Ke tihalosa ka go re: Sebete ke pheko e tihagang mo setlhareng sa mogotlho.

E tswakangwa le *Sebete* se se tihogang *mo lefatsheng* (3) le motlhaba.

Di dirisiwa ka go di sila mmogo, di tswa lerole, Jalo di tihakana le gala ya kgomo e e bolailweng.

Re omisa gala ya kgomo, gore re kgônê go e tihakanya le lerole la pheko tseo.

Gala e bolaya motho ka go mo sebedisa mala thata.

Pheko ya go sebedisa mala ke *Tsebedintlha*. (4)

Ebile re ithimodisa motho ka yona, ge re lemoga gala e le ntsi mo mothong.

Setlhare se se bidiwang *Mogotlho* (5) gape ke pheko ya *ditshitlho*. (6)

Gape *Mogotlho* ke motswako o mogolo wa dingaka tse di tihabang.

Ek verduidelik aangaande die middele wat gal kan genees by die mens, en ook om dit van sy lewer te verwyder, sodat dit nie sal swel as gevolg van die gal nie, of die mens verwurg as hy dit nie uitbraak met sy mond nie.

Die middele teen gal is:

Die 'lewer'-swam. Die een is die 'lewer'-swam van die 'kameeldoring'. (2) Ek verduidelik deur te sê: die 'lewer' is 'n kragmiddel wat groei op die kameeldoringboom

Dit word vermeng met die 'lewer' wat op sanderige grond groei. (3)

Hulle word gebruik deur saam fyn-gemaal te word tot 'n poeier. Daarna word hulle gemeng met die gal van 'n bees wat geslag is.

Ons laat die gal van die bees droog word, sodat ons dit kan meng met die poeier van daardie kragmiddele.

Gal maak 'n mens siek deurdad dit sy maag te veel laat werk.

Die regte middel om die maag te laat werk is die 'Boesmangifboom'. (4)

Ons laat 'n mens ook daarmee nies, as ons merk dat hy baie gal het.

Die 'kameeldoring' (5) weer is ook 'n kragmiddel in die verkoolde 'kragself'. (6)

Ook is die kameeldoring 'n belangrike toevoegsel vir *dingaka* wat inent.

O.13

SEUMAKENG

GALAANVAL

(Gediktee deur bejaarde Mokgatla van Botswana 1952)

Motho ge a bolawa ke seumakeng, se alafiwa ka setlhare se se bidiwang *Sebete* (7), se se alafang dinamane..

As 'n mens 'n galaanval kry, word dit behandel met die plant wat 'lewer' genoem word (7), wat ook kalwers gesond maak.

-
- (1) *Sebete*: lewer; 'n swam of 'kanker' wat aan bome groei.
 (2) *Mogotlho*: *Acacia giraffae*, kameeldoring.
 (3) *Sebete sa lefatsheng*: 'n swam wat op die klam grond groei.
 (4) *Tsebedintlha*: (Pl. 494) *Acokanthera oppositifolia*. (Lam.) L.E. Codd, Boesmangifboom.
 (5) *Mogotlho*: (Pl. 411) *Acacia giraffae* Burch., kameeldoring.
 (6) *tshitlho*: self van verkoolde kragmiddele met vet gemeng.
 (7) *Sebete*:

O.13

Se omisiwe, se silwe, mme se
tlhakangwe le sabotlhoko sa kgomo,
lege e le nku.

Ge o na le seumakeng, o a se koma
o se metsi. Mme se botlhoko!

Yaanong o tihatse botala gore 'gala' ge e
le teng, bo fokotsege. G'o sa tihatse,
se tla go psegisa, o ithoma nageng; mme o
tla fola.

Athe go tswa mo kgomong e e tla-
bilweng. E seng e e suleng ka bolwetse.

Dit word gedroog, en gemaal, en
gemeng met die gal van 'n bees, of ook
van 'n skaap.

As jy 'n galaanval kry, sit jy daarvan
in jou mond en sluk dit. Maar dis bitter!

Jy vomeer dan groenerigheid sodat
indien daar gal is, dit minder kan word.
As jy nie opgooi nie, sal dit jou maag
laat werk, jou laat uitgaan, en jy sal
gesond word.

En tog kom dit van 'n bees wat ge-
slag is. Nie van een wat aan 'n siekte
dood is nie.

O.14

MOKAPANE (1) KE MOTHUBISO

Tiro ya teng, ke mothubisô. Ke gore
e thuba mpa ge go na le 'gala'.

Ke apa'a segwere sa teng, Ke be ke
nwa metsi ao 'halfkoppie' ka e le
bogale thata. O e nwa ka go ikêtlêla,
eseng go tlatsa mpa. Kwa morago se
ka go bola'a. Se botlhoko thata. Ba
banye ga ba nke ba se nwa.

'BOLPLANT' (1) AS PURGEERMIDDEL

Dit word gebruik as 'n purgeermiddel.
D.w.s. hy 'breek die maag oop' as
daar gal is.

Ek kook die bol daarvan en drink
daardie water, 'n halfkoppie-vol, daar
dit 'n baie kwaai (purgeermiddel) is.
Jy moet dit versigtig drink, en nie die
maag vol maak nie, want later kan dit
jou pynig ('doodmaak'). Dit is baie
bitter. Kleintjies (kinders) sal dit nie
drink nie.

O.15

KALAFI YA MOKABE (2)

(Kgatlá-ngaka van Saulspoort, Tvl., 1965)

Ke gore ge monna a rurugile bonna,
kgetsi ya teng.

Mo kalafing ya mokabe, selo sa pele
ke go re o tshware *Podile* (3) e re e
bitsang *Tetsabanna*. (4)

Re tsa'a moroto wa yona re o rothetsa
mo kgetsaneng ya monna ka kwa tlase
ga yona fa gare ga banna ba ba bedi ba.

E tla re kamoso go tla bo go dule ntho
fa moroto o rothetsweng teng, mme
metsi a matala a a tshwanang le
tlowa (5) ya mafsi a tla tswa a dutla fa
phatleng eo ya ntho.

GENESING VAN DIE SCROTUM(2)

Dit wil sê as 'n man se manlikheid
geswel is, nl. die sak.

In die genesing van die geswelde
scrotum, is die heel eerste taak om
die 'bont kwer' (3) in die hande te
kry, wat ons noem "Die manne-laats-
skreuer". (4)

Ons neem die urine van die kwer en
drup dit op die onderkant van die
man se scrotum tussen hierdie twee
'manne'.

Die volgende dag sal daar 'n seer
wees waar die urine gedrup is, en groen
water wat lyk soos die water van dik-
melk (5) sal daar by daardie opening
uitlek.

-
- (1) *Mokapane*: (Pl. 59) pr. *Neorautanenia ficifolia* (Benth. ex Harv.) C.A.Sm.,
wilde-pronkertjie.
(2) *Mokabe*: die 'scrotum', geslagsorgaan wanneer dit groot geswel is van die urine en sug.
(3) *Podile*: *Mylabris oculata*, die bont kwer.
(4) *Tetsabanna*: "Wat die manne laat skreeu", dui op die pyn as hierdie bont kwer se
poeier gedrink word, nl. die *Mylabris oculata*.
(5) *tlowa*: die geelgroen 'water' van dikmelk.

O.15

Re tliilo tsaya yone Pódile, mmele wa yona le kapa ya legapu⁽⁶⁾ re tliilo di tshuba mmogo. E tla re di sena go fsa, re di sila, di tliilo boelwa gape di nna metsi. Yaanong o simolla go tlotsa yona 'thele' e ya monna o. Di goga metsi di a gamolla, a tswa otlhe. O bo o fitlhela e boetse e maswabinyana fela. Go setse fela tsona maenyana a Modimo o a bopileng.

Yaanong go setse go thiba ntho. E ka ba morago ga malatsi a 4. E tla be e photlhetse e swabile.

Ke tliilo tsaya *Radimonyemonye*⁽⁷⁾ Re tsaya medi e ya sone, re e sila. Emengwe ya teng re e tshuba re e tlhakanya.

Jalo ge re tsa'a bupe bo, re thiba phatlha fa re ne re e butse teng.

Yaanong re tsaya namane eo ya mongato, re mo ngata ka yona gore e re metsi a bofelo a a ka tswang, a tsene mo letlalong, mme phatlha e thibana ka setlhare se se tla beng se setse foo.

Re ka na ra mo ngatisa malatsi a le mabedi gore setlhare se seke sa wa, mme ntho e tswalege.

Jaanong re tliilo tsaya *Mosetse* ⁽⁸⁾ modi wa one. A o tthathege a o nwe. A ka o nwa beke, beke ya bobedi a o lesa.

Ona *Mosetse* o, o thuba borurugo bo bo ka kwa teng.

Metsi ao a tliilo tswa kwa pele kwa ntotong, kwa 'peiping', a le matala. Kwa bofellong a nne masetlha jaaka ka metlha. Foo re tla itse gore o fodile.

Metsi a, a *Mosetse* a tliilo fitlha ka kwa teng kwa maenyana ao aa tlhwekisa ka kwa teng, gore a nne pila le ene a tle a tsale bana.

Kana *Mosetse* re o kaya e le pheko e kgolo ya go tlhatswa boteng ba monna, bogolo ge a ts'o kopana le mosadi, mme ene a sa phele pila.

Ons neem nou hierdie bont kewe sy lyf, en ook die skil van 'n waatlemoen⁽⁶⁾, en ons braai hulle saam. Nadat hulle verkool het, maal ons hulle, en hulle sal weer klam word. Jy begin nou die man se 'uier' daarmee invryf. Dit trek al die water en droog hom uit. Jy vind dat hy nou weer saggerig is, soos voorheen. Net die 'eiertjies' wat *Modimo* gemaak het bly nog oor.

Nou bly nog oor om die wond te genees. Dit sal omtrent 4 dae wees. Daarna sal hy sag en gekrimp wees.

Ek neem van die 'Klipdagga'-plant ⁽⁷⁾ Ons neem van die wortels en stamp dit fyn. 'n Ander deel verkool ons en maal dit fyn

Ons neem hierdie meel (paste) en stop die opening toe wat ons gemaak het.

Ons neem daardie 'kalf' van 'n stert-riem en 'trek dit vir hom deur' sodat die laaste 'water' wat mag uitkom, in die vel moet gaan, en die opening kan toegaan met die medisyne wat daar agtergebly het.

Ons kan hom die stertriem twee dae laat aanhou sodat die (klipdagga-) medisyne nie uitval nie en die wond heeltemal kan toegaan.

Daarna neem ons 'n wortel van die 'kiepersol'. ⁽⁸⁾ Dit moet hy opkook en drink. Hy kan dit 'n week lank drink, en die tweede week moet hy dit laat staan.

Hierdie kiepersol breek die inwendige swelsel op.

Daardie water sal nou na behore voor uitkom, en groen van kleur wees. Eindelikel sal dit geel word soos voorheen. Ons sal weet dat hy gesond is.

Hierdie treksel van die kiepersol sal deurdring tot by daardie eiertjies en hulle inwendig reinig, sodat hulle reg kan wees en hy ook kinders kan kry.

Ons beskou die kiepersol as 'n belangrike middel om 'n man inwendig te was, veral wanneer hy by 'n vrou was wat nie 'gesond' is nie.

(6) hierdie moet eintlik 'n waatlemoen wees wat oorryp was en toe leeg 'gelek' het.

(7) *Radimonyemonye*: *Leonotis leonurus* of *microphylla*, klipdagga. Interessant dat Watt & Breyer-Brandwijk ook sê van die klipdagga (p.519). "the African apply it as a lotion to sores on the leg and head".

(8) *Mosetse*: *Cussonia paniculata* E & Z.

kiepersol, 'n plant wat meermale gebruik word vir algemene welstand.

O.15

Ge re dirisa *Podile* (Tetsabanna) (9)
 kegore monna ge a lwala bolwetse bo ba
 mokabe, gwa bo go le seboko ka kwa
 teng mo maeng, mo mareteng.

Mme moroto wa podile o tlhamalela
 moo sone o se bolae ka nako eo.

E tla re ge go setse go pshetlegile, seboko
 se, se tliilo tswa, mme se tlaatla se sule, se
 tla le metsi a bofelo, go re: 'Pötlô!'

As ons die 'bontkewer'(9) gebruik,
 is dit omdat die man as hy hierdie
 siekte van die 'watersak' het, en daar
 is 'n wurm binne in die 'eiers'.

En die urine van die kewer dring reg-
 deur tot by die (wurm) en maak hom
 dadelik dood.

As dit eers gekneus is, sal hierdie
 wurm uitkom, reeds dood, en dit kom
 met die laaste water en sê net: 'Pötlô!'

O.16

KALAFI YA BOHUTABOSWA (10)

Ge motho a setse a simolotse go
 tshwara dingwaga di ka nna bo
 60–64, morotô wa gagwe ga o tiholo o
 ya kwa kgakala. Ebile o a boa o boela
 fela kwa maotong a gagwe. Mme o mo
 fisa morotô o wa gagwe o, mo o sa mo
 jesang monati.

Jalo re mo epela modi wa *Mothata*. (11)
 Re o setla, o nna bupi. Re mo senkela
 nkgwana ya Setswana e e bopilweng e
 e boduleng. E tshola metsi a re tshetseng
 mothata mo teng.

Re tliilo a fetlhela, a nna lefulo le le
 sweu; mme a ja lefulo le malatsi a otlhe
 a beke. Ge beke o fela, moroto wa gagwe
 o boetse: O kwa! Ebile o tliilo boelwa ke
 keletso go ka tshameka le mosadi wa
 gagwe ge a santse a phela.

Bohutaboswa bo tla bo bo thubegile,
 ke gore e tliilo ngotlega e boela mo
 selekanyong sa yona, se se kana ka ntlha
 ya monwana o mosesane.

**DIE GENESING VAN DIE 'KNOPING
 AS ERFENIS' (PROSTAAT MOEILIK-
 HEID) (10)**

As 'n man eers sy 60–64e jaar
 bereik het, sal hy nie meer ver kan
 water nie, trouens dit val oor en oor
 net hier by sy voete. En die urine brand
 hom (inwendig) op 'n wyse wat hom
 ongemaklik laat voel.

Ons grawe dus vir hom die wortel
 van die doppruim. (11)
 Ons stamp dit fyn tot 'n poeier. Ons
 soek nou 'n kleipot wat goed gebak het.
 Dit hou die water waarin ons van die
 doppruim gegooi het.

Ons sal dit klits met 'n roerstok, totdat
 daar 'n wit skuimlaag op kom; hy moet
 van hierdie skuim eet, al die dae van
 'n week. As die week om is, sal sy
 urine weer reg wees: daar voor! Ook
 sal hy weer normale begeertes hê indien
 sy eggenote nog lewe.

Hierdie prostaatmoeilikeid sal nou
 'oopgebreek' wees, d.w.s. sal weer
 kleiner word en terugkeer tot sy nor-
 male grootte, omtrent so groot soos
 die punt van 'n pinkie.

(9) Hierdie kewer is so giftig dat etlike gevalle bekend is van persone wat dood is daarvan.

(10) *Bohutaboswa*: 'die knoping as erfenis', prostaat moeilikeid, of een of ander 'geswel', 'kanker'.

(11) *Mothata*: (Pl. 505) *Pappea capensis* E & Z. en ook var. *radlkoferi* schinz., doppruim.

Die wortels van doppruim soos hierbo beskryf, word vir die behandeling van die prostaat moeilikeid, sluit aan by Watt. & Breyer Brandwijk: *Medicinal & Poisonous Plants*, 1962. (P.932). "in Bechuanaland the bark is used in the treatment of venereal diseases The Masai use a broth decoction of the bark as haemopoietic tonic and especially as an aphrodisiac for men".

O.16

Bolwetse bo ke bone bo bo busang mokokotlo wa monnamogolo. Di dira lehuto la ditshika tsa mokokotlo le tsa bonna.

Gape, Mothata o ka nna wa kopangwa le *Morudiso* (12) morudiso wa monna. Ke yona e e nayang monna mmatlata go tsalanguwana.

Ge e le mo mosading, a itshupa gore ga a na keletso mo monneng, re tsaya medinyana ya *Morudiso* re e apaya le 'rys'. Re be re tshela mafsi mo teng.

O tliilo ja mo mosong le mantsibowa. Mo bosigong boo o tliilo go tshwenya ka keletso.

Hierdie siekte buig 'n ou man se rug krom. Dit veroorsaak 'n knoop van die are van die rug en van die manlikheid.

Ook kan die doppruim verbind word met die 'opwekker'-plant, die opwekker van die man. Dit is dié plant wat die man die vermoë gee om 'n kind te verwek.

Wat 'n vrou betref, as sy toon dat sy geen begeerte na haar man het nie, neem ons van die worteltjies van die 'opwekker' en kook dit met rys. Ons gooi daar melk oor.

Sy eet dit in die oggend en in die aand. In daardie nag sal sy jou lastig val met begeerte.

O.16(b)

KALAFI YA BOHUTABOSWA (13)

Bohutaboswa bo mela fela mo mothong jaaka mo setlhareng.

Pheko ya teng ke *Tlhapi*. (14) E mela mo metswedi kgotsa mo megobeng ya metsi.

Ke gore o e tlantle o faape *kuruga* (15) yotlhe ka pheko e, malatsi a mane. E tla be e photlhetse le go dutla *mami* (16) a yona a otlhe.

Ga se boladu, ke mami; a tshwana le mami a legapu; a masetlha.

Ke gore, *Tlhapi* e, ge e sen' o tlantliwa, a bewa mo leseleng, selekanyo sa boruruga, e be e bofellwe mo *kuruga* eo ka lesela. Ge le ka bofellwa bosigo bo le bongwe, kamoso o ka fitlhela e setse e le ntho godimo ga *kuruga* eo.

Go tliil' o sala tse eketeng ke ditlhale kampo dibokwana, mme le tsona di tliil' o tswa di pshetlhega, go bo go sala ntho fela.

Mo kalafisong ya ntho, re tliil' o le tlhatswa ka metsinyana a yona *Tlhapi* e. Maswe a otlhe a tliil' o tswa.

DIE VERWYDERING VAN 'N GESWEL (13)

So 'n geswel groei aan 'n mens, net soos ('n kanker) aan 'n boom.

Die middel hiervoor is 'kankerblare'. (14) Dit groei by fonteine of langs waterpoele.

Jy moet dit fynstamp en die hele geswel (15) daarmee toebind, vir 4 dae. Daarna sal die swelsel sak en al die sug van die swelsel sal uitlek.

Dit is nie etter nie, maar sug, soos die geel water van 'n waatlemoen.

Dit wil sê, nadat die 'kankerblare' gestamp is, word dit op 'n lap gesit, net so groot soos die geswel, en dit word daarvoor vasgebind. As dit vir 'n nag so vasgebind bly, sal daar die volgende oggend reeds 'n wond wees bo-op die geswel.

Later sal daar nog, wat soos garingdrade of wurms lyk, oorbly. Ook hulle sal gekneus daar uitkom totdat net 'n wond oorbly.

Om die wond te genees sal ons dit was met 'n bietjie van hierdie 'kankerblare'-treksel. Al die vuiligheid sal uitkom.

(12) *Morudiso*: 'Die opwekker'-plant. Een van die plante wat beskou word as geslagsstimulerend.

(13) *Bohutaboswa*: 'n 'geswel' of 'kanker' aan die nek, wang of aan die been. Dit sit as 'n gewas los onder die vel en kan pynloos 'geskuif' word, of prostaatmoeilikheid.

(14) *Tlhapi*: pr. *Ranunculus* sp. pr. *multifidus* Forsk. Watt & Breyer Brandwijk p.880. "Externally the bruised leaf is used for cancer".

(15) *kuruga*: 'n geswel; van *ruruga*, om op te swel.

(16) *mami*: waterige sug van 'n swelsel wat oopbreek.

O.16(b)

Ka re tliho bona nama, yona e tla fola fela. O seke wa tlho o e bofa.

Ntho, ka e le 'phoisen', re tsaa *Letshoo-la-tau* (17) re e pshetla, re e tshela mo sekotlele, re tshela metsinyana mo yona, kana e na le mafsi, re be re tlhapisa gore ntsi e seke ya tlo kotama mo nthong eo. Mme e tlil'o fola.

Kana ntsi e atisa bolwetse ka go anya maswe a bolwetse mo mothong, e be e tsama'a e 'o byala jaaka nonyane ge e byala boletswe mo ditlhareng.

Ebile Tshoo-la-tau le omella kapele, le be le gagamatse letlalo la ntho gore go fole ka pele.

Die kaal vlees wat ons sal sien sal weer gesond word. Jy moet dit nie weer toebind nie.

Aangesien die oop wond giftig is, neem ons vingerpol (17) en druk die sap in 'n skotteltjie en gooi daar water op; hy het natuurlik 'melk', en dan was ons die wond sodat vlieë nie daarop moet kom sit nie. Hy sal mooi gesond word.

Vlieë laat natuurlik siekte versprei deur die vuilheid van swere op te suig van 'n mens af, en hy vlieg en gaan plant dit weer, net soos 'n voël voëlent op bome plant.

Ook word die vingerpol vinnig droog en laat die vel om die wond saamtrek sodat dit vinnig kan genees.

O.17

KALAFI YA MAFATLHA

BEHANDELING VAN DIE LONGE

(Ngwato-*ngaka* uit die Noorde van Botswana, 1953)

Kana go na le mafatlha a sehuba. Ebile go na le mafatlha a dikgopo, ge o hupela, a le botlhoko.

Mo kalafisong ya mafatlha a sehuba, o tsa'a setlhare sa *Tshuku-ya-pôô* (18), o se tlhomela ka mmitlwa ya Mosu. (19) Wa se *goma* thata, o se tsenya mebitlwa e mentsi, mme o se tlositse makape a.

O a se apa'a ka metsi, o bo o nwe metsi a teng, kopi e e tletseng nako engwe le engwe fela. Ge Modimo o rata, mafatlha ale a tla kokobala.

Daar is natuurlik die longe van die bors. Ook is daar die longe van die ribbes, as jy asem haal is hulle pynlik.

Wat die behandeling betref van die bors-longe (tering), neem jy die bolplant *Hypoxis rooperi* (18) en steek dit vol haak-en-steek dorings. Jy moet dit goed deurprik en 'n menigte dorings daarin druk, nadat jy die buitenste doppe afgetrek het.

Jy kook dit in water, en drink daardie water 'n koppie-vol van tyd tot tyd. As *Modimo* wil sal daardie longe bedaar.

(Kgatla-*ngaka* van Witfontein, Tvl., 1961)

Mo mafatlheng a matona ke go re: T.B., o tshuba maboa a *Tshuka-la-pôô*, o a se aramela. Le go nwa metsi a segwere sa teng, ge se apeilwe mo metsing.

In die geval van die grootlonge (siekte) d.w.s.: tering, steek jy die hare van die *Hypoxis rooperi* bol aan die brand en adem die (rookdampe) in. En jy drink ook die water van die bol, nadat dit in water gekook is.

(17) *Letshoo-la-tau*: "die leeuvoet", pr. *Euphorbia truncata* N.E. Br., vingerpol.

(18) *Tshuku-ya-pôô*: (Pl. 91) *Hypoxis rooperi* Moore, 'Bantoe'-tulp.

(19) *Mosu*: *Acacia tortilis* (Forsk.) Hayne Subsp. *heteracentha* Burch Brenan, haak-en-steek.

O.18

GO ALAFA SETSHWAFU

**OM DIE INGEVALLE-BORSBEEN
TE BEHANDEL**

(Kgatlengaka van Botswana, 1955)

Ba bangwe ba alafa setshwafu ka go se phatsa. Rona ga re se phatse.

Re tsaya lokwati (1) la *Monato* (2) le le metsi, le lokwati la *Mosetlha* (3) le le metsi. Re a di kopanya re di *tthagetla* re di tshella mo metsing a a mo 'komiking'.

Re tla tsaya *serokana* sa phalo, re tla re mo phatlhana e ya serokana, re loke *ditlhotlhankga* tse mo teng, re be re di tobetsa ka monwana, re di ntshetse mo komiking mo metsing.

Yaanong metsi ge re sen' o a tshela mo, re tsaya tlatlana ya Setswana. Re tshela metsi a, mo tlatlaneng e, gore a boele mo komiking. Re be re a mo nosa.

Yaanong re tsaya ditlhotlhwankga tse, re di loke gape mo serokana, re be re di bee mo seroteng le mo setshwafung. Go tla itewa ka serokana mo seroteng me setshwafu le sona se tla sokelwa ka serokana. Mme o tla fola.

Party *dingaka* behandel die ingevalle borsbeen deur daaroor inkerwinge te maak.

Ons neem die bas⁽¹⁾ van die wilde-*sering*⁽²⁾ wat nog nat is, en die bas van die huilbos⁽³⁾, ook nog nat. Ons voeg hulle bymekaar en stamp hulle en gooi hulle in water wat in 'n koppie is.

Ons neem naamlik die steel van die handdisseltjie, en druk die fyngestampte (bas) in die gaatjie, druk dit deur met die vinger, en trek dit so deur tot in die koppie met water.

Nadat ons hier water in gegooi het, neem ons 'n Tswana-mandjie, en gooi hierdie water in die mandjie om weer deur te loop na die koppie. Dit laat ons hom drink.

Ons neem verder hierdie stampsels, en steek dit weer in die handdissel se steel en plaas dit op sy 'skof' en op sy borsbeen.

Daar word nou met die handdissel se steel op sy skof geslaan, en ook die borsbeen word reggetrek deur die handdissel se steel.

En hy sal gesond word.

O.19

THIBAMO LE MMÊLÊ (4)

DIE BORSBEEN EN RIBBEOPENING(4)

(Kgatlengaka van Saulspoort, Tvl. 10.3.1967)

Bolwetsi bo ba thibamo bo tlholwa ke madi a le manye mo ditshikeng tsa motho ka mokgwa wa go sa bone dijo ka tshoanelo. Dijo tsa merôgô ke tsona di kgonang thibamo le mmêlê mo mothong .

Hierdie siekte van die (ingevalle) borsbeen word veroorsaak deur min bloed in die are van 'n mens, deurdat hy nie na behore voedsel kry nie.

Groentekos is in staat om die mens (te genees) wat ly aan 'n ingevalle borsbeen en sigbare hartkloppings.

-
- (1) Hierdie teks toon dat O.B. Miller verkeerd is in sy: "Woody Plants of the Bechuanaland Protectorate" 1952, p.92, as hy sê: "*lokwati*". Name given to several trees and useless for identification purposes', want '*lokwati*' beteken: boomkas.
- (2) *Monato*: (Pl. 310) *Burkea africana* Hook, wilde sering.
- (3) *Mosetlha*: (Pl. 151) *Peltophorum africanum*, huilbos, huilboerboon.
tthagetla: fyn stam (soos plante).
serokana: steel van handdisseltjie.
ditlhotlhankga: stukkies gestampte plante.
- (4) *Thibamo*: is die borsbeen wat die ribbes verbind.
mmêlê: is die *moriti wa letswela* – 'die tepel se skaduwee', dit wil sê, die opening, tussen die linker ribbes waar 'gesien' kan word hoe die hart klop.

O.19

Jalo ke bolela gore kalafi ya teng ke pheko e e bidiwang *Patadikgaganeng* (5) E bonwa mo magageng a matlapa, mo dithabeng.

Pheko e e tswakangwa le thibamo ya kgomo kgotsa ya podi.

O di tshuba mmogo. O tlhabela *setshoafu* (6) sa motho kgotsa mméle. O alafywa ka go tshwana le thibamo fela.

En nou sê ek dat die geneesmiddel daarvoor die middel is wat genoem word bergvaring.(5) Dit word gevind tussen klipskeure in die berge.

Hierdie middel word vermeng met die borsbeen van 'n bees of van 'n bok.

Jy verkool die twee saam. Jy kerf die naeltjie van 'n mens daarmee in, of anders die opening tussen die ribbes. Dit word gesond deur te word net soos die borsbeen self.

O.20

GE LEOTO LE RURUGILE

AS 'N BEEN GESWEL IS

(Matebele-*ngaka* wat tussen Kgatla van Botswana woon, 1953)

Ge motho a rurugile leoto le lengwe fela, re tsaya medi ya *Monato* (7) mmogo le matlhare a teng re a apaya. Re be re mo sidila ka ona, kamoso le mantsiboa go fitlhela leoto le phofa. Re tla be re tsa'a modi wa teng re o tshasa sereledi sa kgomo se se sa tshelwang letswai, re be re a thuthufatsa a le mo moding gore a gakologe. Re be re tshase leoto leo ka sona, go fitlhela mafura a ba a kopanya mo leotong. Go dirwa jalo malatsi a mabedi, a mararo, go fitlhela matoto a lekana gape.

As net een van' iemand se bene opgeswel is, neem ons die wortels van die wilde-*sering*(7) saam met die blare en kook dit. Ons masseer hom daarmee, soggens en saans totdat die been se swelsel gesak het. Ons neem ook 'n wortel van die plant en smeer daar botter aan waarby nie sout gegooi is nie en ons verhit dit sodat die botter op die wortel smelt. Ons vryf die been daarmee in totdat die olie in-getrek het in die been. Dit word vir twee of drie dae gedoen totdat die twee bene weer dieselfde is.

O.21

BOLOI MO LEOTONG

TOORDERY IN DIE BEEN

(Fokeng-*ngaka* van Rustenburg-distrik, 12.11.1962)

Motho ge a bolawa ke bolwetse ba leoto le le phunyegileng diphatlhaphatla, mme le ella maladu, le rurugile le le kana; bolwetse bo ke boloi.

Ke gore o loilwe ka:
Morobadieta (8) le *Mokunya* (9)
Phetella (10) le *mosifawa-tshweni wa morago*
 le *serunya*. (11)

As 'n mens ly aan die krankheid van 'n been wat vol gate is en daar etter uitvloei en dit só dikgeswel is; hierdie siekte is toordery.

Dit meen hy is getoor met: die *Ehretia*-plant (8) en *Clerodendrum* (9) en die '*Phetella*'-plant (10) en die agterste beenspier van 'n bobbejaan, en 'n 'mol'.(11)

(5) *Patadikgaganeng*: bergvaring.

(6) *setshoafu*: nael van 'n mens.

(7) *Monato*: (Pl. 129, 310) *Burkea africana* Hook, wildesering.

(8) *Morôbadieta*, *Morôbê*: (Pl. 495) *Ehretia rigida* (Thunb.) Drace.

(9) *Mokunya*: Pl. 378, *Clerodendrum uncinatum* schinz.

(10) *Phetella*:

(11) die mol maak gate in sy been soos in die grond.

O.21

Dirunya di mefuta: Ke se se epang mo 'fatshe:
 Ke sa *motsokwe-wa-mankgodi*(12),
 le *mositaphala*.(13)

Dilo tse ge di *tswakantswe* (14) jalo,
 ge wena o feditswe ke mongwe pelo
 o kgona'o *bapola* (15) motlhala 'a
 motho yo.

Go mo tsa'a malatsi a 'beke', leoto
 la gagwe le tla ruruga, le simolla go
 baba. Ge a le ngwaa le simolla go tswa
 ntho-nyana. Jalo di tswa metsi. Morago
 ga metsi di tla ela maladu, di *kêka*(16)
 jaaka mollo ge o sa phungwa.

Morago ga foo leoto lo lotlhe le, le tla
tlhantlhega (17), kegore le phunyega.

Ge go sena kalafi la lona, le tshwanelwa
 ke go nka. Ke gore serunya se, se tla
 simolla go ja mesifa. Ge le fetsa go ja
 mesifa, bolwetse bo tthatlhogela kwa
 dinokeng, bo a bo bo tsena mo maleng;
 bophelo bo fedile.

Ke ka moo boloi bo leng ka teng ge
 ba ba busa mo 'dipetleleng' ba re:
 "Ke 'Kaffir poison' "! Ke nnete, go
 na le bolwetse ba mofuta o.

Bolwetse ba mofuta óò, bo batla
 monna ò ó nang le kitso le ditlhare.
 A itse lenaneo (18) la bolwetse bo
 bo *tshwanakang* (19) le bolwetse ba
serôma (20), mo mohuteng wa
 motlhala wa kalafi ya Setswana.

Kana serôma, motho o kgaoga
 leoto, o kgaoga menwana, o kgaoga
 marago, o kgaoga molomo. O senyega
 dinko.

Ka moo ge, bolwetse bo ba serunya
 bo tsamaela le bolwetse ba serôma.
 Go rialo, ke gore bolwetse ba serôma
 bo na le monko o o maswe , o o fetang
 wa serunya. Wa serunya o nka madi.

Die 'molle' is verskillende soorte:
 Dit is die soort wat in die grond grawe;
 Dit is die sandkoppertjie-insek(12), en
 'n oorkruiper (honderdpoet).(13)

Hierdie dinge, as hulle so as versterkers
 gebruik is (14) as iemand jou geduld
 opgebruik het, kan jy hierdie mens se spoor
 'spalk' of 'vaspen'.(15)

Dit neem vir hom 'n week se dae, dan
 swel sy heen op en begin om te jeuk.
 As hy dit krap begin daar 'n seertjie kom.
 So kom daar 'water' (sug) uit hulle uit.
 Na die sug begin etter uit hulle vloei en
 hulle brand (16) soos vuur as hulle nie
 oopgesteek word nie.

Hierna sal die hele been oopbreek(17)
 en stukkend gaan.

As dit nie genees word nie, sal dit begin
 ruik. D.w.s. hierdie mol sal begin om die
 (been-) spiere te eet. As dit die spiere
 klaar opgeëet het, gaan die siekte op na
 die lende, en dit kom dan in die maag;
 die lewe is verby.

Dit is die stand van toordery as hulle
 hul terugstuur van die hospitale en hulle
 sê: "Dit is 'Kaffer-medisyne' "! Dit is
 waar, daar is so 'n siekte (soos getoor te
 wees).

'n Siekte van daardie aard het 'n man
 nodig wat kennis het, sowel as die
 medisyne. Hy moet die verloop (18)
 ken van 'n siekte wat is soos melaatsheid,
 volgens die verskillende weë van genesing
 onder die Batswana.

By melaatsheid, natuurlik, breek 'n mens
 se voet af; sy vingers breek af, sy boude
 breek af; sy mond breek af. Sy neus
 verrot.

So is hierdie 'mol'-siekte verwant aan
 melaatsheid. Dit wil sê, melaatsheid het
 'n slegte reuk, erger as 'mol'-siekte s'n.
 Laasgenoemde ruik na bloed.

(12) *motsokwe-wa-mankgodi*: (= 'valk-se-snuif').

(13) *mositaphala*: (= 'rooibok-se-moses'), die blou oorkruiper, net na reën te sien.

(14) *tswakantswe*: *tswakanya*: om 'n middel te versterk, soos met kruie.
 Hiervan: *Motswako*: versterker.

(15) *bapola*: spalk, soos 'n vel met penne in die grond slaan, dus vaspen.

(16) *kêka*: baie jeuk, brand, gloeiende pyn.

(17) *tlhantlhega*: die oopgaan van 'n wond; oopbars van dikgeswelde vel.

(18) *lenaneo*: program, volgorde, verloop van.

(19) *tshwanakang*: seldsamer gebruik van 'tshwana': om te wees soos.

(20) *serôma*: melaatsheid, of moontlik gangreen.

O.21

Kalafi ya bolwetse bo motho a loilweng ka serunya, dipheko tsa teng ke: *Phoma*, (21) *Ntshengwe* (22), *Mpimpi* (23), *Mogabala* (24), *Moragangaka*. (25)

Motswako wa tsona ke: *Serunya*, *Motsokwe-wa-mankgodj*, *mositaphala* le *phetlhi*. (26)

Di a gadikwa, o bo o di tlhakanya o di sila mmogo. Jalo ge o tsaya leswana le le lengwe la 'tlhare sa teng. Sê, ke se a se jang le dijo.

Se sengwe ke se o se tlhatlhelang mo letlhakeng gore o se budulele mo dithong.

Malatsi a mararo ge a ntse a ja setlhare se, le go se budulela, se tla thiba marobana a otlhe, a ba a ntshofala.

Jaanong o itse gore ke phediso ya bona. O tlaa fola, le lebelo a ka le siana.

Kalafi e, é ka tsaya 'beke', kampo tse pedi. Tuelo ya teng ke kgomo.

Bone baloi ba ne ba tshuba dilo tse go lowa ka tsona. Rona ga re di tshube; re alafa fela gore di rage boloi boo.

Die genesing van die siekte waarin 'n mens getoor is met 'n mol, daarvoor is die volgende middele nodig: 'tongklappertjie' (21), *Raphionacme*(22), *Trochomeria* (23), die wilde-komkommer(24) en die bosboekenhout(25).

Hulle versterkers is: die mol, die sandskoppertjie, die oorkruiper en die houtboorder.(26)

Hulle word gebraai (verkool), en jy maal hulle saam fyn. Daarna neem jy een lepel vol van die medisyne. Dit moet hy saam met sy kos eet.

Die ander is wat jy in 'n riet moet 'laai' sodat jy dit kan uitblaas op die wonde.

As hy vir drie dae hierdie medisyne eet, en dit blaas, sal dit al die gate toemaak (in sy been), en sal hulle swart word.

Dan weet jy dat dit einde (van die siekte) is. Hy sal gesond word en sal selfs kan hardloop.

Die genesing kan 'n week neem of twee. Die beloning daarvoor is 'n bees.

Daardie toornaars het hierdie goed gebrand om daarmee te toor. Ons brand dit nie; ons dokter net sodat hulle daardie toordery kan (uit-)skop.

O.22

GE LENGOLE LE RURUGILE

(Kgatla-ngaka van Mathubudukwane, Botswana, 1955)

Ge ke bileliwa motho a lwala maoto, ke gore makoto a rurugile, kampo mangole, ke tla mo laola.

La ntlha di wele '*Morupi wa Kubela*'. Ga ntshupegetsa gore o lwala madi.

AS DIE KNIE GESWEL IS

As ek geroep word vir 'n mens wat siek is (aan) sy voete, d.w.s. sy voete is geswel, of sy knieë, sal ek vir hom 'dolos' gooi.

Die eerste keer het hulle (27) 'Bloed van Kubela' geval. Dit het vir my gewys dat hy siek is (aan) sy bloed.

(21) *Phoma*: tongklappertjie.

(22) *Ntshengwe*: (Pl. 433) *Raphionacme burkei* N.E. Br.

(23) *Mpimpi*: (Pl. 564) *Trochomeria debilis* (Sond) Hook. f.

(24) *Mogabala*: gestreepte wilde-komkommer se knol.

(25) *Moragangaka*: (Pl. 457) *Pittosporum viridiflorum* Sims., bosboekenhout, stinkbas.

(26) *Phetlhi*: boorder wat gate in hout boor.

(27) Die verskillende valwyse van die dolosse toon die aard, oorsprong, genesingsmoontlikhede en nodige behandeling van die verskillende pasiënte.

O.22

La bobedi tsa wa '*Mosibi wa Kubela*'. Ka lemoga gape gore tota o bolawa ke madi! Ke gore madi a'gwe ga a tsamae pila. A gafile. A tsama' fela mo meleng, eseng ka mokgwa wa tshwanelo mo dithapong.

La boraro tsa wa '*Morarwana*'. Ka lemoga gore totatota o lwala bolwetse bo bo supilweng ke Morupi.

Ka mo laola gape la bone, tsa wa '*Tlhapadima*'.

Tsa ntshupegetsa gore o tla nontshiwa ke ditlhare. Ke gore nka tswelapele go mo alafa, mme o tla fola.

Fa, ga gona boloi mo teng. Ke bolwetse ba Modimo.

Yaanong ke tla mo alafa. Ke tla batla *Madi a kgaga*.

La bobedi: ke tsa'a *Lethwatwa*; ke a le epa, modi wa teng.

La boraro: ke tsa'a *Malelakatlou*.

La bone: ke tsa'a *masepa a thakadu*. Ke a di tlhakanya. Ke a a tshuba, tsotlhe tse mo lengetaneng. Ke tsa' mafura a kolobe, ke a a duba ka ditlhare tse ke neng ke di sila tse. Ke a mo tshasa makoto a, ke be ke mo tlogela.

Bolwetse ge bo ntse bo padile ke tsaya *Selaole*, (29) ke tsa' *Kgopho-e-kgolo* (30), ke tsa' *Thola-e-kgolo*. (31)

Ke 'ira mankgetha, ke tsa'a lengetana, ke a a fisa, ke a sila boleta. Ke tsaa mafura a podi; ke besa tshipi e nna tshibidu; ke rola ditlhako; ke tlhakanya mafura le ditlhare, ke sen' o di fisa.

Die tweede keer het hulle 'Skuinste van Kubela' geval. Ek het toe weer besef dat hy werklik deur sy bloed 'dood' gemaak word. D.w.s. sy bloed loop nie reg nie. Hulle is deurmekaar. Dit versprei sommer deur sy liggaam en nie na behore in die are nie.

Die derde keer val hulle 'Deurmekaar'. Ek besef toe dat hy waarlikwaar ly aan die siekte soos in die eerste geval getoon.

Ek gooi (hulle) toe vir hom die vierde keer, en hulle val 'weerligstraal'. Hulle wys toe vir my dat hy sterk gemaak sal word deur medisynes. Dit meen ek kan voortgaan om hom te dokter en hy sal gesond word.

Hierin is daar geen toordery nie. Dit is 'n krankheid van God.

Ek sal hom nou dokter. Ek sal die bloed soek van 'n ietermago (28) Tweedens: neem ek die *Lethwathwa*-plant: ek grawe dit, naamlik die wortel daarvan

Derdens: neem ek (groot swart) stinkmiere.

Vierdens: neem ek erdvarkmis. Ek meng hulle. Ek braai hulle, al hierdie (medisynes) in 'n potskerf. Ek neem nou varkvet en meng dit in 'n salf met hierdie medisynes wat ek fyn gemaal het. Ek vryf eers hierdie voete van hom, en gaan daarna van hom weg.

As die siekte nog weier, neem ek laventelbossie (29) en ek neem *Commelina albescens* (30) en ek neem die groot-bitterappel. (31)

Ek maak hiervan kerfsels en neem 'n potskerf en braai hulle en maal hulle fyn. Ek neem bokvet; ek verhit 'n yster rooiwarm; ek trek my skoene uit; ek meng die vet met die medisynes nadat ek hulle gebraai het.

-
- (28) Tot R10, word betaal vir 'n handvol grond vol verdroogde ietermago-bloed.
 (29) *Selaole*: (Pl. 510) *Lippia rehmannii* Pears, laventelbossie.
 (30) *Kgopho-e-kgolo*: (Pl. 157) *Commelina albescens* Hassk.
 (31) *Thola-e-kgolo*: (Pl. 35) *Solanum incanum*, Groot-bitterappel.

O.22

Yaanong ke tshase setlhare se mo leotong laaka, ke tsee tshipi e le tšhibidu ke e gate, ke mo thôbe ka leoto le laaka le, le le nang le setlhare, gatlhano mo lengoleng le le lengwe gatlhano; ke boe ke tshase gape, ke gate mo musi o bo o kue, ke mo thobe, gape mo lengoleng la bobedi, e ntse e le gatlhano.

Mme 'muti'! o tshwanetse gore a ba a fole.

Tshipi e bollo e, kegore e a mo arametsa. (32) E a mo sidila. (33) Kegore ditlhare di tle di tsene mo go ene di sa le bollo.

Jaaka maoto a gagwe a rurugile yaana, ke gore ke tsee ditlhare tse di metsi: *mesukubwane* (34) jaaka *Morotothobe*.

Ke di thuge, ka kika, ke tsee 'potwana', ke di tshale mo teng, ke di tshale mo teng, ke di apei, di bele. Ke be ke mo arametsa ke mo khurumeditse ka kobo. Ge a fufuletswe ke apola kobo ke tsa'a letsela, ke a mo pshimola ka lōna, ke mo fogotlha mmele otlhe mo sethitho (mofufutso) sa gagwe se leng teng.

Yaanong ditlhotlhongka tsele a na a di aramela ka tsona, ke mo *thoba*(35) ka tsona mo maotong; ke di gamole gore metsi a tshologele mo go ene. Ke be ke pshimole ka lesela.

Ke tla fetsa ka go mo tshasa ka tshitlho (36) e ke e tlhakantseng le mafura, e leng:

madi a kgaga, malela-ka-tlou, masepa a thakadu le modi wa *Lethwathwa*.

Ge Modimo o rata, o tla fola.

Ge re tsa'a *kgaga*, ke gore *kgaga* e thata; o ka seka wa e kopolla. Ke gore le ene molwetse a nne thata jaaka *kgaga* é.

Ek smeer nou hierdie medisyne aan my voet, en ek neem die rooiwarmyster en trap daarop; ek druk met hierdie voet van my op hom, hierdie een wat die medisyne aan het, vyf maal op die een knie; ek smeer dan weer aan, en trap (op die warm yster) dat die rook uitslaan, en druk (met die warm voet) op die tweede knie, weer vyf maal.

En dit 'moet'! Hy moet net gesond word.

Hierdie warm yster is om die siekte uit hom te 'trek deur sweting'.(32) Dit 'vryf hom in'. (33) Dit is dat die medisynes in hom kan indring terwyl hulle nog warm is.

Waar sy bene so opgeswel is, beteken dit dat ek medisynes moet neem wat sappig (34) is: soos die *Morotothobe*-plant.

Ek stamp hulle fyn in 'n stampblok, ek neem dan 'n potjie en gooi dit daarin en kook dit totdat dit opkook. Daarna laat ek hom daarmee sweet, bedek met 'n kombers. As hy gesweet het neem ek die kombers weg, vat 'n lap en vee hom daarmee af, en vryf sy hele liggaam waar sy sweet mag wees.

Daardie fyngestampte plante wat hom laat sweet het, gebruik ek om hom mee te masseer aan sy bene; ek druk dit uit (35) sodat die vogtigheid op hom afdrup. Ek vee dit af met 'n lap.

Ek sal die behandeling voltooi deur hom in te vryf met salf wat ek gemeng het met vet naamlik:

Die bloed van 'n ietermago, stinkmiere, mis van 'n erdvark en die wortel van die *Lethwathwa* plant.

As Modimo wil, sal hy gesond word.

As ons 'n ietermago neem, is dit omdat 'n ietermago sterk is; jy kan hom nie oopvou nie. Dit wil sê ook die kranke moet sterk word soos hierdie ietermago.

-
- (32) *arametsa*: om 'n pasiënt wat gehurk sit met komberse en karosse toe te pak en 'n pot met stomende kruie onder die komberse in te skuiewe, om hom te laat sweet. Hier: 'siekte uit trek'.
- (33) *sidila*: vryf, soos om pyn te verlig, masseer.
- (34) *mesukubwane*: sappige plante.
- (35) *thôba*: met 'warm kompresse' te druk.
- (36) *tshitlho*: die geskroeiende *mankgetha* (kerfseis) word op 'n maalklip (*lwala*) tot 'n swart poeier (*tshidi*) gemaal, en met varkvet gemeng tot 'n *tshitlho* (salf) wat in die *lenaka* (medisynehoring) gestop word.

O.22

Malele-ka-tlou, ke gore aa loma; a thata, ka le motho a ka sekê a a êmêla. Mme ke ona a a nayang thata mo molwetseng, gore wena ngaka o fenye bolwetse ka ona.

Masepa a thakadu, ke gore e ntse e le thakadu fela. A supa bothata, jaaka thakadu le ge re e tshwere ka dikgole, e tla nwela ka rona e ikêpêla. Le ge dimpya di le lesome ga di kake tsa e kgona.

Ke gore wena le molwetse le tle le thatafale jalo fela.

Lethwathwa, ke ene mothusi mo ditshidi tse tharo tsele, jaaka o epilwe. Ke gore ke yona mpa e e di 'terebang' gore di goge! Di goge bolwetse bo, di seke tsa ema fela!

Die stinkmiere, omdat hulle byt; hulle is sterk, aangesien selfs 'n mens nie vir hulle kan bly staan nie. En dit is hulle wat krag gee in die siekte, sodat jy die geneesheer, die krankheid met hulle kan oorwin.

Erdvarkmis, dit wil sê dit is ook nog maar net erdvarc. Dit is die teken van krag, soos die erdvarc, selfs al het ons hom met rieme gevang, sal hy met ons (in die grond) verdwyn en homself (weg) grawe. Selfs al is daar tien honde sal hulle hom nie baasraak nie.

Dit wil sê jy en die kranke julle moet net so sterk word.

Die *Lethwathwa*-plant is die helper by hierdie drie lewendiges soos wat hy gegrawe is. Dit wil sê dit is die lat wat hulle 'aandryf' sodat hulle trek! Hulle moet die siekte trek en nie sommer net bly staan nie!

O.23

FA MAOTO A MONNA A OPA A THUNYA

AS 'N MAN SE VOETE 'KLOP' EN PYN

(Tlokwa-ngaka van Gaborone, Botswana, 7.5.1955)

Monna fa a bolawa ke maoto: a opa, a thunya, re mo nosa *Mosibi*(1), re epiile *Motlapatlapa*.(2)

Re tsaya makakabe a a ka kwantle, a a mašhibidu, re a gadika re mo arametsa.

Ke go re ge a ntse a nwa *Mosibi*, maoto a tlo diwe ka tshidi ya *Motlapatlapa*.

Yaanong segwere sa *Motlapa-tlapa* re se thuba diphatio di le nne, mme mantsiboa a mangwe le a mangwe o aramediwa ka sona. Dikapetla tseo re be re thoba maoto agwe ka tsona.

As 'n man se voete seer is: as hulle 'klop' en pyn, laat ons hom berg-eldsboontjie (1) drink nadat ons ook 'n *Ammocharis coranica* (2)-(leliebol) uitgegrawe het. Ons neem die buitenste rooi skille (van die bol), en braai dit en laat hom die dampe intrek.

Terwyl hy die berg-eldsboontjie drink word die voete ingevryf met die verkoelde poeier van die *Ammocharis*-bol.

Ons breek die bol van die *Ammocharis coranica* in 4 dele, en nou moet hy elke aand die dampe daarvan inadem. Sy voete masseer ons met daardie skille.

O.24

SEGATSETSA

'VOETRUMATIEK'

(Ngwato-ngaka uit noordelike Botswana, 1955)

Segatsetsa ke ge letsatsi le fisa, mme maoto a gago a le tsididi a le botlhoko.

'Voetrumatiek' (kouerigheid) is wanneer die son warm is, maar jou voete koud en seer is.

(1) *Mosibi*: (Pl. 187), 226) *Elephantorrhiza elephantina* Burch. Skeels., elandsboontjie. (= *Mositsane o mogolo wa lentswe*, berg-eldsboontjie. Watt. & Breyer-brandwijk (1962), sê van hierdie plant. (p. 596): "the root has been used as a cardiac remedy".

(2) *Motlapatlapa*: (Pl. 65) pr. *Ammocharis coranica* Herb.

O.24

O tsaya *Thotsanathunya*⁽³⁾, o se tshube se nne se ntshu. O tsamaya go le phakela fa gare ga ditsela fa di kgaoganang teng o bo o epa lehwitinyana, a ba a baa maoto teng. O bo o mo phatsa, gore madi a tswela mo lehwiting lele.

O bo o tsaya setlhare sele o bo o se tshasa mo maotong mo diphatsa tse o nong o di phatsa. O bo o tshelela lehwiti leo. A ba a tswa a tsamaya, a sa šebe kwa morago. O tla bona a gata sentle. Ke go re: o fodile.

Jy neem van die *Barleria macrostegia*-plant⁽³⁾, en brand dit swart. Jy gaan vroeg in die môre, na die middel van 'n kruispunt van die paaie en grawe daar 'n gaatjie, en die kranke plaas haar voete daarin. Jy maak nou inkerwinge op haar (enkels) sodat die bloed kan uitloop in daardie gat.

Jy neem van daardie 'medisyne' en smeer dit aan die voete in daardie kerf-plekke wat jy gemaak het. Hierna gooi jy die gat toe. Sy moet uitklim en wegloop sonder om terug te kyk. Sy sal vind dat sy gerieflik trap, d.w.s. sy is nou gesond.

O.25

SETLHARE SA MANYELELE

MEDISYNE VIR RUMATIEK

(Matebele-*ngaka* te Sikwane in Botswana, 31.12.1952)

Makôkôane⁽⁴⁾ ke setlhare sa *manyelenyele*.⁽⁵⁾ Ke go re: ge menwana kampo maoto a konega a lwala mokonego.

Setlhare se tlhakangwa le *Mokaka*⁽⁶⁾ ke gore *Meno-a-mpya*. Sa boraro se se tsenang ke: *Mogopa o motona*.⁽⁷⁾ Ke go re: go tsewa metsi a mogopa le ge e le bekere e e tletseng. O bo o tsaya *Makôkôane* mmogo le *Meno-a-mpsa*. O tla tlogela mebitlwa ya *Meno-a-mpya*, o e kgabetlela ka thipa o e omisa. O bo o e sila mmogo le *Makokoane*, kala ya teng e e omeletseng. Yaanong o tshella bopi mo metsing a *Mogopa*.

Gape o tshella metsi a a bothito. O bo o tsa'a lesela le le sweu, o lokela lesela mo setlhareng se. O bo o tsaya lesela le le kolobileng, o sedila matsogo kampo maoto ka lona. Ka moso le mantsiboa, jalo jalo fela, malatsi le ge e le beke. Yaanong menwana e tla phutologa.

Vermeerbossie⁽⁴⁾ is 'n middel vir 'rumatiek'.⁽⁵⁾ Dit wil sê as die vingers of voete inmekaar trek van die 'buigsiekte'.

Deutronomeum 13 sê vir ons dat as daar profete is en hulle aankondig en die teken of wonder uitkom en hy sê jy moet (jou geloof) weggooi en die voorouergeeste aanbid, dan moet jy dit nie doen nie.

Dit wil sê hierdie persoon aanbid ander gode, en nie vir Jesus nie.

Die *dolosse* en die '*Sangoma*' het nie sekerheid nie! Hulle 'raai' net! Hulle het nie die waarheid nie.

En verder, bring die *dolosse* leuens en die mense maak mekaar dood. Hulle lei die mense na verlorenheid aangesien hulle jou heenwys na die voorouergeeste. Hulle praat leuens, en saai onenigheid tussen die mense. En ook nog is die persone wat die *dolosse* hanteer leuenaars. Hulle wat van *dolosse* hou, hou daarvan om met leuens saam te stem.

Hierdie gebruik van die *sewana* beteken dat jy 'n bees moet slag op 'n sekere tyd en kos moet kook en bier en dit doen om vir die voorouergeeste te laat eet; maar al die tyd bedoel jy daardie slang. Maar hy versterk jou geloof in die voorouergeeste.

P.1

Mme motho ge a na le tumelo eo mo badimong, dikwelello tsa hae di a tla mo moeng wa hae mme a bone dipono tseo mo ditorong tsa hae.

Motho yoo o o sebedisang *ditaola* kapa bosangoma, kegore moya wa *bodupe*; kapa bonohe, ebong boprofeta, ene o dumela jalo ka a sena lesedi la Moya wa Modimo.

Mme ngaka jaaka nna, ge a bonye Morena Jesu, ga a sa kgone go ka sebeletsa ditshebeletso tsena ka e le tsa lefifi. Ebile gape e le ditshebeletso tse di fapogileng tseleng ya Modimo.

Dilo tseo di etsa maaka, ebile o ba fa tumelo go latlha Modimo.

Hape godimo ga tseo ha o tshabe go etsa bobo. Ha be re tsamaa le tsela ya Modimo, re ka be re tshaba go etsa bobo; jaaka go bolaa motho go tswaka ditlhare tseo tsa gore batho ba diriti kapa marena a kgone go ineela setšhaba sa ona. Ke go re ke go tsholla madi a a senang molato.

Byale ka nna: *sebe saaka* sa pele e ne e le *go thuba dimpa*, basadi kapa basetsana. Pele ke mo fe setlhare sa go bolaya ka kwa gare, se ntshe moya wa ngwana gore a tswe a sule. Ke sebe saaka sa mathomo.

Ka ba ka sebetsa sebe se se bidiwang *ditōpa-monwe*. Ke go re ge motho a utswitse sengwe sa hao, a dirwe gore monwana wa hae o golofale o kgaoge ge a ka seke a busa selo seo kapele, monwana o a kgaoga. Kapa go golofatsa mfama gore o swe gotlhe.

Ditlhare tseo ge di ka dula nako e telele, motho eo ga le mo 'kereee rege ne'.

Gape jaaka ge ho swile motho, motlhomongwe ba ya kwa ngakeng gore a yo sebetsa kwa *lebitleng* gore a bolae mmolai wa moswi o. Re sebetsa ka ona *Molokwana-tshile*. Nako ya ge ditlhare di mela, le sone se tliilo mela; ke nawa; se be se etsa *mafu* a mangata. Se akaretsa batho ba lesika la o o bolaileng. Le batshedisi ba lesika la mmolai ba tliilo swa jalo.

As iemand daardie geloof in die voorouergeeste het, kom sy gedagtes in sy gees en sien hy daardie gesigte in sy drome.

Daardie persoon wat van dolosse gebruik maak of van die *Sangoma*, dit wil sê van die 'gees van uitruik'; of van 'bonohe' wat eintlik 'profeteer' is, hy glo so, omdat hy nie die lig het van die Gees van God nie.

Maar 'n *ngaka* soos ek, as hy die Here Jesus gevind het, dan kry hy dit nie meer reg om daardie sake te bedien nie aangesien hulle van die duisternis is. En ook is dit bedieninge wat afwyk van die Weg van God.

Daardie dinge bring leuens mee, en gee hulle ook die geloof om God 'weg te gooi'.

Behalwe dit nog, is jy nie bang om kwaad te doen nie. As ons op God se weg loop, dan sou ons bang wees om kwaad te doen; soos om 'n mens dood te maak om in daardie 'medisynes' te sit om daardeur te verseker dat invloedryke persone of kapteins hulle self tot beskikking van hul onderdane sal stel. Dit beteken om bloed te stort wat onskuldig is.

Wat my betref: my eerste sonde was om baarmoeders te verbreek, van vrouens en van dogters. Eers gee ek haar 'n middel om binne dood te maak, om die gees van die kind te laat uitgaan, sodat hy dood tevoorskyn kom. Dit was my eerste sonde.

En verder het ek 'n sonde beoefen wat genoem word: 'Lidafbreker'. Dit wil sê, as iemand iets van jou gesteel het, dat hy so gemaak word dat sy vinger moet vermink of afbreek as hy nie gou daardie gesteelde ding terugbring nie. Of ook kan sy hele sy verlam word sodat dit heeltemal doodgaan.

As daardie middele lank (in hom) sou bly dan sal julle daardie persoon 'nie weer reg kry nie'.

So ook wanneer iemand dood is, gaan hulle miskien na die *ngaka* sodat hy by die graf moet gaan 'werk' om die 'moordenaar' van die oorledene dood te maak. Ons gebruik *Molokwana-tshile* hiervoor. Die tyd wanneer die bome bot, dan bot dit ook; dit is 'n boontjie soort, en dit laat baie mense doodgaan. Dit sluit diegene in wat familie is van dié een wat dood gemaak het. En ook die vertroosters van die familie van die moordenaar, sal net so doodgaan.

P.1

Ke lona lebaka le nkile, ka botsa potso mo go 'jefrou' yo o kileng a mpontsha Tsela ya Pholosô, gore: A le motho yo o kileng a tsholla madi a mangata, a a ka bona tshwarelo naa?

A nkaraba ka Isaya 1:18, e e reng: "Mme le ge dibe tsa gago di le kana ka 'crimson' di tla nna bosweu jaaka semathane."

Ywale he, nna nkile ka bona hore dilo tse ha di a loka, ka gobane bakeng la motho a le mongwe go bolaiwa batho ba ba ngata.

Gape lentswe la Modimo la re: 'Le se ke la busetsa bobo ka bobo.' Ka mantswe a mangwe rena re a ikatlholela. Lebaka le le ntshwentseng, e e mpontshitseng gore ke lahlehile, ke ntho e ya *go rapela badimo* le go sebedisa ditlhare tse na tsa meleko.

Meleko ke ditlhare tse di 'seermakang' batho, tse di bidiwang: *Mafofonyane* le *Fomola*, kapa *Dikgato* le *Dipone*.

Dikgato: ke meleko e e thogana batho maoto. E go roba leoto. Le a sebeta ka motlhala wa hao le lebitso la hao.

Mafofonyane: ke ditlhare tse di kopanyang tlhogo, di go *hafisa*, ke go re: di go hlantse botlhale. Motho wa teng o latlha diapar, mme o lwantsha babotlhe, mme o bua dilo tse ngata.

Fomola: ke go re ha o bua. Ha a bolele tlala, tlhogo, — se mo 'ja' ka kwa teng, a ntse a didimetse fela. Go fomola ke go swa (ga motho a ntse) a didimetse.

Dipone: ke moleko wa metsi. Ke go re go tshellwa metsi mo sekotleng, kapa tsa letsopo, kegore masapelo. Mme go beilwe seipone fa thoko ga metsi, mme ba beile ditlhatswana tsa bona.

Ba tlilo go botsa gore o bona bo mang mo metsing, ba o ba tsebang. Wena o ba bolela ka o a ba bona.

Om daardie rede het ek die vraag gestel aan die juffrou wat vir my die Weg gewys het van Verlossing: Of ook 'n mens wat baie bloed gestort het, of hy ook vergifnis kan kry?

Sy het my toe geantwoord met Jesaja 1:18 wat sê: "Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu."

So het ek gesien dat hierdie dinge nie goed is nie, omdat terwyl van een mens baie ander mense doodgemaak moet word.

Verder sê die Woord van God: 'Julle moet nie kwaad met kwaad vergeld nie.' Met ander woorde ons oordeel vir onself. Die saak wat my gehinder het, wat vir my gewys het dat ek verlore is, is hierdie saak van die voorouergeeste te aanbid en om hierdie 'toor'-medisynes te gebruik

'Toor'-medisynes is dié wat mense 'seermaak', wat genoem word: *Mafofonyane* en *Fomola*, of 'Trappers' en 'Spieëls'.

'Trappers': is 'toor'-middele wat mense se voete laat verstuit. Dit kan jou voet breek. Dit werk met jou spoor en met jou naam.

Mafofonyane: is middele wat die kop deurmekaar maak, en jou 'hafisa' — dit wil sê dit jou begrip omkeer. Iemand wat dit het, gooi sy klere weg, en baklei met almal, en praat baie.

Fomola: Beteken jy praat nie. Jy sê nie as jy honger is nie, of jou kop seer is nie, dit 'verteer' hom inwendig terwyl hy net stil bly. Om te 'fomola' is as 'n mens doodgaan terwyl hy net stilbly.

Spieëls: is 'n 'toordery' met water. Dit wil sê daar word water in 'n skottel gegooi, of van klei, dit wil sê 'n wasbak. En daar is 'n spieël gesit aan die kant van die water en hulle het hulle middele daarin gesit

Hulle gaan jou vra: vir wie sien jy indie water, wat jy ken. Jy sê vir hulle, want jy sien hulle.

P.1

Mme jaanong ba tllilo go fa lemao ba re: "Tlhaba o o batlang gore a swe! " O bo o tlhaba mo metsing, mme e tla re mo malatsing a a tlang, ge go swa o o tlhabilweng setshwantso sa gagwe, ba re o se ke wa ya lefung la hae, o ka tloga wa swa le wena, kapa wa golofala. Mme metsi ao mo lesapelong a tla ba a mahibidu.

A supa gore ba mo 'kerile rege', o sule, kapa o golofetse!

Go no go tllile batho go nna, ba re:
"Re batla 'tlhare tsa go utswa re sa bonwe.
Ka ba nea *lenaka-la-maloi*.

Ke go re: ge ba ka tlhakana tshitlho eo le *motsokwi*, ba tshuba ka mollo, motho ya utlwang monkgo, wa idibala.

Ke ka tlhobolwa diaparo tsotlhe ke sa thanye, ka monko oo. O ka sebetsa 'operation' motho ole a sa utlwe.

Batho bale, ba ya ba utswa mo ntlung ya monna mogolo le mosadi mogolo wa Lekgowa. Byale ge ba utswa dilo tsotlhe ba laisa mo 'veneng' jwale ba boa gape ba bea monna mogolo le mosadi fa fatshe ba nka 'dilakane' le dikobo tsotlhe. Morago ga moo ba nka di-'roboror' tse pedi, le sethunya ba se nka.

Ba rekisa diphatlho go babangwe, mme bao ba tshwarwa ka diphatlho tseo, ba yo supa magodu a. Magodu a ba a supa nna, *ngakamoloi*.

Ka Makgowa a botsa go re: "Le entseditse jwang, le 'berekile' jang gore le bereke tiro yotlhe eo mme re sa lemoge"? Ba re: "Re ne re ile kwa go ngaka-moloi gore a re fe setlhare." Ba re: "Tlisa setlhare sele re se bone." Ba kena, maphodisa mo ntlung ya 'police station'. Ba etsa, mme mapolisa ka nnete a robala. Ba tlhobola maphodisa gona kwa Groot Spelonken; e ka ba ka ngwaga wa 1928.

En nou sal hulle vir jou 'n naald gee en sê: "Steek die een wat jy wil hê moet doodgaan"! Jy steek dan in die water, en dit gebeur in die volgende dae dat wanneer die een wie se beeld gesteek is doodgaan, hulle sê jy moet nie na sy begrafnis gaan nie, anders kan jy self ook doodgaan of anders kan jy gebreklik word. En daardie water in die waskom sal rooi wees.

Die (water) wys dat hulle hom 'reg gekry' het, hy is dood, of hy is gebreklik!

Daar het sekere mense na my gekom, en hulle sê: "Ons soek middele om te *steel* sonder dat ons gesien word. Ek gee toe aan hulle die *toomaars se medisynehoring*.

Dit beteken: dat indien hulle daardie salf met tabak sou vermeng, en dit met vuur aan die brand steek sal die persoon wat die reuk kry, flou word.

Al my klere kan van my weggeneem word sonder dat ek wakker word deur daardie reuk. Jy kan 'n 'operasie' uitvoer sonder dat daardie persoon iets voel.

Daardie mense, het toe gegaan en gaan steel in die huis van 'n ou Blanke man en sy ou vrou. Toe hulle al die goed gesteel het, het hulle dit in 'n 'afleweringswa' gelaai en terug gekom en die ou man en die vrou op die grond neergesit en al hulle 'lakens' en komberse geneem. Daarna het hulle twee 'rewolwers' geneem en 'n geweer.

Hulle het die klere verkoop aan andere, en daardie persone is toe gevang in besit van daardie klere, en hulle het toe die diewe uitgewys. Die diewe wys toe vir my aan, die 'toor-*ngaka*'

Aangesien die Witmense toe vra: "Hoe het julle gemaak, hoe het julle gewerk dat julle dit alles gedoen het sonder dat ons dit agtergekome het?" sê hulle: "Ons het na 'n 'toor-*ngaka*' gegaan sodat hy vir ons 'n middel kan gee." Hulle sê toe: "Bring daardie middel sodat ons dit kan sien." Die polisie is toe in die 'polisie-stasie'. Hulle doen dit toe, en die polisie het toe werklik aan die slaap geraak. Hulle het toe van die polisie dinge weggeneem daar by Groot Spelonken; dit kan daar in 1928 wees.

P.1

Ba botsa mophodisa: gore le bonyeng.
Ba re ga re a bona sepe. O mongwe a re ne ke lora.

Ba be ba supa nna, mme ke ne ke na le 'licence' ya ditlhare. Ya ba ke re: "Batho ba, ba rekile ditlhare, mme ke ne ke sa tsebe gore ba yo sebetsa eng." Mokgalabye wa Lekgowa a re: "Nyaa banna ba e ne e le mahodu."

Ke ne ke le teng ge ho balwa mo Tshenolo 20: 15 mo stokising: "Ha mongwe a sa kwalwa mo Bukeng ya Botshelo, o lahlelwa mo bodibeng ba Molelo.

Ka tswela pele ka ditlhare tsena mme ke sena kgotso le tsona, ka e le dilo tsa Satane, ka batho ba etsang dilo tse tsa Satane ba tla ya 'diheleng'. Ka tlhoka kgotso, ka temana e e ne e bolela le nna fela. Kelelo yaaka e re ke etsa sebe.

Maapostola, ka yo kopana le bona ke setse ke butsitswe. Ka bona ba bina, ba tia meropa ba na moya wa bonohe, kegore boprofeta, ke go re ba laola ka moya.

Bodupe: Motho wa teng o ka re wa rapela, o a tutubala. Ge a fetsa moo, a re: 'Ke bona ntho ya go ema byale, le byale le byale; mme a botsa nnete.

A ke re: Ke ne ke sepela le mosadi waaka mo tseleng, mme ra kopana le monna wa monohe, a ema a supa godimo a re: "Hê! batho ba Modimo, ke bona pônô! Lona le tsama'a byale ka monna le mosadi, batho ba hahileng. Wena mosadi, ke bontshwa botlolo mo go wena. Mme ke go re ke mosimanyana. A tlhalosa go re; 'Ke bona popelo ya hao.

Ka nnete mosadi waaka a ithwala a belega mosimane. Mme motho oo, o ntse a rapela badimo mme nnete ke eo o e bonye!

Le nna ka eletsa gore ke nne le bodupe boo, ka tseno mo bo-Apostolong. Mme ene a re: "Lengeloi le a mpoela.

Hulle vra toe vir die polisie: Wat het julle gesien. Hulle sê toe: ons het niks gesien nie. Een het gesê: Ek het gedroom.

Hulle wys my toe aan maar ek het 'n lisensie gehad vir kruie. Ek sê toe: "Hierdie mense het middele gekoop, maar ek het nie geweet wat hulle daarmee gaan doen nie." Die ou Blanke man sê toe: "Nee hierdie manne was diewe."

Ek was teenwoordig toe daar gelees is in Openb. 20: 15 in die gevangenis: "As iemand nie opgeskryf is in die Boek van die Lewe nie, word hy in die poel van vuur gewerp.

Ek het toe aangehou met hierdie middele, maar sonder dat hulle vir my vrede gee, aangesien dit Satan se goed was, en aangesien die mense wat hierdie dinge van Satan doen na die 'hel' sal gaan. Ek het toe nie vrede gehad nie, vanweë die vers wat net met my gepraat het. My gemoed het vir my gesê: ek doen sonde.

Die *Apostelsekte*. Ek het hulle ontmoet nadat ek ontslaan is. Ek het gesien hulle dans en slaan dromme en dat die *bonohe*-gees oor hulle kom, dit wil sê profeteer, dit wil sê hulle doen waarsegging deur die gees.

Uitruik: 'n mens sou sê iemand wat dit beoefen bid, hy is doodstil. As hy daar klaar is, sê hy: 'Ek sien iets wat so staan en so en so; en hy praat die waarheid.

By voorbeeld: Ek het met my vrou in die pad geloop en ons kom toe by 'n *monohe*-man, wat staan en boontoe wys en sê: "Haai julle! mense van Modimo, ek sien 'n gesig! Julle loop daar as man en vrou, mense wat getroud is. Jy vrou, dit word vir my getoon 'n wonderwerk in jou. En dit is 'n seun. Hy het toe verduidelik dat hy haar baarmoeder sien.

En werklik, my vrou het in kraam gegaan en 'n seun gekry. En daardie man aanbid die voorouergeeste en hy het die waarheid gesien!

Ek wou toe ook daardie 'uitruik-vermoë' hê, en ek het toe by die Apostels aangesluit. Hy sê toe: "'n Engel maak die mededelings aan my."

P. 1

Ke ne ke mo tseba mo mosebetsing, ka e ne e le 'formane' yaaka ya 'bomeselane.' Tsatsi le lengwe o etsa mosebetsi wa moletlo, wa mpitsa.

Byale kwa Maapostolong ba na le tumelo ya gore ge o tlogetswe ke monna, kapa mosadi morago ga selemo o a tlhobollwa masela a matsho. Mme o tshwanetse gore bo tllilo sebetswa jaaka dingaka tsa Sesotho ba foka mo gae.

Byale, ge, a re go nna a re: "Monna ge re o bona, re bona gore o na le badimo ba ba golo, mme ba re feta. Jwale he, mokgwa wa teng, ha ba kgone go sebetsa gabotse ka goba o sebetsa ka mokgwa wa ditlhare tse tsa bongaka. Byale ge, nka be o ka tlogela ditlhare, wa tsena mo kerekeng ya rona, o ka ba moprofeta o mogolo. Ka mo dumela.

A re: ha o tsena mo go nna, o ka tsena ge o tšhesa ditlhare tsa gago, kapa o di tlisa kwano re di tšhesa. Ya ba ke ikemisetsa gore ke tšhesa ditlhare tsaaka. Ke rata go tsena mo tseleng ya Modimo, athe ke nka tsela e 'verkeerd'.

Ka dumela gore ke di ise go ena gore e re re di tšesa, a di rapelle. Le ene a dumela byalo.

Ka di isa, tsa tšheswa. Ka iswa nokeng, ka kolobetswa. Mme ba mpha tumelo ya go re tshwarelo ya dibe e tswa mo kolobetsong ya metsi.

Ka sebetsa nako a telle le bona, ba be ba nketsa moevangedi le moruti. Ba mpha mesebetsi ena ya *diwatšho*. Ke go re batho ge ba tla ba phuthego, go tshwara malamau ya bone la diaparo tsa bone tse ba di aparang le dithapo tse. Ke sa tsebe gore metsi a, ba a tshetsi ditlhare jang.

Baapostola le Basione ba sebetsa ka sephiri, mme ba tshêla ditlhare mo metsing gammogo le letswai, mme gape ya ne e fetolwe ka molora gore go se ke ga itsiwe gore ke ditlhare mang.

Ek het hom geken in die werk, aangesien hy my 'voorman' was onder die 'messelaars'. Op 'n ander dag gee hy toe 'n fees en hy nooi my daarheen.

By die Apostels het hulle die geloof dat as jou man oorlede is, of jou vrou, moet jy na 'n jaar kom dat die swart klere van jou verwyder kan word. En dit vind plaas net soos die Sotho-*dingaka* as hulle die tuiste reinig teen toordery.

Hy sê toe aan my: "Man as ons jou sien, dan bemerk ons dat jy belangrike voorouergeeste het, en dat hulle groter is as ons. En nou, die ding is, hulle kan nie reg te werk gaan nie omdat jy met hierdie 'medisynes' van die *dingaka* werk. Daarom moet jy liewers die 'medisynes' laat staan en in ons kerk kom, en jy kan 'n groot profeet word. Ek het hom geglo.

Hy sê toe: As jy by my wil inkom, kan jy dit doen as jy jou 'medisynes' verbrand of hulle hiernatoe bring sodat ons hulle kan verbrand. Ek het toe ingewillig om my middele te verbrand. Ek wou in die pad van God gaan, maar ek neem toe al die tyd die 'verkeerde' pad.

Ek het toe ingewillig om hulle na hom te neem sodat as ons hulle verbrand, hy vir hulle kon bid. Hy het toe daartoe ingewillig.

Ek het hulle geneem en hulle is verbrand. Ek is toe riviertoë geneem en is gedoop. En hulle het my die geloof gegee dat vergifnis van sondes word verkry deur die doop met water.

Ek het toe 'n lang tyd saam met hulle gewerk, en hulle het my 'n evangelis en leraar gemaak. Hulle het toe aan my hierdie werke van *'diwatšho'* gegee. Dit wil sê as lede van die gemeente kom, dat ek dan hulle kieries en die klere wat hulle dra en hulle gordels moet vashou.

Ek het nie geweet hoe hulle medisynes in hierdie water gegooi het nie.

Die Apostels en die Sioniste werk in die geheim en hulle gooi 'medisynes' in die water saam met sout, en ook word dit met as verander sodat dit nie bekend sal word wat se middele dit is nie.

P.1

Ba re: "Re berekisa diwatšho. Diwatšho tsa rena ke molora," athe e le ditlhare. Ywale he, ka ba raya ka re: "Nthuteng." Mme ka fumana e ntse e le ditlhare tsele tsaaka tsa kgale ke ne ke di sebedisa, mme bone ba di tshela molora fela. Ka ba ne ba ntheile ba re: "Ditlhare ke dilo tsa Satane", byale he, pelo yaaka ya se ke ya ba le kgotso, ka ne ke re ba tla mpha matla a Modimo.

Nako e ka nnang le pelaelo, mme ka rata go tsosa bongaka baaka gape, ke ha ke agela Morena Kruger ntlo. Juffrou Sannie Kruger a re tswarela thapelo, a kgothatsa ka Mareko 2:10 e e reng: "Morwa Motho o na le thata mo lefatsheng, go itshwarela dibe."

Re ne re phela ka 1 Joh. 1:8 mme re se na kitso ya gore re lokologile. Ya re ke utlwa Mareko 2:10 ka e latela ha holo. Ke ne ke belaela thata hore dibe tsaaka ga di ne go itshwarelwa ka di ne di le ngata.

Ene juffrou Kruger a tlhalosa gore o ka kgona ge o isa dibe tsa gago sefapanong. A mpulelela Baroma 10:10: "Motho o dumela ka pelo ... mme o bolela ka molomo mme a bolokega."

Ke go re: o rapele, mme o bolele ka molomo se o se dumelang ka pelo.

Ge o re: "Jesu o bile a hwa, a tsoga — le ha o huile, o tla phela."

Ka mo latela mme a mpoela 1 Joh. 1:9: "Ha re ipolela dibe tsa rona, ona o boikanyo le tshiamo ya go re itshwarela dibe tsa rona, le go re tlhapiso mo tshiamolong yotlhe."

Ene a mpha motheo wa tumelo. A mpalela mo Proverbia 28:18 "Ya bolelang molato ... o tla fumana mohao." Ke go re motho a hulare molato wa hae wa pele.

A mpotsa gore a ke a tseba hore sebe ke eng? A tlhalosa kaga Adam le Eva, mme batho botlhe ba tsaletse sebeng.

Hulle sê: "Ons gebruik 'diwatšho'. Ons 'diwatšho' is as" — en al die tyd is dit medisynes. Daarom het ek toe aan hulle gesê: "Leer vir my". En ek het gevind dat dit al die tyd daardie medisynes van my is van destyds wat ek toe gebruik het, en dat hulle net daar as by gooi. Aangesien hulle aan my gesê het: "Die medisynes is Satan se goed", daarom het my hart nie vrede gehad nie, aangesien ek gedink het hulle sal die krag van Modimo aan my gee.

In daardie tyd wat ek getwyfel het wou ek weer my *ngaka*-praktyk laat herleef, en dit was toe dat ek vir mnr. Kruger 'n huis gebou het. Juffrou Sannie Kruger het vir ons 'n diens gehou en het uit Mark. 2:10 vir ons onderrig wat sê: "Die 'Seun van die Mens het mag op aarde om sondes te vergewe."

Ons het gelewe uit 1 Joh. 1:8 maar sonder om te weet dat ons bevry is. Toe ek Mark. 2:10 hoor het ek dit baie 'nagevolg'. Ek het sterk getwyfel dat my sondes nie vergeef sal word nie aangesien hulle so baie was.

Juffrou Sannie Kruger het toe verduidelik dat mens jou sondes na die kruis kan neem. Sy het Rom. 10:10 vir my oopgemaak: "n Mens glo met die hart ... en met die mond bely jy tot redding."

Dit beteken: jy bid, en sê met jou mond wat jy met jou hart glo.

As jy sê: "Jesus het gesterf en Hy het opgestaan — al het jy gesterf sal jy lewe."

Ek het na haar geluister en sy het 1 Joh. 1:9 vir my genoem: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe, en ons van alle ongeregtigheid te reinig."

Sy het vir my die fondament van geloof gegee. Sy het vir my gelees in Spreuke 28:18: "Hy wat sy oortredinge bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." Dit wil sê 'n mens moet sy rug keer op sy vroeëre oortredinge.

Sy vra my toe of ek weet wat sonde is? Sy verduidelik toe van Adam en Eva, en dat alle mense in sonde gebore is.

P.1

Pelo yaaka ya nna mafolofolo. Mo Bagalata 5:19–21 a ntlhalosetsa le go bolela ka ga sebe; le Baroma 3:23.

A re mosimane wa kitšhine a nthute ka nako ya 4 o'clock.

Ke ka 1950 kwa Bloupoort gaufi le Groblersdal. Ke ne ke sa tsebe go bala. 'Klase' yaaka ka rutwa '2 years and 6 months.'

Ka tolokolwa ka ke ne ke sa itse Afrikaans, mme ba be ba nthuta.

Ke ne ke le 'meselane' ke na le batho ba 69 ba ba mperekang. Modimo o na a bonye gore ke rata go boela morago, mme a nthomela 'juffrou' ona. Le babangwe ba Maapostola, ke tšile le bona mo klaseng, ra ba ra amogelwa.

Kajeno ke na le kgotso. Ke phethile melato mo bathong le mo Modimong. Ka gore ge o ese o phethe melato ya gago mo go batho le mo musong, o ka seke wa fetsa le Modimo, mme o ka se ke wa ba le kgotso.

My hart het toe ywerig geword. In Galate 5:19–20 het sy vir my verduidelik en vertel van sonde; en Rom. 3:23.

Sy sê toe die kombuisjong moet vir my 4 uur leer.

Dit was in 1950 by Bloupoort naby Groblersdal. Ek kon nie lees nie. Ek is toe twee jaar en ses maande geleer in my (katkisasie) 'klas'.

Dit is aan my vertolk aangesien ek nie Afrikaans geken het nie, en hulle het toe vir my geleer.

Ek was 'n messelaar met 69 mense wat vir my gewerk het. God het gesien dat ek wil terugkeer, en Hy het toe hierdie juffrou na my gestuur. Ook andere van die Apostels, het ek saam met my gebring na die 'klas', en ons is toe aangeneem.

Vandag het ek vrede. My skuld is afgehandel aan mense en aan God. Want as jy nog nie jou skuld aan mense en aan die owerheid vereffen het nie, kan jy nie met God afhandel nie, en jy kan nie vrede hê nie.

P.2

KALAFI YA MOSADI WA ME, KE BAAPOSTOLO⁽¹⁾

(Kgatla-beproofde van Saulspoor, Tvl. 16.5.1963)

Mosadi waaka, M., o sale a lwala ka 1962 ka kgwedi ya Februarie. Bolwetse ge bo mo tšenella ke ge a tsiboga leoto la nja ge a ne a tana 'trolliwa', mme a nna molwetsi go fitlhela jaanong. Ya ba ya nna maoto a mabedi a a palang, a a rurugileng.

Ka mo isa kwa M. wa Moapostolo. Ka ntsha setlhabelo sa podi e tonanyana e tshweu.

A e tšhaba. Ke gore o ne a epile mosima, a tshella madi mo teng gammong le moswang. Marapo one a ne a fisiwa.⁽²⁾

DIE BEHANDELING VAN MY SIEK VROU DEUR DIE APOSTEL-SEKTE

My vrou, M, het reeds in 1962 siek geword in Februariemaand. Toe die siekte in haar ingetrek het, was dit toe sy haar regtervoet geswik het, toe sy op 'n muilwa geklim het; en sy het 'n kranke geword tot nou toe. Dit word toe twee voete wat nie meer kan nie, wat geswel is.

Ek neem haar toe na M. wat lid is van die Apostel(-sekte). Ek verskaf toe 'n offerdier: 'n wit bokkapater.

Hy slag hom toe. Dit wil sê hy het naamlik 'n gat gegrawe en die bloed daarin gegooi saam met die pensmis. Die bene is verbrand.⁽²⁾

-
- (1) Die proefpersoon is 'n treurige figuur van ongeveer 50 jaar, wat byna blind is, met 'n siek vrou en geen kinders; en met 'n pensioen van R4.30 per kwartaal as enigste inkomste. Hier beskryf hy 'n hedendaagse gebruik wat vinnig toeneem en wat 'n sterk sinkretisme tussen Christendom en heidendom openbaar. 'Die profeet' probeer daarin sowel die funksie van die 'leraar' as dié van die *ngaka* oorneem.
- (2) Dit vorm deel van die offerande aan die *badimo* (voorouergeeste).

P.2

Podi e ya jewa ke o mongwe le mongwe o o neng a le teng. Ya jewa Sontaga, dikereke di tswa.

'Titšhêrê' M⁽³⁾ a tswala a re: "Le tla ja le enwa ge dijo di sen' o butswa, morago ga kereke ya kamoso."

Re tlhotse bosigo botlhe ba Saterdagaga faaka go fitlhella tihabong ya Sontaga. Go ne ga bua mongwe le mongwe, a kgothatsa⁽⁴⁾. Fa gongwe e ne e ka ba batho ba masome a mararo. Dijo tso tsotlhe di ne di gasiwa ka metsi: re ka re ke motheo.

O motona e ne e le ene M. Mosetsana K. o tsere tlhogo le letlalo le lesome. Ene M. ga a tsa'a sepe.

Dijo, ge di sen' o butswa, di fiwa badimo mo 'jarateng'⁽⁵⁾. E le gore di bewa foo, bosigo ba Saterdagaga. Re ne re di tsholla fa legoreng, rona ra ba ra ja.

Re ne ra ema re ese re di tsholle, ra ba bitsa ka thapelo: "Badimo ba rona, re itshwarele. Dijo ke tsele. Re lwalwa ke ngwana wa lona. Mo thuseng a fole." Go rapetse ene M. le nna.

Erite ka kgwedi ya Mei ka ri 'five', ke ge go le morero gape kwa teng kwa W. Re beile letlala la monna mogolo L. Ke ntataago mosadi waaka ó. Ra ba'a le la mosadimogolo S. ene motswalake.

Matlapa a ne a betliwa ke Motswana: la mosadi ke £3, la ntate e le £3. Re ts'o adima kgomo kwa bogwe, kegore baa bo mosadi, ra e rekisa ka £28.

Hierdie bok is deur almal geëet wat teenwoordig was. Hy is Sondag geëet toe die kerke uitkom, (twaalfuur middag).

Onderwyser M.⁽³⁾ het afgesluit en gesê: "Julle sal eet en drink nadat die kos gaar is, na die oggenddiens."

Ons het die hele Saterdag-nag wakker deurgebring by my tuiste totdat Sondagoggend aangebreek het (dagbreek). Elkeen kon praat en 'n godsdienstige toespraak hou⁽⁴⁾. Daar was seker so 'n dertig mense. Al die kos is met water besprinkel: ons kan sê dit is 'beveiligingsritus'.

Die hoofpersoon was M. (die onderwyser). Die meisie K. het die kop en vel geneem en tien sjielings. Hy, M. het niks geneem nie.

Nadat die voedsel gaar was is dit aan die voorouergeeste gegee in die werf.⁽⁵⁾ Dit word naamlik Saterdagdag daar geplaas. Ons het dit uitgegooi by die takheining, en daarna het ons geëet.

Ons het gestaan voordat ons dit uitgooi, en hulle (die voorouergeeste) geroep met 'n gebed: "Ons voorouergeeste, vergewe ons (dat ons julle pla). Daar is voedsel. By ons is julle kind siek. Help haar dat sy kan gesond word." Hy (onderwyser) M. en ek het gebed.

Op die vyfde Mei (1962), was daar weer 'n samespreking daar op W. Ons het die grafsteen onthul van die ou man L. Hy is die vader van hierdie vrou van my. Ons het ook die steen van die ou vrou onthul, S. naamlik dié van my skoonmoeder.

Die grafstene is deur 'n Motswana gebeitel. Die vrou s'n het gekos.£3. Ons het naamlik 'n bees gaan leen by my skoonfamilie; dit wil sê my vrou se mense, en ons het hom verkoop vir £28.

-
- (3) Hierdie onderwyser hou nog skool, en is ook ouderling van die N.G. Sendingkerk. Hyself beweer dat hierdie net 'aanbidding' is. Hy het tot hierdie 'Apostoliese' vorm van aanbidding 'n paar jaar gelede oorgegaan toe sy vrou 'lam' geword het. Sy het ook nie gesond geword nie, en is sedertdien oorlede.
- (4) *kgothatsa*: bemoedig. Hier: 'n godsdienstige toespraak hou.
- (5) *jarateng*: werf; van Eng. 'yard' plus lokatief uitgang – 'ng'.

P.2

Ra ba ra bola'a kgomo kwa teng kwa, ra apa'a byalwa le magobe. W. otlhe o ne a le teng mo peong ya letlapa. Ya bewa mesong ya Sontaga, ke Moruti D.(6) Go laetse baalafi, ke gore bone Baapostolo gore: Tsamayang le yo dira tiro e ya go baa matlapa, e tle e re motlha-mongwe ba mo fodisa."

Bone Baapostolo ge ba laola mosadi ba mo laola ka seleng. Ke gore ge o ntshitse seleng, ba phutolla Buka, ebong Beibele. Mme ba tliil'o tlhalosa gore bolwetse bo ke bolwetse mang.

Nna, ba ntheile ba re; "Mosadi o diegetse tirelo-Modimo. O ka ba a setse e le morapelli, a fodisa balwetsi. Jaanong ke moka o 'panišitswe'(7) ke bone badimo. Kalafi ya gagwe ke gore a tlhapišwe mo 'bateng'(8).

Tlhapiso ke setlhano. A mo tlhapisa gantsintsi. Mme ra mo leboga ka £2.10, ene M.

Go tloga foo, ra ya kwa go Th, mo-Apostolo kwa Kameelboom. Ene a re: "Ge nka kgona bolwetse bo, ke tliilo kopa £4." Le ene a mo laola ka Buka. A bua fela ka motlhalo o.

A mo tlhapisa jalo le go mo peita ka motlhogo;(9) go mo thubisa, le go mo tlhatsisa. Dijeso di padile.

A ba a tla a re: "Baengele ba gana go bua. Mašelenyana ge a le teng, a a ntshiwe." Ka ntsha £2; ga sala £2.

Ons het toe daar 'n bees geslag, en ons het bier gebrou, en pap gekook. Die hele W. stat was teenwoordig by die 'legging' van daardie klip (grafsteen). Dit is Sondagmôre gelê deur die leraar (Ev. D. (6). Die genesers het die opdrag gegee: dit wil sê die 'Apostels', nl.: "Gaan doen julle hierdie werk, om die grafsteen op te rig, sodat hulle (die voorouergeeste) miskien vir haar sal genes."

Toe die Apostels vir haar 'waarsê', het hulle dit vir 'n sjieling gedoen. Dit wil sê as jy 'n sjieling gegee het slaan hulle die Boek, nl. die Bybel oop. En hulle verduidelik watter siekte hierdie kan wees.

Vir my het hulle gesê: "Die vrou het uitgestel om die Here te dien. Sy moes al 'n bidder gewees het en siekes geneses het. Nou is dit asof sy 'gestraf'(7) is deur die voorouergeeste. Om haar te geneses moet sy gewas word in die bad.(8)

Om te 'was' kos vyf sjielings. Hy het haar dikwels laat was, en ons het vir hom, M. met £2.10 bedank.

Van daar is ons na Th., die 'apostel' van Kameelboom. Hy het gesê: "As ek dit regkry om hierdie siekte te geneses, sal ek £4 vra". Ook hy het toe vir haar 'fortuin vertel' met die Boek. En hy het ook net so vertel.

Hy het haar net so (ritueel) gewas, en haar gespuit met 'n suighoring(9) om haar te laat ontlas, en haar te laat braak. Die 'vreter' het geweier om uit te kom.

Hy kom toe en sê: "Die engele weier om te praat. As daar 'n paar sjielinkies is, laat hulle uitgehaal word." Ek haal toe £2 uit; daar bly toe (nog) £2 (verskuldig).

-
- (6) 'Moruti D.' is Evangelis D. van die N.G. Sending Kerk, wat hier net soos die sendeling en Bantoeleraar 'n grafsteen onthul', sonder om altyd te besef watter 'badimo'-verering geïmpliseer word.
- (7) *panišitswe*: gestraf van 'punishment'.
- (8) 'mo bateng': 'in die bad'. Hier, die idee van 'n rituele reiniging in die bad, en kerse vir 'lig' om die 'donker'-magte te verdrywe.
- (9) *motlhogo*: 'n beeshoringtregeter waarmee die enema gegee word; dit wil sê in vroeër jare. Tans word gomlastiekspuitte gekoop.

P.2

Re be re ema fa, go fitihella a fuduge, ene Th. o. £2 e, re ntse re e batla, re tle re e ise kwa bathusing ba'gwe⁽¹¹⁾.

Ge ba ne ba mo tihapisa mo 'bateng' ka letsatsi la setlhabelo, ba ne ba tshuba 'dikêrêse' tse di supang. Di tsilo lala di tuka bosa bo be boo sa. Di be di tingwa ke bona ka menwana.

Ge e le mo 'bateng' ba tla mo tshela-tshela ba mo kgatša ka diatla, ba mo tihapisa ba ntse ba mo rapella. Mosadi o tihapisiwa ke mosadi o mongwe, monna jaaka nna ke tihapisiwa ke monna, mme o ntse a rapela.

O rapela badimo a ba ra'a a re: "Thusa molwetse, badimo ba me."

Nna ba setse ba ntlhapisitse gabedi.

Ge e le kolobetso, mosadi, ba setse ba kolobeditse gabedi, kwa ntle ga e re simolotseng ka yona mo Saulspoort ke moruti Stegmann.

Ba gana kwa ditlhareng. Ba re o seke wa tiholo o tshwara sepe sa setlhare sa Setswana, kampo sa Sekgowa. Ge e le ba Sekgowa o a se reka, mme ba se rapelle. Ke gona o ka se dirisang. Tsa Setswana baa di gana gotlhe fela. Le medinyana fela e re e tlwaetseng, ga ba dumele. Ba re o lebagana le metsi fela, a bone ba a tshegofaditseng.

Ka o ntshitse kgomo, o motho wa bone, mme ba tla ne ba go naya metsi fela. o sa a duelle.

Ke eletsa ekete nka be ke na le thata, ka yo ntsha £5 le £2, ka yo e naya baalafi ba, ke tle ke bone thata ya teng.

Kana o ntheile a re: "O ntshe kgomol " Yaanong kgomo eo e yo bolawa ke tšhelete ya £5. £2.10 ke maoto a pele, £2.10 ke a koo morago. £2 gape ke ya gore mosadi, ge Modimo o rata, a ime, a tshole ngwana.

Ons het toe tot so ver gekom, toe hierdie Th. vertrek. Ons soek nog hierdie £2, sodat ons dit aan haar helpers kan gaan gee.⁽¹¹⁾

Toe hulle haar in die bad gewas het, die dag van die offerande, het hulle sewe kerse opgesteek. Hulle sal die hele nag brand tot dagbreek toe. Hulle word deur hulle (die leiers) uitgedoof met hulle vingers.

Wat die bad betref, gooi-gooi hulle en sprinkel haar nat met hulle hande, en was haar terwyl hulle al die tyd vir haar bid. 'n Vrou word deur 'n ander vrou gewas, en 'n man soos ek word deur 'n man gewas, terwyl hy deurentyd bid.

Hy bid tot die voorouergeeste en sê aan hulle: "Help die kranke, my voorouergeeste."

Vir my het hulle al twee keer gewas.

Wat die doop betref, het hulle (my) vrou al twee keer gedoop, behalwe die (doop) waarmee ons begin het op Saulspoort deur ds. Stegmann.

Wat medisyne betref, weier hulle. Hulle sê jy mag geen Setswana-medisyne meer gebruik nie, of ook nie die witmense s'n nie. Witmense s'n kan jy koop, maar hulle moet daarvoor bid. Daarna kan jy dit gebruik. Wat Setswana-medisyne betref, weier hulle heeltemal. Selfs vir die ou worteltjies waar ons gewoon is, wil hulle nie toestemming gee nie. Hulle sê: jy gebruik net water, wat hulle geseën het.

Daar jy 'n bees gegee het, is jy hulle mens, en hulle sal vir jou water verniet gee, sonder dat jy daarvoor betaal.

Ek wens ek was daartoe in staat dat ek die £5 en £2 kon gaan uithaal, sodat ek dit aan hierdie genesers kan gaan gee, sodat ek die krag daarvan kan sien.

Hy het naamlik aan my gesê: "Jy moet 'n bees uithaal!" En nou gaan daardie bees 'doodgemaak' (vervang) word deur die £5. £2.10 is die voorpote, en £2.10 is die agterpote. Die verdere £2 is dat (my) vrou, indien die Here wil, swanger sal word en 'n kind kry.

(11) Sy siek vrou het die hele jaar konsekwent geweier om gratis behandeling by die Sendinghospitaal op Saulspoort te ondergaan hoofsaaklik vanweë 'Apostel'-voorskrifte.

P.2

Batho ba, ba na le thuso, mme ke thuso e o tliilo e epang. Ge o ganetsa se ba se go rayang ba re: 'Se tlogele! '(12)

Hierdie mense help, maar dit is 'n hulp waarvoor jy moet grawe (moeite doen). As jy weier om te doen wat hulle sê, sê hulle net: (12) 'Laat staan maar! (Jy kan toesien.)

P.3

*SERWALO SA MERAPE MO
KEREKENG*

*DIE KROON VAN DIE VOLK IN
DIE KERK*

(Kgatla-*ngaka* van Pilanesberg, Tvl. 1965).

Serwalo sa merape se a tlhokega mo kerekeng ya Modimo, gore batho ba se kgeloge kerekeng tsa bona. Gape gore batho ba boele kerekeng tsa bona ka boitumelo le bonolo.

Dit is nodig dat 'die kroon van die volk' ook in die Here se kerk sal wees, sodat die mense nie afvallig word van hulle kerk nie. En ook weer om te verseker dat die mense na hulle kerke sal terugkeer met vreugde en kalmte.

Dipheko tsa teng ke dintsi tse di bidiwang '*motse-o-modumo*'(13) le dintsi tsa *dinotshe*, gammogo le kgosi ya tsona.

Die kragmiddele hiervoor is die vlieë wat genoem word 'die stat is lewendig'(13), en so ook die *byeswerm* saam met hulle koning(in).

Go rialo, re boe, re tsee dipheko tse:

Mmitsa(14), *Moêlê*(15), *seboka*(16), *Ledibo*(17).

Dit beteken dat ons vervolgens die volgende middele neem: Die '*Rhynchosia-plant*'(14) 'n knolplant van Thabazimbi,(15) *Clerodendrum triphyllum*(16) en 'n waterplant.

Mafura ke a phofu, go dira lonaka la mmitsa ka botlalo pila.

Die vet is van 'n eland om 'n 'oproeper'-horing behoorlik te berei.

Ledibo ke pheko ya metsi, e nna mo madibeng fela. Gape *dinotshe* di nwa metsi ka bontsi thata gammogo le dintsi tsa '*motse o modumo*': Di nwa metsi a moroto wa noga e kgola fela.

Die Ledibo is 'n waterplant wat net by waterkuile voorkom. Die bye weer drink baie water en net so ook 'die stat is lewendig'-vliegies: hulle drink net van die urine van die groot luislang.

P.4

PHEKO YA KOLOB ETSO

KRAGMIDDEL VIR DIE DOOP

Tumelo e kgolo ke *metsi a kolobetso*, mo bathong.(18)

Die groot geloof is in die *water van die doop*, sover dit die (kerk) mense betref.(18)

Go rialo, ge ke tsaya '*motse-o-modumo*', ke gore go tsewa lemepe la tsona *dinotshe* tseo, tse di nang le noga e kgolo, e e bidiwang *kgwanyape*.(19)

Dit beteken dat as ek die luislang-vlieë neem, dat ek hulle 'koek' moet neem, dit wil sê hulle wat by die groot slang bly wat *kgwanyape*(19) genoem word.

(12) Hy het nog twee jaar so volgehou en die vrou is toe uiteindelik dood.

(13) *Motse-o-modumo*: 'die stat is lewendig'. 'n Klein soort vlieg wat in 'n groep rondmaal naby 'n groot luislang.

(14) *Mmitsa*: (642) *Rhynchosia crassifolia* Benth.

(15) *Moele*: plant met baie knolle naby Thabazimbi.

(16) *Seboka*: *Clerodendrum triphyllum* (Harv.) Pearson.

(17) *Ledibo*: 'n plant wat in waterkuile groei, met rooibrui knolle.

(18) Hier sien die *ngaka* die Christelike doop as 'n kerklike kragmiddel.

(19) *Kgwanyape*: die groot legendariese slang, wat op die berge woon, en "huise se dakke afruk as hy trek van een berg na 'n ander." O.a. "woon" hulle ook op Modipeberg in Botswana.

P.4

Lemepe ke ts'o le tsa'a kwa Slangkop. Ke thaba ya dinoga, moseja ga noka ya Odi mo tseleng e e tswang mo ya Warmbad go ya Fokoma.

Lemepe le, ge o ka le utlwa mo ganong, le utlwala bodila ba moroto wa noga.

Ge ke le tsaya, kegore ke le tse'e gammogo le bana ba teng, mme ke ba bope mmogo le lemepe le; ke gore ke tsee motse otlhe.

Mme kgosi ya tsona, le yona e mo teng.

Phêko e, e tswakangwa le dintshi tsa dinotshe, e le mmita ka mana⁽²⁰⁾ a, a tsona.

Kana wena motho, a o kgosi kampo ngaka kampo moruti, ke wena, noga e. Mme re go biletsa morafe ka go 'ira serwalo ka 'Motse-o-modumo'.

Kegore yaanong morafe otlhe o tliilo tla kwa go wena le bana-bo-bone, go kolobediwa.

Ge ke tsenya Ledibo mo lenakeng la mmita, ke gore phêko é, e e nang mo bodibeng jaaka kwa noka ya Maporo, e e tshellang mo ya Odi, e na le lenyora le le golo.

Mme re batla gore badumedi ba nne le lenyora le le kalo ka go nyorelwa kerake.

Rre o kile a tshamela moruti⁽²¹⁾ lenaka le, mme la kgwagediwa mo ntlung mo leboteng. Ga le a ka la tshwarwa ke motho fela, mme le ne le tshungwa⁽²²⁾ ke ene moruti ka nako tsa meletlo.

Mme X o o nyetsweng ke Z. o kile a di bona di lepeletse mo ntlung.

Ntate o ne a gapile kgomo, o tliile a e ôtla e le kgomo e phatswana mo mabeleng a yona, a sen'o tlhama lenaka le.

Die 'koek' het ek op Slangkop gaan haal. Dit is 'n berg waar slange woon, oorkant die Krokodilrivier langs die pad wat van Warmbad na Fokoma gaan.

Hierdie koek, as jy daaraan sou proe, het dit so 'n suur smaak soos die urine van 'n slang.

As ek dit gebruik, moet ek dit neem saam met die jong vliegies, en ek moet hulle saam met die koek in 'n klont brei; dit wil sê 'ek neem die hele stat'.

Ook hulle koning(in) moet daarby wees.

Hierdie kragmiddel word vermeng met die heuningbye, en hul jongbye, en dit word 'n 'roeper' of versamelaar.

Jy wat 'n mens is, is jy hoofman, of *ngaka* of leraar, jy is nou hierdie groot slang. En ons roep nou vir jou die volk byeen deur die kroon te maak met 'die stat is lewendig' - vlieë.

Dit beteken nou dat die volk as geheel na jou sal kom saam met hulle kinders, om *gedoop* te word.

As ek die ledibo-waterplant in die 'roeper'-medisynehoring sit, is dit omdat hierdie kragmiddel wat in die waterdieptes bly, soos by die Mapororivier wat in die Krokodilrivier loop, 'n baie dorstige plant is.

En ons wil juis hê dat die 'gelowiges' moet so 'n groot dors hê na die Kerk.

My vader het eenkeer vir die sendeling⁽²¹⁾ so 'n medisynehoring gemaak en dit is toe opgehang in die huis teen die muur. Geen mens het sommer daaraan geraak nie. Slegs hy die leraar het met feesgeleenthede daarvan gebrand.⁽²²⁾

En X met wie Z later getrou het, het die horing sien hang in sy huis.

My vader het as vergoeding 'n koei aangejaag en huistoe gekom met die koei met die swartbont spene, nadat hy hierdie horing gemaak het.

(20) *Mana, ke bana ba dinotshe*: dit is die bye se kinders, dus jongbye.

(21) Hier maak die *ngaka* daarop aanspraak dat sy vader wat ook 'n *ngaka* was vir die sendeling so 'n horing berei het om die Kerk se werk te seën. (Die genoemde sendeling se naam word met opset hier verswyg).

(22) Ôf deur 'n stukkie soos 'n kersie te brei en aan die brand te steek, ôf op kole te gooi in 'n potskerf.

**Getik en litografies gereproduseer deur:
Hennie's Sekretariële Dienste (Edms.) Bpk.,
Vigilansgebou 120,
Pretoria.
Tel. 24687**